MISSIONES ECCLESIAE:

'N MISSIONÊRE VISIE EN STRATEGIE IN GEMEENTEBOU TEN OPSIGTE VAN MULTIKULTURELE KERKPLANTING

MCDONALD ETIENNE SCHALEKAMP

Proefskrif voorgelê vir die graad Philosophiae Doctor in Praktiese Teologie aan die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof. B.J. de Klerk

Januarie 2005
Potchefstroomkampus

vir Louisa

ABSTRACT

The identity of the church of the Lord Jesus Christ can only be understood when researched from the **missio Dei** and if its calling is defined as **missiones ecclesiae**. The primary aim of this research is to define the identity of the church as **missionary ecclesiological** by formulating basic theoretical principles from the Word of God and applying them to multicultural church planting. The investigation employs Heitink's (1999) method.

- The first phase of the research is a *hermeneutical process* that develops basic theoretical principles. In order to attain this aim, the research focuses on the occurrence of the metaphors *Head* and *Body* in Paul's letter to the Ephesians. Subsequently, the research investigates the marks of the church as they are formulated in the Nicene Creed. It is firstly a historical inquiry, secondly an exegetical one looking into the occurrence of the marks in Paul's letter to the Ephesians and thirdly a verification, based on revelational history, of how the marks function in John's letter to the Ephesians (Rev. 2:1-7). The study subsequently researches ministries of the church (κήρυγμα, λειτουργία, κοινωνία and διακονία) from the Word.

- The second phase is an *empirical process* investigating the functioning of the basic theoretical principles in a stratified sample population.

- The third phase comprises of a *strategic process*, during which the basic theoretical principles and the findings of the empirical research are applied to multicultural church planting. Subsequently a negotiating model for multicultural church planting is proposed.

Multicultural church planting is the obedient answer of the **missiones ecclesiae** to the command of the **missio Dei**. In suburban areas where monocultural congregations exist, the empirical observation is that they cannot survive because they do not function on the basis of a missionary ecclesiology. In central city areas where cultural transformation changes society from a monocultural to a multicultural context, the answer of the church of God is as follows: **Multicultural church**

planting based on a **missionary ecclesiology.** This research attempts to contribute to that end.

Key terms

- Missionary
- Ecclesiology
- Missionary ecclesiology
- Head and body
- Marks of the church (Unity, Holiness, Catholicity and Apostolicity)
- Ministries of the church (κήρυγμα, λειτουργία, κοινωνία and διακονία)
- Church planting
- Multiculturality

UITTREKSEL

Die identiteit van die kerk van die Here Jesus Christus kan alleen reg verstaan word wanneer dit nagevors word vanuit die ***missio Dei*** en sy roeping gedefinieer word as ***missiones ecclesiae***. Die primêre doel van hierdie navorsing is om die identiteit van die kerk as ***missionêr ekklesiologies*** te definieer, deur basisteoretiese beginsels vanuit die Woord van God te formuleer en dit toe te pas op multikulturele kerkplanting. Die navorsing word gedoen deur gebruikmaking van die metode van Heitink (1999).

- Die eerste fase van die ondersoek is 'n *hermeneutiese proses*, waarin basisteoretiese beginsels ontgin word. Vir dié doel fokus die navorsing op die voorkoms van die metafore *Hoof* en *Liggaam* in die brief van Paulus aan die Efesiërs. Daarna word die merktekens van die kerk nagevors, soos dit in die geloofsbelydenis van Nicea geformuleer is. Dit is eerstens 'n historiese ondersoek, daarna 'n eksegetiese ondersoek na die voorkoms van die merktekens in die brief van Paulus aan die Efesiërs - en laastens 'n openbaringshistoriese kontrole van die funksionering van die merktekens in die brief van Johannes aan die Efesiërs (Openb. 2:1-7). Bedienings van die kerk (κήρυγμα, λειτουργία, κοινωνία en διακονία) word vervolgens vanuit die Woord nagevors.

- Die tweede fase is 'n *empiriese proses*, wat die funksionering van die basisteoretiese beginsels in 'n gestratifiseerde steekproefbevolking navors.

- In die derde fase, 'n *strategiese proses*, word die basisteoretiese beginsels en die bevindings van die empiriese ondersoek ten opsigte van multikulturele kerkplanting toegepas. Voorts word 'n onderhandelingsmodel vir multikulturele kerkplanting voorgestel.

Multikulturele kerkplanting is die gehoorsame antwoord van die ***missiones ecclesiae*** op die opdrag van die ***missio Dei***. In stedelike gebiede waar monokulturele gemeentes bestaan, is die empiriese waarneming dat hulle nie kan voortbestaan nie - omdat hulle nie vanuit 'n missionêre ekklesiologie funksioneer nie. In middestedelike gebiede waar 'n kulturele transformasie vanaf 'n monokulturele na 'n multikulturele konteks plaasvind, is die antwoord van die kerk van die Here: ***Multikulturele kerkplanting*** op grond van 'n ***missionêre ekklesiologie***. Hierdie ondersoek poog om daartoe 'n bydrae te lewer.

Sleutelterme

- Missionêr
- Ekklesiologie
- Missionêre ekklesiologie
- Hoof en liggaam
- Merktekens van die kerk (Eenheid, Heiligheid, Katolisiteit en Apostolisiteit)
- Bedienings van die kerk (κήρυγμα, λειτουργία, κοινωνία en διακονία)
- Kerkplanting
- Multikulturaliteit

DANKBETUIGINGS

Hierdie proefskrif is 'n dankoffer aan God wat alle dinge nuut maak (Jesaja 43:18 & 19 en 2 Korintiërs 5:17 & 18). Hy het my lewe in Christus nuut gemaak en aan my die genade geskenk om nuut te dink oor sy kerk en 'n gehoorsame bedienaar daarvan te wees.

Dankie Louisa, vir jou geloof en vertroue in my, jou bystand, ondersteuning en aanmoediging die afgelope tien jaar wat ek my besig gehou het met studie oor die missionêre roeping van die kerk.

Dankie aan my kinders, Henk en Meintje, Lydia en Marthinus (en klein Daniël en Louisa), Marida en Louisa, asook ma Raais en ma Lydia vir julle liefde en aanmoediging.

My opregte dank aan die Gereformeerde Kerk Mooirivier vir studieverlof gedurende my bediening in Potchefstroom en wyle ds. Dirk Postma en Christina, wat my gedurende my studieverlof met die bediening uitgehelp het.

Baie dankie aan die Gereformeerde Kerk Roodepoort dat julle my na so 'n kort rukkie in julle diens drie maande studieverlof gegee het. Dankie ook aan prof. Tjaart van der Walt en Barbie, wat gedurende die drie maande in Roodepoort uitgehelp het. Ek wil graag my ouderling, Hennie Taljaard, bedank vir aanvoorwerk wat deure vir my oopgemaak het vir die studiegeleentheid.

Baie dankie prof. Malan Nel, dat jy my ingelei het in 'n nuwe denkwyse oor die kerk en 'n akademiese grondslag ten opsigte daarvan by my gelê het.

My opregte dank aan my promotor, prof. Ben de Klerk, wat 'n akademiese mentor by uitnemendheid was. Jou vertroue in my was 'n sterk aansporing en my akademiese ontwikkeling onder jou sorg 'n vreugde.

Sonder finansiële ondersteuning sou die studie nie moontlik gewees het nie. Baie dankie aan die Skool vir Kerkwetenskappe en die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit vir ruim beurse. Baie dankie aan Johan Müller vir finansiering van die empiriese deel van die navorsing en my broer, dr. Marius Schalekamp, vir die druk van die eksamenkopieë.

My waardering aan:

- Henk Kruger van Roodepoort, wat my telkens bygestaan het met rekenaarprobleme en die basiese ontwerp van modelle in die proefskrif gedoen het.
- Prof. Faans Steyn van die Statistiese Konsultasiediens aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit, wat die statistiese analises vir my gedoen het.
- Daleen Steyn van Woema Graphic & Website Design, wat die finale ontwerpe gedoen het.
- Gerda van Rooyen en Malie Smit van Ferdinand Postma Biblioteek en Thea Heckroodt van Merensky Biblioteek, wat uiters behulpsaam met soektogte was.
- Pieter de Beer van Indruk Gerekenariseerde Publisering & Digitale Buro in Potchefstroom, vir uiters vriendelike diens en noukeurige versorging van die proefskrif.

HOOFSTUKINDELING

	HOOFSTUKTITEL	BLADSY
Hoofstuk 1	Oriëntering en metodologie	1
	AFDELING 1: HERMENEUTIESE KOMPONENT	
Hoofstuk 2	Die begrip van die identiteit (wese) van die kerk volgens die metafoor *Hoof-en-liggaam*	57
Hoofstuk 3	Die identiteit van die kerk volgens merktekens van die kerk	121
Hoofstuk 4	Bedienings van die kerk	191
Hoofstuk 5	Formulering van 'n missionêre ekklesiologie as identiteit van die kerk	251
	AFDELING 2: EMPIRIESE KOMPONENT	
Hoofstuk 6	Multikulturele kerkplanting	273
Hoofstuk 7	Empiriese gegewens	337
Hoofstuk 8	Formulering van metateoretiese perspektiewe	397
	AFDELING 3: STRATEGIESE KOMPONENT	
Hoofstuk 9	'n Onderhandelingsmodel vir multikulturele kerkplanting	417
Hoofstuk 10	Beskrywing van 'n onderhandelingsmodel vir multikulturele kerkplanting	481
Hoofstuk 11	Samevatting: Missiones Ecclesiae – die invloed van 'n missionêre visie en strategie in gemeentebou, ten opsigte van multikulturele kerkplanting	505
	Bibliografie	533

INHOUDSOPGAWE

NOMMERING	INHOUD	BLADSY
	HOOFSTUK 1: ORIËNTERING EN METODOLOGIE	
1.1	Inleiding	1
1.2	Oriëntering	1
1.3	Missionêr-ekklesiologiese ondersoek in praktiese teologie	5
1.3.1	Praktiese teologie as veld van ondersoek	5
1.3.1.1	Praktiese teologie as teorie van krisis	5
1.3.1.2	Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie	7
1.3.1.2.1	Praktiese teologie is 'n handelingswetenskap	8
1.3.1.2.2	Praktiese teologie as kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie	9
1.3.1.2.3	Verhouding: teorie en praxis	11
1.3.1.2.4	Profiel van 'n prakties-teologiese handelingsteorie	13
1.3.1.3	Konklusie	14
1.3.2	Ekklesiologie	15
1.3.2.1	Ekklesiologiese vertrekpunte	15
1.3.2.1.1	Ekklesiologie vanuit dogmatiese perspektief	16
1.3.2.1.2	Ekklesiologie vanuit prakties-teologiese perspektief	18
1.3.2.2	Konklusies	23
1.3.3	Gemeentebou as subdissipline	24
1.3.3.1	Gemeentebou as missionêre bediening met 'n missionêre ekklesiologie as vertrekpunt	28
1.3.3.1.1	Roepingsvervulling is 'n beweging van missio Dei tot missiones ecclesiae	29
1.3.3.1.2	Die kerk se roepingsvervulling is altyd kontekstueel	32
1.3.3.2	Konklusies	34
1.3.4	Metode van 'n kommunikatiewe handelingsteorie in praktiese teologie	35

1.3.4.1	Hermeneutiese komponent	37
1.3.4.2	Empiriese komponent	42
1.3.4.3	Strategiese komponent	45
1.3.5	Konklusie	47
1.3.6	Probleemstelling	48
1.3.7	Doelstelling en doelwitte	50
1.3.8	Sentraal-teoretiese argument	50
1.3.9	Skematiese voorstelling om korrelasie te laat blyk	51
1.3.10	Stand van navorsing	52
1.3.11	Bibliografiese en tegniese aspekte	53
	Aantekeninge by Hoofstuk 1	54

AFDELING 1: HERMENEUTIESE KOMPONENT

HOOFSTUK 2: DIE BEGRIP VAN DIE IDENTITEIT (WESE) VAN DIE KERK VOLGENS DIE METAFOOR *HOOF-EN LIGGAAM*

2.1	Oriëntering	55
2.2	Werkplan en metode	57
2.3	Keuse van Efesiërs	59
2.3.1	Sosiohistoriese konteks van Efesiërs	60
2.3.1.1	Formele vertrekpunte	60
2.3.1.2	Kontekstuele vertrekpunte	61
2.3.1.2.1	Horisontaal	61
2.3.1.2.2	Vertikaal	63
2.3.1.3	Samevattings	64

INHOUD (VERVOLG)

2.4	Werkshipotese	64
2.4.1	Keuse van metafore en werkswyse	67
2.5	κεφαλὴ (*Hoof*) en σῶμα (*liggaam*) in Efesiërs 5:21-33	70
2.5.1	Gedagtegang van Efesiërs 5:21-33	71
2.5.2	Die "Hoof"-metafoor	74
2.5.2.1	Hoof: metafoor of letterlik?	74
2.5.2.2	Hoof as mediese term	75
2.5.2.3	Hoof as mistieke term	76
2.5.2.4	Hoof in Efesiërs 5:21-33	77
2.5.2.5	Hoof in Efesiërs 1:15-23, 1:3-14 en 4:7-16	80
2.5.2.5.1	Efesiërs 1:15-23	81
2.5.2.5.2	Efesiërs 1: 3-14	82
2.5.2.5.3	Efesiërs 4:7-16	82
2.5.2.6	Samevattende konklusies	83
2.5.3	Die "Liggaam"-metafoor	85
2.5.3.1	Liggaam in Efesiërs 5:21-33	85
2.5.3.1.1	Efesiërs 5:23c	86
2.5.3.1.2	Efesiërs 5:28	88
2.5.3.1.3	Efesiërs 5:30	89
2.5.3.2	Liggaam in Efesiërs 1:15-23, 2:11-22, 3:1-13, 4:1-6 en 4:7-16	91
2.5.3.2.1	Efesiërs 1:15-23	91
2.5.3.2.2	Efesiërs 2:11-22	92
2.5.3.2.3	Efesiërs 3:1-13	93
2.5.3.2.4	Efesiërs 4:1- 6	93
2.5.3.2.5	Efesiërs 4:7-16	94
2.5.3.3	Samevattende konklusies	95

2.5.4	Eenheid, Misterie en Volheid	96
2.5.4.1	Eenheid	98
2.5.4.1.4	Samevattende konklusie	103
2.5.4.2	Misterie	103
2.5.4.2.1	Efesiërs 5:21-33	105
2.5.4.2.2	Efesiërs 1: 3-14	106
2.5.4.2.3	Efesiërs 3: 1-13	108
2.5.4.2.4	Efesiërs 6: 10-20	109
2.5.4.2.5	Samevattende konklusie	109
2.5.4.3	Volheid	110
2.5.5	Samevattende konklusies: Die betekenis van Hoof en liggaam in bepaling van die identiteit van die kerk	115
2.5.5.1	Formele konklusie	115
2.5.5.2	Materiële konklusie	116
2.5.5.3	Samevattend	117
	Aantekeninge by Hoofstuk 2	118

HOOFSTUK 3: DIE IDENTITEIT VAN DIE KERK VOLGENS MERKTEKENS VAN DIE KERK

3.1	Werkplan en metode	120
3.2	Merktekens van die kerk volgens Nicea	121
3.2.1	Histories	121
3.2.2	'n Geloofsbelydenis	122
3.2.3	Uitdrukkings van hoop	123
3.2.4	Roeping tot aksie	124

INHOUD (VERVOLG)

3.2.5	Gereformeerde onderskeiding	125
3.2.6	'n Nuwe uitkyk	128
3.2.7	Konklusies	130
3.3	Merktekens volgens Efesiërs	130
3.3.1	Die hoofdele van die brief	131
3.3.2	Eenheid (4:1-16)	132
3.3.2.1	Gedagteopbou van Efesiërs 4:3-7a	133
3.3.2.2	Gedagtegang en afleidings uit gedagtestruktuur	133
3.3.2.3	Bespreking van inhoud	134
3.3.2.4	Konklusies	138
3.3.3	Heiligheid (4:17-24)	138
3.3.3.1	Gedagteopbou (4:17-24)	140
3.3.3.2	Gedagtegang en afleidings uit die gedagtestruktuur	141
3.3.3.3	Komponensiële analise	141
3.3.3.4	Bespreking van inhoud	144
3.3.3.5	Konklusie	147
3.3.4	Katolisiteit en apostolisiteit (3:1-13)	147
3.3.4.1	Gedagteopbou (3:1-13)	148
3.3.4.2	Gedagtegang en afleidings uit gedagtestruktuur	149
3.3.4.3	Bespreking van inhoud	150
3.3.4.4	Konklusies	153
3.3.5	Samevattende konklusies	154
3.4	Merktekens openbaringshistories getoets volgens briewe aan die sewe gemeentes in Openbaring	154
3.4.1	Hipotese	154
3.4.2	Die aard en doel van die briewe	156
3.4.2.1	Selfidentifikasie	156

3.4.2.2	Konteks	157
3.4.2.3	Hoopgewing	158
3.4.2.4	Vermanings en oproep tot bekering	159
3.4.3	Metode en werkplan	160
3.4.4	Efese (Openbaring 2:1-7)	161
3.4.4.1	Gedagteopbou	161
3.4.4.2	Bespreking van die inhoud aan die hand van die samehang tussen selfidentifikasie, konteks, hoopgewing en gesagvolle oproep	164
3.4.4.2.1	Selfidentifikasie	164
3.4.4.2.1.1	Christus hou die sewe sterre vas	165
3.4.4.2.1.2	Die κρατέω-aktiwiteit	165
3.4.4.2.1.3	Christus hou ... in sy regterhand vas	166
3.4.4.2.1.4	Die περιπατέω-aktiwiteit	168
3.4.4.2.1.5	Die sewe goue lampe	169
3.4.4.2.1.6	Samevattende konklusies van Christus se selfidentifikasie	170
3.4.4.2.2	Samehang tussen die selfidentifikasie en konteks van die gemeente	171
3.4.4.2.2.1	Positiewe aspekte (2:2 & 6)	171
3.4.4.2.2.2	Negatiewe aspekte	173
3.4.4.2.2.3	Dreigement	176
3.4.4.2.2.4	Samevattende konklusie	176
3.4.4.2.3	Die samehang tussen selfidentifikasie en hoopgewing	177
3.4.4.2.4	Vermanings en finale oproep	178
3.4.4.3	Samevattende konklusies	179
3.4.5	Samevatting van die voorkoms van die selfidentifikasie van Christus en sy verhouding tot die konteks, hoopgewing en oproep tot bekering by die ander ses briewe in Openbaring 2 en 3	180

3.4.5.1	Selfidentifikasie	181
3.4.5.2	Konteks	182
3.4.5.3	Hoopgewing	182
3.4.5.4	Finale oproep	183
3.4.5.5	Samevattende konklusies	184
3.5	Samevatting	184
3.6	Samevattende konklusies	186
3.7	Finale konklusies	187
	Aantekeninge by Hoofstuk 3	188

HOOFSTUK 4: BEDIENINGS VAN DIE KERK

4.1	Oriëntering	189
4.2	Bedienings van die gemeente	189
4.3	Werkplan en metode	194
4.4	Bedienings in die Nuwe Testament: κήρυγμα as bediening in die Nuwe Testament	195
4.4.1	κήρυγμα as bediening	195
4.4.1.1	Komponensiële analise van κηρύσσω	195
4.4.1.1.1	Konklusie by komponensiële analise	197
4.4.1.2	Verdere bespreking van κήρυγμα	197
4.4.1.3	Konklusies	200
4.4.2	εὐαγγελιζω as bediening in die Nuwe Testament	200
4.4.2.1	Komponensiële analise van εὐαγγελιζω	201
4.4.2.1.1	Konklusie by komponensiële analise	201
4.4.2.2	Verdere bespreking van εὐαγγελιζω	202

4.4.2.3	Konklusies	202
4.4.3	μαρτυρέω as bediening in die Nuwe Testament	203
4.4.3.1	Komponensiële analise van μαρτυρέω	203
4.4.3.1.1	Konklusies by komponensiële analise	205
4.4.3.2	Verdere bespreking van μαρτυρέω	205
4.4.3.3	Konklusies	207
4.4.4	διδάσκω as bediening in die Nuwe Testament	208
4.4.4.1	Komponensiële analise van διδάσκω	208
4.4.4.1.1	Konklusie by komponensiële analise	209
4.4.4.2	Verdere bespreking van διδάσκω.	209
4.4.4.3	Konklusies	211
4.4.5	Samevattende konklusies rakende κήρυγμα as bediening	211
4.5	λειτουργία en λειτουργέω as bediening in die Nuwe Testament	212
4.5.1	Komponensiële analise van λειτουργία en λειτουργέω	213
4.5.1.1	Konklusie by komponensiële analise	215
4.5.2	Verdere bespreking van λειτουργία en λειτουργέω	215
4.5.3	Konklusies by λειτουργεῖν en λειτουργία as bediening	218
4.6	κοινωνία as bediening in die Nuwe Testament	219
4.6.1	Komponensiële analise van κοινωνία	219
4.6.1.1	Konklusies by komponensiële analise	222
4.6.2	Verdere bespreking van κοινωνία	222
4.6.2.1	Ons moet ander liefhê soos die Vader en veral soos Christus ons liefhet	222
4.6.2.2	Dat ons soos Jesus en die Vader moet liefhê, herdefinieer in die eerste plek die grense van ons liefde	223
4.6.2.3	Christus herdefinieer die intensiteit en die radikaliteit van ons liefde	224
4.6.2.4	Die egtheid van ons liefde en sorg	226

INHOUD (VERVOLG)

4.6.2.5	Die liefde is moontlik	226
4.6.2.6	Konklusies	226
4.6.3	παρακαλέω as bediening in die Nuwe Testament	227
4.6.3.1	Komponensiële analise van παρακαλέω	227
4.6.3.1.1	Konklusie by komponensiële analise	229
4.6.3.2	Verdere bespreking van παρακαλέω	229
4.6.3.3	Konklusies	231
4.6.4	Samevattende konklusies by κοινωνία as bediening	232
4.7	διακονία as bediening in die Nuwe Testament	233
4.7.1	Komponensiële analise van διακονία en διακονέω	233
4.7.1.1	Konklusie by komponensiële analise	235
4.7.2	*Verdere bespreking van διακονία en διακονέω*	236
4.7.3	Konklusies by διακονία en διακονέω	241
4.8	Samevattende konklusies by die bedienings van die kerk	242
4.8.1	Samevattende konklusies rakende κήρυγμα as bediening	242
4.8.2	Samevattende konklusies rakende λειτουργία as bediening	243
4.8.3	Samevattende konklusies rakende κοινωνία as bediening	244
4.8.4	Samevattende konklusies rakende διακονία as bediening	245
4.9	Finale samevattende konklusies oor die vier begrippe vir die bedienings, spesifiek vir 'n missionêre bediening	246

HOOFSTUK 5: FORMULERING VAN 'N MISSIONÊRE EKKLESIOLOGIE AS IDENTITEIT VAN DIE KERK

5.1	Inleiding	249
5.2	Motivering van 'n prakties-teologiese ondersoek in gemeentebou	250
5.2.1	Ekklesiologie as 'n beweging van missio Dei na missiones ecclesiae	252
5.2.2	Finale bevinding	254
5.3	Die verhouding van Christus as Hoof tot die kerk as sy liggaam - as basis van die formulering van 'n missionêre ekklesiologie	254
5.3.1	Verhouding Hoof, Jesus Christus, tot die kerk as sy liggaam	254
5.3.2	Finale bevinding	255
5.3.3	Gemodelleerde voorstelling	255
5.4	Bevindings vanuit 'n ondersoek na die merktekens van die kerk - as missionêr-ekklesiologiese beskrywing van die kerk se identiteit	256
5.4.1	Merktekens volgens die Geloofsbelydenis van Nicea	256
5.4.2	Merktekens volgens die brief van Paulus aan die Efesiërs	257
5.4.3	Merktekens volgens die brief van Johannes aan Efese in die Openbaring van Johannes	258
5.4.4	Finale bevinding van 'n missionêr-ekklesiologiese identiteit van die kerk volgens merktekens van die kerk	259
5.4.5	Gemodelleerde voorstelling	260
5.5	Bevindings vanuit 'n ondersoek na die funksionering van die kerk in sy bedienings, as uitdrukking van die missionêr-ekklesiologiese merktekens van die kerk	260
5.5.1	κήρυγμα as bediening	261
5.5.2	λειτουργία as bediening	262
5.5.3	κοινωνία as bediening	262
5.5.4	διακονία as bediening	263

5.5.5	Finale bevindings van die funksionering van die kerk in sy bedienings, as uitdrukking van sy missionêr-ekklesiologiese identiteit	265
5.5.6	Gemodelleerde voorstelling	266
5.6	Finale formulering van 'n missionêre ekklesiologie as identiteit van die kerk	266
5.6.1	Beweging missio Dei na die missiones ecclesiae	266
5.6.2	Bron van lewe	266
5.6.3	Merktekens van die kerk	267
5.6.4	Finale bevindings van die funksionering van die kerk in sy bedienings as uitdrukking van sy missionêr-ekklesiologiese identiteit.	267
5.6.5	Gemodelleerde voorstelling	268
5.6.6	Simbolies-georiënteerde model	269

AFDELING 2: EMPIRIESE KOMPONENT

HOOFSTUK 6: MULTIKULTURELE KERKPLANTING

6.1	Oriëntering	271
6.2	Kerkplanting in perspektief	272
6.2.1	Nuwe-Testamentiese perspektiewe op kerkplanting	273
6.2.1.1	Samevatting	277
6.2.2	Historiese perspektiewe op kerkplanting	277
6.2.2.1	Pionier-kerkplanting	277
6.2.2.2	Herplanting	278
6.2.2.3	Sektariese kerkplanting	280
6.2.2.4	Versadigingskerkplanting	281
6.2.2.5	Samevatting	281
6.2.3	Strominge	281

6.2.3.1	Gemeentegroeibeweging (afgekort as CGM)	282
6.2.3.2	Nuanserings van die CGM	285
6.2.3.2.1	Hesselgrave	285
6.2.3.2.2	Conn	285
6.2.3.2.3	Evaluering van die CGM en die nuanserings daarvan	286
6.2.3.2.4	Regstelling van die CGM	287
6.2.3.2.5	Samevatting	288
6.2.3.2.6	Definisie vir kerkplanting	288
6.2.4	Modelle vir kerkplanting	288
6.2.4.1	Bedieningsmodelle	289
6.2.4.1.1	Die soekerdiensmodel	289
6.2.4.1.1.1	Kenmerke	289
6.2.4.1.1.2	Kritiek rakende die WCC-model	292
6.2.4.1.1.3	Samevatting	293
6.2.4.1.2	Die doelstelling-strategiemodel	294
6.2.4.1.2.1	Kenmerke	294
6.2.4.1.2.2	Kritiek op PDC	295
6.2.4.1.2.3	Samevatting	297
6.2.4.1.3	Die selkerkmodel	297
6.2.4.1.3.1	Kenmerke van die selkerkmodel	398
6.2.4.1.3.2	Kritiek op die selkerkmodel	300
6.2.4.1.3.3	Samevatting	300
6.2.4.1.4	Rigtingwysers vir 'n model van kerkplanting in 'n postmoderne kultuur	301
6.2.4.1.4.1	Kenmerke	302
6.2.4.1.4.2	Kritiek teen die postmodermisme	304
6.2.4.1.4.3	Samevatting van postmodernisme	305

6.2.4.2	Kerkplantingspraktyke	306
6.2.4.2.1	Moeder/dogter-praktyk	306
6.2.4.2.2	Kolonisasiepraktyk (stedelike praktyk)	306
6.2.4.2.3	Satellietpraktyk (plattelandse praktyk)	308
6.2.4.2.4	Samevatting	308
6.2.5	Samevatting oor kerkplanting	309
6.2.5.1	Beginsels ten opsigte van kerkplanting	309
6.2.5.2	Kerkplantingsinisiatiewe	309
6.2.5.3	Regstelling van die CGM	309
6.2.5.4	Definisie as werksformule	309
6.2.5.5	Samevatting van die WCC-model	310
6.2.5.6	Samevatting van die PDC-model	310
6.2.5.7	Samevatting van die selkerkmodel	311
6.2.5.8	Samevatting van postmodernisme	311
6.2.5.9	Samevatting oor kerkplantingspraktyke	312
6.2.6	Finale samevatting rakende kerkplanting	313
6.3	Multikulturaliteit in perspektief	314
6.3.1	Tradisie	318
6.3.1.1	Samevatting	320
6.3.2	Kultuur	320
6.3.3	Terminologiese ontwikkeling en onderskeidings	321
6.3.4	Hermeneutiese proses van inkulturasie	324
6.3.5	Uitdagings van interkulturasie	327
6.3.6	Samevatting en definiëring van interkulturasie	328
6.4	Samevatting van multikulturaliteit en kerkplanting	329
	Aantekeninge by Hoofstuk 6	333

HOOFSTUK 7: EMPIRIESE GEGEWENS

7.1	Inleidend: doel en metode	335
7.2	Vraelys op grond van basisteoretiese perspektiewe in Afdeling A	338
7.2.1	Studieontwerp	338
7.2.2	Beskrywing van die studiegebiedbevolking	340
7.2.3	Meetinstrument	342
7.2.4	Realisering van die beplande steekproef	342
7.2.5	Demografiese eienskappe van die steekproefbevolking	343
7.2.6	Vergelyking tussen Statistics South Africa CENSUS 2001 (GIS spatial data) en steekproefbevolking ten opsigte van taal en ras	345
7.2.7	Afleidings uit steekproefbevolking	346
7.2.8	Vrae op grond van basisteoretiese perspektiewe in Afdeling 1	347
7.2.8.1	Vrae wat gehandel het oor die verhouding Hoof-en-liggaam	348
7.2.8.2	Vrae wat gehandel het oor merktekens van die kerk	349
7.2.8.3	Vrae wat gehandel het oor bedienings van die kerk	350
7.2.8.4	Vrae wat gehandel het oor bedienings in die kerk	351
7.2.9	Resultate van die vraelys getabelleer	352
7.2.9.1	Afdeling B: Oorsprong en roeping	353
7.2.9.2	Afdeling C: Merktekens	357
7.2.9.3	Afdeling D: Bedienings	359
7.2.10	Beoordeling van resultate	365
7.2.10.1	Afdeling B: Oorsprong en roeping	365
7.2.10.1.1	Vrae 1a, 1b, 2a en 2b	365
7.2.10.1.2	Vraag 3	366
7.2.10.1.3	Vraag 4	367

7.2.10.1.4	Vraag 5	367
7.2.10.1.5	Samevatting	369
7.2.10.2	Afdeling C: Merktekens	370
7.2.10.2.1	Vraag 6	370
7.2.10.2.2	Vraag 7	371
7.2.10.2.3	vraag 8	372
7.2.10.2.4	Vraag 9	372
7.2.10.2.5	Samevatting	373
7.2.10.3	Afdeling D: Bedienings	374
7.2.10.3.1	Vraag 10	374
7.2.10.3.2	Vraag 11a tot d	376
7.2.10.3.3	Vraag 12	376
7.2.10.3.4	Vraag 13a tot c	378
7.2.10.3.5	Vraag 14a en b	379
7.2.10.3.6	Vraag 15 a en b	380
7.2.10.3.7	Vraag 16 a en b	381
7.2.10.3.8	Samevatting van bevindings rakende bedienings	381
7.2.11	Samevatting van bevindings	383
7.2.12	Finale samevattings oor metateoretiese bevindings in algemene bevinding, sterk- en swakpunte	387
7.2.12.1	Algemene bevinding	387
7.2.12.2	Samevatting: Skematisering van sterk- en swakpunte van steekproefbevolking, as aanduiding van die gegewe situasie	387

HOOFSTUK 8: FORMULERING VAN METATEORETIESE PERSPEKTIEWE

8.1	Inleiding	395
8.2	Samevatting van kerkplanting	395
8.2.1	Beginsels rakende kerkplanting	395
8.2.2	Kerkplantingsinisiatiewe	395
8.2.3	Regstelling van die CGM	395
8.2.4	Definisie as werksformule	396
8.2.5	Bestaande bedieningsmodel	396
8.2.5.1	Samevatting van die WCC-model	396
8.2.5.2	Samevatting van die PDC-model	397
8.2.5.3	Samevatting van die selkerkmodel	498
8.2.5.4	Samevatting van die postmodernisme	498
8.2.6	Kerkplantingspraktyke	499
8.3	Samevatting van multikulturaliteit	400
8.3.1	Tradisie	400
8.3.2	Uitdagings van interkulturasie in 'n multikulturele kultuur	400
8.3.3	Definisie van interkulturasie	401
8.4	Finale samevatting van multikulturaliteit en kerkplanting	402
8.5	Samevatting van bevindings van empiriese navorsing in Hoofstuk 7	405
8.5.1	Belangrikste gegewens oor die samestelling van die steekproefbevolking	405
8.5.2	Belangrikste eienskappe van die steekproefbevolking	406
8.5.2.1	Vergelyking tussen Statistics South Africa CENSUS 2001 (GIS spatial data) en steekproefbevolking ten opsigte van taal en ras	406
8.5.2.2	Afleidings uit steekproefbevolking	406

8.6	Samevatting van bevindings van die empiriese ondersoek	408
8.7	Finale samevattings oor metateoretiese bevindings in algemene bevinding, sterk- en swakpunte	411
8.7.1	Algemene bevinding	411
8.7.2	Skematisering van sterk- en swakpunte van steekproefbevolking, as aanduiding van die gegewe situasie	412

AFDELING 3: STRATEGIESE KOMPONENT

HOOFSTUK 9: 'N ONDERHANDELINGSMODEL VIR MULTIKULTURELE KERKPLANTING

9.1	Inleidend: Doel en metode	415
9.2	Beskrywing van die gegewe situasie	421
9.2.1	Metateoretiese gegewens oor die demografiese eienskappe van die fokusgebied en steekproefbevolking	421
9.2.2	Verkorte skematiese weergawe van 'n algemene bevinding en die sterk- en swakpunte van die profiel van die steekproefbevolking, verkry deur empiriese navorsing as aanduiding van die gegewe situasie	424
9.2.2.1	Algemene bevinding	424
9.2.2.2	Skematisering van sterk- en swakpunte van steekproefbevolking, as aanduiding van gegewe situasie	425
9.2.3	Gegewe situasie ten opsigte van multikulturaliteit en kerkplanting	427
9.2.3.1	Gegewe situasie ten opsigte van kerkplanting	428
9.2.3.2	Die gegewe situasie ten opsigte van multikulturaliteit	431
9.3	'n Nuwe situasie ten opsigte van multikulturaliteit en kerkplanting	434
9.3.1	Demografies	432
9.3.2	'n Nuwe situasie - as ideale situasie beskryf	432
9.3.3	'n Nuwe (ideale) situasie ten opsigte van kerkplanting	436
9.3.4	'n Nuwe situasie (ideale) ten opsigte van multikulturaliteit	437

9.4	Strategiese proses	439
9.4.1	Inleiding	439
9.4.1.1	Fase 1: Voorbereidende fase	441
9.4.1.2	Fase 2: Inisiëringsfase (strategies)	442
9.4.1.3	Fase 3: Implementeringsfase	444
9.4.2	Fase 2: Inisiëringsfase	446
9.4.2.1	Stap een: Die verhouding van Christus as Hoof tot die kerk as sy liggaam	446
9.4.2.1.1	Gemodelleerde voorstelling	446
9.4.2.1.2	Onderhandelingsproses (met Fase 1 en Fase 2)	447
9.4.2.2	Stap twee: Merktekens van die kerk	452
9.4.2.2.1	Gemodelleerde voorstelling	452
9.4.2.2.2	Onderhandelingsproses	452
9.4.2.3	Stap drie: Bedienings van die kerk	458
9.4.2.3.1	Gemodelleerde voorstelling	458
9.4.2.3.2	Onderhandelingsproses	458
9.4.3	Samevatting van besluitnemings oor Jesus Christus as Hoof van die kerk, merktekens en bedienings van die kerk	471
9.4.3.1	Gemodelleerde voorstelling van die funksionering van Jesus Christus as Hoof van die kerk, merktekens en bedienings van die kerk	471
9.4.3.2	Samevatting van besluite	472
9.5	Evaluering	478
9.6	Finale gevolgtrekking uit die strategiese komponent	478

HOOFSTUK 10: BESKRYWING VAN 'N ONDERHANDELINGSMODEL VIR MULTIKULTURELE KERKPLANTING

10.1	Inleiding	479
10.2	Oorsig oor die proses van kerkplanting	480
10.3	Beskrywing van die onderhandelingsmodel vir multikulturele kerkplanting	481
10.3.1	Basisteoretiese beginsels	481
10.3.1.1	Basisteoretiese beginsels van die verhouding van die Hoof van die kerk, Jesus Christus, tot die liggaam	482
10.3.1.2	Basisteoretiese beginsels rakende die merktekens van die kerk	483
10.3.1.3	Basisteoretiese beginsels rakende die bedienings van die kerk, naamlik: κήρυγμα, λειτουργία, κοινωνία en διακονία	483
10.3.2	Beskrywing van model	484
10.3.3	Verduideliking van die model en besluitnemings	485
10.3.4	Die gebruik van die model	498
10.3.5	Simboliese voorstelling van die model	499
10.4	Finale samevatting van die onderhandelingsmodel vir multikulturele kerkplanting	501

HOOFSTUK 11: SAMEVATTING: MISSIONES ECCLESIAE – DIE INVLOED VAN 'N MISSIONÊRE VISIE EN STRATEGIE IN GEMEENTEBOU, TEN OPSIGTE VAN MULTIKULTURELE KERKPLANTING

11.1	Inleiding	503
11.2	Hermeneutiese proses	505
11.3	Empiriese proses	509

11.4	Strategiese proses	515
11.4.1	Beskrywing van die nuwe situasie as ideale situasie, ten opsigte van die sterk- en swakpunte wat in die empiriese fase bevind is	516
11.4.2	Samevatting van besluite as resultaat van die onderhandelingsproses	519
11.5	Gevisualiseerde voorstelling van die model	526
11.6	Finale samevatting	527
11.7	Terreine vir verdere navorsing	528

GRAFIESE VOORSTELLINGS

Figuur 1	Verhouding tussen teorie en praxis	12
Figuur 2	Gemeente en gemeentebou	27
Figuur 3	Die metodologie van praktiese teologie	35; 419
Figuur 4	Die hermeneutiese perspektief	38
Figuur 5	Die empiriese perspektief	42; 336
Figuur 6	Die strategiese perspektief	45; 416
Figuur 7	Gemodelleerde voorstelling: Die verhouding van Christus as Hoof tot die kerk as sy liggaam	115; 256; 446
Figuur 8	Gemodelleerde voorstelling: Merktekens van die kerk	128; 260; 452
Figuur 9	Bedienings	191
Figuur 10	Bedienings in verhouding tot merktekens	193
Figuur 11	Gemodelleerde voorstelling: Bedienings van die kerk	196; 266; 458
Figuur 12	Gemodelleerde voorstelling: Funksionering van basisteorie	268; 471; 484; 526
Figuur 13	Simbolies-georiënteerde model	269; 500

HOOFSTUK 1

ORIËNTERING EN METODOLOGIE

1.1 Inleiding

Hierdie navorsing wil die identiteit van die kerk as missionêr, ekklesiologies begrond en dit van toepassing maak op kerkplanting in 'n multikulturele milieu - wat die gevolg is van kulturele transformasie in middestedelike gebiede. Die basiese vertrekpunt in hierdie studie is daarom dat die kerk net waarlik kerk kan wees as hy getrou is aan sy wese en identiteit. Die kerk definieer nie sy missie in die wêreld nie. God doen dit. God is 'n missionêre God (*missio Dei*). Die lewende God doen self sy werk in en deur die skepping, in en deur die kerk (*missiones ecclesiae*) en in en deur gelowiges in die wêreld.

"Soos die Vader my gestuur het, stuur Ek julle ." (Joh. 20:21)

1.2 Oriëntering

Die beskouing ('verstaan'), verklaring van die huidige stand en die toepassing van 'n missionêre ekklesiologie in die kerk is die fokus van hierdie studie - en wel om twee redes:

Die eerste is omdat die missionêre roeping van die kerk in die afgelope paar dekades 'n belangrike fokuspunt geword het in missiologie en gemeentebou (vgl. Buys, 1989:256, 258; Bosch, 1991:372; Van Engen, 1991:27; Te Velde, 1992:44; Nel, 1994:28; Bosch, 1995:27-32; Van Gelder, 2000:36 en Sweet, 2001:23-30). Wanneer vandag van die *missionêre roeping* van die kerk gepraat word, word aan die begrip *missionêr* nuwe betekenis gegee (Jongeneel, 1995:58-61). Die populêre (en uitgediende) begrip van *missie*, *missies*, *missionêr*, *missionêre gebied*

(sendingveld) of *missiologie* het te doen met geografiese uitbreiding. Die missionêre roeping van die kerk het die populêre konnotasie van 'n aktiwiteit wat in een rigting funksioneer: van die Weste na ander dele van die wêreld, of in Suid-Afrika, van wit na swart. Ná die aanbreek van die nuwe Suid-Afrika (1994) en die afbreek van die kommunistiese stelsel, is die nuutste missionêre opwinding geleë in kortstondige besoeke aan oud-Russiese state soos die Oekraïne. 'n Missionêre bedienaar staan bekend as 'n sendeling en is iemand wat nie in 'n "gewone" gemeente werk nie - hy het 'n andersoortige roeping. 'n Missionêre gebied (sendingveld) is 'n ander gebied en kultuur as dié waar die missionêre bedienaar van afkomstig is en missiologie is 'n dissipline wat hierdie uitreikings bestudeer.

In teologie - en meer spesifiek in praktiese teologie - is die roepstem baie sterk dat daar van hierdie siening wegbeweeg moet word. In hierdie studie sal aangedui word dat oor 'n missionêre ekklesiologie in praktiese teologie besin moet word vanuit die Bybelse beginsel dat "the church is seen as essentially missionary" (Bosch, 1991:372).

Nou verwant aan die eerste rede is die tweede, wat ook aansluit by Bosch (1995:27-32) se inisiatief om 'n missionêre ekklesiologie te formuleer. In bepaalde teologiese kringe het dit 'n algemene gebruik geword om van die kerk as missionêr te praat en om die missie van die kerk in ekklesiologiese terme te omskryf. Dieselfde is waar van praktiese teologie. So byvoorbeeld lewer Hendriks (2001:1) 'n lesing in 2001 by die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie met die titel: *Developing a contextual, missional ecclesiology in a congregation using a Practical Theological Methodology.*

Die probleem is egter dat hierdie beskouing van die wese van die kerk nog nie deurgedring het tot alle gemeentes (gelowiges), predikante en teoloë nie (Berkhoff, 1979:411). Goheen (2000:2) vat die rede vir die hierdie "identiteitskrisis" van die kerk saam as hy sê: "The reason is that the ecclesiologies that have been formative for the churches in the West - both at the academic theological level and

at the level of the congregation's self-understanding - have been largely shaped by Christendom."

Die Christendom-kultuur[1] het tot gevolg gehad dat die Christelike kerk 'n gevestigde instelling geword het wat groot nadele vir die ontwikkeling van 'n missionêre ekklesiologie inhou. Rooms-Katolieke teoloë, (Haight, 1980:10 en Hall, 1999:67) beskryf hierdie gevestigde kerk as 'n kerk waarin die missionêre opdrag voltooi is en instandhouding van die geloofsgemeenskap die enigste opdrag is.

Die kerke van die Reformasie het hierdie skeefgetrekte ekklesiologie skynbaar nie uitgedaag nie. Bosch (1991:243-261) verwys na verskillende teoloë, waaronder Gustav Warneck (die vader van missiologie as teologiese dissipline), wat hierdie stelling bevestig (Bosch, 1991:244). Goheen (2000:3) bevestig hierdie interpretasie van die Reformasie as hy aantoon dat die Reformatore se ekklesiologie gedefinieer is in terme van waarin hulle verskil van ander, eerder as ten opsigte van hulle roeping in die wêreld.

Bosch (1991:249) se persoonlike waarneming is as volg: "In all these instances the church was defined in terms of what happens inside its four walls, not in terms of its calling in the world. The verbs used in the Augustana are all in the passive voice: the church is a place where the gospel is taught purely and sacraments are administrated rightly. It is a place where something is done, not a living organism doing something."

Bogenoemde verwysings moet geweeg word teen ander navorsing oor die Reformasie (Leith, 1981:109; Gerrish, 1993:101 en Burger, 2001a:41-52), wat veral die grondlyne van die ekklesiologie vanaf Calvyn en ander Reformatore bestudeer en beskryf as 'n teologie wat nie alleen in dogma en prediking vasval nie, maar wat die koninkryk as mikpunt stel in die konteks van reformasie van die ganse lewe .

Die afgelope halwe eeu het daar 'n betekenisvolle verskuiwing gekom in die beskouing van sending as God se missie in die wêreld (*missio Dei*) (vgl. Bosch 1991:372). Dit het gelei tot die herontdekking van die plaaslike kerk as gestuurde kerk (*missiones ecclesiae*) (Van Engen, 1991:27; Te Velde, 1992:44; en Nel, 1994:28).

Wanneer 'n missionêre ekklesiologie as vertrekpunt geneem word, is daar 'n gesonde balans tussen opbou na binne en na buite en kan in alle fasette van die bediening 'n integrale eenheid tussen die bewaring en vermeerdering van die kerk gehandhaaf word (vgl. Buys 1989:256, 258). 'n Gebrek aan hierdie balans word aangegee as een van die grootste redes waarom kerke so min in getalle groei (Heystek, 2000; Miller, 1986:81-92; en Vorster, 1996:132) en waarom assimilasie van nuwe gelowiges ook bemoeilik word.

Wat vir alle kerke duidelik behoort te wees, is dat nie net elke gelowige individueel geroep is om te deel in God se missie nie, maar dat elke gemeente as gemeente geroep is daartoe. 'n Gemeente wat nie bewustelik en doelgerig aktief leef na en gerig is op die wêreld daarbuite in sy nood en ellende nie, kan nie volwaardig kerk wees nie (Pauw, 1987:32).

Samevatting

Die fokus van die studie sal uiteraard 'n ondersoek wees na die ware identiteit van die kerk. Dit het ook ten doel om by te dra tot die uitbou daarvan. Die kerk kan nie getrou wees aan sy roeping in hierdie wêreld as hy nie getrou is aan sy identiteit nie. Hierdie identiteit kan onder andere verwoord word deur die formulering van 'n missionêre ekklesiologie wat die kerk se wese verstaan, sy bedienings op grond daarvan reg formuleer (verklaar) en sy strategie van bediening in die lig daarvan struktureer. Hierdie studie sal poog om daartoe 'n bydrae te lewer deur dit veral van toepassing te maak op kerkplanting in 'n multikulturele omgewing.

1.3 Missionêr-ekklesiologiese ondersoek in praktiese teologie

Die doel met hierdie afdeling is om:

- te motiveer waarom hierdie studie 'n prakties-teologiese studie is en die prakties-teologiese vertrekpunte wat geneem word, te verantwoord;
- te motiveer waarom 'n prakties-teologiese ekklesiologie belangrik is as vertrekpunt vir die studie;
- aan te toon waarom gemeentebou as subdissipline 'n missionêre bediening is en dusdanig 'n missionêre ekklesiologie veronderstel; en
- die bepaalde metodiek waarvolgens die studie onderneem word, te motiveer.

1.3.1 Praktiese teologie as veld van ondersoek

Hierdie afdeling wil motiveer waarom hierdie studie, in sy ondersoek na 'n missionêre ekklesiologie, 'n prakties-teologiese studie is - ten einde te kom by 'n metode van ondersoek.

1.3.1.1 Praktiese teologie as teorie van krisis

Die eerste leerstoel vir praktiese teologie word in 1774 deur Franz Stephan Rautenstrauch aan die Universiteit van Wenen gevestig (Van der Ven, 1993:9 en Dingemans, 1986:14). Aanvanklik is die studieveld pastorale handelinge, wat voortvloei uit die pastorale amp (Heitink, 1999:93 en Dingemans, 1986:16).

'n Tweede benadering tot die vak ontstaan in die middel van die negentiende eeu as praktiese teologie se horisonne verbreed tot pastorale handelinge binne die konteks van die kerk (Van der Ven, 1993:9).

Volgens Van der Ven (1993:9) breek 'n derde bedeling in praktiese teologie in 1974 aan met die verskyning van die bundel *Praktische Theologie heute*. Hierin staan Zerfass (1974:164-177) se bydrae sentraal. Zerfass (1974:172) se teorie kom daarop neer dat die teoloog in die hantering van nuwe probleme, hom moet vergewis daarvan dat hy tradisionele uitgangspunte goed verstaan. Die praxis van die evangelie word so ingespan om 'n bydrae te maak tot die bevryding van die mens en die maatskappy. Hierdie verskuiwing hou in dat die fokus van die vak Praktiese Teologie verskuif van die ampswerk van die predikant na die lewensfunksie van die gemeente (Dingemans, 1986:20).

Heitink (1999:2-4) en Heitink, Pieterse & Vos (2000:54) noem hierdie verskuiwing 'n ontwikkeling van praktiese teologie tot 'n **krisiswetenskap**. Die hele Westerse samelewing verkeer in 'n gesagskrisis. Tradisionele gesag van ouers, onderwysers, politici ens. word nie meer op gesigswaarde aanvaar nie. Hierdie krisis werk ook deur in die kerk en die gesag van die Skrif en dié van geestelike leiers kom in gedrang. Die kloof tussen die Christelike tradisie en die moderne ervaring het te groot geword vir die tradisionele teologie om antwoorde te kan kry. Praktiese teologie moes as nuwe vakwetenskap hierdie probleme hanteer en lei so 'n nuwe era in vir prakties-teologiese handelinge.

Die objek van praktiese teologie word nou die praxis van die kerk in die konteks van die maatskappy (Smit, 1997:8). Kenmerkend van die derde benadering is die bewussyn dat praktiese teologie 'n teologiese handelingswetenskap is met 'n metodologiese affiliasie aan die sosiale wetenskappe (Heitink, 1999:16).

Vir praktiese teologie gaan dit nou om die kommunikasie van die evangelie in verskillende situasies met verskillende handelinge (Pieterse, 1993:2). Dit impliseer dat praktiese teologie nie los staan van historiese veranderinge of kulturele en sosiale verskille nie (Heitink, Pieterse & Vos, 2000:57 en Dreyer, 1993:223). Praktiese teologie, ingevolge die derde benadering, is 'n vakgebied met 'n postmoderne paradigma (Smit, 1997:8). Praktiese teologie as krisisteologie

ontwikkel so 'n nuwe metode om probleme te hanteer waarop die praktykteorie van die modernisme nie antwoorde kon vind nie. Daarom sê Heitink (Heitink, Pieterse & Vos, 2000:55): "Het begrip crisis werpt dus een eigen licht op de praxis van de praktische theologie".

Konklusie

Om dié "krisis" te bestudeer en praktiese kontoere te trek vir die kerk in 'n gebied of gebiede waar kulturele transformasie plaasvind met die oog op 'n multikulturele bediening (wat voorheen monokultureel was), is praktiese teologie die mees geskikte vakwetenskap.

1.3.1.2 Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie

Praktiese teologie as handelingswetenskap word beskryf as 'n teorie van kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie (Firet, 1980:13; Bisschoff, 1991:21-33; Pieterse, 1993:1-19; Vos, 1995:9-20; 1996:6-9; en Heitink, 1999:104-239). Die kommunikatiewe grondslag word gelê deur insette van veral Paul Ricoeur ('n teorie van teksinterpretasie vir gebruik deur menswetenskappe), Jürgen Habermas ('n teorie van kommunikatiewe handelinge) en Hans-George Gadamer ('n teorie vir die verstaan van tekste). Beide Heitink (1999:132-147) en Pieterse (1993:71-96) verskaf 'n volledige uiteensetting van die impak wat hierdie drie navorsers se besinning op prakties-teologiese teorievorming het. Dit word sonder verdere bespreking as uitgangspunt geneem.

1.3.1.2.1 Praktiese teologie is 'n handelingswetenskap

Praktiese teologie as handelingswetenskap vind aansluiting by 'n hermeneuties-kommunikatiewe benadering. Firet (vgl. Heitink, 1999:124-127) en Heitink (1999:124-127) dui aan dat die begrip *handelingswetenskappe* as 'n eie wetenskapgroepsbeskrywing deur Schelsky gebruik is. Schelsky het onderskei tussen die natuurwetenskappe, die geesteswetenskappe en die sosiale handelingswetenskappe, wat hulleself van die geesteswetenskappe as 'n derde wetenskapsgroep losgemaak het. Hierdie derde selfstandige vakgroep bring 'n verskeidenheid dissiplines onder een gemeenskaplike beskrywing byeen (Heitink, 1999:124-127). In die groep word onderskei tussen handelingswetenskappe, wat hulle besig hou met die beskryf en verklaar van die sosiale en menslike werklikheid, en handelingswetenskappe - wat ingevolge hulle doelstelling gerig is op die beïnvloeding en verandering van die werklikheid (praxis).

Praktiese teologie hou hom nie besig met algemeen-menslike handelinge nie, ook nie handelinge van die gelowige of die handelinge in diens van God in die algemeen nie, maar net handelinge wat gerig is op die aktualisering en onderhouding van die relasie tussen God en mens, mens en God (Firet, 1980:13). Dit is, anders gestel, handelinge wat te make het met die praxis van God in hierdie wêreld.

Dingemans (1986:17) kwalifiseer praktiese teologie as handelingswetenskap as hy voldoen aan drie vereistes:

- analise van die praxis;
- toetsing aan immanente norme; en
- verbetering van die praxis.

Samevatting

In die lig hiervan kan afgelei word dat praktiese teologie nie 'n suiwer handelingswetenskap (alhoewel die vak gerig is op die handelinge van gelowiges en geloofsgemeenskappe), 'n suiwer empiriese wetenskap (alhoewel die empirie van geloofshandelinge geanaliseer word) of 'n suiwer normatiewe wetenskap (alhoewel gesoek word na norme en uitgangspunte vir gelowige handelinge) is nie, maar 'n vakwetenskap met 'n eie en unieke fokus op die praxis van God in hierdie wêreld.

1.3.1.2.2 Praktiese teologie as kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie

Vir die doel van hierdie studie word Heitink se definisie van praktiese teologie as werksformule aanvaar (Heitink, 1999:6):

> "Practical Theology as a theory of action is the empirically oriented theological theory of the mediation of the Christian faith in the praxis of modern society."

Volgens hierdie definisie is dit duidelik dat die konkrete situasie waarin die kerk homself bevind, ernstig opgeneem word. Die empiriese benadering wat in die formulering ingebou is, dien as onderskeiding van ander (eksegetiese, geskiedkundige of filosofiese) benaderings, alhoewel hierdie werkswyses ook in die proses van teorievorming benut word (vandaar die invoeging van die term *georiënteerde*).

Die definisie lig ook die aard van die werkterrein waarmee praktiese teologie hom besig hou uit, naamlik die sosiale en kulturele gestaltes van die Christelike geloofsgemeenskappe. Deur die geloof ernstig te neem, bevestig Heitink die teologiese karakter van die vakgebied. Die dubbele praxisbegrip wat in Heitink se

omskrywing ingebou is, bekend as praxis 1 en praxis 2, getuig voorts daarvan dat gepoog word om die teologiese karakter van praktiese teologie te beskerm en as wesenskenmerk in prakties-teologiese teorievorming te bevestig. Die begrip *praxis* word verkies bo praktyk omdat dit 'n ruimer begrip is. Dit verwys ook na waardes, norme en belangstellings wat betrokke is (Heitink, 1999:9). Die twee praxes behels die volgende:

- **Bemiddeling van die Christelike geloof** (praxis 1). Heitink (1999:8) sê God se koms na die mens in die wêreld is 'n "constant and ever-recurring event that takes place through the intermediary of human ministry ..." En voorts: "This point underlines that the continuity of the Christian faith in the lives of men and woman and in the church depends on tradition, the mediation of the tradition through various channels."

- **Die praxis van die moderne samelewing** (praxis 2). Hier word gekyk na beskrywing en verklaring. Die samelewing is die terrein van handeling waar individue en groepe, gemotiveer deur hulle persoonlike ideale en gedryf deur 'n variasie van belangstellings, spesifieke keuses maak en spesifieke doeleindes nastreef (Heitink, 1999:8).

Die woordjie *in* in Heitink se definisie, wat die twee praxes verbind, dui op die noue verbondenheid van die twee praxes: "Although practical theology first of all focuses on praxis 1, it is always linked to praxis 2, as is clear from empirical practical-theologial research" (Heitink, 1999:9).

Praktiese teologie het dus te make met die empiriese bestudering van die kerk, sy funksionering in die samelewing, en sy vermoë om die Christelike geloof in die bepaalde kulturele konteks te bemiddel. Die feit dat praktiese teologie nie net die kerk as horison het nie, maar die hele samelewing, roep die kerk op tot verantwoording van sy missionêre roeping in die samelewing en die soeke na

riglyne, kontoere of 'n model van bediening in onder andere 'n gebied of gebiede waar kulturele transformasie 'n krisis skep vir die voortbestaan van die kerk.

Vanuit hierdie definisie en sy gerigtheid, kan twee aspekte in 'n prakties-teologiese metodologie onderskei word, naamlik praktiese teologie as *teologiese* wetenskap en praktiese teologie as teologiese *handelingswetenskap* (Smit, 1997:13).

1.3.1.2.3 Verhouding: teorie en praxis

Die teologiese karakter van praktiese teologie word verder gehandhaaf deur die verhouding tussen teorie en praxis.

Praxis word beskryf as die handeling van individue en groepe in die samelewing, sowel binne as buite die kerk, wat bereid is om deur die Christelike tradisie geïnspireer te word in hulle persoonlike en openbare lewens en hulle so laat rig op die heil van mense in die wêreld (Heitink, 1999:151).

Teorie is die omvattende hermeneuties-teologiese standpunt wat die Christelike tradisie in verband bring met ervaring, die lewe en die handelinge van die moderne mens (Heitink, 1999:151).

Wat is dan die verhouding tussen teorie en praxis? Die verhouding kan met vyf stellings aangedui word (Heitink, 1999:151-153):

- Daar bestaan nie 'n suiwer teorie van praxis nie. "Theory always receives the impact of history and is conditioned by society."
- Al is mens nie altyd bewus daarvan nie, het praxis altyd 'n onderliggende teorie. Wie nie daarvan bewus is nie, verval in 'n ideologiese praxis.
- Die voorrang aan teorie bo praxis, wat lank deur praktiese teoloë verdedig is, moet afgewys word.

- Net so moet voorkeur van praxis bo teorie afgewys word. Sodanige benadering lei tot die handhawing van die status quo in die kerk.
- Die verhouding tussen teologiese teorie en kerklike praxis word nie medebepaal deur 'n volledige skeiding of identifikasie van beide nie, maar deur 'n bipolêre spanningsvolle eenheidsvorming. Praktiese teologie is altyd ten volle operasioneel. Teorie moet voortdurend getoets word deur praxis. Dit vereis empiries-georiënteerde, prakties-teologiese navorsing.

Hierdie bipolariteit (van die verhouding: teorie en praxis) is nie gelyk aan 'n korrelasie tussen vraag en antwoord nie, maar skep wedersyds 'n spanningsvolle kritiese relasie. Elke teorie het bewuste en onbewuste voorveronderstellings en kan op grond daarvan getoets word. Daarom is waarheid altyd situasioneel en relasioneel en aangewese op intersubjektiwiteit binne werkvorme waarin mense - vanuit gedeelde verbintenis - in hul handelinge werklik subjek van hulle eie ervaringe kan word. Dit vra dus na 'n voortdurende wisselwerking tussen teks en konteks, tussen teorie en praxis (Heitink, 1999:151-154).



Figuur 1: Verhouding tussen teorie en praxis (Heitink, 1999:154)

Die verhouding teorie en praxis moet deur 'n objektiewe maatstaf getoets kan word. Die Bybel as eksklusiewe openbaring van God is die enigste bron van toetsing

waaraan alle prakties-teologiese teorieë en praxes onderwerp kan word (Bisschoff, 1991:12-19).

1.3.1.2.4 Profiel van 'n prakties-teologiese handelingsteorie

'n Profiel van 'n prakties-teologiese handelingsteorie kan soos volg daar uitsien:

Die dialektiese verhouding tussen teorie en praxis gee insig in die omstandighede van kerklike en sosiale handelinge, maar is in sigself nie geskik om die handeling te verstaan, te verklaar en te stuur nie. 'n Handelingsteorie is nodig, wat aan die volgende voorwaardes voldoen (Heitink, 1999:154-155):

- Die handelingsteorie moet konkrete terreine van handeling kan hanteer.
- Die handelingsteorie moet die konteks van die handeling en die handeling self kan analiseer in sy huidige situasie met betrekking tot die handeling se potensiaal.
- Sodanige handelingsteorie doen die analise - op die basis van 'n empiries-transenderende kritiese teorie - met die doel om handelingsmodelle en strategieë vir verskillende handelingsterreine te ontwikkel.

Wat word verstaan onder 'n *handeling*? Eerstens vind waarneming plaas. Die aksienemer (handelaar) wat by iets betrokke raak in die wêreld (die kerk) om dit te verander, is die sleutelfiguur. Hy formuleer sy redes waarom hy 'n saak wil verander. (Daar is altyd 'n rede vir 'n handeling.) In die handeling word aksies en gedrag (wat dikwels onbewustelik en onopsetlik gedoen word) van mekaar onderskei (Heitink, 1999:155).

Praktiese teologie moet (in die lig van 'n "handeling" in die algemeen - soos hierbo omskryf) definieer hoe 'n handelingsteorie funksioneer as teologiese dissipline (paradigma) in verhouding tot sy objek (praxis 1 in verhouding tot praxis 2) en as kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie. Hy moet 'n keuse maak vir

'n interpretasiemodel wat die navorser bring by die hart van die teologiese teorie van handeling, die metode (Heitink, 1999:155). Bogenoemde proses word deur Heitink bespreek waarin hy Habermas en Ricoeur se teorieë toepas (wat as vertrekpunt aangedui is) (Heitink, 1999:155-166). Die ontwikkeling van die handelingsteorie vind sy uitdrukking in die *metode* wat nie hier nie, maar op 'n later stadium, bespreek sal word.

1.3.1.3 Konklusie

- Dinamiese ontwikkeling in praktiese teologie maak dit moontlik om deur navorsing 'n al groter bydrae te lewer om in krisisse wat geloofsgemeenskappe ervaar, soos kulturele transformasie, praktiese leiding te gee sodat geloofsgemeenskappe (die kerk) al meer en meer kan word wat hulle is.

- Praktiese teologie het vir homself binne die konteks van handelingswetenskappe 'n eie plek ontwikkel waarin hy met gebruikmaking van ander handelingswetenskappe 'n bydrae kan lewer tot die verandering van God se praxis in hierdie wêreld.

- Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingswetenskap is altyd kontekstueel (praxis 1 en praxis 2) besig met kulturele gestaltes van Christelike geloofsgemeenskappe. 'n Kerk (gemeente) wat kulturele transformasie in sy gemeenskap ervaar, soos dit vandag algemeen voorkom in stedelike gebiede, kan nie anders as om getrou aan die vervulling van sy missionêre roeping binne die koninkryk van God te soek na ander maniere van roepingsvervulling as die tradisionele nie.

- Die verhouding teorie/praxis staan in 'n gevoelige en kreatiewe wisselwerking met mekaar, waar teorie as geopenbaarde Christelike tradisie funksioneer -

en praxis as geloofspraktyk. Spanning tussen die twee praxes, soos wanneer daar kulturele transformasie plaasvind in 'n gebied wat voorheen in 'n monokulturele tradisie - wat ook die handelinge bepaal het - vasgevang was, kan alleen deur goeie navorsing tot die minimum beperk word.

- In die bepaling van 'n profiel vir prakties-teologiese handelingsteorie word die grondslag vir die beskouing (*'verstaan'*), verklaring en verandering van handelinge gelê. Hierdie profiel kan aangewend en toegepas word in 'n nuwe praktyk.

1.3.2 Ekklesiologie

In hierdie afdeling is die ondersoek daarop gerig om aan te toon dat 'n ekklesiologiese ondersoek vanuit 'n prakties-teologiese perspektief noodsaaklik is vir die studie, ten einde te kom tot die regte beskouing en bepaling van die kerk se identiteit en taak in 'n veranderende kulturele omgewing.

1.3.2.1 Ekklesiologiese vertrekpunte

Die kerk is die vrug van die openbaring van God en die effek van hierdie openbaring is die ontstaan van die kerk as gemeenskap van gelowiges (Heitink, 1999:274; en Burger, 1999:10). Ekklesiologie is 'n studie van die kerk. Dié veld van teologiese studie fokus op die verstaan van die kerk in terme van sy wese (identiteitsaard), bedieninge en organisasie (handelinge) (Van Gelder, 2000:26).

Die kerk as objek van studie in die ekklesiologie kan vanuit verskeie invalshoeke benader word: dogmaties, kerkregtelik, histories of empiries. Die dogmatikus vra na die oorsprong, eienskappe en unieke identiteit van die kerk; die kerkregtelike na die ordeprosedure van die kerk; die geskiedkundige na die verloop van die

gebeure in die kerk en die praktiese teoloog na die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie in die kerk (Smit, 1997:34 en Breytenbach & Pieterse, 1992:102). Dulles (1987:17-123) neem 'n ander fokuspunt in ekklesiologie. Hy sê dat die kerk nie deur die ekklesioloog verobjektiveer kan word nie en kom tot die konklusie dat die kerk op grond van die verskillende metafore in die Skrif en die ontwikkeling daarvan in die geskiedenis as vyf ekklesiologiese modelle funksioneer en bestudeer kan word (te wete die institusionele model, die mistieke gemeenskap van gelowiges - in aansluiting by die liggaambeeld, die kerk as sakrament, die kerk as dienskneg en die kerk as getuie). Vorster (1996:129) voeg die Koninkryksmodel hierby.

Ekklesiologie is die sambreelterm vir die verskeidenheid wyses waarop die kerk as objek van studie benader word. Vir die doel van hierdie studie is dit noodsaaklik om na die ekklesiologie vanuit prakties-teologiese perspektief te kyk (soos aangetoon in 1.3.1).

Om die noodsaak van 'n ekklesiologiese benadering vanuit prakties-teologiese perspektief beter te verstaan, word vervolgens onderskei tussen 'n ekklesiologie vanuit dogmatiese en 'n ekklesiologie vanuit prakties-teologiese perspektief.

1.3.2.1.1 Ekklesiologie vanuit dogmatiese perspektief

Daar bestaan 'n spanningsvolle verhouding tussen dogmatiese en empiriese uitsprake oor die kerk (Heitink, 1999:275). Aan die een kant word oor die kerk gepraat in empiriese terme: erediensbywoning, kategesedeelname, sekularisasie of kerkverlating. Dit is realistiese taalgebruik. Aan die ander kant word oor die kerk gepraat in dogmatiese terme: skepping van die Gees, volk van God of gemeenskap van gelowiges. Dit weer is idealistiese taalgebruik. Dit is belangrik om te erken dat die spanning bestaan, maar die doel is nie om die spanning op te hef nie. Die spanning moet vrugbaar gemaak word ter wille van kerklike

handelinge. Hierdie spanningsverhouding vorm die beginpunt van 'n praktiesteologiese ekklesiologie. Om hierdie rede moet die insigte van dogma en empirie konvergerend op mekaar betrek word (Heitink, 1999:274).

Die beskouing bestaan dat die ekklesiologie tradisioneel te dogmaties aangepak is (Bisschoff, 1991:59; Hendriks *et al.*, 1987:93), wat die ekklesiologie 'n eensydige klemtoon kan gee. Schwarz & Schwarz (soos aangetoon deur Bisschoff, 1991:59) stel dat die ekklesiologie enersyds prakties is en andersyds tog nie is nie. Wanneer teologie met betrekking tot die ekklesia beoefen word, moet die praktyk in die oog gehou word en mag dit nie net in abstrakte teologiese teorieë verval nie. Die dogmatiek is 'n nuttige en noodsaaklike kontrolemeganisme vir die praktiesteologiese besinning oor die ekklesia (Burger, 1991:32 en 1999:22). Die belangrikste kontrolepunt vanuit die dogmatiek, sê Burger, is die vier wesenseienskappe van die ware kerk: eenheid, heiligheid, kanonisiteit en apostolisiteit. Dit is egter belangrik dat hierdie vier wesenseienskappe van die kerk juis vanuit prakties-teologiese perspektief ontgin behoort te word. Wanneer dit gedoen word, gebeur wat Pieterse (1991:37) bepleit, naamlik dat navorsing oor die kerk as empiriese werklikheid navorsing oor die kerk as teologiese ideaal insluit en volkome verreken.

Dit gebeur wanneer:

- die ekklesiologie vanuit prakties-teologiese perspektief besin oor die ontmoetingsgebeure van God se koms na die mens in die Woord, terwyl die dogmatiek na die oorsprong en die eienskappe van die kerk vra;
- die ekklesiologie vanuit prakties-teologiese perspektief nadink oor die heilsbemiddeling nadat die dogmatiek oor die heil besin het; en
- die ekklesiologie vanuit prakties-teologiese perspektief besin oor die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie - nadat die dogmatiek besin het oor die evangelie - sonder dat die een die ander oorneem en sonder dat die een deur die ander toegepas word.

1.3.2.1.2 Ekklesiologie vanuit prakties-teologiese perspektief

Bisschoff (1991:58-62), sowel as Hendriks (1992:85-86), Van der Ven (1993:82), Dingemans (1996:22-23), Heitink (1999:274-291) en Burger (2001b:75-76) bring ekklesiologie in direkte verband met gemeentebou. Terwyl Burger en Van der Ven hierdie vakgebied die mees basiese uitgangspunt wil maak vir praktiese teologie, is Bisschoff en Heitink se standpunte meer gereserveerd. Dit is veral Heitink (1999:244-309) wat sterk onderskei tussen 'n *antropologiese*, *ekklesiologiese* en 'n *diakoniologiese* element in praktiese teologie. Gemeentebou skakel in by die ekklesiologiese element (Heitink, 1999:285).

Bogenoemde teoloë word gesteun deur Schwarz & Schwarz (1987:27-52), Herbst (1988:76-103), Te Velde (1989:12), Louw (1990:220) Pieterse (1991:36) en Breytenbach & Pieterse (1992:101-112) in die standpunt dat daar 'n dringende behoefte bestaan om die ekklesiologie vanuit prakties-teologiese perspektief te verstaan. Hierdie noodsaak van die ekklesiologie vanuit prakties-teologiese perspektief word treffend geïllustreer deur die volgende stelling van Louw (1990:220): "Daar kan baie redes wees waarom gemeentebouprogramme misluk. Een van die belangrikste redes is egter dat lidmate en ampsdraers met 'n opvatting oor die kerk en amp sit wat dikwels sterker tradisioneel is as wat dit Skriftuurlik is."

Wanneer gevra word waarom hierdie vertrekpunt van 'n ekklesiologie vanuit prakties-teologiese perspektief belangrik is, is Bisschoff (1991:62) se motiverings belangrik, naamlik:

- Dit help met die formulering en toetsing van teorieë vir gemeentewees en funksionering op die terrein van gemeentebou, homiletiek, pastoraat ens.
- Dit gee 'n duidelike uitsig op die gemeente, naamlik wat die doel van die gemeente is vanuit sy wese.

- In die dogmatiek word in breë terme gepraat oor die kerk. Die praktiese teologie praat in spesifieke terme oor die gemeente as die gemeente in 'n bepaalde konteks.
- Dit is noodsaaklik om 'n ideaal vir 'n spesifieke gemeente uit te spel in terme van 'n bedieningsfilosofie. 'n Ekklesiologie vanuit 'n prakties-teologiese perspektief maak so 'n ideaal (visie) gemeentegerig in plaas van kerkgerig.
- Omdat gemeentebou gemeentegerig is, met 'n spesifieke gemeente voor oë, vra dit na gemeentebeskrywing en -nadenke binne die prakties-teologiese veld, die veld waarbinne gemeentebou tuishoort.

Daar is egter 'n tweeledige verskil in die vertrekpunt van teoloë om te kom tot 'n prakties-teologiese ekklesiologie (Smit, 1997:37-38). Die een groep neem hulle vertrekpunt in die normatiewe beskouing van die kerk op 'n gekose Bybelse metafoor (Dulles, 1974:126-127; Vorster, 1996:129; Neighbour, 1990:95; Hendriks, 1992:85-86 en Pieterse, 1993:71-79). Die metafoor word tot 'n model omgebou en prakties toegepas. Pieterse (1993:159) sê dat dit belangrik is om 'n keuse te maak vir 'n model wat binne die konteks die beste ruimte bied vir optimale funksionering van die gemeente.

'n Volgende groep teoloë, Bisschoff (1991:12-19), Van der Ven (1993:82), Nel (1994:15), Dingemans (1996:22-23) en Burger (2001b:75-76), verkies 'n empiriese benadering en neem as vertrekpunt die funksies en eienskappe van die kerk vir die praktiese beskouing van kerkwees. Die eienskappe van die kerk word omskep tot 'n ekklesiologiese teorie.

Die benaderings hoef mekaar nie noodwendig uit te sluit nie, maar funksioneer in verskeie opsigte aanvullend tot mekaar. Die normatiewe benadering kom veral aan die orde in die vraag na die legitimiteit van die gemeente en die empiriese benadering in die vraag na die effektiwiteit.

Die taak van 'n prakties-teologiese, ekklesiologiese ondersoek, kan soos volg saamgevat word:

- Prakties-teologiese ekklesiologie fokus op werklike gemeentes. Die vraag hoe werklike gemeentes gehelp kan word om in die praktyk nader aan 'n Bybelse visie van die gemeente te beweeg, is die eiendomlike vraag van 'n prakties-teologiese ekklesiologie (Burger, 1999:19-22).

- 'n Prakties-teologiese ekklesiologie moet sistematies aandag gee aan die funksionering van die kerk (Heitink, 1999:276 en Burger, 1999:20). Firet stel in dié verband die term *ecclesiastics* voor om te verwys na die funksionering van die kerk ten opsigte van sy organisasie, regering en die daaglikse lewe in verhouding tot sy essensie en bestemming (1980:589).

- Om die kerk te verstaan as sosiale manifestasie van die Christelike geloof, lei tot 'n sentrale konsep in 'n Bybels-teologiese ekklesiologie (Heitink, 1999:277). Hierdie konsep is volgens Heitink *koinonia*. Hy verstaan *koinonia* dan in 'n normatiewe sin, wat hom daarin onderskei van die ander sleutelkonsepte (*marturia*, *diakonia* en *leitourgia*) dat *koinonia* "transcends, permeates, and connects these three" (Heitink, 1999:278).

- 'n Prakties-teologiese ekklesiologie wil nie net krities en analities na die foute en sondes van die kerk kyk, soos wat dit die profetiese taak van die dogmatiek is nie, maar wil konstruktief na die probleme kyk en die weg baan tot reformasie in die kerk (Burger, 1999:20).

- Binne 'n prakties-teologiese ekklesiologie behoort daar goeie geleentheid te wees om te leer uit relevante bevindings en teorieë van die sosiale wetenskappe (Burger, 1999:22). In hierdie integrasieproses is dit van wesenlike belang dat die wese van die kerk reg verstaan moet word. Van Gelder (2000: 23,24) wys daarom daarop dat die kerk nie net "funksioneel"

> gedefinieer mag word nie. Wanneer dit gebeur word uit die oog verloor dat die kerk 'n unieke gemeenskap is (vgl. die *koinonia*-gedagte by Heitink) wat deur God geskep is. Word die kerk net as "organisatoriese" werklikheid beskou, verskuif dit die fokus van die kerk as geestelike (spirituele) werklikheid na dié van 'n sosiale gemeenskap. Hierdie handeling van 'n prakties-teologiese ekklesiologie moet versigtig hanteer word, want, sê Van Gelder (2000:24): "Use of the social sciences must be kept in perspective within a theological framework and must be placed in relationship to God's redemptive presence in the church."

Bogenoemde maak dit duidelik dat 'n prakties-teologies ekklesiologiese teorievorming alleen tot sy volle reg kan kom indien dit gebou is op die korrekte beskouing van die wese en roeping van die kerk en terselfdertyd aanpasbaar genoeg is vir die ontwikkeling van korrekte teorieë en metodologieë vir die funksionering van die kerk binne sy (veranderende) konteks.

'n Hermeneutiese vertrekpunt word vereis ten einde te kom tot die regte beskouing van die wese en roeping van die kerk. Kontekstuele verklaring is belangrik en kan gedoen word by wyse van 'n empiriese studie, wat op 'n strategie kan uitloop. Dit behels dat die praxis van 'n gemeente onderwerp moet word aan 'n teorie oor die funksionering van die hele gemeente binne 'n bepaalde samelewing en in 'n bepaalde kultuur (of kulture).

Wat is 'n gemeente veronderstel om te doen en hoe behoort hy te funksioneer om homself te verstaan? Wat behoort voorts die rol en funksies van gemeentelede en leiers in die gemeente te wees? 'n Prakties-teologiese teorie moet die onderskeie aspekte in 'n kreatiewe en gefundeerde sintese integreer.

Dingemans (1996:217-223) onderskei ses spanningsvelde wat in so 'n integrasieproses behulpsaam kan wees:

- Die algemene spanning tussen evangelie en kultuur, wat ook die spanning tussen evangelie en kerk impliseer. Die evangelie word in verskillende kulture en situasies vervorm en dikwels van ander betekenisinhoude voorsien. Die kerk moet krities vanuit die Woord met hierdie enkulturaliseringsproses omgaan. Dit is belangrik om die evangelie in die taal van die kultuur (hetsy mono- of multikultureel) te vertaal sonder om ontrou aan die tydlose betekenis van die evangelie te wees.

- Die spanning tussen die dinamiese beweging van die Heilige Gees en die feitelikheid van die kerklike organisasie wat hierdie beweging probeer kanaliseer. Dit word ook die voortdurende konflik tussen institusionalisering en deïnstitusionalisering genoem.

- Die spanning tussen eenheid en verskeidenheid. Eenheid moet verskeidenheid kan insluit.

- Die spanning tussen individu en gemeenskap. Die kerk kan nie voorskryf hoe en wat geglo moet word nie. Persoonlike geloof moet bedien en begelei word.

- Die verbondsgefundeerde spanning tussen geborgenheid en opdrag. God bied sy genade, liefde en hulp aan en tegelyk vra hy trou en diensbaarheid aan mens en samelewing.

- Die spanning tussen gemeentelede en leiding. Die spanning het te doen met die gesag van sinodebesluite op plaaslike kerke asook met hoe die plaaslike kerk hom verantwoord oor die gesag van Christus.

Dingemans se argumente kom deurgaans neer op die erkenning van die plaaslike gemeente as 'n konteksgebonde entiteit met 'n eie geskiedenis en situasie. Deur ekklesiologie diensbaar te maak aan 'n tipologiese benadering (deur 'n algemeen

geldende model vir alle kerke te skep), word die empiriese gegewens nie verreken nie.

Dit blyk dus baie belangrik te wees om te kyk na 'n oorhoofse en omvattende werkswyse (kontekstueel en holisties) wat die totale vakgebied (praktiese teologie) noop om te besin oor metodologie en 'n oorhoofse en omvattende prakties-teologiese motief as vertrekpunt.

1.3.2.2 Konklusies

- Die noodsaak van 'n prakties-teologiese perspektief op die kerk is dus nie te betwyfel nie. Die risiko wat geloop word is om die prakties-teologiese besinning oor die kerk te verskraal tot bepaalde ekklesiologiese aspekte of modelle - en daaruit 'n algemeen geldende model vir die hele liggaam af te lei. Elke plaaslike gemeente moet as 'n konteksgebonde entiteit verstaan word met 'n eie geskiedenis, situasie en moontlike unieke opdrag van die Here. Deur ekklesiologie diensbaar te maak aan 'n tipologiese benadering, word hierdie empiriese gegewens nie verreken nie.

- Dit gaan nie in 'n prakties-teologiese ekklesiologie oor die moontlikhede om aan die bedieninge van die kerk 'n nuwe fokus te gee of om bestaande strukture te analiseer en te vernuwe nie. Die mees basiese saak in die besinning oor 'n prakties-teologiese ekklesiologie handel oor hoe daar gedink word oor die kerk. Die kritiese vraag is: Wat is die kerk? Om hierdie vraag te antwoord moet ons verstaan dat die kerk uniek is en dat hierdie unieke karakter die vrug van die werking van God se Gees in hierdie wêreld is. Wanneer hierdie unieke karakter verstaan word, sal dit die nodige perspektiewe verskaf om die bedienings en organisasie (strategieë) van die kerk in plek te kry.

- Hierdie besinning beklemtoon die behoefte aan 'n oorhoofse en omvattende werkswyse.

In die volgende afdeling gaan verder ondersoek gedoen word en aangetoon word dat hierdie oorhoofse en omvattende werkswyse in praktiese teologie deel is van gemeentebou as subdissipline.

1.3.3 Gemeentebou as subdissipline

Besinning oor gemeentebou as subdissipline in praktiese teologie is belangrik omdat die vak hom besig hou met "die wese, doel en funksionering" (Nel, 1994:11) van gemeentes. Vir dié doel moet gemeentebou hom voortdurend ten opsigte van ekklesiologie oriënteer. Hierdie oriëntering ten opsigte van die kerk in sy trinitariese oorsprong is vir die verstaan van die begrip *gemeentebou* baie belangrik. Die bediening raak die opbou van die gemeente, wat die Vader op grond van Christus se versoeningswerk en deur die Heilige Gees tot stand gebring het. Vir die doel van hierdie studie word direk aangesluit by wat Nel as werksformule en definisie vir gemeentebou voorhou (Nel, 1994:13,14).

Die werksformule vir gemeentebou is:

- Die Vader, Seun en Heilige Gees bou die gemeente en doen dit deur die diens van mense.
- God bou sy gemeente omdat Hy déúr die gemeente die koms van sy Koninkryk in hierdie wêreld laat plaasvind.
- Die bestaansdoel van die gemeente is sentraal belangrik.
- Die empiriese gemeente van 'n bepaalde plek en tyd moet begelei word om te word wat hulle reeds in Christus en deur die Gees ís. Die kloof tussen gedefinieerde en empiriese subjek moet vernou en oorbrug word.
- Die totale gemeente in sy wese, bestaan, funksionering en strukturering is ter sprake. Omvattende en voortdurende vernuwing is en bly noodsaaklik.

Die definisie vir gemeentebou is as volg:

Gemeentebou is die bediening waarbinne die gemeente opgelei en begelei word om:

- sy eie wese en bestaansdoel te verstaan;
- self, as gemotiveerde gemeente, sy eie funksionering te evalueer, doelwitte vir sy funksievervulling te formuleer en op beplande wyse te bereik; en
- self, soos nodig, op 'n voortgaande basis, strukture wat die heilshandelinge van die drie-enige God in kerk en wêreld dien, vir die gemeentelike funksionering te ontwikkel (Nel, 1994:13,14).

Wat is dan die doelwitte van gemeentebou? In die lig van die prakties-teologiese ekklesiologie, wat reeds bespreek is, moet die doel van gemeentebou as omvattend gesien word. Dit impliseer nie dat gemeentebou al die dissiplines in praktiese teologie wil oorneem nie. Hendriks, Breytenbach & Pieterse, sowel as Nel, formuleer die doelwitte van gemeentebou vanuit verskillende hoeke. Al drie die formulerings word hier weergegee, omdat hulle aanvullend en nie weersprekend van mekaar is nie en sodoende 'n duidelike geheelbeeld weergee van wat die doel in gemeentebou is.

Hendriks (1992:85) sê gemeentebou het ten doel:

- die kwantitatiewe en kwalitatiewe opbou (dit is: geestelike groei tot volwassenheid, die voorkoming van dwaalleer en betrokke raak by die missio Dei) van die ekklesia;
- die realisering van die eenheid van die liggaam van Christus;
- die blywende visie op die eskatologiese hoop van die ekklesia;
- die daarstelling van die ekklesia as 'n voorlopige gestalte van die koninkryk van God;
- die verheerliking van God; en

- die bestudering van die teorie en praktyk van die opbou van die gemeente om die ekklesia as liggaam van Christus in sy geheel en in sy dele te laat funksioneer.

Breytenbach & Pieterse (1992:106-111) formuleer die doelwitte vir gemeentebou op grond van die wesenlike funksies (of bedienings) van die kerk, naamlik: *kerugma*, *leitourgia*, *koinonia* en *diakonia*. Die doelwitte is dan:

- Kommunikatiewe gemeentes, omdat die gemeente funksioneer as 'n kommunikatiewe geloofsgemeenskap.
- Ontmoeting met God as kommunikatiewe geloofshandeling.
- Verandering en verbetering van die Christelike handelinge in die kerk en wêreld. Mense se lewens moet verander om te wees wat hulle in Christus ís.
- Opbou en uitbou (bewaring en vermeerdering) as 'n gelyke en gelyktydige opdrag aan die gemeente.
- Verheerliking van God, wat gestalte vind in die lees van die Woord, viering, diens, mededeling aan en gemeenskap met gelowiges.

Deur die voorafgaande doelwitte word die kerk volgens Breytenbach & Pieterse gelei tot "geestelike volwassenheid". Om al bogenoemde doelwitte te verwesenlik, moet die gemeente Woordgerig werk en lewe.

Nel (1994:21-94) werk drie teologiese perspektiewe uit, wat die doel van gemeentebou uitbeeld:

- Kommunikasie van die evangelie word as basis van die bestaansdoel uitgebou, omdat:
  - God na die kerk en wêreld kom deur sy Woord;
  - die kerk altyd gesien moet word in perspektief van die koninkryk;
  - die gemeente die kommunikasiesisteem, -sentrum en -netwerk van God se handelinge is; en

- die kerk bevoorreg is om aan die aktiwiteite van dié God (missio Dei) deel te neem.

- Diens aan God en mens is die basis van die bestaansdoel van die kerk. Hierdie diens vind plaas:
  - in navolging van Christus, omdat die diens van Christus die weg is waarlangs God die koninkryk laat kom het en
  - deur die diens van leierskap, omdat gemeentebou geskied onder leiding en opleiding van diensleiers.

- Onderrig om toerusting te kan gee in alle kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie, sodat elke gelowige ware dissipels van Christus kan wees.



Figuur 2: Gemeente en gemeentebou (Nel, 1994:27)

Samevatting

In die lig van bogenoemde werksformule, definisie en doelwitte vir gemeentebou, kan gesê word dat gemeentebou gevestig moet word as wetenskap-teoretiese uitgangspunt vir die oorhoofse realisering van 'n ekklesiologie vanuit 'n praktiese-teologiese perspektief. Dit gaan immers in gemeentebou, ten opsigte van die verhouding tussen ekklesiologie en gemeentebou, oor die realisering van die verskeidenheid te midde van die eenheid. Wanneer Gemeentebou as praktiese-teologiese deelvak geëien word, word die vak verstaan as die oorhoofse teorie vir die bemiddeling van die Christelike geloof deur die kerk, in die wêreld en die lewe van individue. Gemeentebou is eerder 'n integrasiepunt waarbinne elke deelgebied konsentreer op die wese van die kerk, en op realisering hiervan in die lewe van gelowiges en die samelewing.

Die rol van gemeentebou is derhalwe om die onderskeie aandagsvelde saam te bind aan die bemiddeling van die Christelike geloof, in die kerk en in "konfrontasie" met die wêreld. Die einddoel daarvan is om die plaaslike gemeente te begelei om missionêr na die wêreld uit te reik, ten einde die kommunikasie van God se reddingsplan relevant hoorbaar te maak.

1.3.3.1 Gemeentebou as missionêre bediening met 'n missionêre ekklesiologie as vertrekpunt

Gemeentebou moet die regte invalshoek hê om wetenskaplik 'n bydrae te maak tot die opbou van die kerk. In die voorafgaande definisie (dié van Nel) is die invalshoek geformuleer, naamlik dat die kerk "sy eie wese en bestaansdoel kan verstaan". Dit is noodsaaklik om die hooflyne van hierdie invalshoek te trek om sodoende te kom by die formulering van 'n missionêre ekklesiologie in praktiese teologie.

Die wesenskenmerk van die kerk, vanuit 'n prakties-teologiese ekklesiologie, bepaal die doel van gemeentebou. Wat is die roeping en die doel van die kerk vanuit 'n Skriftuurlike en 'n kontekstuele oogpunt? Die plaaslike gemeente het volgens die voorafgaande studie geen ander identiteit as 'n kontekstuele identiteit nie. Daar is nie 'n ander kerk as die empiriese kerk nie. Die kerk het geen ander doel as roepingsvervulling nie (Nel, 1994:29). Om die wesenskenmerk van die kerk vanuit 'n prakties-teologiese hoek te bepaal, word vervolgens aangetoon hoekom gemeentebou as subdissipline 'n missionêre bediening is - ten einde sodoende die roeping van die kerk en die konteks van ware kerkwees te verstaan.

1.3.3.1.1 Roepingsvervulling is 'n beweging van missio Dei *tot missiones ecclesiae*

Die vervulling van die kerk se roeping is begrond in die *missio Dei*. Bosch (1991:392) vat die roeping soos volg saam: "Mission is, primarily and ultimately, the word of the triune God, Creator, Redeemer, and Sanctifier, for the sake of the world, a ministry in which the church is privileged to participate. Mission has its origin in the heart of God. God is a fountain of sending love. This is the deepest source of mission. It is impossible tot penetrate still; there is mission because God loves people."

Omdat die uitvoer van die missionêre roeping van die kerk verstaan moet word as 'n natuurlike handeling van God, moet dit nie ekklesiologies of selfs soteriologies gesien word nie, maar Trinitaries (Bosch, 1991:372). God die Vader wat die Seun stuur, en God die Vader en Seun wat die Heilige Gees stuur, het tot gevolg gehad dat God die Vader, Seun en Heilige Gees die kerk in die wêreld gestuur het. Sending (in watter vorm ookal) is in die eerste plek nie 'n aktiwiteit van die kerk nie, maar 'n eienskap van God.

Moltmann sê (aangehaal deur Bosch, 1991:372): "It is not the church that has a mission of salvation to fulfill in the world; it is the mission of the Son and the Spirit through the Father that includes the church".

Die vertrekpunt in die roepingsbepaling is die *missio Dei*, maar God betrek die kerk in die uitvoering van sy sending in die wêreld en daarom kan die kerk genoem word: ***Missiones Ecclesiae***. Die kerk se missionêre aktiwiteite is alleenlik sinvol in soverre dit deel uitmaak van die *missio Dei*. Die primêre doel van die *missiones ecclesiae* kan daarom nie net wees om kerke te plant of siele te red nie. Die kerk moet diensbaar wees aan die *missio Dei*, deur God te verteenwoordig in die wêreld en God se kinders aan die wêreld te vertoon as 'n onbeperkte verskyning van God ín die wêreld. In die kerk se sending is hy getuie van die volheid van dít wat God beloof het en deel hy in God se stryd teen die magte van die duisternis en boosheid.

Daarom is dit belangrik dat die kerk homself reg moet posisioneer om te kan beantwoord aan hierdie opdrag. Hy moet sy roeping as liggaam van Christus kan uitleef. Dit kan hy doen as hy homself sien as die draer van God se missie. Die kragtigste vernuwing, opbou en skep van nuwe moontlikhede in die kerk kan bemiddel word deur missionêre vernuwing, omdat dit altyd te doen het met die wese van die kerk se roeping. Omdat God 'n missionêre God is (soos aangedui by die *missio Dei*), is sy kerk 'n missionêre kerk. Daar behoort nie gepraat te word van kerk en sending nie, maar van die sending van die kerk.

Dit beteken egter nie dat die kerk altyd en oral behep moet wees en betrokke moet wees in missionêre projekte nie. Newbigin (1958:21) onderskei tussen missionêre intensie en missionêre dimensie. In elke faset van kerkwees en in elke bediening van die kerk moet 'n missionêre dimensie waarneembaar wees, hoewel dit nie noodwendig 'n missionêre intensie hoef te hê nie. So word besoekers by 'n erediens spontaan deur lidmate welkom geheet. Gelowiges is in hulle werkplek doelbewus besig om gesonde verhoudinge te bou omdat hulle missionêr sensitief is

- sonder die intensie om te evangeliseer. Maar wanneer die geleentheid hom voordoen (1 Petrus 3:15) word die evangelie doelbewus verkondig.

Die missionêre kerk is, in die uitvoer van sy opdrag om kerk van Christus te wees, in wese die plaaslike kerk - wat hom oral in die wêreld bevind. Aan die een kant moet die kerk hom sien as die eksklusiewe draer van die boodskap van verlossing en aan die ander kant moet hy homself sien as die illustrasie, in woord en daad, van God se betrokkenheid en sy liefde vir en in die wêreld (Bosch, 1991:378 en Nel, 1994:11). Waar dié twee fasette nie albei teenwoordig is, veroorsaak dit spanning.

Die twee fasette kom duidelik na vore wanneer gekyk word na die aard van die kerk se getuienis. As Christus se getroue evangelis is die kerk geroep om die nuwe werklikheid wat in Christus aangebreek het, te demonstreer. Dít doen die kerk deur die liefde van sy lidmate vir mekaar, die kwaliteit van sy gemeenskapslewe, die deelname aan God se handelinge in die wêreld deur vir ander mense daar te wees. Die gemeente het teologies geen ander identiteit as 'n missionêre een nie (Nel, 1993:3 en 2001:1) Die gemeente het ook nie net 'n missionêre perspektief nie, maar is in sy wese 'n missionêre organisme (Nel, 2001:1; 1994:10 en Gibbs, 2000:55). Dat die missionêre roeping 'n integrale deel is van die opbou van die gemeente, word onderskryf deur talle teoloë, waaronder Schwarz & Schwarz (1987:78-114); Herbst (1988:49-52); Callahan (1990:13); Van Engen (1991:35, 36) en Te Velde (1992:28).

Herbst (1988:50) omskryf hierdie roepingsvervulling as reformerend van aard as hy sê dat die missionêre vervulling na buite, wat nie tegelyk die interne verandering en vernuwing van die gemeente insluit nie, kragteloos sal bly. In dieselfde asem is gemeentebou sonder missionêre dimensie tot steriliteit gedoem. Wanneer die missionêre roeping as vertrekpunt erken word, voldoen die gemeente aan sy Goddelike roeping. Die gemeente behoort die versamelplek om God se volk en 'n werktuig van God se heilshandelinge te wees.

Callahan (1983:1-9 en 1990:23, 90) plaas die kerk van vandag, wat sy taak en roeping aanbetref, terug in die eerste eeu as hy sê: "The day of the professional minister is over. The day of the missionary pastor has come" en " ... the church is called to mission for the integrity of mission and not for the sake of church growth ... the fundamental category for this time is mission, not church. What we need is mission growth."

Van Engen (1991:30) sê van die kerk se identiteit:

> "We cannot understand mission without viewing the nature of the Church, and we cannot understand the Church without looking at its mission. As Newbigin has said, just as we must insist that a Church which has ceased to be a mission has lost the essential character of a Church, so we must also say that a mission which is not at the same time truly a Church is not a true expression of the devine apostolate. An unchurchly mission is as much a monstrosity as an unmissionary church".

Samevatting

Om dié rede is dit belangrik dat die kerk weer moet herbesin oor sy wese, sy verhouding tot die wêreld moet herformuleer en sy deelname aan God se sending in die wêreld hervorm. Dit word gedoen deur in gemeentebou 'n missionêre ekklesiologie as vertrekpunt te neem.

1.3.3.1.2 Die kerk se roepingsvervulling is altyd kontekstueel

Die kerk vervul sy roeping binne 'n gegewe konteks, daarom is kontekstualiteit net so belangrik vir die verstaan van die wese van die *missiones ecclesiae*. Die soeke

na identiteit vind altyd kontekstueel plaas. Die gemeente is eksistensieel tot kontekstualiteit verbind. Dit beteken dat die missionêre wese van die gemeente verstaan moet word in terme van kontekstuele en kulturele relevansie (Nel, 2001:4). Die kritiese missionêre vraag is na die verskil wat 'n gemeente in enige gegewe konteks maak. Die *missiones ecclesiae* behels juis spesifieke maniere waarop die gemeente kontekstueel deelneem aan die *missio Dei.* 'n Kontekstuele ekklesiologie vind in 'n holistiese (omvattende) benadering uitdrukking (Hendriks, 1994:186-189).

Die gemeente is dus nie by die missionêre, as nog 'n bediening, betrokke nie. Die gemeente is in wese die missionêre agent van God, maar ook in en deur alles wat hy doen. Die missionêre kerk is, in die uitvoer van sy opdrag om kerk van Christus te wees, in wese die plaaslike kerk - wat hom oral in die wêreld bevind (Hendriks, 1994:186-189).

Gemeentebou se rol as missionêre bediening kan omskryf word as die vestiging van 'n verdiepende, lewende en groeiende ontmoeting met 'n voller, meer toegewyde, getuiende lewenswyse voor die Heilige God. Enersyds gaan dit in gemeentebou om gelowiges en geloofsgemeenskappe op 'n weg van toenemende geloofsgroei te plaas en andersyds om diegene wat buite die geloofskring staan, na binne te nooi en met hulle die goeie nuus van hulle verlossing in Christus te deel. Gemeentebou is nie gerig op instandhouding of strukturele nuwighede nie, maar is 'n dinamiese bediening wat die verlossing en heiligmaking van mense in hulle verhouding tot God en mekaar, voor oë hou (Smit, 1997:55).

Samevatting

Met 'n missionêre ekklesiologie as vertrekpunt, kan dit nie anders as dat die konteks waarbinne die kerk hom bevind as uiters belangrik beskou moet word nie. Wanneer dit 'n multikulturele konteks is, moet dit verdiskonteer word. Dít kan

gedoen word deur gerigte navorsing in praktiese teologie in gemeentebou, met 'n missionêre ekklesiologie as vertrekpunt.

1.3.3.2 Konklusies

- Die vertrekpunt in gemeentebou is die *missio Dei* se handelinge met die *missiones ecclesiae.* Gemeentebou se vertrekpunt is daarom 'n missionêre ekklesiologie.

- 'n Missionêre ekklesiologie omskryf drie dinge, naamlik wat die kerk is (sy wese), wat die kerk doen (sy bedienings binne 'n empiriese werklikheid) en hoe om die bedienings van die kerk in aksie te stel deur middel van strategieë. Die wese van die kerk is gebaseer op God se teenwoordigheid deur sy Gees. Die bedienings van die kerk vloei voort uit sy wese. Die strategie stel die bedienings in aksie. Wat die kerk van homself glo en bely, fokus sy identiteit en gee koers en rigting aan die funksionering van al sy bedienings binne 'n bepaalde konteks (praxis).

- Met 'n missionêre ekklesiologie as vertrekpunt, kan dit nie anders as dat die konteks waarbinne die kerk hom bevind (praxis) as veld van ondersoek geneem moet word nie. Wanneer dit 'n multikulturele konteks is, moet dit verdiskonteer word. Dít kan gedoen word deur gerigte navorsing in praktiese teologie in gemeentebou, met 'n missionêre ekklesiologie as vertrekpunt.

- Missiologie en ekklesiologie is onafskeidbaar van mekaar binne 'n praktiese-teologiese raamwerk. Diegene wat dit misken, beleef die kerk buite sy koninkryksverband en verval in een van twee uiterstes: Óf die kerk word selfstandig (in institusionele terme) gesien en die missionêre roeping as bykomstig, óf die missionêre roeping word verabsoluteer tot 'n wen van siele

en die kerk word gesien as vrug van die missionêre roeping daarvan. Wanneer die kerk verstaan word as missionêr in wese, is dit moontlik om holisties na die kerk te kyk en 'n suiwer missionêre ekklesiologie te omskryf.

1.3.4 Metode van 'n kommunikatiewe handelingsteorie in praktiese teologie

Hierdie studie neem in hoofsaak Heitink (1999, 104-239) se prakties-teologiese metodiek as vertrekpunt (Heitink, Pieterse & Vos, 2000: 56).

Praktiese teologie as die studie van kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie, bevat drie elemente. Elk van hierdie elemente het te make met die wyse waarop praktiese teologie kennis versamel en in 'n geïntegreerde teorie aanwend. Die elemente is die *poging om te begryp* ('verstaan') (hermeneutiese perspektief), die *poging om te verklaar* (empiriese perspektief) en die *poging om te verander* (strategiese perspektief).



Figuur 3: Die metodologie van praktiese teologie (Heitink, 1999:165)

In die bogenoemde skets word die unieke karakter van prakties-teologiese metodiek geïllustreer. Die hermeneutiese sirkel as interpretasieteorie is tipies van die menswetenskappe. Die empiriese sirkel as toetssirkel is tipies van die natuurwetenskappe en die regulatiewe sirkel is tiperend van die metodologie in praktiese denke.

Heitink (1999:166) dui elkeen van die perspektiewe se betekenis vir praktiese teologie soos volg aan: "The strategic perspective takes first place in die education and training of pastors and in pastoral praxis. The hermeneutical perspective relates to practical theology in general. The empirical perspective is the point of departure for practical-theological research."

Voorts voer hy ook aan dat die volgende aspekte belangrik is in die ontwikkeling van 'n prakties-teologiese teorie (Heitink, 1999:166):

- 'n Nuwe element wat na vore kom in Ricoeur se model (Heitink, 1999:166) is dat die hermeneutiese en empiriese elemente onafskeidbaar van mekaar is (vroeër is dit bevraagteken of hulle saamhoort).

- Hierdie model maak dit moontlik om te onderskei tussen bemiddelende handeling as direkte objek van praktiese teologie en sosiaal-kommunikatiewe handelinge.

- Die interafhanklikheid van die hermeneutiese, strategiese en empiriese perspektiewe word bepaald duidelik in studies oor pastorale handelinge. Die proses van verandering het hermeneutiese implikasies en moet gestuur word deur 'n empiriese navorsing.

- Die model werp ook lig op die hermeneutiese modelle wat deur Zerfass (Heitink, 1999:167) en ander ontwikkel is.

- Die model helder die kritiese aspekte op van ons handelinge in verhouding tot die hermeneutiese en empiriese aspekte. Die sensitiewe verhouding tussen teorie en praxis word sodoende deeglik getoets.

Die aard van die verbinding van die hermeneutiese, empiriese en strategiese perspektiewe in die praktiese teologie, is bepalend vir die vraag of die navorser hom besig hou met praktiese teologie (Heitink, Pieterse & Vos, 2000:56). In die handelingsondersoek gaan dit immers om die vasstelling van 'n bepaalde praktyk wat dien as verbetering van die konkrete praxis. Om daarby uit te kom, moet die strategiese perspektief van die begin af deel van die vraagstelling wees. Dit beteken dat beskrywing en verklaring alleen nie 'n prakties-teologiese ondersoek kan behels nie. Die empiriese ondersoek bly binne die grense van 'n sosiaal-wetenskaplike ondersoek. Vir 'n prakties-teologiese ondersoek is twee dinge meer belangrik, naamlik " ... een hermeneutisch-interpretatief theoretisch kader, waarbinnen de normatieve vragen functioneren en een gerichtheid op het mediale handelen, handelen dat menselijk of godsdienstig handelen bevordert. Dat is het strategisch perspektief ... " (Heitink, Pieterse & Vos, 2000:56).

Die onderskeidende karaktereienskappe van elk van die perspektiewe kan nou nader aangedui word.

1.3.4.1 Hermeneutiese komponent

Die eerste fase van hierdie studie sal toegespits word op die hermeneutiese perspektief op (die begrip van) die ware identiteit van die kerk.



Figuur 4: Die hermeneutiese perspektief (Heitink, 1999:178)

Die hermeneutiese perspektief verbind die vraag *wie doen wat?* aan die *waarom?* en *waaroor?* van wetenskaplike nadenke (Heitink, 1999:179). Die bedoeling en motivering van 'n bepaalde handeling word sodoende blootgelê. Voordat jy 'n handeling kan verstaan, moet jy weet *wat* mense motiveer en *waarom* hulle op 'n spesifieke manier doen wat hulle doen. Dit stel jou in staat om te beweeg van die beskouing ('verstaan') daarvan na die verklaring en dan tot verandering.

Die begrip hermeneutiek is méér as 'n blote teorie van interpretasie, waar die Bybelteks en uitlegmetode die enigste ondersoekvelde vorm. Die term hermeneutiek dui in omvattende sin op die begrip van en insig in die historiese konteks van die Bybelteks (die wêreld agter die teks), die sosiaal-kulturele en godsdienstige kontekste van die Bybelteks (die wêreld rondom die Bybelteks), die inter- en intratekstuele kontekste van die Bybelteks, die verskillende metodes om die teks te verklaar, die verklaarder van die teks (sy godsdienstige, sosiaal-kulturele, politieke en ekonomiese opvattings) en die wêreld voor die teks (die hoorder en leefwêreld). Dít maak die hermeneutiese sirkel belangrik. In die

hermeneutiese proses is sekere vrae nodig waarop 'n bepaalde teks moet antwoord, terwyl in ag geneem moet word dat die geheel nooit sonder die dele verstaan kan word nie en andersom (Heitink, 1999:179). Die hermeneutiese proses kan nog nader omskryf word as die refleksie op die proses van die koms van God in sy Woord na die mens en sy/haar situasie, waarin drie momente onderskei kan word: die beskouing daarvan (*'verstaan'*), die verstaanbaarmaking daarvan (*verklaring*) en die 'tot-verstaan-kom' (*toe-eiening*) (Vos, 1996:12).

Hermeneutiek, as "die teorie van interpretasie", het 'n tweevoudige taak: dit bestudeer die basiese beginsels van begrip/insig en formuleer die reëls vir aktuele interpretasie. In latere ontwikkeling is hermeneutiek uitgebrei om ongeskrewe verskynsels soos lewensuitdrukkings, gesproke woorde, gebare, handelinge en historiese en sosiale verskynsels in te sluit (Heitink, 1999:179).

Heitink (1999:193) formuleer sy prakties-teologiese teorie van interpretasie as die vraag na bemiddeling tussen tradisie en ervaring. Hoe kan die woorde van die Bybel, wat betekenis gehad het vir mense in die konteks van die verlede, in vandag se konteks dieselfde troos en bevryding hê en netso dien as bron van inspirasie tot handeling? Hoe kan die proses van begripsverwerwing deur bemiddeling tot betekenis, verandering en vernuwing lei?

Die hermeneutiese sirkel kan soos volg omskryf word:

Voorbeskouing/-insig > waarneming/ervaring > interpretasie/diskoers > singewing > handeling

Vanuit 'n bepaalde voorbeskouing/-insig word 'n waarneming gemaak, via die lesing van 'n teks of via die lesing van 'n nie-kontekstuele element uit die kulturele en maatskaplike konteks. Hierdie waarneming word deur iemand in 'n ervaring omskep, wat neerslag vind in die spesifieke interpretasie van 'n stukkie werklikheid. Dit wat geïnternaliseer is, word in omgang met ander deel van 'n groter geheel en

wanneer dit gebeur, word die nuwe insigte getoets. Hierdie leerervaring gee nuwe betekenis, wat geïntegreer word in nuwe norme en waardes (Heitink, 1999:197).

Die hermeneutiese komponent verteenwoordig die fase van teologiese aktiwiteit en ondersoekende kreatiwiteit van die praktiese teoloog. Dít is die tyd wanneer die navorser vanuit eie voorveronderstellings en probleemstellings na die Skrif gaan en indringend vrae aan die geopenbaarde waarheid stel. Hierdie vrae het te make met die geldigheid van voorveronderstellings, die antwoord van die Bybel daarop en die insigte wat uit die sosiale konteks van die Bybel (dié van die Bybelskrywers en eerste lesers) verkry kan word (Smit, 1997:22).

'n Ou kritiekpunt op alle hermeneutiese werk is dié van subjektiwiteit. 'n Hermeneutiese begrip van normatiwiteit binne praktiese teologie lei tot 'n relasionele waarheidsbegrip en tot beantwoording van die waarheidsvraag. Hermeneutiek is 'n poging om die kloof tussen tradisie en ervaring te oorbrug. Daarom moet die teoloog sekerhede inbou (Heitink, Pieterse & Vos, 2000:58):

- **Intersubjektiwiteit.** Dit is waar van alle Skrifinterpretasie. Dit gaan oor wat mense in hulle situasie, via die Bybel, van die Woord van God opvang. Intersubjektiwiteit is kenmerkend van die geloofsgesprek deur alle eeue. Alle begrip van die Skrif wat uitmond in dogma, moet op 'n later stadium weer teruggevoer word na die vlak van ervaring.

- **Om versigtig te wees vir 'n ligvaardige korrelasieteologie.** Die boodskap van die evangelie is altyd bevryding, maar alle bevryding is nie evangelie nie. Elke geloofsuitspraak is 100 persent teologies, maar ook 100 persent psigologies. Daar is nooit 'n verdeling van persentasie nie. Wanneer dit gaan oor persoonlike, aktuele ervaring, behou teologie en psigologie elkeen sy eie reg.

- 'n Derde sekerheid word ingebou wanneer ons in praktiese teologie ons toelê op die **ontwikkeling van hermeneutiese modelle**, soos bv. die vaderhuismodel (tradisionele), eksodusmodel (moderne) en eksiekmodel (kritiese).

Die belangrikste uitgangspunt van 'n prakties-teologiese-hermeneutiese teorie, is dat dit pneumatologies begrond moet wees (Heitink, Pieterse & Vos, 2000:60; Heitink, 1999:193 en Vos1996:7). Heitink skryf dat die verstaan van die werk van die Heilige Gees bepaalde implikasies vir die handelingsteorie inhou. 'n Kernvraag in die pneumatologie het immers te make met die aard van die handelinge van God en die werk(e) van die mens. In hermeneutiese werk is moed en 'n kritiese vermoë nodig, maar ook vertroue dat die Heilige Gees ons in die waarheid sal lei.

Samevatting

Wanneer die hermeneutiese proses in verband gebring word met die navorsing in prakties-teologiese ekklesiologie, beteken dit dat die Bybel ondersoek moet word om die wese en selfwaarneming van die vroegste geloofsgemeenskappe te begryp, maar die proses is nie voltooi voordat nie ook nagegaan is hoe hierdie selfbeskouing in die loop van tyd in verskillende geloofsgemeenskappe en kulture verder ontwikkel - en moontlik ook verkeerd geïnterpreteer en toegepas - is nie. Dit maak die taak van die praktiese teoloog sinvol, omdat vanaf die nuwe insig en toetsing weer nuwe strategieë ontwikkel kan word om 'n proses van reformasie sodoende te kan stimuleer. Antwoorde vir nuwe kontekste wat ontwikkel word, kan ook só gevind word. Dít kan dan van toepassing gemaak word op 'n konteks waar, deur kulturele transformasie, 'n monokultuur verander in 'n multikulturele kultuur/konteks.

1.3.4.2 Empiriese komponent

Die middelste deel van die navorsing sal gewy word aan die empiriese perspektief. Empiriese navorsing het sedert die empiriese skuif in praktiese teologie van die 1960's, al meer na die voorgrond getree (Heitink, 1999:220). Dié verskuiwing het aan empiriese navorsing 'n sentrale plek binne gedragswetenskappe gegee.



Figuur 5: Die empiriese perspektief (Heitink, 1999:220)

Die empiriese komponent het te make met die wetenskaplike werkswyse waarvolgens navorsing en ondersoek aangepak word. Hierdie komponent verbind die vraag *wie doen wat*? aan die *waar*? en *wanneer*? Alle handelinge is situasioneel. Handelinge vind plaas binne tyd en ruimte en het 'n unieke konteks, bepaal deur verskillende omstandighede en faktore. Distansiëring deur empiriese navorsing maak dit duidelik. Wanneer byvoorbeeld die eenheid tussen beskouing ('verstaan') en verklaring as vertrekpunt geneem word, staan 'n empiriese perspektief nie in opposisie met die hermeneutiese en strategiese nie. In die konteks van 'n teologiese handelingsteorie, het empiriese toetsing te doen met die ontwikkeling van hermeneutiese en strategiese teorieë. Dit is duidelik uit die

toepassing van die empiriese siklus in prakties-teologiese navorsing (Heitink, 1999:220-221).

Die verloop van 'n empiriese ondersoek, kan soos volg daar uitsien: Empiriese ondersoek vind deur distansiëring, objektivering, beskrywing, verkenning en verklaring plaas. Daar is 'n ordelike verloop. Navorsingsdata word volgens 'n vaste sistematiese metode ingesamel. Die navorsingsdata moet deur ander navorsers gevolg en gekontroleer kan word. Vooroordele moet sover moontlik uitgeskakel word en noukeurigheid en geldigheid is van die uiterste belang. Die doel van navorsing is om empiriese gegewens te verstaan en daarom vind veralgemening van bevindinge plaas (Pieterse, 1993:26-27).

Wat die ondersoekmetode betref, gee Heitink (Heitink, Pieterse & Vos, 2000:56) belangrike riglyne. 'n **Kwantitatiewe ondersoek** gee 'n beeld van hoe 'n bepaalde groep mense leef, op grond waarvan verteenwoordigende (hoewel veralgemeende) gevolgtrekkings gemaak kan word. Maar volgens Heitink het hierdie metode bepaalde beperkinge. Die eerste is dat die mense wat ondersoek word, maklik die objek van ondersoek kan wees in plaas van die subjek - omdat vrae wat gevra word nie vrae en sake is wat noodwendig in hulle gemoedere leef nie. In hulle antwoorde kry jy dus nie 'n beeld van diepliggende ervaringe nie. Die tweede beperking is dat dit moeilik is om 'n verteenwoordigende snit te maak van al die bestaande sienings en standpunte. Jy kry maklik 'n vertekende beeld vanuit 'n kwantitatiewe ondersoek.

By 'n **kwalitatiewe ondersoek** het die navorser die geleentheid om deur middel van dieptegesprekke van homself en sy dieptestandpunt rekenskap te gee. By hierdie tipe ondersoek is die mens werklik die subjek van die ondersoek, wat by die kwantitatiewe ondersoek nie die geval is nie.

Van der Ven (1994:29-44) lewer 'n belangrike bydrae tot die metodiek van empiriese navorsing. Sy metode is gegrond op die konsep van intradissiplinêriteit,

waar die praktiese teoloog metodes en konsepte vanuit ander wetenskappe oorneem, dit teologies stempel en bruikbaar maak. Hy werk 'n siklus uit wat bestaan uit vyf hooffases en sowat vyftien subfases. Die hooffases bestaan uit die ontwikkeling van 'n teologiese probleem en doelstelling: teologiese induksie (voorlopige navorsing); teologiese deduksie (sistematisering en konseptualisering van navorsing, asook hipotesestellings en operasionalisering); empiries-teologiese toetsing (die voorlopige navorsing en gesistematiseerde konsepte word na die praktyk geneem en deur middel van wetenskaplike tegnieke en data-analises empiries aan toesing onderwerp) en teologiese evaluasie (die resultate van die empiriese studie word opgesom en verklaar aan die hand van gestelde hipoteses) (Van der Ven, 1994:40-43).

Soortgelyk aan die hermeneutiese komponent, onderskei Heitink (1999:233-235) by die empiriese komponent ook 'n sikliese aard - wat in 'n groot mate ooreenstem met die siklus van Van der Ven - en die volgende behels:

Waarneming - induksie/veronderstelling - deduksie/voorspelling - toetsing - evaluasie

'n Derde moontlikheid is om in die empiriese ondersoek 'n kombinasie van 'n kwantitatiewe- en 'n kwalitatiewe ondersoek toe te pas. Sodoende kan die navorser hom laat lei deur die aard van die ondersoek, deur oorweging te skenk aan watter fasette beter is om met 'n kwalitatiewe vraagwyse te hanteer en watter fasette hulle tot 'n groter mate tot 'n kwalitatiewe ondersoek leen. By die aanpak van die tweede deel (die empiriese faset), sal gemotiveer word waarom hierdie ondersoek ten gunste van 'n kombinasie van die twee ondersoekmoontlikhede kies.

Samevatting

Van belang vir 'n prakties-teologiese ondersoek na 'n missionêre ekklesiologie in gemeentebou, is dat met die empiriese navorsing wat onderneem word, ordelike,

gesistematiseerde en statisties-kontroleerbare gegewens aangaande die onderwerp versamel moet word. Dit impliseer 'n analise van die empiriese konteks van die samelewing, van bruikbare handelingswetenskaplike hulpmiddele en van die gemeente se empiriese situasie met betrekking tot Skrifinterpretasie en konkretisering van die onderwerp van ondersoek.

1.3.4.3 Strategiese komponent

Die derde fase van hierdie studie het te make met die daarstelling van 'n nuwe strategie (verandering). In prakties-teologiese navorsing staan die strategiese perspektief ook bekend as die regulatiewe of agogiese komponent. Praktiese teologie as die teorie van bemiddeling van die Christelike geloof in die praxis van die moderne samelewing, is onvermydelik gerig op verandering deur 'n proses van bestuur en regulering.



Figuur 6: Die strategiese perspektief (Heitink, 1999:201)

Die strategiese perspektief verbind die *wie doen wat?* met die *hoe?* en *waartoe?* (Heitink, 1999:201-219). Dié komponent beskik oor 'n selfstandige wetenskaplike basis. Daar word verwys na die wetenskap van die agologie, oftewel die deskundige begeleiding van veranderingsprosesse. Agologie het 'n belangrike bydrae gelewer tot teorievorming in strategiese handelinge, maar kon nooit tot 'n selfstandige wetenskap ontwikkel nie. Derhalwe moes die agologie teruggryp na die dinamiek van beskouing ('verstaan') en verklaring, wat beide in sigself die krag tot verandering het (Heitink, 1999:205).

Praktiese teologie behoort 'n bemiddelende rol te speel met die oog op die transformasie van die samelewing. Van praktiese teologie word verwag om die ontmoeting tussen Woord en werklikheid te bemiddel. Hierdie bemiddeling vereis 'n worsteling met die Woord, die Christelike geloofstradisie en die weerbarstige werklikheid. Die transformasie van die samelewing word nie uit 'n ideologiese blik bekyk nie, maar vanuit die oortuiging dat die evangelie 'n veranderende krag in die samelewing is (Heitink, Pieterse & Vos, 2000:62-63).

Geloof werk met die veronderstelling dat mense kan verander en die samelewing vernuwe kan word vanuit die eskatologiese perspektief van God se koninkryk (Heitink, 1999:202). Praktiese teologie, wat as normatiewe dissipline die gebied van bemiddeling en verandering as sy objek ag, verbind in homself 'n hermeneutiese belang (om te verstaan) met 'n strategiese belang (om verandering te fasiliteer). Dit is belangrik dat die strategiese handelinge verbind is aan die hermeneutiese, sowel as die empiriese, veral omdat die metodes van verandering nie los van 'n wetenskaplike (prinsipiële) basis en/of neutraal kan funksioneer nie.

Samevatting

Veranderingstrategieë het te make met die prosesse waarin mense beweeg word om hulle handelingswyse te wysig tot 'n ander, meer aanvaarbare, of vooraf

vasgestelde handeling. Hierdie prosesse staan egter nie los van die hermeneutiese of empiriese perspektiewe nie, veral aangesien metodes nie neutraal kan funksioneer nie.

1.3.5 Konklusie

Praktiese teologie, as kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie, hou hom besig met die bemiddeling van die Christelike geloof as vrug van God se koms na die wêreld en die gestaltes wat dit aanneem in die moderne samelewing. Die objek van studie is dus die Christelike geloof, soos dit geken word deur sy bronne, tradisie, verlede en huidige manifestasies. Die hoofdoel in hierdie bemiddeling deur Praktiese teologie, is om die kerk as geloofsgemeenskap in die wêreld só by te staan dat hy in sy funksionering al meer en meer kan wees wat hy is.

Om hierdie invalshoek te verwesenlik, het daar in praktiese teologie 'n werkwyse ontwikkel deur gebruikmaking van insette vanuit teologiese, filosofiese en sosiale wetenskappe. Die metode van prakties-teologiese navorsing kan aangedui word aan die hand van drie sentrale begrippe, naamlik *beskouing ('verstaan')*, *verklaring (definiëring)* en *verandering*. Met hierdie metode sluit die metodologie van praktiese-teologiese navorsing aan by 'n postmoderne wetenskapsparadigma. Dit beteken dat die vak beskou word as 'n teologiese handelingswetenskap vanuit 'n ekosistemiese benadering. Hierdie benadering verruim die navorsingsproses en behou tegelyk die teologiese karakter van die vak.

Wat die samestelling van die navorsing betref, die volgende:

- Die hermeneutiese komponent sal hoofsaaklik gebaseer wees op 'n literatuurstudie om te kom tot die beskouing (*'verstaan'*) van die kerk se identiteit volgens 'n prakties-teologiese, missionêre ekklesiologie.

- Die empiriese ondersoek wil vasstel of die fundamentele ekklesiologiese teorie werklik tot sy reg kom in die konkrete en kontekstuele bedieningsprosesse. Die vraag sal gevra word of bedieningsvernuwing in gemeentes gebaseer is op 'n bepaalde ekklesiologiese voorbeskouing/-insig en of dit gebaseer is op tradisionele vertrekpunte wat nie getoets is nie en/of nie meer beantwoord aan kulturele verskuiwings wat reeds plaasgevind het nie. Die empiriese komponent kan gevolglik nie die hermeneutiese teorie toets nie, maar slegs struktuurdraers vir die implementering daarvan gaan soek. Om dít te verwesenlik, sal klem gelê word op 'n kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe empiriese ondersoeke.

- Die strategiese komponent sal 'n kombinasie van literatuurstudie, praktiese waarneming en toepassing wees, om sodoende te kom tot 'n strategiese daarstelling van kontoere vir kerkplanting binne 'n multikulturele konteks. Die strategie verbind hom daartoe om, in die trek van kontoere vir die toepassing van 'n missionêre ekklesiologie in al die bedieninge van die kerk, daarna te streef om dít wat die Bybel oor die kerk sê, te implementeer - in 'n poging om die praktyk van gemeentebediening in 'n gegewe konteks te verbeter.

1.3.6 Probleemstelling

Bepaalde navorsingsvermoedens ontstaan noodwendig. Volgens Kritzinger, Labuschagne & Pienaar (1969:235) is 'n hipotese 'n veronderstelling wat as waarheid aangeneem word en as grondslag van 'n redenering dien. Dit is 'n basiese veronderstelling, 'n navorsingsvermoede of 'n navorsingsprobleemstelling.

Die probleemstelling vir hierdie navorsing kan soos volg geformuleer word:

Wat is 'n missionêre visie en strategie in gemeentebou ten opsigte van multikulturele kerkplanting?

Die individuele probleme wat in die oplossing hiervan ondersoek word, is die volgende:

- Wat leer die Skrif en tradisie oor die toepassing op multikulturele kerkplanting van 'n missionêre visie - wat deur 'n prakties-teologiese, missionêr-ekklesiologiese studie in gemeentebou bepaal word - en oor die ware identiteit van die kerk as geloofsgemeenskap, soos dit deur God met 'n bepaalde roeping daargestel is (wanneer in getroue roepingsvervulling volhard word)? Die basiese veronderstelling is dat die besinning oor die wese en aard van die kerk onlosmaaklik verbonde is aan die Woord van God en daarom as primêre openbaringsbron vir die bepaling van ekklesiologiese vertrekpunte moet dien. Die tradisie wat te make het met hoe verder op hierdie vertrekpunte gebou is, kan 'n aanduiding wees van hoe die kerk homself moet inrig om 'n veranderende konteks (van multikulturele aard) te verdiskonteer in die daarstelling van bedienings.

- Wat kan afgelei word, vanuit 'n empiriese studie, oor die invloed wat 'n bepaalde ekklesiologiese vertrekpunt of vertrekpunte het op die vestiging van 'n multikulturele bediening? Empiriese waarnemings kan aantoon in hoe 'n mate die verwagtinge van gelowiges vir die funksionering van 'n multikulturele, missionêr-georiënteerde bediening, beantwoord aan ekklesiologiese vertrekpunte vanuit die Woord en aan waarneembare werklikhede in 'n multikulturele konteks.

- Watter kontoere kan strategies aangedui word, waarin die invloed van 'n missionêr-ekklesiologiese gemeentebouvisie - toegespits op kerkplanting in 'n multikulturele konteks - gestalte kan vind?

1.3.7 Doelstelling en doelwitte

Die doelstelling van die voorgestelde navorsing is die volgende:

Om na te vors watter missionêr-ekklesiologiese vertrekpunte belangrik is in die vestiging van 'n multikulturele bediening. Om hierdie doel te bereik, word die volgende doelwitte vir die navorsing gestel:

- Om vanuit 'n hermeneutiese perspektief te kom tot 'n duidelike beskouing (*'verstaan'*) van die wese en roeping van die kerk.
- Om by wyse van 'n deeglike empiriese studie te kom tot 'n bepaling van 'n bepaalde gemeenskap se gereedheid al dan nie, vir die daarstelling van 'n multikulturele bediening (met ander woorde: *verklaring/definiëring*).
- Om belangrike *strategiese* kontoere te trek ('n strategie van *verandering* voor te stel) vir die funksionering van 'n multikulturele bediening.

1.3.8 Sentraal-teoretiese argument

Die sentraal-teoretiese argument van hierdie studie is dat, indien 'n missionêr-ekklesiologiese vertrekpunt - wat hermeneuties bepaal en empiries geëvalueer is - as vertrekpunt geneem word in die strategiese daarstelling van 'n multikulturele bediening, so 'n bediening lewensvatbaar sal wees en sal kan voortbestaan in 'n veranderende konteks.

1.3.9 Skematiese voorstelling om korrelasie te laat blyk

Probleemstelling	Doelstellings	Metode
Wat is belangrik ten opsigte van 'n missionêre visie en strategie in gemeentebou, vir die daarstelling van 'n multikulturele bediening?	Om aan te toon dat 'n gemeente missionêr gerig moet wees om veranderende kontekste in gemeentebou te akkommodeer.	Daarop gerig om die kerk deur hermeneutiese, empiriese en strategiese perspektiewe konkreet en prakties te begelei op 'n weg van multikulturele bedieninge.
Wat leer die Skrif en tradisie oor hermeneutiese vertrekpunte in gemeentebou, ten opsigte van die toepassing daarvan op die daarstelling van 'n multikulturele bediening wat missionêr georiënteerd is?	Om vanuit 'n hermeneutiese perspektief te kom tot 'n duidelike beskouing ('verstaan') van en insig in die wese en roeping van die kerk - om só korrekte missionêr-ekklesiologiese vertrekpunte daar te stel.	'n Hermeneutiese perspektief word verkry, met die oog op bepaling van prinsipiële vertrekpunte in die daarstelling van 'n multikulturele bediening, deur die bestudering van die Skrif en tradisie.
Wat kan afgelei word, uit 'n empiriese studie, oor die invloed wat missionêr-ekklesiologiese vertrekpunte het op die daarstelling van 'n multikulturele bediening?	Om by wyse van 'n deeglike empiriese studie te kom tot 'n bepaling van 'n bepaalde konteks (gemeenskap) se gereedheid al dan nie, vir die akkommodering en instandhouding van 'n multikulturele bediening (met ander woorde: verklaring).	'n Empiriese perspektief word verkry deur empiriese navorsing, gebaseer op die hermeneuties-bepaalde, prinsipiële vertrekpunte - om sodoende bepaalde missionêr-ekklesiologiese uitgangspunte van kerke te bepaal en die invloed daarvan op die daarstelling van nuwe bedieninge, te verklaar.
Hoe moet die strategie (kontoere) van 'n bediening lyk, waarin die invloed van 'n missionêre 'gemeentebouvisie' - toegespits op die daarstelling van bedieninge in 'n multikulturele konteks - strategies geïmplementeer kan word?	Om sover as moontlik 'n duidelik omlynde strategie van verandering voor te stel vir die daarstelling en opbou van 'n multikulturele bediening.	'n Strategiese perspektief - wat kan lei tot 'n effektiewe multikulturele bediening - word verkry deur spesifieke kontoere voor te stel, wat afgelei is uit die hermeneutiese beskouing/insig en die empiriese verklaring.

1.3.10 Stand van navorsing

'n Uitgebreide bibliografiese soektog is met die hulp van die Ferdinand Postma Biblioteek (Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit) gedoen.

Die volgende databasisse is gebruik:

NEXUS, *ATLA* en boeke oor die onderwerp. Die soektog het getoon dat die onderwerp van multikulturele kerkplanting vanuit 'n basisteoretiese vertrekpunt nog nie gedoen is nie. Proefskrifte, verhandelings, tydskrifartikels en boeke wat handel oor fasette van die onderwerp, is in die bronnelys opgeneem.

Navorsing wat Ekklesiologie en Gemeentebou prakties-teologies navors, is:

SMIT, G.H. 1997. Ekklesiologie en Gemeentebou. 'n Prakties-teologiese studie. Pretoria : PU. (Proefskrif – DD.)

Navorsing wat kerkplanting vanuit 'n basisteoretiese perspektief benader en wat spesiale vermelding verdien, is:

MURRAY, S. 2001a. Church Planting. Pennsylvania : Herald Press. 286 p.

WIERDA, S.J. 2001. Gezonden met perspektief. Groningen : Theologische Universiteit Kampen. (Scriptie in verband met doctoraalexamen.) (Ongepubliseer.) 103 p.

'n Tydskrifartikel wat multikulturele kerkplanting omskryf, is dié van:

DAVIS, K. 2003. Multicultural Church Planting Models. *The Journal of ministry & theology*, 7(1):114-127, Spring. [web:] http://www.bbc.edu/journal?volume 7_1/Multicultural_church-Davis. Pdf. [Datum van gebruik: 5 Nov. 2004].

1.3.11 Bibliografiese en tegniese aspekte

- Verwysings na die Bybel en aangehaalde verse is uit die Ou Afrikaanse Vertaling (1957) (sien BYBEL in die bibliografie), tensy anders aangedui.
- Vir die afkorting van Bybelboekname, is gebruik gemaak van die algemeen erkende afkortings soos voorgestel deur die Taalkommissie in die negende uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (sien *AWS* in bibliografie).
- In Hoofstuk 6 word van afkortings gebruik gemaak:
  - *WCC* vir *Willow Creek Community*
  - *PDC* vir *Purpose Driven Church*
  - *CGM* vir *Church Growth Movement*
  - *DAWN* vir *Disciple A Whole Nation*
- Die afkorting *MES* (in hoofletters) word gebruik vir *Middestad Evangelisasie Sending* – en moet onderskei word van *m.e.s.* (in kleinletters), wat verwys na die skrywer se voorletters en van (M.E. Schalekamp).
- Verskeie figure (grafiese voorstellings) word gebruik en is afsonderlik in die inhoudsopgawe aangedui.
- Vir 'n verklaring van die simbolies-georiënteerde model wat grafies by die kopetiket aan die begin van elke hoofstuk weergegee is, verwys na die verduideliking by punt 5.6.6 aan die einde van Hoofstuk 5 (bl. 271).
- Met betrekking tot geslagsaanduiding by persoonlike voornaamwoorde in verwysings na die *kerk/gemeente as liggaam van Christus*, word so ver moontlik van die manlike derdepersoonsvoornaamwoord gebruik gemaak, omdat dit in Afrikaans gebruiklik is dat die manlike derdepersoons-voornaamwoord onder meer gebruik word vir versamelname waar die klem lê op die eenheid van die referent (soos in die geval van *kerk* of *gemeente*). Die gebruik om na *kerk/gemeente* as vroulik te verwys blyk moontlik onder Engelse invloed te wees (maar verkeerdelik so – behalwe waar die beginsel van kongruensie bogenoemde norm ophef en bepaal dat daar ten opsigte

van voornaamwoordgebruik geslagsooreenstemming met die referent moet wees). Die norm wat derhalwe in hierdie studie toegepas is, is om normaalweg met die manlike persoonlike voornaamwoord na die *kerk/gemeente* te verwys en om met uitsondering, waar die referent duidelik as vroulik aangebied word, die vroulike voornaamwoord in ooreenstemming daarmee te gebruik (bv. waar na die *kerk as bruid van Christus* verwys word).

Aantekeninge by Hoofstuk 1

1 Die Christendom-kultuur het sy ontstaan gehad in die vierde eeu n.C. toe Konstantyn 'n Christen geword en die Christelike geloof gewettig het. Nadat Theodosius die Christelike godsdiens tot amptelike godsdiens van die keiserryk verklaar het (in 392 n.C.), het die Christendom-ekklesiologie fenomenaal ontwikkel tot 'n oorheersende instelling op alle terreine in die samelewing. Om van vreemdelinge in 'n heidense omgewing skielik verhef te word tot 'n gevestigde godsdiens en kerk, het 'n dramatiese invloed gehad op die kerk se beskouing van sy identiteit.

HOOFSTUK 2: DIE BEGRIP VAN DIE IDENTITEIT (WESE) VAN DIE KERK VOLGENS DIE METAFOOR *HOOF-EN-LIGGAAM*

2.1 Oriëntering

Afdeling 1 van die navorsing wil vanuit 'n prakties-teologiese hoek verstaan wat, volgens die Skrif, die ware identiteit van die kerk is - vanuit die metafoor *Hoof-en-liggaam* en 'n ondersoek van die merktekens van die kerk. Voorts word by die ondersoek ook bygehaal hóé die kerk hom vanuit hierdie identiteit rig op sy bedienings in die praktyk, toegespits op kerkplanting in 'n multikulturele konteks.

Die ondersoek word gedoen deur:

- Die verhouding wat bestaan tussen *Hoof* en *liggaam* in Paulus se brief aan die Efesiërs, te ondersoek.
- Die merktekens van die kerk, naamlik *eenheid*, *heiligheid*, *katolisiteit* en *apostolisiteit* te ondersoek en hulle histories te toets aan die belydenis van Nicea. Verder om die merktekens aan die hand van die brief van Johannes aan die gemeente van Efese in Openbaring, te ondersoek, te vergelyk en met die ses ander briewe te kontroleer.
- Die bedienings van die kerk, naamlik Κήρυγμα, λειτουργία, κοινωνία en , διακονία te ondersoek.
- Vanuit dié navorsing missionêre doelwitte vir die kerk te formuleer.

Hoofstuk 2 poog om te kom tot die regte beskouing (hermeneuse) van die kerk se identiteit, omdat 'n verkeerde beskouing daarvan tot verskillende probleme kan lei (Van Gelder, 2000:23-26), naamlik:

- Wanneer die kerk slegs *funksioneel* gedefinieer word, kan dit die perspektief verskuif van die kerk as unieke gemeenskap van God se volk, tot 'n groep mense wat 'n aantal funksies verrig soos aanbidding, onderriggewing, dienslewering en getuienis. Wanneer die kerk só verstaan en verklaar word (die empiriese), loop verandering (die strategiese) slegs uit op 'n aantal kosmetiese veranderinge.

- Wanneer die kerk *organisatories* gedefinieer word in terme van sy strukture en aksies, verskuif dit die perspektief van sy geestelike werklikheid na 'n sosiale gemeenskap. Die kerk word dan 'n groep mense wat reg gestruktureer en bestuur moet word - met bestuursvaardighede - om effektief te wees.

Om die funksionele en organisatoriese aspekte van die kerk te verstaan, kan aangeklop word vir hulp by die sosiale wetenskappe, omdat die sosiale wetenskappe behulpsaam kan wees om menslike dimensies van die kerk te verstaan. 'n Studie om 'n missionêre ekklesiologie te bepaal gaan egter oor meer as dit, want die kerk is méér as sosiale handelinge en strukture: die kerk is die vrug van die handelinge van 'n Drie-enige God (*missio Dei*). Die kerk is ook meer as net 'n aantal goed georganiseerde bedieningsfunksies. Die kerk is uitgekies en deur God se Gees geroep om as sy missionêre gemeenskap op aarde te leef (*missiones ecclesiae*). Daarom is die kerk tegelyk 'n unieke geestelike gemeenskap én 'n sosiale werklikheid met menslike handelinge, wat georganiseer is in menslike strukture (Van Gelder, 2000:25). Hierdie menslike handelinge word egter deur die verlossende werk van God deur Jesus Christus moontlik gemaak en deur die Heilige Gees bekragtig (Goheen, 2000:190).

Die hermeneutiese komponent maak dit moontlik om vanuit die Bybel self God se missie vir sy kerk te verstaan (Van Engen:1993:29). Die *missio Dei* vind plaas op

spesifieke plekke en tye in die wêreld. Die inhoud, geldigheid en betekenis daarvan moet vanuit die Skrif afgelei word.

2.2 Werkplan en metode

In die ondersoek na Paulus se ekklesiologie in Efesiërs is die metode belangrik. Moet dit 'n *semantiese* of 'n *metaforiese* ondersoek wees ... of albei? Om net 'n semantiese studie van woorde te doen is nie voldoende nie omdat dit belangrik is om in die bestudering van bepaalde konsepte, soos die bestudering van 'n ekklesiologie, te let op die kulturele milieu en dinamiese ekwivalente van gedagtes, beelde en gevoelens (Van Engen, 1984:188). Om die woord *kerk* net semanties te ondersoek vir die verstaan van Paulus se ekklesiologiese siening, gaan waarskynlik nie baie oplewer nie. Minnear (1977:269) het in 'n studie ses en negentig metafore in die Nuwe Testament gevind wat verband hou met die betekenis van *kerk*.

Die gebruik van metafore hou die volgende voordele in (Minnear, 1977:269 e.v.):

- Dit dien as retoriese gereedskap om 'n saak wat algemeen bekend is mee uit te druk.
- Dit kan dien as 'n wyse van waarneming van 'n gegewe werklikheid, veral waar dit nie moontlik is om die werklikheid objektief waar te neem of te meet nie.
- 'n Metafoor is die beste manier waarmee 'n individu of 'n groep op 'n bepaalde tyd in die geskiedenis homself kan uitdruk.

Bogenoemde drie voordele word deur die volgende twee ondersoeke bevestig. In die ondersoek wat Van Engen (1991:48) gedoen het, kom dit na vore dat van die honderd en veertien keer wat die woord ἐκκλησία in die Nuwe Testament voorkom[1], die begrip slegs nege keer in Efesiërs voorkom. Dit is baie opvallend omdat die brief aan die Efesiërs, soos aangedui sal word in 2.3, beskou word as die mees besondere uitwerk van Paulus se ekklesiologiese beskouings. Die voorkoms van

die woord ἐκκλησία bevestig dat Paulus self verkies om eerder gebruik te maak van "Hebrew-style pictorial representation images" as "Greek logical propositions" (Van Engen, 1991:48).

Volgens die navorsing van Du Plooy (1982:72) beskou hy die metafoor "Christus as *Hoof* van sy kerk" (laasgenoemde as *liggaam*) - van groot belang om die regte perspektief op ἐκκλησία te kry. Hierdie metafoor is volgens Du Plooy een van die baie beelde waarmee die kerk in die Nuwe Testament beskryf word, maar tegelyk 'n beeld wat ons by die diepste wese van die kerk bring. Dit is dus 'n beeld wat die belangrikste rol vervul by die verkryging van 'n suiwere ekklesiologie .

Die metode wat gevolg word, kan in meer besonderhede as volg uiteengesit word:

Op grond van die unieke karakter van die kerk as God se sending (*missio Dei*) na hierdie wêreld (*missiones ecclesiae*), is 'n hermeneutiese beskouing ('verstaan') van God se missie vir die kerk op aarde vanuit die Woord van God van belang. Die *missio Dei* vind plaas op spesifieke plekke en tye in die konteks van elke gemeente. Die inhoud, geldigheid en betekenis moet vanuit die Skrif afgelei word. Die werkplan in die hermeneutiese ondersoek in hierdie hoofstuk - om die identiteit van die kerk te verstaan - neem as basis die brief van Paulus aan die Efesiërs.

- Hierdie ondersoek word gedoen aan die hand van 'n sentrale metafoor in die brief, naamlik die verhouding en betekenis van *Hoof* en *liggaam* tot mekaar. Om dít te kan doen word die keuse van Efesiërs gemotiveer, asook die gebruik van metafore.

- Uitgangspunte vir die verstaan van 'n metafoor word bepaal, waarna 'n ontleding van die metafoor *Hoof-en-liggaam* vanuit 'n sentrale perikoop (Ef. 5:21-33) - en daarna uit 'n aantal ander perikope - gedoen word (perikope waarin die begrippe gesamentlik en afsonderlik voorkom).

- 'n Semantiese studie van 'n aantal kernbegrippe *(eenheid, misterie* en *volheid)* volg - in die konteks van die metafoor - wat 'n belangrike rol speel in die verstaan van die metafoor. In die maak van konklusies is die verwagting dat, vanuit die verhouding van die metaforiese gebruik van *Hoof* en *liggaam* en in sy samehang met ander begrippe, meer duidelikheid verkry sal word aangaande die identiteit van die kerk as *missiones ecclesiae* (missionêre ekklesiologie).

2.3 Keuse van Efesiërs

Om 'n missionêre ekklesiologie van die plaaslike kerk te omskryf, kan dit die beste vanuit die Woord van God self gedoen word, omdat God self deur sy Woord aan die woord kom (Van Engen, 1984:187). Wat die keuse van Efesiërs regverdig, is die volgende:

- Onder die eerste generasie Christene het Paulus uitgestaan as iemand wat groot erns gemaak het met die roeping van die kerk. Die brief aan die Efesiërs word aangedui as die duidelikste uitdrukking van God se intensie met die roeping van die kerk (Culpepper, 1997:553; Floor, 1995:32).
- Die beskrywing van die identiteit van die kerk is dwarsdeur die brief die hoofsaak (Minear, 1977:213).
- Bepaalde teologiese insigte ten opsigte van die Christologie en ekklesiologie, word in Efesiërs en Kolossense verder ontwikkel as by ander briewe van Paulus (Roberts, 1984:115).
- Waar die briewe aan die Galasiërs en Romeine in die tyd van die Reformasie die belangrikste plek ingeneem het om die denke van gelowiges te vorm, blyk dit dat die brief aan die Efesiërs die meeste te sê het vir die kerk in sy hedendaagse omstandighede (Metzger, 1949:61; Floor, 1995:10).

- Die brief aan die Efesiërs is nie in die eerste plek bedoel om dogmatiese kennis uit te brei nie, maar om gelowiges op hulle knieë te bring voor God. Daarvan getuig die intense gebedskarakter van die brief (Floor, 1995:37). Vir die kerk om by hernuwing oor sy identiteit en roeping te besin, vra volhardende gebed.

2.3.1 Sosiohistoriese konteks van Efesiërs

'n Konstruksie van die sosiohistoriese konteks moet vooraf gemaak word, omdat 'n navorser nie die krag van Nuwe-Testamentiese woorde en begrippe kan verstaan as daar nie vasgestel kan word wat hulle waarskynlik in die tyd van die ontstaan van die betrokke dokument beteken het nie (Janse van Rensburg, 2000:564). Dit is belangrik dat die kultuurhistoriese data as die "konteks" van die Bybeldeel gesien en hanteer word en nie bloot as die "kultuurhistoriese agtergrond" nie. Om woorde, metafore en begrippe te kan verstaan wat 2000 jaar gelede gebruik is, moet gesoek word na hulle dinamiese en aktiewe betekenis in die tyd waarin hulle ontstaan het. Dit kan nie gebeur as die relevante sosiale en historiese data as "(dooie) 'dekor'" van destyds beskou en hanteer word nie (Janse van Rensburg, 2000:565). Die sosiohistoriese konteks sal in hierdie studie deurentyd in ag geneem word wanneer ondersoek gedoen word na die betekenis van die verhouding *Hoof* en *liggaam* tot mekaar. Wanneer *kontekstuele vertrekpunte* in behandeling geneem word, sal die sosiohistoriese konteks ook in ag geneem word.

2.3.1.1 Formele vertrekpunte

Hoewel die brief aan Efesiërs[2] (Ef. 1:1) gerig is, is dit waarskynlik dat dit ook aan die gebiede in die omstreke van Efese gestuur is om gelees te word (Gundry, 1970:310). Dit is belangrik vir die bestudering van die hermeneutiese komponent dat die brief aan Efese waarskynlik as rondskrywe aan die verskillende gemeentes

in Klein-Asië gerig is. Dít maak dit moontlik om die briewe in Openbaring as kontrole te gebruik om die funksionering van 'n missionêre ekklesiologie in die gemeentes na te gaan (Gundry, 1970:311; Roberts, 1984:138).

2.3.1.2 Kontekstuele vertrekpunte

Die buitetekstuele konteks van 'n Bybelboek moet gebaseer wees op konsepsies van hoe data met mekaar onderling verband hou. Daar is sprake van 'n horisontale en 'n vertikale dimensie (Meeks, 1982:267 e.v.; Thurston, 1993:67, 68; Janse van Rensburg, 2000:576). Hieronder volg 'n kort samevatting van die "horisontale" omstandighede waarmee die gelowiges in Efese te doen gehad het, asook hulle eie persoonlike geloofsbelewing ("vertikaal").

2.3.1.2.1 Horisontaal

Efese was gedurende die eerste eeu, met 'n kwart miljoen inwoners, die grootste stad in Klein-Asië - en saam met Antiochië in Sirië en Alexandrië in Egipte, een van die drie grootste stede in die Oos-Middellandse gebied wat gewortel was in 'n wêreld van Hellenistiese misteriegodsdienste. Die volgende inligting ten opsigte van die religieuse werklikhede in Efese is belangrik (Thurston, 1993:67):

- Artemis, die suster van Apollo en dogter van Leto en Zeus, was 'n figuur wat voorgestel is met meervoudige borste om haar vrugbaarheid en voedingskrag te simboliseer. Die Hellenistiese tempel van Artemis was een van die wonders van die antieke wêreld.

- Towerkuns en bonatuurlike kragte het 'n belangrike rol gespeel. Volgelinge van Artemis het haar geestelike krag sterker beskou as dié van alle demone. Arnold (1989:24) glo dat dit een van die belangrike redes is

waarom Paulus die Christene se verhouding tot die demoniese wêreld so sterk aanspreek.

- Aanbidding van Artemis is ook sterk geassosieer met astrologie (Arnold, 1989:28). Tradisionele gode en godinne is geassosieer met astrologiese konsepte. 'n Afdruk van Artemis van Efese vertoon 'n halssnoer wat gemaak is van die twaalf tekens van die *zodiac*-konstellasie van sterre.

- Hoewel die religieuse wêreld van die Efesiërs gedomineer is deur Artemis, was keiseraanbidding baie aktief in Efese. 'n Tempel ter ere van keiser Domitianus (81-96 n.C.) is in Efese opgerig. Die aanbidding van Domitianus, wat 'n groot vyand van die Christene was, was betekenisvol vir die Christene in Efese. Dit was waarskynlik die vervolging deur Domitianus wat 'n groot rol gespeel het in die ontstaan van die Openbaringe van Johannes (Thurston, 1993:69).

- Thurston (1993:70) toon dat Gnostisisme ook teenwoordig was. Dit word sterk gesuggereer deur die *Hoof/liggaam*-metafoor in Efesiërs, wat baie sentraal gestaan het in gnostieke literatuur. Ander terminologie in Efesiërs, soos *geheimenis*, *openbaring*, *volheid* en *kragte* is genoeg rede om sensitief te wees vir gnostieke parallelle in Efesiërs. Gnostieke invloed op die skrywer en lesers kan egter nie afdoende bewys word nie (Arnold, 1989:12).

Hoewel die Hellenistiese wêreldgees die sosiohistoriese agtergrond van Efesiërs oorheers, is daar ook tekens van Judaïsme teenwoordig. Handelinge 19 verwys nie net daarna dat Paulus drie maande in sinagoges geredeneer het oor die Koninkryk van God nie (Hand 19:8), maar dat berigte van die aktiwiteite van eksorsiste Efese bereik het (Hand. 19:17) - met die duidelike aanduiding dat daar Judaïstiese praktyke in Efese teenwoordig was.

2.3.1.2.2 Vertikaal

Wat die Efesiërbrief belangrik maak vir die ondersoek na die verhouding *Hoof-en-liggaam*, is die feit dat hierdie brief 'n baie goeie weerspieëling is van die lesers se geloofslewe en gesindhede (Thurston, 1993:88). Inligting soos hierdie - wat die vertikale dimensie na vore bring - is belangrik omdat, waar die vertikale dimensie nie sosiohistories bestudeer kan word nie, die bestaan daarvan groot effek het - veral op die wyse waarop data in die teks in die Nuwe-Testamentiese boeke hanteer word (Janse van Rensburg, 2000:577). Dit is noodsaaklik om hierdie effek, waar dit ter sake is, eksplisiet te maak.

Die vertikale dimensie kan in vier hoofsake opgesom word (Thurston, 1993:91-93):

- **Allesomvattend** (holisties): Christenwees was allesomvattend. Nie een lewensfaset het onaangeraak gebly nie. Alle bestaande lewensgebruike, of dit eties, seksueel of ekonomies van aard was, moes aanpas by 'n nuwe lewensbeginsel.

- **Gemeenskaplik** (kommunaal): Die mees ingrypende aanduiding van hierdie karaktertrek word uitgedruk deur die *liggaam*-metafoor. Christene van hierdie nuwe lewensorde was organies verwant aan mekaar. Christene het nie net in 'n nuwe verhouding met Christus gestaan nie, maar ook met mekaar.

- **Aanpasbaar** (pluralisties): Christene het 'n vermoë gehad om binne nuwe kulturele omstandighede aan te pas. Bestaande kulturele gebruike is maklik nuwe betekenis gegee. Die Christendom het in die vroegste tye blyke daarvan gegee dat hulle aanpasbaar is. 'n Positiewe sinkretisme (vermoë om aan nuwe konsepte 'n eie inhoud te gee) was van die vroegste tye kenmerkend van Christene.

- **Openheid**: Hulle was voortdurend bewus van die kragtige werking van die Heilige Gees in hulle midde in die uitdeel van gawes. Bekragtiging van woorde is rigtinggewend in alle handelinge.

2.3.1.3 Samevattings

Die volgende konklusies is van toepassing op die studie:

- In die lig van die feit dat hierdie geskrif ook gedien het as 'n rondskrywe aan die gemeentes in Klein-Asië, maak dit die moontlikheid oop om gevolgtrekkings uit die studie van Efesiërs openbaringshistories te kontroleer met die boodskappe aan die gemeentes in Openbaring.
- Kontekstueel kan dit waardevol wees vir die studie om in gedagte te hou dat die Efesiërs aan baie invloede blootgestel was, soos Hellenisme, astrologie, Gnostisisme, Judaïsme, keiseraanbidding en die invloed van bo-natuurlike kragte.
- Hulle aanpasbaarheid (pluralisme) by nuwe kulturele omstandighede kan van belang wees vir die studie - met die oog op die invloed wat verskillende kulture het op kerkwees.
- Ten opsigte van die Efesiërs se geloofsbelewenis kan hulle instelling tot allesomvattendheid, gemeenskaplikheid, aanpasbaarheid en openheid vir die navorser belangrik wees in die interpretasie van bv. die metafoor *Hoof-en-liggaam*.

2.4 Werkshipotese

Ten einde daartoe in staat te wees om te kan beoordeel of 'n bepaalde term letterlik of metafories gebruik word, moet op 'n werkshipotese besluit word.

Twee toonaangewendes op die terrein van die studie van metafore die afgelope paar dekades, is I.E. Richards en M. Black [3] (aangehaal deur Dawes, 1998:27). Alle diskussie rondom metafore neem húlle teorieë as vertrekpunt. Richards se definisie vir 'n metafoor is: "When we use a metaphor we have two thoughts of different things active together and supported by a single word, or phrase, whose meaning is a result of their interaction" (vgl. Dawes, 1998:27). Om 'n metafoor te identifiseer, tref hy onderskeid tussen *"tenor"* en "*vehicle*" (Dawes, 1998:27; Gräbe, 1984:7 en Janse van Rensburg, 1992:28). In 'n uitdrukking soos "Julle is die liggaam van Christus" is *julle* (die kerk) die "*tenor*" en die "*vehicle*" is *die liggaam van Christus.*

Black (1979:431) pas 'n verdere verfyning toe van Richards se interaksieteorie van die metafoor, deur die onderskeid van *fokus* en *raamwerk* toe te voeg. Black se uitgangspunt is dat 'n relatief eenvoudige metafoor gewoonlik voorkom in 'n sin of uitdrukking waarin sommige woorde metafories en die res letterlik gebruik word. Die metafories-gebruikte woord word dan *fokus* en die res van die sin waarin dit voorkom, *raamwerk* genoem (Dawes, 1998:29 en Gräbe, 1984:8). Hierdie onderskeid beklemtoon dat in die interaksie van woorde, die konteks (raamwerk) waarin die woord staan belangrik is (Clowney, 1984:103 en Van der Watt, 1999:13-15). Daar word drie tipes kontekste onderskei: die onmiddelik-literêre, die algemeen-sosiale en die historiese konteks (Dawes, 1998:78). Daar kan slegs onderskei word of byvoorbeeld die uitdrukking "Christus is die hoof van die liggaam" (Ef. 5:21-33) 'n lewendige of dooie metafoor is, as na sy onmiddelike literêre konteks gekyk word. Die algemeen-sosiale en die historiese kontekste kan help om te bepaal of 'n metafoor in 'n bepaalde konteks vir sekere hoorders 'n dooie metafoor is, terwyl dieselfde metafoor weer vir ander hoorders lewendig kan wees.

Dawes (1998:76) onderskei tussen *lewende* en *dooie* metafore en klassifiseer hulle onder vier tipes (metafore): lewende , verskuilde, rustende en dooie metafore. Die verskil tussen lewende en dooie metafore is waar en wanneer 'n woord wat as

metafoor gebruik is, so déél van die algemene taalgebruik geword het dat dit nie meer metaforiese waarde het nie, maar deel van die woordeskat geword het. In so 'n geval is die metafoor dood. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die gebruik van ἐκκλησία . Oorspronklik is ἐκκλησία as 'n metafoor gebruik vir die byeenkoms van 'n groep mense om sosiale, politieke of godsdienstige redes. Die Septuagint (LXX) het dié soort byeenkomste beskryf as ἐκκλησία en so het die woord sy metaforiese karakter verloor en 'n tegniese term vir *gemeente* in die Nuwe Testament geword.

Nog 'n belangrike onderskeiding wat gemaak moet word, is dié van *primêre* en *sekondêre subjek* (Dawes, 1998:29-32). Die twee begrippe vind nou aansluiting by die onderskeiding van "tenor" en "vehicle". 'n Uitdrukking wat algemeen gebruik word en as voorbeeld hierdie onderskeid kan illustreer, is: "Die man is 'n wolf". Die primêre subjek is *man* en die sekondêre subjek is *wolf*.

'n Ander belangrike onderskeid is dié van 'n "model" (Dawes, 1998:34-40). 'n *Model* is 'n konstante beeldryke konstruksie of 'n konstante patroon van gedagtes, waar verskillende uitdrukkings in verband staan met mekaar. 'n Goeie voorbeeld van 'n *model* vind ons in Efesiërs 4:16, waar verskillende begrippe wat verwant is aan *liggaam*, in 'n konstruksie gebruik word.

Lemmer (1998:460-465) wys op 'n belangrike saak wat die navorser daartoe in staat sal stel om vas te stel of daar kontekstuele vertrekpunte teenwoordig is. Hy stel dat die "*vehicle*"- en "*tenor*"-onderskeid by metafore, nie die navorser voldoende daartoe in staat stel om die volle betekenis van 'n metafoor te ontdek nie. Hy voer aand dat metafore soms op werklikhede buite hulleself dui. Dít illustreer hy met 'n term, naamlik "*doubling*". "*Doubling*" is iets anders as "*dual*": "To be dual is to be both the same and different, while to be double is to be different and the same" (Lemmer, 1998:461). Lemmer se argument kom daarop neer dat, indien die navorser na bv. die metafoor van *Hoof-en-liggaam* net vanuit die "*tenor*"- en "*vehicle*"-onderskeid ontleed en nie daarby die moontlikheid van "*doubling*"

oorweeg nie, die moontlikheid nie oorweeg kan word dat Joodse mistisisme 'n rol speel in die belang van die betekenis nie.

Konklusie

Om 'n metafoor te identifiseer is daar twee maatstawwe wat toegepas moet word:

- Die eerste is dat die navorser op die uitkyk moet wees vir 'n term of terme wat hy/sy vermoed die "fokus" van die metafoor kan wees, wat nie letterlike betekenis het nie of selfs voorgee om letterlike betekenis te hê nie.

- Die navorser soek vir bewyse dat, hoewel die woorde nie hulle gewone betekenis het nie, die betekenis wat na vore kom in hulle gebruik in die bepaalde konteks, ontwikkel of aansluit by 'n "model" wat die letterlike betekenis van die woord ontwikkel.

2.4.1 Keuse van metafore en werkswyse

Paulus maak in sy brief aan die Efesiërs ryklik gebruik van metafore. Van Engen (1991:48) dui vyftien metafore aan wat Paulus gebruik[4]. 'n Noukeurige deurlees van die brief aan die Efesiërs bring bepaald enkele opsigtelike terme aan die lig wat moontlik in hulle konteks geïdentifiseer kan word as metafore wat van ekklesiologiese betekenis kan wees: *heilig* - ἁγίος (14 keer), *gemeente* - ἐκκλησία (nege keer), *liggaam*- σῶμα (nege keer) en *hoof* - κεφαλὴ (drie keer). Naas hierdie vier terme is daar 'n term, *bou* of *opbou* - οἰκοδομὴ - en tweedens nie 'n term nie, maar wat Metzger noem "a mystic doctrine of great import" (Van Engen, 1991:48), naamlik die gedagte van die huwelik wat deurlopend in Efesiërs 5:21-33 voorkom.

Wat verder opvallend is, is dat die terme baie gekonsentreerd en afwisselend in bepaalde perikope voorkom, bv: Efesiërs 1:15-23 (ἁγίος, ἐκκλησία, σῶμα en κεφαλὴ; Efesiërs 2:16-22 (σῶμα, ἁγίος) - met 'n paar ander moontlik metaforiese terme wat dui op die ἐκκλησία, naamlik *vreemdelinge en bywoners, medeburgers en huisgenote van God, gebou, fondament, hoeksteen, tempel* en *woning van God*; Efesiërs 3:1-13 (σῶμα); Efesiërs 4:1-16 (σῶμα, ἁγίος en κεφαλὴ) en Efesiërs 5:21-33, wat 'n hele opeenstapeling van terme (κεφαλὴ - twee maal, ἐκκλησία - vyf maal, σῶμα - drie maal en ἁγίος - een maal, en *die idee van die huwelik*) gee.

Die waarneming dat daar 'n verskeidenheid van terme is wat nie volgens 'n vaste patroon gebruik word nie, maar baie afwisselend, moet die navorser dadelik tot versigtigheid maan in die gebruik van metafore. Die rykdom en buigbaarheid van metafore kan daarop dui dat die konteks waarin die woorde gebruik word 'n baie belangrike rol in die beoordeling gaan speel (Clowney, 1984:78 en Minear, 1977:222).

'n Vermaning tot versigtigheid kan ook gelees word in Dulles (1974:6) se onderskeiding van vyf kerkmodelle, naamlik die *instituutmodel, mistieke gemeenskapsmodel, sakramentele model, verkondigingsmodel* en *diensknegmodel* - wat gebaseer is op die voorkoms van bepaalde metafore. Hy lê sterk klem daarop dat alhoewel elkeen van hierdie modelle bepaalde betekenis het vir die verstaan van ekklesiologie, nie een van die modelle die ekklesiologiese beskouing van die Bybel ten volle verwoord nie.

As bogenoemde waarnemings en beredenerings in ag geneem word tesame met die verwysings na die belangrikheid om 'n metafoor te verstaan vanuit die verskillende kontekste waarin hy voorkom, kan die volgende vertrekpunte as werkswyse aangedui word:

- 'n Keuse word gemaak om die verhouding van κεφαλὴ (*Hoof*) en σῶμα (*liggaam*) te ondersoek en daaruit ekklesiologiese beginsels af te lei - vanuit die voorkoms daarvan in Efesiërs 5:21-33. Die rede vir die keuse is dat die grootste konsentrasie van die terme κεφαλὴ en σῶμα in dié gedeelte voorkom en die terme in 'n besondere wisselwerking tot mekaar staan.

- Omdat die perikoop (maar ook die hele brief) 'n belangrike konteks het waarin die begrippe voorkom, gaan van die deel na die geheel beweeg word deur die voorkoms en betekenis van die terme κεφαλὴ (*Hoof*) en σῶμα (*liggaam*) in Efesiërs 5:21-33 te toets aan die voorkoms van die terme in Efesiërs 1:15-23, 2:16-22, 3:1-13 en 4:1-16.

- Die waarskynlike metafore κεφαλὴ/*Hoof* en σῶμα/*liggaam* wat gebruik gaan word, kan nie in isolasie staan met hulle konteks ten opsigte van ander moontlike metafore in dieselfde brief (hulle verhouding tot mekaar is belangrik), die literêre konteks (in Efesiërs en ander briewe), die sosiohistoriese konteks en die konteks van die historiese ontwikkeling van die kerk asook die konteks van die huidige hoorders nie.

- Om die volle betekenis van die moontlike metaforiese gebruik van κεφαλὴ/*Hoof* en σῶμα/*liggaam* in al die genoemde perikope (Ef. 5:21-33, 1:15-23, 2:16-22, 3:1-13 & 4:1-16) ten volle te verstaan, sal daar ook ondersoek gedoen moet word na die betekenis en gebruik van 'n aantal woorde wat waarskynlik nie metafories gebruik word nie, maar 'n belangrike rol vervul in die konteks en wat meer lig kan werp op die verstaan van die moontlike metaforiese gebruik van κεφαλὴ/*Hoof* en σῶμα/*liggaam* in die genoemde perikope. Hierdie woorde is : ἓν (*eenheid*-), μυστήριον (*misterie*) en πλήρωμα (*volheid*).

2.5 κεφαλὴ (*Hoof*) en σῶμα *(liggaam)* in Efesiërs 5:21-33

Die metafoor van Christus en die kerk as κεφαλὴ/*hoof* en σῶμα/*liggaam* word beskou as 'n sleutelelement in Paulus se briewe. Rekenskap sal gegee moet word oor wat Paulus met hierdie sleutelterme bedoel, ten einde daartoe in staat te wees om die verhouding tussen Jesus Christus en die kerk te verstaan. Dit blyk dat Paulus al sy ander konsepte op hierdie een bou (Breed, 1985:9-32).

Voorlopige waarnemings

- Bo en behalwe die konsentrasie van "metaforiese" terme in hierdie perikoop, is dit opvallend dat in Efesiërs 5:21-33 die term *hoof* moontlik in 'n dubbelsinnige verband gebruik word. Christus is "Hoof" van die "liggaam" en die man is "hoof" van die vrou.

- Voorlopige waarneming bring ook aan die lig dat in hierdie perikoop die term *hoof* 'n tweevoudige betekenis kan hê: dié van *outoriteit* sowel as dié van *bron* van lewe vir die liggaam. Met ander woorde, net soos die menslike liggaam regeer word deur die *hoof*, maar vir funksionering afhanklik is van die *hoof (kop),* so is dit moontlik waar van die verhouding tussen man en vrou, en veral ten opsigte van die verhouding Christus en die kerk.

- 'n Ander voorlopige waarneming wat die keuse van die metafoor belangrik maak, is die feit dat dit wil voorkom of oral in Efesiërs waar die term *Hoof* gebruik word, dit nooit losstaande gebruik word nie, maar in verhouding tot *liggaam* (vgl. 1:22,23; 4:15,16; & 5:23). Dieselfde geld skynbaar nie vir "*liggaam*" nie. "*Liggaam*" staan soms onafhanklik van "*Hoof*" (vgl. 5:30). Voorts is 5:21-33 die enigste perikoop waar daar moontlik 'n analogiese

verband bestaan tussen *liggaam* (σῶμα) en *vlees* (σάρξ) (vgl. 5:30). Die man word beveel om "lief te hê" soos wat Christus die kerk liefgehad en sy eie lewe (letterlik, sy eie vlees) daarvoor gegee het - omdat hulle één is. Waarop dui hierdie uitdrukking? Is die vrou werklik een vlees met die man of moet die man die vrou liefhê soos wat hy sy eie fisiese liggaam liefhet? In die gedagtegang lyk dit of vers 31 ("en hulle twee sal een vlees word"), net so van toepassing is op Christus en die kerk as wat dit van toepassing is op man en vrou. Maar wat beteken dit? Werp die term μυστήριον enige lig op die onderwerp en is daar ander terme wat meewerk om die metaforiese gebruik van κεφαλὴ en σῶμα beter te verstaan?

- Dit is ook belangrik om die aard van die verhouding *Hoof-en-liggaam* te verstaan. Is dit 'n heersersverhouding, mistieke verhouding of 'n organiese verhouding? Of is dit iets anders?

Dit is vervolgens belangrik om te bepaal of die sleutelterme κεφαλὴ en σῶμα bloot letterlik en/of metafories verstaan moet word en indien wel, watter bydrae hulle lewer om die identiteit van die kerk beter te verstaan.

2.5.1 Gedagtegang van Efesiërs 5:21-33

In die lig van voorlopige waarnemings, wat aantoon waarom Efesiërs 5:21-33 as sleutelgedeelte gebruik word, volg nou 'n uiteensetting van die gedagteopbou:

Die algemene beginsel vir (al drie) verhoudings





Dit val op dat Paulus in hierdie perikoop (5:21-33) die verhouding tussen Christus en die kerk gebruik om sy opdragte aan vrouens en mans ten opsigte van hulle verhouding tot mekaar te struktureer. In vers 22 tot 24 word die verhouding tussen Christus en sy liggaam, die kerk, gebruik om aan vrouens die opdrag te gee dat hulle *onderdanig* moet wees aan hulle mans, terwyl hy in vers 25 tot 32 aan die mans die opdrag gee om hulle vrouens *lief* te hê. Ons het dus met twee vlakke in sy redenasie te make: dié van vrouens en mans en dié van Christus en die kerk.

Hierdie twee vlakke van redenering word aan mekaar verbind met sleutelbegrippe. In vers 22 tot 24 is die sleutelbegrip κεφαλὴ (*Hoof*), wat 'n uitdrukking is vir Christus en die man. In vers 25 tot 33 is die sleutelbegrip σῶμα (*liggaam*) en sy sinoniem σάρξ (*vlees*).

2.5.2 Die "Hoof"-metafoor

Die navorsing moet eers vasstel of die uitdrukking κεφαλὴ in hierdie konteks 'n letterlike uitdrukking is en of dit metafories gebruik word. Daarna sal gekyk word na buitebybelse kontekste (sosiohistoriese), voordat die betekenis binne sy direkte konteks en dié van omliggende perikope ondersoek word.

2.5.2.1 Hoof*: metafoor of letterlik?*

In vers 22 tot 24 word die term κεφαλὴ gebruik om Christus en die man (van die vrou) met mekaar te vergelyk. In watter sin is die term κεφαλὴ 'n uitdrukking van Christus en van die man? Is dit letterlik of metafories? Die feit dat 'n metafoor verskillende betekenisse in onderskeie gemeenskappe kan hê, het tot gevolg dat hy in een geval reeds "dood" (letterlik) kan wees, terwyl dit in 'n ander situasie steeds "lewend" (metafories) kan wees. Is daar enige aanduidings dat die woord κεφαλὴ in 5:22-24 letterlik gebruik word? Dit wil voorkom of die woord in hierdie konteks sy metaforiese krag behou. As bewys kan aangevoer word dat die woord κεφαλὴ in elke verband waarin hy gebruik word (1:22, 4:15 en twee keer in 5:23) sáám met 'n ander aspek van die *liggaamsmodel*[b] gebruik word - soos *gewrigte* en *groei*. Dit maak die metaforiese gebruik van die woord baie lewendig.

Konklusie

κεφαλὴ figureer baie sterk as 'n lewende metafoor.

2.5.2.2 Hoof *as mediese term*

Hoe het die antieke wêreld die verhouding van *hoof* en *liggaam* in hulle letterlike verband verstaan? Is daar karakteristieke eienskappe van *hoof* waarvan Paulus bewus kon gewees het in die gebruik van die metafoor? In 'n oorsig van die Griekse mediese skrywers (Hippocrates [460-380 v.C.] en Galen [130-200 n.C.]) se beskouing van die verhouding *hoof-en-liggaam*, is dit duidelik dat hulle dit reeds so verstaan het dat die brein 'n sentrale funksie vervul in die funksionering van die liggaam (Arnold, 1989:81 en Dawes, 1998:129-133). Galen het skynbaar 'n geskrif die lig laat sien waarin sy beskouing van die verhouding *hoof-en-liggaam* baie naby kom aan die betekenis van die onderliggende metafoor κεφαλὴ in Efesiërs. Dit is dus vanuit hierdie agtergrond heeltemal geregverdig om te aanvaar dat die woord κεφαλὴ as metafoor gebruik is, wat dui op outoriteit. In die tyd toe hierdie brief neergeskryf is, was dit reeds bekend dat die hoof bepalend was vir ander lewensfunksies soos asemhaling, spraak, beweging en sensasie (Dawes, 1998:132).

Konklusie

Dit kan aanvaar word dat daar in die gebruik van κεφαλὴ van 'n lewende metafoor sprake kan wees en dat die gebruik daarvan ooreen kan kom met mediese kennis wat bestaan het oor die funksies van die hoof. Daar is dus 'n organiese verband.

2.5.2.3 Hoof *as mistieke term*

Joodse mistisisme speel 'n belangrike godsdiens-historiese rol in die beskouing van die verhouding *hoof-en-liggaam* in Efesiërs (Lemmer, 1998:472-494). Wat word bedoel met Joodse mistisisme? Joodse mistisisme beteken 'n geloof daarin of ervaring daarvan dat daar dimensies moontlik is wat die normaal-menslike waarneming kan oorskry. Dit is 'n normale verskynsel en kan in godsdienstige sin verklaar word as 'n noodsaaklike element van enige vorm van spiritualiteit - soos gebed - wat daarop gemik is om direkte intuïtiewe ervaring van die bonatuurlike te ontvang.

Onder die Joodse mistisisme het die *merkavah mysticism*, wat in die gesig van Esegiël (Eseg. 1:1-28) sy begronding vind, die belangrikste rol gespeel. Die gesig van Esegiël was 'n algemene aanduiding dat die karakter van die Joodse mistiek te doen het met 'n intense ervaring, waarin daar deur bv. rituele of onthoudings die guns van God verkry kan word en dat in sy teenwoordigheid toegetree kan word (Lemmer, 1998:476). Daar bestaan ook 'n noue verband tussen mistisisme en apokaliptiese literatuur. Die apokaliptiese literatuur bevat altyd mistieke elemente, hoewel die fokus anders is. Apokaliptiek het te doen met spesifieke godsdienstige behoeftes, wat voortspruit uit onsekerheid of verlies aan godsdienstige identiteit as gevolg van politieke en ander opstande (Lemmer, 1998:476).

Net so is daar bepaalde verbande tussen *liggaam* en vroeë Joodse mistisisme (Lemmer, 1998:476-479). Dit staan in verband met wat bekend gestaan het as die *shi'ur qômâh*, "the Measurement of the Body". Dit kom neer op 'n sigbare verskyning van 'n onsigbare liggaam - en is waarskynlik wat met Paulus op pad na Damaskus gebeur het (Lemmer, 1998:477; Arnold, 1989:80). Dit was 'n sigbare verskyning van die opgestane Christus en sigbare manifestasie van die onsigbare God. Die liggaam was 'n verlengstuk van Christus, wat die Hoof is. Die liggaam is

al die gelowiges in Christus. In Efesiërs word hierdie werklikheid voorgestel as 'n misterie wat vir eeue verborge gebly het.

Dit kan met sekerheid gesê word dat Klein-Asië - en daarmee Efese - verbind kan word aan beide Qumran, "merkavah mysticism" én Paulus se denke oor die saak[6] .

Konklusie

Daar is meer ter sprake as net 'n metaforiese gebruik van *Hoof*. Mistieke konnotasies kan aan die uitdrukking verbind word, wat dui op 'n realiteit wat ter sprake is. Dit dui direk op hoe God verbind is aan hierdie wêreld en die gelowiges. Die navorser sal bedag moet wees op betekenisse van die metafoor *hoof-en-liggaam*, wat daarop kan dui dat daar 'n mistieke verteenwoordiging of verbintenis tussen *Hoof* en *liggaam* kan wees.

2.5.2.4 Hoof *in Efesiërs 5:21-33*

Dit blyk dat die metafoor κεφαλὴ op een van twee maniere geïnterpreteer kan word:

- Die eerste is volgens die gedagterigting van Metzger (1949:55); Best (1955:139-159); Ridderbos (1973:426) en Dawes (1998:137-149). Hiervolgens is die sentrale betekenis van κεφαλὴ in Efesiërs 5:21-33 dié van *outoriteit*. Die outoriteit van Christus oor die gemeente is dieselfde outoriteit as dié van die man oor die vrou. Die outoriteit van die man word egter van sy tirannieke mag ontneem met 'n kwalifikasie van die liefde.

- Die ander gedagterigting is dié van Schlier (1965:680), Minnear (1977:219) en Williams (2002:91). Volgens hulle beredenerings is die sentrale

> betekenis van κεφαλὴ in Efesiërs 5:21-33 dié van *bron van lewe*. Die Een wat die lewe onderhou en voed. Markus 10:45 is 'n goeie samevatting van hierdie betekenis: "Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense". Volgens Efesiërs 5:23 word die hoofskap van Christus en die man op dieselfde vlak gestel: Hoof wat die bron van diensbaarheid en lewe is. Die begrip κεφαλὴ het ook 'n eskatologiese betekenis (Schlier, 1965:680). Die liggaam groei in die rigting van die hemelse Hoof, waarin hy uiteindelik sy volle bevrediging sal vind.

Is daar 'n spanning tussen die twee gedagterigtings? Word κεφαλὴ gebruik om *outoriteit* aan te dui of *bron van lewe*?

Die gegewens in die Louw & Nida-woordeboek (Louw & Nida, 1996) lei tot die afleiding dat die woord κεφαλὴ, wat in Efesiërs 5:21-33 voorkom, in die Nuwe Testament in sewe semantiese velde gebruik word: semantiese velde 7,8,23,25,37,49 en 87. Die gebruik van κεφαλὴ, wat in Efesiërs 5:21-33 voorkom, word bespreek onder Semantiese Veld 87.

Louw & Nida (1996) tipeer Semantiese Veld 87 as *Status*, en verdeel die veld in 5 hoofkategorieë. κεφαλὴ word deur Louw & Nida (1996) onder Veld 87 (87.51) ingedeel, by woorde wat *hoë status en rang* aandui (87.19-87.57). κεφαλὴ is die figuurlike verlenging van die woord *hoof*, wat in Semantiese Veld 8.10 verklaar word. κεφαλὴ word volgens Louw & Nida (1996) gebruik vir: *One who is of supreme or pre-eminent status, in view of authority to order or command—'one who is the head of, one who is superior to, one who is supreme over'*. Die woord κεφαλὴ word in Efesiërs 5:21-33 in dieselfde verband gebruik as wat Paulus die begrip gebruik in 1 Kor. 11:3: παντὸς ἀνδρὸς ἡ κεφαλὴ ὁ Χριστός ἐστιν, κεφαλὴ δὲ

γυναικὸς ὁ ἀνήρ, κεφαλὴ δὲ τοῦ Χριστοῦ ὁ θεός - "Christus is die hoof van elke man, en die man die hoof van die vrou, en God die Hoof van Christus".

Elkeen van bogenoemde vertrekpunte gee rekenskap van die gebruik van die woord in sy onmiddelike en wyer kontekste - en tog bly daar 'n verskil. Die enigste wyse waarop die verskil besleg kan word, is om te let op die wyse van die funksionering van metafore. Dit is reeds uitgewys dat 'n metafoor betekenis ontgin deur gebruik te maak van die letterlike gebruik van 'n woord, bv. "Die man is 'n wolf", is 'n metafoor wat gebruik maak van die aanvaarde eienskappe van 'n wolf. Verder: 'n lewende metafoor is per definisie kreatief in die gee van betekenis - dit gee 'n nuwe betekenis aan die aanvaarde gebruik van die woord. Wanneer 'n verklaarder die werking van 'n metafoor ignoreer, kan probleme in interpretasie ontstaan[7].

Indien κεφαλὴ - oral waar die begrip voorkom in Efesiërs - as 'n lewende metafoor funksioneer, soos aangedui, kan dit nie net *heerser* of *bron van lewe* beteken of net as *hoof* vertaal word nie. Dit beteken wel *hoof*, maar met die verstandhouding dat *hoof* as metafoor ook ander betekenisse kan hê. Die interaksie van een woord in verskillende kontekste kan 'n verskeidenheid betekenisse na vore bring. κεφαλὴ kan dus ook as *outoriteit* verstaan word, maar met verskillende betekenisse.

'n Vraag wat rigting kan gee aan die interpretasie, is een wat duidelikheid verkry oor wat die "tenor" van die metafoor is. Die uniekheid van die metafoor in hierdie Skrifgedeeltes is dat daar duidelik subjekte is: die *man* en *Christus*. Die een term *hoof* word gebruik om die twee realiteite met mekaar te vergelyk. Dít wat *Christus* en die *man* met mekaar in gemeen het, is *outoriteit*.
Maar, dan is die volgende ook waar: In vers 25 tot 32 word die woord ἀγαπᾶν (om lief te hê) aan dieselfde "tenors", *Christus* en *man*, verbind - met 'n eksplisiete analogie: (net soos) καθὼς καὶ. Efesiërs 5:21-33 vergelyk *Christus* en *man* op twee verskillende wyses. Die tweede vergelyking (naas outoriteit) is *liefde*. 'n Volgende betekenis word dan gegenereer, wat in bepaalde kontekste die betekenis

van *bron* kan hê. Die twee gedagtelyne word ook deur Arnold gehandhaaf as hy sê: "As 'head' Christ is not only sovereign, but is also the causation of the movement of the body, the dynamic empowering and coordinating the body" (Arnold, 1989:159).

Hierdie vergelyking kan egter nie beteken dat Christus as Hoof deel van die liggaam is nie. (Floor, 1995:194). Die bestudering van μυστήριον op 'n later tydstip kan meer lig werp op die bedoeling van hierdie verhouding.

Konklusie

Die metafoor *Hoof* in Efesiërs 5:21-33 beteken *bron* sowel as *outoriteit*. Die *outoriteit* van die hoof bestaan daarin dat, soos Christus daar is ter wille van (bron is van) die lewe van die liggaam - sy kerk - so is die man as hoof daar ter wille van (bron van) die lewe van háár wat aan hom soos 'n liggaam verbind is - sy vrou. Liefde is die kwalifisering van sy outoriteit.

2.5.2.5 Hoof *in Efesiërs 1:15-23, 1:3-14 en 4:7-16*

Die term κεφαλὴ kom, behalwe in 5:21-33, nog op twee ander plekke in die brief voor, te wete in 1:15-23 (v. 22) en in 4:7-16 (v. 15). Daar is 'n moontlike derde gebruik van die term in Efesiërs se openingsverse (1:10) in die frase: ἀνακεφαλαιωσασθαι τα παντα ἐν τῷ Χριστω / "om alle dinge onder een hoof in Christus te verenig". By die interpretasie van laasgenoemde sal vasgestel moet word of ἀνακεφαλαιωσασθαῖ 'n term is wat enige verband met κεφαλὴ het.

2.5.2.5.1 Efesiërs 1:15-23

Die eerste gebruik van κεφαλὴ in Efesiërs kom hier in 1:22 voor. Die term funksioneer as metafoor, maar nie omdat hy deel is van 'n model (*hoof-en-liggaam*) nie, maar as deel van die fokus. In dié gedeelte is daar 'n duidelike progressie sigbaar: Die openingsdanksegging (v.15-16a) smelt saam tot 'n gebed vir die lesers (v.16b-23). Die gebed vra vir kennis van die hoop van hulle roeping, die rykdom van die heerlikheid van hulle erfdeel en die uitnemende krag van God vir die gelowiges. Hierdie laaste stelling lei tot 'n stelling van wat hierdie krag van God gedoen het. Hy het Christus uit die dood opgewek, Hom aan sy regterhand gesit en "Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is ..." (v. 22-23).

Die eerste saak van belang wat uit die konteks na vore kom, is dat die woord κεφαλὴ die betekenis van outoriteit het. Dít is duidelik vanuit die verband wat die skrywer met Psalm 8:7 trek. Die verwysing na die psalm word verbind met die gebruik van die κεφαλὴ-metafoor en die tweërlei voorkoms van τὰ πάντα. God het *alle dinge* onder die voete van Christus (v. 22a) geplaas en dit is as *hoof* oor *alle dinge* wat Hy Hom aan die *kerk* gegee het (v. 22b). Alle dinge in die sfere van die hemel en aarde is saamgebring onder een Hoof (Lemmer, 1998:483). Al is Christus Hoof oor alle dinge, is dit net die kerk wat sy liggaam is.

Konklusie

Die betekenis van die metafoor κεφαλὴ het in hierdie perikoop dieselfde betekenis as in Efesiërs 5:21-33. Christus is *Hoof* van sy liggaam in outoritêre sin, maar met die doel om aan hom te gee wat hy nodig het om sy roeping te vervul (die Bron van lewe). Die dubbele outoriteit wat Christus oor *alle dinge* en oor sy liggaam - sy kerk

- het, laat die vermoede bestaan dat Hy iets wil sê vir die kerk in sy verhouding ten opsigte van "alle dinge". Die bestudering van πλήρωμα (2.5.4.2) kan ook lig werp op die betekenis van hierdie verhouding.

2.5.2.5.2 Efesiërs 1: 3-14

Efesiërs 1:22 verduidelik die *Hoofskap* van Christus as Hoof oor *alle dinge*. In 1:10 word ook gepraat van Christus se verhouding tot die kosmos en dat hy 'n term, wat deur talle kommentatore (vgl. byvoorbeeld Best, 1955:147 en 1998:141) aanvaar word as van κεφαλὴ afkomstig is, gebruik - naamlik ἀνακεφαλαιώσασθαι. Omdat ἀνακεφαλαιώσασθαι in werkwoordelike sin gebruik word, kan *hoof* nie as metafoor verklaar word nie.

Konklusie

Die verhouding waarin Christus tot die kosmos staan in 1:10 gee aan *hoof* dieselfde betekenis as in 1:22, al word dit nie as metafoor verklaar nie. Christus is Hoof van alle dinge.

2.5.2.5.3 Efesiërs 4:7-16

In hierdie perikoop is duidelik sprake van 'n lewende metafoor. Hier is ook sprake van 'n opeenstapeling van semanties verwante woorde in dieselfde konteks. Die letterlike betekenis van κεφαλὴ is steeds teenwoordig in die skep van die woord se figuurlike betekenis. Nie alleen σῶμα (twee keer gebruik in v. 16) nie, maar ook die

term ἀφῆ (gewrig) en αὔξησιν (groei), word van dieselfde onderliggende model afgelei. Die "tenor" van die metafoor κεφαλὴ is Christus. Wat word van Hom gesê?

In 1:22 is die metafoor *Hoofskap* gebruik om die outoriteit van Christus te onderstreep. Maar dieselfde metafoor met dieselfde hoofsubjek funksioneer hier anders. In vers 16, met die woorde *groei* en *ondersteun* saam met κεφαλὴ, is daar 'n sterk aanduiding dat Christus as Hoof die bron is van daardie groei. In dié sin is hierdie gedagtegang dieselfde as dié van 5:29. Waar κεφαλὴ in 1:22 en 4:15 (net soos in 5:23) op outoriteit dui, word dit hier gebruik om die organiese groei van die liggaam te verseker.

Konklusie

Die metafoor hou met die onderliggende model van die liggaam twee dinge bymekaar: die liggaam groei, maar die bron van groei is die Hoof. Die metafoor belig ook die verantwoordelikheid van elke lid as deel van die liggaam om die groei te stimuleer.

2.5.2.6 Samevattende konklusies

2.5.2.6.1 *Hoof* word as lewende metafoor in al die perikope wat bestudeer is gebruik, behalwe in Efesiërs 1:10. Dáár is die betekenis egter dieselfde as in die gevalle waar *Hoof* wel as metafoor gebruik word (vgl. 2.5.2.5.1 en 2.5.2.5.3). *Hoof* staan nie in 'n letterlike sin in verhouding tot die liggaam, soos 'n kop deel is van 'n lyf nie, maar organies (vgl. 2.5.2.5.2).

2.5.2.6.2 In die gedeeltes waar die *Hoof* (Christus) in verhouding staan tot die *liggaam*, het dit dieselfde betekenis as waar die *hoof* (man) in

verhouding staan tot sy vrou, as sy "liggaam". In albei gevalle is dit 'n gekwalifiseerde outoriteit. Die kwalifikasie is *hoof* as bron van lewe (vgl. 2.5.2.4).

2.5.2.6.3 *Hoof* het in al die perikope 'n uitgebreide betekenis, naamlik *outoriteit*, maar in dié sin dat die outoriteit in diens staan van die *liggaam* (kerk en vrou). Die *Hoof/hoof* is die bron van lewe (by Christus in 'n geestelike sin en in die geval van die man, in figuurlike sin). Omdat outoriteit gekwalifiseer word, kan die verhouding as 'n organiese verhouding gesien word. Christus is nie 'n onderdeel van die liggaam, soos die hoof (kop) van die liggaam is nie (vgl. 2.5.2.4).

2.5.2.6.4 Die besondere gebruik van *hoof* in Efesiërs 1:22 kan belangrike implikasies hê. Hoewel Christus Hoof van alles is (die kosmos en die kerk), staan Hy nie in dieselfde verhouding tot hulle nie. In hierdie stadium is dit nog 'n vraag waarop 'n studie van die term πλήρωμα moontlik meer lig sal kan werp. Die vermoede bestaan dat hier 'n missionêre ekklesiologiese, sowel as eskatologiese perspektief, teenwoordig is (vgl. 2.5.2.5.1).

2.5.2.6.5 Christus is nie net *Hoof* van die *liggaam* (sy kerk) nie, maar ook *Hoof* van alle dinge, bedoelende die hele kosmos (vgl. 2.5.2.5.2).

2.5.2.6.6 Die *Hoof*, Christus, se outoritêre gesag oor sy liggaam, die kerk, is om sy liggaam op te bou en te voed. Sy liggaam beantwoord die gesag uit respek en is gehoorsaam aan die Hoof. Gehoorsaamheid veronderstel roepingsgetrouheid (vgl. 2.5.2.5.2).

2.5.3 Die "Liggaam"-metafoor

Die tweede sleutelterm in Efesiërs 5:21-33, naamlik die term σῶμα (*liggaam*), word nou ondersoek. Die term verskyn drie keer in die perikoop: in vers 23, vers 28 en in vers 30. Daar is reeds aangetoon dat die eerste sleutelterm, κεφαλὴ, 'n belangrike plek in die brief as geheel inneem. Dieselfde sal waarskynlik van σῶμα gesê kan word - wat ook voorkom in 1:15-23, 2:11-22, 3:1-13 en 4:1-16.

2.5.3.1 Liggaam *in Efesiërs 5:21-33*

Die gegewens in die Louw & Nida-woordeboek (Louw & Nida, 1996) lei tot die afleiding dat die woord σῶμα in die Nuwe Testament in agt semantiese betekenisvelde gebruik word. Slegs twee semantiese betekenisvelde het betrekking op die navorsing.

- Die eerste veld (Veld 8) word verdeel in drie hoofkategorieë, naamlik *Body* (Subveld 8.1-8.8), *Parts of the Body* (8.9-8.69) en *Physiological Products of the Body* (8.70-8.77). Die gebruik van σῶμα in Efesiërs is letterlik en word vertaal met *Body* (Subveld 8.1) (Louw & Nida, 1996).

- In die tweede veld (Veld 11) word σῶμα in die Nuwe Testament in vyf hoofkategorieë verdeel, naamlik *General* (Subveld 11.1-11.11), *Socio-religious* (Subveld 11.12-11.54), *Socio-Political* (Subveld 11:55-11.89), *Ethnic-Cultural* (Subveld 11.90-11.95) en *Philosophical* (Subveld 11.96-11.97). σῶμα, in die gebruik van Efesiërs, val onder die tweede groep: *Socio-religious* (Subveld 11.34) en word getipeer as "a figurative extension of meaning of σῶμα 'body'" (8,1) (Louw & Nida, 1996). Die betekenisveld

word hier omskryf as "believers in Christ who are joined together as a group, with the implication of each having a distinctive function within the group - 'congregation, Christian group, church'" (Louw & Nida, 1996).

Konklusie

Die woord σῶμα word in Efesiërs in letterlike en figuurlike sin gebruik. In die ondersoek van die verskillende verse en perikope in Efesiërs waarin σῶμα voorkom, moet aangedui word of die woord in die letterlike of figuurlike sin gebruik word en watter betekenis dit het.

2.5.3.1.1 Efesiërs 5:23c

Die eerste gebruik van σῶμα in Efesiërs 5:21-33 is in vers 23c. Een van die funksies van die woord in hierdie konteks is om Christus en die *man* van mekaar te onderskei (Grosheide, 1960:86). Hierdie is een aspek waarin die *Hoofskap* van Christus verskil van dié van die man. As Christus Verlosser is van die liggaam (kerk), volg dit nie dat die man verlosser is van die vrou nie. Hierdie uitdrukking is 'n manier waarop Paulus wil verseker dat die metafoor nie verkeerdelik toegepas word nie (Dawes, 1998:150).

Daar is min twyfel dat die term σῶμα in vers 23c metafories gebruik word. Die gebruik van σῶμα as verwysing na die kerk, is 'n konsekwente gebruik van die term in die ander perikope (1:15-23, 2:11-22, 3:1-13, 4:1-6 & 4:7-16). Semanties kan aanvaar word dat Paulus nie hier van 'n fisiese liggaam praat nie. Die gebruik van σῶμα is dus figuurlik. Die metafoor funksioneer deurgaans as 'n lewende metafoor. Paulus gebruik die woord σῶμα nege keer in die brief en in vyf van die nege gevalle

(1:13, twee keer in 4:16 en 5:23,30) word σῶμα gebruik in noue verband met ten minste een term wat nou verwant is aan die letterlike betekenis van die woord *liggaam.* Die beste voorbeeld is 4:16, waar die *model* (*liggaam*) die mees uitgebreide gebruik word. In 5:23 word die beskrywing van Christus as σωτηρ τοῦ σῶμα τό / "Verlosser van die liggaam" onmiddelik ná die stelling dat Hy κεφαλὴ τῆ ἐκκλησιᾶ / "Hoof van die kerk" is, as 'n ondergeskikte gebruik gesien (Dawes, 1998:151). Die letterlike betekenis van σῶμα is steeds aan die werk (net soos in die geval van κεφαλὴ) en rondom hierdie letterlike betekenis word ander verwante terme gebruik (soos bv. in 4:16 - ἁφῆ [ligamente] en αὐξησιν [groei]).

Die vraag kan gevra word hoekom Paulus die kerk in vers 23c σῶμα noem. Hoekom sê Paulus nie bv. "van wie Hy die Verlosser is nie"? Die verklaring lê daarin dat hy semanties verwante woorde gebruik, wat deel is van die model (Dawes, 1998:152). Die term κεφαλὴ roep as't ware die ander term, σῶμα, op - wat deel is van die *model, liggaam.* Die twee dele van die argument word later verder uitgewerk:

- Christus as *Verlosser van die kerk* word verder beskryf in vers 25 tot 27.
- Die argument van die *kerk as sy liggaam* word in vers 28 tot 32 verder beskryf.

Konklusie

Die term σῶμα in 23c, verbind die twee helftes van die argument van 5:21-33 - die oproep aan die vrouens (gebaseer op κεφαλὴ) in vers 22 tot 24 en dié aan die mans (gebaseer op die voorbeeld van Christus en die term σῶμα) in vers 25 tot 32 - aan mekaar. Die σῶμα (kerk) is hier die ontvanger (van verlossing) en met dít wat hy ontvang, moet iets mee gedoen word. In sy verband is dit onderdanigheid wat gevra word. Wat hierdie onderdanigheid inhou, moet nog nagegaan word.

2.5.3.1.2 Efesiërs 5:28

Twee vrae kan hand van die vers gevra word:

- In watter sin word die term σῶμα in vers 28 gebruik?
- Word σῶμα hier letterlik of metafories gebruik?

Ten opsigte van die **eerste vraag**, is daar een van twee moontlikhede vir die uitdrukking ὡ τα ἑαυτων σῶμα τα.

- Dit kan beteken dat mans hulle vrouens moet liefhê: "soos hulle liefhet - hulle eie liggame" (Stott, 1997:229)
- Mans moet hulle vrouens "liefhê - asof - die vrou die man se eie liggaam is" (Roberts, 1990:166).

Stott kies vir die eerste moontlikheid as hy sê "He who loves his wife loves himself". Roberts weer kies vir die tweede moontlikheid. Roberts se moontlikheid lyk die aanvaarbaarste omdat hy sy verklaring grond op die skeppingsordonansie (Gen. 2:24).

Die antwoord op die eerste vraag is dus: Soos die Gesalfde met sy liggaam, die kerk, gedoen het, en soos elke mens met sy eie liggaam doen, naamlik om dit liefdevol te versorg, so moet die man in die huwelik ook met sy liggaam, sy 'huweliksliggaam' -sy vrou, doen.

Ten opsigte van die tweede vraag, naamlik *Is* σῶμα *in vers 28 'n metafoor?*: Die neiging is om dit so op te neem omdat al die ander gebruike van σῶμα in Efesiërs skynbaar metafories is. Naderby beskou, blyk dit hier die teendeel te wees. Ter wille daarvan om die samehang tussen begrippe te verseker, moet σῶμα hier in sy letterlike betekenis (Subveld 8.1 volgens Louw & Nida) gebruik word. Dit behoort

duidelik te wees dat die term σῶμα in vers 28 nie verstaan kan word sonder verwysing na die term σαρξ (*vlees*) in vers 29 nie. Εαυτοῦ (die refleksiewe voornaamwoord) in vers 29 maak dit duidelik dat die twee terme dieselfde verwysing het (Dawes, 1998:154).

Die antwoord op die tweede vraag is dus dat σῶμα hier letterlik gebruik word, maar dat dit steeds deel vorm van die metafoor, omdat die gebruik deel vorm van die model waarin liggaam gebruik word.

Konklusie

Hierdie vers is 'n goeie voorbeeld van hoe 'n term in sy letterlike of figuurlike gebruik, deel van die metafoor kan bly omdat hy deel is van die model. Hierdie vers gee 'n nadere beskrywing van die hoof se verhouding tot sy liggaam, in dié geval, sy vrou. Die verhouding is 'n organiese verhouding.

2.5.3.1.3 Efesiërs 5:30

Die argument in vers 28 en 29 word opgevolg in vers 30 met die stelling dat Christus omgee vir die kerk as sy *liggaam*. Hoe word die term in vers 30 gebruik? Dit wil voorkom of daar 'n parallelle gebruik van σῶμα in vers 29 en 30 is. In vers 28 is aangedui dat σῶμα 'n letterlike gebruik is van die term. Hoe moet die term in hierdie konteks verstaan word? Dit is reeds aangedui dat κεφαλὴ nie in hierdie perikoop gebruik word nie en dat daar dus geen verwante gebruik kan wees nie. Tog word in vers 30 'n semanties verwante woord μέλη ('n liggaamsdeel) aangetref, wat inpas by die onderliggende model van *liggaam* wat gebruik word. Op grond

hiervan kan gesê word dat hier weer 'n lewende metaforiese gebruik van die begrip is.

In sy konteks is dit duidelik dat vers 30 wil benadruk dat Christus omgee vir die kerk, "sy liggaam".

Samevattend

Die gebruik van σῶμα in vers 25 tot 32 is vergelykbaar met die gebruik van κεφαλὴ in vers 22 tot 24. Albei terme het 'n bindende faktor, wat die twee vlakke van argumentasie van die analogie (*hoof-liggaam*) waarop die argument rus, bymekaar hou.

Paulus bereik in vers 30 die klimaks van sy argument (Stott, 1997:230). Die feit dat vers 30 die enigste plek in Efesiërs is waar Paulus uitdruklik sê ὅτι μελη ἐσμεν τοῦ σῶμα τοσ αὐτοῦ, "ons is lede van sy liggaam", beklemtoon die feit dat Paulus hier 'n samevatting gee (in 4:25 sê hy 'ons is lede van mekaar' en in 4:16 gebruik hy μηροσ, wat *deel* beteken - hoewel albei uitdrukkings dieselfde strekking het as in 5:30).

Samevattende konklusie

Paulus herinner die mans aan Christus se sorg vir die kerk en dat hulle as lede van Christus se liggaam, ontvangers is van sy sorg. Die belangrike punt hier is dus: ontvangers moet ook gewers kan wees. Ontvangers van sy sorg moet dit meedeel aan ander. Hier is die verantwoordelikheid van mededeling vir man en vrou teenoor mekaar.

2.5.3.2 Liggaam *in Efesiërs 1:15-23, 2:11-22, 3:1-13, 4:1-6 en 4:7-16*

Die term σῶμα kom nege keer in Efesiërs voor. Daarvan is reeds drie voorkomste bestudeer, naamlik dié in 5:21-33. Die term kom ook voor in 1:23, 2:16 en 4:4 sowel as 4:12 en 4:16 (twee keer). 'n Verwante term, σύσσωμα (wat net hier in die Nuwe Testament voorkom), kom in 3:6 voor. In die lig hiervan word die volgende perikope ondersoek: Efesiërs 1:15-23, 2:11-22, 3:1-13, 4:1-6 en 4:7-16 - om 'n geheelbeeld van die voorkoms van σῶμα in Efesiërs te kry, soos wat reeds gedoen is met κεφαλὴ.

2.5.3.2.1 Efesiërs 1:15-23

In die bespreking van die perikoop in 2.5.2.5.1 is aangetoon dat κεφαλὴ 'n lewende metafoor is. Dieselfde argument geld vir die term σῶμα, omdat die term in verhouding tot κεφαλὴ gebruik word. κεφαλὴ en σῶμα kan nie in hierdie geval aan dieselfde model - naamlik *liggaam* - verbind word nie. Christus word aangedui as κεφαλὴ van die kosmos, maar die kosmos word nie as σῶμα aangedui nie. Slegs die kerk is σῶμα. Hulle is dus deel van dieselfde fokus. Die skrywer sê, terwyl Christus aangestel is oor *alle dinge*, is dit slegs die kerk met wie hy in hierdie spesifieke verbintenis staan as *Hoof* van die *liggaam*. Die liggaam staan dus in 'n besondere verhouding tot *alle dinge*. Wat die verhouding is, sal eers vasgestel kan word wanneer die begrip *volheid* verklaar word (sien 2.5.4.3).

Konklusie

Sy liggaam staan in 'n besondere verhouding teenoor die "alle dinge", maar dit is nog nie heeltemal duidelik wat hierdie verhouding behels nie. Daar kan moontlik 'n analogie wees tussen die verhouding tussen die man en vrou en die liggaam en *alle dinge* van vers 22.

2.5.3.2.2 Efesiërs 2:11-22

Hoewel die sintaktiese samestelling van hierdie perikoop moeilik is om te verklaar, is die gedagtegang in die perikoop redelik duidelik en voor die hand liggend. Die perikoop begin met 'n herinnering aan die lesers se vorige lewensstaat as heidene en dat hulle wat ver was, nou naby Christus gekom het (v. 11-3). Die volgende verse (v. 14-18) verduidelik hoe dit moontlik geword het. Vers 19 tot 22 beskryf hulle nuwe staat teenoor die oue. Dit is in vers 14 tot 18 - in die beskrywing van die versoeningswerk van Christus - wat die uitdrukking gevind word: ἑν ἑνι σῶμα τι ("en albei in een liggaam met God kon versoen). Na wie verwys σῶμα, na 'n fisiese liggaam of metafories na die gemeente as liggaam? As motivering dat dit na die gemeente as liggaam is, kan gestel word dat die uitdrukking *een liggaam* baie moontlik aansluit by Efesiërs 4:4, waar gepraat word van die *een liggaam* as die kerk, asook by vers 18 se ἐν ἑνὶ πνεύματι ("deur een Gees"). Hoewel dit waarskynlik die geval is dat *een liggaam* na die kerk verwys, sluit dit nie die moontlikheid uit dat dit ook op Christus kan wys nie, omdat sy "een liggaam" die subjek van versoening was. Die moontlikheid waarop Ridderbos (1973:421) wys, is ten minste 'n aanduiding hoe nou verbonde Christus se natuurlike liggaam met sy kerk as liggaam is, maar dit beteken geensins dat hulle met mekaar vereenselwig mag word nie.

Konklusie

Die parallel met die frase ἓν σωμα (*een liggaam*) is 'n baie sterk aanduiding dat die direkte verwysing van σῶμα in Efesiërs 2:16 die kerk is. Die noue verbondenheid wat daar bestaan tussen Christus en sy kerk bevestig dat die kerk onder geen omstandighede los gemaak of los gesien kan word van Christus nie.

- Die liggaam van Christus is die enigste weg tot versoening van "Jode en nie-Jode". Die metaforiese gebruik van liggaam kan reeds daarop dui dat die kerk, as die liggaam van Christus, die instrument is om hierdie versoening te bewerk. Verdere ondersoek van die term *eenheid* kan hierop meer lig werp.

2.5.3.2.3 Efesiërs 3:1-13

Die volgende gebruik van die term σῶμα, is met vers 6 in 3:1-13. Vers 6 is 'n beskrywing van die inhoud van die μυστηρίῳ τοῦ Χριστοῦ / "insig in die verborgenheid van Christus" in vers 4. Die inhoud van die *misterie* is dat heidene mede-erfgename is - asook medelede van die liggaam en mededeelgenote aan die beloftes in Christus deur die evangelie. Om dit te sê, stel Paulus 'n nuwe woord saam, συσ σῶμα, wat net hier voorkom. Die gebruik van die term συσ σῶμα word parallel met σῶμα in 2:16 as metafoor gebruik op grond van die inhoud en gedagtegang wat dieselfde is.

Konklusie

Hierdie metaforiese gebruik van *liggaam* is sterk verbind aan die *misterie* van verlossing en van mense buite die liggaam wat deel van die liggaam word deur die verkondiging van die evangelie. Daar sal egter dieper ingegaan moet word op die begrip *misterie*, om verdere konklusies te kan maak.

2.5.3.2.4 Efesiërs 4:1- 6

Omdat hierdie perikoop later in meer besonderhede bespreek gaan word in die bespreking van die term *eenheid* (2.5.4.1), word hier volstaan met enkele

opmerkings. Daar is min in die direkte konteks wat daarop dui dat σῶμα as lewende metafoor gebruik word. Dit is opvallend dat hier, net soos die geval is in die vorige twee perikope, σῶμα alleen staan sonder verwysing na κεφαλὴ.

Konklusie

Die term σῶμα word hier gebruik om die feit van die *eenheid* van gelowiges te onderstreep. Hulle is één liggaam en hulle moet hulle Godgegewe eenheid bewaar.

2.5.3.2.5 Efesiërs 4:7-16

Die term σῶμα word in die perikoop op twee plekke, vers 12 en vers 16, gebruik. Die spesifieke betekenis van die *liggaam*-metafoor in vers 12, kan verstaan word vanuit die konteks waarin hy gebruik word. Die verse wat op vers 12 volg, verbind die *liggaam* met groei tot volwassenheid. Die verse wat vers 12 voorafgaan, praat van die verskeidenheid van Christus-gawes en die verskillende dienste in die gemeente vanweë die verskeidenheid gawes. Vers 12 sê dan dat dit as gevolg van die gawes en bedieninge is wat die kerk groei (ontwikkel).

Die assosiasie van die liggaam met die hoof kom eers na vore as dieselfde gedagte op 'n ander manier in vers 16 ontwikkel word. In vers 16 is σώμα (wat twee keer voorkom) deel van 'n reeks terme wat almal verwant is aan die model van die menslike liggaam. Hierdie verse druk die groei van die liggaam uit en die feit dat die liggaam vir sy groei afhanklik is van sy hoof. σῶμα is dus in vers 16 'n metafoor wat, saam met κεφαλὴ, die besondere band tussen die kerk en Christus benadruk. Die kerk groei self, maar altyd in afhanklikheid van sy *Hoof*.

Konklusie

σῶμα het 'n dinamiese karakter van groei deur middel van gawes. Die dinamiese karakter van die groei van σώμα is afhanklik van die verhouding daarvan tot die Hoof, Christus, as Gewer van die gawes.

2.5.3.3 Samevattende konklusies

2.5.3.3.1 Die term σώμα funksioneer deurgaans as 'n lewende metafoor, hetsy deur gebruikmaking van 'n model of 'n fokus.

2.5.3.3.2 Paulus herinner die mans aan Christus se sorg vir die kerk en dat hulle as lede van Christus se liggaam, ontvangers is van sy sorg. Die belangrike punt hier is: ontvangers moet ook gewers kan wees. Ontvangers van sy sorg moet dit meedeel aan ander. In onderdanigheid en uit roepingsbesef moet die liggaam die verantwoordelikheid aanvaar om vir ander te sorg (vgl. 2.5.3.1).

2.5.3.3.3 Terwyl Christus aangestel is oor *alle dinge*, is dit slegs die kerk met wie Hy in hierdie spesifieke verbintenis staan, wat aangedui word met die metafoor van die liggaam. Dit bring mee dat sy liggaam (die kerk) in 'n besondere verhouding staan teenoor die *alle dinge*. Ons kan moontlik hier daaraan dink dat daar 'n analogie kan wees tussen *die verhouding van die man en vrou* en *liggaam en alle dinge* van vers 22 (vgl. 2.5.3.2.1).

2.5.3.3.4 In die lig daarvan dat daar so 'n nou verbondenheid bestaan tussen Christus en die kerk - die ontvanger van versoening - en dat die kerk

'n verantwoordelikheid het tot troue roepingsvervulling (2.5.3.1), moet daar ook 'n noue verband bestaan tussen die dra en die uitdra van versoening (vgl. 2.5.3.2.2). Christus is die enigste weg tot versoening van "Jode en nie-Jode" (Ef. 2:14) met die liggaam. Die metaforiese gebruik van liggaam kan reeds daarop dui dat die kerk as die liggaam van Christus die instrument is om hierdie versoening te bewerk (vgl. 2.5.3.2.2). 'n Verdere ondersoek van die term *eenheid* kan hierop meer lig werp.

2.5.3.3.5 Die metaforiese gebruik van *liggaam* is sterk verbind aan die *misterie* van verlossing en van mense buite die liggaam, wat deel van die liggaam word (2.5.3.2.3.) Daar sal egter dieper ingegaan moet word op die begrip *misterie* om verdere konklusies te kan maak.

2.5.3.3.6 Die term σώμα word hier gebruik om die feit van die *eenheid* van gelowiges te onderstreep. Hulle is één liggaam en hulle moet hulle Godgegewe eenheid bewaar (2.5.3.2.4).

2.5.3.3.7 Die term σώμα gee uitdrukking aan 'n dinamiese karakter van groei deur middel van gawes. Die dinamiese karakter van groei van die σώμα is afhanklik van die verhouding daarvan tot die Hoof, Christus, as Gewer van die gawes (2.5.3.5).

2.5.4 *Eenheid, Misterie* en *Volheid*

Die navorsing het tot dusver gefokus op die regte beskouing ('verstaan') van die metafoor: *Christus-en-kerk as "Hoof-en-liggaam".* Daarvoor is intensief ondersoek gedoen na die terme κεφαλὴ en σώμα. In die ondersoek het dit na vore gekom dat daar 'n aantal terme in die konteks van κεφαλὴ en σώμα is wat moontlike verdere lig

kan werp op die beskouing van die metafoor en hulle toepassing - wat belangrik kan wees vir interpretasie met die oog op 'n beter begrip van die missionêre ekklesiologie van die kerk. Die terme is:

- Eenheid - ἑνότης, εἷς, μία, ἕν in Efesiërs 5:21-31, 2:11-22, 4:1-16.
- Misterie - μυστήριον in Efesiërs 5:21-33, 1:3-14, 3:1-13, 6:10-20.
- Volheid - πλήρωμα in Efesiërs 1:23, 3:19 en 4:13.

Motivering

- In die voorafgaande ondersoek na die gebruik van 'n metafoor is aangetoon dat die navorser bedag moet wees op die gebruik van ander terme wat die metafoor lewend hou (vergelyk 2.3).
- In die ondersoek van κεφαλὴ in Efesiërs 1:15-23 (2.5.2.5.1) is reeds in die konklusie aangetoon dat dit noodsaaklik is om die term πλήρωμα te ondersoek met die oog op meer duidelikheid van die metafoor se betekenis binne sy verband (sien konklusies by 2.5.2.5.1). Die regte interpretasie van die *Hoofskap* van Christus in sy verhouding tot gelowiges en die wêreld, kan moontlik meer lig werp op die ekklesiologie en missionêre opdrag aan die kerk .
- In die ondersoek van σῶμα in Efesiërs 3:1-13 (2.5.3.2.3) is aangetoon dat dit belangrik sal wees om die voorkoms van die term μυστήριον te ondersoek. Dit kan moontlik veral meer lig werp op die eskatologiese vervulling wat in die metafoor *Hoof-en-liggaam* opgesluit is (sien konklusies by 2.5.3.2.3).
- In die studie van σώμα in Efesiërs 2:11-22 (2.5.3.2.2) is aangetoon dat dit noodsaaklik blyk te wees om die term εἷ, μια, ἑν ενἑνο,τησ (*eenheid*) verder te ondersoek. Dit kan moontlik meer lig daarop werp om die metaforiese gebruik van *hoof* en *liggaam* sinvol te interpreteer (sien konklusies by 2.5.3.2.2).

2.5.4.1 Eenheid

Die begrip *eenheid* neem 'n belangrike plek in Efesiërs in. Dít blyk uit die feit dat eksegete *eenheid* die sentrale tema maak van Efesiërs (Best, 1955:151 en Dawes, 1998:170), asook die feit dat 'n opname (Bible Works, 1998) van terme wat uitdrukking gee aan *eenheid* (ἑνότης, εἷς, μία, ἕν) toon dat dit 125 keer voorkom in Efesiërs.

In die lig van die bevinding in 2.5.3.2.2 mag die term addisionele lig werp op die metaforiese verhouding tussen *Hoof* en *liggaam* (sien konklusies 2.5.3.3).

Die gegewens in die Louw & Nida-woordeboek (Louw & Nida, 1996) lei tot die afleiding dat die woorde ἑνότης, εἷς, μία en ἕν in die Nuwe Testament in slegs een semantiese betekenisveld gebruik word: Semantiese Veld 63.

Louw & Nida (1996) tipeer Semantiese Veld 63 as *Whole, Unite, Part, Divide* en verdeel die veld in sewe hoofkategorieë. Ενότης, εἷς, μία en ἕν word deur Louw & Nida (1996) ingedeel by woorde wat *Whole* as betekenisveld het (63.1-63.4). Ενότης behoort tot Subveld 63.3, wat dui op 'n staat van eenheid (*a state of oneness - 'unity, oneness'*): τηρεῖν τὴν ἑνότητα τοῦ πνεύματος / "om die eenheid van die Gees te bewaar" (Ef. 4.3). In Efesiërs 4:13: καταντήσωμεν οἱ πάντες εἰς τὴν ἑνότητα τῆς πίστεως / "totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof. Louw & Nida (1996) toon aan dat hierdie uitdrukking, "die eenheid van ons geloof", die ekwivalent is van "ons glo asof ons almal een persoon is" of "ons glo op een en dieselfde manier".

Verdere werkswyse: Ondersoek word in drie perikope gedoen, naamlik: Efesiërs 5:21-31, 2:11-22 en 4:1-16.

2.5.4.1.1 **Efesiërs 5:21-31** het een verwysing na *eenheid* - die woorde σάρκα μίαν (*een vlees*) in vers 31. Die vraag in hierdie verband is: Waarna verwys hierdie uitdrukking? Wat is die "een vlees"-eenheid wat vers 31 beskryf? Die eenheid tussen man en vrou weerspieël iets van die eenheid tussen Christus en die kerk, wat sy liggaam is (Floor, 1995:195). In die Christelike huwelik het man en vrou die opdrag om hierdie wonderlike eenheid in hulle onderlinge verhoudinge deursigtig te maak. Die geheim van die liefde tussen man en vrou het sy diepere wortels in die ewige liefde van Christus vir sy gemeente.

Konklusie

Die voorbeeld van die eenheid tussen Christus en die gemeente word toegepas op die eenheid tussen man en vrou. Dit werp nie meer lig as wat reeds bevind is in 2.5.3.1 nie.

2.5.4.1.2 In **Efesiërs 2:11-22** kom die term *eenheid* vier keer voor (in 2:14, 2:15, 2:16 en 2:18). In 2:14 begin Paulus om Christus se versoeningswerk te beskryf ("Hy is ons vrede...") en gaan voort met 'n volgende stelling: ὁ ποιησασ τα άμφοτερα ἓν (v. 14). Uit die konteks is dit duidelik dat die eenheid verwys na die eenheid van Jood en heiden as vrug van die versoeningswerk. Die gedagtegang wat in vers 14 begin is, ontwikkel nou verder. Hy beskryf hoe dié twee (Jood en heiden) één geword het en dít lei tot twee nuwe verwysings na eenheid. In Efesiërs 2:15 is dit ἕνα καινον ἀνθρωπον. Wie is hierdie "een nuwe mensheid"? Hierdie uitdrukking staan parallel met 2:16 se ἑνι σῶμα τι (*een liggaam*). Hierdie vers verwys nie na Jood en

heiden se versoening met mekaar nie, maar na die plek waar die versoening met God plaasvind - die *een liggaam*. Die vierde verwysing na eenheid in vers 18 sluit in 'n sekere sin aan by vers 16. Hoewel die versoening 'n vertikale versoening is, is hierdie nie 'n vertikale eenheid waarvan sprake is nie. Die vertikale versoening is slegs moontlik deur die Gees (v. 18). Twee dinge word duidelik:

- Die eenheid waarvan in 2:11-22 sprake is, is 'n eenheid tussen twee groepe - Jood en heiden. Deur die versoening wat Christus bewerk, word die skeiding tussen Jood en heiden in die kerk opgehef. Die lede van die kerk kom uit alle samelewingsverbande en hulle word in die kerk tot 'n nuwe eenheid verenig. In dié eenheid word dit duidelik hoedat mense van verskillende rasse of volke deur hulle geloof in Jesus Christus met mekaar in vrede kan leef (Floor, 1995:114).

- Elke verwysing na eenheid in die perikoop en die brief in geheel, is 'n verwysing na 'n horisontale eenheid, eenheid van twee groepe met mekaar -met die uitsondering van 5:31. Die brief maak wel 'n onderskeiding tussen die twee vorme van eenheid, dié tussen die nuwe skepping van 'n nuwe mens in wie Jood en heiden verenig en die versoening (eenheid) van beide hierdie groepe met God.

Konklusie

Die "Hoof", Christus, gee opdrag tot versoening tussen gelowige en heiden, maar die versoening kan net in Hom plaasvind. Hy gee die opdrag en Hy neem die inisiatief, maar die versoening wat eenheid bewerk vind in die liggaam plaas. Heidene word saam met gelowiges

een met Christus en met mekaar. Die eenheid (en versoening) is vertikaal (met Christus) en horisontaal (met mekaar).

2.5.4.1.3 In die behandeling van die term *liggaam* in **Efesiërs 4:1-16**, is reeds gesien dat hierdie verse verwys na die eenheid van die kerk en die groei van die liggaam deur beoefening van gawes wat Christus geskenk het. In vers 4 tot 6 word sewe keer verwys na *een*. Die bedoeling is duidelik. Dit is 'n uiteensetting van die aard van die eenheid wat gelowiges in stand moet hou en dat die eenheid begrond is in die eenheid met God. Paulus is konsekwent in sy gebruik van die begrip eenheid, soos in 2:1-11 aangedui is, 'n horisontale eenheid (nie in die eerste plek hulle vertikale eenheid met God nie). Maar, in 4:1-16 is daar twee verwysings na eenheid (ἑνοτησ), wat die enigste verwysings in die Nuwe Testament is van die term (v. 3 & 13) (Bible Works, 1998). Volgens die gegewens van Louw & Nida (1996) is dit duidelik dat die term ἑνοτησ in die Nuwe Testament in slegs een semantiese betekenisveld gebruik word (Veld 63). Louw & Nida (1996) tipeer die semantiese veld waarin die term voorkom as *Whole* (63.1-63.4) met die betekenis van *'a state of oneness'* (63.3) wat bewerk is. Om dié rede kan die gebruik van *eenheid* in vers 3 dui op 'n eenheid wat bewerk is deur die Heilige Gees en nie 'n eenheid op grond van onderlinge ooreenkoms nie (Dawes, 1998:176).

Die tweede verwysing is in vers 13, waar die doel "die opbou van die liggaam" is (v. 12), "totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof (εἰ την ἑνοτητα τῆ πιστεὠ) en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus". Dit gaan dus hier om die verwesenliking van die strewe wat in vers 5 genoem is: "een geloof". Vers 13 het net soos vers 3 iets te sê vir die rol wat Christene te vervul het in die opbou van die liggaam. Daar is bevind dat, terwyl vers 5 (as verklaring van vers 3)

een geloof aandui as gegewe, die eenheid van geloof van vers 13 iets is wat nog toegeëien moet word. Die konteks bevestig ook dat Christene 'n belangrike rol te vervul het om die *eenheid van geloof* te bereik.

Samevatting

Paulus gebruik die begrip *eenheid* op twee maniere:

- As indikatief en horisontaal, om die nuwe eenheid van Jood en heiden in die liggaam van Christus te onderstreep.

- Op imperatiewe wyse, om Christene op te roep om die *eenheid van die kerk* op te bou en te onderhou. Die belangrike uitsondering is 5:31, wat in 'n sekere sin dieselfde gedagtegang van 2:11-22 na vore bring - die eenheid van twee partye. Maar, in hierdie gevalle is die partye totaal verskillend. Die "een vlees"-eenheid van Gen. 2:24 gee 'n dubbele verwysing - die eenheid van man en vrou en dié van Christus en die kerk. Hierdie verskil in taalgebruik kom ooreen met die verskil in die gebruik van die term μυστήριον, wat baie nou verwant is en wat volgende behandel word.

Konklusie

Die liggaam, die kerk, is die plek waarbinne versoening moet plaasvind en die eenheid tot verwesenliking moet kom. Die kerk kan nie praat van eenheid as die eenheid net tussen gelowiges van dieselfde agtergrond en kultuur is en dit nie ook getoets word deur 'n multikulturele saamkom van gelowiges nie.

2.5.4.1.4 Samevattende konklusie

Die ondersoek na die begrip *eenheid*, met die doel om meer duidelikheid te kry op die metaforiese gebruik van die verhouding *Hoof-en-liggaam* (sien 2.5.4.1) en die hipotese dat verdere ondersoek meer lig kan werp op die plek van die liggaam as Christus se instrument om hierdie versoening te bewerk (sien 2.5.3.2.2), het die volgende resultate gelewer:

2.5.4.1.4.1 Christus gee die opdrag en neem die inisiatief om *Jode* en *nie-Jode* één te maak, maar die eenwording vind binne-in die liggaam van Christus plaas.

2.5.4.1.4.2 Die vertikale versoening met Christus word horisontaal in die liggaam 'n werklikheid.

2.5.4.1.4.3 Hierdie eenheid oor kultuurgrense heen, is 'n manifestasie aan die wêreld van die genade van God in Jesus Christus.

2.5.4.1.4.4 Die soeke na eenheid is nie net 'n opdrag nie, maar dit is ook 'n moontlikheid (vgl. 2.5.3.3.4).

2.5.4.2 Misterie

In die ondersoek van σώμα in Efesiërs 1:15-23 (2.4.3.2.1) en Efesiërs 3:1-13 (2.4.3.2.3) is aangetoon dat dit belangrik sal wees om die voorkoms van die term μυστήριον te ondersoek. Dit kan veral moontlik meer lig werp op die eskatologiese vervulling wat in die metafoor *hoof-en-liggaam* opgesluit is (vgl. 2.4.3.2.3).

Dit is belangrik om die term μυστήριον in die konteks van Efesiërs te ondersoek vir die verstaan van die *Hoof-* en *liggaammetafore*. Lemmer (1998:494) lê klem op die innige verband tussen σώμα en μυστήριον en die belang daarvan vir die begrip van σῶμα in die brief. Kostenberger (1991:80) beklemtoon die Ou-Testamentiese agtergrond vir die begrip μυστήριον en dui aan dat μυστήριον op een van drie maniere verstaan kan word (1991:82):

- Die eerste verstaanswyse van die term in Efesiërs 5:32 is in terme van 'n simbool of sakrament van die mens se huweliksverhouding. In die gebruik van die term word die klem op die huwelik geplaas.
- Die tweede gebruik is tipologies. In die mens se huweliksverhouding word gesoek na hoe die eenheid tussen Christus en die kerk lyk.
- Die derde interpretasie van μυστήριον sê die huwelik staan op analogiese wyse in verband met die eenheid van Christus en die kerk. Hiervolgens is Paulus se primêre verwysing na die eenheid tussen Christus en die kerk in die lig van die betekenis van die huwelik.

Die gegewens van Louw & Nida (1996) lei tot die afleiding dat die term μυστήριον in die Nuwe Testament in slegs een semantiese betekenisveld gebruik word, naamlik Semantiese Veld 28.

Louw & Nida (1996) tipeer Semantiese Veld 28 as *Know*, en verdeel die veld in 5 hoofkategorieë. μυστήριον word deur Louw & Nida (1996) ingedeel by hoofkategorieë met woorde wat dui op *Not able to be known, Secret*. Die inhoud van dit wat nie voorheen geweet kon word nie, maar wat geopenbaar is aan 'n spesiale groep (*ingroup or restricted constituency* [Louw & Nida, 1996]). Louw & Nida (1996) toon aan dat dit problematies is om die begrip in Engels te vertaal met *mystery*, omdat die term verwys na 'n geheim wat mense probeer het om te ontbloot, maar waarin nie geslaag kon word nie. In baie gevalle word μυστήριον

vertaal met 'n frase wat beteken *that which was not known before*, met die implikasie dat dit ten minste aan sommiges geopenbaar is.

Werkswyse: Ondersoek word gedoen in vier perikope waarin die term voorkom, naamlik Efesiërs 5:21-33, 1:3-14, 3:1-3 en 6:10-20.

2.5.4.2.1 Efesiërs 5:21-33

In Efesiërs 5:21-33 word die term μυστήριον in vers 32 gebruik. In hierdie spesifieke gedeelte is daar nie 'n aanduiding dat Paulus die aandag wil vestig op die Skriftuurlike oorsprong waarop hy sy stelling grond nie. Hy sinspeel op Gen. 2:24, maar gebruik dit nie deur te sê "Nou verklaar ek dit", soos hy bv. doen in Efesiërs 4:8 met verwysing na Psalm 68 nie. Maar dit is nie die belangrike saak waaroor dit hier gaan nie. Vir die doel van die studie is dit belangrik om aan te dui na wie of wat die μυστήριον verwys. Vanuit die konteks van Efesiërs 5:21-33 kan die begrip μυστήριον soos volg geparafraseer word: *Dit is Christus se verhouding met die kerk wat ek beskryf as 'n groot geheimenis* (Dawes, 1998:183 en Kostenberger, 1991:85). Wat is dit wat hy wil sê van Christus en die kerk wat hy beskryf as τὸ μυστήριον τοῦτο? Die ουτοσ in die frase τὸ μυστήριον τοῦτο is rigtinggewend. Sy verwysing is na 'n saak in die vergelyking. Dit is onwaarskynlik dat hy verwys na *man* en *vrou* in vers 33, maar eerder na die και ἐσονται οἱ δυο εἰ σάρκα μίαν ("en hulle twee sal een vlees wees"). Die inhoud van die misterie is dat Christus en die kerk één geword het, net soos man en vrou één word in die huwelik (Kostenberger, 1991:93).

Dit beteken dat die σάρκα μίαν van vers 31 twee verwysings het, man en vrou, maar ook Christus en die kerk. Hierdie dubbele verwysing korrespondeer met die analogiese struktuur van die perikoop as geheel. Tot nou toe was die parallel

tussen man en vrou en Christus en die kerk 'n eksplisiete analogie. μυστήριον is in hierdie konteks 'n implisiete metaforiese aanduiding van die twee eenhede. Eenhede wat van mekaar verskil. Die term μυστήριον word hier nie met dieselfde betekenis gebruik as in 1:9 en 3:4-7 nie (Floor, 1995:195). Die huwelik is nie in die sin *geheimenis* wat eers verborge was en later as misterie bekend geword het nie. *Geheimenis* het hier veral die betekenis van iets wat ondeurgrondeliks is en nie in sy volle diepte gepeil kan word nie (Floor, 1995:195). Die eenheid tussen man en vrou weerspieël iets van die eenheid tussen Christus en die kerk, wat sy liggaam is. Hierdie geheimenis gee aan die eenheid van Christus en sy liggaam (kerk) sowel as dié van man en vrou 'n eskatologiese dimensie (De Klerk, 1997:76).

Konklusie

Dít wat vir God belangrik is, moet ook vir sy kerk belangrik wees, naamlik dat Christus en sy kerk op aarde één word. Hierdie eenheid is 'n geheimenis, maar bly nie 'n verborgenheid nie. God openbaar dit en dit word 'n realiteit - soos die eenheid tussen man en vrou in die huwelik 'n realiteit is (vgl. 2.5.3.3.6). Dit is die diepte van die eenheid wat onpeilbaar is. Al is die diepte van die eenheid nou nog nie "ten volle" 'n werklikheid nie, is dit dít waarop die kerk hom in sy roepingsvervulling moet rig. Die eskatologiese motief bevestig dat dit alreeds in hierdie bedeling moontlik is.

2.5.4.2.2 **Efesiërs 1: 3-14:** Die term μυστήριον kom in vers 9 voor. In die openingsperikoop beskryf Paulus God se werk vir gelowiges op verskillende maniere. God het hulle uitverkies. Dit was in sy voorbeskikking om hulle sy kinders te maak, om sy genade te loof wat Hy oor hulle uitgestort het. In die genade het hulle nie net vergifnis ontvang nie (v. 7), maar ook wysheid en insig (v. 8). Hierdie laaste gedagte word opgeneem in vers 9a: God het aan ons die

"verborgenheid van sy wil" bekend gemaak. Die oorvloed van God se genade aan hulle het ingehou die openbaarmaking van sy doel daarmee. Die inhoud van μυστήριον is die bymekaarbring van die twee sfere - hemel en aarde - en dat al dié dinge (by name die twee sfere) onder die regering van een Hoof geplaas is, Jesus Christus (Floor, 1995:57). God het in sy wysheid besluit dat die kerk op 'n besondere wyse 'n aandeel moet hê in sy plan aangaande die skepping. Die kerk moet by wyse van spreke in die wêreld al iets sigbaar maak van God se uiteindelike doel met die skepping en mensheid (Floor, 1995:61). Die kerk is hierin 'n instrument in die hande van die Gees. Wat spesifiek die kerk se aandeel in hierdie magtige restourasiewerk aan die skepping is, is op hierdie punt nog nie duidelik nie. In die bespreking van die begrip πλήρωμα (*volheid*) in 1:22 en 23, kan hieroor moontlik meer duidelikheid verkry word. Wat egter hier duidelik is, is dat in die begrip misterie, 'n eskatologiese perspektief na vore kom. Daar is sprake van 'n erfenis wat in vers 11 tot 14 uiteengesit is. Hulle wat nou reeds glo is nie die laaste wat deel word van hierdie misterie nie. Daar is nog ander wat verlos moet word (Lemmer, 1998:483; Dawes, 1998:186).

Konklusie

Die begrip μυστήριον bring na vore dat God in Christus, as Hoof, hereniging bring aan 'n verskeurdheid wat daar was. Die kerk se rol hierin is nie net dat hy kan weet wat die eenheid is nie, maar dat hy 'n belangrike rol vervul in die proses van herstel in die verskeurdheid. Die herstelproses behels waarskynlik ook dat die geheimenis aan nog meer bekend sal word.

2.5.4.2.3 **Efesiërs 3: 1-13:** Die voorkoms van μυστήριον in vers 3, 4 en 9 word bestempel as 'n mees volledige behandeling daarvan (Dawes, 1998:187). Die perikoop gee 'n uiteensetting van Paulus se bediening en maak drie dinge bekend: die openbaring van die geheim (3:1-5), die inhoud van die geheim (3:6) en die verkondiging van die geheim (3:7-13) (Floor, 1995:124).

In vers 3 sê Paulus dat dit deur 'n openbaring is wat die μυστήριον aan hom bekend gemaak is. Die inhoud van die misterie, soos in die vorige perikoop (Ef. 1:3-14) aangedui, is die wonder van die opname van heidene in die kerk van Christus en daarmee die eenwording van Christus en die kerk, sy liggaam. Gelowiges uit die Jode en die heidene word nou met mekaar verenig omdat hulle in Christus verenig is. As deel van die liggaam, deel die heidene nou in dieselfde erfenis as hulle wat reeds deel is (Floor, 1995:128; Best, 1998:302 en Lemmer, 1998:489. Vergelyk ook 2.4.4.1).

Die groot heilsplan wat God ontwerp en nou bekend gemaak het, moet nou uitgevoer word. Die geskenk (genade) wat dit moontlik maak om dit te doen, het God met krag aan Paulus gegee (dit was sy bekering). Wat die voorreg (geskenk-genade) is wat Paulus ontvang het, is dat hy nou onder die volke die rykdom van Christus kan verkondig (letterlik: *evangeliseer* - εὐαγγελίζεσθαι). Die veelkleurige wysheid van God kan nou bekend gemaak word en dit word sigbaar deur die effek van die evangelie: 'n gemeente uit al die volke (Floor, 1995:131).

Konklusie

God maak nie net sy groot heilsplan van verskillende volke wat nou saam verenig word in die kerk aan sommiges bekend nie, maar dit moet verder uitgedra (verkondig) word sodat ook ander aan wie God die geheimenis bekend wil maak, dit kan hoor.

2.5.4.2.4 **Efesiërs 6: 10-20:** Paulus roep gelowiges op om vir hom 'n plek in te ruim in hulle gebede om hierdie geheimenis met vrymoedigheid te kan verkondig. Blykbaar was Paulus ook vir die manier waarop hy die geheimenis onder woorde bring en in 'n rede saamvat, van die Heilige Gees afhanklik. Dit was nie vir hom 'n roetine nie. Hy moes elke keer volhardend bid as hy aan mense in hulle persoonlike omstandighede hierdie geheimenis bekend wou maak.

Konklusie

Die bekendmaking van die groot misterie van God se eenwording met mense uit alle volke is nie 'n roetinesaak nie. Dit is 'n saak wat goeie voorbereiding, toewyding en gehoorsaamheid vereis.

2.5.4.2.5 Samevattende konklusie

Die geheimenis wat geopenbaar word, is die eenheid tussen Christus as Hoof en die kerk as sy liggaam (die evangelie van versoening, vgl. 2.5.4.1). Hierdie eenheid is net soos die eenheid tussen man en vrou 'n onpeilbare eenheid en het te doen met 'n herstel van verskeurdheid. Die kerk speel, in die bekendmaking van die

geheimenis, 'n belangrike rol. Die kerk moet die geheimenis in biddende soeke onder leiding van die Heilige Gees in verskillende kontekste bekend maak deur evangelieverkondiging.

2.5.4.3 Volheid

In die besinning oor σῶμα in 2.5.3.2.1, is aangedui dat die volle betekenis van die verhouding van die *liggaam* tot *alle dinge*, eers bepaal kan word wanneer die betekenis van die begrip πλήρωμα nagegaan word in sy verhouding tot *Hoof*, *alle dinge* en *liggaam*. Dit word nou gedoen in die ondersoek na die betekenis van Efesiërs 1:22 en 23.

Die gegewens in die Louw & Nida-woordeboek (Louw & Nida, 1996) lei tot die afleiding dat die woord πλήρωμα in die Nuwe Testament voorkom in twee semantiese velde: Semantiese Velde 59 en 67.

Louw & Nida (1996) tipeer Semantiese Veld 59 as *Quantity* en verdeel die veld in agt hoofkategorieë. Semantiese Veld 67 word getipeer as *Time* en verdeel in tien hoofkategorieë, wat weer onderverdeel is in drie afdelings: 1) *Points of time*; 2) *Duration of time* en 3) *Units of time*.

Onder Semantiese Veld 59 kom πλήρωμα voor in Subveld 59.36 en Subveld 59.32. Subveld 59.32 het die betekenis om die *'completeness'* van tyd aan te dui. Subveld 59.36 het die betekenis van *'quantity which fills a space'*.

Onder Semantiese Veld 67 kom πλήρωμα voor in Subveld 67.69. Subveld 67.69 het die betekenis van *'the totality of a period of time, with the implication of proper completion'*.

Delling (1976) verklaar dat πλήρωμα in Efesiërs 1:23 die σῶμα aandui as *ten volle gevul deur die magtige werk van Christus.* Hy toon ook aan dat daar 'n belangrike verwantskap is tussen πλήρωμα in Efesiërs 1:23 en die voorkoms daarvan in Efesiërs 3:19.

Efesiërs 1:22 en 23 word as die hoofgedagte (Roberts, 1990:13) of strukturele sentrum (Jordaan, 1990:53) van die eerste hoofdeel van die brief gesien en bepaal daarom die strekking van die hele brief. Die verwagting is dat hierdie teks, waar πλήρωμα in apposisie tot σῶμα staan, besondere betekenis vir die onderwerp sal hê. Duidelikheid oor 1:22 en 23 is van groot belang vir die sterk onderliggende metafoor in Efesiërs wat tot nou toe ondersoek is: *Christus-en-kerk as "Hoof-en-liggaam".* Hierdie verse is veral belangrik om vanuit Efesiërs duidelikheid te kan kry aangaande Paulus se missionêr-ekklesiologiese standpunt (Lemmer, 1998:462). Dit behoort duidelik te maak wat die verband is wat Paulus lê tussen die allesomvattende betekenis van Christus as Hoof van *alle dinge* en sy posisie as Hoof van die gemeente (Ridderbos, 1973:432).

'n Vergelyking van die twee Afrikaanse vertalings (Ou Afrikaanse Vertaling [OAV] en Nuwe Afrikaanse Vertaling [NAV]) met mekaar, laat blyk dat daar belangrike interpretasieverskille is:

OAV: "En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul." (Bybel, 1990.)

NAV: "Aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk. Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul." (Bybel, 1990.)

Twee vrae kom na vore:

- Het God Christus as Hoof "bo alle dinge" - die hele wêreld en almal wat daarop leef - gestel, of is Hy net Hoof van die kerk, sy liggaam?
- Wat word verstaan as Paulus hier sê "Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul"? Kan uit die stelling 'n opdrag aan die kerk, sy liggaam, afgelei word of nie?

❑ **Vraag 1:** ***Het God Christus as Hoof "bo alle dinge" - die hele wêreld en almal wat daarop leef - gestel, of is Hy net Hoof van die kerk, sy liggaam?***

Die plek van die verse in die konteks van Efesiërs1:15-23 is 'n belydenis wat gegrond is op die voorafgaande gebed. Die και waarmee vers 22 begin is waarskynlik eerder 'n "ja" as "en" (Roberts, 1990:55).

- God het alles aan Jesus onderwerp;
- God het Hom bo alles verhef; en
- God het Hom aangestel as Hoof van die kerk.

Die probleem lê by die tweede en derde gedagte-eenhede. Die tweede gedagte-eenheid, naamlik "God het Hom bo alles verhef", moet waarskynlik lees: "God het Hom Hoof gemaak oor alle dinge". Die derde gedagte-eenheid, "God het Hom aangestel as Hoof van die kerk", moet waarskynlik lees: "God het Hom aan die kerk (of gemeente) gegee" (Roberts, 1990:55).

Konklusie

Daar bestaan nie twyfel oor die standpunt dat Christus Hoof is oor alle dinge én dat Hy Hoof is van die kerk nie. *Hoof* word hier, soos in al die ander gebruike van die metafoor, as outoriteit aangedui en daarom gaan dit oor outoriteit (vgl. 2.5.2.6.5 en 2.5.2.6.6). Christus is wêreldhoof oor alle geskape dinge, maar as wêreldhoof

woon Hy in die kerk as liggaam en laat Hy dit lewe. Sy heerskappy in die wêreld en in sy liggaam is nie dieselfde nie (vgl. 2.5.2.6.2).

- **Vraag 2:** ***Wat word verstaan as Paulus hier sê "Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul"? Kan uit die stelling 'n opdrag aan die kerk, sy liggaam, afgelei word of nie?***

Die kerk is volgens Paulus vervul met Hom wat alles in almal vol maak of vervul. Dit is die letterlike betekenis van πλήρωμα. Gaan die *vervul* oor heerskappy of oor iets anders? Die vraag is of die werkwoord *vervul* as medium (met aktiewe betekenis) of passief verklaar moet word. Word die werkwoord as 'n passief verstaan, beteken dit dat Christus ten aansien van alles en in alle opsigte gevul word. Dit lyk nie of dit 'n aanvaarbare moontlikheid is nie (Floor, 1995:85 en Dawes, 1998:242). Dit pas ook nie dat in vervulling 'n vorm van heerskappy ingelees word nie. Daarom moet die werkwoord as mediale vorm gesien word (Floor, 1995:85). Christus vervul vanuit Homself alle dinge. Met alle dinge word ongetwyfeld die ganse heelal bedoel, of alles wat geskape is. Die groot lyn in hierdie moeilike teks is die aktiwiteit van Christus of die krag van God wat deur Christus geopenbaar word. Paulus bid dat die gemeente hierdie magsvolle teenwoordigheid van God sal leer ken. Christus het mag oor alles. Sy magsgebied is uitgestrek oor die hele skepping en in die skepping is die kerk as Christus se πλήρωμα ten volle betrokke. Daar loop 'n lyn van Christus deur die kerk na alles wat geskape is (Floor, 1995:85 en Arnold, 1989:83). In die kerk oefen Christus sy heerskappy reeds uit en hierdie heerskappy moet sigbaar word in al die hoeke van die kerk se bestaan (Berkhof, 1962:64). Die kerk het in hierdie opsig 'n profeties – eksemplariese funksie (Berkhof, 1962:66; Ridderbos, 1973:437; Pelser, 1979:164), wat tot uitdrukking kom deur πλήρωμα wanneer die "*volheid*" as gawe en as doel gesien word. Verkondiging neem hierin 'n belangrike plek in. Enersyds is dit grondleggend vir die "volheid" as gawe en andersyds met die oog op die doel. Berkhof sê dan (1962:67): "Maar ook die verkondiging naar buiten is noodzakelijk om het profetisch en plaatsvervangend zijn der Kerk tot uitdrukking te brengen."

Volgens Van Engen (1991:56) en Gnilka (bygehaal deur Floor, 1995:86) het die kerk as πλήρωμα van Christus 'n spesifieke taak om die liefde en vrede van Christus te proklameer. Nie as magsmiddel nie, maar as instrument. Christus wil die ganse skepping in al sy fasette deurdring met die seëninge van sy heerskappy. Die bloed van Christus is vir almal, daarom mag die kerk nooit ophou om te roep, uit te nooi en nader na Hom te trek nie. Die kerk is betrokke by die πλήρωμα van alle dinge, deur verkondiging van die Woord. Nie net die kerk moet gevul word nie, maar "alle dinge" (Van Engen, 1991:56).

As liggaam van Christus is die doel en bestemming van die kerk dus in sy πλερωμα te vind, kwalitatief op sy eie vervulling en kwantitatief op die uitbreiding van die volheid na die wêreld.

Konklusie

In Christus as Hoof van sy liggaam, sy kerk, trek alles saam. Hy is as Hoof oor alles gestel, maar die kerk het Hy in beginsel volgemaak (vervul) met alles wat in God is. Die wêreld moet dit nog hoor en sien. Dít is die kerk se missionêre taak. Ekklesiologies is die kerk missionêr in vervulling van sy roeping op aarde.

2.5.5 Samevattende konklusies: Die betekenis van *Hoof* en *liggaam* in bepaling van die identiteit van die kerk

Figuur 7: Gemodelleerde voorstelling

2.5.5.1 Formele konklusie

Hoof en *liggaam* funksioneer deurgaans as lewende metafoor (vgl. 2.4.2.6 en 2.4.3.3). *Hoof* word egter altyd saam met *liggaam* gebruik, hoewel *liggaam* soms alleenstaande voorkom (vgl. 2.4). Die belangrikste beginsel wat die kerk se identiteit definieer is dat Christus as Hoof van die kerk nooit voorgestel kan word sonder verhouding tot sy liggaam, die kerk nie.

2.5.5.2 *Materiële konklusie*

2.5.5.2.1 *Hoof* het in alle gevalle wat ondersoek is 'n uitgebreide betekenis, naamlik *outoriteit*, maar in die sin dat die outoriteit in diens staan van die liggaam (2.5.2.4).

2.5.5.2.2 Die *Hoof* is die bron van lewe (vgl. 2.5.2.4) en daarom daarop gerig om sy liggaam op te bou en te voed (vgl. 2.5.2.5.1).

2.5.5.2.3 Sy liggaam beantwoord die gesag uit respek en is gehoorsaam aan die Hoof. Gehoorsaamheid hou in roepingsgetrouheid (vgl. 2.5.2.5.2).

2.5.5.2.4 Roepingsgetrouheid bestaan daarin dat die versoening wat die liggaam met die Hoof ontvang het, verder gedra word na hulle wat buite die liggaam is (2.5.3.2.2).

2.5.5.2.5 Eers wanneer die liggaam deur benutting van al sy gawes hierdie instrument in die versoening ís, funksioneer dit optimaal en is daar groei moontlik (2.5.4.2).

2.5.5.2.6 Die liggaam is instrumenteel die plek waar versoening plaasvind. Die vertikale versoening met Christus word horisontaal in die liggaam 'n werklikheid (2.5.4.1).

2.5.5.2.7 Waar hierdie versoening in gehoorsame roepingsvervulling plaasvind, word die misterie van die eenheid (2.5.4.2) 'n sigbare manifestasie aan die wêreld van die Hoof se dienende heerskappy, wat alle verskeurdheid herstel sodat Hy alles in almal kan wees (2.5.4.3).

2.5.5.3 Samevattend

Die brief van Paulus aan die Efesiërs is in wese 'n missionêre geskrif wat uitdrukking gee aan die missionêre ekklesiologie (soos weergegee in 2.5.5.2), wat die identiteit van die kerk bepaal.

Aantekeninge by Hoofstuk 2

---

1 Gerhard Kittel (Kittel, 1976), maak die belangrike opmerking dat die woord "ekklesia" glad nie voorkom in Markus, Lukas, Johannes, 2 Timoteus, Titus, 1 Petrus, 2 Petrus, 1 Johannes, 2 Johannes of Judas nie. Die feit dat die woord "ekklesia" nie in een van hierdie boeke voorkom nie, bevestig die teorie van Minnear (1977:22-27) dat 'n studie van metafore vir die kerk baie belangrik is.

2 Alhoewel die opskrif heel vroeg gelees het: "...aan die heiliges wat in Efese is", dui sommige van die oudste en betroubaarste getuies (verwys *Codex Sinaiticus*, soos daarna verwys word deur Simpson & Bruce, 1975:23) daarop dat die woorde "in Efese" nie deel van die oorspronklike teks uitgemaak het nie.

3 Belangrikste werke van Max Black is: *Models and Metaphors: Studies in Language and Philosophy* (sien Black, 1962 in bibliografie) en *More about Methaphor* (Black, 1979:431-57). Die belangrikste werk van I.E. Richards is *The Philosophy of Rhetoric* (1936).

4 Van Engen se opsomming is: "The most important of these are saints (used nine times), body (used eight times), soldier with armour (used eight times), and wife (used seven times). A series of lesser images embellish the major conceptions: chosen people of God (used four times), sons or family (used four times), workmanship, building, or temple (used three times), a song of praise or offering (used two times), a new man, or new self (used two times). Finally a whole range of images flash once: the breadth, length, height and depth of love, imitators of God, kingdom of Christ, children of light, wise men, and ambassadors."

5 Dawes (1998:116-121) onderskei tussen *metafoor* en *model* deur *model* te definieer as "a consistent imaginative construct or a consistent pattern of thought by means of which apparently isolated phenomena may be seen to be related to one another".

6 Vgl. ook in dié verband die artikel van Markus Barth (1984:2-3) wat veral verwys daarna en sê: "A great role is played in Ephesians by the term 'mysterion'. It occurs six times and has not the same meaning as the several mysteria mentioned in apocalyptic and Qumram writings, also in 1 Corinthians. The weight of this term raises the question whether Mystery-Religions and -cults have left traces upon this letter." Lemmer (1998:176-479) beantwoord die vermoede baie duidelik.

7 Dawes (1998:126) verwys na 'n sekere Stephen Bedale, wat "hoof" met "bron/arch" vertaal en "hoof" so as 'n dooie metafoor toepas. Bedale voer ook 'n argument aan om "hoof" met "over-lord/ heerser" te vertaal in Ef 4:15.

AFDELING 1 - HERMENEUTIESE KOMPONENT

HOOFSTUK 3: DIE IDENTITEIT VAN DIE KERK VOLGENS MERKTEKENS VAN DIE KERK

Die navorsing se fokus, naamlik om deur die regte beskouing ('verstaan') van die identiteit van die kerk (vgl. 1.2) te kom tot 'n suiwer missionêr-ekklesiologiese verklaring wat in die praktyk geëvalueer (verklaar) en strategies toegepas kan word, lei die navorser om te soek na 'n antwoord op die vraag: Wat is die merktekens van die kerk? Verskillende teoloë het hulle in hul ondersoek na die identiteit van die kerk toegespits op die merktekens van die kerk. Onder hulle is: Küng (1976:263-359); Moltmann (1977:337-361); Du Plooy (1982:121-184); Van Engen (1991:25-179); Scudieri (1997:66-77); Link (1999:239-262) en Dulles (1999:14-28). Al bogenoemde navorsers se ondersoeke is gefokus op die betekenis van die frase: "Ek glo aan een, heilige, algemene en apostoliese kerk" in die Geloofsbelydenis van Nicea.

Die ondersoek in hierdie hoofstuk sal sentreer rondom hierdie vier begrippe (*eenheid*, *heiligheid*, *katolisiteit* en *apostolisiteit*). In Afdeling 1, Hoofstuk 2 van hierdie navorsing, is 'n dieptesnit gemaak van 'n sentrale metafoor in die brief van Paulus aan die Efesiërs, naamlik die metafoor *Hoof-en-liggaam*. In die konklusies (2.5.5.2) is tot die bevinding gekom dat daar 'n besondere verhouding bestaan tussen Christus as Hoof en die kerk as liggaam. Die liggaam is instrumenteel die plek waar versoening plaasvind. Die vertikale versoening met Christus word horisontaal in die liggaam 'n werklikheid (2.5.5.2.6). Waar hierdie versoening in gehoorsame roepingsvervulling plaasvind, word die misterie van die eenheid (2.5.5.2.7) 'n sigbare manifestasie aan die wêreld van die Hoof se dienende heerskappy, wat alle verskeurdheid herstel sodat Hy alles in almal kan wees (2.5.5.2.7). Die verhouding tussen *Hoof* en *liggaam* gee uitdrukking aan 'n missionêre ekklesiologie, wat die identiteit van die kerk bepaal (2.5.5.3).

Uit die samevatting van die bevindings in Hoofstuk 2 (2.5.5.2) kan vier sake afgelei word:

- Daar is sprake van 'n geheimenisvolle (misterie-) **eenheid** wat sigbaar word (2.5.5.2.7).
- Die evangelie van versoening word verkondig in troue roepingsvervulling (2.5.5.2.3), wat uitdrukking gee aan **heiligheid**.
- In die liggaam (kerk) waar versoening 'n horisontale werklikheid word (2.5.5.2.6), kom mense saam uit alle volke (Jood en heiden), wat uitdrukking gee aan die **katolieke** gestalte van die kerk.
- Die versoening wat werklikheid word, is die vrug van troue roepingsvervulling (2.5.5.2.4 en 2.5.5.2.5) wat uitdrukking gee aan die **apostoliese** gestalte van die kerk.

Die hipotese waarmee in hierdie hoofstuk gewerk word, is dat dit waarskynlik is dat hierdie vier merktekens as pilare van 'n missionêre ekklesiologie dien - wat hulle basis vind onder andere in die brief aan die Efesiërs en 'n belangrike rol vervul het in die vroeë Christelike kerk en so neerslag gevind het in die belydenis van Nicea.

3.1 Werkplan en metode

- Die hoofstuk begin met 'n ondersoek na een van die oudste belydenisse van die kerk, die belydenis van Nicea, om na te gaan hoe die kerk in die eerste eeue sy identiteit verstaan het. Die ondersoek is 'n literêre ondersoek.

- Voorts probeer die ondersoek vasstel of die begrippe *eenheid, heiligheid, katolisiteit* en *apostolisiteit* as merktekens en aanduiding van die identiteit van die kerk reeds in beginsel in die brief van Paulus aan die Efesiërs gevind kan word. Die ondersoek word aan die hand van bepaalde gedagtestrukture

en 'n literêre ondersoek gedoen. In die geval van die bespreking van *heiligheid* word 'n komponensiële analise van die begrip ἅγιος gedoen. Komponensiële analises van die begrippe *eenheid* (vgl.2.5.4.1), *misterie* (vgl. 2.5.4.2) en *volheid* (2.5.4.3) is reeds gedoen en daar sal daarna terugverwys word.

- Die boodskappe van Johannes aan die sewe gemeentes in Klein-Asië (Openbaring 2 en 3) sal as openbaringshistoriese kontrole aangewend word, om na te gaan of die merktekens *eenheid, heiligheid, katolisiteit* en *apostolisiteit* ook by die gemeentes gevind kan word as aanduiding van die identiteit van die kerk. Die ondersoek word ook aan die hand van gedagtestrukture en 'n literêre ondersoek gedoen.

3.2 Merktekens van die kerk volgens Nicea

In die eerste onderafdeling van die hoofstuk, word 'n ondersoek gedoen na een van die oudste belydenisse van die kerk - die belydenis van Nicea - om na te gaan hoe die kerk in die eerste eeue die identiteit van die kerk verstaan het.

3.2.1 Histories

Tydens die eerste Konsilie van Konstantinopel (381 n.C.) is ná die byvoeging van 'n vierde merkteken, die *apostoliese* (naas die *eenheid, heiligheid* en *katolisiteit*), die sogenaamde *Niceano-Constantinopolitanum* as belydenis van die kerke wat daar verteenwoordig was, aanvaar. By die vierde Konsilie van Chalcedon (451 n.C.) is die Geloofsbelydenis van Nicea, saam met die uitbreiding van Konstantinopel, as belydenis vir die hele Christelike kerk aanvaar. Die laaste byvoeging by die teks van die Geloofsbelydenis van Nicea is gedoen in 589 n.C., toe die Derde Nasionale Sinode van Toledo sitting geneem het. By die artikel wat oor die Heilige Gees

handel, is die sogenaamde *Filioque* ("en van die Seun") bygevoeg. Die teks wat ons vandag gebruik, lui dat die "Gees van die Vader en van die Seun" uitgaan. Omdat die besluit nie deur die ekumeniese konsilie geneem is nie, maar deur 'n nasionale sinode in die Westerse Kerk, wou die Oosterse Kerk nooit die byvoeging aanvaar nie. Uiteindelik sou die Westerse (Rooms-Katolieke) en die Oos-Ortodokse Kerke in 1054 finaal skeur, onder andere oor die *Filioque* (Dreyer, 2000:5 & 8).

3.2.2 'n Geloofsbelydenis

Wanneer die begrippe *een, heilig, katoliek* en *apostolies* gebruik word om die aard en karakter van die kerk (die merktekens) te beskryf, moet dit sigbare kwaliteite van die kerk wees wat werklik bestaan (Dulles, 1974:126). Wanneer abstrak oor die eienskappe nagedink word, verloor dit voeling met die werklikheid waarin hulle bestaan. Die enigste wyse waarop 'n kerk geëvalueer kan word, is volgens wat gesien kan word (Getz, 1975:16). Maar die kerk ís nie dit wat in die werklikheid op die oog af gesien kan word nie: hy is in beginsel **een** maar tog in die praktyk verdeeld, **heilig** maar tog vol sonde, **universeel** maar tog plaaslik, **apostolies** maar tog vasgevang in tradisies van bepaalde tye. Die merktekens is deel van die kerk se belydenis omdat hulle uit die geloof ontstaan het en maak daarom deel uit van 'n belydenis van die Drie-enige God (Moltmann, 1977:337). Die vier eienskappe is daarom nie net merktekens alleen nie, maar ook geloofsverklarings (Watson, 1978:334; Clowney, 1995:71; Naude, 2002:50-53).

Die **eenheid** van die kerk is nie in die eerste plek 'n eenheid van sy lede nie, maar 'n eenheid met (in) Christus - wat sy kerk saamgeroep het en in alles met hulle meeleef (vgl. 2.5.5.2.7).

Net so is die **heiligheid** van die kerk 'n heiligheid van (in) Christus, wat Hy deur regverdigmaking aan sy kerk gee (2.5.5.2.3 en 2.5.5.2.4).

Die **katolisiteit** is geloof in die Heerskappy van Christus (vgl.2.5.5.2.6).

Die **apostolisiteit** van die kerk kan alleen verstaan word binne die raamwerk van Christus se sending in hierdie wêreld (2.5.5.2.7).

3.2.3 Uitdrukkings van hoop

As die kerk afhanklik is vir sy bestaan van Christus se Messiaanse sending en die eskatologiese gawe van die Gees, is sy merktekens ook messiaanse uitdrukkings. In dié mate is hulle ook uitdrukkings van hoop (Moltmann, 1977:339; Clowney, 1995:72).

Die **eenheid** van die kerk is 'n *merkteken van die verlossing*, omdat dit 'n Ou-Testamentiese belofte is wat in vervulling gegaan het. In die Ou Testament is die belofte van herstel 'n belofte met 'n deurlopende lyn. In Christus gaan 'n deel van die belofte in vervulling wanneer Hy Jode, Grieke, heidene, base en knegte, mans en vrouens nuwe mense maak van 'n nuwe koninkryk. Die ware eenheid van die kerk is nie in die eerste plek 'n eenheid van die lede van die kerk nie, maar die lede van die kerk is die vrug van die versoeningswerk van Jesus Christus as *Hoof* (Gal. 3:26, 27).

Ooreenkomstig hierdie belofte is **heiligheid** deel van die komende heerlikheid wat die aarde sal vul. *Die Heilige van Israel* sal sy mense verlos. As die kerk *heilig* genoem word in die Nuwe Testament, beteken dit dat hy deel geword het van Christus se nuwe skepping wat tot stand gebring word deur die Heilige Gees (Pont, 2002:5, 8). Die vrug van Christus se regverdigmaking is die gemeenskap van heiliges (Rom. 3:30).

Die kerk is **katoliek** in soverre hy deel is van die katolisiteit van die komende koninkryk (Labuschagne, 2002:8). Die katolisiteit is nie die vrug van die kerk se uitreik na die wêreld nie, maar primêr vrug van Christus se afbreking van grense (Ef. 2:13, 14). Hy is katoliek omdat sy "Hoof" 'n katolieke hoof oor alles en almal is (Ef. 1:22, 23).

Die kerk se **apostolisiteit** is deel van die begin van die nuwe Messiaanse era (Botha, 2002:8), wat ingelei is deur die uitstorting van die Heilige Gees (Hand. 1:8).

Die vier merktekens van die kerk moet daarom gesien word as "messianic predicates of the church in the perspective of the coming kingdom, for which it exist and which in the church acquires form and testimony. As the church of the coming kingdom of God, the church is bound to be the one, holy, catholic and apostolic church." (Moltmann, 1977:339.)

3.2.4 Roeping tot aksie

As die merktekens van die kerk verklarings van geloof en hoop is, lei dit onteenseglik tot aktiwiteit. Omdat die kerk in Christus een is, móét dit ook **een** wees (Küng, 1976:273). Diegene wat hulle eenheid in Christus vind, moet die eenheid soek. Die een volk/liggaam/mens van die een koninkryk, moet die fondasies vir eenheid in die wêreld lê. Omdat die kerk in Christus **heilig** is, moet lidmate hulle sonde bestry en moet hulle lewens geheilig word deur geregtigheid. As gevolg daarvan dat hulle geheilig is deur die Gees, moet hulle in alles by die *nuwe skepping* pas. Omdat die kerk deur Christus oop is vir die wêreld, moet hy (die kerk) **katoliek** wees en oral van die nuwe koninkryk getuig. As die kerk van die Gees, is die één kerk die verenigende kerk in die wêreld. Die heilige kerk is die kerk wat heilig. Die katolieke kerk is die draer van vrede en só die allesomvattende kerk. Die **apostoliese** kerk is deur die evangelie die vrymakende kerk in die

wêreld, deur verkondiging van die evangelie van Christus (Moltmann, 1977:339-340 en Van Engen, 1991:65-70).

3.2.5 Gereformeerde onderskeiding

As gevolg van die selfregverdigende gebruik van die merktekens deur die Rooms-Katolieke Kerk (Clowney, 1995:101), was die Reformatore daarvan oortuig dat 'n onderskeid behoort gemaak te word tussen kenmerke[1] van die ware kerk (te wete suiwer verkondiging van die Woord, suiwer bediening van die sakramente en kerklike tug, wat eers later sou bykom) en merktekens (*notae*) van die kerk. Bavinck (1956:1895-1901) en Berkouwer (1976:13) toon aan dat die verskil tussen *kenmerke* en *merktekens* noodsaaklik was om 'n onderskeid tussen die ware en valse kerk aan te dui (Calvyn, 1991:1282). Dit was nooit die bedoeling van die Gereformeerdes om 'n nuwe Christelike groep (kerk) wat tot stand gekom het, te definieer nie, maar om aan die bestaande begrippe wat die merktekens verwoord (*een, heilig, katoliek* en *apostolêr*) 'n dieper inhoud te gee (Link, 1999:258). Berkhof (1979:409) vat die diepste bedoeling met die Gereformeerde onderskeiding tussen kenmerke en merktekens soos volg saam: "The decisive point is this: the Church is and must remain subject to the authority of Christ, to the voice of her Lord. And in this subjection she is tested by Him. That is the common Reformation motive underlying the notae."

Die Gereformeerdes het met hierdie onderskeid hulself probeer onderskei van die Roomse Kerk, wat institusionele krag verleen het aan die merktekens (Clowney, 1995:101; Watson, 1978:334). Die verkondiging van die Woord en die praktiese toepassing van die sakramente is die kerk in aksie, wat in praktyk uitleef wat die Woord as fondament het. Net soos die drie kenmerke (Johannes Calvyn het net die eerste twee kenmerke geformuleer en tug van toepassing gemaak by die sakramentegebruik. Later het tug 'n selfstandige kenmerk geword [Clowney, 1995:101]) nie teenoor die vier merktekens geplaas kan word nie, kan die vier

merktekens nie afgespeel word teen die drie kenmerke nie. 'n Kerk waarin die Woord suiwer verkondig word en die sakramente reg toegepas word, ís die een, heilige, katolieke en apostoliese kerk. Die Gereformeerde kenmerke toon slegs van binne wat die tradisionele merktekens van buite aantoon (Moltmann, 1977:341). Sonder die suiwer verkondiging van die Woord, kan daar nie 'n ware kerk wees wat die ware *eenheid* in Christus verkondig nie. Sonder die ware gemeenskap van gelowiges aan die nagmaal en in die doop, het die kerk geen *katolisiteit* nie. In die lig hiervan kan ook gesê word dat sonder eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit as merktekens, daar ook nie 'n suiwer verkondiging van die Woord en sakramentebediening kan wees nie. Die vier merktekens funksioneer in die lig van die twee kenmerke - en andersom.

'n Belangrike vraag met die oog op hierdie ondersoek is of die Gereformeerdes se onderskeiding van kenmerke en merktekens bygedra het daartoe dat 'n missionêre ekklesiologie uitgebou kon word. Van Engen (1991:63), Moltmann (1977:341) en Murray (2001a:111) vind geen probleme met die Gereformeerdes se onderskeiding nie, trouens hulle is eenstemmig daarin dat daar 'n belangrike wisselwerking tussen die onderskeiding, kenmerke en merktekens (*notae*) kan wees. Die resultate met die toepassing van die nuwe onderskeiding van die drie kenmerke deur Gereformeerdes, word egter nie deur almal positief waardeer nie. Burger (2001:100) toon aan dat die drie kenmerke meer te doen het met die bediening van die kerk as met die taak van die kerk. Hy trek voorts drie kontoere om die taak van die kerk (die *taak* van die kerk kan as 'n aanduiding van ekklesiologiese kontoere gesien word, hoewel Burger dit nie so definieer nie – *m.e.s.*) aan te dui, naamlik:

- Om *kennis van God*, die lewende God wat ons in Jesus Christus leer ken het, *te versprei.*
- Om *die genade en die liefde* wat ons van die Here ontvang het na ander *deur te gee*, deur te leef.
- Om mense te wees wat, soos ons God, glo in reg en geregtigheid en billikheid vir almal en wat wil help skep aan 'n wêreld waarin ons meer hiervan sien. (Burger, 2001:100.)

Wat Burger aantoon, naamlik dat die drie kenmerke van die Gereformeerdes fokus op "bediening" wat na binne gerig is en nie soseer op roepingsvervulling in die wêreld (die "taak") waarin God sy kerk geplaas het nie, word baie meer krities beoordeel deur Moltmann en Van Engen.

Moltman (1977:342) sê:

> "We cannot therefore merely give the marks of the church bearings that tend in an inward direction, understanding them in the light of word and sacrament; we must to the same degree give them an outward direction and see them in reference to the world. They are not merely important for the internal activities of the church; they are even more important for the witness of the church's form in the world. The marks of the church will then become confessional signs in the conflicts which today are really splitting and dividing mankind. Let us therefore extend the ecclesiology of tradition, which is orientated towards unity, into an ecclesiology oriented towards conflict in the world situation of today."

Van Engen (1991:63) sê:

> "Unfortunately, soon after the Reformers, the Reformation 'marks' themselves became means for destroying unity, true holiness, and catholicity. Luther and John Calvin originally intended these marks to be dynamic, inclusive means by which greater unity, holiness, and catholicity might be achieved. Sadly, the children of the Reformation stressed the other, darker side of these marks - their introverted, exclusivistic tendency. Increasingly in post Reformation Protestantism they also lost their self examining, dynamic function."

3.2.6 'n Nuwe uitkyk

Befaamde en kritiese teoloë soos Küng (1976:266-269), Berkhouwer (1976:Hfst. 3), Dulles (1999:27), Berkhof (1979:409) en Barth (1936:27-28) vra almal vir 'n herevaluering van die vier merktekens. Hulle is van oortuiging dat die merktekens tegelyk gawe en opdrag aan die kerk is. Die uitleef van so 'n benadering kan nuwe missionêre moontlikhede vir die kerk oopmaak. Scudieri (1997:66-77) skryf 'n artikel met die strekking dat hierdie historiese belydenis van die Christendom missionêre gereedskap is, omdat dit sy ontstaan gehad het in die missionêre tydvak van die kerkgeskiedenis. Vandag, sê Scudieri (1997:66), het die belydenis vasgevries geraak in die kerk se tradisies. Herontdekking van hulle missionêre krag, met spesifieke verwysing na die merktekens, sal nuwe lewe in die kerk bring (Jones, 1958:200). Die ondersoek na die betrokke inhoudelike in Efesiërs en Openbaring se boodskappe, sal hierdie standpunt moet nagaan. Meegaande skets onderstreep die siening dat die Reformatoriese eienskappe (*Woordverkondiging*, *sakramentsbediening* en *tug*) van die kerk 'n belangrike plek inneem in die taak na binne, terwyl die merktekens (*eenheid*, *heiligheid*, *katolisiteit* en *apostolisiteit*) uitdrukking gee aan die missionêre taak van die kerk.

Figuur 8: Gemodelleerde voorstelling

Waarvoor daar gepleit word (en hierdie navorsing wil 'n pleitroep byvoeg), is dat daar weer kreatief gewerk moet word om hierdie waardevolle merktekens, merktekens in aksie te maak. Selfs die onderskeiding van *gawe* en *opdrag* is nie toereikend nie, omdat daarin self ook 'n gevaar bestaan dat die kerk steeds homself na binne rig (Van Engen, 1991:67). Daar moet konstruktief na buite gekyk word, na die wêreld waar die kerk sy taak moet volbring. Moltmann (1977:341-342) pleit dat die merktekens 'n getuienis moet wees van die kerk se gerigtheid op die wêreld. Van Engen (1991:68) stel dat die merktekens gesien moet word as "four planetary orbits of the Church's missionary life in the world".

Die vier merktekens in aksie kan soos volg opgesom word:

- Die **een** kerk van Jesus Christus moet gesien word as 'n *verenigende* krag in die wêreld.
- Die **heilige** kerk van Jesus Christus moet gesien word as 'n *heiligende* krag in die wêreld.
- Die **katolieke** kerk van Jesus Christus moet gesien word as 'n *versoenende* krag in die wêreld.
- Die **apostoliese** kerk van Jesus Christus moet gesien word as 'n *verkondigende* krag in die wêreld.

Só gesien sal die vier merktekens nie net aktiwiteite van die kerk wees nie, maar sy identiteit definieer as missionêr-ekklesiologies. Die kerk sal dan wees die verenigende, heiligende, versoenende en proklamerende aktiwiteit van Jesus Christus in die wêreld (Van Engen, 1991:70). Die missionêre roeping van die kerk sal dan nie net iets addisioneel wees wat bygevoeg word by die essensie van kerkwees nie. Die essensiële karakter van die plaaslike kerk sal dan missionêr wees.

3.2.7 Konklusies

3.2.7.1 Die kerk in die eerste eeue het, volgens die merktekens van die kerk, sy identiteit vanuit sy oorsprong missionêr geïdentifiseer en daarom is die merktekens in hulle gerigtheid op die aktiwiteit (taak) van die kerk steeds missionêr (3.2.4 & 3.2.6), om uitdrukking te gee aan die missionêre identiteit van die kerk.

3.2.7.2 Die kenmerke van die ware kerk (Woordverkondiging, suiwer bediening van die sakramente en toepassing van tug) volgens die Gereformeerde ekklesiologie, is steeds waardevolle onderskeidingstekens vir die kerk se gerigtheid na binne (3.2.5).

3.2.7.3 Die kenmerke van die ware kerk het 'n eensydige na-binne-gerigtheid tot gevolg gehad, wat die funksionering van die merktekens in die Gereformeerde kerkgemeenskappe as 'n missionêre ekklesiologie aan bande lê (3.2.5).

3.2.7.4 Die merktekens van die kerk moet by hernuwing ontdek word as Skriftuurlik in oorsprong en missionêr in hulle gerigtheid (3.2.6).

3.3 Merktekens volgens Efesiërs

Die ondersoek in hierdie onderdeel van die hoofstuk is daarop gerig om te probeer vasstel of die begrippe *een(heid), heilig(heid), katoliek (katolisiteit) en apostolêr (apostolisiteit)* as merktekens en aanduiding van die identiteit van die kerk, reeds in beginsel in die brief van Paulus aan die Efesiërs gevind kan word. Dit sal die hipotese bevestig dat die kerk in die eerste eeue die merktekens van die kerk - en daarom ook die identiteit van die kerk - afgelei het van onder andere die brief van

Paulus aan die Efesiërs. Dit sal ook die hipotese bevestig dat die brief aan die Efesiërs in sy wese 'n missionêre geskrif is.

3.3.1 Die hoofdele van die brief

Die brief val uiteen in vier hoofdele:

- die briefaanhef (1:1-2);
- 'n deel wat handel oor God se verlossende werk (1:3-3:21);
- 'n deel met oproepe op grond van God se verlossingswerk (4:1-6:20); en
- die briefslot (6:21-24).

Groter detail in die opbou van die brief:

- Ná die gebruiklike briefaanhef (1:1-2), roep Paulus die gelowiges op om lof aan God te bring oor hulle redding (1:3-14). Paulus dank God vir die gelowiges en doen vir hulle voorbidding (1:15-23). Hy spel uit wat die gevolg van God se handelinge met hulle is (2:1-22), en hoe God se handelinge sy eie bediening bepaal (3:1-21).

Ná hierdie uiteensetting van die kern van die evangelie, roep Paulus die gelowiges op om hulle lewens in ooreenstemming te bring met die roeping wat hulle van God ontvang het (4:1).

- Hy gee praktiese riglyne vir die handhawing van eenheid onder gelowiges (4:2-16).
- Daarna volg 'n oproep om te breek met die ou sondige mens en om volkome volgens die wil van God te lewe en heilig te wees (4:17-5:5).
- Paulus roep hulle ook op om as mense van die lig te lewe (5:6-20).
- Hulle moet binne die verskillende gesagsverhoudings in die huishoudings van hulle tyd leef soos God dit wil hê (5:21-6:9).
- Hy gee verskeie samevattende oproepe om tot die einde toe op die pos te bly

(6:10-20).

In die briefslot noem hy dat Tigikus die briefdraer is, en groet hy met die gebruiklike seëngroet (6:21-24).

In die ondersoek na merktekens van die kerk (*eenheid, heiligheid, algemeenheid en apostolisiteit*) gaan gefokus word op:

- Eenheid: (4:1-16)
- Heiligheid: (4:17-24)
- Katolisiteit (algemeenheid): (3:1-13)
- Apostolisiteit: (3:1-13.)

3.3.2 *Eenheid* (4:1-16)

In Hoofstuk 2 is Efesiërs 4:1-16 (of dele daarvan) reeds bespreek, met die doel om meer lig te werp op die voorkoms en verhouding van die metafoor *Hoof* (2.5.2.5.3) en die metafoor *liggaam* (2.5.3.2.5) tot mekaar en hulle betekenis vir 'n missionêre ekklesiologie. Om dié doelwit te bereik is die begrip *eenheid* (2.5.4.1) ook reeds bespreek. Die ondersoek het daartoe gelei om die begrip *eenheid* in verskillende perikope (Efesiërs 5:21-31, 2:11-22 & 4:1-16) te ondersoek. Die doel van die ondersoek in hierdie onderafdeling is om *eenheid* as merkteken van die kerk te ondersoek. Voorafgaande ondersoek (vgl. 2.5.4.1) bevestig dat Paulus hom in Efesiërs op diepgaande wyse besig hou met die eenheid van die kerk (Floor, 1995 143). Die begrip *eenheid* kom nie net in hierdie perikoop voor nie. Die rede waarom Efesiërs 4:1-16 in die ondersoek na *eenheid* as merkteken van die kerk weer aan die orde kom, is dat die begrip *eenheid* in hierdie gedeelte opgestapel is en die vloei van indikatief na imperatief in die gedeelte duidelik is. Die metode van ondersoek is om eers 'n gedagteontleding van verse 4-7a te doen en dan vanuit hierdie verse die verband met die res van die perikoop en die brief asook met ander Skrifgedeeltes te bespreek. (Vir 'n komponensiële analise, sien 2.5.4.1.)

3.3.2.1 Gedagteopbou van Efesiërs 4:3-7a



3.3.2.2 Gedagtegang en afleidings uit gedagtestruktuur

Die eenheid is 'n indikatiewe stelling omdat dit deur die Heilige Gees "geskep" is (4:3a). Hoe word die eenheid gehandhaaf? Die indikatief vloei oor na die imperatief (4:3b), "deur in vrede met mekaar te lewe". Hoe het die Heilige Gees die eenheid geskep? Die eerste rede is 'n indikatief, omdat dit die magtige werk van God die Vader, die Seun en die Heilige Gees is (4a-6b). Die eenheid van die kerk vloei uit die eenheid van die Drie-enige God. Daar is één Gees, één Here en één Vader. Hoe word die eenheid gehandhaaf? Die indikatief van die eerste rede, waarom 'n eenheid gehandhaaf moet word, vloei weer oor na 'n imperatief en gee 'n tweede rede. Deur die gawes te gebruik wat die Gees reeds gegee het (4:7a).

Hoe is die Heilige Gees model vir die eenheid? In sy Persoon en deur sy inwoning in en hoopgewing aan die kerk (4:4b). Die kerk, wat uit gelowiges uit alle volke bestaan, is één liggaam, omdat die kerk deur één Gees bewoon word.

Hoe is die Here Jesus model vir eenheid? In sy Persoon en deur geloof in sy werk en die doop in sy Naam (4:5).

Hoe is die Vader model vir die eenheid? In sy Persoon en in sy beheer van die kerk (4:6b).

Hieruit is dit duidelik dat eenheid 'n belangrike gawe aan die kerk is.

3.3.2.3 Bespreking van inhoud

Die apostel Paulus verklaar kategories: "Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon." (4:4a-6b.) Ons bely nie "heilige algemene kerke" of "families van God" of "volke van God" of "liggame van Christus" of "Nuwe Israels" nie. Vanuit die Bybel se perspektief van die kerk verwys die meervoud slegs na geografiese aanduidings van kerke. In sy wese is daar net een Kerk. In al nege plekke waar ἐκκλησία in Efesiërs voorkom, staan dit in die enkelvoud.

Die "eenheid" van die kerk is 'n gelowige aanvaarding. Dit is iets wat deur God gegee en nie deur mense tot stand gebring is nie. Die model van die eenheid is die Gees, die Here, die Vader. Die eenheid van die kerk vloei uit die Drie-enige God (De Klerk, 2001a:65).

- Die Gees is die model vir die eenheid. In sy Persoon en deur sy inwoning in en hoopgewing aan die kerk .
- Die Here Jesus is model vir die eenheid omdat Hy die één en enigste Hoof van die kerk is.
- Die Vader is model vir die eenheid omdat daar één God is, al sou die heidene baie gode hê.

Die kerk bly die misterieuse *"creatio Dei"* van uitverkore, geregverdigde sondaars. Paulus praat van die kerk wat tot stand gekom het soos 'n gebou wat gebou is, en God deur sy Seun en die Heilige Gees is die goddelike boumeester (Ef. 2:10, 21-22). Die bedoeling van God se bouaktiwiteit is sending en die vrug van God se bouaktiwiteit is die eenheid van die liggaam van Christus (Van Engen, 1991:49).

Die eenheid van die Kerk is 'n geloofsbelydenis omdat dit in die gebrokenheid en verskeurdheid van die wêreld nie 'n empiries waarneembare werklikheid is nie. Ons was almal "heidene", "vreemdelinge" en "vyande" wat deur 'n "muur" uitmekaar gehou is (Ef. 2:11-14). Ons aanvaar egter deur geloof die feit van een liggaam omdat ons glo in een God, in een Jesus Christus en een Heilige Gees.

Hierdie belydenis het praktiese implikasies. Omdat ons deur geloof die eenheid van die kerk aanvaar, beywer ons ons om daardie eenheid te bewerk (Ef. 4:1-3). Paulus roep die kerk op om hulle roeping baie ernstig te neem in die strewe na eenheid (Ef. 4:1,3) (Garland, 1979:517-527).

Om die lesers hiervan te oortuig, gee hy 'n breedvoerige uiteensetting van hoe die eenheid as gawe daar uitsien. Die uiteensetting is trinitaries opgebou. Die Vader, Seun en Heilige Gees kom ter sprake:

- Eers word die verhouding van die Gees tot die kerk bespreek (4:4) - dit gaan oor die kerk se bestaan.
- Dan kom die kerk se verhouding tot sy Hoof ter sprake (4:5) - die kerk is in alles van sy heerskappyvoerder afhanklik.
- Ten slotte kom die verhouding van die kerk tot God ter sprake (4:6) - in Hom is sy bestaan gewortel en gegrond. (Floor, 1995:145.)

Die eenheid van die liggaam is baie meer 'n interne eenheid as 'n eksterne, institusionele, organisatoriese eenheid. In Efesiërs praat Paulus nie van denominasie of 'n organisasie nie. Paulus praat van 'n liggaam (4:15b-16c). Hy vra vir insig dat die kerk in geloof die eenheid van 'n universele kerk ontvang het en

daarna strewe om dit te verwesenlik deur gebruikmaking van sy gawes in diens van die wêreld (4:3a) (Van Engen, 1991:50).

Wat dit beteken om een te wees, soos in 4:1-6 beskryf, word verder uiteengesit in 4:7-16 met die gedagte van 'n liggaam met lede wat hulle gawes beoefen as deel van die liggaam. Elke lid het 'n gawe ontvang (4:7). Die Gewer is Christus wat "alles met sy teenwoordigheid vul" (4:10). Die gawes sluit in apostels, profete, evangeliste, herders en leraars (4:11-12). Die doel van die gawes is om alle gelowiges toe te rus vir diakonale diens, tot die opbou van die liggaam van Christus (4:12).

Die missionêre opdrag is nie 'n eksterne opdrag aan die kerk soos dit deur die meeste kerke in die na-Pauliniese tyd beoefen word nie. Dit vorm deel van die kerk se bestaan. Die kwaliteit van kerkwees is geleë in sy bestaan as missionêre kerk, wat tegelyk 'n oortuigende manifestasie is van die realiteit van God se verlossing in Christus én van sy missionêre uitreiking om húlle wat oortuig word in te bring as deel van die nuwe eenheid wat besig is om te realiseer (Hahn, 1965:148-152)[2].

Die opdrag tot eenheid behels nie om individue of denominasies bymekaar te sit, soos die stukkies van 'n legkaart, om 'n groter geheel te vorm nie. Paulus se opdrag behels dat die geheel die identiteit van die dele definieer. Elke lid het betekenis in homself, maar hy bereik sy volle potensiaal in die mate wat hy deel vorm van die geheel, soos wat Paulus dit beskryf in 1 Korintiërs 12:14-27. 'n Hand of 'n oor of oog het geen betekenis en geen identiteit in homself nie. Hulle werklike waarde lê daarin dat God hulle 'n plek in die liggaam gegee het.

Die konsep van die liggaam is iets anders as die sogenaamde Westerse individualisme sowel as die Marxistiese konformisme (Van Engen, 1991:50). Individue is baie belangrik en uniek as God se skepsele, maar hulle waarde in die kerk is in en deur hulle besondere plek in die geheel, deur die beoefening van hulle unieke gawes, in ooreenstemming met die genade wat aan hulle gegee is. Die

uitdrukking: *extra ecclesiam nulla salus* (*buite die kerk is daar geen saligheid nie*), kry hierin betekenis. Buite die liggaam kan geen lid volhou in sy wandel met God, sy identiteit uitleef of sy doel bereik nie (Van Engen, 1991:50).

Die eenheid van die kerk het tegelykertyd sowel 'n inwendige as 'n uitwendige gerigtheid. Die Gees het gawes gegee om "die heiliges toe te rus" om die Gees se uitwendige doel ἔργον διακονίας (dienswerk, 4:12) te verwesenlik. Maar 4:12 gaan verder om te sê dat in hierdie poging al die heiliges saamwerk, εἰς οἰκοδομὴν τοῦ σώματος τοῦ Χριστου (tot opbouing van die liggaam van Christus). Hier beoefen die lede hulle verskeidenheid gawes om mekaar toe te rus vir hulle sending en bediening in die wêreld (Van Engen, 1991:50). Die eenheid is nie geleë in 'n na-binne-gerigtheid van eensgesinde entoesiaste nie. Hier is 'n liggaam van apostels, profete, evangeliste, herders en leraars wat mekaar bystaan in die proklamasie van die evangelie in die wêreld rondom hulle. Dit is dié liggaam wat ontplof het in aktiwiteit ten tye van die vroeë kerk en na al die nasies toe gegaan, gepreek, onderrig, gedoop en hulle dissipels gemaak het (Matt. 28:19-20). Hierdie liggaam was daarvoor bekend dat hulle "alles met mekaar gedeel het" (Handelinge 4:32), wat op al die paaie van die wêreld uitgegaan het en mense uitgenooi het na die groot feesmaal (Matt 22:9-10).

Jesus beklemtoon hierdie uitwendige perspektief van eenheid in sy Hoëpriesterlike gebed: "Die heerlikheid wat U my gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is: Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet" (Joh. 17:22-23).

Die oorkoepelende doel van die eenheid word weergee in Efesiërs 4:13-16. Hier is sprake van groei tot 'n groter eenheid deur die byvoeging van lede tot die liggaam (numeriese groei); groei deur geestelike ontwikkeling van die lede van die liggaam wanneer hulle hulle gawes aanwend ter wille van die wêreld (organiese en

geestelike groei); groei na 'n groter impak van die liggaam van Christus in die wêreld na wie die kerk gestuur is (groei in diakonia/diens) en 'n verdiepte groei in die verstaan van die heerskappy van Christus in die kerk en 'n vasstaan sonder om meegesleur te word en ontwortel te word deur allerhande leringe (teologiese groei, Efesiërs 4:14).

Die missionêre opdrag van die kerk en *eenheid* vloei organies in mekaar in Paulus se siening van die kerk. Die verhouding tussen Christus as *Hoof* van die *liggaam* loop uit op 'n eskatologiese werklikheid: "... sodat Hy die kerk in volle heerlikheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik." (Vergelyk ook Openbaring 21:9-10, 25-26.)

3.3.2.4 Konklusies

3.3.2.4.1 Die merkteken van *eenheid* vind 'n Skriftuurlike basis in Efesiërs.

3.3.2.4.2 Die kerk vind die vervulling van sy missionêre roeping in die wêreld deur te wees wie hy is: 'n verenigende krag in die wêreld.

3.3.3 *Heiligheid* (4:17-24)

Die begrip ἅγιος gee uitdrukking aan 'n deurlopende tema in Efesiërs (vgl. Ef. 1:1-14, 4:17-5:5, 5:6-6:20 & 3:14-21). Reeds vroeg in die brief stel Paulus *heiligheid* as doel van die grootste gawe (indikatief) wat ons van God ontvang het, die uitverkiesing (Floor, 1995:51): "So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees ..." Die opdrag (imperatief) "om heilig te lewe" loop soos 'n goue draad regdeur die brief. Nadat Paulus in Efesiërs 4:4-16 (vgl. 3.3.2) op die gawe en opgawe van die eenheid binne die liggaam van Christus ingegaan het, keer hy terug na sy beginpunt in Efesiërs

4:1, die lewenswandel (Floor, 1995:161). Met hierdie tweede oproep, lê Paulus 'n tweede basis onder die konkrete vermanings wat sal volg op Efesiërs 4:25. In die gekose perikoop (4:17-24) word die heidense leefwyse, wat die kenmerk van hulle vroeëre lewe was, aangedui as 'n lewe wat op 'n ramp afstuur (4:17-19) - teenoor die nuwe leefwyse in Christus, wat afstuur op 'n pragtige nuwe lewe (4:20-21) en wat 'n toonbeeld is van God se heiligheid (4:22-24) (De Klerk, 2001a:78).

Die metode wat gevolg word is om eers 'n gedagteontleding van 4:17-24 te doen, dan 'n komponensiële analise van die begrip ἅγιος te doen en dit voorts vanuit die verband van die begrip ἅγιος met die voorafgaande eerste hoofdeel (1:1-3:21) en die res van die hoofdeel (4:1-6:20) - asook met ander Skrifgedeeltes - te bespreek.

3.3.3.1 Gedagteopbou (4:17-24)



3.3.3.2 Gedagtegang en afleidings uit die gedagtestruktuur

Hoekom kon Paulus met gesag beveel: Breek met die heidense leefwyse? Omdat hy in die "Naam van die Here praat" (4:17a). Hoekom is die heidense leefwyse rampspoedig? Dit lei tot selfvernietiging (4:17c-18b). Waar het die groot draaipunt gekom? Toe hulle Christus leer ken het (4:20). Hoe het Christus in hulle lewens ingekom? Hulle het die evangelie gehoor en is in Hom onderrig (4:21). Waarom het hulle met die sonde gebreek (die ou mens uitgetrek)? Hulle is reeds nuwe mense (het die nuwe mens aangetrek) (4:23). Waarom moet hulle as nuwe mense lewe? Hulle is geskape om soos God te wees, in ware geregtigheid en heiligheid (4:24b).

In hierdie gedagtegang sluit Paulus as't ware met die indikatief (hulle is heilig omdat God hulle so geskep het) af en vloei die oproep (leef as nuwe mense – wat heilig is) oor in die imperatief. Daaruit is dit duidelik dat God eers die gawe gee voor die opgawe.

3.3.3.3 Komponensiële analise

Die Grieks-Afrikaanse woordeboek met Strong se nommering toon aan dat die begrip ἅγιος in die Ou Afrikaanse vertaling 229 keer vertaal word, 146 keer met *heilige*; 59 keer met *heiliges*; 20 keer met *heilig* en een keer elk met *allerheiligste*, *heiligdes*, *heiligdom* en *te heilig* (Els, 2001 [Strongnr. 40]).

Die gegewens in die Louw & Nida-woordeboek (Louw & Nida, 1996) lei tot die afleiding dat die woord ἅγιος in die Nuwe Testament in twee semantiese betekenisvelde voorkom: Semantiese Velde 88 en 53.

Louw & Nida (1996) tipeer Semantiese Veld 88 as *Moral and Ethical Qualities and Related Behavior,* en verdeel die veld in 38 hoofkategorieë. ἅγιος word deur Louw & Nida by die derde hoofkategorie ingedeel - by woorde wat dui op *Holy* en *Pure.* ἅγιος behoort volgens Louw & Nida (1996) tot Subveld 88.24, wat die betekenis het van *holy* en omskryf die begrip as *pertaining to be holy in the sense of superior moral qualities and possessing certain essentially divine qualities in contrast with what is human.* Skrifgedeeltes wat onder andere hierdie betekenis verwoord is 1 Pet. 1:15-16, Op. 15:4 en 1 Tess. 2:10.

Louw & Nida (1996) tipeer Semantiese Veld 53 as *Religious Activities* en verdeel die veld in twaalf hoofkategorieë. ἅγιος word deur Louw & Nida (1996) ingedeel by hoofkategorieë met woorde wat dui op *dedicate* en *Consecrate* (53.44-53.52). ἅγιος behoort volgens Louw & Nida (1996) tot Subveld 53.46, wat die betekenis het van *pertaining to being dedicated or consecrated to the service of God – devout, godly, dedicated.* Louw & Nida (1996) wys daarop dat dit in sommige tale belangrik is om te onderskei tussen ἅγιος en ὅγιος wanneer die begrip na God verwys (soos in 88.24) en wanneer dit verwys na persone of voorwerpe wat geheilig is tot diens van God. Dit is teoreties en prakties voordelig om 'n onderskeid in betekenis te maak op grond van kontekstuele verskille wat in die Griekse Nuwe Testament voorkom. Dit is nie moeilik om ἅγιος en ὅγιος te vertaal as dit betrekking het op toewyding aan God nie. Dit is egter uiters moeilik om ἅγιος en ὅγιος te vertaal as dit betrekking het op God self. In sommige tale kan slegs uitdrukkings gebruik word soos "hy is waarlik God" of "hy wat in elke aspek God is".

In Procksch (1976) se behandeling van die begrip ἅγιος in die Nuwe Testament, kry twee belangrike sake aandag. Eerstens die "heiligheid van die ἐκκλησία" en tweedens die heilige lewe van Christene. Ten opsigte van die heiligheid van die ἐκκλησία, wys hy daarop dat alle lede van die ἐκκλησία geheilig is. Daar is ook

geen onderskeid tussen die ἅγιοι van die *missiones ecclesiae* (die missionêre gemeente) en hulle wat deur missionêre handelinge deel word van so 'n gemeenskap nie. Wat die heilige lewe van Christene betref, is dit belangrik dat Christene nie net bestem is vir 'n lewe wat geheilig is aan God nie, maar ook aan mekaar (Ef. 1:15). Christene moet mekaar dien (Ef. 5:13 & Kol. 1:4) en die kerk van Christus word opgebou πρὸς τὸν καταρτισμὸν τῶν ἁγίων εἰς ἔργον διακονίας "om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk" (Ef. 4:12). Paulus beklemtoon die διακονία τοῖς ἁγίοις dikwels (Rom. 15:25, 1 Kor.16:15, 2 Kor. 8:4, 9:1; vgl. Heb. 6:10). Gelowiges moet die ἅγιοι ontvang soos dit heiliges betaam (Rom. 16:2) en deelgenote wees in mekaar se nood (Rom. 12:13). Die gemeenskap van heiliges is húlle wat versoen is in Christus en in diens van mekaar lewe (2 Kor. 5:17). Die heilige kus (φίλημα ἅγιον - 1 Kor. 16:20) is die seël van hierdie verwantskap. Die man wat ἡγιασμένος (geheilig) is in Christus (1 Kor. 1:2), is "geheiligde fokus" vir almal wat aan hom en in Christus verbind is. So is die man geheilig deur sy vrou en sy vrou geheilig deur haar man. Die kinders van geheiligde ouers is egter nie ἀκάθαρτα nie, maar ἅγια. In dieselfde sin moet die ἅγιος καὶ ἄμωμος as *heilig en sonder gebrek (onberispelik)* in 1 Tess. 3:13 en parallelle gedeeltes in Efes. 1:4, 5:27 en Kol. 1:22 verstaan word (Friedrich, 1976 en Pitkin, 1976).

Wuest (1997) beklemtoon die feit dat die wortelbegrip ἁγι in die Nuwe Testament gebruik word om alles wat heilig is te onderskei van wat onheilig is.

Konklusie uit komponensiële analise

Die betekenis van ἅγιος in die Nuwe Testament dui 'n persoonlike verbintenis aan Christus, maar terselfdertyd 'n korporatiewe aanspreeklikheid en 'n missionêre gerigtheid.

3.3.3.4 Bespreking van inhoud

Om te praat van die heiligheid van die kerk kan baie verontrustend wees. Verskillende ekklesiologiese onderskeidings word gemaak, soos sigbaar en onsigbaar; universeel en plaaslik; formeel en essensieel; ideaal en werklik; onvolkome en volkome; institutêr en gemeenskaplik; tradisioneel en kontemporêr; vorm en wese; ewig en tydelik; histories en veranderlik; omvattend teenoor kulties; histories teenoor veranderlik; en gemeenskaplik en individueel - om die gebrek aan ware heiligheid in die kerk te verklaar (Allister, 1989:249-261 en Van Engen, 1991:52).

Dwarsdeur Efesiërs staan *heiligheid* uit soos 'n baken. Die brief is gerig aan heiliges (1:1) en tot aan die einde van die brief speel heiligheid 'n dominante rol. Paulus roep sy lesers op tot 'n heilige lewenswandel (5:1 - 21), om lig te wees in die duisternis (5:8-14), om toegerus te wees om die stryd teen die Bose en bose geeste in die lug aan te pak (6:10-18).

Die heiligheid van die kerk is 'n indikatief en imperatief, 'n gawe en doel van God vir sy kerk (Ef. 1:1-14). Paulus begin sy brief met 'n tipiese Joodse berakah-styl wat 'n bepaalde vorm van gebed is (Floor, 1995:33). Die lofsang besing God se seëninge aan sy kerk op trinitariese wyse met Koninkryksbetekenis. Wat die Vader, Seun en Heiliges vir gelowiges gedoen het, sluit elke keer af met 'n lofprysing "tot lof van sy heerlikheid" (v. 6a – op die Vader; v. 12a – op die Seun; v. 14b – op die Heilige Gees).

Die kerk bestaan uit heiliges van God. Dit word gelowig aanvaar, maar min daarvan is sigbaar. Met die mond bely die kerk hy is heilig (1:1), maar sy lewe herinner aan dié van heidene (4:17). Daar moet 'n individuele en 'n korporatiewe strewe wees om die heiligheid te bereik wat eie is aan die liggaam van Christus (Ef. 4:17 - 5:20). Paulus, die apostel van die heidene, bestraf die praktyke van die

heidene en roep húlle op wat afkomstig is uit die heidene om nou hulle nuwe identiteit te aanvaar (4:24). Die individue uit die heidendom moet as nuwe liggaam saamlewe en 'n nuwe getransformeerde kultuur tot stand bring, wat pas by hulle nuwe lewe. Daarom spreek Paulus persoonlike sake aan: losbandigheid, begeertes en immoraliteite (4:19,22 & 5:3); gierigheid (4:28, 5:3); diefstal (4:28); luiheid (4:28); vuiltaal (4:29; 5:4); verbittering en woede (4:26-27, 31) en leuens (4:25). Hy roep die lede van die kerk op om "kinders van die lig" te wees wat vrugte dra van alles wat "goed en reg en waar" is (5:9), sodat hulle die duisternis kan ontbloot van hulle wat in die duisternis lewe. 'n Missionêre lied word gesing (5:14), wat saamgestel is uit Jesaja 26:19 en Jesaja 60:1. Die lewe van die gelowige is daartoe in staat om die ongelowige op te roep om uit die geestelike dood op te staan deur die krag van God (De Klerk, 2001a:95).

Uit die konteks is dit duidelik dat Paulus nie net individue aanspreek nie. Hy wil hê dat elke gelowige moet weet dat die gemeente geaffekteer word deur die wyse waarop elkeen sy werk doen, sy liggaam gebruik of misbruik en optree teenoor hulle wat in nood is. Net so is daar 'n verband tussen die lewe van die gemeente en hoe elke "nuwe mens" die liggaam van Christus verteenwoordig in die wêreld. Hoe elke lid van die liggaam in die samelewing leef, spanning tussen verskillende bevolkingsgroepe (rassisme) oplos, die nood van mense met MIV/VIGS hanteer, 'n kultuur van geweld en korrupsie aanspreek, die nood van armoede en werkloosheid verlig, standpunte in politiek inneem, die omgewing bewaar of sport beoefen, reflekteer op die liggaam van Christus in die wêreld. Paulus wil hê die kerk, as liggaam van Christus, moet weet dat die wyse waarop hy heiligheid in sy persoonlike lewe uitleef, 'n uitdrukking is van die heiligheid van die liggaam van Christus. Die kerk as gemeenskap van "kinders van die lig" (5:8), verlig elke faset en aspek van die wêreld wat in duisternis lewe - op individuele sowel as korporatiewe wyse (Matt. 5:14). Die heiligheid van die liggaam het te doen met heiligheid in aanbidding (Ef. 5:19-20), heiligheid in onderdanigheid (5:21), heiligheid in die huwelik (5:22-33), heiligheid in opvoeding (6:1-4) en heiligheid in die werkplek (6:5-9).

Die kerk se heiligheid trek uiteindelik saam in die stryd teen die boosheid van die bose magte van die sondige wêreld (6:12), wat staan teenoor die Heilige mag van God. Dit is 'n stryd van twee koninkryke, dié van God en dié van Satan. Die kerk (individueel en korporatief) is God se verteenwoordigers in die stryd. Die oorwinning in die stryd is vervulling van die *missio Dei* deur die *missio ecclesia*. Die liggaam van Christus is in hierdie stryd 'n missionêre gemeenskap. Die stryd word oorwin deur die uitlewing van die identiteit van die kerk as heilige gemeenskap. Eers wanneer die kerk die volle wapenrusting van God aantrek, is hy gereed om nie net 'n verskil te maak nie, maar die wêreld te verander deur die beoefening van ware missionêre heiligheid (Van Engen, 1991:54).

Ware heiligheid is groei in liefde (vgl. 2.1.5.2.3) (Ef. 3:17b-19). In Efesiërs 3:14-21 teken Paulus heiligheid as krag van die Gees wat die innerlike sterk maak (3:16) - wanneer Christus in die gelowige woon (3:17) en hy so vol word van God (3:19). Wat is dan die werklike kern van God se heilige teenwoordigheid in en deur die kerk? Liefde! Liefde het veral 'n "sodat-karakter" (De Klerk, 1997:87). Christus het Homself oorgegee om sy gemeente te heilig (ἅγιος), sodat hy sy gemeente by Hom kan neem in heerlikheid sonder vlek of rimpel of iets dergeliks (Ef. 5:27). Christus het die ewige heerlikheid in gedagte gehad toe Hy Homself aan die kruis vir sy bruid geoffer het. Deur die liefde "sal almal weet dat julle my dissipels is" (Johannes 13:35 & 15:10-12). Die liefde is die samevatting van die wet en die profete, liefde tot God en liefde tot die naaste (Matt. 22:37-40). Die Efesiërs word ook opgeroep om "in die liefde gewortel en gegrondves te wees" sodat hulle sal verstaan "hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek" (Ef. 3:17-19). Liefde is God se krag in hierdie wêreld.

Die kerkhistorikus Latourette (1953:163-169) toon aan dat liefde die kerk se radikale transformerende krag was, wat soveel energie in die dissipels van Jesus Christus losgelaat het dat hulle die Romeinse Ryk daarmee kon verower.

3.3.3.5 Konklusie

3.3.3.5.1 Die merkteken van *heiligheid* vind 'n Skriftuurlike basis in Efesiërs.

3.3.3.5.2 Die kerk vind die vervulling van sy missionêre roeping in die wêreld deur te wees wie hy is: 'n heiligende krag van God in die wêreld.

3.3.4 *Katolisiteit* en *apostolisiteit* (3:1-13)

Katolisiteit en apostolisiteit word onder een hoof vanuit Efesiërs 3:1-13 bespreek. Katolisiteit (die reikwydte van die evangelie) en apostolisiteit (opdrag van verkondiging) as begrippe, lê baie naby mekaar. Apostolisiteit funksioneer reeds in Efesiërs in die praktyk, maar dit is eers na die afsluiting van die apostelperiode dat die opdrag aan die kerk in die algemeen sou gaan. Sonder apostolisiteit is katolisiteit nie moontlik nie. Waar die evangelie verkondig word, brei dit uit onder almal.

Die perikoop (3:1-13) val uiteen in twee afdelings. Die eerste (3:1-6), handel oor die inhoud van die geheimenis. Die inhoud van die geheimenis is dat die evangelie aan mense verkondig word wat nie-Jode is nie. Die reikwydte van die evangelie gaan nou oor volks- en kultuurgrense heen. Die tweede deel (3:7-13) handel oor die verkondiging van die geheimenis. Die sentrum in dié gedeelte is die evangelie wat verkondig word.

Die perikoop (3:1-13) is reeds bespreek onder die bespreking van die *liggaam* as metafoor (2.5.3.2.3) en by die bespreking van die begrip *misterie* in (2.5.4.2). In albei die gevalle het dit aan die lig gekom dat die *misterie* te doen het met die uitdra van die evangelie aan almal (2.5.3.2.3 & 2.5.4.2).

3.3.4.1 Gedagteopbou (3:1-13)

Die inhoud van die geheimenis van Christus

Gevolgtrekking uit 2:1-22 (die feit dat God ook nie-Jode sy kinders gemaak het

3:1: **Daarom is ek, Paulus, 'n gevangene deur my diens aan Christus Jesus, ter wille van julle nie-Jode** [8]

Motivering vir die stelling dat Paulus ter wille van húlle gevangene is

3:2: **Julle het tog seker gehoor van die opdrag wat God in sy genade aan my gegee het in julle belang**

Die wyse waarop Paulus die opdrag ontvang het

3:3: **Hy het sy geheimenis deur 'n openbaring aan my bekend gemaak, soos ek dit hierbo kortliks beskrywe het**

Twee verdere sake oor die geheimenis

- 3:4: **Wanneer julle oor die geheimenis lees, sal julle 'n begrip kry van my insig in die geheimenis van Christus**
- 3:5: **Nog nooit tevore in die geskiedenis is die geheimenis aan die mensdom bekend gemaak soos God dit nou deur die Gees aan sy heilige apostels en profete geopenbaar het nie**

Die inhoud van die geheimenis

3:6: **En dít is die geheimenis: deur die verkondiging van die evangelie en in hulle verbondenheid met Christus Jesus, word ook nie-Jode mede-erfgename**[9]

- **en lede van dieselfde liggaam,**
- **en kry hulle ook saam deel aan die belofte**

'n Voorreg om die evangelie aan nie-Jode te verkondig



3.3.4.2 Gedagtegang en afleidings uit gedagtestruktuur

Die geheimenis van die evangelie word ná die opstanding deur openbaring aan Paulus bekend gemaak. Wat is die geheimenis? Mense wat nie-Jode is word ook deel van die volk van God. Hoe word mense deel van die kerk van God? Deur die verkondiging van die evangelie en in hulle verbondenheid met Christus. Wat beteken dit om deel van die kerk van Christus te wees? Ons word deel van die volk van God en lede van die liggaam van Christus en kry deel aan die belofte van God.

Die tweede deel sluit aan by die eerste deel deur weer te fokus op die draer van die geheimenis - die verkondiger - en wel hier oor die voorreg om 'n verkondiger te wees. Aan wie moet hy die geheim verkondig? Aan heidene en alle mense. Hulle moet verstaan dat God die Skepper nou die geheimenis van sy herskepping bekend maak, want sy herskepping begin by die skep van hierdie nuwe mensheid wat uit gelowiges uit alle volke bestaan. Deur die veelkleurigheid van die rykdom van God in die kerk se samestelling te weerspieël, word aan almal die rykdom van God se wysheid geïllustreer.

Wat beteken die bekendmaking van die geheimenis vir die draers van die boodskap? Hulle kan in alle stryd vrymoedig na God gaan.

In die twee perikope is daar 'n heen-en-weer-vloei tussen die apostoliese opdrag van verkondiging en die resultaat daarvan in die uitbreiding van die kerk oor taal- en kultuurgrense heen.

3.3.4.3 Bespreking van inhoud

Paulus volg die verlossingslied in Efesiërs (1:1-14) op met 'n gebed wat naas Kolossense 1:15-20 die mees allesomvattende Christologieë verwoord (Ef. 1:15-23) (Van Engen, 1991:54).

Die gebed is gerig tot die Vader. Hy dank God vir hulle geloof in Jesus Christus en hulle liefde tot ander gelowiges (1:15, 16). Dan smeek Hy die Vader dat Hy deur die werk van die Heilige Gees vir hulle kennis sal gee. Die kennis bestaan uit drie dinge: die besef watter hoop hulle roeping inhou; hoe heerlik alles is wat hulle van God erf en hoe groot die krag is wat Hy in die gelowiges (kerk) uitoefen (1:17-19a). Hy bid dat hulle in dit wat met Christus gebeur het, sy opstanding en die feit dat Hy Hoof is van alles, sal sien hoe groot God se krag is. Mag die gelowiges dit ook maar in hulle eie lewens ervaar (1:19b-22). Want Christus is die Hoof van die kerk

- sy liggaam en sy krag werk in hulle lewens - maar déúr hulle ook in almal in die wêreld (1:23) (vgl. ook 2.5.4.3) (De Klerk, 2001a:24).

Paulus bid dat gelowiges se kennis van die kerk begrond sal wees in die Hoof van die kerk. Want die kerk is van die Hoof afhanklik vir sy lewe, identiteit en sending in die wêreld (*missio ecclesiae*) (vgl. 2.5.2.5.1). Christus is opgewek uit die dood en gestel aan die regterhand van God die Vader, verhewe bo enige reël en gesag, krag of heerskappy. Alles is ondergeskik aan sy voete; Hy is aan die kerk gegee as Regeerder oor alle dinge en Hy is die Hoof van die liggaam, die kerk. In die kerk is alle volheid beliggaam. Christus is wêreldhoof oor alle geskape dinge, maar as wêreldhoof woon Hy in die kerk as liggaam en laat dit lewe (2.5.4.3).

Wanneer hierdie kosmiese Christologie toegepas word op die liggaam van wie Christus Hoof is, ontwikkel 'n verrykende katolisiteit (universaliteit) (Van Engen, 1991:55). Die gelowige aanvaar in die geloof die universaliteit van die kerk, omdat dit erken word as uitdrukking van die universele intensie van God in Jesus Christus (Ridderbos, 1973:23). Deur vir Hom 'n volk uit te kies, wil God na die hele wêreld uitreik. Deur Israel as verteenwoordiger van alle volke uit te kies, het God nooit sy oog weggevat van alle nasies nie. Israel was die *"pars pro toto"*, 'n minderheid wat die meerderheid moes dien. God se uitverkiesing van Abraham en Israel het betekenis vir die hele wêreld (Verkuyl, 1978:91).

Die kerk bely sy universaliteit in Jesus Christus en wil dit om dié rede toepas op die hele wêreld (2:1-22) (vgl. 2.5.3.2.2). In Efesiërs 2 sê Paulus dat almal wat vêr van God af was, "dood as gevolg van julle oortredinge en sondes" (2:1), "saam met Hom opgewek" is (2:6) ... sodat dit sigbaar sou word "hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus aan ons bewys het" (2:7). "Onthou", sê Paulus, "wie julle was en wie julle nou is" (2:11-13). Die herinnering word nie gegee sodat hulle hulle sou verhef nie, hulle word juis eerder gemotiveer om dit aan almal te bring. Omdat dit bedoel is vir almal (1:23) mag die kerk nooit ophou om te roep, uit te nooi, nader te trek, die wat nog nie naby is nie. Die

katolieke kerk se werkterrein is al die hoofweë en kronkelpaadjies van die wêreld - met besondere uitnodiging. Die katolieke kerk is 'n totale óóp gemeenskap, met sy deure wawyd oop vir almal. Die katolieke kerk kan nie sy universaliteit laat inperk deur eksklusivisme - of dit van sosiale, ekonomiese, ras-, geslags-, kulturele of nasionalistiese aard is nie (Van Engen, 1991:56). Die katolieke kerk is missionêr en gestuur na almal (apostolêr) omdat die Hoof van die kerk "alles in almal vervul" (1:23) (vgl. 2.5.4.3).

Omdat gelowiges die universaliteit van die kerk bely en nastreef om dit te verwesenlik, moet hulle verstaan dat hulle lewens as Christene 'n uitdrukking moet wees van die katolieke aard van die kerk (Ef. 2:13-22). Gelowiges kan hulleself as wêreldgerigte Christene begin sien omdat die "middelmuur van skeiding" (2:14) afgebreek is. Nou is alle etniese en sosiale grense oorwin in die volheid van die één liggaam, versoen deur die dood en opstanding van elke gelowige in Christus (2:16-17). Gelowiges is nie meer "ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van Christus" (2:19) binne die gebou wat God besig is om op te rig (2:20-22). Dit beteken nie die uitwis van etniese en kulturele grense nie, maar die aanvaarding daarvan as deel van die rykdom wat God aan sy kerk gegee het. Verskille word verstaan as gawes van God.

Soos wat die kerk in universaliteit groei, kom die *geheimenis* aan die lig wat God aan die "apostels en 'profete' bekend gemaak het" (3:1-13). As gevangene van die universele intensie van Jesus Christus, is Paulus draer van hierdie *geheimenis* dat mense "wat nie Jode is nie, saam met ons deel van die volk van God en lede van die liggaam van Christus is" (3:6). Die inhoud van die geheimenis is: "de volken zijn in Christus rechtens en metterdaad en effectief aanvaard door God." (Floor, 1995:129).

Elke gelowige bely met sy lidmaatskap aan die kerk dat hy/sy ingetrek is in die kerk, sodat die kerk al meer en meer universeel kan wees. Dan word hulle uitgestuur om

dissipels te maak van ander (Matteus 28:19) sodat die kerk sy apostoliese karakter kan uitbou, maar terselfdertyd getrou kan wees aan sy hoër roeping. Die kerk is nie 'n eksklusiewe klub van bevoorregtes of 'n rusplek om weg te kom van die spanning van die wêreld nie. Gelowiges is byeen geroep in die kerk sodat hulle ander kan inbring in die koninkryk van genade, "... sodat God ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het." (Efesiërs 2:7.)

Die *katolisiteit* en die *apostolisiteit* kom tot uitdrukking waar die kerk in gehoorsaamheid aan sy Hoof, Jesus Christus, die boodskap van die versoening al verder en dieper die wêreld indra (vgl. 2.5.5.2.5). Waar die kerk die geheimenis van die versoenende eenheid uitdra oor lands-, kulturele en sosiale grense heen, vind daar geografiese, kulturele, numeriese, etniese en sosiale groei plaas (vgl. 2.5.5.2.6). Hierin lê die geheimenis van God se doel vir alle mense, soos geopenbaar aan Paulus (Efesiërs 3:6-8). Hierin kom die volle missionêre karakter van die kerk tot uitdrukking. Die kerk groei na binne en na buite (katoliek), waar die evangelie verkondig word (apostolêr).

As gevangene, deur God se beskikking, is Paulus uitgestuur na die nie-Jode (Ef. 3:1) (katoliek). As draer van die "misterie" word ook mense wat nie Jode is nie, saam met ons deel van die volk van God en lede van die liggaam van Jesus Christus ..." (Ef. 3:6) (apostolaat). Hy moet aan die heidene die onpeilbare rykdom van die kosmiese heerskappy van Christus (Ef. 1:22 & 3:8) verkondig, sodat dit uiteindelik "deur die kerk" aan die "bose magte in die hemelruim" bekend gemaak kan word (3:10 & 11).

3.3.4.4 Konklusies

3.3.4.4.1 Die merktekens *katoliek* en *apostolaat* vind 'n Skriftuurlike basis in Efesiërs.

3.3.4.4.2 Die kerk vind die vervulling van sy missionêre roeping in die wêreld deur nie net deel te wees van die katolieke kerk op aarde nie, maar deur die verkondiging van versoening (die geheimenis) en deur ook apostolêre kerk te wees, wat só 'n versoenende en verkondigende krag in die wêreld kan wees.

3.3.5 Samevattende konklusies

3.3.5.1 Vervulling van die kerk se missionêre roeping in die strewe na eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit vind in Efesiërs 'n Skriftuurlike basis (vgl. 3.3.2.4, 3.3.3.4 & 3.3.4.4).

3.3.5.2 Deur te wees wie die kerk is, naamlik "een, heilige, katolieke en apostoliese" kerk in die wêreld, vervul hy sy missionêre roeping as 'n verenigende, transformerende, versoenende en verkondigende krag in die wêreld (vgl. 3.3.2.4, 3.3.3.4 en 3.3.4.4).

3.4 Merktekens openbaringshistories getoets volgens briewe aan die sewe gemeentes in Openbaring

3.4.1 Hipotese

In 2.2.1.1 en in 2.3 is aangedui waarom die briewe in Openbaring moontlik as kontrole kan dien om die funksionering van 'n missionêre ekklesiologie in die Nuwe Testament na te gaan. Die brief aan die Efesiërs is waarskynlik aan die ander gemeentes in Klein-Asië gestuur om te lees, net soos elkeen van die briewe in Openbaring 2 en 3.

Paulus se ekklesiologiese beskouings (soos in die brief aan die Efesiërs aangetoon) kon moontlik in die lig hiervan 'n invloed gehad het op die funksionering van die gemeentes. Die boodskappe aan die gemeentes sal in dié geval moontlike ekklesiologiese merktekens vertoon.

Voordat op die hipotese ingegaan kan word moet die vraag eers beantwoord word, naamlik of die ekklesiologiese beskouings van Paulus in sy brief aan die Efesiërs vergelyk kan word met die brief van Johannes aan die Efesiërs. Die brief van Paulus aan die Efesiërs is waarskynlik ongeveer 60 n.C. geskryf (Floor, 1995:36), terwyl die Openbaring van Johannes ongeveer 95 n.C. geskryf is (Slater, 1999:26) - wat 'n tydperkverskil van ongeveer 35 jaar gee. Om slegs historiese feite te gebruik om ekklesiologiese gevolgtrekkings te maak, kan baie onvolledig wees in die lig van Minear (1966:89-105) se pleidooi dat die ontologiese uitkyk van Bybelse skrywers ook in ag geneem behoort te word. Nikolainen (vgl. Minnear, 1966:90) kom in 'n ondersoek na Johannes se ekklesiologiese beskouing tot die gevolgtrekking dat Johannes se beskouing basies dieselfde is as dié van Paulus en in feite 'n goeie samevatting is van die Nuwe Testament se siening van ekklesiologie. Wat met die kerk gebeur het tussen Paulus se skrywe aan die Efesiërs en dié van Johannes, kan nie 'n verskil in die Nuwe-Testamentiese ekklesiologiese beskouing maak nie. Minnear (1966:90) pleit egter met reg dat ekklesioloë daarna moet streef om elke Nuwe-Testamentiese skrywer se ekklesiologiese beskouings afsonderlik na te vors.

In die lig van bogenoemde siening kan die gemelde hipotese met vrymoedigheid ondersoek word. Die ondersoek sal slegs raakvlakke nagaan en is nie 'n poging om die verskil tussen Paulus en Johannes se ekklesiologiese beskouings volledig te ondersoek nie.

3.4.2 Die aard en doel van die briewe

In 'n poging om 'n inhoudelike geheelbeeld van die voorkomende elemente van die sewe briewe en hulle verband met enkele elemente van die hele Openbaring boek te verkry, kan die volgende vier elemente geïdentifiseer word (vgl. Gilbertson, 2003:89-92 & 119-122).

3.4.2.1 Selfidentifikasie

'n Eerste uitstaande kenmerk van die sewe briewe in Openbaring 2 en 3 is die noue verband en aansluiting wat dit vind by Openbaring 1:1-20 (Slater, 1999:109 en Gilbertson, 2003:90). In 1:13 word Christus voorgestel as "Iemand soos die Seun van die mens", wat tussen die sewe goue kandelare rondbeweeg. Hy bemoedig, vertroos en vermaan elke gemeente sodat hulle geestelik sterk sal wees om die komende vervolgings te kan weerstaan. In dié sin funksioneer elke brief as 'n inleiding tot die hele boek (Slater, 1999:108) en verteenwoordig elke gemeente afsonderlik en gesamentlik die universele kerk op aarde (Slater, 1999:108 en Tavo, 2002:124 & 131).

Die geografiese verspreiding van die briewe is belangrik. Die sewe stede is geleë in 'n perdeskoenvorm op een van die Romeinse hoofweë. Van groot inhoudelike belang is dat elke leser of hoorder van 'n brief Jesus Christus kan identifiseer as die Sender. In die selfidentifikasie van Christus, vind elke brief 'n noue aansluiting by die voorafgaande 20 verse. Die verband kan skematies soos volg aangedui word:

Selfidentifikasiepatroon

Brief	*Selfidentifikasietema*	*Korrelasie met 1:1-20*
Efese: 2:1-7	2:1	1:13
Smirna: 2:8-11	2:8	1:17-18
Pergamum: 2:12-17	2:12	1:16
Tiatira: 2:18-29	2:18	1:14-15 (sien ook 19:12)
Sardis: 3:1-6	3:1	1:4,16,20 (sien ook 4:5 & 5:6).
Filadelfia: 3:7-13	3:7	1:18
Laodisea: 3:14-22	3:14	1:5 (sien ook 2:13 & 19:11)

In elke brief skerp Christus met outoriteit (wat sterk herinner aan die outoriteit van die *Hoof* teenoor die *liggaam*, soos uiteengesit in 2.4.2.4) die gemeentes gesamentlik en afsonderlik op om hulle geestelike verbintenis met Christus as Hoof (vgl. 1:4) te versterk.

3.4.2.2 Konteks

'n Tweede kenmerk is dat elke brief aansluit by die eie unieke konteks van elke gemeente en word telkens ingelui met "Ek weet" - οἶδα (Gilbertson, 2003:91). Ook hierdie faset van die verhouding *Hoof-en-liggaam* herinner aan die verhouding soos in Efesiërs aangedui (2.4.3.3). Die unieke omstandighede van elke gemeente kan soos volg aangedui word:

Unieke konteks van elk

Gemeente	Bedreiging	Verse
Efese	Volharding in valse leer en versaking van liefde.	2:2, 6 en 4, 5
Smirna	Vervolging.	2:9-10
Pergamum	Vervolging en aanhang van valse leer.	2:13 en 2:14,15
Tiatira	Valse leer.	2:20-23
Sardis	Gebrek aan toewyding.	3:1-3
Filadelfia	Kragteloosheid ten opsigte van getuienis.	3:8
Laodisea	Gebrek aan toewyding.	3:15-19

Die unieke konteks van elk van hierdie gemeentes moet gelees word binne die groter werklikheid van die selfidentifikasie van Christus (Gilbertson, 2003:91).

3.4.2.3 Hoopgewing

'n Derde kenmerk is dat elke brief 'n direkte of indirekte verwysing bevat na die nuwe Jerusalem. Die aardse konteks waarin elke gemeente leef word geplaas binne die konteks van vervulling in een of ander vorm, wat verband hou met die belofte van die nuwe Jerusalem (Slater, 1999:151 en Gilbertson, 2003:92) as uitdrukking van hoopgewing. Dit kan soos volg voorgestel word:

Verwysing na nuwe Jerusalem

Verwysing, direk of indirek	Verse
Efese – indirek: eet van die boom van lewe	2:7 (vgl. 22:2 & 22:14,19)
Smirna – indirek: nie getref deur tweede dood	2:11 (vgl. 21:4, 20:14-15 & 21:8)
Pergamum – indirek: 'n Nuwe naam	2:17 (vgl. 22:4)
Tiatira – indirek: die môrester	2:17 (vgl.22:16)
Sardis – indirek: boek van lewe	3:5 (vgl.21:27)
Filadelfia – direk	3:12
Laodisea – indirek: die troon	3:21 (vgl. 22:3)

Elk van hierdie bemoedigende en hoopgewende elemente, wat in verband staan met die nuwe Jerusalem, dui op 'n belofte van vervulling in die hede en toekoms.

3.4.2.4 Vermanings en oproep tot bekering

'n Vierde belangrike kenmerk van elke brief is die vermanings (oproepe) tot bekering, wat die fokus weer terugbring na die unieke konteks waarin elke gemeente hom bevind. Hierdie oproepformule van Openbaring is verwant aan die "hoorformules" van die sinoptiese evangelies, wat op hul beurt weer 'n ontwikkeling is van die "hooropdrag" van Jesaja 6:9-10 (Gilbertson, 2003:92).

Oproep en konteks

Gemeente	Unieke konteks	Oproep
Efese	Valse leer (2:2,6)	2:7
Smirna	Vervolging (2:9-10)	2:11
Pergamum	Vervolging en valse leer (2:13,14,15)	2:17
Tiatira	Valse leer (2:20-23)	2:29
Sardis	Gebrek aan toewyding (3:1-3)	3:6
Filadelfia	Kragteloos t.o.v. getuienis (3:8)	3:13
Laodisea	Gebrek aan toewyding (3:15-19)	3:22

3.4.3 Metode en werkplan

Vanuit bogenoemde (3.4.2) opsommende samevatting van die aard en doel van die briewe, blyk dit dat daar 'n korrelasie bestaan tussen die selfidentifikasie van Christus (3.4.2.1) as Hoof van die kerk en die gemeente se eie konteks (3.4.2.2). Christus gee aan elke gemeente in sy persoonlike stryd die versekering van sy teenwoordigheid wat vervulling vind in 'n belofte van hoop (3.4.2.3). In die lig hiervan word elke gemeente opgeroep om weer vas te gryp aan Christus en te bekeer (3.4.2.4).

Verskillende verklaarders, by name Greijdanus (1973:48), Hendriksen (1973:66), Mounce (1977:83), Du Rand (1990:239-246), Grové (1992:295), Slater (1999:108-153) en Gilbertson (2003:89-92 & 119-122) oordeel dat die selfidentifikasie in die openingsverse van elke brief 'n belangrike rol vervul in die begryp van die briewe.

In hierdie deel van die navorsing gaan ondersoek gedoen word of die selfidentifikasie van Christus in die briewe aan die gemeentes van Klein-Asië, in hulle verhouding tot ander fasette genoem in 3.4.2 (konteks, hoopgewing en oproep tot bekering), kan dien as kontrole vir die voorkoms van die merktekens van die kerk (eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit) in Efesiërs.

Die ondersoek word soos volg gedoen: In die lig van die fokus van hierdie studie op die brief van Paulus aan die Efesiërs, gaan die brief van Johannes aan die Efesiërs intensief ondersoek word ten opsigte van die selfidentifikasie, die unieke konteks van die gemeente, die hoopgewing en die oproep tot bekering. Daarna sal die lyne ten opsigte van hierdie vier fasette deurgetrek word na die ander gemeentes, voordat konklusies gemaak word met betrekking tot die merktekens: eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit.

3.4.4 Efese (Openbaring 2:1-7)

3.4.4.1 Gedagteopbou

Die skryfopdrag en die geadresseerdes

2:1a: **Skrywe aan die leraar van die gemeente in Efese:**

Die selfidentifikasie van die opgestane Christus

2:1b: **So sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand vashou en wat tussen die sewe goue lampe rondgaan.**

Die eerste uitspraak van Christus: positiewe aspek van gemeente se lewe binne die huidige konteks



Die tweede uitspraak van Christus: negatiewe aspek van gemeente se optrede(sonde) binne huidige konteks



Die derde uitspraak van die Outeur in aansluiting met die eerste uitspraak, maar in kontras met die tweede uitspraak: aspekte van die gemeente en die Nikolaïte

Die kontras met die tweede negatiewe uitspraak

2:6a: **Maar dít het julle darem in julle guns**

Wat die gemeente in hulle guns het, kortliks omskryf

2:6b: **Julle verafsku naamlik wat die Nikolaïte doen, net soos Ek dit ook verafsku het**

Die vierde uitspraak van die Outeur: die gesagsuitspraak

2:7a **Elkeen wat hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeente sê**

Die vyfde uitspraak van die Outeur: hoopgewing in die konteks van die nuwe Jerusalem

2:7b: **Aan elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek te ete gee van die boom van die lewe, wat in die paradys van God is.**

Gedagteopbou saamgevat

Die gedagteopbou van 2:1-7 kan soos volg saamgevat word: Christus maak homself bekend as die Een wat tussen die sewe goue lampe rondgaan (2:1b). In hierdie hoedanigheid gee Hy die opdrag dat aan die gemeente geskryf moet word (2:1a).

Die eerste uitspraak van Christus is 'n aanduiding dat Hy in alle opsigte met die gemeente in hulle omstandighede bemoeienis maak (2:2a). Uit hierdie uitspraak blyk dit dat die gemeente onvermoeid en volhardend weerstand bied teen aanslae van dwaalleraars (2:2c ,3).

Die tweede uitspraak van Christus ontbloot 'n negatiewe aspek (sonde) van die gemeente van Efese. Hulle het hulle eerste liefde verlaat (2:4b – OAV) en word tot bekering opgeroep (2:5b) met 'n dreiging van wat sal gebeur as hulle hul nie bekeer nie: hulle lamp sal uitgedoof word (2:5b).

Die derde uitspraak van Christus sluit aan by die positiewe aspek van die tweede uitspraak oor die weerstand wat Efese bied teen valse leer, naamlik hulle weerstand teen die Nikolaïte (2:6).

Die vierde uitspraak van Christus lê klem op die gesag waarmee die Gees tot Efese spreek om gehoor te gee aan die Woord (2:7a).

Die vyfde uitspraak is 'n belofte van oorwinning (2:7b).

3.4.4.2 Bespreking van die inhoud aan die hand van die samehang tussen selfidentifikasie, konteks, hoopgewing en gesagvolle oproep

3.4.4.2.1 Selfidentifikasie

Die brief begin met 'n titel wat Christus identifiseer as die skrywer en die sender van die brief (2:1; vgl. 1:12-13, 16, 20) - as die Een wat die sewe sterre in sy regterhand vashou - en tweedens as die Een wat tussen die sewe goue lampe rondgaan. Die volgende frases in die selfidentifikasie is belangrik om te ondersoek:

- Christus hou die sewe sterre vas.
- Die κρατέω-aktiwiteit in 2:1.
- Christus hou in sy regterhand vas.
- Die περιπατέω-aktiwiteit in 2:1.
- Die sewe goue lampe.

3.4.4.2.1.1 Christus hou die sewe sterre vas

In Openbaring 2:1b word gestel dat Christus die sewe sterre in sy regterhand vashou. In 1:20 verwys die *sewe sterre* na die *engele*. In die lig van 1:20, 2:1, 8, 12 en 18 en 3:1, 7 en 14 is navorsers dit eens dat die *engele* na die leraars, voorgangers of boodskappers in 'n gemeente verwys (Grové, 1992:21; Slater, 1999:116). *Sewe* word in 2:1 verbind aan sowel sterre as lampe. Die getal sewe word waarskynlik hier gebruik na aanleiding van die sewe gemeentes. Aangesien Efese die eerste van die sewe gemeentes is aan wie 'n Boodskap gerig word, en *sewe* sowel die aantal sterre en kandelare as gemeentes aandui, meen verskeie navorsers (Slater, 1999:116; Gilbertson, 2003:90) dat wat in 2:1 gestel word in verband met die sewe sterre en lampe, nie op Efese alleen betrekking het nie, maar op al sewe gemeentes. Slater (1999:116) toon aan dat die Hoofskap van Christus nie net oor die sewe gemeentes is nie, maar oor die hele skepping (vgl. Ef. 1:22 en 23).

Samevatting

Die sewe sterre beskryf die sewe leraars in die sewe gemeentes met Christus as Hoof.

3.4.4.2.1.2 Die κρατέω-aktiwiteit

Op grond van bostaande afleiding word die gedagte deurgetrek dat die leraars wat in die gemeente werksaam was, deur Christus vasgehou is. κρατέω kan "hold on to", "control", "arrest", "keep" of "accomplish" beteken (Louw & Nida, 1996). Die betekenismoontlikheid "control" is in 2:1 van toepassing. Die betekenisnuanse van κρατέω is om voortdurend beheer/kontrole oor iemand uit te oefen (Louw & Nida,

1996). As 1:16 en 2:1 saamgelees word, kan κρατέω geïnterpreteer word as 'n spesifieke wyse van vashou, en nie bloot dat Christus die sewe sterre in sy regterhand het nie (Ladd, 1972:38 en Coetzee, 1984:14). κρατέω verwoord dat Christus 'n voortdurende stewige greep op die leraars en implisiet op die hele gemeente het. Die leraars is die verkondigers van God se Boodskap aan die gemeente en in die geval van Efese hou die verkondiging verband met die eerste, tweede en derde uitspraak van Christus (sien gedagteopbou 3.4.4.1). Die leraars en die verkondiging is in die mag van en staan onder kontrole van Christus (vgl. die samevattende konklusies by 2.5.5.2 rakende die verhouding *Hoof-en-liggaam* in die brief van Paulus aan die Efesiërs).

Christus is alomteenwoordig (Slater, 1999:116) en daarom is die gemeente nooit aan homself oorgelaat nie. Christus is gedurig besig om die leraars met sy heersersmag te dra en te onderskraag, maar ook te korrigeer. Christus is Hoof oor sy kerk, wat sy *outoriteit* uitoefen in diens van sy liggaam (vgl. 2.5.5.2.1) om as *bron van lewe* sy liggaam op te bou en te voed (vgl. 2.5.5.2.2).

Samevatting

Christus is as Hoof altyd in beheer van sy kerk se groei en voortgang.

3.4.4.2.1.3 Christus hou ... in sy regterhand vas

In die Ou sowel as die Nuwe Testament kom die begrip *hand* of *regterhand van God* voor. Die ondersoek is nou om na te gaan watter betekenismoontlikhede die uitdrukking in 2:1 kan hê. In Jesaja 41:10 staan: "Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou". Die Here is met sy regterhand werksaam en so maak Hy Hom as verbondsgod bekend. As God hou HY met sy regterhand sy volk in stand. Aangesien Christus Hom in Openbaring 2:1a as dié

Een bekend maak wat sy kerk in sy regterhand vashou, blyk dit dat Hy Hom daarmee eweneens as God aan sy kerk in die Nuwe Testament openbaar. Hierdie moontlikheid, naamlik dat die term *regterhand* God self impliseer, strook met Lukas 23:46 en Handelinge 7:50, waar *regterhand* eweneens na God as die handelende verwys (Grové, 1992:23).

In die lig daarvan dat die frase "vashou in sy regterhand" (2:1) 'n konnotasie van kontrole het, kan die volgende afleiding gemaak word: Christus maak Homself as Regeerder oor sy kerk bekend, wat alleen mag en gesag het (Grové, 1992:24). Hierdie betekenis van *regterhand* kom ook in die Ou Testament voor in Eksodus 5:24, 14:8 en Esegiël 37:1 waar die Here as almagtige Koning voorgestel word. Dit kom ook ooreen met Paulus se gebruik van *Hoof* in Efesiërs (vgl. genoemde 2.5.5.2.1 en 2.5.5.2.2).

Die frase "vashou ... in sy regterhand" dui ook op Christus as inisieerder van die kerk. Die Christelike godsdiens het waarskynlik in 52 n.C. in Efese posgevat toe Paulus vir Akwila en Priscilla in Efese agtergelaat het, terwyl hy van Antiochië na Korinte op pad was (Handelinge 18:18-22). 'n Direkte uitvloeisel van die werk van Paulus in Efese (Handelinge 19:8 & 10 en 20:31), was die totstandkoming van die kerk aldaar. Maar, die totstandkoming van die kerk in Efese is primêr Christus se werk.

Die kerk is ook van sy voortbestaan van Christus afhanklik. Die woorde "Hy hou ... die sterre in sy regterhand vas" impliseer ook dat Christus die voortbestaan van sy kerk deur die bemoeienis van sy regterhand waarborg, nie net dié van Efese nie, maar al sewe - en daarin die ganse kerk op aarde (Ladd, 1972:38). Hy wil vir sy kerk net die beste, daarom gee Hy hoop deur te belowe dat hulle sal eet van die boom van lewe, as indirekte aanduiding van die nuwe Jerusalem (2:7, vgl. 22:2, 14 & 19) (3.4.2.3).

Samevattend

Christus se teenwoordigheid is hoopgewend vir sy kerk.

3.4.4.2.1.4 Die περιπατέω-aktiwiteit

περιπατέω kan "walk" en "behave" beteken (Louw & Nida, 1996). In 2:1 word περιπατέω geïnterpreteer as "walk". Christus beweeg rond tussen die gemeentes en is alomteenwoordig in sy kerk (Slater, 1999:116). Hy ís daar waar sy kerk is, wat impliseer dat Hy dáár is waar sy kerk is. Die konteks waarin sy kerk leef is nie vir Hom vreemd nie. Hy het saam met hulle deel aan die "verdrukking en aan die koninkryk en aan die volharding" (1:9). Maar Hy is nie net alomteenwoordig nie, Hy is ook altyd teenwoordig (περιπατων is 'n *praesens partisipium*). In Matteus 28:20 het Christus belowe dat Hy tot die voleinding van die wêreld by sy kerk sal wees. Sy Goddelike alomteenwoordigheid beteken dat Hy as Hoof van die kerk dag en nag reddend en onderhoudend in die midde van sy kerk werksaam is. Hy sien toe dat die lig voortdurend aan die brand bly (Greijdanus, 1973:51). Dit impliseer ook dat Hy rondgaan tussen al sewe gemeentes wat in Openbaring 2 en 3 genoem word en is 'n uitdrukking van alomteenwoordigheid in sy universele kerk.

Sy teenwoordigheid word op verskillende vlakke en met verskillende aktiwiteite uitgedruk. Hy haat die Nikolaïte (2:6), Hy gee aan die gelowiges om te eet van die boom van die lewe (2:7), Hy kom na die gemeente toe (2:5) en Hy roep op tot bekering (2:5). Hy ondersoek, takseer en regeer, beskerm en seën sy kerk. Hy laat sy kerk nie aan hulself oor nie (Greijdanus, 1973:51).

Samevattend

Christus as Hoof is altyd kontekstueel betrokke by sy kerk se opbou en groei.

3.4.4.2.1.5 Die sewe goue lampe

Die feit dat Christus in 2:1 aantoon dat Hy tussen die sewe goue lampe rondgaan, het hoofsaaklik een oorheersende betekenis. Elke plaaslike kerk word simbolies voorgestel as 'n lamp. Coetzee (1984:15) meen dat die plaaslike kerk 'n volledige "lamp" van die universele kerk op daardie plek is. Die opdrag aan die kerk moet dus in elke plaaslike kerk tot uitdrukking kom. En wat is die opdrag? Volgens Openbaring 1:20 is λυχνια die gemeente self. Sowel die leraars en die kerk, as die gemeentes self, het met liggee te doen.

Ook elders in die Skrif word die lampbeeld gebruik om die kerk mee te beskryf (vgl. Jesaja 60:3). Volgens Matteus 5:14 is die gelowige soos 'n lig wat in die donker skyn (vgl. Fil. 2:15). In Efesiërs 5:8 word van die lidmate van die kerk gepraat as "kinders van die lig". Die kerk as goue kandelaar het die roeping om 'n lig vir die nasies te wees deur die lig van die evangelie van Christus te versprei (Matteus 4:14-16) en die duisternis te verdryf (Mounce, 1980:77). God en Christus is lig (Johannes 8:12 en 1 Johannes 1:5) en alle lig wat die Christen uitstraal kom van Hom af (Ps. 27:1, 36:10 & 43:3).

Die kerk in Efese word as lamp voorgestel en dit impliseer dat die kerk die verantwoordelikheid het om die evangelie as lig uit te dra. Christus wat in hulle midde is, dra sorg dat hulle hierdie verantwoordelikheid nakom.

Samevatting

Efese - en so elke ander gemeente in Klein-Asië - en in hulle die hele kerk van Christus, het die opdrag om ligdraers in 'n donker wêreld te wees.

3.4.4.2.1.6 Samevattende konklusies van Christus se selfidentifikasie

3.4.4.2.1.6.1 Eenheid van die kerk word weerspieël in die verhouding van Christus as Hoof, wat die universele kerk in sy hand hou (vgl. 3.4.4.2.1.1 en die samevattende konklusies by 2.5.5.2.1 en 2.5.5.2.2, asook 3.3.2.4 en 3.3.5).

3.4.4.2.1.6.2 Heiligheid van die kerk word weerspieël in die verhouding *Hoof-en-liggaam*, waar die Hoof in sy opbouende besorgdheid sy kerk voortdurend wys op hulle roepingsvervulling (in Efese se geval in stryd teen valse leer). (Vgl. 3.4.4.2.1.2 en die samevattende konklusies by 2.5.5.2.3 en 2.5.5.2.4, asook 3.3.3.4 en 3.3.5.)

3.4.4.2.1.6.3 Christus se hoopgewende aktiwiteit in sy verhouding tot sy kerk dui nie eksplisiet op 'n besondere merkteken van die kerk nie, maar dien as oorkoepelende werksaamheid wat moontlik alle fasette van kerkwees ondersteun (vgl. 3.4.4.2.1.3).

3.4.4.2.1.6.4 Christus se kontekstuele betrokkenheid by sy kerk dien, soos gestel in 3.4.4.2.1.4, ook 'n oorkoepelende doel.

3.4.4.2.1.6.5 Christus se liggaam, die kerk, se opdrag in hierdie wêreld is om ligdraers te wees in 'n donker wêreld deur die voortdurende uitdra van die evangelie. Vanuit hierdie selfidentifikasie blyk die katolisiteit en apostolisiteit as merktekens van die kerk (vgl. 3.4.4.2.1.5 en die samevattende konklusies by 2.5.5.2.4 en 3.3.4.4, asook 3.3.5).

3.4.4.2.2 Samehang tussen die selfidentifikasie en konteks van die gemeente

Die konteks waarin die gemeente hom bevind en met betrekking waartoe hy bemoedig of vermaan word, het met 'n positiewe (2:2 & 6) en 'n negatiewe (2:4 & 5) aspek te doen – en met 'n dreigement (2:5b).

3.4.4.2.2.1 Positiewe aspekte (2:2 & 6)

Christus ken die gemeente (en ook al die ander gemeentes) se onvermoeide arbeid en volharding omdat Hy voortdurend en altyd in die midde van sy kerk teenwoordig is. οἶδα kan "know", "know how to", "understand", "remember" en "honor" beteken (Louw & Nida, 1996). In 2:2a het οἶδα die betekenisdefinisie van "die besit van inligting in verband met 'n saak en om vertroud te wees met die inligting" (Louw & Nida, 1996). Die frase "Ek weet alles wat julle doen", beteken dat Christus vertroud is met die stand van sake in die gemeente van Efese. Hy weet alles wat hulle doen.

ἔργον kan "act", "word" en "workmanship" beteken (Louw & Nida, 1996). Die betekenismoontlikheid "word" is in 2:2 van toepassing en dit kan as "dit wat iemand gewoonlik doen" (Louw & Nida, 1996) gedefinieer word. ἔργον beskryf werk dus in die algemeen, of wyse van lewe, of lewenspatroon (Coetzee, 1984:18).

Christus is in die midde van sy kerk om die kerk se doen en late te wete te kom, want Hy vergeld elkeen volgens sy werke.

In die gedagteopbou is aangetoon dat κόπος in 2b saamgelees moet word met "onvermoeide arbeid". Waar ergon 'n breë betekenisspektrum verwoord, verwoord

κόπος 'n meer spesifieke betekenis. κόπος kan "labor" en "trouble" beteken (Louw & Nida, 1996). Die betekenismoontlikheid "labor" is vir κόπος in 2:2 van toepassing, en beskryf "harde werk, moeisame arbeid, moeilike werk wat met probleme gepaard gaan" (Coetzee, 1984:18; Louw & Nida, 1996). κόπος beskryf die positiewe optrede van die gemeente, wat daarin bestaan het dat hulle slegte mense nie verdra het nie (Greijdanus, 1973:51).

Grové (1992:31) toon aan dat κόπος in hierdie konteks dieselfde betekenis het as in 1 Tessalonisense 5:12 - en dat dit beteken *verkondiging van die Evangelie.* Die gemeente se moeisame arbeid het daaruit bestaan dat hulle mense wat voorgee dat hulle apostels is, se werksaamhede ondersoek het. Hulle het, in die lig van die waarheid, die geeste op die proef gestel om te bepaal of hulle die waarheid verkondig (vgl. 1 Tess. 5:21 en 1 Joh. 4:1).

In aansluiting by die onvermoeide arbeid wat die gemeente verrig het, het hulle ook volhard. ὑπομονή kan "resist", "stay behind", "continue" en "endure" beteken (Louw & Nida, 1996). Die betekenismoontlikheid "endure" is in 2:3 toepaslik en word soos volg omskryf: "... to continue to bear up despite difficulty and suffering" (Louw & Nida, 1996). Die volharding van die gemeente het daarin bestaan dat hulle teenstand gebied het teen die aktiwiteite van die valse apostels (Ladd, 1972:39). Deur te volhard het die gemeente getoon dat hulle 'n ewige toekoms vir die bestaan van die kerk in die vooruitsig stel en hulle uitstrek na en vashou aan die belofte van die ewige lewe wat Christus aan hulle toegesê het (Coetzee, 1984:21 en 1988:266).

'n Verdere gedagte is: Die gemeente het baie vir die Naam van Christus verduur (βαστάζω) (2:3). βαστάζω kan "carry", "remove", "endure", "provide for" , "undergo" en "accept" beteken (Louw & Nida, 1996). In 2:3 is die betekenis "endure" toepaslik en word die betekenismoontlikheid soos volg omskryf: "to continue to bear up under unusually trying circumstances and difficulties". In aansluiting by die

bespreking by υπομονη, het hierdie betekenis betrekking op dit wat verduur is met betrekking tot die uitdra van die evangelie.

Hierby aansluitend staan hulle "onvermoeide" (κεκοπίακες) arbeid (2:3). κοπιάω kan "labor", "be tired" en "lose heart" beteken (Louw & Nida, 1996). Die betekenismoontlikheid "labor" is in 2:3 van toepassing en word soos volg omskryf: "to engage in hard work, implying difficulties and trouble" (Louw & Nida, 1996). Dit impliseer dus die doen van harde werk wat met moeite en probleme gepaard gaan. Louw & Nida plaas *kopiaw*, *ergon* en *κόπος* in dieselfde subdomein: "work, toil" (nl. §42.41-42.50). κεκοπίακες verwoord dat die gemeente, soos in die verlede, ook in die hede onverpoos en moeisaam daarin bly volhard om nie moeg te word of te verslap nie. Hulle volhard om die waarheid – ten spyte van teenstand – met die daad uit te leef deur die evangelie van Christus te verkondig (Grové, 1992:35).

Die positiewe bemoediging in 2:6 is ten opsigte van die Efesiërs se optrede teenoor die Nikolaïte. In teenstelling met Pergamum (2:14-15), wat vasgehou het aan die leer van die Nikolaïte, het die kerk in Efese hulle werke gehaat. Die feit dat die gemeente die werke van die Nikolaïte gehaat het, impliseer dat die gemeente met konstruktiewe optrede die suiwerheid van die leer gehandhaaf het, om sodoende die welsyn van die kerk te bevorder.

Samevatting

In die positiewe bemoediging van Efesiërs kom 'n sterk ekklesiologiese element na vore, in samehang met die selfidentifikasie van Christus. Die Efesiërs het volhard in die uitdra van die evangelie en hulle nie laat meesleur deur negatiewe elemente en valse leer nie.

3.4.4.2.2.2 Negatiewe aspekte

Die tweede uitspraak van Christus (die Outeur) meld dat die gemeente Christus nie meer so lief het soos in die begin nie. Daarna kondig Christus 'n drieërlei

korrektiewe optrede aan. Voorts word uitgespel wat die gevolg vir die gemeente sal wees as hulle in gebreke bly om 'n korreksie aan te bring.

Die sonde van die gemeente word verwoord met: "Maar Ek het dit teen julle: julle het My nie meer so lief soos in die begin nie" (2:4).

Die frase "Maar Ek het dit teen julle" staan in skrille kontras met die positiewe waardering wat Christus vir die gemeente in 2:2-3 uitspreek (Coetzee, 1984:23). Al is hierdie 'n baie sterk uitdrukking van die strengheid van Christus, blyk sy genade ook baie duidelik daaruit. Ten spyte van die feit dat hulle Hom nie meer so liefhet soos in die begin nie (2:4), is Hy nogtans in hulle midde en sal Hy hulle nie loslaat nie (Grové, 1992:35).

Volgens 2:2-3 was die gemeente uiterlik sterk en vol ywer vir die waarheid van die evangelie (vgl. 3.4.4.2.1.1), maar van binne sonder liefde. Ondanks hulle ywer vir die waarheid te midde van die aanslae van buite, het Efese in sy onderlinge verhoudings verhard en verkoel (Coetzee, 1984:23). Christus het dit teen hulle dat hulle Hom nie meer so liefhet soos in die begin nie. Daaruit kan die afleiding gemaak word dat die liefde van die gemeente wel vroeër in graad en intensiteit volgens die wil van God was, maar dat die omgekeerde situasie tydens die skryf van 2:4 gegeld het. Die implikasie van die liefde teenoor Christus wat verkoel het, is dat hulle liefde teenoor hulle naaste en medegelowiges ook afgeneem het (Mounce, 1980:88).

Die innerlike band met Christus wat die kerk as lamp altyd aan die brand laat bly het, is deur die gemeente deurgesny en daarom was alle dade na buite slegs formeel en sonder blywende resultaat (Ladd, 1972:39). Die gemeente het hulleself weliswaar beywer vir die uitdra van die evangelie, maar was self nie 'n lig nie.

In die lig van die sonde van die gemeente , roep Christus hulle op tot bekering. Dit wil voorkom of daar, in die volgende sin, 'n logiese opbou in die oproep tot bekering

is (Grové, 1992:37):

- Verandering van denke (μνημόνευε)
- Veranderde hartsgesindheid (μετανόησον)
- Konkrete dade (ποίησον)

Die gemeente moet dink hoe ver hulle agteruit gegaan het. πίπτω kan onder andere "fall", "fall down", "be destroyed", "die", "cease", "happen" en "experience" beteken (Louw & Nida, 1996). In 2:5 is die moontlikheid "fall down" toepaslik en hierdie betekenis van πίπτω word soos volg omskryf: "om van 'n sekere vlak of punt af te val of te verval (Louw & Nida, 1996). Dit impliseer dat die gemeente na 'n laer en minder intense godsdienstige vlak gedaal het. Die perfektumvorm πέπτωκας, impliseer dat die stand van sake by hulle was dat hulle gevalle bly lê het (Coetzee, 1984:25). Die gemeente word nou by wyse van die *praesens imperatief* μνημόνευε, vermaan om voortdurend terug te dink aan hulle vroeëre liefde. Die besef van die kontras tussen die verlede en die hede behoort die gemeente tot beter insigte te bring (Mounce, 1980:88).

Die gemeente moet hulle bekeer (μετανόησον). Die imperatief is 'n opdrag van Christus aan die gemeente om 'n duidelike breuk met hulle huidige lewenswyse te maak. Die eertydse liefde moet weer opvlam in hulle harte (Mounce, 1980:88) en oorgaan in 'n nuwe lewenspraktyk, wat beantwoord aan die standaarde van die Woord.

Hulle moet weer doen wat hulle n die begin gedoen het (ποίησον). Die *aoristos imperatief* word vertolk as ingressief (Grové, 1992:38). "Doen weer die eerste werke" verwys waarskynlik na dié werke wat hulle oorsprong in die gemeente se liefde vir Christus het (Ladd, 1972:39). Die gemeente moet terugkeer na die standaarde wat God stel, naamlik 'n heilige lewe.

Samevatting

Die werke van gelowiges is vir Christus belangrik, daarom maak Hy sy oë nie toe vir die Efesiërs se tekortkominge nie, maar roep Hy hulle weer op tot 'n heilige lewenswandel van liefde.

3.4.4.2.2.3 Dreigement

Christus spreek 'n dreigement teenoor die gemeente uit indien hulle nie gehoor gee nie: "... sal Ek kom na julle toe en sal Ek julle lamp van sy plek af wegvat!". In 2:1 identifiseer Christus Homself as dié Een wat in die midde van sy kerk is, en uit 1:17 blyk dat sy teenwoordigheid sy kerk moet troos. Sy teenwoordigheid dien ook as 'n oordelende dreigement teen die kerk as die gelowiges hulle nie bekeer nie (2:5). Tog staan die dreigement voluit in die teken van God se genade, aangesien daar vir hulle die moontlikheid van bekering was. Deur middel van dissiplinêre maatreëls roep Christus die gemeente terug van die verkeerde weg wat hulle ingeslaan het. Hy dra immers die welsyn van die kerk op die hart. Indien dit nie gebeur nie, sal Hy hulle lamp wegvat (κινέω). Hierdie dreigement sal uitgevoer word as die gemeente nie terugkeer na hul eerste werke nie (Ladd, 1972:40).

Samevatting

Die bestaan, voortbestaan en die nietigwording, is in die hande van die Hoof van die kerk, Christus.

3.4.4.2.2.4 Samevattende konklusie

3.4.4.2.2.4.1 In die positiewe bemoediging van Efesiërs kom 'n sterk ekklesiologiese element na vore, in samehang met die

selfidentifikasie van Christus. Die Efesiërs het volhard in die uitdra van die evangelie en hulle nie laat meesleur deur negatiewe elemente en valse leer nie. Die ekklesiologiese element wat na vore kom is dié van **apostolisiteit** as merkteken.

3.4.4.2.2.4.2 Die werke van gelowiges is vir Christus belangrik, daarom maak Hy sy oë nie toe vir die Efesiërs se tekortkominge nie, maar roep Hy hulle weer op tot 'n heilige lewenswandel van liefde. 'n Ekklesiologiese element kom na vore, naamlik **heiligheid** as merkteken.

3.4.4.2.3 Die samehang tussen selfidentifikasie en hoopgewing

Die vyfde uitspraak van Christus behels 'n oorwinningsbelofte (2:7a). Die belofte bestaan daarin dat Christus hulle sal laat eet van die boom van die lewe wat in die paradys van God is.

ἐσθίω kan "eat" en "destroy" beteken (Louw & Nida, 1996). Die betekenismoontlikheid "eat" is toepaslik. Hierdie betekenisnuanse kan omskryf word as die handeling om voedsel te gebruik (Louw & Nida, 1996) en daarom word ἐσθίω in 2:7 as *eet* geïnterpreteer. Die eet-handeling veronderstel figuurlike taalgebruik wat impliseer dat die eter deel het aan wat hy eet. Die uitdrukking is 'n indirekte verwysing na die nuwe Jerusalem (vgl. 3.4.2.3). Openbaring 22:2 en 14 impliseer dat om te eet van die boom van die lewe 'n simboliese manier is om te sê dat iemand die ewige lewe het en in gemeenskap met Christus lewe (Mounce, 1977:90) en dat Christus in gemeenskap met die kerk lewe. Nou hierby aansluitend word verwys na die "paradys van God". Hierdie uitdrukking is nog 'n bevestiging van die gemeenskap met God waarbinne die gelowiges sal lewe. Dié wat gered is, kan nou ewig leef in die staat waarin Adam en Eva voor die sondeval was, omdat Christus die verlore paradys van Genesis 2 en 3 kom herstel het.

Hierdie motief is 'n sterk aansluiting by die selfidentifikasie van Christus, wat daarmee sy teenwoordigheid by sy kerk bevestig. Die omgekeerde is ook waar. Dit sluit ook aan by die gedagte van die kerk se teenwoordigheid by Christus.

Samevatting

Die ekklesiologiese motief in hierdie deel is eskatologies van aard. Christus en sy kerk is ewig by mekaar en selfs die sonde in hulle midde kan dit nie verhinder nie.

3.4.4.2.4 Vermanings en finale oproep

Die vierde uitspraak van Christus in die brief aan Efese is 'n refrein wat by al sewe briewe na vore kom: "Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê". Die verwysings na die eskatologiese seëninge ("elkeen wat oorwin" en "die boom van die lewe") plaas hierdie boodskap in 'n temporele perspektief (Gilbertson, 2003:121). Die dissonansie tussen die beloftes en die huidige konteks van die kerk (3.4.4.2.2) bring 'n eskatologiese spanning na vore, wat alleen opgelos gaan word deur die neerdaal van die nuwe Jerusalem (3.4.4.2.3). Maar, daar is 'n noue verband tussen die beloftes en die nuwe Jerusalem. Hierdie finale oproep bring die fokus eksplisiet terug na die hede. Die nuwe Jerusalem verteenwoordig in hierdie verband 'n beginpunt sowel as 'n doelpunt (*telos*). Die verwysings in die brief na die nabye en die uiteindelike toekoms is daar om die gemeente in staat te stel om 'n wyer perspektief op die hede te kry en sodoende die bekeeroproep in 'n baie ernstige lig te sien (Gilbertson, 2003:122).

Samevatting

Die slotoproep plaas die eskatologiese perspektief (nabye en verre toekoms) in 'n ernstige lig. Bekering is moontlik en noodsaaklik.

3.4.4.3 Samevattende konklusies

3.4.4.3.1 **Eenheid** van die kerk (3.4.4.2.1.6.1) word weerspieël in die verhouding van Christus as Hoof, wat die universele kerk in sy hand hou (3.4.4.1) (vgl. ook 3.4.4.2.1.1 en die samevattende konklusies by 2.5.5.2.1 en 2.5.5.2.2, asook 3.3.2.4 en 3.3.5).

3.4.4.3.2 **Heiligheid** van die kerk (3.4.4.2.1.6.2) word weerspieël in die verhouding *Hoof-en-liggaam*, waar die Hoof in sy opbouende besorgdheid sy kerk voortdurend wys op hulle roepingsvervulling (in Efese se geval in stryd teen valse leer) (2.5.4.2). (Vgl. 3.4.4.2.1.2 en die samevattende konklusies by 2.5.5.2.3 en 2.5.5.2.4, asook 3.3.3.4 en 3.3.5.)

3.4.4.3.3 Christus se hoopgewende aktiwiteit (3.4.4.2.1.6.3) in sy verhouding tot sy kerk dui nie eksplisiet op 'n besondere merkteken van die kerk nie, maar dien as oorkoepelende werksaamheid wat moontlik alle fasette van kerkwees ondersteun (vgl. 3.4.4.2.1.3).

3.4.4.3.4 Christus se kontekstuele betrokkenheid (3.4.4.2.1.6.4) by sy kerk dien, soos gestel in 3.4.4.2.1.4, ook 'n oorkoepelende doel.

3.4.4.3.5 Christus se liggaam, die kerk, se opdrag in hierdie wêreld is om ligdraers te wees (3.4.4.2.1.6.5) in 'n donker wêreld deur die voortdurende uitdra van die evangelie. Vanuit hierdie selfidentifikasie blyk die **katolisiteit** en

apostolisiteit as merktekens van die kerk (vgl. 3.4.4.2.1.5 en die samevattende konklusies by 2.5.5.2.4 en 3.3.4.4, asook 3.3.5).

3.4.4.3.6 In die positiewe bemoediging van Efesiërs (3.4.4.2.1.4.1) kom 'n sterk ekklesiologiese element na vore, in samehang met die selfidentifikasie van Christus. Die Efesiërs het volhard in die uitdra van die evangelie en hulle nie laat meesleur deur negatiewe elemente en valse leer nie. Die ekklesiologiese element wat na vore kom is dié van **apostolisiteit** as merkteken.

3.4.4.3.7 Die werke van gelowiges is vir Christus belangrik (3.4.4.2.2.4.2), daarom maak Hy sy oë nie toe vir die Efesiërs se tekortkominge nie, maar roep Hy hulle weer op tot 'n heilige lewenswandel van liefde. 'n Ekklesiologiese element kom na vore, naamlik **heiligheid** as merkteken.

3.4.4.3.8 Die eskatologiese perspektief in die hoopgewing (3.4.4.2.3) asook die slotoproep (3.4.4.2.4) bring nie nuwe ekklesiologiese merktekens na vore nie, maar dien albei as versterking vir die bestaande merktekens.

3.4.5 Samevatting van die voorkoms van die selfidentifikasie van Christus en sy verhouding tot die konteks, hoopgewing en oproep tot bekering by die ander ses briewe in Openbaring 2 en 3

Struktureel vertoon al sewe briewe dieselfde patroon, naamlik: 'n opdrag om te skryf aan die engel van die gemeente; 'n profetiese selfidentifikasie van die opgestane Christus, ingelei met die formule τάδε λέγει; 'n eskatologiese belofte, wat somtyds verbind word met 'n waarskuwing en 'n oproep om te hoor wat die Gees vir die gemeentes sê.

In hierdie afdeling word oorsigtelik aangetoon dat dieselfde inhoudelike patroon in

al sewe briewe te vinde is, soos dit in 3.4.4 aangetoon is ten opsigte van Efese, naamlik: 'n selfidentifikasie van Christus, die huidige konteks van die gemeente, hoopgewing met die oog op die nabye en verre toekoms en 'n finale oproep.

3.4.5.1 Selfidentifikasie

Elke brief begin met 'n selfidentifikasie van die opgestane Christus. Een funksie van die verwysings is om dit wat daarop volg in die wydste moontlike historiese konteks te plaas (Gilbertson, 2003:120). Christus het pas in 1:17b-18 gesê: "... Hy het toe met sy regterhand aan my gevat en vir my gesê: 'Moenie bang wees nie, dit is Ek, die Eerste en die Laaste, die Lewende. Ek was dood en, kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid; en Ek het die sleutels van die dood en die doderyk ...'".

Daarmee maak die verwysing na Christus aan die begin van elke brief die perspektief wyd oop. Elke gemeente is verbind aan Hóm wie se bestaan ewig is. In die brief aan Smirna word hierdie verwysing (1:17b-18) eksplisiet gemaak (2:8). Die gedagte kom ook sterk na vore in die boodskappe aan Filadelfia (3:7) en Laodisea (3:14). Hierdie gedagte is ook teenwoordig by die ander vier briewe (Efese 2:1; Pergamum 2:12; Tiatira 2:18 en Sardis 3:1), maar in elke brief verwys die selfidentifikasie eksplisiet terug na 1:12-18 (sien 3.4.2.1). So onvernietigbaar en onveranderbaar as wat die ewige band van Christus met sy kerk is, so onvernietigbaar en onveranderlik is die onderlinge band van kerke met mekaar (die sewe as verteenwoordigend van die universele kerk).

Konklusie

Die merkteken van **eenheid** wat aangetoon is in die brief aan die Efesiërs (vgl. 3.4.4.3.1) kan in die lig van bogenoemde moontlik ook van toepassing gemaak word op al sewe briewe.

3.4.5.2 Konteks

Die tweede temporele verwysing is die verwysing na elke gemeente in sy unieke omstandighede (konteks). Dit neem die vorm aan van bemoediging of kritiek ten opsigte van hulle konkrete omstandighede en word ingelei met οἶδα ("Ek weet") (sien 3.4.2.2). Hierdie unieke konkrete omstandighede van elke gemeente bring 'n spanning na vore tussen die "reeds" en die "nog nie" van elkeen - wat eers met die aanbreek van die nuwe Jerusalem afgeloop sal wees. Maar die feit dat nie een gemeente volmaak in die uitvoering van sy spesifieke opdrag is nie, bring nie verwydering tussen Christus as Hoof en sy gemeentes nie. Die omstandighede is nie permanent nie, maar die verhouding tussen Christus en sy kerk bring mee dat die omstandighede voortdurend aangespreek moet word. Die kerk moet voortdurend streef na roepingsvervulling.

Konklusie

In die bespreking van die brief aan Efese is 'n ekklesiologiese merkteken aangetoon, naamlik **heiligheid,** ten opsigte van roepingsvervulling (3.4.4.3.2). Waar roepingsvervulling in kontekstuele verband versaak word, kom dit neer op oortreding van God se wil. Die verwagting is dat dieselfde bevinding by die ander gemeentes gemaak kan word. Om ander moontlike ekklesiologiese motiewe te kontroleer, sal elke gemeente se konkrete omstandighede binne konteks bestudeer moet word.

3.4.5.3 Hoopgewing

Elke brief het verwysings na die toekoms. Dit hou in die noodsaak om komende vervolging te weerstaan (2:10 & 3:10) of waarskuwings teen 'n dreigende oordeel

van Christus (2:5, 16 & 3:3, 16). Gilbertson (2003:111-113) toon aan dat, ten opsigte van al die bedreigings, die terme νικαω (*oorwin*), ὑπομονή (*volhard*) en τερηω (*bewaar*) (2:7, 11, 17, 26 & 3:5, 12, 21) 'n belangrike rol vervul. Die begrippe gee uitdrukking aan die eskatologiese spanning wat bestaan tussen die "reeds" en die "nog nie" van die vervulling van die beloftes - wat eers met die nuwe Jerusalem se koms 'n werklikheid sal wees.

Konklusie

Die eskatologiese faset in hoopgewing gee (soos aangetoon by Efesiërs 3.4.4.3.3.) nie uitdrukking aan eksplisiete merktekens nie, maar dien 'n oorkoepelende doel in ondersteuning van alle fasette van kerkwees.

3.4.5.4 Finale oproep

Die oproep aan die einde van elke brief, "Elkeen wat hoor moet luister wat die Gees vir die gemeentes sê", bring die fokus (soos reeds aangetoon by 3.4.4.2.4) eksplisiet terug na die hede. Die fokus bly op die hede, sodat die nuwe Jerusalem 'n beginpunt sowel as doel beklemtoon. Die eksistensiële werklikheid van elke gemeente bly vir die Hoof van die kerk van die grootste ekklesiologiese belang. Die kerk se roeping in die hede moet uitgevoer word.

Konklusie

Die eskatologiese perspektief in die slotoproep dien as versterking vir die handhawing van alle merktekens van die kerk.

3.4.5.5 Samevattende konklusies

Al vier die elemente van die briewe se inhoud is in die ander ses briewe, net soos in die brief aan die Efesiërs, van ekklesiologiese belang en kan met verdere navorsing moontlik die merktekens van eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit na vore bring.

3.5 Samevatting

Uit die historiese ondersoek is dit duidelik dat:

3.5.1 Die kerk in die eerste eeue, volgens die merktekens van die kerk, sy identiteit vanuit sy oorsprong missionêr geïdentifiseer het en daarom is die merktekens in hulle gerigtheid op die aktiwiteit (taak) van die kerk steeds missionêr (3.2.4 en 3.2.6), om uitdrukking te gee aan die missionêre identiteit van die kerk.

3.5.2 Die kenmerke van die ware kerk (Woordverkondiging, suiwer bediening van die sakramente en toepassing van tug) volgens die Gereformeerde ekklesiologie, is steeds waardevolle onderskeidingstekens vir die kerk se gerigtheid na binne(3.2.5).

3.5.3 Die kenmerke van die ware kerk het 'n eensydige na-binne-gerigtheid tot gevolg gehad, wat die funksionering van die merktekens in die Gereformeerde kerkgemeenskappe as 'n missionêre ekklesiologie aan bande lê (3.2.5).

Uit die eksegetiese ondersoek van die merktekens in Efese het die volgende duidelik geword:

3.5.4 Die merktekens van die kerk moet by hernuwing ontdek word as Skriftuurlik in oorsprong en missionêr in hulle gerigtheid (3.2.6). Die merkteken van *eenheid* vind 'n Skriftuurlike basis in Efesiërs.

3.5.5 Die kerk vind die vervulling van sy missionêre roeping in die wêreld deur te wees wie hy is: 'n verenigende krag in die wêreld.

3.5.6 Die merkteken van *heiligheid* vind 'n Skriftuurlike basis in Efesiërs.

3.5.7 Die kerk vind die vervulling van sy missionêre roeping in die wêreld deur te wees wie hy is: 'n heiligende krag van God in die wêreld.

3.5.8 Die merktekens *katoliek* en *apostolaat* vind 'n Skriftuurlike basis in Efesiërs.

3.5.9 Die kerk vind die vervulling van sy missionêre roeping in die wêreld deur nie net deel te wees van die katolieke kerk op aarde nie, maar deur die verkondiging van versoening (die geheimenis) en deur ook apostolêre kerk te wees, wat só 'n versoenende en verkondigende krag in die wêreld kan wees.

Uit die kontrole-ondersoek vanuit die brief van Johannes aan Efese in Openbaring, het die volgende duidelik geword:

3.5.10 Eenheid van die kerk word weerspieël in die verhouding van Christus as Hoof, wat die universele kerk in sy hand hou (vgl. 3.4.4.3.1) en die samevattende konklusies by 2.5.5.2.1 en 2.5.5.2.2, asook 3.3.2.4 en 3.3.5).

3.5.11 Heiligheid van die kerk word weerspieël in die verhouding *Hoof-en-liggaam,* waar die Hoof in sy opbouende besorgdheid sy kerk voortdurend wys op hulle roepingsvervulling (in Efese se geval in stryd teen valse leer). (Vgl. 3.4.4.3.2) en die samevattende konklusies by 2.5.5.2.3 en 2.5.5.2.4, asook 3.3.3.4. en 3.3.5.)

3.5.12 Christus se hoopgewende aktiwiteit in sy verhouding tot sy kerk dui nie eksplisiet op 'n besondere merkteken van die kerk nie, maar dien as oorkoepelende werksaamheid wat moontlik alle fasette van kerkwees ondersteun (vgl. 3.4.4.3.3).

3.5.13 Christus se kontekstuele betrokkenheid by sy kerk dien, soos gestel in 3.4.4.3.4, ook 'n oorkoepelende doel.

3.5.14 Christus se liggaam, die kerk, se opdrag in hierdie wêreld is om ligdraers te wees in 'n donker wêreld deur die voortdurende uitdra van die evangelie. Vanuit hierdie selfidentifikasie blyk die katolisiteit en apostolisiteit as merktekens van die kerk (vgl. 3.4.4.3.5) en die samevattende konklusies by 2.5.5.2.4 en 3.3.4.4, asook 3.3.5).

3.6 Samevattende konklusies

3.6.1 Vervulling van die kerk se missionêre roeping in die strewe na eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit vind in Efesiërs in Skriftuurlike basis (vgl. 3.3.2.4, 3.3.3.4 en 3.3.4.4).

3.6.2 Deur te wees wie die kerk is, naamlik "een, heilige, katolieke en apostoliese" kerk in die wêreld, vervul hy sy missionêre roeping as 'n verenigende, transformerende, versoenende en verkondigende krag in die wêreld (vgl. 3.3.2.4, 3.3.3.4 en 3.3.4.4).

3.7 Finale konklusies

3.7.1 In die ondersoek na die identiteit van die kerk volgens merktekens van die kerk, is bevind dat die merktekens - soos bely in die belydenis van Nicea (451 n.C.) - die missionêr-ekklesiologiese identiteit van die kerk saamvat. Dit vind 'n Skriftuurlike basis in die brief van Paulus aan die Efesiërs (60 n.C.) en die merktekens in die briewe van Johannes aan die gemeente van Efesiërs (95 n.C.) (en moontlik ook in die ander ses briewe) was rigtinggewend in die verhouding van die Hoof tot sy liggaam, die kerk, ten spyte van kontekstuele veranderinge en verskille wat daar tussen gemeentes bestaan het.

3.7.2 In die lig van 3.5.1. kan aangetoon word dat die vier merktekens van die kerk, naamlik eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit, steeds bepalend vir die kerk se missionêr-ekklesiologiese identiteit behoort te wees.

Aantekeninge by Hoofstuk 3

[1] Skrywers gebruik die terme *kenmerke* en *merktekens* inkonsekwent. In hierdie studie word met *kenmerke* aangedui die Gereformeerde aanduiding van: *Woord, diens* en *tug* en met *merktekens* die Niceaanse aanduidings van *een, heilig, katoliek* en *apostolies.*

[2] Dit is so dat die apostoliese amp volgens Ef 4:11 gelyk is aan die ander ampte, maar Paulus se unieke amp het volgens 3:5 'n besondere klem gehad (die bekendmaking van die misterie was uniek). Hahn (1965:148) sê: "In this sense Paul has the task of bringing to light the oikonomia tou musthriou, namely the Church's reality and unity (3:9; cf.v.6)". En (1965:151): "As Christ's saving action in the gospel is present, so the apostolic office on which the church is founded, and the missionary function in the gospel, are something living."

[3] Die frase "in Hom" is in die 1983-Vertaling weergegee as: "omdat julle sy volgelinge is" (Bybel, 1990).

[4] Hierdie frase is in die 1983-Vertaling weergegee as: "Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle." (Bybel, 1990.)

[5] Hierdie frase is in die 1983-Vertaling weergegee as: "Julle gees en gedagtes moet nuut word." (Bybel, 1990.)

[6] Hierdie frase is in die 1983-Vertaling weergegee as: "lewe as nuwe mense" (Bybel, 1990).

[7] Hierdie frase is in die 1983-Vertaling weergegee as: "wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig" (Bybel, 1990).

[8] Die 1983-Vertaling het hier: "Daarom bid ek vir julle wat nie Jode is nie, ek, Paulus, 'n gevangene deur my diens aan Christus Jesus." (Bybel, 1990.) In die oorspronklike is daar nie die werkwoord 'bid' nie. Daar is geen werkwoord nie.

[9] Vir 'mede-erfgename' het die 1983-Vertaling: "saam met ons deel van die volk van God" (Bybel, 1990).

HOOFSTUK 4: BEDIENINGS VAN DIE KERK

4.1 Oriëntering

In die navorsing sover gedoen oor die kerk as *missiones ecclesiae*, is die missionêre ekklesiologiese identiteit van die kerk aangetoon deur die metafore *Hoof* en *liggaam* in Paulus se brief aan die Efesiërs, afsonderlik en in hulle verhouding tot mekaar, te ondersoek (vgl. konklusies by 2.4.5.3). Die ondersoek het verder gegaan om die basiese beginsels van 'n missionêre ekklesiologie, aangedui as merktekens, te ondersoek - en daar is bevind dat die merktekens (*eenheid, heiligheid, katolisiteit* en *apostolisiteit*) hul basis onder andere vind in die brief van Paulus aan die Efesiërs (vgl. die konklusies by 3.3.4.5). Histories is aangetoon dat die drie Reformatoriese kenmerke (Woorddiens, sakramentsbediening en tug) die kerk in sy bediening na binne ondersteun (vgl.3.2.5). Die merktekens is ook in die besonder gekontroleer in die brief van Johannes aan die Efesiërs (3.4). Daarmee is 'n belangrike roete aangedui in die hermeneutiese ondersoek van *wie* doen *wat*, *waarom* en *waaroor?* (vgl. 1.4.3.1). Die ondersoek word nou uitgebrei met 'n ondersoek na die beskouing ('verstaan') van die bedienings van die kerk, wat uitdrukking behoort te gee aan die merktekens.

4.2 Bedienings van die gemeente

Pieterse (1991:68) verstaan die begrip *funksie* in sy oorspronklike Latynse betekenis, naamlik *verrigting, 'n werk, werking, 'n taak wat iemand moet of kan verrig.* 'n Funksie is die wyse van optrede (handelingswyse) waardeur sekere doelstellings bereik word.

In 1.3.3 is aangetoon dat Breytenbach & Pieterse (1992:106-111) die doelwitte vir Gemeentebou formuleer op grond van die wesenlike funksies (of bedienings) van die kerk, naamlik *kerugma, leitourgia, koinonia* en *diakonia* (vgl. ook Burger, 1999:111 en Fackre, 1984:171).

Daar is ook ander uitgangspunte. Sommige teoloë praat van drié groot bedienings (vgl. bv. Firet, 1974:6-21; Schippers, 1988:475; Pieterse, 1991:66) wat werk met prediking, lering en sorg. Barth (1961:865) wys twaalf bedienings van die kerk aan, wat verdeel is in twee dele van ses elk en wat onderskeidelik te doen het met *wat die gemeente sê* en *wat die gemeente doen.*

Van Gelder (2000:148) toon die gerigtheid van die kerk se bedienings aan in terme wat ook herlei kan word na die basiese begrippe soos aangetoon deur Breytenbach & Pieterse (1992:106-111). Volgens Van Gelder (2000:148) is die kerk getrou aan sy identiteit as sy bedienings gerig is op die volgende:

- "a people of God who live by a different power and a different politic in the world";
- "the body of Christ whose members live in a complementary relationship with one another";
- "the communion of saints living as a new type of humanity in community"; en
- "a creation of the Spirit to which people continue to be added".

Uit 'n historiese perspektief vind die vier bedienings nou aansluiting by wat Dulles (1987:17-123 [vgl.1.3.2.1]) as die vyf modelle wat in die geskiedenis deur verskillende kerktradisies ontsluit is, aantoon. (Die instituut as 'n eerste model word dan nie as model gesien nie, maar as gevaar wat elkeen van die modelle bedreig.)

- Die Oosters-Ortodokse kerktradisie (sluit in Anglikane en Katolieke) sentreer hulle bedienings sterk rondom die *liturgie.*
- Die Protestantse kerke (Gereformeerdes, Lutherane en Metodiste) sentreer hulle bedienings sterk rondom die *kerugmatiese* diens van die kerk.

- Die kerke van die radikale reformasie (bv. die Mennoniete en Pentekostaliste) fokus op die *koinonia* as versorgende funksie van die gemeente teenoor mekaar.
- Ook vanuit die radikale reformasie is daar groepe wat sterk fokus op die *diakonia*. Die Suid-Amerikaanse bevrydingsteologie se ekklesiologie lê sterk in dié rigting (vgl. ook die Heilsleer).

Hendriks (2004:34) argumenteer dat teologiese handelinge uitdrukking vind in 'n gemeentelike lewensstyl wat plaasvind in en deur basiese bedienings soos:

- Aanbidding (*leitourgia*)
- Diens (*diakonia*)
- Gemeenskap (*koinonia*)
- Getuienis (*marturia*)
- Prediking (*kerugma*)
- Onderrig (*didaskalia*)
- Administrasie (*kubernesis*)
- Pastorale sorg (*paraklesis*)
- Oordeel (*dikaiosune*)
- Ekumenisiteit (*oikonomeo*)

Die wesensfunksies (bedienings) volgens Van Der Ven (1990:42) se onderskeiding, word as basis vir hierdie ondersoek gebruik en kan skematies soos volg aangetoon word:

prediking *kerugma*	evangelisering *marturia*	onderrig *didaché*	erediens *leitourgia*	gemeenskap *koinonia*	sorg *paraklese*	diens *diakonia*
kerugma			*leitourgia*	*koinonia*		*diakonia*

Figuur 9

Die hermeneuties-kommunikatiewe praxis (vgl. 1.3.4), as basis van praktiese teologie (vgl. Heitink, 1999:154-155 by 1.3.1.2.4 en Van der Ven, 1998:41-43), word as uitgangspunt in hierdie ondersoek geneem om die bedienings (ook genoem funksies, taak of doelwitte) van die missionêre ekklesiologie te beskryf (vgl. konklusies by 1.3.3.2).

Elkeen van hierdie bedienings verteenwoordig die ontmoetingsgestaltes van die heil (Breytenbach & Pieterse, 1992:103). *Kerugma* gee uitdrukking aan die ontmoeting met God deur sy Woord in die prediking (*kerugma*), getuienis (*marturia*) en onderrig (*didaché*). *Leitourgia* gee uitdrukking aan gelowiges se ontmoeting met God in die gesprek van die erediens: in die lof, dank en aanbidding, in die viering van die heil en die heilsbemiddeling deur die genademiddele van Woord, doop en nagmaal. *Koinonia* gee uitdrukking aan die oordrag van die evangelie in die onderlinge sorg, troos en lewenshulpverlening van die pastorale sorg. *Diakonia* gee uitdrukking aan God se openbaring deur barmhartigheid, genade, sorg en liefde in die Christelike diens aan gelowiges en die wêreld waarin die kerk solidêr is met die lydendes (Breytenbach & Pieterse, 1992:103 en Van der Ven, 1998:41-44).

In die hermeneutiese uitbouing van die kerk se bedienings moet uitdrukking gegee word aan die eenheidsverhouding van *Hoof* en *liggaam* (soos nagevors in Hoofstuk 2 - vgl. die konklusies by 2.5.5.2). Wanneer hierdie verhouding van *Hoof* en *liggaam* (*missio Dei* tot die *missiones ecclesiae*) te alle tye die basis en vertrekpunt in 'n missionêre ekklesiologie vorm, sal die vier pilare (merktekens) waarop elk van hierdie bedienings gebou word *eenheid, heiligheid, kanonisiteit* en *apostolisiteit* wees. Elk van die bedienings moet hom dan verantwoord ten opsigte van elke merkteken in die uitbou van sy missionêre dimensie en intensie. *Kerugma* moet dan 'n uitdrukking wees van die eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit van die kerk. Dieselfde geld vir *leitourgia*, *koinonia* en *diakonia*. Die verhouding *missio-Dei-tot-missiones-ecclesiae* met die betrokke missionêr-ekklesiologiese merktekens

- en hulle verhouding tot die kerk se bedienings - kan skematies soos volg voorgestel word:



Figuur 10

Die vertrekpunt van die kerk in sy bedienings is nie die wêreld en sy behoeftes nie, maar sy trinitariese gerigtheid (Newbigin, 1978:26; Van Engen, 1991:87 en Goheen, 2000:162-164). Wat is die wil van Jesus Christus as Hoof van die kerk en die Heilige Gees wat lewe skenk en wat die Vader se heerskappy tot uitdrukking bring? Die vraag na die bedienings van die kerk (of doelwitte, funksies of taak) is van groot belang omdat dit uitdrukking gee aan hoe die kerk sy roeping as gemeenskap van God se gelowiges op 'n bepaalde tyd en in 'n bepaalde praxis (konteks) verstaan. Die kerk is daar omdat Christus as Hoof in die harte van mense leef (MacKay, 1954:375). Die ondersoek moet om dié belangrike rede rekenskap gee van hoe die kerk sy lewensfunksies as gemeenskap van uitverkorenes en verlostes uitleef in onderlinge gemeenskap met mekaar en in verhouding tot die wêreld.

Figuur 11: Gemodelleerde voorstelling

4.3 Werkplan en metode

Die werkplan en metode in hierdie hoofstuk fokus daarop om die vier bedienings van die kerk vanuit hulle kernbetekenis en verwante begrippe, nader te ondersoek. Die ondersoek sal gedoen word deur 'n komponensiële analise en 'n eksegetiese ondersoek te doen na die betekenis van die woorde waaruit die bedienings afgelei is. Die doel van die ondersoek is om vas te stel wat die reikwydte en moontlike toepassings van die bedienings kan wees.

4.4 Bedienings in die Nuwe Testament: κήρυγμα as bediening in die Nuwe Testament

4.4.1 κήρυγμα as bediening

'n Onderskeid word soms gemaak tussen κήρυγμα en διδαχή (Snyman, 1967:4). κήρυγμα is dan stigtings- of grondleggende prediking (ook genoem sendingprediking) en διδαχή is stigtelike of opbouende prediking (synde onderrig aan gelowiges). Is hierdie onderskeiding geldig? Het κήρυγμα net te doen met verkondiging aan hulle wat die Here Jesus as Here aanvaar het (Van Engen, 1991:94)?

κήρυγμα is die oorkoepelende begrip vir die bediening wat met dié naam aangedui word. In Figuur 9 (punt 4.2 hierbo) is aangetoon dat die bediening ook te doen het met begrippe soos μαρτυρία en διδαχή. κήρυγμα in sy werkwoordvorm κηρύσσω, sal nagegaan word. In die ondersoek sal verwante begrippe soos μαρτυρέω, εὐαγγελιζω en διδάσκω ondersoek word.

4.4.1.1 Komponensiële analise van κηρύσσω

Die woord kom 61 keer voor in die Nuwe Testament. In die 1933/53-Afrikaanse Vertaling (Els, 2001 [Strongnr. 2784]) word die woord vertaal met *verkondig* (36 keer), *gepreek* (12 keer), *preek* (10 keer), *kondig* (1 keer), *uitroep* (1 keer) en *vertel* (1 keer).

κηρύσσω kom volgens Louw & Nida (1996) voor in Semantiese Veld 33, wat hulle tipeer as *Communication* - en het 56 hoofkategorieë. κηρύσσω word deur Louw & Nida (1996) ingedeel by hoofkategorieë wat van informatiewe aard is (*Inform, announce* [Subveld 33.189-33.217], *preach* en *proclaim* [Subveld 33.256-33.261]). Die subvelde se direkte betekenis word deur Louw & Nida (1996) aangegee as: *announce* (33.206), *tell* (33.207) en *preach* (33.256). Die eerste subveld (33.206 & 33.207) is om *aan te kondig* of *bekend te maak* met twee betekenismoontlikhede: *amptelike bekendmaking* (Op. 5:2) en *in die openbaar bekend maak* (of vertel) (Mark. 5:20 & Luk 9:60).

In die tweede subveld (33.256), *verkondig* of *preek*, het κηρύσσω die betekenismoontlikheid van *publieke aankondiging van religieuse waarhede en beginsels met 'n aandrang tot aanvaarding daarvan*, wat ook as preek opgeneem kan word (Rom. 10:14 & 1 Pet. 3:19).

Friedrich (1976) toon aan dat κηρύσσω in die Septuagint 33 keer voorkom as vertaalekwivalent vir 'n hele aantal Hebreeuse woorde, om die luide uitroepe of aankondigings deur iemand wat gesag het, aan te dui. So byvoorbeeld word die woord in Sefanja 3:14 en Sagaria 9:9 gebruik om die dag van die Here, wat verlossing en vreugde inhou, aan te kondig. κηρύσσω gaan in die Ou-Testamentiese gebruik gepaard met oproep tot bekering in die lig van die aankondiging van die dag van die Here en die koms van die Messias (Jes. 61:1).

Wuest (1997) plaas die gebruik van κηρύσσω in drie kategorieë, naamlik: *'n boodskapper wees, as 'n boodskapper op te tree* en *om aanspraak te maak op die werkswyse van 'n boodskapper.* Die Nuwe-Testamentiese gebruik hou verband met openbare verkondiging van die evangelie.

4.4.1.1.1 Konklusie by komponensiële analise

Die begrip κηρύσσω het te doen met amptelike of nie-amptelike gesagvolle bekendmaking van die evangelie aan hulle wat dit reeds gehoor het en hulle wat dit nog nie gehoor het nie.

4.4.1.2 Verdere bespreking van κήρυγμα

'n Standpunt word gehuldig dat κηρύσσω slegs gebruik word as ampsaanduiding (Van Swigchem, 1955:152). Die standpunt kan volgens Buys (1989:192) nie gehandhaaf word nie, omdat κηρύσσω as sinoniem vir εὐαγγελιζόμαι gebruik word in bv. Handelinge 8:4. Daar word verwys na gewone gelowiges wat "so ver as wat hulle gegaan het, die evangelie verkondig" het.

Dit is baie belangrik om raak te sien dat in die gebruik van κηρύσσω, die gebruik daarvan telkens 'n aanduiding is van die koninkryk wat deur die verkondiging besig is om te kom (vgl. Luk. 4:18 [Friedrich, 1976]). Deur die prediking word die oordeel van God oor ongelowiges en vergifnis van sondes vir gelowiges aangekondig (Hand. 10:42); God red mense deur die prediking (1 Kor. 1:21) en gebruik die prediking as bediening van die versoening (2 Kor. 5:19). Die verkondiging is ten diepste 'n verkondiging van die heerskappy of koningskap van Christus (2 Kor. 4:5). Dit gaan gepaard met die oproep tot bekering en 'n aandrang tot aanvaarding daarvan (Matt. 3:1, 4:17 & Mark. 6:12). Die verkondiging bring ook skeiding: vir sommige is die verkondiging van Christus 'n *struikelblok* (skande) en vir ander *dwaasheid* (1 Kor. 1:23), maar vir dié wat gered word is Christus die *krag* en *wysheid* van God (1 Kor. 1:24).

Nogtans dui κηρύσσω nie slegs op evangelieverkondiging aan ongelowiges nie. In Romeine 16:25 word die woord eksplisiet gebruik om gelowiges te versterk. Dieselfde gebruik van die woord kom voor in 2 Korintiërs 11:4. Wanneer Paulus aan Timoteus skryf (2 Tim. 4:2 [OAV]), is die opdrag gerig op die kwalitatiewe sowel as die kwantitatiewe opbou van die gemeente (Friedrich, 1976): "verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering".

In die lig daarvan dat κηρύσσω en εὐαγγελιζόμαι (εὐαγγελιζόμαι word in paragraaf 4.3.2 behandel) dikwels as sinonieme (Friedrich, 1976) of op dieselfde manier gebruik word (Green, 1979:69,70), kan afgelei word dat κηρύσσω nie beperk is tot gebruik by sendingprediking nie. In die bespreking van διδαχή in paragraaf 4.3.4 sal aangetoon word dat διδαχή nie net in 'n gevestigde gemeente gebruik word nie, maar dat die twee begrippe in verskillende Skrifgedeeltes (Matt. 4:23, 9:35, 11:1 & Hand. 28:31) saam gebruik word as aanduiding dat die opdrag binne sowel as buite die kerk geld.

Die inhoud van die κήρυγμα is belangrik omdat dit, behalwe dat die verkondiging 'n kwalitatiewe (opbou na binne) sowel as 'n kwantitatiewe (opbou na buite) gerigtheid het, 'n missionêre ekklesiologie baie sterk beklemtoon. Met Pinkster beweeg die dissipels dadelik uit na die strate van die wêreld om die evangelie wat hulle lewens verander het te gaan verkondig. Die belydenis "Jesus is Here" was van die begin af die belydenis van die kerk (Van Engen, 1991:92) en reflekteer die Ou-Testamentiese belydenis dat die volk die volk van JHWH is, wat in die Septuagint as κύριος vertaal word.

> Die verkondiging dat Jesus Here is, het die kerk voortgedryf na die uithoeke van die wêreld. Die belydenis word selfs gesien as uitdrukking van God se universele heerskappy. Boer (1961:153-155) verwys na teksgedeeltes soos

> Romeine 11:25-26, 16:25; Efesiërs 1:9-10, 3:33-11, 5:32; Kolossense 1:26-27 en 1 Timoteus 3:16 om aan te toon dat die belydenis "Jesus is Here" nie net beteken dat Hy Here is van die kerk nie, maar "Lordship with cosmic and universal proportions" (Hand. 4:25-30).

Die Evangelies begin met beklemtoning van die κήρυγμα. Johannes die Doper se verkondiging is "Die Koninkryk het naby gekom" (Matt. 3:2). Jesus verklaar dat Hy gestuur is om "... die evangelie van die koninkryk van God" te verkondig (Luk. 4:43). Nadat die Heilige Gees uitgestort is op Pinkster, gaan die dissipels direk na die wêreld toe en in sy eerste preek verkondig Petrus dat God die man wat julle gekruisig het, "Here en Christus" gemaak het (Hand. 2:36). Paulus se eerste preek benadruk:

> "Laat dit dan aan julle bekend wees, broeders, dat deur Hom vergifnis van sondes aan julle verkondig word, en dat elkeen wat glo, deur Hom geregverdig word van alles waarvan julle deur die wet van Moses nie geregverdig kon word nie ... want so het die Here aan ons bevel gegee: Ek het U 'n lig van die nasies gemaak, sodat U tot redding sal wees tot aan die einde van die aarde." (Hand. 13:38-39, 47. Vgl. ook 28:31.)

Friedrich (1976) merk op: "What is at work in this word is not just the content of what is proclaimed; it is God Himself."

Christus se regering oor kerk en wêreld (koninkryk) realiseer in die verkondiging van die koninkryk van God wat reeds gekom het, steeds besig is om te kom en nog sal kom (Schnackenburg, 1963:316-317; Friedrich, 1976). Die kerugmatiese belydenis, "Jesus is Here", veronderstel beweging na die wêreld as die arena en ontvanger daarvan. Die kerk besef dat die versoenende, verlossende en vernuwende koninkryk van hierdie Here 'n universele koninkryk is wat alle nasies insluit. Dit is die klimaktiese "Groot Opdrag" van Matteus 28:19-20. Daarom bestaan die kerk van Jesus Christus wanneer gelowiges met hulle monde bely, met hulle harte glo en hulle lewens illustreer dat "Jesus is Here" van alle mense en die

hele skepping (vgl. Kol. 1:15-20). "Through this confession the church emerges to become what it is, the missionary fellowship of disciples of the Lord Jesus Christ." (Van Engen, 1991:93.)

Die implikasie van die geïntegreerde, onlosmaaklike verbintenis tussen belydenis en opdrag (kerugma), is dat die uitvoer van die opdrag (dat Jesus Here is van almal), in sigself 'n merkteken is van 'n missionêre ekklesiologie (sien Hoofstuk 3). Hierdie verkondiging is die hoofsaak wat *een, heilige, algemene* en *apostoliese* kerk aan mekaar verbind.

4.4.1.3 Konklusies

4.4.1.3.1 Die verkondiging van die evangelie en appél tot aanvaarding daarvan is 'n sentrale funksie van die kerk en gerig op gelowiges en ongelowiges .

4.4.1.3.2 κήρυγμα as verkondiging dui op die verkondigingshandeling as sentrale funksie van die kerk.

4.4.1.3.3 In die verkondiging van die evangelie moet vasgehou word aan die kernelemente daarvan.

4.4.1.3.4 Deur die verkondiging word Christus se heerskappy oor die ganse skepping bekend gemaak (as Hoof van sy liggaam die kerk en van die skepping) en breek die Koningsheerskappy van Christus nou al aan.

4.4.2 εὐαγγελιζω as bediening in die Nuwe Testament

In 4.1 is aangetoon dat die doel van die ondersoek daarop gerig is om vas te stel wat die reikwydte en moontlike toepassings van die bediening wat met die woord κήρυγμα aangedui word, inhou. 'n Nader omskrewe doel vir die ondersoek van die begrip εὐαγγελιζω kan gevind word in die studie van Bosch (1979:21), wat aantoon

dat εὐαγγελιζω 'n belangrike rol vervul in die definiëring van die *missiones ecclesiae*.

4.4.2.1 Komponensiële analise van εὐαγγελιζω

Die woord kom 56 keer in die 1933/53-Afrikaanse Vertaling voor (Els, 2001 [Strongnr. 2097]), word 26 keer vertaal met *verkondig*, 25 keer met *evangelie*, vier keer met *tyding* en een keer met *gebring*.

εὐαγγελιζω kom volgens Louw & Nida (1996) voor in Semantiese Veld 33 - wat handel oor kommunikasie - en het 56 subkategorieë. εὐαγγελιζω kom volgens Louw & Nida (1996) slegs in een semantiese veld voor (33.215) en dan in die volgende betekenisverband: "to communicate good news concerning something (in the NT a particular reference to the gospel message about Jesus) - 'to tell the good news, to announce the gospel".

Wuest (1997) meld dat die woord in die eerste eeu 'n bekende woord was wat vir *goeie nuus* van enige aard gebruik is. Die aanwys van 'n nuwe keiser is as *goeie nuus* bestempel. Die evangeliste het die woord oorgeneem en sy sekulêre betekenis verander na "die boodskap van die evangelie as Goeie Nuus".

4.4.2.1.1 Konklusie by komponensiële analise

εὐαγγελιζω toon eksplisiet aan dat die inhoud van die evangelie wat verkondig word, goeie nuus is.

4.4.2.2 Verdere bespreking van εὐαγγελιζω

Die frase κηρύσσων καὶ εὐαγγελιζόμενος τὴν βασιλείαν τοῦ θεοῦ (Luk. 8:1) (κηρύσσω en εὐαγγελίζω word in dieselfde sin gebruik) gee 'n samevatting van die volle werksaamheid van Jesus. Jesus se koms na die aarde, sy lewe, dood en opstanding, manifestasie - en nie net sy verkondiging nie - word beskryf in terme van εὐαγγελίζεσθαι. "The same Gospel is proclaimed in both missionary and congregational preaching. Paul makes no distinction. God Himself speaks in preaching, and He does not speak to Christians or to heathen, but to man as such, revealing Himself to him in grace and judgment through the Word (εὐαγγέλιον) (Friedrich, 1976).

εὐαγγελίζεσθαι is nie net gebruik vir *om te vertel* en *te preek* nie, dit veronderstel verkondiging met gesag en krag. Tekens en wonders het die boodskap bevestig. Tekens en wonders hoort saam omdat die Woord kragtig en effektief is (vgl. Matt. 4:23, 9:35, 11:5; Luk. 9:6; Hand. 8:4–8, 10:36 e.v., 14:8–18, 16:17 e.v.; Rom. 15:16–20; 2 Kor. 12:12 & Gal. 3:5). Blydskap het regeer waar dié Woord verkondig is (Hand. 8:8). Dit bring σωτηρία (1 Kor. 15:2).

4.4.2.3 Konklusies

4.4.2.3.1 εὐαγγελιζω toon eksplisiet aan dat die inhoud van die evangelie wat verkondig word, goeie nuus is.

4.4.2.3.2 εὐαγγελιζω is 'n term en begrip wat aantoon dat die "Goeie Boodskap" nie iets is wat net aan 'n sekere groepe mense verkondig word nie.

Verkondiging van die "Goeie Boodskap" is 'n bediening aan gelowiges sowel as ongelowiges.

4.4.3 μαρτυρέω as bediening in die Nuwe Testament

Navorsers (Van Swigchem, 1955:144 en Guder, 1985:35-48) is van mening dat die woord μαρτυρέω een van die treffendste woorde is om te beskryf waarmee die prediking aan hulle wat die Here Jesus Christus nog nie as hulle Verlosser aanvaar het nie, gebring is.

4.4.3.1 Komponensiële analise van μαρτυρέω

μαρτυρέω kom volgens Louw & Nida (1996) voor in Semantiese Veld 33 - wat handel oor kommunikasie - en het 56 hoofkategorieë. μαρτυρέω word ingedeel deur Louw & Nida (1996) by een hoofkategorie wat van getuienisaard is (*witness, testify* [Subveld 33.262-33.261]), met die betekenisveld van *witness* of *testify*. μαρτυρέω het twee subsemantiese velde (33.262 & 33.263) en kan beteken *witness* en *speak well of.*

In Subsemantiese Veld 33.262, *om te getuig,* het dit die betekenis van *om te weet wat die inhoud van getuienis is sodat die getuienis op die regte oomblik bekend gemaak kan word.* 'n Voorbeeld hiervan is in die 1933/53-Afrikaanse Vertaling, Lukas 21:13: "En dit sal vir julle uitloop op 'n getuienis."

In Subsemantiese Veld 33.263 het dit die betekenis van *goed te praat van 'n persoon op grond van persoonlike ervaring,* soos in Lukas. 4:22 in die 1983-Afrikaanse Vertaling: "Almal het hulle instemming met Hom betuig".

μαρτύρομαι kom volgens Louw & Nida (1996) in twee van die 52 hoofkategorieë voor: 33.218-33.223 met die betekenisveld van *testify* en Hoofkategorie 33.319-33.322 met die betekenisveld van *insist.*

Subsemantiese Veld 33.223 kan beteken *om uit te druk* of *te verklaar* of *te bevestig*, soos in Handelinge 20:26 in die 1983-Afrikaanse Vertaling: "Daarom verklaar ek vandag dat dit nie my skuld is as enigeen van julle verlore gaan nie."

Subsemantiese Veld 33.319 kan beteken om *'n standpunt te beklemtoon* of *te benadruk* of *op die hart druk*, soos in 2 Tessalonisense 2:12 in die 1983-Afrikaanse Vertaling: "het ons elkeen van julle ... op die hart gedruk om tot eer van God te lewe".

μαρτυρία kom volgens Louw & Nida (1996) voor in een van die 52 hoofkategorieë - en wel onder die hoofkategorie 33.262-33.273, met die betekenis *witness* of *testify.* μαρτυρία kom onder dieselfde hoofkategorie in drie subsemantiese velde voor (262, 264, 265) en kan beteken *witness*, *testimony* en *reputation.*

In Subsemantiese Veld 33.262, *om te getuig*, het dit die betekenis van *om te weet wat die inhoud van getuienis is sodat die getuienis op die regte oomblik bekend gemaak kan word.* 'n Voorbeeld hiervan is in Lukas 21:13 in die 1933/53-Afrikaanse Vertaling: "En dit sal vir julle uitloop op 'n getuienis."

In Subsemantiese Veld 33.264 handel dit oor die inhoud waaroor getuig word, *getuienis* (Engels: *testimony*), soos in 1 Korintiërs 1:6 in die 1933/53-Afrikaanse Vertaling: "soos die getuienis aangaande Christus bevestig is".

In Subsemantiese Veld 33.265, *goed te praat van*, handel die woord oor wat gesê is van 'n persoon se optrede (*reputation*), soos in Openbaring 3:1: "Ek weet dat julle die naam het dat julle lewe."

4.4.3.1.1 Konklusies by komponensiële analise

4.4.3.1.1.1 μαρτυρέω is 'n begrip wat in die eerste plek uitdrukking gee aan getuienis waar en wanneer dit nodig is op grond van eie ervaring en kennis van dit waaroor getuig word.

4.4.3.1.1.2 Tweedens dui μαρτυρέω op die beklemtoning of bevestiging van getuienis wat reeds gegee is.

4.4.3.2 Verdere bespreking van μαρτυρέω

μαρτυρέω en sy stamverwante woorde moet verstaan word vanuit die regterlike lewensfeer, wat streng gebonde is aan die histories sigbare en histories hoorbare ten opsigte van kontroleerbare feite. Die woordgroep se juridiese konnotasie is net so belangrik vir die verstaan van die woord (Coetzee, s.a.:7 en Strathmann, 1976).

μαρτυρέω is *om te getuig voor die Goddelike en/of wêreldlike regbank, voor vriend en vyand, as oog- en oorgetuie van die openbaring van Christus.* Die getuies was in die eerste plek diegene wat die historiese Jesus geken het en ooggetuies van sy kruisiging en opstanding was. Hulle getuienis het daarom te doen gehad met feite. Aan die ander kant kon ook diegene getuies wees wat gelowig aanvaar het dat Jesus die Messias is wat deur God gestuur is en wat Hom as Here en Saligmaker bely (Luk 24:48; & Hand. 1:8, 21-22, 3:15, 5:32, 10:37-43, 13:30-31, 26:16). Só een was Paulus (Hand. 22:15, 26:16 & 1 Kor. 15:1-11) en verder almal daarna wat openlik hulle geloof in Jesus Christus as Here en Saligmaker bely het, waaronder Stefanus (Hand. 22:20), die wolk van getuies (Heb. 12:1) en Antipas (Op. 6:11 & 11:3).

Omdat dit ten diepste die Heilige Gees is wat van Christus getuig (Joh. 14:17, 27 & 15:26, 27), kan niemand wat nie deur die Heilige Gees vervul is getuig nie. Hierdie vervulling met die Heilige Gees, wat lei tot die vrymoedigheid om kragtig te getuig, word as genadegawe in antwoord op volhardende gebed ontvang (Hand. 1:14 & 4:24, 31, 33). Smit (2002:48 e.v.) toon aan dat om gedoop te wees met die Heilige Gees, beteken om deur die Heilige Gees vaardig gemaak te wees met die oog op getuienislewering. Buys (1989:185), Van Engen (1991:97) en Möller (1995:261) toon aan dat onderlinge gemeenskap (*koinonia* en *diakonia*) en die ontvangs van die Heilige Gees, middele is waarmee die Heilige Gees Homself bedien - om gelowiges toe te rus vir hulle taak as getuies in die wêreld. Paulus stel duidelik in 2 Korintiërs 18 dat God die bediening van die versoening (διακονίαν τῆς καταλλαγῆς) aan die kerk gegee het.

God se missionêre kerk het 'n universele opdrag ontvang vir hulle getuienis. Die kerk moet getuie van Jesus Christus wees in Jerusalem, Judea, Samaria en tot die uiterste van die aarde (Hand. 1:8).

Getuienis hou verder verband met evangelieverkondiging, omdat die kern van die getuig-aksie bestaan in mondelinge belydenis en verkondiging van die evangelie soos wat dit in die Skrif gegee is. Daarom word die aanwysing van die gelowiges as getuies volgens Lukas 24:48 (ὑμεῖς μάρτυρες τούτων) juis voorafgegaan deur die inhoud van die getuienis: Christus het gely en op die derde dag uit die dood opgestaan, en bekering en vergewing van sondes in sy Naam moet verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder. En dit word alles gekwalifiseer deur οὕτως γέγραπται. Getuienis is dus niks anders nie as die verkondiging van die kernelemente van die evangelie wat in die Skrif gegee is (Luk. 24:46, 47) (Buys, 1989:186).

Om egter as getuie geloofwaardig te kan wees, word van die getuie self 'n totale oorgawe aan Jesus vereis, sodat die persoon se hele lewe en totale lewenswandel

'n getuienis van God se reddende genade in Jesus Christus kan wees. Daarom kon dit later gebeur dat 'n gelowige wat sy getuienis met die prysgawe van sy lewe in martelaarskap verseël het, ook μαρτυσ genoem word (Op. 2:13 & 6:9) (Strathmann, 1976:496-501).

Die gemeente as geheel is geroep om getuie te wees van Jesus Christus in die wêreld (Buys, 1989:186). Deur te volhard in die liefde vir mekaar en ander, sal die wêreld weet dat hulle volgelinge is van Jesus (Joh. 13:34, 35); en deur werklike eenheid uit te leef, sal hulle getuienis gee dat Jesus deur die Vader in die wêreld gestuur is (Joh. 17:20-23). Diegene wat Jesus nie ken nie word daardeur uitgenooi om Hom te kom leer ken in die teenwoordigheid, die verkondiging en die oortuigende woorde en dade van die kerk. God se missionêre kerk getuig dat Jesus die Hoof is van die liggaam, die kerk deur liefdevolle *koinonia* en *diakonia* (sien behandeling in latere paragrawe) (Van Engen, 1991:99).

4.4.3.3 Konklusies

4.4.3.3.1 μαρτυρέω is 'n begrip wat uitdrukking gee aan getuienis waar en wanneer dit nodig is, op grond van eie ervaring en kennis van dit waaroor getuig word.

4.4.3.3.2 μαρτυρέω dui op die beklemtoning of bevestiging van getuienis wat reeds gegee is.

4.4.3.3.3 Elke gelowige staan onder die mandaat om met woorde en dade en totale lewenswyse 'n getuie van Christus te wees.

4.4.3.3.4 Die Heilige Gees rus gelowiges toe om getroue getuies te wees deur bediening van die Woord, deelgenootskap in die gemeenskap van gelowiges en 'n eerlike, deurleefde verhouding met die lewende Christus.

4.4.3.3.5 Die gemeente self moet met sy onderlinge liefdeseenheid 'n getuienis gee van Jesus Christus in die wêreld.

4.4.3.3.6 Getroue getuie-wees kan die grootste offer vra van martelaar-wees (μάρτυς) en vra daarom volharding in die verwagting van 'n finale oorwinning.

4.4.4 διδάσκω as bediening in die Nuwe Testament

διδάσκω word deur sommige beskou as 'n woord wat net met die na-binne-gerigtheid van die kerk te doen het (Van Swigchem, 1955:156). Coetzee (s.a.:9) is van mening dat διδάσκω nie as die uitsluitlike aard van die prediking net in die gevestigde kerk gesien kan word nie.

4.4.4.1 Komponensiële analise van διδάσκω

Louw & Nida (1996) tipeer Semantiese Veld 33 as *Communication*, en verdeel die veld in 52 hoofkategorieë. διδάσκω word deur Louw & Nida (1996) ingedeel by hoofkategorieë met woorde wat van informatiewe aard is (*Inform, Announce* [Subveld 33.189-33.217], *Assert, Declare* [Subveld 33.218-33.223] en *Teach* [Subveld 33.224-33.250]).

διδάσκω val binne hoofkategorie 33.224-33.250, wat Louw & Nida (1996) tipeer as *Teach*. Louw & Nida (1996) wys daarop dat διδάσκω (*onderrig*) moontlik oorvleuel met Semantiese Velde 27 (*Learn*) en 28 (*Know),* maar dat Semantiese Veld 33 *(Teach)* meer die betekenis van *'n voortgaande proses van formele en informele onderrig* het.

διδάσκω behoort volgens Louw & Nida (1996) tot Subveld 33.224, wat die betekenis het van: *to provide instruction in a formal or informal setting.* Louw & Nida (1996) stel as moontlike Engelse vertaalekwivalent voor: *to teach* & *teaching.* Dit wil sê *om te leer* (33.224- [Luk. 11:1 & Mark. 12:38]) en die *inhoud van die lering* is Διδαχή (33.236 [Hand. 5:28 & Kol. 2:22]).

4.4.4.1.1 Konklusie by komponensiële analise

Die woord διδάσκω hou in *om formele en informele onderrig te gee op 'n voortgaande basis.*

4.4.4.2 Verdere bespreking van διδάσκω

Van die 95 keer wat διδάσκω in die Nuwe Testament voorkom, kom ongeveer twee derdes daarvan in die Evangelies en in die eerste deel van Handelinge voor. Daarbenewens word die begrip slegs tien keer deur Paulus gebruik. Volgens Rengstorf (1976) is dit 'n aanduiding dat die term merendeels gebruik is om onderrig aan die eerste volgelinge in die vroeë kerk te gee, eerder as aan die gemeentes onder die heidene in Klein-Asië en Griekeland.

Wat die onderrig van Jesus aanbetref, noem Vergeer (1997:135) dat Jesus Hom in die Johannes-evangelie van ander onderwysers van sy tyd daarin onderskei dat sy onderrig op almal gerig is. Hy onderrig Fariseërs (Joh. 3:1-21), maar selfs ook vroue en nie-Israeliete (Joh. 4). As die Grieke in Johannes 12:20 na Hom toe kom vir onderrig, kondig Jesus aan dat die uur van sy verheerliking aangebreek het. Jesus onderskei Hom in die Johannes-evangelie ook van ander onderwysers van sy tyd daarin dat Hy by 'n groot verskeidenheid van plekke optree. Hy leer by 'n

bruilof (Joh. 2:1-12, in die tempel (Joh. 2:13-18), in die veld (Joh. 6:1-15), in 'n sinagoge (Joh. 6:59), by feeste (Joh. 7:10-24) en aan tafel (Joh. 13-14). Die rondgaan en reise van Jesus is die belangrikste tiperende kenmerk van sy onderrig. Die inhoud van Jesus se onderrig volgens die Johannes-evangelie, berus op die dinge wat Hy van sy Vader ontvang het (Joh. 8:28). Jesus se onderrig was ook radikaal en nie deur almal aanvaar nie (Joh. 6:60).

Samevattend kan van Jesus se onderrig gesê word dat dit voorkom of Jesus Hom nie gebind het aan een styl of paradigma van onderrig nie. Hy fokus op die effektiewe oordra van die boodskap wat Hy van die Vader ontvang het om te verkondig. Daarvoor gebruik Hy uit Joodse en Grieks-Romeinse onderrigmodelle wat Hy nodig het (Vergeer, 1997:138). In die tyd ná Pinkstertyd word hierdie aktiwiteite van onderrig aan die Heilige Gees toegeskryf.

Die onderrig van die vroeë kerk het volgens Buys (1989:152) en Van Swigchem (1955:156) direk te doen gehad met missionêre arbeid. So word διδάσκω in Handelinge 5:28 in die mond van die hoëpriester gebruik as aanduiding van die dissipels se missionêre arbeid. Die woord διδάσκω kon beteken het om mense wat weinig of geen kennis van Jesus Christus gehad het nie, te onderrig, maar ook om gelowiges te bring tot verdieping in hulle kennis van Jesus Christus (Hand. 18:25 & 28:31). By Paulus kon dit dui óf op aanvanklike onderrig met die oog op bekering, óf om gelowiges tot geloofsverdieping te lei (Buys, 1989:153 en Coetzee, s.a.:9). Onderrig wat met die woord διδάσκω aangedui word, het te doen met omvattende onderrig vanuit die Woord met die doel om die mens se lewe in alles in ooreenstemming met God se wil te bring (vgl. 2 Tim. 3:17 & Matt. 28:16-20). Dit blyk ook volgens Matteus 28:16-20 dat διδάσκω inhou om gelowiges te leer om gehoorsaam te wees aan die opdrag om dissipels te maak (Buys, 1989:153). In die lig hiervan behoort alle onderrig in die kerk 'n missionêre dimensie en gerigtheid te hê.

4.4.4.3 Konklusies

4.4.4.3.1 Die styl, plek en metode van onderrig is nie belangriker as die inhoud nie. Die inhoud is dit wat God self gegee het in sy Woord.

4.4.4.3.2 Die aard, inhoud en metode van onderrig word bepaal deur hulle wat die onderrig moet ontvang. διδάσκω handel by gelowiges oor verdieping van die geloof en by ongelowiges oor die nodige lering om tot bekering (geloof) te kom.

4.4.4.3.3 Onderrig in die kerk van Christus moet ook inhou om gelowiges te leer om gehoorsaam te wees aan die opdrag om dissipels te maak.

4.4.4.3.4 Onderrig in die kerk moet altyd voortgaande onderrig wees wat ook onderrig aan "volwasse" gelowiges insluit.

4.4.5 Samevattende konklusies rakende κήρυγμα as bediening

4.4.5.1 κήρυγμα as bediening verwys na alle aktiwiteite in die gemeente wat primêr gefokus is op die Bybel en sy unieke boodskap aan gelowiges sowel as ongelowiges – hetsy dit is om aan te dui dát die Woord verkondig moet word (vgl. 4.4.1.3), wát die inhoud daarvan is (vgl. 4.4.2.3), wat die voorwaardes en moontlike konsekwensies daarvan kan wees vir die draer (vgl. 4.4.3.3) of wat die gerigtheid van die verkondiging is (vgl. 4.4.4.3.) (aan gelowiges tot meerdere kennis of aan ongelowiges tot insig om tot bekering te kom).

4.4.5.2 κηρύσσω, as belangrike faset van die κήρυγμα, is 'n sentrale funksie van die kerk as aktiwiteit om die kern van die evangelie te verkondig. Die verkondiging behels om Christus as Hoof van sy liggaam, die kerk, sowel as Hoof van die ganse skepping, te verkondig - en is gerig op die deurbraak van sy koninkryk op alle terreine van die lewe (4.4.1.3).

4.4.5.3 εὐαγγελιζω dui op die karakter en inhoud van die verkondiging, naamlik dat dit Goeie Nuus is (4.4.2.3).

4.4.5.4 μαρτυρέω dui aan dat die verkondiging van die Goeie Boodskap die verkondiger in totaliteit opeis (naamlik sy woorde en dade) en vereis 'n persoonlike verhouding met Christus en bereidheid om die konsekwensies van sy verkondiging te dra (vgl. 4.4.3.3).

4.4.5.5 διδάσκω dui op onderrig aan gelowiges en ongelowiges, met die fokus op die werklike behoefte - onderrig om dissipels te maak en as voortgaande aktiwiteit aan alle gelowiges (volwasse gelowiges en kinders in die geloof) (vgl. 4.4.4.3).

4.5 λειτουργία en λειτουργέω as bediening in die Nuwe Testament

Vrijlandt (1992:177) vra: "Waarom zou ik naar de kerk gaan?" Dit mag moontlik wees, sê hy, dat mense wil meedoen aan 'n verbruikerschristendom waar weldade van die heil gesmaak word in die vorm van 'n "geheel vrijblijvende samekomst, waar men de luxe smaakt in een confortabel, amusant, makkelijk te verteren geheel, waar men wat van meeneemt." Gaan gelowiges kerk toe om na 'n preek te gaan luister of om God te ontmoet?

λειτουργία is 'n oorkoepelende begrip vir al die aanbiddingsaktiwiteite van die gemeente. Die kern van die gemeente se identiteit lê daarin dat hy in 'n lewende verhouding met die drie-enige God staan (De Klerk, 1987:96 en Burger, 1999:204) en elke aanbiddingsgeleentheid is 'n ontmoeting met die lewende God (De Klerk, 1987:44-78). Die liturgiese diens van die gemeente is die menslike vorm waarbinne gelowiges in dié verhouding leef en dit is die primêre Godgegewe kanaal waardeur die kerk al die gawes van God ontvang (Burger, 1999:204).

4.5.1 Komponensiële analise van λειτουργία en λειτουργέω

λειτουργέω kom volgens Els (2001 [Strongnr. 3008]) slegs drie keer in die Ou Afrikaanse Vertaling voor: Twee keer vertaal as *dien* (Hand. 13:2 & Rom. 15:27) en een keer as *diens* (Hebr. 10:11).

λειτουργία kom (Els, 2001 [Strongnr.3009]) ses keer in die Ou Afrikaanse Vertaling voor: twee keer vertaal met *bediening* (Fil. 2:17 & Heb. 8:6), twee keer vertaal met *diens* (Luk. 1:23 & Heb. 9:21), een keer vertaal met *diensbetoning* (Fil. 2:30) en een keer met *hulpverlening* (2 Kor. 9:12).

λειτουργία en λειτουργέω kom volgens Louw & Nida (1996) in twee semantiese velde voor (Veld 35 en Veld 53). Louw & Nida tipeer Veld 35 as *help* of *care for* en het agt hoofkategorieë. λειτουργία en λειτουργέω kom in Hoofkategorie 35.19-35.30 voor, met die betekenismoontlikheid van *service* (35.22) en *ministry* (35.25). "The meaning of 'ministry' may be expressed in some languages as 'a way of serving'." (Louw & Nida, 1996.)

λειτουργία en λειτουργέω kom ook voor in Veld 53, wat getipeer word as *Religious Activities* en word verdeel in 12 kategorieë. Beide λειτουργία en λειτουργέω kom

volgens Louw & Nida (1996) voor in Kategorie 53.1-53.15, met die betekenis van *Religious Practice* voor. Subveld 53.13 het volgens Louw & Nida (1996) die betekenis van *perform religious duties (rites).*

Wuest (1997) bespreek die begrip λειτουργός in sy verklaring van Romeine 15:15 (die gebruik van die woord in Rom. 15:15 word nie deur Strong of deur Louw & Nida aangetoon nie) en verklaar die begrip soos volg:

> *'Minister' here is not the usual word translated 'minister,' namely, diakonos (διάκονος) (a servant), but leitourgos (λειτουργός), used in secular life of a public minister, a servant of the state, in sacred things, of the priests of the Jerusalem Temple (Heb. 8:2). Paul uses it here to speak of his ministry of preaching the gospel as a priestly ministry, and of equal value and sacredness to the ministry of the priesthood of the Old Testament. The word 'ministering' is again another of those words speaking of a ministry that is sacred, leitourgeō (λειτουργέω) used of the priests and Levites who were busied with the sacred rites in the tabernacle and temple (Septuagint, Greek version of the Old Testament).*

Volgens **Vincent** (2002) is die woord 'n samestelling van λειτοσ (*behoort aan die volk*) en εργον (*'n taak*) en het dit die volgende ontwikkeling ondergaan: a) *'n Burgerlike diens*; b) *'n Funksie of 'n amp*; c) *Priesterlike diens onder die Jode en heidene* (bv. Heb. 8:6 & 9:21); d) *Nagmaalbediening* en e) *Die uitvoering van Christelike aanbidding* (die woord liturgie is hiervan afgelei).

Strathmann (1976) se behandeling van die ontwikkeling van die begrippe λειτουργία en λειτουργέω, toon aan hoe die LXX se gebruik van die begrippe שָׁרַת vir λειτουργεῖν en עֲבֹדָה vir λειτουργία ontwikkel het in tegniese terme vir kultusse in die algemeen en die priesterlike kultus onderskeidelik.

4.5.1.1 Konklusie by komponensiële analise

λειτουργία en λειτουργέω is 'n aanduiding van 'n bediening wat gerig is op alle aanbiddingsaktiwiteit(e) in formele en informele geleenthede.

4.5.2 Verdere bespreking van λειτουργία en λειτουργέω

Die gebruik van λειτουργεῖν en λειτουργία in die Nuwe Testament sluit baie nou by 4.5.1 aan. Die algemene gebruik van die woorde is soos dit gebruik word in die OAV van Romeine 15:27, 2 Korintiërs 9:12 en Filippense 2:30, naamlik diensbetoon. In verband met die Ou-Testamentiese kultus, soos in Lukas 1:23, Hebreërs 9:21 en 10:11, word die begrip elke keer met *diens* in die OAV vertaal. In Hebreërs word die term soms gebruik om die betekenis van Christus se dood aan te dui, of Paulus se gereedheid om martelaar te wees, of met betrekking tot die Christen se lewenswandel - soos in Filippense 2:17. Die enigste gebruik van die woord wat dui op 'n nuwe gebruik daarvan deur Christene, kom voor in Handelinge 13:2 waar λειτουργεῖν gebruik word om 'n aanbiddingsgeleentheid te beskryf ("En terwyl hulle besig was om die Here te dien en te vas ...").

Die terme is nooit gebruik om bedieninge van leiers in die gemeente soos apostels, leraars, profete, ouderlinge of biskoppe aan te dui nie. Die kultus waarby aangesluit is vanuit die Ou Testament, het sy vervulling gekry in die offer van Jesus Christus, soos wat Hebreërs dit illustreer. Die boodskappers van Christus en leiers van die verskillende gemeentes het nie nodig gehad om 'n λειτουργία vir die gemeente uit te voer nie. Hulle taak was om in die verkondiging van die Woord uitdrukking te gee aan vervulling van die λειτουργία in Christus. Met die hulp van illustrasies vanuit die Ou-Testamentiese priesterlike bediening, kon toepassings gemaak word wat die noodsaak van selfverloëning vir Christene of die getrouheid

as volgelinge van Jesus of selfs die noodsaak van byeenkomste met die oog op aanbidding, aantoon. Die kultiese betekenis van die terme kon nooit van toepassing gemaak word op ampte in die Christelike kerk nie. Die nuwe gemeenskap van gelowiges het nie meer priesters nie, want elkeen is 'n priester wat "vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus" (Hebr.10:19). Dit dui onteenseglik daarop dat die Christelike Woordverkondiging iets nuuts en revolusionêrs is.

In die lig van bogenoemde is dit duidelik waarom die Rapport Studiedeputate oor hersiening van Liturgie in die Gereformeerde kerke (Acta, 1997:731) λειτουργία verklaar as 'n term wat "persoonlik, huislik en gemeentelik (kerklik) dui op wat mense doen wanneer hulle God ontmoet, na Hom luister en Hom aanbid, godsdiens beoefen en Hom verheerlik".

Elke gelowige is elke dag besig om hierdie liturgie in sy lewe toe te pas. Die handeling self is nie belangriker as wat in 'n gelowige se lewe gebeur wanneer daardie "ontmoeting" met die lewende God plaasvind nie. Wat doen 'n gelowige in die erediens? Vrijlandt (1992:177) vat die motiewe saam:

- Om die diens van die lofprysing saam met die gemeente te verrig.
- Om verder bekend te raak met die geheim van die Skrifte, inbegrepe alle eksistensiële en maatskaplike konsekwensies.
- Om die nood (en sonde) van mens en wêreld voor God te bring.
- Om die hoop op Gods koninkryk in gemeenskap te vier.

Die erediens is 'n fees (Müller, 1990:5). Hierdie fees word hierdeur gekenmerk dat dit ontplooi in 'n liefdevolle gerigtheid op God en mekaar. Dit is 'n gevolg van vervulling deur die Heilige Gees. Die erediens (Müller, 1990:9) is die barometer van die geloofsdiepte van die gemeente. Dit is die venster waar enige buitestaander kan inkyk en met reg 'n oordeel kan vel oor die gehalte van die geloofslewe van die betrokke gemeente. Dit is ook 'n venster waardeur die

gemeente uitkyk op die wêreld, waar gelowiges bewus gemaak word van en uitgestuur word vir hulle taak in die wêreld.

Die uitgangspunt verskaf aan die denke oor die erediens (en alle ander aanbiddingsaktiwiteite) 'n regmatige plek binne 'n hermeneuties-kommunikatiewe handelingsteorie (sien 1.3.4). Dit maak 'n geïntegreerde gemeentebediening noodsaaklik, waar strukture en metodes ontwerp word om uitdrukking te gee aan die eenheid tussen erediens en die res van die dienswerk van 'n gemeente (Müller, 1990:10).

Die belangrikste uitgangspunte ten opsigte van die toepassing van λειτουργία is (vgl. Acta, 1997:741):

- Die samekoms van God met sy gemeente en van die gemeente met God en met mekaar moet 'n ontmoeting wees met liturgiese handelinge, wat daartoe dien dat almal God deur sy Woord en Gees (Joh. 4:23) ontmoet, aanbid, loof, verheerlik, eer en dien. In die sentrum van so 'n ontmoeting staan die Woord, die gebruik van sakramente en onderlinge liefdesbetoon.

- Die teenwoordigheid van God in 'n aanbiddingsgeleentheid is die bepalende faktor vir die aard van so ontmoeting. Dit is bepalend vir die feestelike, verootmoedigende, deelnemende of luisterende aard van so ontmoeting. Dit bepaal die oorgawe van die omgang met die Woord, opregtheid in gebede, die aard van lofprysing, die openheid om gereed te wees om die liturgie 'n liturgie van die lewe te maak. Die orde (1 Kor. 14:26-40) van so 'n ontmoeting word nie bepaal deur reëls nie, maar die gesindheid van vrede, harmonie, die inagneming van almal wat teenwoordig is in liefde, die gebruikmaking van alle gawes wat tot voordeel is van die gemeente en die verwagting van dit wat God gaan doen (vgl. Rom.12, 1 Kor. 12-14 & 1 Pet. 4).

- Die volgende hoofmomente van so 'n ontmoeting kan onderskei word: *Introïtus* (*Ontmoeting*), *Verootmoediging* en *Versoening*, *Woorddiens* en *Responsoria* (*Antwoorddiens*) (Acta, 1997:742-766).

4.5.3 Konklusies by λειτουργεῖν en λειτουργία as bediening

4.5.3.1 Die duidelikste vorm van λειτουργία as bediening vind plaas in die gemeentelike erediens.

4.5.3.2 λειτουργία is nie beperk tot die formele ontmoeting in 'n erediens, of dat daar van 'n voorganger gebruik gemaak moet word nie. Die plek van ontmoeting is nie hoofsaak nie, maar wat gebeur met hulle wat deel het in so 'n ontmoeting, is belangrik.

4.5.3.3 Die ontmoeting is nie gegrond op voorskrifte nie (Nuwe-Testamentiese gemeentes het min direkte voorskrifte oor die inrigting van sulke liturgiese geleenthede ontvang), maar eerder die gesindheid van vrede, harmonie, die inagneming van almal wat teenwoordig is in liefde, die gebruikmaking van alle gawes wat tot voordeel is van die gemeente en die verwagting van dit wat God gaan doen.

4.5.3.4 λειτουργία gaan oor meer as wat gebeur in die formele liturgiese samekomste. λειτουργία is iets wat gelowiges vanuit die erediens van die gemeente saam met hulle die lewe moet inneem. Dit is 'n lewenswyse waarin c*oram Deo* geleef moet word.

4.5.3.5 Die λειτουργία van die gemeente moet uitdrukking gee aan die identiteit van die gemeente, soos saamgevat in die merktekens van die kerk, naamlik *eenheid, heiligheid, katolisiteit* en *apostolisiteit.*

4.6 κοινωνία as bediening in die Nuwe Testament

Pretorius (2003:105) begrond die stelling dat "gemeenskap van gelowiges" ("fellowship") as algemene vertaling van κοινωνία nie ten volle reg laat geskied aan dié Griekse begrip nie. Gemeenskap (κοινωνία) beskryf eerder 'n aksie as 'n gevoel van saamwees. Heitink (1999:278) onderstreep die belang van hierdie funksie van die kerk deur te sê dat die κοινωνία-konsep "transcends, permeates, and connects these three (*marturia, diakonia,* and *leitourgia – m.e.s.*)". "The κοινωνία concept comprises, as it were, the basic functions of *martyria, diakonia,* and *leitourgia.*"

In hierdie afdeling sal ondersoek gedoen word na die basiese betekenis van die begrippe κοινωνία en παρακαλέω (vgl. die grafiese voorstelling by punt 4.2), om hierdie bediening beter te verstaan.

4.6.1 Komponensiële analise van κοινωνία

Volgens Els (2001 [Strongnr. 2842]) word die begrip κοινωνία 16 keer in die Ou Afrikaanse Vertaling vertaal met *gemeenskap* (Hand. 2:42; 1 Kor. 1:9, 10:16; 2 Kor. 6:14, 13:13; Gal. 2:9; Efes. 3:9; Fil. 1:5, 2:1, 3:10; Filem. 1:6 en 1 Joh. 1:3, 6, 7). Een keer met *bydrae* (2 Kor. 9:13). Een keer met *deel* (2 Kor. 8:4) en een keer met *mededeelsaamheid* (Heb. 13:16).

Louw & Nida (1996) toon aan dat die begrip κοινωνία in twee verskillende semantiese velde voorkom (34 en 57). Veld 34 word deur Louw & Nida (1996) as *Association* getipeer en verdeel in tien hoofkategorieë. κοινωνία word deur Louw & Nida (1996) ingedeel by Hoofkategorie 34.1-34.21, wat *associate* beteken. Veld 57 het 21 hoofkategorieë en handel oor *Possess, Transfer, Exchange*. In hierdie veld kom κοινωνία voor onder Hoofkategorie 57.71-57.124 - en het dit die betekenis van *give*.

Subsemantiese Veld 34.5 dui op 'n verhouding van 'n besondere aard wat betrokkenheid van mense by mekaar tot gevolg het. Louw & Nida noem twee voorbeelde: 1 Johannes 1:3: "sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus"; 1 Korintiërs 1:9: "God is getrou, deur wie julle geroep is tot die gemeenskap met sy Seun Jesus Christus, onse Here." In albei die voorbeelde dui die oorsprong van onderlinge gemeenskap op gemeenskap wat reeds bestaan met God/Jesus Christus.

Subsemantiese Veld 57.98 dui op *mededeelsaamheid van dit wat iemand besit*, met die bedoeling dat daar 'n gemeenskaplike belang is. Twee verwysings word gegee - Galasiërs 6:6: "Maar laat hom wat in die Woord onderwys ontvang, **meedeel** van alle goeie dinge aan hom wat onderwys gee" en 2 Korintiërs 8:4: "... en het ons met groot aandrang gesmeek dat ons hulle gawe en hulle deel in **diensbetoning** aan die heiliges moet ontvang".

Subsemantiese Veld 57.101 dui op dít wat vrywillig gedeel of gegee word. In Romeine 15:26 staan: "... het dit goedgevind om iets **by te dra** vir die armes onder die heiliges in Jerusalem."

Wuest (1997) toon aan dat die woord κοινωνία in Filippense 1:5 se oorspronklike betekenis "a joint-participation in a common interest and activity" uitspel. Die Filippense het met Paulus in 'n koinoniale verhouding gestaan omdat die

"verkondiging van die evangelie" hulle gemeenskaplike belang en aktiwiteit was. Hierdie gemeenskaplikheid bestaan van die dag dat Lydia haar huis oopgemaak het vir die verkondiging van die evangelie (Hand. 16:15) tot op die oomblik dat Paulus hierdie brief skryf.

Vincent (2002) toon aan dat κοινωνία in Lukas 5:11 gebruik word vir "gemeenskap van gelowiges in Christus" (hoewel vertaal met "maats" in vers 7, word ook gepraat van "maats" wat waarskynlik verwys na huurlinge), in 1 Korintiërs 10:16 by die instellingswoorde van die nagmaal vertaal word as "gemeenskap met die bloed van Christus" en in 2 Korintiërs 13:13 weergegee word as "gemeenskap met die Heilige Gees".

Hauck (1976) toon aan dat in Galasiërs 2:9 die woorde ἔδωκαν δεξιὰς κοινωνίας dui op 'n volle gemeenskap wat tot stand gekom het tussen Paulus en Petrus, omdat hulle ten spyte van 'n verskil in opdrag (Paulus gaan na die heidene en Petrus bedien die besnedenes), hulle gemeenskaplike grond gevind het in hulle geloof in Christus.

Pretorius (2003:101-107) verwys na Witherton, wat aantoon dat die vertaling "gemeenskap van gelowiges" (*fellowship*), wat as algemene vertaling van κοινωνία dien, nie reg laat geskied aan die Griekse begrip nie. "Fellowship" is eerder die resultaat van κοινωνία, terwyl κοινωνία 'n aktiwiteit beteken. "κοινωνία is an activity which can result in fellowship of some sort, and it can entail things like sharing not just spiritual activities like prayer, but also physical food or other goods in common" (sien Pretorius, 2003:105). Louw & Nida se verwysing na "joint participation and mutual interest" (57.98) bevestig hierdie siening. In die onmiddelike konteks van Filippense is die "mutual interest" die evangelie (1:5). Die Filippense het meegewerk deur gebed (1:19) en deur fisiese en finansiële hulpmiddele (4:14-18). Die eksistensiële gemeenskap (κοινωνία) tussen Paulus en die Filippense maak die

deur oop vir Paulus om te bid vir die Filippense vir nog meer oorvloediger liefde (1:9-11).

4.6.1.1 Konklusies by komponensiële analise

4.6.1.1.1 Ware κοινωνία kan slegs bestaan wanneer daar 'n gemeenskaplike handeling plaasvind, wat begrond is in 'n gemeenskaplike geloof in Christus (en die Vader en die Heilige Gees).

4.6.1.1.2 Ware κοινωνία is méér as 'n gevoel van saamwees. Dit is die vrug van gelowiges se bemoeienis met die opdrag van die evangelie - onderling én in die wêreld.

4.6.1.1.3 Ware κοινωνία lê die basis tussen gelowiges vir oorvloediger liefde.

4.6.2 Verdere bespreking van κοινωνία

κοινωνία staan in noue verband met die gemeente se missie tot liefde (Burger, 1999:231). Vyf kwalifikasies kan genoem word van dié liefde - wat hier gebruik word as indeling - en ook verder uitgebou word (Burger, 1999:232):

4.6.2.1 Ons moet ander liefhê soos die Vader en veral soos Christus ons liefhet

Dit is God wat mense roep om in gemeenskap met sy Seun te leef (1 Kor. 1:9). Hy self is die inisieerder van κοινωνία met Hom, in en deur Christus, deur die werking

van die Heilige Gees (1 Kor. 6:7), wat dit deur die verkondiging van die Woord bewerk.

Dit impliseer vir die gelowiges dat hulle gemeenskap sal hê aan sy lyding (1 Kor. 10:16 & 1 Pet. 4:13) en sy heerlikheid (1 Pet 5:1). Hierdie eenheid met Hom lê 'n dure plig op gelowiges om ook in eenheid en gemeenskap met mekaar te lewe (1 Kor. 1:10-17). Omdat gelowiges hulleself aan Hom gegee het en in sy lig wandel, het hulle gemeenskap met mekaar (1 Joh. 1:7) en gee hulle hulself ook onvoorwaardelik aan mekaar juis met die oog op die uitdra van die evangelie (Fil. 1:5 & 2 Kor. 8:4, 5). Wanneer mense gelowiges word, is daar niks wat hulle verhinder om hegte gemeenskap soos ware broers en susters met mekaar te beoefen nie, selfs al sou hierdie gemeenskap veronderstel dat hulle deel in die smaad wat gelowiges ter wille van die evangelie moet verduur (Heb. 10:33).

Hierdie liefde impliseer dat Christus die norm van die liefde is en dat Hy die inhoud daarvan bepaal - Hy is deur die Heilige Gees die bron en inspirasie van alle liefde.

4.6.2.2 Dat ons soos Jesus en die Vader moet liefhê, herdefinieer in die eerste plek die grense van ons liefde

Paulus praat van sy selfopofferende missionêre arbeid waarmee hy mense wou wen en red, as συγκοινωνὸς in die evangelie (1 Kor. 9:23). Teen die agtergrond van die hele hoofstuk (1 Kor. 9), kan afgelei word dat hy besef dat die onderlinge eenheid en gemeenskap van die gemeente 'n voorvereiste vir die missionêre krag van 'n gemeente is. Om effektief missionêre instrument van God te kan wees, moet gelowiges mekaar met selfverloënende liefde liefhê (vgl. Joh. 13:34, 35; 17:21, 23 & Fil. 1:27), want so word God verheerlik! Om dié rede word skeuring en verdeeldheid onder gelowiges so ernstig bestraf (vgl. Rom. 16:17; 1 Kor. 11:18, 12:25; Gal. 5:20; Fil. 2:3 & Tit. 3:10). Die eerste gemeente in Jerusalem se onderlinge liefde, eenheid en gemeenskap het juis 'n missionêre trekkrag op die

buitestaanders gehad en 'n belangrike bydrae gelewer tot die getallegroei van die kerk (Hand. 2:46, 47; 5:13, 14 & 6:1, 7).

Green (1990:83-103) toon vanuit 'n studie van Handelinge 11:19-30 en 13:1-3 aan dat die volgende eienskappe die gemeente in Antiogië hulle 'n bruikbare kerk van Christus gemaak het om die wêreld te bereik: hulle was oop vir verandering; hulle was oop om inisiatief te neem; hulle geloof was sigbaar; hulle was oop om van Jesus te vertel; hulle was oop vir verdere toerusting; hulle liefde was oop; hulle was oop vir nood; hulle was oop in gedeelde leierskap; hulle was oop in dinamiese aanbidding; hulle was oop om uit te reik; en hulle was gesentreerd in Jesus.

Vandag is daar drie groepe mense wat ons naasteliefde op 'n besondere manier toets: vreemdelinge (vgl. Gen. 18:1-15 & Heb. 13:2), die geringstes (mense wat uitgestoot is deur die samelewing (vgl. Matt. 25:31-46) en ons vyande (Matt. 5:42-47) (Burger, 1999:233).

4.6.2.3 Christus herdefinieer die intensiteit en die radikaliteit van ons liefde

Christus se liefde was 'n selfverloënende liefde - en dit word ook van alle gelowiges gevra. Die opdrag tot die dra van jou kruis en selfverloëning is duidelik in die woorde van Jesus (Matt. 16:24), maar ook in die behandeling van die *mekaar-tekste* van Versteeg (1980:40). So byvoorbeeld: "Dra mekaar se laste" (Gal. 6:2); en: "Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander" (Fil. 2:4). Vergelyk ook 1 Johannes 3:16: "Hiéraan weet ons wat liefde is: Jesus het sy lewe vir ons afgelê. Ons behoort ook ons lewens vir ons broers af te lê."

Van Engen (1991:91) benadruk dat die radikaliteit van κοινωνία inhou dat dit nie net 'n basis is vir ander bedienings nie, maar ook die geloofwaardigheid van 'n radikale en opregte κοινωνία benadruk:

> "The Church's koinonia as 'n fellowship of love is also the foundation for *diakonia*, *kerygma*, and *martyria*. But the absence of *diakonia*, *kerygma*, or *martyria* may mean that the Church has turned inward upon itself to such an extent that there is no longer the kind of koinonia of which Jesus spoke. We cannot forget that all people will know if the disciples love each other within the Church, because this love is to be externalized. Otherwise, we would fall into the unhealthy situation C. Peter Wagner calls 'koinonitis'."

Wanneer die gerigtheid van κοινωνία verlore gaan, verloor die kerk gaandeweg sy doel en word hy na binne gekeer. Na-binne-gerigtheid is 'n bedreiging, tensy κοινωνία uitgeleef word in gemeenskap, diens en selfverloëning. 'n Kerk wat κοινωνία verloor, verloor gemeenskap met die Christus wat die belofte "Ek is met julle" verbind het aan die opdrag "Gaan en maak dissipels" (Van Engen, 1991:92).

4.6.2.4 Die egtheid van ons liefde en sorg

Paulus begin in sy "riglyne van 'n Christelike lewe" (Rom. 12:9 e.v.) met die woorde: "Die liefde moet opreg wees..." Green (1979:24) is van mening dat die eerste Christene se deursigtige liefde een van die belangrikste faktore was wat stukrag aan hulle missionêre arbeid gegee het en sê:

> "But something else marked those early Christians. If it does not mark us, nobody is going to be very interested in what we say. It was their transparent love. This love for the brethren is crucial. Without it there can be no effective evangelism. The world has to see in Christian circles a

warmer, more accepting and caring fellowship than they can find anywhere else – and until they see that they are not going to be all that interested or impressed with God talk."

4.6.2.5 Die liefde is moontlik

In die samelewing vandag is mense skepties, meestal omdat hulle al seergekry het oor die realiseerbaarheid en werkbaarheid van dié soort liefdesgemeenskap. Ons individualistiese samelewing maak dit ook nie makliker om te glo nie. Dit is egter die soort gawe wat gelowiges seker kan wees die Here hulle sal gee as hulle daarvoor vra (vgl. Ef. 4:14-20).

4.6.2.6 Konklusies

4.6.2.6.1 Ware κοινωνία kan slegs bestaan wanneer daar 'n gemeenskaplike handeling plaasvind, wat begrond is in 'n gemeenskaplike geloof in Christus (en die Vader en die Heilige Gees).

4.6.2.6.2 Ware κοινωνία is méér as 'n gevoel van saamwees. Dit is die vrug van gelowiges se bemoeienis met die opdrag van die evangelie - onderling én in die wêreld.

4.6.2.6.3 Ware κοινωνία lê die basis tussen gelowiges vir oorvloediger liefde.

4.6.2.6.4 Ware κοινωνία is die basis vir gelowiges se uitreiking na die wêreld.

4.6.3 παρακαλέω as bediening in die Nuwe Testament

4.6.3.1 Komponensiële analise van παρακαλέω

Volgens Els (2001 [Strongnr. 3870]) kom die werkwoord παρακαλέω 107 keer in die Ou Vertaling voor, met agtien verskillende vertalingsmoontlikhede: *vermaan* - 34 keer; *smeek* - 13 keer; *gesmeek* – twaalf keer; *versoek* – agt keer; *bemoedig* – sewe keer; *getroos* – sewe keer; *vertroos* – sewe keer; *troos* – vyf keer; *aandring* – twee keer; *bid* – twee keer; *gevra* – twee keer; *pleit* – twee keer; *aangemoedig* – een keer; *gebid* – een keer; *raai* – een keer; *vermaninge* – een keer; *vra* – een keer; en *wek* – een keer.

Louw & Nida (1996) toon aan dat παρακαλέω in twee semantiese betekenisvelde voorkom (Veld 33 en Veld 25).

Louw & Nida (1996) tipeer Veld 33 as "Kommunikasie" en verdeel die veld in 52 hoofkategorieë. παρακαλέω word deur Louw & Nida (1996) verklaar onder Hoofkategorie 33.161-33.177, wat deur dié bron getipeer word as "ask for" of "request", Hoofkategorie 33.307-33.314, wat getipeer word as "call" en Hoofkategorie 33.315-33.318, wat getipeer word as "invite".

Louw & Nida (1996) tipeer Veld 25 as "gesindhede en emosies" en verdeel die veld in 24 hoofkategorieë. παρακαλέω word deur Louw & Nida (1996) verklaar onder Hoofkategorie 25.146-25.155, wat getipeer word as "encouragement" en "consolation".

παρακαλέω behoort volgens Louw & Nida (1996) tot Subvelde 33.168, wat die betekenis het van "ask for earnestly", Subveld 33.315, wat die betekenis het van "invite", Subveld 33.310, wat die betekenis het van "call together to" en Subveld 25.150, wat die betekenis het van "encourage".

Om παρακαλέω te begryp as begrip wat meer lig kan werp op κοινωνία as bediening, moet daar waarskynlik gelet word op die betekenismoontlikheid wat Subveld 25.150 inhou met die betekenis van "encourage". Bemoediging (Louw & Nida, 1996 [25.150]) is 'n begrip wat moontlik meer lig kan werp op κοινωνία as bediening.

Volgens Louw & Nida (1996) het die begrip in hierdie betekenisveld te doen daarmee om iemand te bemoedig of te vertroos op verbale of nie-verbale wyse. Die volgende verwysings (Louw & Nida, 1996), waar die begrip in hierdie konteks gebruik word in die Ou Afrikaanse Vertaling, vertaal as:

Efesiërs 6: 22: "Ek het hom juis daarvoor na julle gestuur, dat julle ons omstandighede kan ken en hy julle harte kan *troos*."

Handelinge13:15: "En ná die lesing van die wet en die profete het die hoofde van die sinagoge na hulle gestuur en gesê: Broeders, as julle 'n woord van *opwekking* vir die volk het, spreek dan!"

Filippense 2:1: "As daar dan enige *troos* in Christus is, as daar enige vertroosting van die liefde, as daar enige gemeenskap van die Gees, as daar enige innige tederheid en ontferming is"

4.6.3.1.1 Konklusie by komponensiële analise

παρακαλέω is 'n kommunikatiewe term wat dui op kommunikasie, met die bedoeling om te bemoedig.

4.6.3.2 Verdere bespreking van παρακαλέω

Davis (1999:155) toon aan dat Filippense 2:1-4 handel oor gedrag wat die evangelie waardig is en oor "eenwees" (vgl. 1:27). Die evangelie is die saambindende faktor in κοινωνία (sien 4.6.1). 'n Gevaar wat die gemeente van Filippi bedreig het, was verdeeldheid:

> "The one danger which threatened the Philippian church was that of disunity. There is a sense in which that is the danger of every healthy church. It is when people are really in earnest and their beliefs really matter to them, that they are apt to get up against each other. The greater their enthusiasm, the greater the danger that they may collide. It is against that danger Paul wishes to safeguard his friends." (Barcley, 2000.)

Paulus doen nou 'n ernstige beroep op die Filippense om op grond van hulle eie diepste ervarings van die evangelie (die vrede en eenheid met Christus soos in 1:27), sy blydskap volkome te maak. Paulus gee vier gronde vir sy versoek. Die eerste en die derde stellings (παράκλησις ἐν Χριστῷ, κοινωνία πνεύματος: *troos in Christus, gemeenskap van die Gees*) is objektiewe en gee eksterne beginsels vir onderlinge liefde en harmonie - Christus en die Gees. Die tweede en die vierde stellings (παραμύθιον ἀγάπης, σπλάγχνα καὶ οἰκτιρμοί: *vertroosting van die liefde, innige tederheid en ontferming*) is subjektief en dui op interne gevoelens wat deur

die eksterne beginsels geïnspireer word (Lightfoot, 2001). Melick (2001) toon aan dat 2:1-4 in drie dele ontvou: Die basis van Paulus se oproep tot eenheid (2:1); die essensie van die eenheid (2:2a); en die uitdrukking van eenheid (2:3-4). Elke sin wat Paulus begin met εἴ τις ("as") dui daarop dat daar 'n mate van huiwering by Paulus is. Die viervoudige"εἴ τις- ("as") dui verder daarop dat Paulus die versoek van 2:2a (πληρώσατέ μου τὴν χαρὰν - "maak dan my blydskap volkome") baseer op die seëninge wat hulle met mekaar as Christene in die kerk deel. Die vraag is wat παρακαλέω in hierdie konteks beteken. Verklaarders verskil met mekaar daaroor. Lightfoot (2001) verklaar παρακαλέω as 'n vermaning, terwyl Melick (2001) dit opneem as 'n bemoediging (troos). Paulus se hele aanslag in die gedeelte is warm en bemoedigend en 'n oproep tot κοινωνία in Christus en met mekaar. Troos of bemoedig, soos vertaal deur die 1933/53-Afrikaanse Vertaling is dus goed verantwoord en dui op 'n faset van κοινωνία wat in die besonder gerig is aan gelowiges.

Schmitz (1976) toon aan dat παρακαλεῖν en παράκλησις in die Nuwe Testament aangewend word om diegene wat alreeds vir Christus gewen is, aan te moedig tot 'n lewe wat die evangelie waardig is. Hierdie aanmoediging van Filippense 2:1 word dikwels in die Nuwe Testament gebruik, ingelei met παρακαλῶ (bv. Rom. 12:1; 2 Kor. 10:1; 1 Tess. 4:1; Fil. 4:2; Ef. 4:1; 1 Tim. 2:1 en 1 Pet 2:11; 5:1). Die aanmoediging is "in Christus" (Fil. 2:1); "in die Here Jesus" (1 Tes. 4:1); "in die naam van ons Here Jesus Christus" (1 Kor. 1:10); "by ons Here Jesus Christus en by die liefde van die Gees" (Rom. 15:30); "by die sagmoedigheid en vriendelikheid van Christus" (2 Kor. 10:1); en "by die ontferming van God" (Rom.12:1). Die aanmoediging onderskei hom van 'n morele oproep deur elke keer terug te verwys na die versoeningswerk van Christus. Paulus lê nadruk daarop dat sy medewerkers die bediening van bemoediging moet voortsit en toepas (1 Tim. 5:1, 6:2; 2 Tim. 4:2 & Titus 2:6, 15). Hebreërs moedig lesers aan om mekaar te ondersteun met hierdie bemoediging (Heb. 3:13 & 10:25). Schmitz (1976) toon aan

dat die gebruik van παρακαλεῖν (om te *vermaan*) deur die Grieke en die Hellenistiese Jode algemeen gebruik is, maar totaal afwesig in die LXX. Die gebruik van παρακαλεῖν (om te *bemoedig, troos* en *vertroosting*) is in die Griekse en Joods Hellenistiese wêreld afwesig, maar algemeen in gebruik in die LXX - in aansluiting met die profeet Jesaja en die Psalms. Dit gee ook hier uitdrukking aan die goddelike ondersteuning en bemoediging aan hulle wat in die Christelike gemeenskap onder verdrukking verkeer en moet ly ter wille van hulle geloof. Hierdie bemoediging en vertroosting het 'n Trinitêre gerigtheid, omdat dit begrond is in die verlossing van die Seun, maar in werking tree deur die krag van die Heilige Gees en nou reeds 'n versekering is van die Vader se ewige vertroosting.

4.6.3.3 Konklusies

4.6.3.3.1 Die gebruik van παρακαλέω het besondere betekenis vir gelowiges met betrekking tot onderlinge bemoediging en standvastigheid in hulle Christelike eenheid, in moeilike tye.

4.6.3.3.2 Die gebruik van παρακαλέω gee aan die bediening van κοινωνία 'n besondere intensie. Gelowiges moet ook onderling na mekaar omsien, sodat hulle deur aanmoediging en vertroosting vas kan staan in hulle geloof in Christus te midde van aanslae uit die wêreld.

4.6.3.3.3 Hierdie gerigtheid op mekaar het ook 'n missionêre dimensie, omdat gelowiges se onderlinge versterking van hulle eenheid in Christus 'n verkondiging is aan die wêreld.

4.6.4 Samevattende konklusies by κοινωνία as bediening

4.6.4.1 Ware κοινωνία kan slegs bestaan wanneer daar 'n gemeenskaplike handeling plaasvind, wat begrond is in 'n gemeenskaplike geloof in Christus (en die Vader en die Heilige Gees).

4.6.4.2 Ware κοινωνία is méér as 'n gevoel van saamwees. Dit is die vrug van gelowiges se bemoeienis met die opdrag van die evangelie - onderling én in die wêreld.

4.6.4.3 Ware κοινωνία lê die basis tussen gelowiges vir oorvloediger liefde.

4.6.4.4 Ware κοινωνία is die basis vir gelowiges se uitreiking na die wêreld.

4.6.4.5 Die gebruik van παρακαλέω het besondere betekenis vir gelowiges met betrekking tot die uitlewing van hulle Christelike eenheid en standvastigheid, deur onderlinge bemoediging in moeilike tye.

4.6.4.6 Die gebruik van παρακαλέω gee aan die bediening van κοινωνία 'n besondere intensie. Gelowiges moet ook onderling na mekaar omsien, sodat hulle deur aanmoediging en vertroosting vas kan staan in hulle geloof in Christus te midde van aanslae uit die wêreld.

4.6.4.7 Hierdie gerigtheid op mekaar het ook 'n missionêre dimensie, omdat gelowiges se onderlinge versterking van hulle eenheid in Christus 'n verkondiging is aan die wêreld.

4.7 διακονία as bediening in die Nuwe Testament

Buys (1989:238), Pieterse (2001:102) en Van Engen (1991:91) toon aan dat daar 'n baie nou verband tussen κοινωνία en διακονία bestaan. Die gelowiges in Filippi se ondersteuning van Paulus in die voortgang van die evangelie, word κοινωνία genoem (Fil. 1:5, sien 4.6.1). Daarom kan die arm gemeente van Masedonië, wat ondanks hulle verdrukking tog met blydskap daarop aandring dat Paulus ook van hulle 'n bydrae vir die gelowiges in Jerusalem ontvang (Fil. 4:14, 15), se bydrae κοινωνίαν τῆς διακονίας genoem word. Wat is die verband en wat is die volle betekenis van 'n διακονία-bediening?

Ten opsigte van die samelewing is die kerk se taak wesenlik διακονία (vgl. Heitink, 1993:286).

4.7.1 Komponensiële analise van διακονία en διακονέω

Volgens Els (2001 [Strongnr. 1248]) word διακονία 33 keer in die Ou Afrikaanse Vertaling vertaal: 18 keer as *bediening*, ses keer as *diens*, drie keer as *diensbetoning*, twee keer as *versorging*, een keer as *bedien*, een keer as *bedieninge*, een keer as *dienswerk* en een keer as *maak*.

διακονέω kom 37 keer voor (Els, 2001 [Strongnr. 1247]) en word twaalf keer vertaal met *dien*, tien keer met *gedien*, nege keer met *bedien*, drie keer met *berei*, een keer elk met *bewys*, *diens* en *helpers*.

Die gegewens in die Louw & Nida-woordeboek (Louw & Nida, 1996) lei tot die afleiding dat διακονέω in vier semantiese velde gebruik word (Veld 35, 46, 53 en 57) terwyl διακονία in drie semantiese velde gebruik word (Veld 35, 46 en 57).

Louw & Nida tipeer Semantiese Veld 35 as "help, care for" en verdeel die veld in tien hoofkategorieë. διακονία en διακονέω word deur Louw & Nida ingedeel by hoofkategorieë met woorde wat van hulpgewende aard is (Subveld 35.19 – "serve" en "service"; Subveld 35.21 – "ministry"; Subveld 35.37 – "take care for" en Subveld 35.38 – "provision"). Subveld 35.19 word verklaar in die sin van *ondersteuning of hulp gee in die uitvoer van pligte wat dikwels van 'n nederige aard is.* So byvoorbeeld word die term vir Jesus gebruik om aan te toon dat Hy nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien (Matt. 20:28). Subveld 35.21 dui die bedienaar van 'n bediening aan, soos Paulus (Hand. 20:24). Subveld 35.37 dui op die getroue versorging van hulle wat hulp nodig het, soos in Matteus 25:44. Subveld 35.38 het in 'n groot mate dieselfde betekenis as in die gebruik van Subveld 57.119 en handel oor die prosedure om oor 'n tydperk verantwoordelikheid vir versorging te neem, soos die geval was in Handelinge 6:1.

Semantiese Veld 46 het een hoofkategorie, naamlik *Household activities*, en word in Subveld 46.13 gebruik met die betekenis van: "to serve food and drink to those who are eating" (vgl. die gebruike in Mark. 1:31 en Luk. 10:40).

Semantiese Veld 53 word getipeer as *Religious activities*, het twaalf hoofkategorieë en word in Subveld 53.66 aangedui as *roles and functions*, met die betekenis in Subveld 53.66: *to be a deacon, om aan die vereistes (1 Tim. 3:10) te voldoen om God op 'n besondere manier te dien.*

Semantiese Veld 57 word getipeer as *Possess, transfer, exchange* en het 21 hoofkategorieë. Subveld 57.119 se betekenis is *Give* en word in subveld 57.119 as 'n *contribution* verklaar en in subveld 57.230 as 'n idiomatiese uitdrukking aangedui

vir 'n *tafelbedienaar*. Dit dui ook hier op 'n ondersteunende funksie, sodat hulle wat die Woordbediening doen dit ongehinderd kan doen.

Wuest (1997) bespreek die woord διακονία in die behandeling van Romeine 12:7 en toon aan dat dit in die lokatief van *ruimte* gebruik word. Die een wat die bediening van διακονία ontvang het, gebruik dit in 'n sin wat eintlik enigiets kan beteken, maar wat met praktiese ondersteuning te doen het (maar wat bedieninge soos *gesondmaking* en *profesie* uitsluit).

Beyer (1996) toon aan dat daar 'n hele paar ander woorde in Grieks voorkom wat ook in verband staan met diens. Die volgende woorde is nagegaan en bevind dat hulle volgens Louw & Nida (1996) binne dieselfde semantiese velde verklaar word as διακονία en διακονέω:

δουλεύω	–	*Diens as slaaf* (Louw & Nida [35.27])
θεραπεύω	–	*Bereidwilligheid tot diens* (Louw & Nida [35.19])
λατρεύω	–	In die Nuwe Testament primêr ten opsigte van *godsdienstige dienste* (Louw & Nida [53.14 & 53.66])
λειτουργέω	–	*diens met die implikasie van 'n meer formele en gereelde diens* (Louw & Nida [35.22])
ὑπηρετέω	–	*'n baie besondere diens aan ander* (Louw & Nida [35.19])

4.7.1.1 Konklusie by komponensiële analise

διακονία en διακονέω het te doen met praktiese persoonlike hulpverlening as 'n ondersteunende en konkretiserende bediening by die Woordbediening.

4.7.2 Verdere bespreking van διακονία en διακονέω

In die Nuwe Testament het διακονέω die betekenis van 'n dienskneg of 'n slaaf wat sy heer by die etenstafel bedien. In Lukas 17:7-9 slaan die woord op 'n dienskneg wat aan tafel bedien, soos 'n hedendaagse kelner by 'n restaurant, maar dan veel meer nederig en laer in status. Die kelner is immers 'n slaaf. Tipies vir διακονοσ is dus iemand wat 'n dienaar is, 'n dienaar wat liggaamlik versorg (Luk. 10:40), maar ook met wyer betekenis. Die begrip διακονέω word gebruik om die omvattende verlossingstaak van Jesus aan te dui (Matt. 20:28 & Mark. 10:45). Die begrip wys op werklike konkrete dade van naasteliefde. Dit is liefde wat aan mekaar betoon moet word (Joh. 13:34, 35) en wanneer gelowiges liefde betoon aan dié wat ly, doen hulle dit ten diepste aan Jesus Christus self (Matt. 25:35-40). Egte Christelike liefde word egter juis daardeur gekarakteriseer dat dit, soos Christus se eie liefde, ook betoon sal word aan diegene van wie nie ook liefde ontvang word nie (Matt. 5:46, 47 & Luk. 6:32, 33). Deur konkrete dade van liefdesdiens is die gelowiges besig met daadverkondiging van die evangelie (Matt. 5:16 & 1 Pet. 2:12). Juis waar die kerk dienend in die wêreld teenwoordig is, word die koms van die koninkryk sigbaar.

In Matteus 24-25 gebruik die evangelis didaktiese stof en gelykenisse om die dissipels se arbeid in die konkrete praxis te illustreer - en die laaste deel van hierdie onderrig fokus op διακονία. Die beeld is dié van diensknegte wat terugrapporteer aan hulle meester. Sy beoordeling van hulle is nie op grond van hoe goed hulle gewerk het, hulle opofferings, hulle godsdienstige lewe, hulle liturgie of teologie of hulle rasseafkoms nie. As diensknegte word hulle beoordeel op grond van wat hulle gedoen of nie gedoen het nie aan diegene in hulle wêreld wat werklik in nood was. Hulle word beoordeel op grond van hulle διακονία as diensknegte (tafelbedienaars) van hulle Meester wat sy lewe vir hulle gegee het. Hierdie beoordeling gee konkrete betekenis aan die nuwe gebod "... julle moet mekaar

liefhê ...", die ware toets vir dissipelskap. Geen wonder die konsep van διακονία het so 'n groot klem gekry in die vroeë kerk nie. Onmiddellik ná Pinkster doen die dissipels wonders, maak hulle siekes gesond en word dié in nood versorg. Wanneer die dissipels nie hulle diakonale werk effektief kon doen nie, ontwikkel 'n nuwe diens in die kerk - die diaken (Hand. 6). Hierdie vorm van diens ontwikkel vinnig. Lukas vertel van Dorkas, wie se διακονία so kosbaar was vir diegene in Joppe, dat Petrus geroep is om haar te kom opwek toe sy gesterf het (Hand. 9:36-47). Die armes kon nie sonder die klere wat sy vir hulle gemaak het nie. διακονία ontwikkel in 'n multidissiplinêre bediening (1 Kor. 12:5 e.v.) en 'n vorm van aanbidding (Van Engen, 1991:96). Die kerk se bediening van διακονία word 'n getuienis van die kerk se outentisiteit en dra by tot die ontwikkeling van die kerk as missionêre kerk (Van Engen, 1991:96).

Paulus lê besondere klem op diakonale diens in sy aansporing van gelowiges in Korinte aan die wat swaarkry in Jerusalem en noem dit: τὴν χάριν καὶ τὴν κοινωνίαν τῆς διακονίας τῆς εἰς τοὺς ἁγίους – "deel in die liefdeswerk van hulpverlening aan die gelowiges."

Die mondelingse verkondiging van die evangelie word ook διακονία genoem (2 Kor. 5:18, 19). Daarom is die deurgee en bemiddeling van hierdie boodskap van versorging, *diens* (Buys, 1989:239).

διακονία word dus in die Nuwe Testament gebruik om die versorgende en verkondigende diens in die kerk van Christus aan te dui.

Elke taak wat in die gemeente verrig word, word in die Nuwe Testament as διακονία gesien, waarvoor die gelowiges met charismata toegerus word (1 Kor. 12:4-11) (Pieterse, 2001:101). Die Gees voorsien nie net van die nodige charismata vir dienswerk nie, maar Hy is die Persoon wat in die wêreld en die kerk

werk. Die koms van die koninkryk vind plaas vanweë die werk van die Heilige Gees binne die gemeente, maar ook daarbuite, in die wêreld. God is besig met sy werk in die wêreld tot bevryding van die skepping (Rom. 8) en om die nuwe mensheid, wat versoen is met Hom deur die werk van Christus, in die gemeente te versamel (Schippers, 1991:14). By hierdie werk in die wêreld skakel die Gees gelowiges met hulle dienswerk in. Die dienswerk sluit in konkrete versorging, sowel as die oordrag van die evangelie (Pieterse, 2001:102).

Die διακονία van die gemeente moet dus Christologies en pneumatologies verstaan word - en dit is gerig op die eer van God. Daar is ook 'n stuk doksologie aan verbonde: Christus se dienswerk aan ons - tot ons heil - en die gemeente se diens aan God, asook die dienswerk aan mekaar en die naaste in nood, moet in die liturgie gevier word tot eer van God wat dit alles vir ons moontlik maak (Pieterse, 2001:102).

Die kerk is 'n skepping van die Gees op grond van die heil wat Christus vir die kerk verwerf het. Maar die kerk is ook 'n menslike instansie (Burger, 1991:29) waarin mense die Here van die kerk moet dien, en sy groot uitreiking na mense in die wêreld, die *missio Dei*, sy dienskneggestalte in die wêreld moet gee.

> Bosch (2000:370) verduidelik hierdie belangrike konsep soos volg: "God's salvific work precedes both church and mission. We should not subordinate mission to the church nor the church to mission; both should, rather, be taken up into the *missio Dei*, which now becomes the overarching concept. The *missio Dei* institutes the *missiones ecclesiae*. The church changes from being sender to being the one sent."

Dit is God wat na die wêreld kom en steeds na die wêreld uitreik en die kerk moet Hom hierin volg. Hierdie insig is uiters belangrik vir die beskouing van die kerklike διακονία. Pieterse (2001:104) stel dit baie duidelik:

> "Uit alle nasies en volke en klasse en stande word dié wat in Jesus Christus glo tot één volk van God saamgevoeg. Jood en Griek, slaaf en vryman, man en vrou, word in die liggaam van Christus saamgebind (Gal. 3:28). Almal is wesenlik gelyk met 'n gelyke roeping, 'n gelyke verantwoordelikheid en 'n gelyke lojaliteit. Almal ontvang genadegawes en alhoewel daar 'n verskeidenheid van gawes is, word almal deur die een Gees uitgedeel en is almal ewe waardevol (1 Kor. 12:1-13). In God se volk is almal geroep tot aktiewe diens en as getuies vir Hom (Hand 8:1)."

Die interne roeping, die na-binne- of gemeenskapsfunksie van die gemeente in die sin van κοινωνία, is dat die gemeente na die Woord van God luister en in die erediens en sakramentdiens die heil in Christus vier, dié in nood deur die διακονία opgevang word en die gelowiges onderling mekaar onderrig, vermaan, vertroos, bemoedig, versorg en opbou (Heyns, 1978:373).

Maar die kerk het ook 'n eksterne roeping. Die kerk is verbonde aan die hele samelewing, met die ganse skepping, waarin die koninkryk van God ook deur die soutende sout van die kerk na sy volheid gelei word. Hierdie doelstelling en taak van die kerk kom ook duidelik uit die beelde wat vir die kerk in die Nuwe Testament gebruik word na vore, byvoorbeeld die kerk as sout van die aarde en lig van die wêreld (Matt. 5:13-16). Die kerk het 'n roeping tot hernuwing van die samelewing (Pieterse, 2001:104). Naas die *missio Dei* is die diepste grond van die *missio ecclesiae* sy samelewingsvernuwingstaak (Heyns, 1978:373-374). Dit noop die kerk om gedurig krities te staan teenoor sy eie motiewe ten opsigte van die samelewing (soos wat sy onkritiese houding vir dekades ten opsigte van apartheid 'n aanklag teen hom geword het), maar ook om krities te staan teenoor die samelewing in die nie-nakoming van die eise van God (soos wat dit tot uitdrukking kom in die meedoen aan aborsie en onskriftuurlike pogings in die bekamping van MIV/Vigs, ens.). Hierdie vernuwende taak van die kerk in die samelewing word nie net deur middel van sy handelinge uitgevoer nie, maar ook deur die wyse van sy bestaan in die wêreld. Die kerk is geroepe om te alle tye, as teken van die volheid

van die eskatologiese heil, eksemplaries in die wêreld te bestaan (Henau, 1989. Sien Pieterse, 2001:105).

Burger (1991:123) wys daarop dat dienswerk nie net ter wille van ander gedoen word nie, maar ook ter wille van die eie heil van die gemeente. God is nie net besig met die bevryding van die skepping wat ly onder die sonde nie (Rom. 8), maar om mense in Christus te versoen tot 'n nuwe mensheid, 'n mensheid wat versoen is tot vrede (Ef. 2). Waar hierdie versoening vanuit die mensheid in die wêreld plaasvind, is daar 'n gemeente, 'n kerk. Sonder die wêreld sou daar geen kerk gewees het nie (Matt. 28:19 e.v.) (vgl. Pieterse, 2001:106). Die gemeente is dus eintlik 'n stukkie versoende wêreld. διακονία is dus in hierdie opsig die konkrete realisering van die versoening in Christus. Om heel te maak wat stukkend is, om te herstel wat uitmekaar geval het, om een te maak wat geskei is (Pieterse, 1991:107).

Wanneer die kerk van Christus hom, vanuit die ekklesiosentriese, prakties deur διακονία kan rig op die wêreld in nood, is die kerk getrou aan sy eie identiteit (eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit – sien Hfst. 3). Ten opsigte van die samelewing is die kerk se taak wesenlik diakonaal (Heitink, 1999:285).

Soos wat die kerk met die samelewing (die wêreld) diakonaal besig is, word die evangelie in die proses oorgedra en word mense uit die wêreld geroep tot lidmate van die gemeente. Hulle wat stukkend was en heelgemaak is deur die bemiddeling van die genadeverkondiging, wat verlore was en nou gered, word lewende getuienis van die kerk se roepingsvervulling.

Die spanning tussen die na-binne-gerigtheid van die gemeente én die na-buite-gerigtheid moet voortdurend gehandhaaf word (Pieterse, 2001:107). Deur elke diakonale daad na buite mét diegene wat die barmhartigheid van God so beleef het in die λειτουργία te vier, word die kerk se roeping na binne en na buite gedien. Op hierdie manier kan die spanning tussen die twee gehandhaaf word en kan daar aan albei roepings voldoen word.

4.7.3 Konklusies by διακονία en διακονέω

4.7.3.1 Die kerklike διακονία is gefundeer in God se liefde en sorg, soos dit veral in die lewe en werk van Jesus uitgedruk is.

4.7.3.2 Naasteliefde is 'n belangrike deel van die liefdesgebod en vind formeel uitdrukking in die διακονία.

4.7.3.3 Naasteliefde is gerig op almal wat in nood is en wat vanweë hulle nood 'n beroep op gelowiges se hulp maak.

4.7.3.4 Naasteliefde gaan hand aan hand met persoonlike insette as 'n sigbare uitdrukking van God se sorg.

4.7.3.5 Die klimaat van die κοινωνία binne die gemeente is die mees geskikte plek waarin διακονία kan plaasvind.

4.7.3.6 Die primêre fokuspunt van die diakonale sorg is binne die huishouding van die geloofsgemeenskap (die gemeente van die Here en - as voorloper van die gemeente - die huisgesin).

4.7.3.7 Die kerklike διακονία van die gemeente is egter ook gerig op die breër samelewing, oral waar daar nood onder mense is.

4.7.3.8 Die diakens is verantwoordelik vir die insameling van die gawes, die besteding daarvan aan diegene in nood - en dus die organisering van die gemeentelike διακονία - binne en buite die gemeente.

4.7.3.9 Die organisering van die gemeentelike διακονία onthef gelowiges nie om individueel sorg te dra vir nood om hulle en om daarby betrokke te raak of ander daarby te betrek nie.

4.7.3.10 Behalwe die fisiese sorg, is die wesentlike van die kerklike διακονία liefde, warmte, teenwoordigheid, vertroosting en aanmoediging - en dít binne die kommunikering van die evangelie van Jesus Christus in die proses, Hy wat die bron en die inspirasie is van alle διακονία.

4.8 Samevattende konklusies by die bedienings van die kerk

4.8.1 Samevattende konklusies rakende κήρυγμα as bediening (sien 4.4.5)

4.8.1.1 κήρυγμα as bediening verwys na alle aktiwiteite in die gemeente wat primêr gefokus is op die Bybel en sy unieke boodskap aan gelowiges sowel as ongelowiges – hetsy dit is om aan te dui dát die Woord verkondig moet word (vgl. 4.4.1.3), wát die inhoud daarvan is (vgl.4.4.2.3), wat die voorwaardes en moontlike konsekwensies daarvan kan wees vir die draer (vgl. 4.4.3.3) of wát die gerigtheid van die verkondiging is (vgl.4.4.4.3) (aan gelowiges tot meerdere kennis of aan ongelowiges tot insig om tot bekering te kom).

4.8.1.2 κηρύσσω, as belangrike faset van die κήρυγμα, is 'n aktiwiteit om Christus as Hoof van sy liggaam, die kerk, sowel as Hoof van die ganse skepping, te verkondig - en is gerig op die deurbraak van sy koninkryk op alle terreine van die lewe (4.4.1.3).

4.8.1.3 εὐαγγελιζω dui op die karakter en inhoud van die verkondiging, naamlik dat dit Goeie Nuus is (4.4.2.3).

4.8.1.4 μαρτυρέω dui aan dat die verkondiging van die Goeie Boodskap die verkondiger in totaliteit opeis (naamlik sy woorde en dade) en vereis 'n persoonlike verhouding met Christus en bereidheid om die konsekwensies van sy verkondiging te dra (vgl. 4.4.3.3).

4.8.1.5 διδάσκω dui op onderrig aan gelowiges en ongelowiges, met die fokus op die werklike behoefte - onderrig om dissipels te maak en as voortgaande aktiwiteit aan alle gelowiges (volwasse gelowiges en kinders in die geloof) (vgl. 4.4.4.3).

4.8.2 Samevattende konklusies rakende λειτουργία as bediening (sien 4.5.3)

4.8.2.1 Die duidelikste vorm van λειτουργία as bediening vind plaas in die gemeentelike erediens.

4.8.2.2 λειτουργία is nie beperk tot die formele ontmoeting in 'n erediens, of dat daar van 'n voorganger gebruik gemaak moet word nie. Die plek van ontmoeting is nie hoofsaak nie, maar wat gebeur met hulle wat deel het in so 'n ontmoeting, is belangrik.

4.8.2.3 Die ontmoeting is nie gegrond op voorskrifte nie (Nuwe-Testamentiese gemeentes het min direkte voorskrifte oor die inrigting van sulke liturgiese geleenthede ontvang.), maar eerder die gesindheid van vrede, harmonie, die inagneming van almal wat teenwoordig is in liefde, die gebruikmaking

van alle gawes wat tot voordeel is van die gemeente en die verwagting van dit wat God gaan doen.

4.8.2.4 λειτουργία gaan oor meer as wat gebeur in die formele liturgiese samekomste. λειτουργία is iets wat gelowiges vanuit die erediens van die gemeente saam met hulle die lewe moet inneem. Dit is 'n lewenswyse waarin *Coram Deo* geleef moet word.

4.8.3 Samevattende konklusies rakende κοινωνία as bediening (sien. 4.6.4)

4.8.3.1 Ware κοινωνία kan slegs bestaan wanneer daar 'n gemeenskaplike handeling plaasvind wat begrond is in 'n gemeenskaplike geloof in Christus (en die Vader en die Heilige Gees).

4.8.3.2 Ware κοινωνία is meer as 'n gevoel van saamwees. Dit is die vrug van gelowiges se besigwees met die opdrag van die evangelie onderling en in die wêreld.

4.8.3.3 Ware κοινωνία lê die basis tussen gelowiges vir oorvloediger liefde.

4.8.3.4 Ware κοινωνία is die basis vir gelowiges se uitreik na die wêreld.

4.8.3.5 Die gebruik van παρακαλέω het 'n besondere gerigtheid op gelowiges met betrekking tot die uitlewing van hulle Christelike eenheid en standvastigheid deur bemoediging in moeilike tye.

4.8.3.6 Die gebruik van παρακαλέω gee aan die bediening van κοινωνία 'n besondere intensie. Gelowiges moet ook onderling na mekaar omsien

sodat hulle deur aanmoediging en vertroosting vas kan staan in hulle geloof in Christus te midde van aanslae uit die wêreld.

4.8.3.7 Hierdie gerigtheid op mekaar het ook 'n missionêre dimensie omdat gelowiges se onderlinge versterking van hulle eenheid in Christus 'n verkondiging is aan die wêreld.

4.8.4 Samevattende konklusies rakende διακονία as bediening

4.8.4.1 Die kerklike διακονία is gefundeer in God se liefde en sorg, soos dit veral in die lewe en werk van Jesus uitgedruk is.

4.8.4.2 Naasteliefde is 'n belangrike deel van die liefdesgebod en vind formeel uitdrukking in die διακονία.

4.8.4.3 Naasteliefde is gerig op almal wat in nood is en wat vanweë hulle nood 'n beroep op jou hulp maak.

4.8.4.4 Naasteliefde gaan hand aan hand met die inset van my persoon as 'n sigbare uitdrukking van God se sorg.

4.8.4.5 Die klimaat van die κοινωνία binne die gemeente is die mees geskikte plek waarin διακονία kan plaasvind.

4.8.4.6 Die primêre fokuspunt van die diakonale sorg is binne die huishouding van die geloofsgemeenskap (die gemeente van die Here en - as voorloper van die gemeente - die huisgesin).

4.8.4.7 Die kerklike διακονία van die gemeente is egter ook gerig op die breër samelewing, oral waar daar nood onder mense is.

4.8.4.8 Die diakens is verantwoordelik vir die insameling van die gawes, die besteding daarvan aan diegene in nood - en dus die organisering van die gemeentelike διακονία - binne en buite die gemeente.

4.8.4.9 Dit onthef egter nie elke gemeentelid van die verantwoordelikheid om oop oë te hê vir die nood om hulle nie, om persoonlik daarby betrokke te raak en om, waar dit nodig is, die diakonie daarby te betrek.

4.8.4.10 Behalwe die fisiese sorg, is die wesentlike van die kerklike διακονία liefde, warmte, teenwoordigheid, vertroosting en aanmoediging - en dít binne die kommunikering van die evangelie van Jesus Christus in die proses, Hy wat die bron en die inspirasie is van alle διακονία.

4.9 Finale samevattende konklusies oor die vier begrippe vir die bedienings, spesifiek vir 'n missionêre bediening

4.9.1 κήρυγμα verwys na alle aktiwiteite in die gemeente wat primêr gefokus is op verkondiging van die Woord se unieke (goeie) boodskap aan gelowiges en ongelowiges om hulle toe te rus vir die eise van die Woord (sien 4.8.1).

4.9.2 λειτουργία verwys na die gelowige se antwoordende gerigtheid op God in formele en informele aanbiddingsgeleenthede. Die verwagting is 'n ontmoeting en versterking deur God, wat as getuienis uitgedra en uitgeleef word in die daaglikse omgang met ongelowiges in die wêreld (sien 4.8.2).

4.9.3 κοινωνία is die vrug van gelowiges se bemoeienis met die opdrag van die evangelie met betrekking tot onderlinge ondersteuning, wat dien as basis vir gelowiges se uitreiking na die wêreld (sien 4.8.3).

4.9.4 διακονία is die suiwerste vorm van naasteliefde wat gerig is op almal wat in nood is en wat vanweë hulle nood 'n beroep op die gelowige se hulp maak (4.8.4).

AFDELING 1 - HERMENEUTIESE KOMPONENT

HOOFSTUK 5: FORMULERING VAN 'n MISSIONÊRE EKKLESIOLOGIE AS IDENTITEIT VAN DIE KERK

5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk is die doel gestel om 'n afgeronde missionêre ekklesiologie te formuleer vanuit die resultate van die hermeneutiese ondersoek in Hoofstukke 2 tot 4. Hierdie hoofstukke was gerig daarop om te kom tot die beskouing ('verstaan') van 'n missionêre ekklesiologie. Om dié doel te bereik, dien Hoofstuk 5 as integrasiepunt van die ondersoek van die metafore *Hoof* en *liggaam* in Hoofstuk 2, die ondersoek na *merktekens* in Hoofstuk 3 en die ondersoek na *bedienings* in Hoofstuk 4. Die geformuleerde missionêre ekklesiologie van Afdeling 1 kan dan in Afdeling 2 dien as basis vir 'n empiriese ondersoek om metateoretiese perspektiewe te formuleer. Die perspektiewe sal dan saam met die geformuleerde missionêre ekklesiologie van Afdeling 1 in Afdeling 3 aangewend word om tot 'n strategie (praktykteorie) te kom, met die oog op multikulturele kerkplanting.

Die metode en werkplan is om eers die resultate van Hoofstuk 1 se ondersoek na die motivering van 'n prakties-teologiese studie in gemeentebou te formuleer. Die bevindinge van die ontwikkeling van 'n missionêre ekklesiologie in Hoofstukke 2 tot 4 sal dan geïntegreer en geïllustreer word met modelle wat die ontwikkeling visualiseer.

5.2 Motivering van 'n prakties-teologiese ondersoek in gemeentebou

In die samevatting by 1.2 is aangetoon dat die fokus van hierdie studie is om 'n ondersoek te doen na die ware identiteit van die kerk en die uitbou daarvan. Die kerk kan nie getrou wees aan sy roeping in hierdie wêreld as hy nie getrou is aan sy identiteit nie. Hierdie identiteit kan onder andere uitgespel word deur die formulering van 'n missionêre ekklesiologie wat die kerk se wese verstaan, sy bedienings op grond daarvan reg formuleer (verklaar) en sy strategieë van bediening in die lig daarvan struktureer.

In Hoofstuk 1 word - hoofsaaklik vanuit die hermeneutiese proses wat toegepas is om die identiteit van die kerk te verstaan - die identiteit van die kerk as missionêr, ekklesiologies omskryf.

Om hierdie doelwit te kan bereik is in 1.3.1 gekonkludeer dat praktiese teologie die aangewese vak is waarbinne hierdie ondersoek gedoen kan word. Praktiese teologie is 'n vakgebied met 'n postmoderne paradigma en as krisisteologie geskik om probleme te hanteer waarop die praktykteorie van die modernisme nie antwoorde kon vind nie. Die krisis - waarvoor praktiese teologie as vakwetenskap geskik is en in hierdie studie aangewend is – het te make daarmee om vanuit die formulering van 'n missionêre ekklesiologie, praktiese kontoere te trek vir die bediening van die kerk in 'n gebied (of gebiede) waar kulturele transformasie plaasgevind het en nog besig is om plaas te vind.

In 1.3.1.3 is tot die volgende konklusies gekom ten opsigte van praktiese teologie as handelingsteorie:

- Dinamiese ontwikkeling in praktiese teologie kan gebruik word om deur navorsing 'n al groter bydrae te lewer om in krisisse wat

geloofsgemeenskappe ervaar, soos kulturele transformasie, praktiese leiding te gee sodat geloofsgemeenskappe (die kerk) al meer en meer kan word wat hulle is.

- Praktiese teologie het vir homself binne die konteks van handelingswetenskappe 'n eie plek ontwikkel waarin hy met gebruikmaking van ander handelingswetenskappe 'n bydrae kan lewer tot die verandering van God se praxis in hierdie wêreld.

- Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingswetenskap is altyd kontekstueel (praxis 1 en praxis 2) besig met kulturele gestaltes van Christelike geloofsgemeenskappe. 'n Kerk (gemeente) wat kulturele transformasie in sy gemeenskap ervaar, soos dit vandag algemeen voorkom in stedelike gebiede, kan nie anders as om getrou aan die vervulling van sy missionêre roeping binne die koninkryk van God te soek na ander maniere van roepingsvervulling as die tradisionele nie.

- Die verhouding teorie/praxis staan in 'n gevoelige en kreatiewe wisselwerking met mekaar, waar teorie as geopenbaarde Christelike tradisie funksioneer, en praxis as geloofspraktyk. Spanning tussen die twee praxes, soos wanneer daar kulturele transformasie plaasvind in 'n gebied wat voorheen in 'n monokulturele tradisie - wat ook die handelinge bepaal het - vasgevang was, kan alleen deur goeie navorsing tot die minimum beperk word.

- In die bepaling van 'n profiel vir prakties-teologiese handelingsteorie word die grondslag vir die begrip, verklaring en verandering van handelinge gelê. Hierdie profiel kan aangewend en toegepas word in 'n nuwe praktyk.

In paragraaf 1.3.2 is die volgende konklusies gemaak om aan te toon dat 'n ekklesiologiese ondersoek vanuit 'n prakties-teologiese perspektief noodsaaklik is

vir die studie, ten einde te kom tot die regte begrip en bepaling van die kerk se identiteit en taak in 'n veranderende kulturele omgewing:

- Die noodsaak van 'n prakties-teologiese perspektief op die kerk is nie te betwyfel nie. Die risiko wat geloop word is om die prakties-teologiese besinning oor die kerk te verskraal tot bepaalde ekklesiologiese aspekte of modelle - en daaruit 'n algemeen geldende model vir die hele liggaam af te lei. Elke plaaslike gemeente moet as 'n konteksgebonde entiteit verstaan word met 'n eie geskiedenis, situasie en moontlike unieke opdrag van die Here. Deur ekklesiologie diensbaar te maak aan 'n tipologiese benadering, word hierdie empiriese gegewens nie verreken nie.

- Dit gaan nie in 'n prakties-teologiese ekklesiologie oor die moontlikhede om die bedienings van die kerk 'n nuwe fokus te gee of om bestaande strukture te analiseer en te vernuwe nie. Die mees basiese saak in die besinning oor 'n prakties-teologiese ekklesiologie handel oor hoe daar gedink word oor die kerk. Die kritiese vraag is: Wat is die kerk? Om hierdie vraag te antwoord moet verstaan word dat die kerk uniek is en dat hierdie unieke karakter die vrug van die werking van God se Gees in hierdie wêreld is. Wanneer hierdie unieke karakter verstaan word, sal dit die nodige perspektiewe verskaf om die bedienings en organisasie (strategieë) van die kerk in plek te kry.

5.2.1 Ekklesiologie as 'n beweging van *missio Dei* na *missiones ecclesiae*

In paragraaf 1.3.3.1.1 is aangetoon dat 'n ekklesiologiese ondersoek vanuit prakties-teologiese perspektief 'n beweging is van *missio Dei* na *missiones ecclesiae*. In 1.3.3.2 word hierdie beweging in die volgende konklusies saamgevat:

- Die vertrekpunt in gemeentebou is die *missio Dei* se handelinge met die *missiones ecclesiae*. Gemeentebou se vertrekpunt is daarom missionêr-ekklesiologies.

- 'n Missionêre ekklesiologie omskryf drie dinge, naamlik wat die kerk is (sy wese), wat die kerk doen (sy bedienings binne 'n empiriese werklikheid) en hoe om die bedienings van die kerk in aksie te stel deur middel van strategieë. Die wese van die kerk is gebaseer op God se teenwoordigheid deur sy Gees. Die bedienings van die kerk vloei voort uit sy wese. Die strategie stel die bedienings in aksie. Wat die kerk van homself glo en bely, fokus sy identiteit en gee koers en rigting aan die funksionering van al sy bedienings binne 'n bepaalde konteks (praxis).

- Met 'n missionêre ekklesiologie as vertrekpunt, kan dit nie anders as dat die konteks waarbinne die kerk hom bevind (praxis) as veld van ondersoek geneem moet word nie. Wanneer dit 'n multikulturele konteks is, moet dit verdiskonteer word. Dít kan gedoen word mede deur gerigte navorsing in praktiese teologie onder gemeentebou met 'n missionêre ekklesiologie as vertrekpunt.

- Missiologie en ekklesiologie is onafskeidbaar van mekaar binne 'n praktiese-teologiese raamwerk. Diegene wat dit misken, beleef die kerk buite sy koninkryksverband en verval in een van twee uiterstes: Óf die kerk word selfstandig (in institusionele terme) gesien en die missionêre roeping as bykomstig, óf die missionêre roeping word verabsoluteer tot 'n wen van siele en die kerk word gesien as vrug van die missionêre roeping daarvan. Wanneer die kerk verstaan word as missionêr in wese, is dit moontlik om holisties na die kerk te kyk en 'n suiwer missionêre ekklesiologie te omskryf.

5.2.2 Finale bevinding

'n Prakties-teologiese ondersoek in gemeentebou omskryf die beweging van die *missio Dei* na die *missiones ecclesiae* in so 'n mate dat 'n missionêre ekklesiologie as identiteit van die kerk geformuleer kan word.

5.3 Die verhouding van Christus as Hoof tot die kerk as sy liggaam - as basis van die formulering van 'n missionêre ekklesiologie

5.3.1 In 2.5.5.3 is bevind dat die brief van Paulus aan die Efesiërs in wese 'n missionêre geskrif is, wat uitdrukking gee aan 'n missionêre ekklesiologie as identiteit van die kerk. Hierdie identiteit vind sy uitdrukking in die verhouding waarin die Hoof, Jesus Christus, tot die kerk as sy liggaam staan.

5.3.1.1 *Hoof* het in alle gevalle wat ondersoek is 'n uitgebreide betekenis, naamlik *outoriteit*, maar in die sin dat die outoriteit in diens staan van die liggaam (2.5.2.4).

5.3.1.2 Die *Hoof* is die bron van lewe (vgl. 2.5.2.4) en daarom daarop gerig om sy liggaam op te bou en te voed (vgl. 2.5.2.5.1).

5.3.1.3 Sy liggaam beantwoord die gesag uit respek en is gehoorsaam aan die Hoof. Gehoorsaamheid hou in roepingsgetrouheid (vgl. 2.5.2.5.2).

5.3.1.4 Roepingsgetrouheid bestaan daarin dat die versoening wat die liggaam met die Hoof ontvang het, verder gedra word na hulle wat buite die liggaam is (2.5.3.2.2).

5.3.1.5 Eers wanneer die liggaam deur benutting van al sy gawes hierdie instrument in die versoening ís, funksioneer dit optimaal en is daar groei moontlik (2.5.4.2).

5.3.1.6 Die liggaam is instrumenteel die plek waar versoening plaasvind. Die vertikale versoening met Christus word horisontaal in die liggaam 'n werklikheid (2.5.4.1).

5.3.1.7 Waar hierdie versoening in gehoorsame roepingsvervulling plaasvind, word die misterie van die eenheid (2.5.4.2) 'n sigbare manifestasie aan die wêreld van die Hoof se dienende heerskappy, wat alle verskeurdheid herstel sodat Hy alles in almal kan wees (2.5.4.3).

5.3.2 Finale bevinding

Die missionêr-ekklesiologiese identiteit van die kerk vind sy **begronding** daarin dat Jesus Christus, as Hoof van die liggaam (sy kerk), sy gesag daaroor uitoefen deur as Bron van lewe die kerk te bou en te voed. Die kerk, as liggaam van die Hoof (Jesus Christus), antwoord in troue roepingsvervulling deur die versoening wat hy ontvang het verder te dra met die benutting van al sy gawes. Só word die misterie van eenheid tussen Hoof en liggaam 'n sigbare manifestasie van die Hoof se dienende heerskappy, wat alle verskeurdheid herstel sodat Hy alles in almal kan wees.

5.3.3 Gemodelleerde voorstelling

Die verhouding van Christus as Hoof tot die kerk as sy liggaam en fokuspunt binne die koninkryk van God, word in die onderstaande model weerspieël:

Figuur 7

Die verhouding van Christus as Hoof tot die kerk as sy liggaam, dien as basis vir die funksionering van 'n missionêre ekklesiologie - omdat dit die beweging van die *missio Dei* na die *missiones ecclesiae* definieer en só as grondbeginsel dien om die identiteit van die kerk verder te ondersoek.

5.4 Bevindings vanuit 'n ondersoek na die merktekens van die kerk - as missionêr-ekklesiologiese beskrywing van die kerk se identiteit

5.4.1 Merktekens volgens die Geloofsbelydenis van Nicea

5.4.1.1 Die kerk in die eerste eeue het, volgens die merktekens van die kerk, sy identiteit vanuit sy oorsprong missionêr geïdentifiseer en daarom is die merktekens in hulle gerigtheid op die aktiwiteit (taak) van die kerk steeds missionêr (3.2.4 & 3.2.6), om uitdrukking te gee aan die missionêre identiteit van die kerk.

5.4.1.2 Die kenmerke van die ware kerk (Woordverkondiging, suiwer bediening van die sakramente en toepassing van tug) volgens die Gereformeerde ekklesiologie, is steeds waardevolle onderskeidingstekens vir die kerk se gerigtheid na binne (3.2.5).

5.4.1.3 Die kenmerke van die ware kerk het 'n eensydige na-binne-gerigtheid tot gevolg gehad, wat die funksionering van die merktekens in die Gereformeerde kerkgemeenskappe as 'n missionêre ekklesiologie aan bande lê (3.2.5).

5.4.1.4 Die merktekens van die kerk moet by hernuwing ontdek word as Skriftuurlik in oorsprong en missionêr in hulle gerigtheid (3.2.6).

5.4.2 Merktekens volgens die brief van Paulus aan die Efesiërs

Uit die eksegetiese ondersoek van die merktekens in Efese het die volgende duidelik geword:

5.4.2.1 Vervulling van die kerk se missionêre roeping in die strewe na eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit vind in Efesiërs 'n Skriftuurlike basis (vgl. 3.3.2.4, 3.3.3.4 en 3.3.4.4).

5.4.2.2 Deur te wees wie die kerk is, naamlik "een, heilige, katolieke en apostoliese" kerk in die wêreld, vervul hy sy missionêre roeping as 'n verenigende, transformerende, versoenende en verkondigende krag in die wêreld (vgl. 3.3.2.4, 3.3.3.4 en 3.3.4.4).

5.4.3 Merktekens volgens die brief van Johannes aan Efese in die Openbaring van Johannes

5.4.3.1 Eenheid van die kerk (3.4.4.2.1.6.1) word weerspieël in die verhouding van Christus as Hoof, wat die universele kerk in sy hand hou (3.4.4.1) (vgl. ook 3.4.4.2.1.1 en die samevattende konklusies by 2.5.5.2.1 en 2.5.5.2.2, asook 3.3.2.4 en 3.3.5).

5.4.3.2 Heiligheid van die kerk (3.4.4.2.1.6.2) word weerspieël in die verhouding *Hoof-en-liggaam*, waar die Hoof in sy opbouende besorgdheid sy kerk voortdurend wys op hulle roepingsvervulling (in Efese se geval in stryd teen valse leer) (2.5.4.2). (Vgl. 3.4.4.2.1.2 en die samevattende konklusies by 2.5.5.2.3 en 2.5.5.2.4, asook 3.3.3.4 en 3.3.5.)

5.4.3.3 Christus se hoopgewende aktiwiteit (3.4.4.2.1.6.3) in sy verhouding tot sy kerk dui nie eksplisiet op 'n besondere merkteken van die kerk nie, maar dien as oorkoepelende werksaamheid wat moontlik alle fasette van kerkwees ondersteun (vgl. 3.4.4.2.1.3).

5.4.3.4 Christus se kontekstuele betrokkenheid (3.4.4.2.1.6.4) by sy kerk dien, soos gestel in 3.4.4.2.1.4, ook 'n oorkoepelende doel.

5.4.3.5 Christus se liggaam, die kerk, se opdrag in hierdie wêreld is om ligdraers te wees (3.4.4.2.1.6.5) in 'n donker wêreld deur die voortdurende uitdra van die evangelie. Vanuit hierdie selfidentifikasie blyk die katolisiteit en apostolisiteit as merktekens van die kerk (vgl. 3.4.4.2.1.5 en die samevattende konklusies by 2.5.5.2.4 en 3.3.4.4, asook 3.3.5).

5.4.3.6 In die positiewe bemoediging van Efesiërs (3.4.4.2.1.4.1) kom 'n sterk ekklesiologiese element na vore, in samehang met die selfidentifikasie

van Christus. Die Efesiërs het volhard in die uitdra van die evangelie en hulle nie laat meesleur deur negatiewe elemente en valse leer nie. Die ekklesiologiese element wat na vore kom is dié van apostolisiteit as merkteken.

5.4.3.7 Die werke van gelowiges is vir Christus belangrik (3.4.4.2.1.4.2), daarom maak Hy sy oë nie toe vir die Efesiërs se tekortkominge nie, maar roep Hy hulle weer op tot 'n heilige lewenswandel van liefde. 'n Ekklesiologiese element kom na vore, naamlik heiligheid as merkteken.

5.4.3.8 Die eskatologiese perspektief in die hoopgewing (3.4.4.2.3) asook die slotoproep (3.4.4.2.4) bring nie nuwe ekklesiologiese merktekens na vore nie, maar dien albei as versterking vir die bestaande merktekens.

5.4.4 Finale bevinding van 'n missionêr-ekklesiologiese identiteit van die kerk volgens merktekens van die kerk

Die missionêr-ekklesiologiese identiteit van die kerk vind uitdrukking in die merktekens van die kerk (eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit), soos histories geformuleer en bely in die belydenis van Nicea (451 n.C.), met die kenmerke van die kerk (Woordverkondiging, sakramentsbediening en tug) as rigtinggewend vir die na-binne-gerigtheid van die kerk. Dit vind 'n Skriftuurlike begronding in die brief van Paulus aan die Efesiërs (60 n.C.) en het steeds gefunksioneer in die brief van Johannes aan die gemeente van Efese (Openb. 2:1-7) (95 n.C.) (en moontlik ook in die ander ses briewe), as rigtinggewend in die verhouding van die Hoof, Jesus Christus, tot sy liggaam, die kerk. Dít, ten spyte van kontekstuele veranderinge wat histories ontwikkel het en verskille wat daar tussen die roepings en identiteite van verskillende gemeentes bestaan het. In die lig hiervan is die vier merktekens van die kerk, naamlik eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit, steeds bepalend vir die kerk se missionêr-

ekklesiologiese identiteit vandag.

Merktekens van die kerk, as uitdrukking van sy missionêr-ekklesiologiese identiteit, kan soos volg in 'n model weerspieël word:

5.4.5 Gemodelleerde voorstelling

Figuur 8

Merktekens van die kerk, as uitdrukking van 'n missionêr-ekklesiologiese identiteit, kan as basis dien vir die formulering van die funksionering van die kerk in sy bedienings.

5.5 Bevindings vanuit 'n ondersoek na die funksionering van die kerk in sy bedienings, as uitdrukking van die missionêr-ekklesiologiese merktekens van die kerk

Bedienings van die kerk gee op die volgende wyse uitdrukking aan 'n missionêre ekklesiologie:

5.5.1 κήρυγμα as bediening (sien 4.4.5)

5.5.1.1 κήρυγμα as bediening verwys na alle aktiwiteite in die gemeente wat primêr gefokus is op die Bybel en sy unieke boodskap aan gelowiges sowel as ongelowiges – hetsy dit is om aan te dui dát die Woord verkondig moet word (vgl. 4.4.1.3), wát die inhoud daarvan is (vgl.4.4.2.3), wat die voorwaardes en moontlike konsekwensies daarvan kan wees vir die draer (vgl. 4.4.3.3) of wát die gerigtheid van die verkondiging is (vgl.4.4.4.3) (aan gelowiges tot meerdere kennis of aan ongelowiges tot insig om tot bekering te kom).

5.5.1.2 κηρύσσω, as belangrike faset van die κήρυγμα, is 'n aktiwiteit om Christus as Hoof van sy liggaam, die kerk, sowel as Hoof van die ganse skepping, te verkondig - en is gerig op die deurbraak van sy koninkryk op alle terreine van die lewe (4.4.1.3).

5.5.1.3 εὐαγγελιζω dui op die karakter en inhoud van die verkondiging, naamlik dat dit Goeie Nuus is (4.4.2.3).

5.5.1.4 μαρτυρέω dui aan dat die verkondiging van die Goeie Boodskap die verkondiger in totaliteit opeis (naamlik sy woorde en dade) en vereis 'n persoonlike verhouding met Christus en bereidheid om die konsekwensies van sy verkondiging te dra (vgl. 4.4.3.3).

5.5.1.5 διδάσκω dui op onderrig aan gelowiges en ongelowiges, met die fokus op die werklike behoefte - onderrig om dissipels te maak en as voortgaande aktiwiteit aan alle gelowiges (volwasse gelowiges en kinders in die geloof) (vgl. 4.4.4.3).

5.5.2 λειτουργία as bediening (sien 4.5.3)

5.5.2.1 Die duidelikste vorm van λειτουργία as bediening vind plaas in die gemeentelike erediens.

5.5.2.2 λειτουργία is nie beperk tot die formele ontmoeting in 'n erediens, of dat daar van 'n voorganger gebruik gemaak moet word nie. Die plek van ontmoeting is nie hoofsaak nie, maar wat gebeur met hulle wat deel het in so 'n ontmoeting, is belangrik.

5.5.2.3 Die ontmoeting is nie gegrond op voorskrifte nie (Nuwe-Testamentiese gemeentes het min direkte voorskrifte oor die inrigting van sulke liturgiese geleenthede ontvang.), maar eerder die gesindheid van vrede, harmonie, die inagneming van almal wat teenwoordig is in liefde, die gebruikmaking van alle gawes wat tot voordeel is van die gemeente en die verwagting van dit wat God gaan doen.

5.5.2.4 λειτουργία gaan oor meer as wat gebeur in die formele liturgiese samekomste. λειτουργία is iets wat gelowiges vanuit die erediens van die gemeente saam met hulle die lewe moet inneem. Dit is 'n lewenswyse waarin *Coram Deo* geleef moet word.

5.5.3 κοινωνία as bediening (sien 4.6.3)

5.5.3.1 Ware κοινωνία kan slegs bestaan wanneer daar 'n gemeenskaplike handeling plaasvind wat begrond is in 'n gemeenskaplike geloof in Christus (en die Vader en die Heilige Gees).

5.5.3.2 Ware κοινωνία is meer as 'n gevoel van saamwees. Dit is die vrug van gelowiges se besigwees met die opdrag van die evangelie onderling en in die wêreld.

5.5.3.3 Ware κοινωνία lê die basis tussen gelowiges vir oorvloediger liefde.

5.5.3.4 Ware κοινωνία is die basis vir gelowiges se uitreik na die wêreld.

5.5.3.5 Die gebruik van παρακαλέω het 'n besondere gerigtheid op gelowiges met betrekking tot die uitlewing van hulle Christelike eenheid en standvastigheid deur bemoediging in moeilike tye.

5.5.3.6 Die gebruik van παρακαλέω gee aan die bediening van κοινωνία 'n besondere intensie. Gelowiges moet ook onderling na mekaar omsien sodat hulle deur aanmoediging en vertroosting vas kan staan in hulle geloof in Christus te midde van aanslae uit die wêreld.

5.5.3.7 Hierdie gerigtheid op mekaar het ook 'n missionêre dimensie omdat gelowiges se onderlinge versterking van hulle eenheid in Christus 'n verkondiging is aan die wêreld.

5.5.4 διακονία as bediening (sien 4.7.3)

5.5.4.1 Die kerklike διακονία is gefundeer in God se liefde en sorg, soos dit veral in die lewe en werk van Jesus uitgedruk is.

5.5.4.2 Naasteliefde is 'n belangrike deel van die liefdesgebod en vind formeel uitdrukking in die διακονία.

5.5.4.3 Naasteliefde is gerig op almal wat in nood is en wat vanweë hulle nood 'n beroep op jou hulp maak.

5.5.4.4 Naasteliefde gaan hand aan hand met die inset van my persoon as 'n sigbare uitdrukking van God se sorg.

5.5.4.5 Die klimaat van die κοινωνία binne die gemeente is die mees geskikte plek waarin διακονία kan plaasvind.

5.5.4.6 Die primêre fokuspunt van die diakonale sorg is binne die huishouding van die geloofsgemeenskap (die gemeente van die Here en - as voorloper van die gemeente - die huisgesin).

5.5.4.7 Die kerklike διακονία van die gemeente is egter ook gerig op die breër samelewing, oral waar daar nood onder mense is.

5.5.4.8 Die diakens is verantwoordelik vir die insameling van die gawes, die besteding daarvan aan diegene in nood - en dus die organisering van die gemeentelike διακονία - binne en buite die gemeente.

5.5.4.9 Dit onthef egter nie elke gemeentelid van die verantwoordelikheid om oop oë te hê vir die nood om hulle nie, om persoonlik daarby betrokke te raak en om, waar dit nodig is, die diakonie daarby te betrek.

5.5.4.10 Behalwe die fisiese sorg, is die wesentlike van die kerklike διακονία liefde, warmte, teenwoordigheid, vertroosting en aanmoediging - en dít binne die kommunikering van die evangelie van Jesus Christus in die proses, Hy wat die bron en die inspirasie is van alle διακονία.

5.5.5 Finale bevindings van die funksionering van die kerk in sy bedienings, as uitdrukking van sy missionêr-ekklesiologiese identiteit

5.5.5.1 κήρυγμα verwys na alle aktiwiteite in die gemeente wat primêr gefokus is op verkondiging van die Woord se unieke (goeie) boodskap aan gelowiges en ongelowiges om hulle toe te rus vir die eise van die Woord (sien 4.9.1).

5.5.5.2 λειτουργία verwys na die gelowige se antwoordende gerigtheid op God in formele en informele aanbiddingsgeleenthede. Die verwagting is 'n ontmoeting en versterking deur God, wat as getuienis uitgedra en uitgeleef word in die daaglikse omgang met ongelowiges in die wêreld (sien 4.9.2).

5.5.5.3 κοινωνία is die vrug van gelowiges se bemoeienis met die opdrag van die evangelie met betrekking tot onderlinge ondersteuning, wat dien as basis vir gelowiges se uitreiking na die wêreld (sien 4.9.3).

5.5.5.4 διακονία is die suiwerste vorm van naasteliefde wat gerig is op almal wat in nood is en wat vanweë hulle nood 'n beroep op die gelowige se hulp maak (4.9.4).

Bedienings van die kerk, as uitdrukking van die funksionering van 'n missionêr-ekklesiologiese identiteit van die kerk, kan soos volg in 'n model weerspieël word:

5.5.6 Gemodelleerde voorstelling

Figuur 11

Die funksionering van die kerk in sy bedienings, is 'n uitdrukking van sy missionêr-ekklesiologiese identiteit - in die kerk én in die koninkryk - as uitdrukking van sy merktekens en as antwoord op sy verhouding tot Jesus Christus, die Hoof van die kerk.

5.6 Finale formulering van 'n missionêre ekklesiologie as identiteit van die kerk

5.6.1 'n Prakties teologiese ondersoek in Gemeentebou omskryf die beweging van die missio Dei na die missiones ecclesiae in so mate dat 'n missionêre ekklesiologie as identiteit van die kerk geformuleer kan word.

5.6.2 Die missionêr ekklesiologiese identiteit van die kerk vind sy **begronding** daarin dat Jesus Christus as Hoof van die liggaam sy kerk, sy gesag oor die kerk uitoefen deur as Bron van lewe die kerk te bou en te voed. Die kerk as liggaam van sy Hoof Jesus Christus antwoord in troue roepingsvervulling

deur die versoening wat hy ontvang het verder te dra in benutting van al sy gawes. So word die misterie van eenheid tussen Hoof en liggaam 'n sigbare manifestasie van die Hoof se dienende heerskappy, wat alle verskeurdheid herstel sodat Hy alles in almal kan wees.

5.6.3 Die missionêre ekklesiologiese identiteit van die kerk vind uitdrukking in die merktekens van die kerk (eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit) soos histories geformuleer en bely in die belydenis van Nicea (451 nC.), met die kenmerke van die kerk (Woord; sakramente en tug) as rigtinggewend vir die na binne gerigtheid van die kerk. Dit vind 'n Skriftuurlike basis in die brief van Paulus aan die Efesiërs (60nC.) en het steeds gefunksioneer in die briewe van Johannes in Openbaring aan die gemeente van Efese (95nC) (en moontlik ook in die ander ses briewe) as rigtinggewend in die verhouding van die Hoof Jesus Christus tot sy liggaam, die kerk, ten spyte van kontekstuele veranderinge wat histories ontwikkel het en verskille wat daar tussen die roepings en identiteit van verskillende gemeentes bestaan het. In die lig hiervan is die vier merktekens van die kerk naamlik eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit, steeds bepalend vir die kerk se missionêr ekklesiologiese identiteit vandag.

5.6.4 Finale bevindings van die funksionering van die kerk in sy bedienings as uitdrukking van sy missionêr-ekklesiologiese identiteit.

5.6.4.1 κήρυγμα verwys na alle aktiwiteite in die gemeente wat primêr gefokus is op verkondiging van die Woord se unieke (goeie) boodskap aan gelowiges en ongelowiges om hulle toe te rus vir die eise van die Woord (sien 4.9.1).

5.6.4.2 λειτουργία verwys na die gelowige se antwoordende gerigtheid op God in formele en informele aanbiddingsgeleenthede. Die verwagting is 'n ontmoeting en versterking deur God, wat as getuienis uitgedra en uitgeleef word in die daaglikse omgang met ongelowiges in die wêreld (sien 4.9.2).

5.6.4.3 κοινωνία is die vrug van gelowiges se bemoeienis met die opdrag van die evangelie met betrekking tot onderlinge ondersteuning, wat dien as basis vir gelowiges se uitreiking na die wêreld (sien 4.9.3).

5.6.4.4 διακονία is die suiwerste vorm van naasteliefde wat gerig is op almal wat in nood is en wat vanweë hulle nood 'n beroep op die gelowige se hulp maak (4.9.4).

'n Finale formulering van 'n missionêre ekklesiologie as identiteit van die kerk kan soos volg in 'n model uitgeruk word:

5.6.5 Gemodelleerde voorstelling



Figuur 12

5.6.6. Simbolies-georiënteerde model

Figuur 13

Die simboliek in hierdie model, as uitdrukking van die missionêr-ekklesiologiese identiteit van die kerk van Christus, funksioneer soos volg:

1. Christus, as Hoof, is die middelpunt en beginpunt van die spiraal, uitgedruk in die teken van die kruis.

2. Die spiraal, wat kloksgewys uitkring na buite, is die kerk as liggaam van Christus se voortgang in sy roepingsvervulling - in die kerk én in die koninkryk.
3. Die liggaam, in sy multikulturele konteks, word uitgedruk deur die vier sirkelvormige elemente (figure van bo gesien) wat kulturele variasie by wyse van die kleurvariasie van hierdie elemente in die model illustreer.
4. Die regterhande wat na mekaar uitgestrek is, illustreer die gesindheid van krag en toewyding waarmee die vier bedienings van die kerk uitgevoer word.
5. Die grondslag van 'n missionêre ekklesiologie vind uitdrukking in die merktekens as basis van die kerk, wat voorgestel word met die horisontale begrippe.
6. Die bedienings waarvolgens die kerk funksioneer, vind uitdrukking in die vier begrippe wat die spiraal omsoom.

HOOFSTUK 6: MULTIKULTURELE KERKPLANTING

6.1 Oriëntering

In 1.3.4.2 is aangetoon dat die empiriese komponent te make het met die wetenskaplike werkswyse waarvolgens 'n ondersoek en navorsing aangepak word. Dié komponent verbind die vraag *wie doen wat?* aan die *waar?* en *wanneer?* Alle handelinge is situasioneel. Handelinge vind plaas binne tyd en ruimte en het 'n unieke konteks, bepaal deur verskillende omstandighede en faktore. Praktiese teologie as teologiese dissipline, wat hom besig hou met die praxis van die Christelike gemeente in die moderne samelewing, moet vanuit die hermeneutiese en empiriese bemoeienis basisteoretiese en metateoretiese beginsels aflei vir 'n strategiese model. Die hermeneutiese ondersoek in hierdie navorsing het hom besig gehou met die formulering van 'n missionêre ekklesiologie as identiteit van die kerk. Daaruit is basisteoretiese stellings geformuleer as definiëring van 'n missionêre ekklesiologie. Hierdie breë formulerings van 'n basisteorie dien as grondslag vir die metateorie in hierdie navorsing, maar kan as grondslag dien van ander metateorieë. Daarmee word duidelik gestel dat die formulerings vir 'n basisteorie nie bedoel is om volledig te wees nie. Daar kan deur navorsing ook ander formulerings vir 'n missionêre ekklesiologie bygevoeg word, om die identiteit van die kerk volgens Skriftuurlike begronding uit te bou.

In die proses van formulering van 'n metateorie word ook gebruik gemaak van gegewens, metodes en tegnieke van ander wetenskappe. 'n Basisteorie en metateorie word dan toegepas op 'n spesifieke fokusgebied - in hierdie geval kerkplanting in 'n multikulturele konteks. Die plek van die empiriese siklus is dus om op die fondasie wat reeds gelê is deur die hermeneutiese proses en formulering van 'n basisteorie, metateoretiese riglyne daar te stel vanwaar die strategiese

proses dit verder kan voer om 'n praktykteorie te formuleer. Om die bou van 'n brug as vergelyking te neem, dien die hermeneutiese formulering van basisteoretiese beginsels as die fondament waarop die brug gebou moet word. Die empiriese formulering van metateoretiese beginsels dien as die pilare waarop die brug gebou moet word. In die strategiese fase van die studie kan dan vir die konstruksie van die brug, die hermeneutiese en die empiriese in 'n regulatiewe sirkel aangewend word, om die strategiese proses te voltooi. Soos daar brûe is wat verskil in voorkoms en doelmatigheid vanweë die konteks van waar die brug opgerig word, kan hierdie geformuleerde praktykteorie nie aangebied word as die enigste manier waarop 'n brug gebou moet word nie. Die praktykteoretiese beginsels wat vanuit hierdie afdeling geformuleer gaan word is gerig op die moontlike kerkplanting van 'n multikulturele gemeente in die gebied wat as steekproefbevolking aangedui sal word. Die empiriese studie wat in hierdie afdeling aangebied gaan word, is gefokus op die genoemde gebied wat in Hoofstuk 7 nader bepaal sal word. Die doelwit is om vanuit die basisteorie, metateoretiese riglyne te formuleer wat in 'n praktykteorie uitgebou kan word.

In die lig van bogenoemde verduideliking is die metode en werkplan in hierdie hoofstuk om vanuit 'n literatuurstudie bruikbare meta- en praktykteoretiese beginsels wat reeds ten opsigte van kerkplanting en multikulturaliteit bestaan, te formuleer en in die laaste paragraaf 'n integrasie te doen van kerkplanting en multikulturaliteit.

6.2 Kerkplanting in perspektief

Kerkplanting is 'n onderwerp so oud soos die kerk self. Die grootste gedeelte van die Nuwe Testament is gerig op Christelike gemeentes wat pas gestig was of in die proses van planting was. Die planting van die gemeentes het plaasgevind pas nadat mense op 'n bepaalde plek tot geloof in Jesus Christus gekom het. Paulus sê dat hy plant, Apollos maak nat en God laat groei (1 Kor. 3:6). Kerkplanting vind in

hierdie woorde sy wortels (Wierda, 2001:2). 'n Definisie vir kerkplanting is vanuit hierdie oorsprongbetekenis 'n proses waardeur ongelowiges wat tot geloof in Jesus Christus kom, in 'n nuwe gemeente vergader word. Wanneer oor kerkplanting vanuit die genoemde perspektief besin word (6.1), moet dit altyd met 'n missionêre motief geskied. Daar kan ook ander redes wees waarom nuwe gemeentes tot stand kom. 'n Kerk kan skeur as gevolg van leerverskille of persoonlike rusies. 'n Kerkgebou kan te klein word om die bestaande gemeente te akkommodeer. Elders binne die gemeente se grense kan 'n sterk groeipunt ontstaan. In hierdie gevalle word gewoonlik gepraat van afstigting en is die vertrekpunt nie missionêr nie.

In hierdie studie word 'n ander motief vir kerkplanting bygevoeg wat nie van die missionêre motief van eersgenoemde verskil nie. Wanneer in 'n bepaalde gebied waar bestaande kerke aan bepaalde tradisies verbind is kulturele transformasie (met kulturele transformasie word in hierdie sin bedoel dat 'n monokulturele konteks verander na 'n multikulturele) plaasvind, kan 'n bestaande kerk of kerke die inisiatief neem om 'n kerk te plant wat gebaseer is op basisteoretiese perspektiewe vanuit die Skrif en wat aan die nuwe konteks se behoeftes beantwoord. Die nuutgeplante kerk kan dan bestaan uit bestaande gelowiges sowel as nuwe gelowiges. Hierdie navorsing wil praktykteoretiese kontoere daarstel vir die totstandkoming, bestuur en funksionering van so 'n gemeente.

6.2.1 Nuwe-Testamentiese perspektiewe op kerkplanting

In hierdie paragraaf word aangetoon dat die Nuwe Testament op een van twee maniere as bron aangewend kan word met die oog op kerkplanting:

- Dit kan aangewend word om Bybelse riglyne en voorskrifte af te lei uit Bybelse praktyke van kerkplanting wat as bloudruk dien vir hedendaagse kerkplanting; of

- om basisteoretiese beginsels te formuleer (perspektiewe daar te stel) waaruit empiriese en strategiese prosesse gebou kan word vir 'n hededaagse praktyk van kerkplanting.

Verskillende skrywers het gepoog om riglyne vir kerkplanting vanuit die Nuwe Testament op te som (Murray, 2001a:74 verwys na die belangrikste skrywers, naamlik Redford, 1978:8-15; Horsley, 1994:6-7; Robinson & Stuart, 1992:315-335 en Weatherley, 1994:115-122) en stem met mekaar daarin saam dat die Nuwe Testament perspektiewe en beginsels vir kerkplanting gee - eerder as bloudrukke. Die algemene beginpunt om te soek na perspektiewe is die boek Handelinge, wat in baie gevalle as kerkplantingshandboek bestempel word. Een van die mees omvangryke en indringende werke wat vanuit die hele Nuwe Testament na perspektiewe en beginsels vir kerkplanting soek, is *Creating Communities of the Kingdom - New Testament Models of Church Planting* van Shenk en Stutzman (bygehaal deur Murray, 2001a:75).

Ernstige studente van die Nuwe Testament konsentreer op verskillende vrae rakende aangeleenthede soos metodologie, personeel, ekklesiologiese vrae en spiritualiteit. Hesselgrave (1980:22-26) neem 'n ander vertrekpunt in by die gebruik van die Nuwe Testament[1]. Die Groot Opdrag (Matt. 28:16-20) word as bloudruk vir kerkplanting geneem. Die begrippe *Gaan*; *Maak dissipels*; *van alle nasies*; *doop hulle; leer hulle* en *ek is altyd by julle;* word as basiese vertrekpunte gebruik en die hele kerkplantingsmetodologie word hierrondom gebou.

Wanneer kerkplanting oorweeg word in gebiede waar nog nooit 'n kerk bestaan het nie, sal kerkplanting 'n normale aktiwiteit wees wat baie van die Nuwe-Testamentiese praktyke as motivering kan gebruik. In Suid-Afrika is die konteks egter meeste van die tyd anders as in ander dele van die wêreld - of as in die Nuwe Testament. Kerke kan vandag op baie verskillende maniere uitdrukking gee aan die missionêre roeping van die kerk sonder dat hulle hul noodwendig hoef toe te spits op kerkplanting. Nuwe gelowiges kan in bestaande gemeentes ingelyf word,

maar kerkplanting kan 'n effektiewe strategie wees in gevalle waar jong en nuwe gelowiges dit moeilik vind om by bestaande kerke in te skakel.

Kerkplanting is gewoonlik 'n illustrasie van 'n kerk se korporatiewe betrokkenheid as *missio ecclesiae* in antwoord op die *missio Dei*. Dit gee aan plaaslike kerke die geleentheid om as sendende kerke betrokke te wees in sending buite die plaaslike kerk se aktiwiteite. Kerkplanting is 'n geleentheid om kerk en gemeenskap bymekaar uit te bring op maniere waarin die Nuwe Testament baie voorbeelde bied, maar wat in normale kerklike aktiwiteite en gewone evangeliserende werk nie moontlik is nie. Murray (2001a:72) toon aan dat die frase in die Groot Opdrag in Matteus 28:19 e.v. - πάντα τὰ ἔθνη - ook vertaal kan word met "alle groepe mense". Jesus het daarom self by verskillende groepe in die gemeenskap betrokke geraak - soos die tollenaars, prostitute, die armes, die Fariseërs en kinders. In Handelinge word telkens melding gemaak van groepe soos priesters (Hand. 6:7), godvresendes (Hand. 10:2), Grieke (Hand. 11:20) en heidene (Hand. 13:46). Indien die fokus soos by Hesselgrave (2000:22-26) net op "alle nasies" geplaas word, word belangrike perspektiewe in die opdrag van Jesus misgekyk.

Die Nuwe Testament gee ook aanduiding dat nuwe strukture daargestel moet word waar ou strukture nie meer voldoen aan die behoeftes vir ontwikkeling op missionêre gebied nie (vgl. die verwysing na die nuwe wyn en ou wynsakke in Matt. 9:16-17). Murray (2001a:73) sê in dié verband: "The question to be asked when considering church planting is not how many churches are needed, but whether existing church structures are facilitating or hindering God's purposes".

In hierdie studie is 'n diepgaande ontleding gedoen van die merktekens van die kerk vanuit 'n historiese perspektief, die brief van Paulus aan die Efesiërs en openbaringshistories vanuit die brief van Johannes aan Efese in Openbaring (Hoofstuk 3). In 3.4.4.2.2.3 is aangetoon dat die bestaan, voortbestaan en die terminering van die kerk in die hande is van die Hoof van die kerk, Christus. Die dreigement dat die lamp (Op. 2:5) van sy staanplek weggeneem sal word, dui

daarop dat die kerk ontneem sal word van die geleentheid om God se missionêre opdrag in daardie stad verder uit te voer. Is dit nie wat gebeur met kerke in die stad nie? Waar bekering plaasvind is vernuwing moontlik, maar wat gebeur as dit nie plaasvind nie? Dit beteken nie dat God se missie met dieselfde mense van die stad opgehou het nie. Sy missie kan steeds uitgevoer word, al sou dit beteken dat Hy 'n nuwe kerk plant wat die opdrag uitvoer. Kerke wat sluit omdat 'n bestaande kultuur nie meer kan oorleef nie, is 'n scenario wat hom dikwels in stede afspeel.

Gevare wat 'n bloudrukbenadering van die Nuwe Testament vir kerkplanting inhou, is die volgende (vgl. Murray, 2001a:73):

- 'n Ongeldige beroep op Nuwe-Testamentiese metodes van kerkplanting ondermyn kerkplanters se integriteit en dui op hermeneutiese naïwiteit.
- Nuwe Testamentiese begronding van kerkplanting kan die fokus te sterk op kerkplanting plaas ten koste van ander waardevolle evangeliserende metodes.
- Oordrewe klem op 'n Bybelse basis vir kerkplanting kan ander belangrike ekklesiologiese beginsels oorskadu.
- 'n Te groot klem op moontlike risiko's voordat kerkplanting aangepak word, kan tot gevolg hê dat strategiese, taktiese en kontekstuele feite oor die hoof gesien word.

'n Veiliger omgang met die Nuwe Testament ten opsigte van kerkplanting is om te praat van Nuwe-Testamentiese perspektiewe eerder as van Nuwe-Testamentiese riglyne. Met só 'n benadering kom die hele Nuwe Testament (tesame met opnebaringshistoriese lyne vanuit die Ou Testament) tot sy reg en word nie net Handelinge gelees met die oog op kerkplanting nie, maar kry die Evangelies, briewe van Paulus asook die Openbaring van Johannes nuwe betekenis (Murray, 2001a:74-81).

Die Nuwe Testament word dan gelees as 'n missionêre dokument, soos wat in hierdie studie ten opsigte van Paulus se brief aan die Efesiërs aangetoon is in

Hoofstukke 2 en 3. Bosch (2000:15 & 16) beklemtoon met goeie reg dat "the missionary character of the New Testament has not always been appreciated" en vat hy saam dat die Nuwe Testament geskryf is "in the context of an 'emergency situation,' of a church which, because of its missionary encounter with the world, was forced to theologize".

6.2.1.1 Samevatting

Navorsing van die Nuwe Testament vanuit sy missionêre konteks - soos in hierdie studie aangetoon (vgl. Hoofstukke 2-5) - kan bepaalde bydraes lewer ten opsigte van missiologiese en ekklesiologiese perspektiewe en beginsels vir kerkplanting, sonder dat die Nuwe Testament as bloudruk vir kerkplanting gebruik word.

6.2.2 Historiese perspektiewe op kerkplanting

Murray (2001a:86-104) en Wierda (2001:5-22) gee 'n volledige oorsig oor die historiese gang van kerkplanting in die eerste twee millennia. Vier konsepte van kerkplanting kom in hierdie oorsigte na vore.

6.2.2.1 Pionier-kerkplanting

Pionier-kerkplanting is kerkplanting op nuwe terreine waar daar nog nie voorheen kerke bestaan het nie. Paulus het met hierdie vorm van kerkplanting begin. Die Nuwe Testament doen verslag van missionêre uitreiking waar die evangelie deur middel van kerkplanting van Jerusalem na Rome en verder uitgebrei het. In die eeue wat gevolg het, brei die evangelie uit oor die res van die aarde. Hierdie ontwikkeling vind nog steeds plaas. Kerkplanting was in die meeste gevalle die noodwendige gevolg van evangelisering. Kerke is geplant omdat dit noodsaaklik

was dat gelowiges in die pioniergebiede voort sou gaan met missionêre aktiwiteite. Baie min aandag is deur kerkplanters soos Paulus daaraan gegee om ekklesiologiese vertrekpunte vir kerkplanting te formuleer. Dit is eers teen die negentiende eeu dat sendelinge soos Henry Venn, Rufus Anderson en Karl Graul (sien Murray, 2001a:90) ekklesiologiese vertrekpunte begin beklemtoon het. In die begin van die twintigste eeu het Roland Allen, voormalige sendeling in China (bygehaal deur Wierda, 2001:21), met besinning oor ekklesiologiese beginsels na vore gekom. Hy het gevra of kerke besig is met kerkplanting of met sending - en of nuwe gemeentes werklik inheems en selfstandig is. Die konsep van pionier-kerkplanting sal voortgaan totdat elke plek en elke gemeenskap met die evangelie bereik is.

6.2.2.2 Herplanting

Herplanting is kerkplanting op plekke waar voorheen wel kerke gesetel was, maar waar op die oomblik geen kerk meer is nie. Voorbeelde hiervan in die geskiedenis kan gevind word in die Keltiese geskiedenis van die vyfde en sesde eeu[2].

Nadat die Romeinse ryk geval het en heidense stamme die sogenaamde Christelike ryk oorval het, het kerke vanuit Wes-Europa en Engeland tevergeefs hulp en ondersteuning van die Rooms-Katolieke Kerk gevra. Nominaliteit was aan die orde van die dag en die Roomse kerke het verdwyn. Oral in Ierland, Skotland, Wallis en Engeland het nuwe Christelike gemeenskappe ontstaan, wat kerke gestig het waar vroeër Roomse kerke was.

In Johannesburg in Suid-Afrika waar tradisioneel sterk gemeentes van die drie Afrikaanse kerke (Nederduitse Gereformeerde Kerk, Nederduitsch Hervormde Kerk en Gereformeerde Kerke in S.A) bestaan het, het die volgende gemeentes van die onderskeie denominasies ophou bestaan of saamgesmelt met ander gemeentes, as gevolg van kulturele transformasie:

- **Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika:**

  Johannesburg Mayfair – 1986; Johannesburg-Oos – 1986; Johannesburg Sentraal – 1986; Johannesburg-Noord – 1997; Johannesburg-Wes – 1999; Johannesburg Melville – 2002; Florida – 2003 en Randburg-Oos – 2003. (GKSA, 2004:20 & 21).

- **Die Nederduitse Gereformeerde Kerk:**

  Die gemeentes van die NGK in sentraal-Johannesburg het verenig met ander gemeentes:
  Bezuidenhoutsvallei en Cottesloe – 1980;
  Belgravia en Malvern – datum ongeveer 1980;
  Goudstad en Langlaagte – 1985;
  Brixton en Cottesloe – 1988;
  Cottesloe en Johannesburg-Wes word Vergesig – 1993;
  Langlaagte en Vergesig – datum onbekend;
  Aucklandpark en Johannesburg – 1995;
  Johannesburg-Oos en Johannesburg – 1996;
  Parkhurst en Parksig word Parkkruin – 1997;
  Andrew Murray en Johannesburg-Noord – 2001;
  Johannesburg (Aucklandparkdeel) en Melville – 2003; en
  Crosby-Wes en Vergesig – 2004.
  (Du Toit, 2004.)

- **Die Nederduitsch Hervormde Kerk:**

  Gemeentes wat sedert 1980 ontbind het, is: Brixton – 1988; Crosby – 1989; Delarey (Newlands) – 1989; en Kensington – 2001.

Gemeentes wat saamgesmelt het, is: Randfontein en Randpoort – 1997; Goudrand en Johannesburg – 2001; Wespark en Elandspoort – 2001; Ontdekkers en Florida – 2003; en Melville en Randburg – 2005.
(Pretorius, 2004.)

Om in sulke gebiede te besluit om weer kerke te plant, sal neerkom op herplanting. Besluite om nie in die gebiede kerke te herplant nie, kan daaraan toegeskryf word dat in die bepaalde gebied genoegsame bedienings van ander kerkgroepe bestaan - of dat die bepaalde denominasie nie oor genoegsame fondse beskik om weer met bedienings te begin nie. Wanneer die konsep van herplanting in die praktyk toegepas word, is dit belangrik om lesse te leer uit die geskiedenis van die kerk.

6.2.2.3 Sektariese kerkplanting

Hierdie term word nie kleinerend gebruik nie. In die literatuur dui dit op gemeenteplanting op plekke waar wel 'n kerk is, maar met ander dogmatiese oortuigings. Hierdie vorm van kerkplanting is gedurende die reformasie toegepas waar protestantse en evangeliese gemeentes in die loop van die tyd gestig is waar Rooms-Katolieke kerke bestaan het (Berkhof, 1967:165-175). In aansluiting hierby kan ook gedink word aan talle huisgemeentes of vernuwingsgemeentes wat oral in stedelike gebiede geplant word (Potchefstroom – *Elgrow-gemeente*; Roodepoort – *Mosaïek*; en *Little Falls Christian Centre*). Tiperend van die konsep van sektariese kerkplanting, is dat gemeenskappe eerder gereorganiseer word as wat daar missionêr uitgereik word.

6.2.2.4 Versadigingskerkplanting

Hierdie konsep het te doen met kerkplanting vanuit die oortuiging dat op 'n bepaalde plek te min kerke bestaan om almal in die bepaalde gemeenskap te bereik. Voorbeelde van hierdie konsep van versadiging uit die geskiedenis is oral waar pioniere gemeentes geplant het en waar die oorspronklike gemeentes oorgaan tot kerkplanting in hulle eie gebiede (Wierda, 2001:22-24). Die doelwit van hierdie benadering is om op grond van die opdrag van Matteus 28:16-20 kerke te stig wat vir elke groepering toeganklik is. Hoe meer kerke daar in 'n gebied is, hoe meer suksesvol sal die totale effek van daardie kerke wees (Murray, 2001a:97). In Nederland is die *DAWN-* (*Disciple A Whole Nation-*) strategie van kerkplanting 'n hedendaagse voorbeeld van die konsep van versadiging (Wierda, 2001:22) en word dit algemeen toegepas deur die *Church Growth Movement* (vgl. 6.2.3.1). Die konsep word meer algemeen toegepas as die konsepte van pionier-planting en herplanting. Terwyl laasgenoemde konsepte gemik is op gebiede en bevolkingsgroepe wat nie bereik word nie, rig die konsep van versadiging hom op alle gebiede en gemeenskappe.

6.2.2.5 Samevatting

Kerkplantingsinisiatiewe in die geskiedenis is gewoonlik vanuit een van twee agtergronde geïnisieer: Óf deur teologiese vertrekpunte óf omstandighede wat dit noodsaak. In gebiede waar kerke as gevolg van monokulturele omstandighede ophou bestaan het, kan herplanting van 'n multikulturele kerk oorweeg word.

6.2.3 Strominge

Die grootste deel van die literatuur oor kerkplanting is beïnvloed deur die perspektiewe vanuit die gemeentegroeibeweging (*Church Growth Movement* -

CGM). In hierdie paragraaf word eers ingegaan op bogenoemde beweging se grondbeginsels, waarna ander strominge ondersoek sal word deur die belangrikste verteenwoordigers se geskrifte na te gaan.

6.2.3.1 Gemeentegroeibeweging (afgekort as CGM)

Die *CGM* kan die beste gedefinieer word deur 'n beskrywing van die *DAWN*- (*Disciple A Whole Nation*-) strategie. Veenhuizen (1995:18-25) het 'n goeie samevatting hiervan gegee. Hy wys dat *DAWN* 'n beweging is wat doelgerigte evangelisasiewerk wil stimuleer. *DAWN* se vertrekpunt berus op drie beginsels:

- Kerkplanting is die mees aangewese evangelisasiemetode. Matteus 28:19 dien as die beweging se vertrekpunt. Alle volke moet bereik word - alle woongebiede (geografies), elke sosiale groep (sosiografies) en alle tale (etnografies). Dit is nie genoeg dat iemand tot geloof in Jesus Christus kom nie, so 'n persoon moet ook as dissipel in 'n gemeente opgeneem word. Daarvoor moet daar genoeg gemeentes bestaan.

- Ondersoek moet gedoen word om alle moontlike informasie rondom gemeenteplanting op die tafel te kry. Die ondersoek vind op vier terreine plaas: die oesarbeiders, die oesveld, die ontvanklikheid van die mense en die doeltreffendheid van evangelisasiemetodes. Die ondersoek na *oesarbeiders* behels 'n ondersoek na die huidige situasie van kerkgenootskappe, plaaslike gemeentes en parakerklike organisasies, om sodoende vas te stel of daar lewensvatbaarheid in 'n bepaalde gebied is. Die ondersoek na die *oesveld* behels 'n ondersoek na die faktore en ontwikkelinge op maatskaplike gebied wat 'n invloed het op die evangelisasiewerk van die gemeente. Hier word gedink aan sekularisasie, individualisering, verstedeliking, ekonomiese ontwikkeling, verslawing en die uitwerking van HIV/VIGS. Sodoende kan nood nader bepaal word. Die

ondersoek na *ontvanklikheid* is daarop gerig om vas te stel watter segmente van die gemeenskap (bevolking) die meeste oop staan vir die veranderende krag van die evangelie. Die ondersoek na die *doeltreffendheid van evangelisasiemetodes* raak die vraag na welke metodes geseënd is in 'n bepaalde tyd en op 'n bepaalde plek.

- Die derde beginsel van *DAWN* is dat samewerking lei tot sinergie. Vir samewerking is daar tien spelreëls (Murray, 2001a:297-298):
  1) Verantwoorde pluriformiteit (meer gemeentes werk in bepaalde gebiede saam).
  2) Wedersydse respek (planne vir kerkplanting word met bestaande gemeentes bespreek).
  3) Digtheid van gemeentes en die bevolking.
  4) Eenheid in verskeidenheid (eenheid van die liggaam van Christus, ondanks 'n verskeidenheid van leerstellings).
  5) Spangees en samewerking.
  6) Verdeling van hulpbronne.
  7) Prioriteitaandag aan mense wat onbereikbaar is en geen bediening het nie.
  8) Versoening in gevalle waar konflikte bestaan.
  9) Verhoudings van gemeentes met parakerklike organisasies.
  10) Gemeenskaplike beplanning en voortdurende evaluasie van vordering.

Die vader van *CGM* is 'n Amerikaanse sendeling, Donald A. McGavran. Hy het in 1960 'n instituut vir kerkgroei opgerig. Ná die dood van McGavran in 1990, het Charles van Engen direkteur van die genoemde instituut geword - wat deel uitmaak van *Fuller Theological Seminary* in Pasadena, Kalifornië. Twee belangrike outeurs rakende kerkplanting vanuit die gemeentegroeibeweging, is Wagner en Malphurs (bygehaal deur Wierda, 2001:24). Wagner is hoogleraar aan *Fuller Theological Seminary School for World Mission*, terwyl Malphurs hoogleraar is aan die *Dallas*

Theological Seminary en predikant van die *Northwood Community Church* in Dallas, Texas.

Die grondbeginsels van *CGM* is die volgende (Wierda, 2001:23-24):

1) God wil kerkgroei in getalle hê.
2) Die Bybel leer metodes en tegnieke vir evangelisasie, wat ondersteun word deur wetenskaplike ondersoek. So word Jesus se metodes van kommunikasie 'n paradigma vir die kerk se kommunikasie. Aan die hand van Handelinge 13 tot 16 word die metodes van Paulus se kerkplanting 'n paradigma van kerkplanting deur die beweging.
3) Matteus 28:19, wat leer dat van alle volke dissipels van Jesus gemaak moet word, word gebruik om selfs groepbekerings te regverdig. Vandaar dat evangelisasie van die *CGM* hulle rig op homogene eenhede.
4) Die *CGM* maak 'n duidelike onderskeid tussen *tot bekering kom* en *'n heilige lewe* vir Christene. Tot bekering bring is daarom die taak van sendinginstitute of missionêre spanne, terwyl die kerk jong gelowiges moet opvoed in 'n Christelike lewensstyl.
5) Evangelisasie moet gerig word op ontvanklike mense.
6) Doelgerigte werk met goed deurdagte programme is vir die *CGM* van groot belang.

Die belangrikste grondbeginsels van die *CGM* kan soos volg saamgevat word (Wierda, 2001:24):

1) Daar moet in die kerk meetbare en kontroleerbare groei teenwoordig wees.
2) Die groei moet veral in getalle sigbaar wees.
3) Die groei stel eise aan die organisasie en die kwaliteit van die kerk, wat eweredig met die groei van getalle moet saamgaan.

4) God self wíl die groei van die kerk. Hy is die God van die oes en nie alleen van die saai van saad nie.
5) Die kerk moet via die sending effektief en doelgerig werk aan die groei.

6.2.3.2 Nuanserings van die CGM

6.2.3.2.1 Hesselgrave

In die literatuur oor kerkplanting is 'n stroming waar te neem wat op dieselfde beginsels as die *CGM* funksioneer, maar wat 'n meer aanvaarbare variasie van die *CGM* is. Verteenwoordiger van hierdie stroming is Hesselgrave, emeritusdirekteur van *The School of World Mission* by die *Trinity Evangelical Divinity School in Deerfield*. Hesselgrave neem Paulus se sendingwerk as paradigma vir sy metode van kerkplanting, maar verklaar terselfdertyd dat Paulus se metodiek nie normatief is nie (Hesselgrave, 2000:46). Hy is genuanseerd in sy benadering ten opsigte van die plek van gemeenteplanting. Hy gee nie voorkeur aan die ontvanklikheid van mense of onbereikte gebiede nie (Hesselgrave, 2000:63-64). Die realiseerbaarheid van kerkplanting is by Hesselgrave duidelik kleiner as by die *CGM*.

6.2.3.2.2 Conn

Conn (1997) voor sy dood hoogleraar aan die *Westminster Theological Seminary* in Philadelphia, spesifiseer die stroming van Hesselgrave nader deur spesifiek te fokus op kerkplanting in stedelike gebiede. Conn se ideaal was om soveel moontlik gemeentes in stedelike gebiede te plant om dáár die koninkryk van God sigbaar te maak (Conn, 1997:202). Die werk van Keller (2000), predikant van die *Redeemer Presbyterian Church* in New York, maak deel uit van hierdie stroming .

6.2.3.2.3 Evaluering van die CGM en die nuanserings daarvan

By die volgende hoofgedagtes van *CGM* kan positiewe aansluiting gevind word (*CGM* se primêre fokus is nie evangelisasie nie, maar wel die plek van die plaaslike kerk):

1) Die plaaslike kerk se rol in die uitvoer van die missionêre roeping is 'n positiewe beklemtoning.
2) Die *CGM* beklemtoon die neem van inisiatief en die proses van deeglike evaluering en besinning in die aksie van kerkplanting. Deurdagte en doelgerigte beplanning gaan kerkplanting vooraf, eerder as impulsiewe handelinge. Dit geld die metode van kerkplanting sowel as die inagneming van die konteks en mense wat betrokke mag wees. In die lig daarvan dat die *CGM* hierdie twee belangrike fasette beklemtoon, is daar veel te waardeer van hulle werksaamhede.

Besware wat teen die CGM se werksaamhede na vore kom, is:

- Die *CGM* se oorbeklemtoning van getallegroei. Dit is Bybels om groei te verwag, maar net so Bybels om te verwag dat groei nie altyd moontlik is nie.
- Die *CGM* forseer in 'n groot mate die totstandkoming van kerke. Die grondliggende teologie agter die praktyk is die oesbenadering en onderwaardering van die saaibenadering. Hierdie benadering bring mee dat mense se ontvanklikheid vir die evangelie te alle tye 'n *sine quo non* is. Die Bybel leer egter duidelik dat alle mense nie te alle tye ontvanklik is vir die evangelie nie. Selfs ontvanklikheid vir religie in 'n postmoderne samelewing waarborg nie ontvanklikheid vir die evangelie van genade nie.
- Die *CGM* se hermeneutiese vertrekpunte van sekere Skrifgedeeltes is verdag. Die fokus van Handelinge 13 tot 16 is byvoorbeeld nie om 'n metode

van kerkplanting daar te stel nie. Die skopus van Matteus 28:19 is nie in die eerste plek kerkplanting nie. Matteus 28:19 het ten doel om die skopus van die dissipels se werk, wat eksklusief op Israel gerig was (Matt. 10), te verbreed.

6.2.3.2.4 Regstelling van die CGM

Regstelling van die *CGM* se uitgangspunte is daarin geleë dat die hele Nuwe Testament vanuit sy Ou-Testamentiese openbaringslyne ondersoek moet word vir missionêre ekklesiologiese beginsels. Murray (2001a) en Wierda (2001) maak waardevolle bydraes tot 'n missionêr-ekklesiologiese begronding vir kerkplanting. Murray (2001a:36-53) en Wierda (2001:27-47) neem drie missionêr-ekklesiologiese beginsels, naamlik die *missio Dei*, inkarnasie van Christus (navolging van Christus - Wierda) en die Koninkryk van God as basisteoretiese vertrekpunte in hulle begronding vir kerkplanting. Met die beginsel van die *missio Dei* beklemtoon Murray (2001a:39-42) en Wierda (2001:27-33) dat alle missionêre handelinge 'n trinitariese basis het, met 'n teosentriese karakter. Met die beginsel van die inkarnasie van Christus (Murray, 2001a:42-46) en dié van navolging van Christus (Wierda, 2001:47-59), maak hulle duidelik dat daar geen eenvormige of stereotipe strategie vir kerkplanting bestaan nie. Inkarnasie van Christus is verkondiging van die goeie nuus dat Jesus Christus Homself inkarneer op 'n bepaalde plek, dit wil sê vlees word sodat die evangelie antwoorde bied aan mense in hulle nood en mense vergader in 'n gemeente. Met die beginsel van die *Koninkryk van God*, laat Murray (2001a:46-53) en Wierda (2001:35-46) onder andere sien dat missionêre handelinge 'n beweging is in die dinamiek van die koninkryk van God en dat die kerk as verteenwoordigers van die koninkryk deel moet uitmaak van hierdie beweging. Die perspektief waarin kerkplanting sy plek inneem is op die eskatologiese horisonne van die koninkryk.

Hierdie navorsing stel die volgende missionêr-ekklesiologiese beginsels as basisteoretiese vertrekpunte vir kerkplanting: die verhouding van die Hoof, Christus, tot sy liggaam, die kerk (Hoofstuk 2); die merktekens, naamlik eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit (Hoofstuk 3) en die bedienings van die kerk, naamlik kerugma, leitourgia, kononia en diakonia (Hoofstuk 4).

6.2.3.2.5 Samevatting

Regstelling van die *CGM* se uitgangspunte is daarin geleë dat die hele Nuwe Testament vanuit sy Ou-Testamentiese openbaringslyne ondersoek moet word vir missionêr-ekklesiologiese beginsels. Prinsipiële besinning oor die planting en funksionering van kerke vanuit basisteoretiese perspektiewe is noodsaaklik. Met goeie oordeel kan gebruik gemaak word van die materiaal van *CGM* en die nuanseringe daarvan.

6.2.3.2.6 Definisie vir kerkplanting

In die lig van bogenoemde ondersoek na kerkplanting kan die volgende definisie as werksformule geformuleer word:

Kerkplanting is waar en wanneer 'n kerk of kerke as missionêre handeling 'n kerk plant op grond van missionêr-ekklesiologiese beginsels in omstandighede waar die konteks duidelik verreken word.

6.2.4 Modelle vir kerkplanting

Wat baie opvallend is van die afgelope dekade (vanaf die begin 1990's) - wat bestempel word as die dekade van evangelisasie (Murray, 2001a:130) - is die

variasie van bedieningsmodelle waarvolgens die kerklike lewe georganiseer is. In hierdie paragraaf gaan 'n oorsig gegee word oor die teologiese en ekklesiologiese beginsels van 'n aantal mees prominente bedieningsmodelle (6.2.4.1). In die tweede paragraaf (6.2.4.2) sal die wyses waarop kerkplanting kan geskied, as kerkplantingspraktyk, beskryf word (literatuur verwys hier ook na modelle, maar dit kan verwarrend wees, daarom word die term kerkplantingspraktyk gebruik om die verhouding van die inisiërende gemeente tot die geplante gemeente aan te dui).

6.2.4.1 Bedieningsmodelle

Bedieningsmodelle word bespreek ter wille van 'n oorsig oor wyses waarop kerke - en daarom 'n geplante gemeente - kan funksioneer.

6.2.4.1.1 Die soekerdiensmodel

Die model se inspirasie kom van die *Willow Creek Community* in Chicago (afgekort: *WCC*) (Hybels, 2004)[3].

6.2.4.1.1.1 Kenmerke

Dié kerk se mees opvallende kenmerke kan in die volgende punte saamgevat word (vgl. Pretorius, 2004:245-272):

- Die *WCC* beskryf hulleself as 'n "Handelinge 2-gemeente" wat op 'n suiwerder wyse as tradisionele kerke ongelowiges wil begelei om toegewyde volgelinge van Christus te word. *WCC* se spesifieke soekerdiensbenadering kan egter nie teruggevind word in Handelinge 2 nie.

- Die *WCC* gee praktiese uitvoering aan 'n viervoudige doelstelling van lofprysing ("exaltation"), evangelisering, opbou en sosiale aksie. Met *vyf doelstellings*, naamlik "grace", "growth", "groups", "gifts" en "good stewardship", wat in *sewe stappe* uitgevoer word: "building authentic relationships"; "sharing a verbal witness"; "providing a service for seekers"; attendance at the new community service (for believers)"; "participating in a small group"; "involvement in ministry through the use of spiritual gifts" en "the exercise of stewardship". In die proses is uitstekende materiaal geskep wat deur gemeentes gebruik kan word om lidmate mee toe te rus.

- In die proses van die *WCC* word ondubbelsinnig, deur sake soos opregte dienslewering, informele eredienste asook pogings tot identifikasie deur onderbeklemtoning van die feit dat die spreker 'n geroepe predikant is, op die buitekerklike gefokus.

- Deur doelgerigte programmering, met die klem op ervaarde behoeftes en persoonlike vervulling, word gepoog om die buitekerklike te oortuig dat Christenskap relevant is.

- Die relevansie en waarde van Christenskap word verder uitgebou deur tematiese prediking en die verdediging van die waarheid van die Bybel.

- 'n Uitstaande kenmerk van die *WCC* is hulle toewyding daaraan om vir nie-Christene deur middel van soekersensitiewe byeenkomste, 'n omgewing te skep waarin aan hulle 'n uitdagende geleentheid gegee word om die evangelie te oorweeg. Deur gebruik te maak van musiek, drama, oudiovisuele media, getuienisse en tematiese prediking, is "seeker services" eerder 'n aanbieding as wat dit 'n deelnemende geleentheid is. Murray (2001a:131) bestempel die *WCC* as 'n voorbeeld van 'n kerk "breaking out of a Christian subculture and engaging with the concerns of the wider community", en beskryf hulle "seeker services" as uitstaande omdat "the

quality of presentation is outstanding; the sensitivity to what is and is not appropiate for the target audience is highly developed; the diminution of worship elements in these events is radical; the attention to detail in the design and use of church premises is creative; and the attention given to contextualization is exemplary." Op Sondae is hulle fokus in eredienste net die "seekers", terwyl hulle toerustingsdienste vir gelowiges gedurende die week plaasvind.

- *WCC* se uitdruklike missiestandpunt is dat hulle 'n "church for the unchurched" wil wees (Hybels, 2004). Die vraag is egter of die *WCC* in werklikheid die "unchurched" gemeenskap van Amerika bereik en of die model met sukses in ander kontekste toegepas kan word. Ontleders van die Amerikaanse kultuur onderskei tussen drie tipes Amerikaners. Die "boomers", die "busters" en die "generation X's". *WCC* bereik waarskynlik net die "boomers", omdat hulle 'n kultuurgroep is wat in 'n groot mate alreeds ontvanklik vir die evangelie is, terwyl die "busters" en die "generation X's" waarskynlik 'n meer radikale bedieningsmodel vereis (Murray, 2001a:132).

- Op die vraag of die model met sukses elders toegepas kan word, is die bevinding dat die probleme wat kerke ervaar deur eklekties te werk te gaan en net enkele van die maklik toepasbare uitgangpunte van die *WCC* te probeer toepas, veroorsaak dat hulle perspektief op die hele *WCC*-filosofie verloor. Aan die anderkant blyk dit dat die *WCC*-filosofie makliker toegepas kan word by kerkplantinginisiatiewe waar die model van die begin af geïmplementeer word, eerder as wanneer kerke poog om bestaande modelle aan te pas (Murray, 2001a:133).

6.2.4.1.1.2 Kritiek rakende die WCC-model

Inherente kritiek teen *WCC* se model kan soos volg saamgevat word (vgl. Pretorius, 2003:271):

- Die fokus van die *WCC* om die "soekers" afsonderlik te bedien en op hulle te fokus, vind nie Skriftuurlike begronding nie. Elke erediens en bedieningsgeleentheid behoort 'n "soekersensitiewe" element in hom te hê. Onderskeid tussen "soekers" en gelowiges in die bediening kan egter die indruk skep dat daar 'n verskil in belangrikheid van gelowiges bestaan en dat jy jouself moet inpresteer om as 'n gelowige aanvaar te word.

- Die *WCC* se fokus op die ervaarde behoeftes ("felt needs") van die buitekerklike en op persoonlike vervulling, kan nie Skriftuurlik gefundeer word nie. Dit bring 'n kritiese vraag na vore, naamlik of die *WCC* daarin slaag om die lewens- en wêreldbeskouing van die buitekerklike te verander en die gemeente as alternatiewe geloofsgemeenskap in die samelewing te vestig.

- Die doelbewuste en selfbewuste bestuur van die goeie reputasie ("image") van die gemeente, deur onder andere haarfyn programmering van die boodskappe, word noodsaaklik wanneer die fokus op die vervulling van die buitekerklike se behoeftes val en kan nie Skriftuurlik gefundeer word nie.

- Geneigdheid in die *WCC* om tydens prediking en lering begrippe uit die sielkunde onkrities te gebruik, is teenproduktief om ware lewensverandering teweeg te bring en 'n alternatiewe gemeenskap tot stand te bring.

- Bemarkingstrategieë kan daartoe lei dat die evangelie "as produk" gewysig word om die buitekerklike se behoeftes te pas. Die buitekerklike kan deur

die onkritiese gebruik van 'n bemarkingstrategie tot 'n blote objek van evangelisering gereduseer word.

- Oordrewe beklemtoning van die behoeftes van die buitekerklike kan daartoe lei dat die Christendissipel se verdere groei verwaarloos word.

6.2.4.1.1.3 Samevatting

- Om 'n groot sensitiwiteit te openbaar vir "soekers" is nie noodwendig verkeerd nie, maar elke faset van die bediening van die gemeente behoort hierdie sensitiwiteit te openbaar, om sodoende elke soeker en gelowige as ewe belangrik in die oë van God te kommunikeer.

- Die *WCC* het die gesag van die Skrif as basis en het uitstekende materiaal geskep wat deur gemeentes gebruik kan word vir toerusting. Indien van materiaal en elemente van die *WCC*-model gebruik gemaak word in ander bedienings, sal met groot versigtigheid gehandel moet word om seker te maak dat die elemente in die nuwe konteks goed geïnternaliseer is.

- Erkenning moet gegee word vir die feit dat die *WCC* groot getalle mense na Christus gelei het. Hulle missionêre gerigtheid lewer vrugte en kan op baie elemente van hulle bediening nagevolg word.

- Die *WCC* leer dat liefde prakties uitgeleef moet word. In die praktiese uitlewing van liefde teenoor die wêreld vind kragtige verkondiging van die liefde van Christus plaas. Bedienings gerig op die wêreld lewer sukses en is navolgingswaardig.

- Die *WCC* skep praktiese strategieë en kategorieë wat gemeentes kan help om meer effektief te wees in die implementering van 'n dissipelmaakproses.

6.2.4.1.2 Die doelstelling-strategiemodel

Die doelstelling-strategiemodel is gebaseer op Rick Warren se *Purpose Driven Church* (afgekort – *PDC*). Rick Warren het die Saddleback-gemeente nuut geplant. Binne die eerste vyftien jaar sedert die eerste diens in 1980, het die gemeente gegroei van bestaande uit Warren en sy vrou tot sewe duisend Christendissipels en was dit in 2000 'n megagemeente van meer as vyftien duisend lede (Warren, 2002:42). Soos Hybels, het Warren die gemeente begin deur ondersoek in te stel na die behoeftes van buitekerklikes in die gemeenskap en begin om soekerdienste te hou.

6.2.4.1.2.1 Kenmerke

Die belangrikste kenmerke van die *PDC* kan soos volg saamgevat word:

- *PDC* is 'n invloedryke beweging, wat baie voordele inhou vir plaaslike gemeentes wat ernstig is oor die uitvoering van die Groot Gebod en die Groot Opdrag.
- *PDC* is doelstellinggedrewe en volg soos *WCC* 'n soekerdiensbenadering.
- Op grond van die Groot Gebod en die Groot Opdrag, stel *PDC* vyf Skriftuurlike doelstellings voor, naamlik "worship", "ministry" (die Groot Gebod), "evangelism", "fellowship" en "discipleship" (die Groot Opdrag) (Warren, 2002:103-106).
- Laasgenoemde doelstellings word verder prakties omskryf met die beskrywing van *dimensies vir groei*, naamlik "Churches grow warmer through fellowship"; "Churches grow deeper through discipleship"; "Churches grow stronger through worship"; "Churches grow broader through ministry"; en "Churches grow larger through evangelism" (Warren, 2002:49), *sleutelwoorde*, naamlik "Magnify", "Mission", "Membership", "Maturity" en

"Ministry" (Warren, 2002:107) en ook *'n slagspreuk* as missie en praktiese beeldryke beskrywing, naamlik "To bring people to Jesus and *membership* in his family, develop them to Christlike *maturity*, and equip them for their *ministry* in the church and life *mission* in the world, in order to *magnify* God's name" (Warren, 2002:107).

- *PDC* hanteer dissipelskap as 'n proses en identifiseer dissipels of potensiële dissipels as behorende tot een van die volgende kategorieë: "community", "crowd", "congregation", "committed" of "core" (Warren, 2002:275).
- *PDC* stel voor dat die dissipelmaakproses eerste by die "community" begin in plaas van die "core" (dus beweging van buite na binne) (Warren, 2002:276).
- *PDC* bied doelgerigte lering en toerusting deur middel van vier "klasse" en afhangende van waar 'n dissipel hom/haarself in die dissipelskapproses bevind, byvoorbeeld in die "congregation" of "crowd" (Warren, 2002:276).
- 'n Belangrike strategiese metode in die doelstellingsgedrewe proses is die identifisering van 'n teikengroep aan die hand van 'n persoonlike profiel (genoem "Saddleback Sam") (Warren, 2002:177).
- *PDC* stel voor dat 'n gemeente soekersensitief in plaas van soekergedrewe moet wees (Warren, 2002:79,80).
- Wat kerkplanting betref, beveel Warren aan dat nuwe gemeentes eerder begin sal word as wat 'n gemeente homself herskep ("reinvent") (Warren, 2002:180). Wanneer kerkplanting oorweeg word, moet die inisiatiefnemende gemeente 'n spesifieke profiel opstel van 'n teikenpersoon in gedagte, wat verskil van die teikengroep van hulle eie gemeente. In die eerste vyftien jaar van Saddleback se bestaan het hulle op hierdie patroon vyf en twintig nuwe gemeentes geplant (Warren, 2002:181).

6.2.4.1.2.2 Kritiek op PDC

PDC dien as 'n goeie variasie op die *WCC*-model, maar vertoon uit die oogpunt van kerkplanting dieselfde modeleienskappe en sal daarom grootliks ook dieselfde

leemtes vertoon. Pretorius (2004:305) wys vanuit wetenskaplike oorwegings op verskillende leemtes in die *PDC*-model:

- *PDC* hou die gevaar in dat gemeentes doelstelling- en prosesgedrewe sal funksioneer, in plaas van gefokus op Christus die gekruisigde en gedryf deur sy verstand en die Gees.
- Die vyf doelstellings vervul die rol van ekklesiologiese vertrekpunte - wat te waardeer is - maar Pretorius (2003:288-299) toon aan dat Warren nie daarin slaag om gemelde doelstellings op wetenskaplik-teologiese basis op die Groot Gebod en die Groot Opdrag te fundeer nie.
- Die betekenis van die Skrif self funksioneer nie in die motivering van die vyf doelstellings nie. Die vyf doelstellings van *PDC*, naamlik "worship", "ministry", "evangelism", "fellowship" en "discipleship", kan vanuit Skriftuurlike gronde soos in hierdie studie (Hoofstuk 4), begrond word vanuit die bedienings: κήρυγμα, λειτουργία, κοινωνία en διακονία.
- Warren sluit in die uitbou van sy doelstellings sterk aan by *CGM* (*Church Growth Movement*) se metodiek om kerkplanting op fundamentalistiese wyse te fundeer.
- *PDC* se begrondinge van die identifisering van 'n teikengroep berus nie op Skriftuurlike gronde nie, hoewel dit 'n positiewe vertrekpunt is om 'n teikengroep in gemeenskappe waarop 'n kerk hom evangeliserend rig, te identifiseer.
- Die feit dat *PDC* die gemeenskap waarin die kerk funksioneer as fokuspunt neem is 'n sterk aanbeveling, maar *PDC* sluit ook hiermee te sterk aan by *CGM* se identifisering van homogene eenhede (vgl. 6.5.2).

6.2.4.1.2.3 Samevatting

- Hoewel groot waardering getoon kan word vir *PDC* se werk, behoort krities gekyk te word na Warren se fundering van die vyf doelstellings. Suiwer bediening behoort altyd begrond te word vanuit suiwer basisteoretiese beginsels. So behoort bedienings in die kerk te steun op begronding van die vier bedienings: κήρυγμα, λειτουργία, κοινωνία en διακονία (vgl. Hoofstuk 4).

- Om soos Warren te beweer dat die Groot Gebod en die Groot Opdrag alles omvat van wat 'n kerk behoort te wees en behoort te doen, is 'n te sterk aanleuning by die *CGM* se hermeneutiese vertrekpunte van sekere Skrifgedeeltes - wat verdag is - en kan met goeie reg as te fundamentalisties beskou word (vgl. 6.2.3.2.3).

- Warren se *PDC*-model heg verkeerde betekenis aan κοινωνία deur dit net aan die opdrag "doop hulle" te koppel en nie ook aan die trinitariese doopformule nie (vgl. Pretorius, 2004:291 e.v.). Die inhoud van κοινωνία word in 'n groot mate korrek uitgebou deur die doelstelling "fellowship".

6.2.4.1.3 Die selkerkmodel

Die selkerkmodel is 'n baie invloedryke model wat die teenoorgestelde rigting beweeg as die gemeenskapskerk van *WCC* en *PDC*. Die selkerkmodel is 'n baie populêre model in verskeie nie-Westerse lande wat Chili, Japan, Suid-Korea, China, Ethiopië, Thailand en die Ivoorkus insluit. Selkerke neem ook in gewildheid toe in verskeie Westerse lande soos Brittanje, die huiskerke in Australië onder leiding van Robert en Julia Banks[4], en die huiskerke of selkerke van Noord Amerika

wat sterk geassosieer kan word met Ralph Neighbour[5]. Voorstanders van hierdie model vind hulle begronding in die bestaanswyse van die vroeë kerk gedurende die eerste eeu. Wat opvallend is, is dat voorstanders van dié kerkmodel die afgelope 30 jaar onafhanklik van mekaar en met dieselfde begronding besluit op hierdie model. In meer revolusionêre taalgebruik word hierdie model bestempel as 'n "second reformation", "building a church for the last days" en "a new way of being church" (Murray, 2001a:140). Selkerke is nie dieselfde as selgroepe, huisgroepe of omgeegroepe wat sedert 1960 gewild geword het nie. Laasgenoemde vorme van bediening is as 'n reël aanvullend by bestaande bedieningsmodelle en lidmaatskap van sulke bedieningsgroepe is sekondêr ten opsigte van kerklidmaatskap. "Cell churches are communities of Christians where all the main activities of church life take place in small home-based groups, groups which are linked together within a larger network for certain purposes." (Murray, 2001a:141.) Gewoonlik bestaan so 'n selbediening uit drie komponente: "the cells", "congregations" en "celebrations" (Neighbour, 1990:197-209).

6.2.4.1.3.1 Kenmerke van die selkerkmodel

- 'n Sel (ook bekend as "shepherd group") bestaan gewoonlik uit drie soorte lede, naamlik "*committed servants* – can be equipped to penetrate the unchurched and care for others in the flock; *undeveloped believers* – can be equipped to harvest seeking unbelievers and care for others in the flock; *baby Christians/hurting persons* – can be nurtured, healed, and led to move into ministry" (Neighbour, 1990:198). "Shepherd groups" het dikwels 'n subsel wat bekend staan as "Share Group", wat die sel se arm na die gemeenskap van ongelowiges is en wat in die sel opgevang word totdat hulle kan inskakel by 'n "Shepherd Group". Aktiwiteite in die selgroep is bediening, lering, "celebration", doopbediening en pastorale sorg.

- Die "congregation" ontstaan wanneer 'n enkele sel ontwikkel en gegroei het tot 'n hele aantal selle. Die "congregation" is 'n byeenkoms van 'n aantal selle en die aktiwiteite is gefokus op toerustingsgeleenthede, evangeliserende aktiwiteite, lofprysing en aanbiddingsgeleenthede, gemeenskapsprojekte en Christelike aksies. So 'n "congregation" bestaan selde uit meer as 175 lede.

- Die "celebration" is 'n byeenkoms van 'n hele aantal "churches" wat bymekaar kom vir 'n "event". Die aktiwiteite van 'n "celebration event" bestaan uit: lofprysing; spesiale evangeliserende aktiwiteite; woordbediening deur leiers; getuienis van die liggaam oor God se krag, doopgeleenthede en inseëning van kindertjies; en getuienisse van die Gees se teenwoordigheid deur genesings, verlossing, oorgawes en gebede.

- Kenmerke van die selkerkmodel wat hom onderskei van tradisionele kerke is:
  - 'n Fokus op die kleingroep en nie die grootgroep nie.
  - 'n Omgekeerde kerkmodel.
  - 'n Fokus op huise eerder as kerkgeboue.
  - 'n Fokus op verhoudinge (mense) eerder as programme.
  - Evangelisering vind plaas deur vriendskappe.
  - Intreevlak tot lidmaatskap vind via die selgroep plaas en nie deur groot byeenkomste nie.
  - Die selgroep is veronderstel om te vermenigvuldig, probleme met stagnasie en steriliteit te voorkom.
  - Leierskap is gedesentraliseerd en nie net in die hande van leiers nie.

- Die selkerkmodel se fokus op verhoudings eerder as programme word wêreldwyd erken as 'n belangrike kenmerk van 'n groeiende kerk (vgl. Callahan, 1983:35-41).

- Die selmodel is daarvoor bekend dat hy leierskap en gawebronne maklik identifiseer en toerus (Callahan, 1983:41-55).

6.2.4.1.3.2 Kritiek op die selkerkmodel

Die selkerkmodel het in sy bestaan nog nie afdoende rekenskap kon gee van die volgende knelpunte nie (vgl. Murray, 2001a:142-143):

- Die selgroepmodel se kulturele aanpasbaarheid is nog nie geverifieer en bevestig nie.
- Evangeliserende effektiwiteit is nog nie geverifieer nie.
- Infasering van selgroepdinamika in tradisionele gemeentes waar selgroepaktiwiteite en grootgroepbyeenkomste ewe veel gewig dra is moontlik, maar gevestigde gemeentes ondervind probleme om 'n suksesvolle oorgang te maak.
- Modelverandering van tradisionele kerke om kerkgroei te bewerk, is nie effektief nie.
- Die sukses van selkerkplanting hang daarvan af of 'n "kritiese massa" bereik word.
- Stimulante vir suksesvolle groei in selkerke is onder meer vervolging van gelowiges en vinnig ontwikkelende en groeiende gebiede en gemeentes, om 'n meer persoonlike aanslag te behou.

6.2.4.1.3.3 Samevatting

- Die selbeginsel van die selkerkmodel is baie goed ontwikkel en begrond en het die ruimte geskep vir die meeste tradisionele en vernuwingsbedienings om die model te inkorporeer by 'n bestaande model.

- Die selkerkmodel bied 'n missionêre basis aan gemeentes vir evangelisering en kan met die regte dinamieke suksesvol toegepas word.
- Die selkerkmodel se fokus op verhoudings eerder as programme, word wêreldwyd erken as 'n belangrike kenmerk van 'n groeiende kerk (vgl. Callahan, 1983:35-41).
- Die selmodel is daarvoor bekend dat hy leierskap en gawebronne maklik identifiseer en toerus (Callahan, 1983:41-55).

6.2.4.1.4 Rigtingwysers vir 'n model van kerkplanting in 'n postmoderne kultuur

Die diversiteit van bedieningsmodelle (6.2.1.1 tot 6.2.1.3) is tiperend van 'n postmoderne kultuur, maar watter aspekte van 'n postmoderne kultuur is relevant met die oog op kerkplanting? Dit is nie die fokus van hierdie navorsing om die postmoderne kultuur in diepte na te vors nie. Daarom word volstaan met 'n aantal relevante opmerkings wat betrekking het op kerkplantingmodelle. Murray (2001a:146) haal Graham Cray se beskrywing van postmodernisme aan: "One of the best descriptions of postmodern culture is that of 'shopping', that the world and all of history is a vast supermarket, and you can just pick out the ingredients you like, and assemble them into your own version of something." Bogenoemde beskrywing van postmodernisme moet kerke maan om nie onkrities keuses te maak vir een of ander kerkmodel in die verwagting dat dit dié antwoord vir 'n bepaalde tyd en omstandighede is nie. Hedendaagse kerke het te doen met 'n ontwikkelende kultuur waarvan die lewensduur nie bepaal kan word nie. Bosch (2000:366-367) se opmerking is daarom baie relevant: "Neither extreme reactionary nor excessively revolutionary approaches, will help the Christian church and mission to arrive at greater clarity or to serve God's cause in a better way. In the case of each paradigm chance reviewed so far, there remained a creative tension between the new and the old. The agenda was always – consciously or unconsciously – one of reform, not of replacement."

6.2.4.1.4.1 Kenmerke

Die belangrikste kenmerke van die postmoderne kultuur wat 'n uitwerking kan hê op kerkplanting, is die volgende - met kommentaar wat die kenmerke aktualiseer (vgl. Vergeer, s.a.:1 & 2; Smit, 1997:153-154; Murray, 2001a:147; Murray, 2001b en Grady & Kendall, 1992:366-372):

- **'n Openheid om nuwe antwoorde vanuit die Skrif te ontdek op die waarheidsvraag en die toepassing daarvan:** Dit skep die ruimte om elke gedagte van gehoorsaamheid aan Christus gevange te neem en om die waarheid van sy genade in eietydse idioom te verkondig (2 Kor. 10:5).

- **'n Begrip van die vraag na betekenis van dinge, moet in die subjektiewe in sy relasie tot die objektiewe gesoek word:** Kontekstualiteit is daarom baie belangrik. Dit bied die geleentheid om aan die koue en onpersoonlike rasionalisering van die modernisme te ontsnap.

- **Geestelike waardes kan nie eksklusief gemaak word nie**, maar suiwer leerstellige vertrekpunte is belangrik. 'n Gereformeerde vertrekpunt in die bediening kan as basis dien en verder ontwikkel en uitgebou word.

- **Visie (drome) en rasionaliteit is ewe belangrik** en maak daarom 'n holistiese benadering van die mens belangrik. Dit is nie net die geestelike wat beklemtoon word nie, maar ook persoonlike behoeftes.

- **Die werklikheid word eerder deur 'n biologiese as 'n meganiese model geïnterpreteer:** Dit maak 'n oopsisteembenadering en kommunikatiewe vaardighede baie belangrik. Dit bied die geleentheid om die postmoderne mens se soeke na persoonlike betekenis te vul met die evangelie van die persoonlike verhouding met God, deur Jesus Christus.

- **Besorgdheid oor die omgewing en die beskouing van die mens as deel van die omgewing en nie as 'n afsonderlike deel nie:** Dit lei tot 'n beter begrip vir kulturele gebruike en fisiese behoeftes soos kos, klere, mediese ondersteuning en behuising.

- **'n Kritiese instelling teenoor die institutêre, hiërargiese en strukturele en 'n voorkeur vir netwerke en grondvlakaktiwiteite:** Dít lei tot soepelheid in bestuur en metodes, asook 'n vermoë om mense te akkommodeer wat uit 'n los gestruktureerde godsdienstige agtergrond en ander gelowe afkomstig is.

- **'n Verwerping van manlike dominering:** Almal is vir die Here - en daarom ook vir die kerk - belangrik.

- **'n Kritiese instelling en skeptisisme teenoor tradisies van die samelewing en eie insigte:** Dit beklemtoon 'n oopsisteembenadering waaruit nuwe kulturele eiendom en nuwe bedienings kan ontwikkel.

- **'n Beklemtoning van die chaotiese en gefragmenteerde, eerder as harmonie en orde:** Dié benadering skep ruimte vir 'n oorgangstyd om ander kulture te akkommodeer en te eksperimenteer met nuwe moontlikhede in die belewing van die oneindige God.

Bogenoemde rigtingwysers onderstreep dat die uitdaging vir kerkplanters in die toekoms sal wees om kerke te plant wat "in die wêreld is, maar nie van die wêreld nie" (Joh. 17:14-18). Kultureel relevant en kontekstueel. Sulke kerke sal nie die waardes en filosofie van die postmodernisme onkrities hanteer nie, maar hulle sal kérk wees met goeie nuus in 'n postmoderne kultuur.

Wat die uitdaging vir kerkplanters groter maak in die oorweging van bedieningsmodelle, is dat nie aanvaar moet word dat alle moontlikhede wat die Skrif bied in die daarstelling van modelle uitgeput kan word nie. In die formulering en uitbou van missionêr-ekklesiologiese beginsels, is dit realisties om te verwag dat nuwe uitdagings nuwe moontlikhede van bedieningsmodelle na vore kan bring. Sekere gemeenskappe is moeilik om met bestaande modelle te bereik. "The multicultural and thoroughly unchurched inner cities are desperately in need of new churches, but they do not need suburban church structures and cultural forms imposed from outside" (Murray, 2001a:150).

6.2.4.1.4.2 Kritiek teen die postmodermisme

Die oorheersende kritiek teen die postmodernisme wat te alle tye in ag geneem word, is: Aspekte soos die ontkenning van die bestaan van 'n objektiewe waarheid, die relativering van alle beginsels, die individualisering van betekenis en die uitsoekerige en vervreemdende benadering tot die werklikheid is onbybels en maak in sy uiterste vorm kerk-wees, prediking en gemeentelewe onmoontlik. 'n Klakkelose navolging hiervan kan lei tot sinlose nihilisme.

6.2.4.1.4.3 Samevatting van postmodernisme

- Kerke en kerkleiers sal bereid moet wees om gelowiges te betrek om via oopgesprek en 'n oopsisteembenadering, sonder vrees vir veroordeling, tot besluite te kom wat eienaarskap van 'n nuwe gemeente met unieke bedienings kan aanvaar.
- Openheid tot spiritualiteit is meer 'n geleentheid as 'n bedreiging, want só word 'n ruimte geskep waarin 'n nuwe, multikulturele spiritualiteit kan ontwikkel.

- Kommunikasie van die waarheid van die evangelie moet eerder verhalend wees as dogmaties. Sodoende word baie verskille in vertrekpunte geakkommodeer en ruimte geskep vir deelname.
- Gemeenskap is belangrik omdat God 'n God van gemeenskap is en uitreik na die mens sodat hy deel kan wees van die goddelike gemeenskap. Die postmodernisme se soeke na persoonlike betekenis open 'n wye deur vir die evangelie om die persoonlike verhouding met God, deur Jesus Christus, aan baie mense te bedien - wat die mens in totaliteit (holisties) aanspreek.
- Die postmodernisme bied ruimte vir die wonder- en geloofskarakter van godsdiens, wat inhou dat geestelike waardes en kulturele gebruike nie gekanoniseer mag word nie, maar kan ontwikkel in nuwe gemeenskappe met 'n eie unieke karakter.
- Van alle bestaande bedieningsmodelle kan met goeie oorwegings en sensitiwiteit vir behoeftes in 'n bepaalde gemeenskap en konteks, elemente oorgeneem word wat kreatief toegepas kan word in nuwe ontwikkelende kulture soos die postmoderne kultuur - maar elke model sal goed gefundeer moet wees op missionêr-ekklesiologiese beginsels vanuit die Skrif en kontekstuele merkers.

6.2.4.2 Kerkplantingspraktyke

Onder kerkplantingspraktyke word verstaan 'n skematiese beskrywing van die werklikheid wat aandui wat die verhouding van die inisiatiefnemende kerk, groep of individu is tot die geplante kerk en die kerk se ontwikkeling. Daar word onderskei tussen die tradisionele model, 'n stedelike model en 'n model in plattelandse gebiede.

6.2.4.2.1 Moeder/dogter-praktyk

Die mees populêre en tradisionele praktyk van kerkplanting is die moeder/dogter-praktyk (Wierda, 2001:84 praat van *-model*). Dit is wanneer kerkplanting onder leiding van 'n moederkerk, met behulp van 'n groep lidmate in dieselfde buurt, onderneem word. Vier voordele kan geïdentifiseer word:

- 'n Groot aantal lede van die moedergemeente kan by die planting betrokke raak - wat alreeds 'n getallebasis gee.
- Die nuwe gemeente kan in die beginstadium reken op bestuurs- en finansiële ondersteuning van die moedergemeente.
- Die betrokkenes kan bly woon en werk waar hulle gewoond is.
- Die nuwe gemeente sal 'n positiewe missionêre bewussyn bewerk in die moedergemeente, wat haarself kan vernuwe.

As nadele kan die volgende genoem word:

- Die model is baie arbeidsintensief en kan die moedergemeente se lidmatetal dreineer. Dit impliseer dat net groot en sterk gemeentes die model goed sal kan hanteer.
- Dit is gewoonlik 'n stadige ontwikkelingsproses. Die meeste deelnemers maak die proses vir die eerste keer mee en moet opgelei word.
- In die meeste gevalle loop dit nie uit op die planting van 'n nuwe kerk met 'n nuwe kultuur nie, maar is dit kloning van die moedergemeente. Aanpasbaarheid en kreatiwiteit word in 'n groot mate onderdruk.

6.2.4.2.2 Kolonisasiepraktyk (stedelike praktyk)

In 6.5.1.4 is verwys na die nood in middestedelike gebiede, waar kulturele transformasie plaasvind. Die tradisionele kerke verlaat die gebied om in buitewyke of voorstedelike gebiede te hervestig en laat so leemtes vir ander kultuurgroepe om daar in te trek. As gevolg van die bedieningsleemtes, moet in baie gevalle (soos

die middestedelike gebied van Johannesburg) krisisbestuur toegepas word om maatskaplike en sosiale probleme die hoof te bied (vgl. die Middestad Evangelisasiebediening [MES-bediening]). Die behoefte in hierdie gevalle is nie kerkplanting waar 'n bestaande kerkkultuur hervestig word nie, maar waar prinsipieel, kontekstueel en kreatief na oplossings gesoek word.

Murray (2001a:237-246) en Wierda (2001:85) bespreek dié praktyk as 'n praktyk wat dieselfde basiese vertrekpunte het as die moeder/dogter-praktyk. Onder leiding van 'n moederkerk, kom met behulp van 'n span uit haar geledere tot die planting van 'n nuwe gemeente. Daar word na die praktyk verwys as die helikoptermodel, omdat die nuwe kerk nie noodwendig in dieselfde geografiese gebied as die moederkerk val nie.

Voordele van die praktyk is:

- Die grootste voordeel is dat 'n gebied geïdentifiseer kan word wat op grond van strategiese oorwegings noodsaaklik en lewensvatbaar is.
- Die span wat uitgestuur word, is kleiner as in die moeder/dogter-model en die sendende gemeente word nie lidmategewys baie geaffekteer nie.
- Die proses word minder geïnhibeer deur die sendende gemeente en kreatiwiteit word nie aan bande gelê nie. 'n Eie wyse van funksionering en visie op gemeentebou kan geïmplementeer word.

Nadele daaraan verbonde is:

- Die moeilikheidsgraad vir toepassing deur kerkplanters is groter. Persoonlike opofferings van die span moet gemaak word en harde werk moet ingesit word.
- Die sukses is nie gewaarborg nie. Sal die span die nodige aanpassings en opofferings kan maak en sal die pastorale en finansiële ondersteuning deur die sendende gemeente in stand gehou word?

Variasies op die praktyk kan wees wanneer een gesin as tentmakerbedienaar uitgestuur word om so 'n gemeente te plant. 'n Ander moontlikheid is dat 'n span uit verskillende gemeentes (nie noodwendig van dieselfde denominasie nie) saamgestel word en dat meer as een gemeente by so 'n planting betrokke is. 'n Verdere moontlikheid is dat die kerk wat geplant word, nie noodwendig geografies vêr van die moederkerk geleë hoef te wees nie. Gemeentes wat saam bewus raak van kulturele transformasie wat plaasvind, kan vroegtydig met so 'n proses begin deur saam te werk en 'n gesamentlike span op die been te bring. Samewerking tussen verskillende gemeentes stel ook meer gawes, leierskap en materiële hulpbronne beskikbaar.

6.2.4.2.3 Satellietpraktyk (plattelandse praktyk)

Hierdie model van kerkplanting is wanneer 'n plaaslike kerk 'n groep uitstuur om kerke te plant wat semi-outonoom funksioneer, sonder dat oorgegaan word tot die instituering van 'n nuwe gemeente. In sulke gevalle word die nuwe gemeenskap 'n wyksgemeente van die bestaande kerk. Lede van so 'n span behoort dan as 'n reël aan die plaaslike kerk sowel as die wykskerk. Dié span kom saam met die plaaslike gemeente byeen en gaan daarna na hulle verskillende huiskerke om daar bediening te doen. Die huiskerk of satellietkerk kan selfs in dieselfde gebou byeenkom as die plaaslike kerk. Hierdie vorm van bediening is baie bekend in die Suid-Afrikaanse konteks vóór 1994, toe boere vir hulle plaaswerkers dienste gehou het of toe op Sondae "garage"-dienste vir swart werkers in die dorpe gehou is.

6.2.4.2.4 Samevatting

Daar bestaan nie één metode van kerkplanting nie. In die praktyk sal die keuse van 'n praktyk afhang van die houding van die gemeente en die konteks van die situasie. Wat belangrik is, is dat 'n deeglike ondersoek en beplanning gedoen word na die situasie waarin die nuwe gemeente geroep word om te ontwikkel en te

funksioneer. Vertrouend en biddend vir die leiding van die Heilige Gees, sal ongetwyfeld die pad aangedui word, dat die regte keuse gemaak kan word.

6.2.5 Samevatting oor kerkplanting

6.2.5.1 Navorsing van die Nuwe Testament, vanuit sy missionêre konteks soos in hierdie studie aangetoon (vgl. Hoofstukke 2-5), kan bepaalde bydraes lewer ten opsigte van missiologiese en ekklesiologiese perspektiewe en beginsels ten opsigte van kerkplanting - sonder dat die Nuwe Testament as bloudruk vir kerkplanting gebruik word (vgl. 6.2.1.1).

6.2.5.2 Kerkplantingsinisiatiewe in die geskiedenis is gewoonlik vanuit een van twee agtergronde geïnisieer: Óf deur teologiese vertrekpunte, óf omstandighede wat dit noodsaak. In gebiede waar kerke as gevolg van monokulturele omstandighede ophou bestaan het, kan herplanting van 'n multikulturele kerk oorweeg word (vgl. 6.2.2.5).

6.2.5.3 Regstelling van die *CGM* se uitgangpunte is daarin geleë dat die hele Nuwe Testament vanuit sy Ou-Testamentiese openbaringslyne ondersoek moet word vir missionêr-ekklesiologiese beginsels. Prinsipiële besinning oor die planting en funksionering van kerke vanuit basisteoretiese perspektiewe is noodsaaklik. Met goeie oordeel kan gebruik gemaak word van die materiaal van *CGM* en sy nuanseringe (vgl. 6.2.3.2.5).

6.2.5.4 In die lig van bogenoemde ondersoek na kerkplanting kan die volgende definisie as werksformule geformuleer word: Kerkplanting is waar en wanneer 'n kerk of kerke as missionêre handeling 'n kerk plant op grond van missionêr-ekklesiologiese beginsels, in

omstandighede waar die konteks duidelik verreken word. (Vgl. 6.2.3.2.6.)

6.2.5.5 Samevatting van die WCC-model (vgl. 6.2.4.1.1.3)

- Om 'n groot sensitiwiteit te openbaar vir "soekers" is nie noodwendig verkeerd nie, maar elke faset van die bediening van die gemeente behoort hierdie sensitiwiteit te openbaar, om sodoende elke soeker en gelowige as ewe belangrik in die oë van God te kommunikeer.
- Die *WCC* het die gesag van die Skrif as basis en het uitstekende materiaal geskep wat deur gemeentes gebruik kan word vir toerusting. Indien van materiaal en elemente van die *WCC*-model gebruik gemaak word in ander bedienings, sal met groot versigtigheid gehandel moet word om seker te maak dat die elemente in die nuwe konteks goed geïnternaliseer is.
- Erkenning moet gegee word vir die feit dat die *WCC* groot getalle mense na Christus gelei het. Hulle missionêre gerigtheid lewer vrugte en kan op baie elemente van hulle bediening nagevolg word.
- Die *WCC* leer dat liefde prakties uitgeleef moet word. In die praktiese uitlewing van liefde teenoor die wêreld vind kragtige verkondiging van die liefde van Christus plaas. Bedienings gerig op die wêreld lewer sukses en is navolgingswaardig.
- Die *WCC* skep praktiese strategieë en kategorieë wat gemeentes kan help om meer effektief te wees in die implementering van 'n dissipelmaakproses.

6.2.5.6 Samevatting van die PDC-model (vgl. 6.2.4.1.2.3)

- Hoewel groot waardering getoon kan word vir *PDC* se werk, behoort krities gekyk te word na Warren se fundering van die vyf doelstellings. Suiwer bediening behoort altyd begrond te word vanuit suiwer basisteoretiese beginsels. So behoort bedienings in die kerk te steun op begronding van die

vier bedienings: κήρυγμα, λειτουργία, κοινωνία en διακονία (vgl. Hoofstuk 4).

- Om soos Warren te beweer dat die Groot Gebod en die Groot Opdrag alles omvat van wat 'n kerk behoort te wees en behoort te doen, is 'n te sterk aanleuning by die *CGM* se hermeneutiese vertrekpunte van sekere Skrifgedeeltes - wat verdag is - en kan met goeie reg as te fundamentalisties beskou word (vgl. 6.2.3.2.3).
- Warren se *PDC*-model heg verkeerde betekenis aan κοινωνία deur dit net aan die opdrag "doop hulle" te koppel en nie ook aan die trinitariese doopformule nie (vgl. Pretorius, 2004:291 e.v.). Die inhoud van κοινωνία word in 'n groot mate korrek uitgebou deur die doelstelling "fellowship".

6.2.5.7 Samevatting van die selkerkmodel (vgl. 6.2.4.1.3.3)

- Die selbeginsel van die selkerkmodel is baie goed ontwikkel en begrond en het die ruimte geskep vir die meeste tradisionele en vernuwingsbedienings om die model te inkorporeer by 'n bestaande model.
- Die selkerkmodel bied 'n missionêre basis aan gemeentes vir evangelisering en kan met die regte dinamieke suksesvol toegepas word.
- Die selkerkmodel se fokus op verhoudings eerder as programme, word wêreldwyd erken as 'n belangrike kenmerk van 'n groeiende kerk (vgl. Callahan, 1983:35-41).
- Die selmodel is daarvoor bekend dat hy leierskap en gawebronne maklik identifiseer en toerus (Callahan, 1983:41-55).

6.2.5.8 Samevatting van postmodernisme (vgl. 6.2.4.1.4.3)

- Kerke en kerkleiers sal bereid moet wees om gelowiges te betrek om via oop gesprekvoering en 'n oopsisteembenadering, sonder vrees vir

veroordeling, tot besluite te kom wat eienaarskap van 'n nuwe gemeente met unieke bedienings kan aanvaar.

- Openheid tot spiritualiteit is meer 'n geleentheid as 'n bedreiging, want só word 'n ruimte geskep waarin 'n nuwe, multikulturele spiritualiteit kan ontwikkel.
- Kommunikasie van die waarheid van die evangelie moet eerder verhalend wees as dogmaties. Sodoende word baie verskille in vertrekpunte geakkommodeer en ruimte geskep vir deelname.
- Gemeenskap is belangrik omdat God 'n God van gemeenskap is en uitreik na die mens sodat hy deel kan wees van die goddelike gemeenskap. Die postmodernisme se soeke na persoonlike betekenis open 'n wye deur vir die evangelie om die persoonlike verhouding met God, deur Jesus Christus, aan baie mense te bedien - wat die mens in totaliteit (holisties) aanspreek.
- Die postmodernisme bied ruimte vir die wonder- en geloofskarakter van godsdiens, wat inhou dat geestelike waardes en kulturele gebruike nie gekanoniseer mag word nie, maar kan ontwikkel in nuwe gemeenskappe met 'n eie unieke karakter.
- Van alle bestaande bedieningsmodelle kan met goeie oorwegings en sensitiwiteit vir behoeftes in 'n bepaalde gemeenskap en konteks, elemente oorgeneem word wat kreatief toegepas kan word in nuwe ontwikkelende kulture soos die postmoderne kultuur - maar elke model sal goed gefundeer moet wees op missionêr-ekklesiologiese beginsels vanuit die Skrif en kontekstuele merkers.

6.2.5.9 Samevatting oor kerkplantingspraktyke (vgl. 6.2.4.2.4)

Daar bestaan nie één metode van kerkplanting nie. In die praktyk sal die keuse van 'n praktyk afhang van die houding van die gemeente en die konteks van die situasie. Wat belangrik is, is dat 'n deeglike ondersoek en beplanning gedoen word na die situasie waarin die nuwe gemeente geroep word om te ontwikkel en te

funksioneer. Vertrouend en biddend vir die leiding van die Heilige Gees, sal ongetwyfeld die pad aangedui word, dat die regte keuse gemaak kan word.

6.2.6 Finale samevatting rakende kerkplanting

6.2.6.1 Navorsing vanuit die Nuwe-Testamentiese missionêre konteks - soos in hierdie studie aangetoon (vgl. Hoofstukke 2-5) - kan bepaalde bydraes lewer ten opsigte van missiologiese en ekklesiologiese perspektiewe en beginsels rakende kerkplanting, sonder dat Nuwe-Testamentiese gedeeltes as bloudruk gebruik word (vgl. 6.2.5.1).

6.2.6.2 Kerkplantingsinisiatiewe in die geskiedenis is gewoonlik vanuit een van twee agtergronde geïnisieer: Óf deur teologiese vertrekpunte, óf omstandighede wat dit noodsaak. In gebiede waar kerke as gevolg van monokulturele omstandighede ophou bestaan het, kan herplanting van 'n multikulturele kerk oorweeg word (vgl. 6.2.5.2).

6.2.6.3 Regstelling van die *CGM* se uitgangpunte is daarin geleë dat die hele Nuwe Testament vanuit sy Ou-Testamentiese openbaringslyne ondersoek moet word vir missionêr-ekklesiologiese beginsels. Prinsipiële besinning oor die planting en funksionering van kerke vanuit basisteoretiese perspektiewe is noodsaaklik. Met goeie oordeel kan gebruik gemaak word van die materiaal van *CGM* en sy nuanseringe (vgl. 6.2.5.3).

6.2.6.4 *In die lig van bogenoemde ondersoek na kerkplanting kan die* volgende definisie as werksformule geformuleer word: Kerkplanting is waar en wanneer 'n kerk of kerke as missionêre handeling 'n kerk plant op grond van missionêr-ekklesiologiese beginsels, in omstandighede waar die konteks duidelik verreken word (vgl. 6.2.5.4).

6.2.6.5 Van elke bestaande bedieningsmodel kan met goeie oorwegings en sensitiwiteit vir behoeftes in 'n bepaalde gemeenskap en konteks, elemente oorgeneem word wat kreatief toegepas kan word in nuwe ontwikkelende kulture soos in 'n postmoderne kultuur (vgl. in besonder samevattings in 6.2.5.8) - maar elke model sal goed gefundeer moet wees op missionêr-ekklesiologiese beginsels vanuit die Skrif en kontekstuele merkers (sien 6.2.5.5, 6.2.5.6).

6.2.6.6 Daar bestaan nie één metode van kerkplanting nie. In die praktyk sal die keuse van 'n kerkplantingspraktyk afhang van die houding van die gemeente en die konteks van die situasie. Wat belangrik is, is dat 'n deeglike ondersoek en beplanning gedoen word na die situasie waarin die nuwe gemeente geroep word om te ontwikkel en te funksioneer. Vertrouend en biddend vir die leiding van die Heilige Gees, sal ongetwyfeld die pad aangedui word, dat die regte keuse gemaak kan word.

6.3 Multikulturaliteit in perspektief

Die Suid-Afrikaanse samelewing het die afgelope dekade dramatiese transformasie ondergaan (Masondo, 2004). Kerkplanting sal rekening moet hou met twee groot demografiese realiteite. Eerstens die numeriese en kulturele dominansie van groot stedelike sentra en tweedens die diversiteit en verkleuring van die populasie (Masondo, 2004). Kerke sal rekening moet hou met toenemende verstedeliking en etniese verandering. 'n Vergelyking tussen die drie grootste metropolitaanse gebiede in Suid-Afrika, naamlik Johannesburg, Kaapstad en eThekwini, toon dat Johannesburg die hoogste populasiegroei van 4.1% per annum het. Dié stad het reeds sy geprojekteerde getalle van 2010 verbygesteek en teen die huidige

groeipatroon sal Johannesburg teen 2010, vier miljoen mense huisves - en teen 2030, tien miljoen (Masondo, 2004).

Volgens die 2001-sensus is Johannesburg die grootste stad in Suid-Afrika, met drie komma twee miljoen mense. Tweede is eThekwini (3,09 miljoen) en Kaapstad (2,89 miljoen). Die gebied waarop die empiriese studie fokus, is 'n gedeelte van Gebied 5, bekend as Roodepoort. Die gebied as geheel vertoon die volgende demografiese eienskappe (Masondo, 2004):

Die bevolking van Johannesburg bestaan uit 199 758 mense - 73,614 huishoudings, waarvan die gemiddelde grootte 2,7 persone is.

GROEI IN HUISHOUDINGS			
	VORIGE SENSUS	2001	PERSENTASIE
GROEI	60838	73614	21%

TAALGEBRUIKERS	
TAAL	PERSENTASIE
ENGELS	42%
AFRIKAANS	27%
SETSWANA	9%
ANDER	22%



VOLLEDIGE TAALSTATISTIEK		
TAAL	GETAL	PERSENTASIE
ENGELS	82875	41.5%
AFRIKAANS	54008	27.0%
SETSWANA	17504	8.8%
ISINDEBELE	1555	0.8%
ISXHOSA	7897	4.0%
ISIZULU	10944	5.5%
SEPEDI	6350	3.2%
SESOTHO	6676	3.3%
SISWATI	891	0.4%
THSIVENDA	4628	2.3%
XISTONGA	4042	2.0%
ANDER	2295	1.1%
TOTAAL	199665	100.0%



ONDERWYSKWALIFIKASIES	
	BO 20 JAAR
HOËR ONDERWYSKWALIFIKASIE	30%
	70%

BEHUISING	
WOONTIPE	PERSENTASIE
WOONHUISE	83%
INFORMEEL	27%
TOTAAL	100%

ARBEID	
	PERSENTASIE
WERKLOOS	14.2%
INDIENS	85.8%

Bogenoemde statististiese voorstellings vir Johannesburg dui enersyds op die multikulturaliteit van die gebied, maar ook die toeganklikheid ten opsigte van behuising en opvoedkundigheid. Hierdie statistieke sal in die empiriese navorsing met 'n aangeduide gedeelte van die gebied vergelyk word.

Multikulturaliteit is in Suid-Afrika 'n realiteit wat aan kerke 'n groot uitdaging bied, veral in omgewings waar kerke die roeping aanvaar om verteenwoordigend te wees van die gemeenskap waarin bedien word. Eerlike roepingsvervulling sal hom moet verantwoord ten opsigte van die invloed wat verskillende kulture in 'n multikulturele opset op mekaar en op die bediening gaan hê. De Klerk (2001b:58) sê byvoorbeeld ten opsigte van liturgie: "Multikulturele gemeentes, wat één is in leer en lewe, sal kreatief na liturgiese gebruike en simbole moet soek wat ooreenkom met die hart van die evangelie, maar tegelyk nie kultuur-vreemd is vir lidmate wat saam aanbid nie." Tradisie en kultuur speel in hierdie proses 'n geweldig belangrike rol.

Die werkplan in hierdie paragraaf sal wees om deur middel van 'n literatuurondersoek die interaksie tussen tradisie en kultuur te beskryf en 'n

omskrywing van die terminologiese ontwikkeling sowel as 'n omskrywing van die proses van inkulturasie en/of interkulturasie te doen.

6.3.1 Tradisie

Alle mense volg tradisie na omdat tradisie vir mense belangrik is. Die begrip *tradisie* is afgelei van die Latynse begrip *trado*, wat volgens Postma (s.a.:326) *oordra*, *oorhandig* of *toevertrou* beteken en verwys volgens Carroll (2000:10) na "collective memory of a particular group through which it passes on its accrued wisdom, gained through facing various challenges, perils, and uncertainties of life, including both small challenges of day-to-day living as well as big questions of life and death." Elke mens het sy eie lewensverhaal, sy eie bestaanswyse in die wêreld en sy eie manier om op uitdagings te antwoord - wat ontvou van geboorte tot die dood en 'n uitdrukking is van sy identiteit.

Mense leer tradisies aan deur na verhale te luister en waarneming te doen van hulle ouers, onderwysers, samelewings- en godsdienstige leiers, dit te interpreteer en te herinterpreteer vir toepassing in die hede.

In sy outobiografie beskryf Nelson Mandela (1994:11) die proses van hoe hy Afrikatradisies - en meer spesifiek Xhosatradisies asook Christentradisies - leer ken het:

> *"Like all Xhosa children, I acquired knowledge mainly through observation. We were meant to learn through imitation and emulation, not through questions. When I first visited whites, I was often dumbfounded by the number and nature of questions that children asked of their parents -- and their parents' unfailing willingness to answer them. In my household, questions were considered a nuisance; adults imparted information as they considered necessary.*

> *"My life, and that of most Xhosas at the time, was shaped by custom, ritual, and taboo. This was the alpha and omega of our existence, and went unquestioned. Men followed the path laid out for them by their fathers; women led the same lives as their mothers had before them."*

Wat is die funksie van tradisies?

- Dit het 'n genealogiese funksie wat individue met groepe verbind. Uit religieuse oogpunt verbind dit die individu met sy geloofsgenote en met God en gee betekenis aan die lewe.
- Dit verskaf basiese raamwerke of perspektiewe waardeur 'n bepaalde konteks geïnterpreteer word.
- Dit leer mense wat van hulle verwag word binne bepaalde verhoudings en hoe op omstandighede gereageer word.
- Omdat tradisies aan die verlede en die hede verbind is, help dit om die toekoms te verstaan. (Carroll, 2000:12 &13.)

Religieuse tradisies het nie net identiteitswaarde nie, maar verskaf raamwerke waarbinne godsdienstige funksies beoefen, 'n groepsidentiteit verkry, perspektiewe geslyp, grense gedefinieer, handelinge bepaal en hulp verkry word om hulleself te organiseer en aksies in die wêreld beplan kan word (Bate, 1998:6). Gereformeerdes gebruik byvoorbeeld verhale van Johannes Calvyn, sy Institusie - en ook ander Gereformeerde waardestelsels en dogmas, belydenisse, kerkordes, en ekklesiologiese praktyke, waarvolgens hulle hulleself inrig. Hierdie raamwerke het gewoonlik groot emosionele en morele inhoude. Dit is waarom dit so moeilik is om daaraan te verander. Tradisies is egter nooit staties nie. Hulle verander na gelang van hoe die konteks waarin individue en groepe hulle bevind, verander. Tradisies het nie net positiewe waarde nie, maar kan ook negatiewe refleksies hê. Tradisies kan sulke hoë grond bereik, dat dit nie bereid is om aan ander se tradisies gelyke erkenning te gee nie (Berger, 2004). Dit kan negatiewe persepsies soos

rassisme tot gevolg hê (vergelyk die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis tot voor 1994).

In die postmoderne kulturele konteks met sy kenmerkende eienskappe (vgl. 6.6.1.4), waarin in die een-en-twintigste eeu geleef word, is dit belangrik om te besef dat tradisies, insluitende godsdienstige tradisies, nie meer dieselfde gesag het nie. Postmodernisme beteken nie die end van tradisie nie. Burger (1995:25) toon aan dat in oorgangstye in die geskiedenis daar telkens beweeg word uit 'n "societas" (voorspoedtyd) -fase, waarin alle tradisies en gebruike hulle plek het en almal tevrede is, na 'n "communitas" (oorgangstyd) –fase, waarin feitlik niks standhoudend is nie, maar wat 'n tydperk is waarin nuwe waardes en tradisies gevorm word. Die postmoderne tyd is só 'n fase. Dit strook ook met Jesus se uitspraak aan die Fariseërs in Markus 2:27 dat die Sabbat vir die mens gemaak is en nie die mens vir die sabbat nie. 'n Geykte Gereformeerde uitdrukking het dieselfde betekenis: *ecclesia semper reformanda*.

6.3.1.1 Samevatting

Tradisie is 'n baie belangrike raamwerk waarbinne kulture en hulle ontwikkeling geïnterpreteer moet word.

6.3.2 Kultuur

Tussen tradisie en kultuur bestaan 'n nou verband. Swidler (1986:273) beskryf kultuur as "a 'tool kit' of symbols, stories, rituals, and world views, which people may use in varying configurations to solve different kinds of problems." Kultuur verskil van tradisie daarin dat kultuur strategieë vir handelinge is. Kerklike praktyke, soos organisatoriese reëlings, leierskappatrone, simbole, rituele praktyke, musiek, besluitnemingstyle en verskillende programme in 'n gemeente, kan dien as

voorbeelde van strategieë vir handelinge. Dit maak die "tool kit" uit van denominasies en gemeentes wat ontwikkel is om praktiese probleme mee aan te spreek. Swidler (1986:274) se onderskeiding van die rol wat kultuur speel in "settled periods" en "unsettled periods" kan vergelyk word met Burger se "societas"- en "communitas"-periodes in die geskiedenis. In "settled periods" word materiaal voorsien wat breë, goedgestruktureerde strategieë vir handelinge moontlik maak - wat in "nuwe" tradisies beslag kry. Die strategieë of tradisies is soos betroubare paaie waarop mens van punt A na punt B beweeg. Hulle word as betroubaar aanvaar, selfs al word hulle nie te alle tye deur almal gevolg nie. In kontras hiermee kom hierdie tradisies (kulturele strategieë) in onseker tye onder verdenking omdat hulle nie meer antwoorde bied vir bepaalde probleme nie. Visionêre leiers ontwikkel nuwe basisteorieë, nuwe kulturele style en nuwe strategieë vir handelinge om antwoorde te bied in moeilike tye. Johannes Calvyn was so 'n visionêre leier, wat 'n nuwe oorgang kon bestuur deur die formulering van nuwe handelingstrategieë.

Hierdie onderskeiding is baie handig en lei tot die besef dat die begin van die een-en-twintigste eeu 'n onseker tyd is waarin die soekę na antwoorde nie 'n "of" ,"of" is nie, maar 'n "en", "en"-tyd. Dit bevestig ook die bevinding van De Klerk (2001b:62) dat kultuur 'n *modus vivendi* is met twee belangrike aspekte: kreatiwiteit en ontvanklikheid. Om dié rede is daar in kultuur weerstand teen verandering (stagnasie), asook veranderingsdinamika (groei). Carroll (2000:28-37) bespreek die twee dinamikas volledig.

6.3.3 Terminologiese ontwikkeling en onderskeidings

Die verwarring wat daar oor terminologie heers in verband met die ontmoeting tussen evangelie en kultuur (De Klerk, 2001b:61), is in werklikheid 'n tekening van die historiese ontwikkeling van verskillende missionêre modelle (Wijsen, 2001:219).

- Die eerste sendelinge in die moderne tyd het na nie-Christelike lande gegaan om aan die sogenaamde heidene die lig van Christus en sy boodskap van verlossing te bring. Volgens hulle het die heidene in die skaduwee van die dood geleef. Hulle is daarvan oortuig dat daar geen verlossing buite die kerk is nie: *extra ecclesiam nulla salus est* (Bosch, 2000:218).

- Sendelinge het agtergekom dat individue sosiale ondersteuning nodig het vir hulle bekering. In dié lig het die "verlossing van siele"-benadering ontstaan en is dit deur kerkplanting uitgedra (Wijsen, 2001:219).

- Reeds voor die Tweede Wêreldoorlog het dit duidelik geword dat hierdie missionêre benadering nie baie effektief is nie. 'n Ander benadering met dieselfde doel, maar met 'n nuwe metode, het die lig gesien. Nie-Christene moes steeds die kerk aanvaar, maar die kerk het hulle halfpad ontmoet. In hierdie fase het twee begrippe beslag gekry. Die een, verinheemsing (indigenization) het in protestantse kringe beslag gekry, terwyl aanneming (adaptation of accomodation) in katolieke kringe voorkeur geniet het (Bosch, 2000:294 & 448). Protestante se mikpunt was om onafhanklike jong kerke tot stand te bring, maar die benadering het gepaard gegaan met 'n bevooroordeelde paternalisme wat soms op militante wyse toegepas is, soveel so dat die sogenaamde onafhanklike kerke niks meer was as agente van die sendinggenootskappe nie. Die katolieke het met hulle begrip van aanneming steeds verwag dat die sendingkerk die Roomse gebruike tot op 'n haar moet nakom. Baie vertakkings het ontwikkel, maar die begrippe het almal die volgende idees vertolk (Bosch, 2000:448-449):

    - Akkommodasie het nooit ingesluit dat die voorafvervaardigde Westerse teologie verander het nie.
    - Dit het as "konsessie" gedien dat Derdewêreldchristene sekere elemente van hulle kultuur kan gebruik.

- Slegs elemente wat neutraal was en nie besmet met heidense gebruike nie, mag gebruik geword het.
- Kultuur is gesien as iets wat "uitmekaar gehaal" kon word om suiwer elemente te kan behou.
- Verinheemsing en aanneming was in dié tyd in die Westerse kultuur steeds 'n *fait accompli*; die evangelie was "tuis" in die Weste, maar elders vreemd.
- Aanneming het 'n halfpadontmoetingspunt gebly, met die uitwendige aanneming van Christendom - soos met die aanneming van die taal en rituele daarvan. Dit het 'n vorm en metode gebly, met die evangelie as "kern" en die kultuur as die "dop".
- Die jong kerke was altyd in 'n posisie dat hulle van die ouer kerke moes ontvang, terwyl die ouer kerke nooit in 'n posisie was dat hulle van die jonger kerke kon ontvang nie.
- Die kultuur van die inheemse volke was vir sendelinge altyd iets wat "bewaar" moes word in hulle oorspronklike vorm, maar wat nie ontwikkel mag geword het nie.

- Terwyl die aannemingbenadering in die sestigs steeds sterk gefunksioneer het en met die opkoms van Pentekostalisme en charismatiese bewegings sterker geword het, het sommige sendelinge en priesters 'n nuwe benadering begin ontwikkel, naamlik kontekstualisering. Dít het beteken dat Christus reeds teenwoordig is in die nie-Christelike kulture. Die sendelinge se taak was om die nie-Christene te help om Christus se aktiewe teenwoordigheid in hulle lewens te ontdek (Wijsen, 2001:219). Later het die kontekstuele benadering die taal van die bevrydingsteologie geword (Bosch, 2000:432-447) en het die bevrydingsteologie toegang tot liturgie en aanbidding verkry (De Klerk, 2001b:61).

- Vanuit die begrip *aanneming* het 'n nuwe definisie vir sending ontwikkel, naamlik "deeper adaption" of "incarnation" en sedert 1962 (Bosch, 2000:447)

het die begrip "inculturation" sy beslag gekry - wat 'n baie positiewe ontwikkeling was. Dit het die erkenning van ander kulture in eie reg beteken.

- Die vraag word nou gevra: "Inculturation in what culture?" (Wijsen, 2001:220). Bosch (2000:455-457) argumenteer dat inkulturasie nooit 'n *fait accompli* is nie, maar 'n tentatiewe en onvoltooide proses. Die verhouding tussen die Christelike boodskap en kultuur is 'n kreatiewe en dinamiese proses omdat alle teologieë mekaar voortdurend nodig het. Teologieë beïnvloed, verryk, daag, en bevrug mekaar. "In a very real sense , then, what we are involved in is not just inculturation, but '*interculturation*' " (Bosch, 2000:456). Wijsen (2001:220-221) motiveer die begrip *interkulturasie* as die beste omskrywing van die interaksie tussen die evangelie en kulture vanuit die transformasie wat kulture regoor die wêreld ervaar, met betrekking tot multikulturele kontekste (vergelyk ook Davis, 2003:114-127). Die nuwe uitdaging vra 'n nuwe metode, maar daar bestaan nog nie 'n interkulturele hermeneutiek nie. Om dié rede sal steeds van 'n inkulturele hermeneutiek gebruik gemaak moet word, maar met die voortdurende bewustheid dat die konteks 'n multikulturele is waarin verskillende kulture gesamentlik in 'n interaksie met mekaar en met die evangelie verkeer. Wijsen (2001:228) vat die uitdaging goed saam: "Interculturation is a missionary challenge for the church in the 21st century. Interculturation does not abandon the concept of inculturation, but broadens it. Missionaries are mediators between different cultural orientations, bridge-builders between people of other faiths, signs and instruments of solidarity, scouts of the promised land, forerunners of a global 'ecumene' in a croelizing world."

6.3.4 Hermeneutiese proses van inkulturasie

Bosch (2000:452-457) gee die volgende riglyne vir 'n proses van inkulturasie:

- Die primêre agent in die proses van inkulturasie om teologies besig te wees, is die drie-enige God, sy Woord en die plaaslike geloofsgemeenskap - en in besonder die gewone lidmate (leke). Nie die sendeling, die hiërargie of teologiese akademici mag die proses kontroleer of manipuleer nie. Dit beteken nie dat hulle uitgesluit is nie. Die proses van analisering (vgl. Nel, 1994:148-179 en Hendriks, 2004:69-210) is belangrike stappe en moet gedoen word vanuit 'n fokus op die grense van die missionêre doelwitte en deur te luister na die drie-enige God wat deur alle mense en alle kulture kommunikeer.

- Die klem lê op die plaaslike omstandighede. Indien 'n nuwe konsep van bediening aan plaaslike gemeenskappe aangebied (verkwansel) word, aanvaar hulle nie eienaarskap nie en groei hulle nie. Die universele kerk vind sy ware bestaan in die plaaslike kerk. Hendriks (2004:74) neem MIV/VIGS as voorbeeld. Om 'n nuwe lewensstyl te vestig moet die mense van Afrika, wat 'n ontkennende houding teenoor seks het, by God self ontdek hoe Hy wil hê hulle moet lewe. Hulle moet eienaarskap vir die probleem aanvaar en 'n oplossing daarvoor soek.

- Klem op die plaaslike situasie ignoreer nie die bestaan van die invloed van 'n streeks- en globale scenario op die plaaslike nie, nog sluit dit 'n ekumeniese geloofstradisie uit. Die protestantse reformasie is 'n voorbeeld van hoe inkulturasie verskillende volke beïnvloed het.

- Inkulturasie volg die model van inkarnasie (Joh. 17:18 & 20:21). Die inkarnasie van die evangelie beteken dat dit "en-fleshed" en "embodied" moet word in mense en hulle kultuur in 'n proses van voortgaande inkarnasie. Hierdie beginsel word goed geartikuleer deur Okure (1990:64), wat dit in drie fases beskryf: "Self emptying", "selective assumption" en "the necessity of identifying the available resources". Dit beteken dat die kerk voortdurend in 'n proses van wedergeboorte en

herontdekking is. Dit sluit nie relativisme as 'n teorie uit nie - dat etiese waarhede afhanklik is van die individu of groep wat dit verteenwoordig nie. Geloof is gebaseer op die aanvaarding dat die Here 'n lewende God is wat sy liggaam voortdurend lei. Dit beteken nie dat daar teologiese konsensus op alle sake moet wees nie.

- Christologiese gesprek is 'n dubbele beweging: 'n gelyktydige inkulturasie van die Christen en sy kultuur. Aan die een kant word kulture gekonfronteer en verryk deur goddelike insig en terselfdertyd vier 'n oorspronklike kultuur en tradisie die evangelie (Berger, 2004:5).

- Omdat kultuur 'n omvattende realiteit is, is inkulturasie ook allesomvattend. Die regering van God en geloof in 'n drie-enige God as Skepper, Verlosser en Heiligmaker van almal, sluit in dat die evangelie ten minste 'n allesomvattende appèl op elke aspek van die kultuur sal hê.

Enkele voorbehoude in verband met die proses van inkulturasie is (Bosch, 2000:455 en Hendriks, 2004:75):

- Geloofwaardige inkulturasie vernietig nie 'n kultuur nie. Dit ontwikkel nuwe Christelike uitdrukkings wat kultuur verander en transformeer. Kultuur is en moet voortdurend vernuwe (Berger, 2004:4).

- Kultuur kan die evangelie tem. Dit word aanvaar dat die Christendom in die Weste die godsdienstige dimensie van dié kultuur geword het, die gevangene van die kultuur.

- Daar is nie 'n ewige teologie wat kan dien as verwysing vir alle teologieë nie. Sommige teoloë probeer daardie rol vervul, maar probeer daarmee die rol van God oorneem. Die gereformeerde beginsel van *ecclesia semper reformanda* verhoed dit.

- Die imperialistiese manier waarop die Westerse teologie oorheers het, het ook te doen met die stand van die kerk in daardie wêrelddele.

- Interkulturasie sal altyd 'n wag wees wat beskerm teen stagnasie in 'n homogene kultuur. In al die uitdagings wat die kerk tot dusver gehad het, is dié van interkulturasie van multikulture die kerk se grootste uitdaging, veral omdat dit die kerk van die eindtyd versimboliseer.

6.3.5 Uitdagings van interkulturasie

Interkulturasie is die beste omskrywing van die interaksie tussen die evangelie en kulture vanuit die transformasie, wat kulture regoor die wêreld ervaar met betrekking tot multikulturele kontekste. Grenham (2002) sien die proses van interkulturasie as:

- Interkulturasie is 'n aktiwiteit van persone van verskillende kulture en wêreldbeskouings wat, in wedersydse respek vir mekaar, interaksie het met die intensie om die perspektief van die evangelie op bepaalde godsdienstige uitdrukkings (bedienings) saam te ontdek.

- Godsdienstige interkulturele betrokkenheid ontbloot die perspektief van die evangelie op bepaalde gebruike (kulture), wat kan lei tot plaaslike en 'n globale verbintenis wat die religieuse perspektiewe en lewens van individue en kulturele uitdrukkings van gemeenskappe kan verander. Die proses van interkulturasie neem die interafhanklikheid van godsdiens en kultuur waar as belangrik vir lewegewende en blywende verhoudings tussen mense.

- In 'n geglobaliseerde samelewing, waar daar interafhanklikheid van veral ekonomiese realiteite bestaan, sal die proses van interkulturasie vanuit kulturele en Skriftuurlike perspektiewe uitgedaag word - om oplossings te vind vir kulturele identiteit, geloof, vryheid, regverdigheid, vrede, versoening, verhoudings ens. en dit nie oor te laat aan die staat as sy verantwoordelikheid nie.

- Evangeliserende praktyke moet so uitgebou word dat dit 'n gediversifiseerde geestelike solidariteit kan aankweek in 'n interafhanklike en 'n interverbonde onafhanklike wêreld, deur veraktualisering van die evangelie in godsdienstige praktyke.

- Kommunikasiepraktyke moet ontwikkel in lewegewende en bemoedigende strukture, waar ondersteuning deur wedersydse respek 'n omgewing van vertroue skep.

- Sulke gemeenskappe vorm en voed regte verhoudings met die self, ander, die skepping en God.

6.3.6 Samevatting en definiëring van interkulturasie

Interkulturasie is die interaksie tussen die evangelie en kulture deur verbreding van die konsep van inkulturasie. Die proses van interkulturasie moet die volgende in ag neem:

- Die proses van interkulturasie vernietig nie bestaande kulture nie, dit ontwikkel nuwe Christelike uitdrukkings wat kultuur verander en transformeer.
- Die proses van ontwikkeling van 'n nuwe ontluikende kultuur van bediening moet 'n oopsisteem en onderhandelende proses wees, waarin almal betrokke is sonder om bedreig te voel.

- 'n Nuwe kultuur wat ontluik deur interkulturasie neem nie besit van bestaande kulturele uitdrukkings van die evangelie (soos byvoorbeeld die "Afro-Amerikaanse") sonder 'n proses van internalisasie nie.
- Die proses van interkulturasie moet so verloop dat plaaslike gemeenskappe eienaarskap van die ontluikende kultuur kan aanvaar.
- Die lig van die evangelie moet elke faset van so 'n kultuur verlig.
- Die proses neem dinamieke en behoeftes in plaaslike gemeenskappe in ag.

6.4 Samevatting van multikulturaliteit en kerkplanting

6.4.1 Navorsing vanuit die Nuwe-Testamentiese missionêre konteks - soos in hierdie studie aangetoon (vgl. Hoofstukke 2-5) - kan bepaalde bydraes lewer ten opsigte van missiologiese en ekklesiologiese perspektiewe en beginsels rakende kerkplanting, sonder dat Nuwe-Testamentiese gedeeltes as bloudruk gebruik word (vgl. 6.2.5.1).

6.4.2 Kerkplantingsinisiatiewe in die geskiedenis is gewoonlik vanuit een van twee agtergronde geïnisieer: Óf deur teologiese vertrekpunte, óf omstandighede wat dit noodsaak. In gebiede waar kerke as gevolg van monokulturele omstandighede ophou bestaan het, kan herplanting van 'n multikulturele kerk oorweeg word (vgl. 6.2.5.2).

6.4.3 Regstelling van die *CGM* se uitgangpunte is daarin geleë dat die hele Nuwe Testament vanuit sy Ou-Testamentiese openbaringslyne ondersoek moet word vir missionêr-ekklesiologiese beginsels. Prinsipiële besinning oor die planting en funksionering van kerke vanuit basisteoretiese perspektiewe is noodsaaklik. Met goeie oordeel kan gebruik gemaak word van die materiaal van *CGM* en sy nuanseringe (vgl. 6.2.5.3).

6.4.4 In die lig van bogenoemde ondersoek na kerkplanting kan die volgende definisie as werksformule geformuleer word: Kerkplanting is waar en wanneer 'n kerk of kerke as missionêre handeling 'n kerk plant op grond van missionêr-ekklesiologiese beginsels, in omstandighede waar die konteks duidelik verreken word (vgl. 6.2.5.4).

6.4.5 Van elke bestaande bedieningsmodel kan met goeie oorwegings en sensitiwiteit vir behoeftes in 'n bepaalde gemeenskap en konteks, elemente oorgeneem word wat kreatief toegepas kan word in nuwe ontwikkelende kulture - maar elke model sal goed gefundeer moet wees op missionêr-ekklesiologiese beginsels vanuit die Skrif en kontekstuele merkers (sien 6.2.5.5, 6.2.5.6 en 6.2.5.7).

6.4.6 Binne die heersende postmoderne kultuur geld die volgende samevattings (vgl. 6.2.4.1.4.3 en 6.2.5.8):

- Kerke en kerkleiers sal bereid moet wees om gelowiges te betrek om via oopgesprek en 'n oopsisteembenadering, sonder vrees vir veroordeling, tot besluite te kom wat eienaarskap van 'n nuwe gemeente met unieke bedienings kan aanvaar.
- Openheid tot spiritualiteit is meer 'n geleentheid as 'n bedreiging, want só word 'n ruimte geskep waarin 'n nuwe, multikulturele spiritualiteit kan ontwikkel.
- Kommunikasie van die waarheid van die evangelie moet eerder verhalend wees as dogmaties. Sodoende word baie verskille in vertrekpunte geakkommodeer en ruimte geskep vir deelname.
- Gemeenskap is belangrik omdat God 'n God van gemeenskap is en uitreik na die mens sodat hy deel kan wees van die goddelike gemeenskap. Die postmodernisme se soeke na persoonlike betekenis open 'n wye deur vir die evangelie om die persoonlike

verhouding met God, deur Jesus Christus, aan baie mense te bedien - wat die mens in totaliteit (holisties) aanspreek.

- Die postmodernisme bied ruimte vir die wonder- en geloofskarakter van godsdiens, wat inhou dat geestelike waardes en kulturele gebruike nie gekanoniseer mag word nie, maar kan ontwikkel in nuwe gemeenskappe met 'n eie unieke karakter.
- Van alle bestaande bedieningsmodelle kan met goeie oorwegings en sensitiwiteit vir behoeftes in 'n bepaalde gemeenskap en konteks, elemente oorgeneem word wat kreatief toegepas kan word in nuwe ontwikkelende kulture soos die postmoderne kultuur - maar elke model sal goed gefundeer moet wees op missionêr-ekklesiologiese beginsels vanuit die Skrif en kontekstuele merkers.

6.4.7 Die proses van interkulturasie:

- vernietig nie bestaande kulture nie, dit ontwikkel nuwe Christelike uitdrukkings wat kultuur verander en transformeer.
- Die proses van ontwikkeling van 'n nuwe ontluikende kultuur van bediening moet 'n oopsisteem en onderhandelende proses wees, waarin almal betrokke is sonder om bedreig te voel.
- 'n Nuwe kultuur wat ontluik deur interkulturasie neem nie besit van bestaande kulturele uitdrukkings van die evangelie (soos byvoorbeeld die "Afro-Amerikaanse") sonder 'n proses van internalisasie nie.
- Die proses van interkulturasie moet so verloop dat plaaslike gemeenskappe eienaarskap van die ontluikende kultuur kan aanvaar.
- Die lig van die evangelie moet elke faset van so 'n kultuur verlig.

- Die proses neem dinamieke en behoeftes in plaaslike gemeenskappe in ag.
- Interkulturasie as interaksie tussen die evangelie en kulture deur verbreding van die konsep van inkulturasie, is die aktiwiteit van gelowiges van verskillende kulture en wêreldbeskouings wat in wedersydse respek vir mekaar kommunikeer, met die intensie om die perspektief van die evangelie vir bepaalde kulturele uitdrukkings saam te ontdek.
- Godsdienstige interkulturele betrokkenheid ontbloot die perspektief van die evangelie op bepaalde gebruike (kulture), wat kan lei tot 'n plaaslike en globale verbintenis wat die religieuse perspektiewe en lewens van individue en kulturele uitdrukkings van gemeenskappe kan verander.
- Die proses van interkulturasie neem die interafhanklikheid van godsdiens en kultuur waar as belangrik vir lewegewende en blywende verhoudings tussen mense (sien 6.3.5 en 6.3.6).

6.4.8 Daar bestaan nie één metode van kerkplanting nie. In die praktyk sal die keuse van 'n kerkplantingspraktyk afhang van die houding van die gemeente en die konteks van die situasie. Wat belangrik is, is dat 'n deeglike ondersoek en beplanning gedoen word na die situasie waarin die nuwe gemeente geroep word om te ontwikkel en te funksioneer. Vertrouend en biddend vir die leiding van die Heilige Gees, sal ongetwyfeld die pad aangedui word, dat die regte keuse gemaak kan word.

Aantekeninge by Hoofstuk 6

---

1 Hesselgrave (1980: 22-26) steun vir sy vertrekpunt op gepublikseerde argumente soos dié in *To Advance the Gospel* deur Anderson, 1967; *Planting and Development of Missionary Churches* deur Nevius, 1899 en *Understanding Church Growth* deur McGavran, 1968).

2 Murray (2001:93) verwys vir meer inligting oor hierdie geskiedenis na *An introduction to Celtic Christianity*, deur Mackay (1989).

3 Vir 'n meer volledige uiteensetting en evaluering van hierdie model, sien: Hybels (1995), en Robinson (1992).

Vir meer kritiese beskouings:

Pritchard (1995) en Pretorius (2004).

4 Sien Robert Banks se "Paul's Idea of Community", gepubliseer in 1994 (Peabody, Mass. : Hendrickson) en "The Home Church" deur Robert en Julia Banks (1986, Tring, UK : Lion).

5 Sien "Where Do We Go From Here?" deur Ralph Neighbour (Neighbour, 1990).

HOOFSTUK 7: EMPIRIESE GEGEWENS

7.1 Inleidend: doel en metode

Daar bestaan 'n noue relasie tussen praxis 1 en praxis 2 van teologiese handelinge (vgl. 1.3.1.2.2 en Heitink, 1999:9). Dit wil sê: praktiese teologie het te make met die empiriese bestudering van die kerk, sy funksionering in die samelewing en sy vermoë om die Christelike geloof in die bepaalde kulturele konteks te bemiddel. In die praktiese teologie is hierdie konteks die empiriese werklikheid van die plaaslike gemeente (Heyns & Pieterse, 1990:73; Van der Ven, 1994:37). Die doel van die empiriese ondersoek is om kennis te genereer wat dit moontlik sal maak om 'n huidige, onbevredigende situasie (werklikheid) na 'n meer aanvaarbare een te verander (Heitink, 1999:223-225).

In die proses is die verhouding tussen praxis en teorie belangrik (vgl. 1.3.1.2.3). Praxis word beskryf as die handeling van individue en groepe in die samelewing, sowel binne as buite die kerk, wat bereid is om geïnspireer te word in hulle persoonlike en openbare lewens deur die Christelike tradisie en hulle so te laat rig op die heil van mense in die wêreld (Heitink, 1999:151). Teorie is die omvattende hermeneuties-teologiese standpunt wat die Christelike tradisie in verband bring met ervaring, die lewe en die handelinge van die moderne mens (Heitink, 1999:151). Die verhouding *teorie/praxis*, staan in 'n gevoelige en kreatiewe wisselwerking met mekaar, waar teorie as geopenbaarde Christelike tradisie funksioneer - en praxis as geloofspraktyk. Spanning tussen die twee praxes, soos wanneer daar kulturele transformasie plaasvind in 'n gebied wat voorheen in 'n monokulturele tradisie vasgevang was wat ook die handelinge bepaal het, kan alleen deur goeie navorsing tot die minimum beperk word (vgl. konklusies by 1.3.1.3 asook 1.3.2.2). Die

navorsing vereis dat die hermeneutiese en empiriese elemente onafskeidbaar van mekaar sal wees (Heitink, 1999:166).

Heitink (1999:221) toon aan dat die woord *empiries* afgelei is van die Griekse woord *empeira* – wat ervaring beteken. Met empiriese navorsing word dus deur ervaring bepaal hoe die basisteorie in die praktykteorie funksioneer. In die volgende skets (Heitink, 1999:220) toon Heitink aan hoe die empiriese siklus funksioneer. Die empiriese siklus ("regulative cycle") is 'n proses waarvolgens op grond van die basisteorie - wat bepaal is deur die hermeneutiese proses - metateoretiese riglyne daargestel word vir 'n praktykteoretiese verandering.



Figuur 5: Die empiriese perspektief (Heitink, 1999:220)

Daar bestaan verskeie metodes van empiriese navorsing, naamlik beskrywende navorsing, verkennende navorsing en die toets van hipoteses. Heitink (1999:229-231) beskryf hierdie metodes soos volg:

- Beskrywende navorsing fokus op 'n sistematiese beskrywing van 'n tema op grond van empiriese data.

- Verkennende navorsing beklemtoon die verduideliking en interpretasie van gegewens waarvan min bekend is en geen teorie daarrondom ontwikkel is nie.
- In navorsing waar die geldigheid van bepaalde hipoteses getoets word, word bepaal of daar geldige verbande tussen die werklikheid en die teoretiese grond bestaan.

In hierdie studie word verkennend navorsing gedoen, om te bepaal wat die invloed van bepaalde missionêr-ekklesiologiese vertrekpunte op die vestiging van 'n multikulturele bediening in 'n bepaalde gebied is. Empiries word gepoog om verkennend vas te stel in hoe 'n mate die verwagtings en ervarings van gelowiges korrespondeer met missionêr-ekklesiologiese vertrekpunte vanuit die Woord. 'n Onderliggende doelwit is, om naas bogenoemde, empiries vas te stel of daar 'n redelike moontlikheid bestaan om in die studiegebied, met die planting van 'n multikulturele kerk, op grond van bevonde basisteoretiese beginsels voort te gaan.

Die studie word gedefinieer as 'n kombinasie van 'n kwantitatiewe en 'n kwalitatiewe studie. In 1.3.4.2 is aangetoon dat 'n suiwer kwantitatiewe ondersoek bepaalde leemtes het. Die eerste is dat die mense wat ondersoek word maklik die objek van die ondersoek kan wees in plaas van die subjek, omdat vrae wat gevra word nie vrae en sake is wat noodwendig in hulle gemoedere leef nie. In hulle antwoorde kry jy dus nie 'n beeld van diepliggende ervarings nie. Die tweede beperking is dat dit moeilik is om 'n verteenwoordigende snit te maak van al die bestaande sienings en standpunte. Die navorser kan maklik 'n vertekende beeld kry vanuit 'n suiwer kwantitatiewe ondersoek.

By 'n kwalitatiewe ondersoek het die navorser die geleentheid om deur middel van oop vrae die geleentheid te skep vir die ondervraagde om vanuit sy eie verwysingsraamwerk te respondeer. In die kombinasie van 'n kwantitatiewe- en 'n kwalitatiewe ondersoek het die navorser hom in hierdie studie laat lei deur die aard van die vrae wat gevra word, om te bepaal watter fasette beter is om met 'n

kwalitatiewe vraagwyse te opereer en watter fasette hul meer leen tot 'n kwantitatiewe vraagwyse, deur oop vrae te stel.

Die vraelys wat gebruik is en kortliks bespreek word, is saamgestel en finaal geformuleer tydens 'n werkswinkel wat gehou is met *Social Surveys (Pty) Ltd* (Bylae A [Afrikaans] bl. 391; en B [Engels] bl. 392). Die dataverwerking is gedoen deur prof. H.S. Steyn van die *Statistiese Konsultasiediens van Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit*. Die bevindings van die ondersoek sal by wyse van tabelle weergegee word en, waar dit tot meer duidelikheid kan bydra, by wyse van grafieke.

7.2 Vraelys op grond van basisteoretiese perspektiewe in Afdeling A

7.2.1 Studieontwerp

Die studiegebied word afgebaken deur die volgende voorstede binne die Roodepoort Munisipaliteit (*Region 5*):

- Georginia
- 'n Gedeelte van Horison
- Horison View
- Roodepoort-Noord
- Roodepoort-Wes
- Roodepoort-Sentraal

Ten einde die navorsingsdoelwitte te bereik, het die studieontwerp berus op:

- 'n proporsioneel gestratifiseerde ewekansige steekproef van 100 huishoudings binne bogenoemde voorstede;
- 'n huis-tot-huis dataversamelingsmetode; met 'n

- semi-gestruktureerde vraelys as meetinstrument.

Die totale getal huishoudings ingesluit in die afgebakende studiegebied het as steekproefraamwerk gedien. Volgens die *Statistics South Africa CENSUS 2001 (GIS spatial data)* is die totale getal huishoudings binne die afgebakende studiegebied as volg in die ingeslote woongebiede versprei:

Tabel 1: Totale getal wooneenhede binne die studiegebied

Woongebied	Totale Getal Wooneenhede	% van Totale Getal Wooneenhede
Georginia	616	15.0
Horison	1000	24.3
Horison View	68	16.7
Roodepoort-Noord	713	17.3
Roodepoort-Wes	237	5.8
Roodepoort-Sentraal	862	21.0
Totaal	**4113**	**100**

Op grond van die bogenoemde verspreiding, is die gestratifiseerde steekproef van huishoudings beplan:

Tabel 2: Beplande verspreiding van steekproefhuishoudings binne die afgebakende studiegebied

Woongebied	Getal Steekproef-wooneenhede
Georginia	15
Horison	24
Horison View	17
Roodepoort-Noord	17
Roodepoort-Wes	6
Roodepoort-Sentraal	21
Totaal	**100**

Die bogenoemde beplande verspreiding het gelei tot 'n steekproefinterval van 40-42 vir die deur-tot-deur dataversamelingsmetode wat in die studiegebied gevolg is.

7.2.2 Beskrywing van die studiegebiedbevolking

Die bevolking in die studiegebied beskik volgens *Statistics South Africa CENSUS 2001 (GIS spatial data)* oor die volgende demografiese eienskappe:

Tabel 3: Bevolkingsgroepverspreiding (%)

Woongebied	Swart	Kleurling	Asiër	Blank
Georginia	22.7	17.4	3.7	56.0
Horison	17.4	4.7	2.1	75.9
Horison View	18.2	5.7	2.3	73.8
Roodepoort-Sentraal	49.0	8.3	11.6	31.2
Roodepoort-Noord	26.9	10.7	1.2	61.1
Roodepoort-Wes	38.9	13.9	8.4	38.8
Totaal	**27.0**	**8.7**	**4.3**	**60.0**

Tabel 4: Geslagsverspreiding (%)

Woongebied	Manlik	Vroulik
Georginia	47.9	52.1
Horison	45.6	54.4
Horison View	44.5	55.5
Roodepoort-Sentraal	50.6	49.4
Roodepoort-Noord	48.4	51.6
Roodepoort-Wes	47.8	52.2
Totaal	**47.3**	**52.7**

Tabel 5: Ouderdomsverspreiding (%)

Woongebied	< 18	18-25	26-40	41-55	>55
Georginia	25.6	13.8	28.9	18.7	13.1
Horison	22.3	12.1	24.9	21.8	18.9
Horison View	20.7	16.6	23.5	22.5	16.7
Roodepoort-Sentraal	24.9	18.0	35.4	13.9	7.8
Roodepoort-Noord	24.2	15.4	29.1	17.1	14.2
Roodepoort-Wes	29.9	15.2	32.7	15.8	6.3
Totaal	**23.5**	**14.5**	**28.3**	**18.9**	**14.2**

Tabel 6: Taalverspreiding (%)

	Afr.	Eng.	Ndebele	Xhosa	Zulu	Sepedi	Sesotho	Setswana	Swazi	Venda	Tsonga	Ander
Georginia	40.8	36.3	0.3	3.1	6.1	0.6	2.4	7.8	1.1	1.0	0.3	0.0
Horison	47.0	36.4	0.3	1.9	2.3	1.2	1.9	6.9	0.1	1.0	0.3	0.7
Horison View	39.5	44.6	0.0	1.8	4.2	1.0	1.3	5.9	0.2	0.6	0.3	0.6
Roodepoort-Sentraal	27.3	24.3	0.6	6.2	12.6	2.8	4.4	18.2	0.1	1.6	0.8	1.0
Roodepoort-Noord	44.5	29.2	0.1	2.8	4.3	1.6	2.0	12.9	0.3	0.8	0.5	0.9
Roodepoort-Wes	32.5	32.2	0.8	4.0	14.0	2.4	3.2	9.9	0.0	0.0	1.2	0.0
Totaal	**40.2**	**33.8**	**0.3**	**3.1**	**6.0**	**1.5**	**2.4**	**10.2**	**0.3**	**1.0**	**0.5**	**0.7**

Tabel 7: Kwalifikasies: 18 jaar en ouer (%)

	Geen skoling	Laerskool	Hoërskool	Tersiêr
Georginia	2.3	8.9	80.1	8.7
Horison	3.1	6.9	65.5	24.4
Horison View	5.0	4.2	69.0	21.8
Roodepoort-Sentraal	5.0	9.8	75.8	9.4
Roodepoort-Noord	2.6	6.9	81.0	9.5
Roodepoort-Wes	2.3	4.0	75.5	18.3
Totaal	**3.5**	**7.2**	**72.8**	16.5

Tabel 8: Werkloosheid: 15-65 jaar (%)

	Werkloos
Horison	7.2
Georginia	13.4
Horison View	6.2
Roodepoort-Sentraal	18.0
Roodepoort-Noord	15.5
Roodepoort-Wes	13.4
Totaal	**11.6**

7.2.3 Meetinstrument

'n Semigestruktureerde vraelys is gebruik as meetinstrument (Bylaag A en B). 'n Span van vyf veldwerkers is gebruik tydens die data-insamelingsproses. Elkeen van die gekose veldwerkers beskik oor matrikulasiesertifikate en is deeglik opgelei in onderhoudsvoeringstegnieke, asook met betrekking tot die doel van die studie en die inhoud van die meetinstrument. Die navorser het by wyse van 'n steekproef enkele vraesessies meegemaak.

7.2.4 Realisering van die beplande steekproef

As gevolg van praktiese beperkings tydens die data-insamelingsproses (soos byvoorbeeld moeilike toegang tot wooneenhede, weiering van respondente om aan die navorsingsproses deel te neem, ens.) het die steekproef as volg gerealiseer:

Tabel 9: Realisering van die steekproef

Woongebied	Getal Steekpoef-wooneenhede beplan	Steekproefrealisering
Georginia	15	11
Horison	24	22
Horison View	17	18
Roodepoort-Noord	17	18
Roodepoort-Wes	6	5
Roodepoort-Sentraal	21	21
Totaal	**100**	**95**

Aangesien bogenoemde verdeling van die steekproefwooneenhede nie statisties betekenisvol van die beplande steekproefverdeling verskil nie, word die steekproef as verteenwoordigend van die studiegebied beskou.

7.2.5 Demografiese eienskappe van die steekproefbevolking

Vir doeleindes van die studie sal daar nie onderskeid getref word tussen die verskillende woongebiede binne die studiegebied nie. Die studiegebied sal as 'n enkelbevolking beskou word, aangesien die steekproef as verteenwoordigend van die studiegebied beskou word, maar nie noodwendig as verteenwoordigend van die afsonderlike woongebiede binne die studiegebied nie.

Tabel 10: Bevolkingsgroepverdeling van respondente

Bevolkingsgroep	%
Swart	26.3
Kleurling	21.1
Asiër	2.1
Blank	50.5

Tabel 11: Geslagsverdeling van respondente

Geslag	%
Manlik	50.5
Vroulik	49.5

Tabel 12: Taalgroepverdeling van respondente

Taalgroep	%
Afrikaans	54.7
Engels	22.1
Xhosa	3.2
Tswana	7.4
Zulu	7.4
Venda	2.1
Sotho	3.2

Tabel 13: Ouderdomsverdeling van respondente

Ouderdomsgroepe	%
<18	6.3
18-25	20.0
26-40	42.1
41-55	23.2
>55	8.4

Tabel 14: Huwelikstatusverdeling van respondente

Huwelikstatus	%
Enkel	32.6
Getroud	54.3
Weduwee/wewenaar	1.1
Geskei	2.2
Woon saam	9.8

Tabel 15: Gemiddelde maandelikse huishoudelike inkomste van respondente

Gemiddelde Maandelikse HH-inkomste	%
0 – R5000	28.7
R5000 – R15000	43.7
R15000 – R20000	26.4
R20000 – R40000	1.1

Tabel 16: Werkstatus van respondente

Werkstatus	%
Werkend	70.2
Werkloos	9.6
Student	18.1
Pensionaris	2.1

Tabel 17: Vervoersituasie van respondente

Vervoersituasie	%
Eie Vervoer	77.6
Toegang tot vervoer	22.4

7.2.6 Vergelyking tussen *Statistics South Africa CENSUS 2001 (GIS spatial data)* en steekproefbevolking ten opsigte van taal en ras

Tabel 18: Bevolkingsgroepvergelyking

Bevolkingsgroep	2001-statistiek	2001-Statistiek in %	Steekproef-%	%-verskil
Swart	64,974	32.53	26,3	-6.23
Kleurling	9,458	4.73	21,1	16.37
Asiër	4,643	2.32	2.1	-0.22
Blank	120,688	60.42	50,5	-9.92

Tabel 19: Taalgroepvergelyking

Taal	2001-statistiek	2001-statistiek in %	Steekproef-%	%-verskil
Afrikaans	54,008	27.03	54,7	27.67
Engels	82,875	41.5	22,1	-19.4
IsiNdebele	1,555	0.78	n.v.t.	n.v.t.
IsiXhosa	7,897	3.95	3,2	-0.75
IsiZulu	10,944	5.48	7,4	1.92
Sepedi	6,350	3.17	n.v.t.	n.v.t.
Sesotho	6,676	3.34	3,2	-0.14
Setswana	17,504	8.76	7,4	-1.36
SiSwati	891	0.45	n.v.t.	n.v.t.
Thsivenda	4,628	2.32	2,1	-0.22
Xitsonga	4,042	2.02	n.v.t.	n.v.t.
Ander	2,295	1.15	n.v.t.	n.v.t.

7.2.7 Afleidings uit steekproefbevolking

7.2.7.1 Uit die volgende tabelle kan die afleiding gemaak word dat die steekproefbevolking in alle vergelykende gevalle 'n ewekansige steekproef verteenwoordig:

Vergelyking	Tabelle
Bevolkingsgroepverspreiding	3,10 en 18
Taalverspreiding	6, 12 en 19
Geslag	4 en 11
Ouderdom	5 en 13
Werkstatus	8 en 16
Inkomste	15
Huwelikstatus	14
Vervoersituasie	17

7.2.7.2 Wat kleurlingindividue betref, verteenwoordig die steekproef 16.37% (Tabel 18) meer as die 2001-statistiek. Dit kan verklaar word uit die feit dat Davidsonville, wat in die steekproefgebied val, die enigste eksklusiewe kleurlingwoonbuurt is wat die kleurlinggetalle noemenswaardig verhoog, maar wat verteenwoordigend is van die profiel van hierdie gebied.

7.2.7.3 Wat taalgroepe betref (Tabel 19), word net sewe van die taalgroepe verteenwoordig ten opsigte van die 2001-statistiek. Die taalgroepe wat wel verteenwoordig word se verhouding ten opsigte van die 2001-statistiek is goed.

7.2.7.4 Die biografiese inligting ten opsigte van geslag is baie goed (50/50) en ten opsigte van die ouderdomme, huwelikstatus en werkstatus is daar geen noemenswaardige afwyking nie. Ten opsigte van vervoer, blyk dit dat dít nie enige probleem kan veroorsaak met die oog op kerkbesoek nie.

7.2.7.5 'n Finale gevolgtrekking kan gemaak word dat die steekproef 'n goed gebalanseerde en ewekansige steekproef is.

7.2.8 Vrae op grond van basisteoretiese perspektiewe in Afdeling 1

Op grond van die basisteoretiese perspektiewe wat in Hoofstuk 5 gelys is (kyk 5.3-5.5), is 'n vraelys met 16 vrae (uitgesluit onderafdelings) vir gebruik in die steekproefbevolking opgestel. Die vrae wat in die vraelys gebruik is, word vervolgens kortliks toegelig. Verwysings na die gevolgtrekkings en basisteoretiese perspektiewe in Afdeling 1 (vgl. 5.3 - 5.5) wat die betrokke vraag begrond, word in hakies aangebring. In sommige gevalle is ook, ter wille van groter duidelikheid, spesifieke verwysings na paragrawe in vorige hoofstukke aangebring.

7.2.8.1 Vrae wat gehandel het oor die verhouding Hoof-en-liggaam

Die volgende vrae is na aanleiding van die basisteoretiese perspektiewe van Hoofstuk 2 oor die verhouding *Hoof-en-liggaam* gestel (Afdeling B). Die vrae is gestruktureer onder die hoof *Oorsprong en roeping*. Met *oorsprong* word verwys na Christus as Hoof en oorsprong van geloof en die kerk se antwoord daarop as *roeping*. Met die formulering van die vrae is die volgende in ag geneem:

- Die onbekende faktor van *wie op die markplein die vrae gaan beantwoord*.
- Om sensitiwiteit te openbaar en nie emosionele spanning te veroorsaak nie. Om dié rede is die vrae baie eenvoudig geformuleer en is Afdeling A se vrae eers aan die einde van die onderhoud gevra.
- Vermyding van kerk en geloofstaal wat vreemd kan wees.

Om bogenoemde redes was vyf van die nege vrae in hierdie afdeling oop en ongestruktureerde vrae. Met behulp van **Vraag 1a** is gepoog om die persoon met wie onderhoud gevoer word op sy/haar gemak te stel, maar terselfdertyd instemming te kry oor die belang en noodsaak van godsdiens (religie). In **Vraag 1b** is hy/sy geleentheid gegee om sy/haar bepaalde oortuiging oor die noodsaak van godsdiens al dan nie, uit te spreek. **Vraag 2a** was voorbereidend op 'n moontlike persoonlike verbintenis in **Vraag 2b** ten opsigte van godsdiens.

Met behulp van **Vraag 3** is gepoog om die bevindings van 5.3.1.1, 5.3.1.2 en 5.3.1.3 te toets met 'n oop vraag - om sodoende te probeer vasstel of die outoriteit van Christus as *Hoof* en die roepingsverantwoordelikheid van die gelowige as *liggaam van Christus* erkenning kry. Moontlike erkenning van die outoriteit van Christus sal in antwoorde na vore kom wat Jesus Christus erken as die enigste grond van geloof. Moontlike roepingsontrou sal na vore kom in antwoorde wat

daarop dui dat die begronding van geloof geleë is in die doen van goeie dade, godsdienstige handelinge, nakoming van wette en reëls of ervaring.

Met behulp van **Vraag 4** is gepoog om die bevindings in 5.3.1.4 en 5.3.1.5 te kontroleer deur vas te stel of die versoening met die "Hoof", Jesus Christus, sigbaar manifesteer in die liggaam. Dit kan na vore kom waar en wanneer die liggaam die versoening uitleef op konsekwente, geloofwaardige en betroubare wyses.

Met **Vraag 5a** en **5b** word vasgestel wat respondente se kerklike verbintenis is, om te kom by **Vraag 5c** en die bevindings in 5.3.1.6 en 5.3.1.7 te kontroleer met die ervaring wat mense van die kerk het. Positiewe ervarings kan beteken dat die kerk as versoende gemeenskap lewe en so 'n sigbare manifestasie aan die wêreld is van die Hoof se dienende heerskappy. Die bevindings rondom kerk kan dan gekontroleer word met bevindings van Christene (Vraag 4).

7.2.8.2 Vrae wat gehandel het oor merktekens van die kerk

Die volgende vrae is gestel oor merktekens van die kerk as uitdrukking van die missionêre identiteit van die kerk (Afdeling C). Die vrae is gestruktureer onder die hoof *Merktekens*. Al die vrae in die afdeling is gestruktureerde vrae met alternatiewe keusemoontlikhede.

Vraag 6 toets die basisteoretiese perspektief dat *eenheid* as merkteken uitdrukking is van 'n missionêre ekklesiologie as identiteit van die kerk (vgl. 5.4.2.1, 5.4.2.2 & 5.4.3.1; asook 3.3.2.4). Die konteks waarin die keusemoontlikheid gegee is, is belangrik vir die onderwerp van die studie en kan aantoon of multikulturaliteit vir gelowiges in hulle ervaringswêreld 'n bedreiging inhou ten opsigte van multikulturele kerkplanting.

Vraag 7 toets die basisteoretiese perspektief dat *heiligheid* as merkteken 'n uitdrukking is van die missionêr-ekklesiologiese identiteit van die kerk (vgl. 5.4.2.1, 5.4.2.2, 5.4.3.2 & 5.4.3.7; asook 3.3.3.4). *Heiligheid* is in die vraag voorgestel met die begrip *integriteit*. Die rede hiervoor is dat heiligheid as "kerktaal" verwarrend kan wees en ervaar kan word as 'n statiese begrip. *Integriteit* beteken volgens Labuschagne *et al.* (1999) om "integer" te wees. "Integer" beteken "opreg, onbesproke, onkreukbaar, onomkoopbaar, met integriteit". Die *ICC (Doxa Deo Inner City Campus)*, wat 'n multikulturele bediening in die ou Bosmanstraat-N.G. Kerk is, formuleer een van hulle missies as: "a Passion for integrity". Daaronder word verstaan: "a Respect for the holiness of God and a hatred for sin". Die gebruik van *integriteit*' is 'n dinamiese begrip wat daarom goed uitdrukking gee aan die betekenis van *heiligheid* (vgl. 3.3.3.4).

Vraag 8, 9a en **9b** toets die basisteoretiese perspektief dat *katolisiteit* en *apostolisiteit* uitdrukkings is van die missionêr-ekklesiologiese identiteit van die kerk (vgl. 5.4.2.1, 5.4.2.2, 5.4.3.5 & 5.4.3.6; asook 3.3.4.4). Vraag 8 gee meer uitdrukking aan *katolisiteit* en Vraag 9a en 9b aan *apostolisiteit*.

7.2.8.3 Vrae wat gehandel het oor bedienings van die kerk

Die volgende vrae is gestel oor bedienings van die kerk as uitdrukking van die missionêre identiteit daarvan (Afdeling D).

Die vrae is gestruktureer onder die hoof *Bedienings*. Die vrae is as geslote vrae (11a, 11b, 11c, 13a, 13b, 13c, 14a, 14b, 15a, 16a & 16b) met keusemoontlikhede en oop vrae (10, 11d, 12 & 15b) gestruktureer.

7.2.8.4 Vrae wat gehandel het oor bedienings in die kerk

Vraag 10, 11a, 11b, 11c, 11d en **12** toets die basisteoretiese perspektiewe op κήρυγμα en λειτουργία as gebeurtenisse waarin die ontmoeting tussen Christus as Hoof en sy kerk as liggaam plaasvind deur bemiddeling van die Woord (vgl. 5.5.1, 5.5.2, 5.5.5.1 & 5.5.5.2; asook 4.4.5 & 4.5.3). **Vraag 11d** dien as motivering en kontrole vir **Vraag 11c** - en kan aantoon of daar 'n bereidheid is om meer kulture te akkommodeer. **Vraag 12** kan dui op die dieper beskouing/begrip van aanbidding (λειτουργία) as gebeurtenis, wat verband hou met die daaglikse lewe en uitdrukking is van gesindhede soos blydskap en vrede, eerder as die nakoming van reëls.

Vraag 13a, 13b en **13c** toets die basisteoretiese perspektiewe op 'n faset van κήρυγμα, naamlik διδασκω as gebeurtenis - wat gerig is op kennis en vaardigheid met die Woord (vgl. 5.5.1.5 & 5.5.5.1; asook 4.4.4.3).

Vraag 14a en **14b** toets die basisteoretiese perspektiewe op twee fasette van κήρυγμα, naamlik εὐαγγελιζω en μαρτυρέω as die inhoud en uitwerking wat die Woord het op gelowiges (vgl. 5.5.1.3 & 5.5.1.4; asook 4.4.2.3 & 4.4.3.3).

Vraag 15a en **15b** toets die basisteoretiese perspektiewe op κοινωνία as vrug van gelowiges se bemoeienis met die opdrag van die evangelie in onderlinge ondersteuning, wat dien as basis vir gelowiges se uitreiking na die wêreld (vgl. 5.5.3 asook 4.6.1.3). Vraag 15b as oop vraag, gee geleentheid vir die respondent om te aan te dui of κοινωνία verstaan word as een van die volgende basisteoretiese perspektiewe op κοινωνία:

- Mense wat saam glo, doen ook saam.
- Ware gemeenskap is meer as 'n gevoel van saamwees. Ons is saam omdat ons saam werk.
- Dit lê 'n basis vir oorvloediger liefde en samewerking in die wêreld.
- Dit gee geleentheid vir die uitlewing van eenheid.
- Dit veronderstel saamstaan teen die aanslag van die wêreld.
- Gelowiges se saamwees is verkondiging aan die wêreld.

Vraag 16a en **16b** toets die basisteoretiese perspektiewe op διακονία as suiwere vorm van naasteliefde, wat gerig is op almal in nood (vgl. 5.5.4 asook 5.5.5.4).

7.2.9 Resultate van die vraelys getabelleer

Die metode van behandeling van die bevindings sal die volgende wees:

- Alle vrae word volgens afdelings in kronologiese volgorde behandel en ná die aanbieding van die resultate sal 'n samevatting gegee word en konklusies getrek word.
- Geslote vrae se antwoorde word in tabelvorm weergegee.
- Oop vrae se antwoorde word in kategorieë ingedeel, wat 'n weerspieëling is van die antwoorde wat ontvang is en van hoe dit basisteoretiese bevindings verteenwoordig. Die bevindings word ook in tabelle weergegee.
- In die lig van die onderwerp van hierdie navorsing, waarin kulture 'n belangrike rol speel, is al die antwoorde ook in terme van tweerigting-frekwensietabelle met bevolkingsgroepe sowel as geslag verwerk - en sal dit, waar van toepassing, in tabelle en/of grafieke weergegee word. In die lig daarvan dat net twee Asiërs vraelyste ingevul het, sal bevindings rondom

Asiërs nie verwerk word nie - dit word nie as statisties verteenwoordigend beskou nie.

- Alle kruiskorrelasies word ook volgens die Phi-koëffisiënt beoordeel om vas te stel of korrelasies verbande uitwys. In gevalle waar sterk verbande na vore kom, word dit in tabelle weergegee en bespreek.
- Waar die frekwensie van vermiste antwoorde (vrae wat nie deur 'n respondent beantwoord is nie) 'n noemenswaardige uitwerking op die resultate kan hê, sal dit weergegee en bespreek word.
- Kruiskorrelasies sal gedoen word met bevindings van *Statistics South Africa CENSUS 2001 (GIS spatial data)* waar dit van toepassing is, sowel as met die bevindings en vergelykende tabelle van die NG Kerk Wes-Transvaal (NG Kerk W.Tvl.) se studie oor die ontwikkeling van godsdienste in Suid-Afrika vanaf 1911 tot 2001.
- Al die getalle word in persentasies weergegee.

7.2.9.1 Afdeling B: Oorsprong en roeping

Vraag 1a. Belang van godsdiens:

Tabel 20

Nee	14.74
Ja	85.26

Vraag 1b. Motivering:

Tabel 21

onbelangrik	9.47
belangrik	87.37

Vraag 2a. Gelowig:

Tabel 22

Nee	17,9
Ja	82.1

Vraag 2b. Geloof:

Tabel 23

Christen	78.95
Ander	3.16
Onbeantwoord	17.89

Vraag 3. Christenskap:

Tabel 24

1	Geloof in Christus	25.27
2	Doen goeie dade	25.27
3	Godsdienshandelinge	17.58
4	Wette en reëls	9.89
5	Ervaring	15.38
6	Ander	6.59

Tabel 25 Kruiskorrelasie van Kategorie 1 en 5 met 2,3, en 4

Kategorie 1 en 5	27.06
Kategorie 2,3,4	72,94

Tabel 26 Tweerigting-frekwensietabelle met bevolking

	1	2	3	4	5	6
Wit	29.79	19.15	17.02	8.51	17.02%	8.51
Kleurling	23.53	47.06	17.65	11.76	0.00	0.00
Swart	20.00	24.00	20.00	12.00	16.00	8.00

Vraag 4. Ervaring van Christene:

Tabel 27

Geloofwaardig, ens.	76.34
Ongeloofwaardig, ens.	11.83
Geen	10.75
Ander	1.08

Tabel 28 Tweerigting-frekwensietabel met bevolking

	1	2	3	4
Wit	78.26	13.04	8.70	0.00
Kleurling	70.00	15.00	10.00	5.00
Swart	84.00	4.00	12.00	0.00

Vraag 5a. Lidmaat:

Tabel 29

Ja	91.6
Nee	8.4

Vraag 5b. Denominasie:

Tabel 30

	2004	2001 (NG Kerk)
Gereformeerd	31.58	9
Anglikaans	5.26	4.8
Metodiste	0.00	9.2
Presbiteriaans/Baptiste/Kongregasionaliste	4.21	4.7
Luthers	6.32	3.2
Rooms-Katoliek	6.32	8.9
Charismaties/Pentekostalisties	14.74	7.3
Afrika-onafhanklik	10.53	40.8
Ander	12.63	12
Geen	8.42	0.00

Tabel 31 Tweerigting-frekwensietabel met bevolking

	Wit	Kleurling	Swart
Gerefeformeerd	52.08	10.00	12.00
Anglikaans	4.17	5.00	8.00
Metodiste	n.v.t.	n.v.t.	n.v.t.
Presb./Baptiste/Kongreg.	4.17	10.00	0.00
Luthers	6.25	10.00	4.00
Rooms-Katoliek	6.25	15.00	0.00
Charismaties/Pentekostalisties	8.33	20.00	24.00
Afrika-onafhanklik	12.50	15.00	40.00
Ander	12.50	20.00	8.00
Geen	6.25	10.00	4.00

Phi-koëffisiënt – 0.89

Vraag 5c. Persepsie, Christelike kerk:

Tabel 32

Positief	76.84
Negatief	9.47
Geen kommentaar	10.53
Ander	3.16

Tabel 33 Tweerigting-frekwensietabel met bevolking

	Wit	Kleurling	Swart
Positief	79.17	65.00	88.00
Negatief	12.50	10.00	4.00
Geen kommentaar	6.25	15.00	8.00
Ander	2.08	10.00	0.00

Tabel 34 Korrelasie: Vraag 4 met Vraag 5c

	Positief	Negatief	Geen kommentaar	Ander
Geloofwaardig, ens.	84.51	5.63	7.04	2.82
Ongeloofwaardig, ens.	36.36	36.36	18.18	9.09
Geen	60.00	10.00	30.00	0.00
Ander	100.00	o.oo	0.00	0.00

Phi-Koëffisiënt – 0.89

7.2.9.2 Afdeling C: Merktekens

Vraag 6. Eenheid van gelowiges:

Tabel 35

Selfde kultuur en agtergrond	6.3
Selfde geloofsoortuigings	93.7

Tabel 36 Tweerigting-frekwensietabel met bevolking

	Wit	Kleurling	Swart
Selfde kultuur en agtergrond	4.17	15.00	4.00
Selfde geloofsoortuiging	95.83	85.00	96.00

Vraag 7. Integriteit (heiligheid)

Tabel 36

Om te voldoen aan 'n stel reëls en regulasies	24.2
Om 'n lewe te leef wat illustreer waarin ek glo	75.8

Tabel 37 Tweerigting-frekwensietabel met bevolking

	Wit	Kleurling	Swart
Om te voldoen aan 'n stel reëls en regulasies	27.08	25.00	12.00
Om 'n lewe te leef wat illustreer waarin ek glo	72.92	75.00	88.00

Tabel 38 Tweerigting-frekwensietabel met geslag

	Vroulik	Manlik
Voldoen aan reëls	12.77	37.78
Leef geloof	87.23	62.22

Vraag 8. Kulturele sentiment:

Tabel 39

Soortgelyke kultuur en agtergrond	13.7
Geen voorkeur	86.3

Tabel 40 Tweerigting-frekwensietabel met bevolking

	Wit	Kleurling	Swart
Soortgelyke kultuur	14.58	5.00	16.00
Geen voorkeur	85.42	95.00	84.00

Tabel 41 Korrelasie vraag 6 met vraag 8

	Soortgelyke kultuur	Geen voorkeur
Selfde kultuur	50.00	50.00
Selfde geloof	11.24	88.76

Phi-Koëffisiënt – .27

Vraag 9a. Gemeenskap:

Tabel 42

Belangrik	93.6
Nie belangrik	6.4

Vraag 9b. Fokus:

Tabel 43

Verspreiding van geloof en geloofswaardes	13.3
Opheffing en behoeftes van gemeenskap	38.9
Beide bogenoemde	47.8

7.2.9.3 Afdeling D: Bedienings

Vraag 10. Aanbiddingsdiens:

Tabel 44

Formele geleentheid	25.26%
Gebeurtenis	66.32%
Weet nie	5.26%
Ander	3.16

Tabel 45 Tweerigting-frekwensietabel met bevolking

	1	2	3	4
Wit	27.08%	62.50%	6.25%	4.17%
Kleurling	25.00 %	65.00%	5.00%	5.00%
Swart	24.00%	72.00%	4.00%	0.00%

Tabel 46 Tweerigting-frekwensietabel met geslag

	Formeel	Gebeurtenis	Weet nie	Ander
Vroulik	14.89	76.60	2.13	6.38
Manlik	13.33	44.44	8.89	33.33

Vraag 11a. Bywoning:

Tabel 47

Bygewoon	87.1%
Nog nie bygewoon nie	12.9%

Vraag 11b. Aanbieding:

Tabel 48

Tevrede	97.5%
Nie tevrede	2.5%

Vraag 11c. Akkommodeer kultuur:

Tabel 49

Steeds bywoon	93.6%
Nie meer bywoon nie	6.4%

Tabel 50 Tweerigting-frekwensiemodel met bevolking

	Nie bywoon	Bywoon
Wit	13.16	86.84
Kleurling	0.00	100.00
Swart	0.00	100.00

Vraag 11d. Hoekom?

Tabel 51

Regte ding	88.75%
Nie regte ding	8.75%
Ander	2.50%

Tabel 52 Tweerigting-frekwensiemodel met bevolking

	Regte ding	Nie regte ding	Ander
Wit	60.24	12.50	27.08
Kleurling	85.00	5.00	10.00
Swart	84.00	0.00	16.00

Vraag 12. Verwagting, erediens:

Tabel 53

1. God en/of Woord sentraal	29.47
2. Mens en belewing sentraal	44.21
3. Albei bogenoemde	14.74
4. Geen antwoord	3.16
5. Ander	8.42

Tabel 54 Tweerigting-frekwensietabel met geslag

	God en Woord	Belewing	Albei	Geen	Ander
Vroulik	29.79	36.17	23.40	4.26	6.38
Manlik	28.89	51.11	6.67	2.22	11.11

Tabel 55 Tweerigting-frekwensiemodel met bevolkingsgroep

	God en Woord	Belewing	Albei	Geen	Ander
Wit	27.08	39.58	16.67	2.08	14.58
Kleurling	25.00	55.00	10.00	5.00	5.00
Swart	40.00	44.00	16.00	0.00	0.00

Vraag 13a. Kennis:

Tabel 56

Meer kennis	79.8
Nie meer kennis	20.2

Tabel 57 Tweerigting-frekwensietabel met bevolkingsgroep

	Nie meer kennis	Meer kennis
Wit	19.15	80.85
Kleurling	30.00	70.00
Swart	8.00	92.00

Vraag 13b. Vaardigheid:

Tabel 58

Meer vaardigheid	79.8
Nie meer vaardigheid	20.2

Tabel 59 Tweerigting-frekwensietabel met bevolkingsgroep

	Nie meer vaardigheid	Meer vaardigheid
Wit	21.28	78.72
Kleurling	25.00	75.00
Swart	8.00	92.00

Vraag 13c. Wyse:

Tabel 60

Selgroep	22.7
Prediking/leer	26.7
Skool/klasbywoning	2.7
Self	5.3
Kombinasie	42.7

Tabel 61 Tweerigting-frekwensiemodel met bevolkingsgroep

	Selgroep	Prediking	Klasse	Self	Kombinasie
Wit	24.23	27.03	0.00	5.41	43.24
Kleurling	46.67	6.67	6.67	0.00	40.00
Swart	4.35	39.13	4.35	8.70	43.48

14a. Geloofsdeling:

Tabel 62

Deel is belangrik	89.4
Nie belangrik	10.6

Vraag 14b. Wyse:

Tabel 63

Deur te praat	56.6
Deur te doen – manier waarop leef	43.4

Vraag 15a. Betrokke:

Tabel 64

Behoefte tot betrokkenheid	87.2
Nie behoefte tot betrokkenheid nie	12.8

Korrelasie: Vraag 14a en 15a

Tabel 65

	Behoefte om geloof te deel	Geen behoefte
Om geloof te deel is belangrik	80.00	20.00
Onbelangrik	4.76	95.24

Phi-Koëffisiënt – 0.7

Vraag 15b. Hoekom:

Tabel 66

Glo en doen saam	42.39%
Meer as gevoel van saamwees	7.61%
Basis, oorvloediger liefde	3.26%
Uitlewing van eenheid	13.04%
Saamstaan teen wêreld	11.96%
Verkondiging	9.78%
Ander	11.96%

Vraag 16a. Betrokke in gemeenskap

Tabel 67

Bereidwillig	91.5%
Nie bereidwillig	8.5%

Vraag 16b. Hoe betrokke

Tabel 68

Help behoeftiges en diegene in nood	59.3
Deel geloof	40.7

7.2.10 Beoordeling van resultate

Die beoordeling van die resultate van hierdie ondersoek word gedoen uit afleidings volgens die getabelleerde resultate en sal in volgorde van vrae en afdelings aangebied word. Aan die einde van elke afdeling sal 'n samevatting van bevindings gemaak word.

7.2.10.1 Afdeling B: Oorsprong en roeping

Die afdeling wat handel oor vrae rakende die verhouding *Hoof-en-liggaam* is in vyf vrae met onderafdelings gevra en die resultate wat bespreek word, is weergegee in tabelle 20 – 34.

7.2.10.1.1 Daar bestaan 'n konsekwente verband tussen Vrae 1a, 1b, 2a en 2b, wat bevestig dat die steekproefbevolking baie verteenwoordigend is van Suid-Afrika se Christenbevolking. Volgens *Statistics South Africa CENSUS 2001 (GIS spatial data)* is daar 79.8% Christene in Suid-Afrika - en volgens hierdie ondersoek, 78.98% (vgl. Tabel 23). Die resultate van hierdie ondersoek kan as verteenwoordigend gereken word vir Suid-Afrika se omstandighede, maar in besonder van stedelike gebiede soos dié van Roodepoort.

7.2.10.1.2 Vraag 3 handel oor die grondbeginsel van 'n Christen se geloof en daarom oor sy verhouding tot Jesus Christus as Hoof van die kerk. Jesus Christus is Hoof van die kerk en daarom van elke gelowige (vgl. 5.3.1.1 en 5.3.1.2). Jesus Christus se Hoofskap het 'n dienende outoritêre betekenis, omdat sy Verlossing vir die kerk 'n nuwe verhouding van liefde tot Hom moontlik gemaak het. Hierdie verhouding vind uitdrukking in gehoorsaamheid en selfverloëning, wat uitloop op roepingsgetrouheid (vgl. 5.3.1.3). Enige aanduiding dat die mens sy geloof op enige vorm van verdienste bou, plaas 'n hindernis in die gelowige se pad om sy identiteit in die Hoofskap van Christus te begrond, te beleef as 'n gawe en gehoorsaam daarop te antwoord (vgl. 5.3.1.1 tot 5.3.1.7).

Die resultate van Vraag 3 dui daarop dat slegs 25.27% Christene erken dat Christenskap begrond is in geloof in Jesus Christus alleen (Tabel 24). Indien geloof en ervaring van verlossing saamgevoeg word, skuif die persentasie op na 27.06% (Tabel 25). Die erkenning dat geloof begrond is in goeie dade (verdienste) is ook 25.27%, maar wanneer die nakom van godsdienstige handelinge, nakom van wette en reëls bygereken word, skuif die persentasie op na 72.94% (Tabel 25).

In 'n verdere ondersoek deur middel van tweerigting-frekwensietabelle met betrekking tot bevolking, is bevind dat begronding van geloof in goeie dade by kleurlinge sterk na vore kom (47.06% - Tabel 26) teenoor wit- (19.15%) en swartrespondente (24%).

'n Gevolgtrekking waartoe in hierdie ondersoek gekom word is dat daar 'n groot leemte bestaan in die begronding van geloof by Christene, naamlik dat Christus as dienende Hoof van die kerk aan die kerk verlossing skenk uit genade. Die beskouing dat geloof

veranker is in dade of geloofshandelinge, is 'n groot leemte. Die beskouing is volgens hierdie ondersoek veral 'n geneigdheid by die kleurlingbevolking en verdien ten opsigte van dié bevolkingsgroep nadere ondersoek en strategiese beplanning.

7.2.10.1.3 Vraag 4 het as oop vraag ten doel gehad om respondente die vrymoedigheid te gee om uit ervaring aan te dui hoe Christenskap in die daaglikse praktyk van die lewe ervaar word. Die resultate dui daarop dat Christenskap positief ervaar word (76.34% vir geloofwaardige ervaring, teenoor 11.83% negatief - vgl. Tabel 27). In die lig van die resultate kan gekonstateer word dat versoening met die Hoof, Jesus Christus, sigbaar manifesteer in die liggaam (vgl. 5.3.1.4 en 5.3.1.5). 'n Verdere waarneembare feit uit die resultate is dat Christenskap veral in die swartgemeenskappe as positief beleef word (vgl. Tabel 28).

Die gevolgtrekking waartoe gekom word is dat Christenskap positief funksioneer as alternatiewe gemeenskap in die wêreld en dat hierdie belewing versterk kan word deur 'n suiwerder begronding van geloof in Jesus Christus as Hoof (vgl. 7.10.12).

7.2.10.1.4 Vraag 5 het 'n drieledige doel gehad. Eers om vas te stel wat respondente se kerklike verbintenis is, sodat die kerklike verspreiding gekontroleer kan word (Vraag 5a en 5b), maar ook om persepsies van Christelike kerke te kontroleer met bevindings in 5.3.1.6 en 5.3.1.7 (Vraag 5c). Van die respondente behoort 91.6% aan 'n Christelike kerk. Die Metodiste is die enigste denominasie wat nie verteenwoordig is in die steekproefbevolking nie. Die Anglikane, Presbiteriane/Baptiste/Kongregasionaliste, Lutherse, Rooms-Katolieke en "Ander" denominasies het almal 'n gebalanseerde verteenwoordiging in die steekproefbevolking. Denominatiewe

verspreiding verskil van die *Statistics South Africa CENSUS 2001 (GIS spatial data)* (NG Kerk, 2001) ten opsigte van Gereformeerde, Charismaties/Pentekostalisties en Afrika-onafhanklike kerke. Gereformeerde verbintenis verteenwoordig in die steekproef 31.58% teenoor 'n landswye 9%. 'n Verklaring vir hierdie verhouding kan wees dat Gereformeerde kerke tradisioneel gevestig is onder Afrikaanssprekendes. Die gebied wat deur die steekproefbevolking verteenwoordig word, vertoon 'n samestelling van 50.5% blankes teenoor die 60.42% van 2001 (vgl. Tabel 18). Die statistiese verteenwoordiging van die Charismaties/Pentekostalistiese groep en die Afrika-onafhanklike groep staan in verband met mekaar. Die Nasionale verteenwoordiging van bogenoemde groepe is onderskeidelik 7.3% en 40.8% (vgl. Tabel 30). Dit kan verwag word dat in die steekproefgebied minder Afrika-onafhanklike kerke verteenwoordig sal wees as in gebiede wat oorwegend swart- of meer landelike inwoners het. 'n Waarneming op grond van besoeke aan Rhema Kerk, wat onder die Charismatiese groep val en aan die Wesrand geleë is, bevestig dat gelowiges wat die groep besoek oorwegend swart is. Die verwagting onder kerkleiers van Rhema is dat hulle swartlidmatetal in die volgende tien jaar kan styg tot 90%. Tabel 31 se tweerigting-frekwensietabel met bevolking toon ook aan dat die verteenwoordiging onder charismatiese/pentekostalistiese denominasies 20% kleurlingindividue en 24% swartindividue is. 'n Baie sterk charismatiese kerk in Soweto, die *Grace Bible Church* word deur swartgelowiges aan die Wesrand besoek (uit die streekproefbevolking het twee aangedui dat hulle aan *Grace Bible Church* behoort). 'n Groter verteenwoordiging van charismatiese gelowiges en 'n kleiner verteenwoordiging van Afrika-onafhanklike kerke kan te wagte wees.

Vraag 5c dui op 'n positiewe belewing van die Christelike kerk deur 76.84% (tabel 32). In 'n tweerigting-frekwensiemodel met bevolking (Tabel 33), is vasgestel dat die positiewe belewing van die kerk by kleurlingindividue noemenswaardig onder die gemiddeld is (65%), maar by swartindividue weer hoër as die gemiddeld (88%).

'n Korrelasie van Vraag 4 en 5c (Tabel 34) dui met 'n phi-koëffisiënt van 0.46 op 'n sterk verband. Die positiewe sterk verband wat na vore kom, is dat 'n gemiddeld van 84.51% respondente wat positief geantwoord het ten opsigte van belewing van Christene in Vraag 4, dieselfde positiewe waardering het op Vraag 5c oor belewing van die Christelike kerk. Christene en Christelike kerke staan sterk in die gemeenskappe waarin hulle funksioneer. Dit beteken dat die plek van die Christelike kerk, net soos dié van Christene (vgl. 7.2.10.1.3) versterk en uitgebou kan word deur hulle begronding in die Hoof, Christus. Dit kan tot voordeel van die kerk en koninkryk wees. Die liggaam van die Hoof, Jesus Christus, is nie net instrumenteel die plek waar versoening plaasvind nie (vgl. 5.3.1.6), maar ook die plek waar alle beskikbare gawes toegerus en aangewend kan word om optimaal te funksioneer (vgl. 5.3.1.5).

7.2.10.1.5 Samevatting

7.2.10.1.5.1 Die resultate van hierdie ondersoek kan as verteenwoordigend gereken word vir Suid-Afrika (maar in besonder van stedelike gebiede soos dié van Roodepoort) se multikulturele samestelling (7.2.6), verteenwoordiging van Christene (7.2.10.1.1 en 7.2.10.1.3) en die diversiteit en verteenwoordiging van kerke.

7.2.10.1.5.2 Die resultate by Vraag 3 (7.2.10.1.2) dui daarop dat Christene se geloof, wat hierdie steekproefbevolking betref, swak gefundeer is in die Hoof, Jesus Christus. Die feit dat 'n suiwer geloofsbegronding en identiteitsbelewing veral by kleurlingindividue (vgl. 7.2.10.1.2) 'n groot leemte is, verdien spesiale aandag.

7.2.10.1.5.3 Die positiewe waardering wat bestaan vir Christene (7.2.10.1.3) en die kerk (7.2.10.1.4 - veral ten opsigte van die swartbevolking) is 'n belangrike aanknopingspunt om die ware identiteit van Christene en die kerk as liggaam van Christus (die Hoof van die kerk) uit te bou tot 'n sterkpunt.

7.2.10.2 Afdeling C: Merktekens

Die afdeling wat handel oor merktekens van die geloof is gekontroleer met vier geslote vrae, wat verwerk is en weergegee word in Tabelle 35 – 43.

7.2.10.2.1 Vraag 6 het gehandel oor *eenheid van gelowiges* en is gevra om 'n faset van eenheid as merkteken te toets. 'n Baie sterk komponent van die respondente is daarvan oortuig dat eenheid van gelowiges nie in verband staan met dieselfde kultuur en agtergrond nie (6.3%), maar met geloofsoortuigings (93.7%) (vgl. Tabel 35). In 'n tweerigting-frekwensietabel met bevolking (Tabel 36) was kleurlingrespondente met hul keuse van kultuur en agtergrond as uitdrukking van eenheid, die enigste groep wat noemenswaardig bo die gemiddeld van 6.3% (Tabel 35) - naamlik 15% (Tabel 36) - gereageer het.

'n Belewing van eenheid van gelowiges of 'n strewe daarna, blyk hier 'n sterkpunt te wees. In die lig van bevindings in 7.2.10.1.2 rakende die begronding van geloofsekerheid wat 'n groot leemte openbaar, kan

hierdie bevindings nie sonder meer as 'n sterkpunt geïnterpreteer word nie.

Finale resultate rakende 'n openheid vir ander kulture al dan nie, sal bespreek word by behandeling van Vraag 8, nadat Vraag 6 met Vraag 8 gekruiskorreleer is.

7.2.10.2.2 Vraag 7 is gevra om 'n belangrike faset van *heiligheid* as merkteken te toets. Twee alternatiewe moontlikhede is gegee om van te kies, sodat bepaal kan word of die swaartepunt ten opsigte van heiligheid geleë is in die nakom van reëls of in geloofsoortuiging. 75.8% (Tabel 36) van die respondente toon aan dat 'n lewe van heiligheid (getoets met die begrip *integriteit*) 'n uitdrukking is van geloof en nie die nakoming van reëls en regulasies nie (24.2%).

'n Tweerigting-frekwensietabel met bevolking toon egter aan dat 27.08% witrespondente en 25.00% kleurlingrespondente kies vir die nakom van reëls, terwyl slegs 12.00% van die swartrespondente vir dié moontlikheid kies (Tabel 37). 'n Tweerigting-frekwensietabel met geslag toon aan dat 37.78% van die manlike respondente kies vir die nakom van reëls en regulasies teenoor 12.77% vroulik (Tabel 38).

Hoewel die oorwegende tendens is dat 'n keuse gemaak word vir uitlewing van geloof as uitdrukking van 'n heilige lewenswandel, word 'n leemte in hierdie opsig geïdentifiseer omdat 'n groot verteenwoordiging van die wit- en kleurlingbevolkings - en meer spesifiek die mans - oorwegend kies vir die nakom van reëls en regulasies. Die tendens sluit ten opsigte van kleurlingindividue en mans aan by die bevindings van 7.2.10.1.2.

7.2.10.2.3 Vraag 8 fokus op 'n faset van die merkteken *katolisiteit* deur bereidwilligheid te toets om die evangelie op alle vlakke van die bediening oor kulturele grense te kommunikeer. Tabel 39 toon dat 86.3% van die respondente geen reserwes ten opsigte van multikulturele aanbidding het nie. Aanbidding is gebruik om hierdie merkteken te evalueer, omdat aanbidding en aanbiddingsgeleenthede sensitiewe terreine is van kommunikasie tussen verskillende kulture in 'n multikulturele bediening. Om dié rede is ook 'n tweerigting-frekwensietabel ingespan om openheid vir ander kulture te toets. Tabel 40 toon aan dat kleurlingindividue (5%) teenoor wit- (14.58%) en swartrespondente (16%) meer oop is om alle kulture in gesamentlike aanbidding te akkommodeer.

In 7.2.10.2.1 is aangedui dat die belewing van eenheid van gelowiges (Vraag 6) in sy verhouding tot Vraag 8 verder bespreek sal word. 'n Phi-koëffisiënt van .27 dui op 'n verband tussen die twee fasette. Die verband is dat 88.76 % (Tabel 41), wat in Vraag 6 'n openheid tot ander kulture geopenbaar het, dit in Vraag 8 bevestig. Strategies behoort hierdie positiewe bevinding van openheid tot ander kulture (veral by kleurlingindividue) by te dra tot die uitbou van "eenheid van gelowiges" as merkteken van die kerk in verskillende bedienings.

7.2.10.2.4 In Vraag 9 word 'n faset van *apostolisiteit* as merkteken van die kerk by die steekproefbevolking getoets - in terme van bereidheid om uit te reik na ander gemeenskappe. Vraag 9a toets die noodsaak van uitreiking tot ander gemeenskappe en Vraag 9b die wyse van uitreiking. Tabel 42 toon dat 93.6% van die gemeenskap 'n noodsaak bevestig tot uitreiking. Tabel 43 toon aan dat 13.3% 'n keuse maak vir verspreiding van geloof en geloofswaardes, terwyl 38.9% die kerk se rol in die gemeenskap verstaan as 'n gerigtheid op behoeftes van die gemeenskap. 47.8% kies vir 'n kombinasie van verspreiding van

geloof en geloofswaardes en die aanspreek van behoeftes van gemeenskappe. 'n Kontrolevraag om vas te stel of daar met die lediging van behoeftes 'n balans is tussen fisiese en geestelike behoeftes, is nie spesifiek gekontroleer nie. In die lig van die lae frekwensie respondente wat kies vir 'n balans tussen verspreiding van geloof en geloofswaardes en opheffing van behoeftes, kan 'n afleiding gemaak word dat daar nie 'n goeie balans tussen die fisiese en geestelike is nie. Dit kan aanvaar word dat by die opheffing van behoeftes verstaan word die opheffing van meer fisiese as geestelike behoeftes. Toerusting in 'n suiwer begronding van geloof in Jesus Christus as Hoof, kan 'n gesonde balans verseker.

7.2.10.2.5 Samevatting

7.2.10.2.5.1 Die *eenheid van gelowiges* as merkteken toon bemoedigende uitkomste as 'n basis waarvan gewerk kan word. Die basiese vetrekpunt is geloofsoortuigings (vgl. 7.2.10.2.1). Dit plaas Jesus Christus, as Hoof van die kerk, in die sentrum van eenheidsbelewing. Hoewel dit vasgestel is dat eenheidsbelewing nie gebaseer is op kultuur en agtergrond nie, maar op geloofsoortuigings, is die aanduiding volgens 7.2.10.1.2 dat die geloofsbegronding nie suiwer is nie. Die uitbou van die grondbeginsel dat Jesus Christus Hoof is van die kerk, kan hierdie bevindings baie versterk. Die openheid by die kleurlinge tot interkulturele kontak, kan daartoe meewerk dat leemtes in die kleurlingbevolking se geloofsoortuigings ook omgekeer kan word tot 'n sterkpunt.

7.2.10.2.5.2 *Die* belewing van *heiligheid* as merkteken vertoon bepaalde leemtes wat strategiese aandag verdien. Hoewel die oorwegende tendens is dat 'n keuse gemaak word vir uitlewing van geloof as uitdrukking van

'n heilige lewenswandel, word 'n leemte in hierdie opsig geïdentifiseer, omdat 'n groot verteenwoordiging van die wit- en kleurlingbevolking - en meer spesifiek die mans in die algemeen - oorwegend kies vir die nakom van reëls en regulasies. Skriftuurlike begronding van heiligheid as gebaseer op erkenning van Jesus Christus as Hoof van die kerk, verdien baie aandag in strategiese beplanning.

7.2.10.2.5.3 Die belewing van *katolisiteit* as merkteken van die kerk het 'n positiewe profiel (vgl. 7.2.10.2.3). Daar bestaan min kulturele sensitiwiteit ten opsigte van akkommodering van mekaar. Die kleurlinggemeenskap is meer akkommoderend as die wit- en swartgemeenskappe. Hierdie openheid behoort by te dra tot die uitbou van katolisiteit as merkteken en kan as sterkpunt verder uitgebou word deur insigte tuis te bring dat elke onderskeie kultuur 'n gawe is van die Hoof van die kerk, wat gerespekteer en waardeer moet word al ontwikkel nuwe geloofsgemeenskappe.

7.2.10.2.5.4 In die uitlewing van 'n faset van die merkteken *apostolisiteit*, blyk 'n positiewe openheid van gelowiges om verkondiging oor kulturele grense te neem (vgl. 7.2.10.2.4). Daar sal egter in toerusting en opbou voortdurend gelet moet word op 'n balans tussen fisiese en geestelike behoeftes.

7.2.10.3 Afdeling D: Bedienings

Die afdeling wat handel oor fasette van bedienings van die kerk, is gekontroleer met Vrae 10 tot 16, wat weergegee is in Tabelle 44 tot 68.

7.2.10.3.1 Vraag 10 is 'n oop vraag, wat ten doel het om respondente se algemene begrip te toets van 'n aanbiddingsgeleentheid as

verkondigingsruimte van die evangelie en uitdrukking van κήρυγμα en λειτουργία as bediening. 25.26% van die respondente beoordeel 'n aanbiddingsdiens as 'n formele geleentheid en vir 66.32% is 'n aanbiddingsdiens 'n gebeurtenis (vgl. Tabel 44). 'n Tweerigting-frekwensietabel met bevolking toon geen noemenswaardige verskille in die opvatting tussen die verskillende bevolkings nie. 'n Tweerigting-frekwensietabel met geslag (vgl. Tabel 46) gee egter ander inligting. Hoewel manlike en vroulike respondente binne dieselfde verhouding (14.89% tot 13.33%) 'n aanbiddingsdiens as 'n formele geleentheid verstaan (vgl. Tabel 46), verskil die verhouding ten opsigte van die beskouing van 'n aanbiddingsdiens as 'n gebeurtenis (76.60% vrouens tot 44.44% mans). 33.33% van die manlike respondente verstaan iets anders onder 'n aanbiddingsdiens. 'n Verklaring van hierdie verskil kan nagegaan word deur 'n faset van Vraag 12 hier in berekening te bring. Met Vraag 12 is by wyse van 'n oop vraag geleentheid gegee om verwagtings rondom 'n aanbiddingsdiens te omskryf. In 'n tweerigting-frekwensietabel met geslag (Tabel 54), is aangetoon dat 36.17% vroulike respondente 'n erediens as 'n belewing aandui, teenoor 51.11% mans. In dieselfde tabel (Tabel 54) word ook aangedui dat 23.4% vroue en 6.67% mans 'n kombinasie van God as fokus en belewing verkies.

Samevattend is aangetoon dat κήρυγμα en λειτουργία as bedienings sterkpunte is, wat die erediens verstaan as 'n gebeurtenis wat plaasvind tussen God/Woord en mens, veral in die geval van vrouens. Vrouens se aanbiddingspersepsie is meer gefokus op wat gebeur tussen God en mens in die omgaan met die Woord, as dié van mans. Mans is meer ingestel op belewing. Openheid vir die Woord en omgang met die Woord is sterkpunte by gelowiges. Die plek van die Woord in gelowiges se lewens kan sterker uitgebou word by mans.

7.2.10.3.2 Vraag 11 a tot d, asook Vraag 12, handel oor aanbidding as gedeeltelike uitdrukking van λειτουργία as bediening. Vraag 11a toets die bywoning van eredienste. 87.1% (Tabel 47) het reeds in die verlede eredienste bygewoon, waarvan 97.5% (Tabel 48) tevrede was met die aanbieding daarvan. In 'n evaluering van die openheid om meer kulture in eredienste te akkommodeer, het 93.6% (Tabel 49) geen probleme daarmee nie. In 'n tweerigting-frekwensietabel met bevolking (Tabel 50) is die aanduiding dat slegs 13.16% van die witgroepering probleme het met 'n multikulturele erediens, teenoor 0.00% kleurling en 0.00% swartrespondente. Vraag 11d was 'n oop vraag waar redes gegee kon word vir die standpunt wat in 11c ingeneem is. Die antwoorde op hierdie vraag loop uit op baie direkte motiverings, wat in drie kategorieë geplaas kon word (Tabel 51). 88.75% van die respondente beskou so 'n handeling as die regte ding om te doen. In 'n tweerigting-frekwensietabel met bevolking (Tabel 52), is nagegaan of bevolkingsgroep enige aanduiding gee van oortuigings. 12.50% van die witrespondente voel dit is nie die regte ding om te doen nie. Hierdie verteenwoordiging stem ooreen met die bevinding in Tabel 50 waar 13.16% van die witbevolking van oordeel was dat hulle verkies om nie 'n multikulturele diens by te woon nie.

Samevattend kan gesê word dat erediensbywoning 'n belangrike saak vir alle bevolkings- en geslagsgroeperinge is en dat daar 'n groot openheid is om ander kulture te akkommodeer. Die witbevolking is egter nog in 'n mate gereserveerd en sal in strategiese beplanning in ag geneem moet word.

7.2.10.3.3 Vraag 12 som die verwagtings van die steekproefbevolking ten opsigte van aanbidding (λειτουργία) op. Vraag 12, as oop vraag, se antwoorde kon gekategoriseer word in vyf kategorieë, naamlik: *God*

en/of Woord staan sentraal; *Mens en belewing staan sentraal*; *albei bogenoemde (God en\of Woord sowel as mens en belewing)*; *geen antwoord*; en *ander*. Volgens Tabel 53 staan mens en belewing vir die meeste sentraal (44.21%) teenoor God en/of Woord (29.47%), met 'n kombinasie van bogenoemde twee kategorieë die swakste (14.74%).

Tweerigting-frekwensietabelle met geslag (Tabel 54) en bevolking (Tabel 55) gee die volgende inligting weer: Die frekwensie tussen die keuse van mans en vrouens ten opsigte van God en/of Woord is feitlik gelyk op 29.79% (vrouens) en 28.89% (mans) (Tabel 54). Wat belewing betref, oorskadu mans se keuse (51.11%) dié van vrouens (36.17%) (Tabel 54) en ten opsigte van 'n kombinasie van eersgenoemde twee kategorieë, oorskadu vrouens se verwagting (23.40%) dié van mans (6.67%) (Tabel 54). Wat bevolkingsgroepe se verwagtings betref, is die belang van God en Woord vir die swartbevolking die belangrikste (40.00%) teenoor wit- (27.08%) en kleurlingrespondente (25.00%). Belewing is vir kleurlingindividue belangriker (55.00%) teenoor wit- (39.58%) en swartrespondente (44.00%). Die kombinasie van bogenoemde twee kategorieë verskil nie noemenswaardig tussen die drie bevolkingsgroepe nie.

Samevattend kan gesê word dat belewenis in eredienste, veral by die kleurlingindividue, baie sterk na vore kom - wat 'n swak eienskap is indien die balans tussen belewenis en God en Woord nie uitbalanseer nie. Vrouens se verwagting is meer gebalanseerd as dié van mans en behoort benut te word om hierdie bediening sterker uit te bou. Die swartbevolking se sterker fokus op God en Woord kan ook benut word om die nodige balans te bewerk.

7.2.10.3.4 Vraag 13a tot c evalueer die verwagtings en insigte van die steekproefbevolking ten opsigte van διδάσκω as 'n faset van κήρυγμα as bediening. Die vrae is geslote, met Vraag 13a toetsend van kennis en 13b as toetsend van vaardigheid met die Woord. Vraag 13c toets 'n keuse uit 'n kombinasie van bedieningsmoontlikhede.

Die resultate vertoon 'n paar interessanthede. Wat die behoefte aan meer kennis van die Woord betref (Tabel 56), is die positiewe verwagting 79.8% en negatiewe respons 20.2%. Die tweerigting-frekwensietabel met bevolkingsgroep (Tabel 57) toon aan dat die swartbevolking die sterkste ingestel is op kennis (90.00%) teenoor die witindividue (80.85%) en kleurlingindividue (70.00%). Die profiel ten opsigte van vaardighede (Vraag 13b) verskil feitlik geensins van dié van kennis (vgl. Tabelle 56-59) nie. Die lae persentasie van kleurlingindividue (70.00% en 75.00%) se verwagting van meer kennis en vaardighede kan verklaar word met hulle hoë ingesteldheid op belewing (vgl. Tabel 55 en bespreking by 7.2.10.2.3).

Wat egter baie interessant is, is wanneer die verskillende bevolkingsgroepe 'n keuse maak ten opsigte van die wyse waarvolgens kennis en vaardighede bekom word. Die algemene profiel toon die volgende variante: selgroepe 22.7%; prediking en lering 26.7%; skool en klasbywoning 2.7% en deur selfstudie 5.3%. 'n Kombinasie van bogenoemde is 42.7% se voorkeur. Uit dié gegewens kan afgelei word dat die belangrikste bedieningsgeleenthede selgroepe en prediking is. In die ondersoek in 'n tweerigting-frekwensietabel met bevolkingsgroep (Tabel 61) kom dit aan die lig dat die swartbevolkingsgroep baie min belangstelling het in selgroepe (4.35%), teenoor wit- (24.23%) en kleurlingbevolkingsgroep

(46.67%). Prediking is vir 39.13 % swartindividue 'n voorkeur teenoor 6.67% kleurling- en 27.03% witindividue.

Samevattend is dit belangrik om te vermeld dat die swartbevolkingsgroep baie sterk ingestel is op die opdoen van kennis en vaardighede met die Woord, maar dan deur prediking en lering van die Woord. Kleurlingindividue in die steekproefbevolking is minder ingestel op kennis en vaardighede, maar sterker ingestel op selgroepe - wat sterker geassosieer is met ervaring. Witindividue se ingesteldheid op kennis en vaardighede en die verkryging daarvan verteenwoordig 'n sterk middelgroep. In die lig van 4.4.4.3 is die plek en metode van onderrig nie so belangrik as die inhoud van die Woord nie. Om dié rede kan onderrig in kennis en vaardighede met variasie van metodes plaasvind, volgens die eie en unieke aard van elke bevolkingsgroep of kultuur.

7.2.10.3.5 Vraag 14a en b toets die basisteoretiese perspektief op εὐαγγελιζω as karakter en inhoud van κήρυγμα (vgl. 5.5.1.3). Vraag 14a toets geloofsdeling en vraag 14b die wyse van geloofsdeling. Tabel 62 toon aan dat 89.4% dit as belangrik beskou om geloof met ander te deel en slegs 10.6% sien dit as onbelangrik. Tabel 63 toon aan dat 56.6% oortuig is dat geloof op verbale wyse gedeel moet word en 43.4% deur die manier waarop geleef word. Die afleiding kan uit gegewe statistiek gemaak word dat nie een van die twee wyses oorbeklemtoon word as die enigste wyse van geloofsdeling nie. 'n Opvolgvraag om aan te dui of albei wyses van geloofsdeling ewe belangrik is, sou waarskynlik baie positief beantwoord gewees het.

Die afleiding kan samevattend uit hierdie response gemaak word dat 'n goeie balans bestaan in die wyses van geloofsdeling en dat dit as basis benut kan word vir verdere toerusting in geloofsdeling.

7.2.10.3.6 Vraag 15a en b toets die basisteoretiese beginsel van κοινωνία as bediening. Vraag 15a toets die gesindheid en vraag 15b die motivering. Uit tabel 64, wat aandui dat 87.2% positief is oor betrokkenheid by ander mense en 12.8% wat aantoon dat dit nie belangrik is nie, kan die afleiding gemaak word dat gelowiges in die algemeen besef dat κοινωνία as bediening belangrik is.

'n Korrelasie tussen 14a wat die noodsaak van geloofsdeling toets en 15a wat die behoefte tot betrokkenheid by ander toets, toon 'n phi-koëffisiënt van 0.7 wat dui op 'n sterk verband, soos in Tabel 65 aangetoon. Die verband tussen die twee vrae is dat 95.24% positief is ten opsigte van albei die bedienings.

Vraag 15b, as oop vraag, se resultate word aangetoon in Tabel 66. Die resultate is ingedeel volgens basisteoretiese perspektiewe, soos dit opgesom is in 5.5.3. Volgens die tabel is dit vir 42.6% belangrik dat mense wat dieselfde geloof deel, ook saam kan doen (vgl. 5.5.3.1). 7.61% toon aan dat betrokkenheid by ander meer as 'n gevoel (vgl. 5.5.3.2) is. 13.04% toon aan dat betrokkenheid by mekaar se lewens 'n uitdrukking is van eenheid, omdat dit 'n basis lê vir oorvloediger liefde (vgl. 5.5.3.3). 11.96% toon aan dat gelowiges mekaar moet bystaan in hulle stryd teen die wêreld (vgl. 5.5.3.5). 9.78% beleef betrokkenheid by mekaar as basis om met die evangelie uit te reik na die wêreld (vgl. 5.5.3.4), terwyl 11.96% ander motiverings het.

Samevattend is dit duidelik dat κοινωνία as bediening 'n sterkpunt is en aandui dat gelowiges in die steekproefbevolking 'n sterk gerigtheid openbaar tot diensbaarheid en betrokkenheid by mekaar en ander.

7.2.10.3.7 Vrae 16a en 16b toets basisteoretiese perspektiewe op διακονία as bediening. Tabel 67 toon aan dat 91.5% van die respondente positief is ten opsigte van bereidwilligheid om mekaar te dien, terwyl slegs 8.5% negatief is. Tabel 68 toon, ten opsigte van die wyse van betrokkenheid by mekaar, aan dat 59.3% bereid is om fisiese hulp te verleen en 40.7% bereid is tot geloofdeling as wyse van betrokkenheid. Daar bestaan 'n goeie balans tussen die twee wyses van bediening, wat soos in die geval van Vraag 14b, die vermoede laat bestaan dat die byvoeging van 'n derde moontlikheid, naamlik 'n kombinasie van genoemde twee vrae, 'n sterk verteenwoordiging sou kry.

Samevattend kan gesê word dat διακονία as bediening 'n sterkpunt in die steekproefbevolking is, maar baie sterker benut behoort te word in die vestiging van 'n multikulturele bediening.

7.2.10.3.8 Samevatting van bevindings rakende bedienings

7.2.10.3.8.1 Die ondersoek toon aan dat κήρυγμα as bediening 'n sterkpunt is, wat die erediens verstaan as 'n gebeurtenis wat plaasvind tussen God/Woord en mens, veral in die geval van vrouens. Vrouens se aanbiddingspersepsie is meer gefokus op wat gebeur tussen God en mens in die omgaan met die Woord, as dié van mans. Mans is meer ingestel op belewing. Openheid vir die Woord en omgang met die Woord is sterkpunte by gelowiges. Die plek van die Woord in gelowiges se lewens kan sterker uitgebou word by mans.

7.2.10.3.8.2 Die erediens as toerustingsgeleentheid in gelowiges se ontmoeting met God en met mekaar het in die steekproefbevolking 'n goeie staanplek onder alle bevolkingsgroepe (vgl. 7.2.10.3.2). Die witbevolking is egter nog in 'n mate gereserveerd en sal in strategiese beplanning in ag geneem moet word.

7.2.10.3.8.3 'n Aanvullende bevinding ten opsigte van die erediens is die voorrang wat menslike belewing, veral by die kleurlingbevolking en mans in die algemeen, inneem bó die sentraliteit van God en die Woord (7.2.10.3.3). Die positiewe plek wat die Woord en God in die erediens by die swartbevolking inneem, is 'n sterkpunt wat positief uitgebou kan word om die ander kulture hierin te begelei.

7.2.10.3.8.4 Bogenoemde bevinding rondom die sentrale plek wat die Woord en God inneem by die swartbevolking kom ook na vore wanneer dit gaan om meer kennis (vgl. 7.2.10.3.4). Daar bestaan 'n algemene verwagting by al die bevolkingsgroepe om meer kennis te verwerf, wat 'n baie positiewe bydrae tot die profiel is. Wat egter van groot belang is, is dat dit blyk dat die swartbevolking se voorkeur om die Woord deur prediking en lering beter te leer ken, eerder as in selgroepe, nie net goed begrond moet word nie (dit kan 'n sterk kulturele agtergrond hê), maar ook gerespekteer en verder uitgebou moet word. Kleurlingindividue in die steekproefbevolking is minder ingestel op kennis en vaardighede, maar sterker ingestel op selgroepe - wat goed assosieer met hulle groter behoefte aan ervaring. Witindividue se ingesteldheid op kennis en vaardighede en verkryging daarvan verteenwoordig 'n sterk middelgroep. In die lig van 4.4.4.3 is die plek en metode van onderrig nie so belangrik as die inhoud van die Woord nie. Om dié rede kan onderrig in kennis en vaardighede met variasie van metodes plaasvind, volgens die eie en unieke aard van elke bevolkingsgroep of kultuur.

7.2.10.3.8.5 'n Uitstaande kenmerk en sterkpunt van die gemeenskappe waarbinne die ondersoek gedoen is, is die openheid en gerigtheid op die ander, méér as die self. Dit skep buitengewone geleenthede om evangeliserende toerustings (7.2.10.3.5), onderlinge belewing van geloofsgemeenskappe (7.2.10.3.6) asook diensprojekte (vgl. 7.2.10.3.7) in die gemeente en gemeenskappe te loods.

7.2.11 Samevatting van bevindings

In die lig van die bogenoemde empiriese bevindings kan die volgende algemene samevatting gemaak word. Die resultate van die empiriese vraelyste (vgl. 7.2.10) vertoon 'n hele aantal leemtes, maar ook bemoedigende geleenthede en ruimte om die leemtes uit te bou tot sterkpunte.

7.2.11.1 Die resultate van hierdie ondersoek kan as verteenwoordigend gereken word van Suid-Afrika (maar in besonder van stedelike gebiede soos dié van Roodepoort) se multikulturele samestelling (7.2.6), as verteenwoordigend van Christene (7.2.10.1.1 & 7.2.10.1.3) én van die diversiteit van denominasies wat Christene verteenwoordig.

7.2.11.2 Die resultate by Vraag 3 (7.2.10.1.2) dui daarop dat Christene se geloof, wat hierdie steekproefbevolking betref, swak gefundeer is in die Hoof, Jesus Christus. Die feit dat 'n suiwer geloofsbegronding en identiteitsbelewing veral by kleurlingindividue (vgl. 7.2.10.1.2) 'n groot leemte is, verdien spesiale aandag.

7.2.11.3 Die positiewe waardering wat bestaan vir Christene (7.2.10.1.3) en die kerk (7.2.10.1.4 - veral by die swartbevolking) is 'n belangrike

aanknopingspunt om die ware identiteit van Christene en die kerk as liggaam van Christus (die Hoof van die kerk) uit te bou tot 'n sterkpunt.

7.2.11.4 Die *eenheid van gelowiges* as merkteken toon bemoedigende uitkomste as 'n basis waarvan gewerk kan word. Die basiese vetrekpunt is geloofsoortuigings (vgl. 7.2.10.2.1). Dit plaas Jesus Christus, as Hoof van die kerk, in die sentrum van eenheidsbelewing. Hoewel dit vasgestel is dat eenheidsbelewing nie gebaseer is op kultuur en agtergrond nie, maar op geloofsoortuigings, is die aanduiding volgens 7.2.10.1.2 dat die geloofsbegronding nie suiwer is nie. Die uitbou van die grondbeginsel dat Jesus Christus Hoof is van die kerk, kan hierdie bevindings baie versterk. Die openheid by die kleurlingrespondente tot interkulturele kontak, kan daartoe meewerk dat leemtes in die kleurlingbevolking se geloofsoortuigings ook omgekeer kan word tot 'n sterkpunt.

7.2.11.5 Die uitlewing van *heiligheid* as merkteken vertoon bepaalde leemtes wat strategiese aandag verdien. Hoewel die oorwegende tendens is dat 'n keuse gemaak word vir uitlewing van geloof as uitdrukking van 'n heilige lewenswandel, word 'n leemte in hierdie opsig geïdentifiseer, omdat 'n groot verteenwoordiging van die wit- en kleurlingbevolking - en meer spesifiek die mans in die algemeen - oorwegend kies vir die nakom van reëls en regulasies. Skriftuurlike begronding van heiligheid as gebaseer op erkenning van Jesus Christus as Hoof van die kerk, verdien baie aandag in strategiese beplanning.

7.2.11.6 Die belewing van *katolisiteit* as merkteken van die kerk het 'n positiewe profiel (vgl. 7.2.10.2.3). Daar bestaan min kulturele sensitiwiteit ten opsigte van akkommodering van mekaar. Die kleurlinggemeenskap is meer akkommoderend as die wit- en swartgemeenskappe. Hierdie openheid behoort by te dra tot die uitbou van katolisiteit as merkteken en kan as sterkpunt verder uitgebou word deur insigte tuis te bring dat elke

onderskeie kultuur 'n gawe is van die Hoof van die kerk, wat gerespekteer en waardeer moet word al ontwikkel nuwe geloofsgemeenskappe.

7.2.11.7 In die uitlewing van 'n faset van die merkteken *apostolisiteit*, blyk 'n positiewe openheid van gelowiges om verkondiging oor kulturele grense te neem (vgl. 7.2.10.2.4). Daar sal egter in toerusting en opbou voortdurend gelet moet word op 'n balans tussen fisiese en geestelike behoeftes.

7.2.11.8 Die ondersoek toon aan dat κήρυγμα as bediening 'n sterkpunt is, omdat die erediens verstaan word as 'n gebeurtenis wat plaasvind tussen God/Woord en mens, veral in die geval van vrouens. Vrouens se aanbiddingspersepsie is meer gefokus op wat gebeur tussen God en mens in die omgaan met die Woord, as dié van mans. Mans is meer ingestel op belewing. Openheid vir die Woord en omgang met die Woord is sterkpunte by gelowiges. Die plek van die Woord in gelowiges se lewens kan sterker uitgebou word by mans.

7.2.11.9 Die erediens as toerustingsgeleentheid in gelowiges se ontmoeting met God en met mekaar (λειτουργία) het in die steekproefbevolking 'n goeie staanplek onder alle bevolkingsgroepe (vgl. 7.2.10.3.2). Die witbevolking is egter nog in 'n mate gereserveerd en sal in strategiese beplanning in ag geneem moet word.

7.2.11.10 'n Aanvullende bevinding ten opsigte van die erediens is die voorrang wat menslike belewing, veral by die kleurlingbevolking en mans in die algemeen, inneem bó die sentraliteit van God en die Woord (7.2.10.3.3). Die positiewe plek wat die Woord en God in die erediens by die swartbevolking inneem, is 'n sterkpunt wat positief uitgebou kan word om die ander kulture hierin te begelei.

7.2.11.11 Bogenoemde bevinding rondom die sentrale plek wat die Woord en God inneem by die swartbevolking kom ook na vore wanneer dit gaan om meer kennis (vgl. 7.2.10.3.4). Daar bestaan 'n algemene verwagting by al die bevolkingsgroepe om meer kennis te verwerf, wat 'n baie positiewe bydrae tot die profiel is. Wat egter van groot belang is, is dat dit blyk dat die swartbevolking se voorkeur om die Woord deur prediking en lering beter te leer ken, eerder as in selgroepe, nie net goed begrond moet word nie (dit kan 'n sterk kulturele agtergrond hê), maar ook gerespekteer en verder uitgebou moet word. Kleurlingindividue in die steekproefbevolking is minder ingestel op kennis en vaardighede, maar sterker ingestel op selgroepe - wat goed assosieer met hulle groter behoefte aan ervaring. Witindividue se ingesteldheid op kennis en vaardighede en verkryging daarvan verteenwoordig 'n sterk middelgroep. In die lig van 4.4.4.3 is die plek en metode van onderrig nie so belangrik as die inhoud van die Woord nie. Om dié rede kan onderrig in kennis en vaardighede met variasie van metodes plaasvind, volgens die eie en unieke aard van elke bevolkingsgroep of kultuur.

7.2.11.12 'n Uitstaande kenmerk en sterkpunt van die gemeenskappe waarbinne die ondersoek gedoen is, is die openheid en gerigtheid op die ander, méér as die self. Dit skep buitengewone geleenthede om evangeliserende toerustings (7.2.10.3.5), onderlinge belewing van geloofsgemeenskappe (7.2.10.3.6) asook diensprojekte (vgl. 7.2.10.3.7) in die gemeente en gemeenskappe te loods.

7.2.12 *Finale samevattings oor metateoretiese bevindings in algemene bevinding, sterk- en swakpunte*

7.2.12.1 *Algemene bevinding*

Die resultate van hierdie ondersoek kan as verteenwoordigend gereken word van Suid-Afrika (maar in besonder van stedelike gebiede soos dié van Roodepoort) se multikulturele samestelling (7.2.6), as verteenwoordigend van Christene (7.2.10.1.1 & 7.2.10.1.3) én van die diversiteit van denominasies wat Christene verteenwoordig.

7.2.12.2 *Samevatting: Skematisering van sterk- en swakpunte van steekproefbevolking, as aanduiding van die gegewe situasie*

Basisteoretiese beginsels	Sterkpunte	Swakpunte
Christus as Hoof	Daar bestaan waardering in die gemeenskap (veral by swart-Christene) vir Christene en die kerk (7.2.11.3).	Geloof van Christene is swak begrond in Christus as Hoof (7.2.11.2).
Eenheid	Jesus Christus as Hoof staan in die sentrum van eenheidsbelewing (7.2.11.4).	Eenheidsbelewing is begrond op geloofsoortuiging, wat swak begrond is in Christus as Hoof (7.2.11.4).
Heiligheid	Uitlewing van geloof in Jesus Christus is die grondslag in uitlewing van heiligheid (7.2.11.5).	Wit-, kleurling- en mansgelowiges se uitlewing van heiligheid is begrond in die nakom van reëls en regulasies (7.2.11.5).

Katolisiteit	Verskillende kulture, veral dié van die kleurlingindividue, is positief ingestel op akkommodering van mekaar (7.2.11.6).	Wit- en swartgelowiges is nie ten volle akkommoderend teenoor ander kulture nie (7.2.11.6).
Apostolisiteit	Openheid om die evangelie oor kulturele grense te verkondig (7.2.11.7).	In die uitreiking met die evangelie is daar nie altyd 'n goeie onderskeiding tussen geestelike en fisiese behoeftes nie (7.2.11.7).
κήρυγμα	Die erediens word beleef as 'n ontmoeting tussen God/Woord en die mens (veral by vrouens en swartmense) (7.2.11.8 & 7.2.11.9). Die Woord neem 'n sentrale plek in in die lewens van gelowiges (veral ten opsigte van prediking by swartgelowiges). Daar is 'n positiewe gerigtheid om die Woord en geloofsoortuigings met ander te deel (7.2.11.12).	Kleurlingindividue - en mans in die algemeen - is meer ingestel op belewing in die erediens as op ontmoeting met God in die Woord (7.2.11.8 & 7.2.11.10). Kleurlingindividue is minder ingestel op kennis en geloofsvaardighede as ervaring (7.2.11.11). Swartmense is meer ingestel op prediking en lering in 'n erediensituasie as in selgroepe (7.2.11.11). Toerusting in geloofsdeling op verbale en daadwerklik vlakke, vereis toerusting (2.10.3.5).
λειτουργία	Die erediens as toerustingsgeleentheid in gelowiges se ontmoeting met God en met mekaar, het 'n goeie staanplek onder alle bevolkingsgroepe, veral onder die swartbevolking (vgl. 7.2.10.3.2).	Gereserveerdheid kom by die witbevolking voor ten opsigte van ontmoeting met mekaar oor kultuurgrense heen (7.2.10.3.2). Menslike belewing neem by kleurlingindividue - en mans in die algemeen - 'n groter plek in as sentraliteit van God en die Woord (7.2.10.3.3).
κοινωνία	Daar is 'n positiewe belewing van geloofsgemeenskap (7.2.11.13).	Toerusting in onderlinge belewing en beoefening van geloofsgemeenskappe vereis aandag (7.2.10.3.6).
διακονία	Daar bestaan 'n positiewe gerigtheid op dienslewering (7.2.11.13).	'n Sterker balans tussen bediening van fisiese en geestelike behoeftes kan ontwikkel word (7.2.10.3.7).

Social Surveys (Pty) Ltd

Bylaag A

Inleiding

Hallo. My naam is ..... Ek is 'n navorser vir 'n privaatorganisasie, Social Surveys. Ek is hier om u 'n paar vrae te vra in verband met u houding ten opsigte van geloof en die kerk. Dit behoort nie meer as 20 minute van u tyd in beslag te neem nie. U is onder geen verpligting om aan die studie deel te neem nie, maar indien u wel deelneem, word u versoek om asseblief alle vrae so eerlik moontlik te antwoord. Daar is geen regte of verkeerde antwoorde nie, al wat van belang is, is u opinie. Indien u 'n vraag nie verstaan nie, vra my asseblief sodat ek dit beter aan u kan verduidelik. Indien u op enige stadium voel dat u die onderhoud wil beëindig, staan dit u vry om dit te doen. Alle inligting wat u verskaf sal as vertroulik beskou en hanteer word en u sal op geen manier geïdentifiseer word nie - u identiteit sal slegs aan my bekend wees.

Afdeling A: Agtergrondinligting

Vraelysnommer: ____

Voorstad: ____

Respondent-inligting: **Ouderdom:** ____ **Taalgroep:** ____

Geslag: M | V

Bevolkingsgroep: Blank | Kleurling | Asiër | Swart Afrikaan

Huwelikstatus: Enkel | Getroud | Weduwee/-naar | Geskei | Bly saam

Getal persone in huishouding oor naweek: ____ **Getal families in huishouding:** ____

Maandelikse huishoudelike inkomste:

0 - R5000	R15001 - R20000	R40001 - R60000
R5001 - R15000	R20001 - R40000	> R60000

Werkstatus:

Werkend	Werkloos	Huisvrou	Student
Pensionaris	Ander, spesifiseer:		

Hoof vervoermiddel: Privaat | Publieke vervoer

Indien privaat: Eie vervoer | Toegang tot vervoer

Afdeling B: Oorsprong en roeping

1a. Dink u dit is belangrik om aan 'n geloof te behoort? Ja | Nee

1b. Hoekom sê u so?

____

2a. Is u gelowig? | Ja | Nee |

2b. Indien ja, tot watter geloof behoort u?

3. Na u mening, wanneer is 'n persoon 'n Christen?

4. Wat is u algemene ervaring van Christene?

5a. Was u ooit/is u 'n lidmaat van 'n Christelike kerk? | Ja | Nee |

5b. Indien ja, watter kerk?

5c. Indien ja, wat is u persepsie/opinie met betrekking tot die Christelike kerk? M.a.w. hoe ervaar u die kerk?

Afdeling C: Merktekens

6. In u opinie, waarna verwys die term **"eenheid van gelowiges"**?

Mense met dieselfde kultuur en agtergrond	
Mense met dieselfde geloofsoortuiging	

7. In terme van geloof, wat beteken die woord **"integriteit"** vir u?

Om te voldoen aan die reëls en regulasies van my geloof	
Om 'n lewe te leef wat illustreer waarin ek glo	

8. Wat is u kulturele sentimente met betrekking tot u geloof?

Wanneer ek in 'n plek van aanbidding is, wil ek dit deel met mense met soortgelyke agtergrond en kultuur as ek	
Ek het geen voorkeur met betrekking tot die agtergrond en kultuur van diegene wat saam met my aanbid nie	

9a. Dink u geloofsinstansies het 'n belangrike rol in die gemeenskap? | Ja | Nee |

9b. Indien ja, wat dink u behoort die fokus te wees?

Die verspreiding van geloof en geloofswaardes	
Opheffing en die behoeftes van die gemeenskap	
Albei	

Afdeling D: Bedienings

10. Na u mening, wat is 'n **"aanbiddingsdiens"**?

11a. Het u al ooit 'n aanbiddingsdiens bygewoon? | **Ja** | **Nee** |

11b. Indien ja, was u tevrede met die wyse waarop dit aangebied is? | **Ja** | **Nee** |

11c. Indien die aard van die diens sou verander om 'n breër groep van mense/kulture te akkommodeer, sou u dit steeds bywoon? | **Ja** | **Nee** |

11d. Hoekom sê u so?

12. Wat verwag u van 'n aanbiddingsdiens?

13a. Sou u graag meer **kennis** wou verkry met betrekking tot u geloof? | **Ja** | **Nee** |

13b. Sou u graag meer **vaardighede** wou bekom om u geloof beter te kan uitleef? | **Ja** | **Nee** |

13c. Indien u ja geantwoord het met betrekking tot 13a of 13b, op watter wyse sou u verkies?

Deur selgroepe		**Deur dienste/prediking/leringe**			
Skool/klas bywoning		**Self**		**'n Kombinasie van die genoemde metodes**	

14a. Dink u dit is belangrik om u geloof met ander te deel? | **Ja** | **Nee** |

14b. Indien ja, wat dink u is die beste manier om dit reg te kry?

Deur met ander oor my geloof te praat	
Deur die manier waarop ek my lewe leef	

15a. Het u 'n behoefte om by ander wat u geloof deel, betrokke te raak? | **Ja** | **Nee** |

15b. Hoekom sê u so?

16a. Is u bereid om betrokke te raak in u gemeenskap? | **Ja** | **Nee** |

16b. Indien ja, hoe sal u verkies om betrokke te raak?

Ek sal graag behoeftiges en diegene in nood wil help	
Ek sal graag my geloof met ander wil deel	

Verklaring deur onderhoudvoerder (teken wanneer onderhoud voltooi is)

Ek verklaar hiermee dat hierdie 'n ware onderhoud is en dat die onderhoud volledig met die respondent gevoer is.

Geteken: _____ Naam: _____

(Handtekening) (datum)

Toesighouer: _____ Toesighouer naam: _____

(Handtekening)

Social Surveys (Pty) Ltd

Bylaag B

INTRODUCTION

Hello. My name is ..... I am a researcher working for a private research company called Social Surveys. I am here to ask you a few questions about your attitude towards religion and places of worship that will not take more than 20 minutes of your time. You are under no obligation to take part in the study but if you do, please answer the questions as honestly as possible. There are no right or wrong answers, please feel free to respond as you wish. If you do not understand a question, please say so and I will be happy to explain in more detail. If you want to end the interview at any time, please do not hesitate to tell me so. All information I get from you will be kept confidential and will only be used for the purpose of this study. Your identity will not be known to anyone but myself.

Section A: Background Information

Questionnaire number: ☐

Suburb: ☐

Details of the respondent: **Age:** ☐ **Language:** ☐

Gender: M ☐ F ☐

Population group: White ☐ Coloured ☐ Asian ☐ Black African ☐

Marital status: Single ☐ Married ☐ Widow/widower ☐ Divorced ☐ Live together ☐

No. of people in household over weekends: ☐ **No. of families in household:** ☐

Monthly household income:

0 - R5000 ☐	R15001 - R20000 ☐	R40001 - R60000 ☐
R5001 - R15000 ☐	R20001 - R40000 ☐	> R60000 ☐

Employment status:

Employed ☐	Unemployed ☐	Housewife ☐	Student ☐
Pensioner ☐	Other, specify:		

Main mode of travel: Private ☐ Public ☐

If private: Own transport ☐ Access to transport ☐

Section B: Origin and Calling

1a. Do you think it is important to belong to a religion? Yes ☐ No ☐

1b. Why do you say that?

☐

2a. Are you religious? Yes ☐ No ☐

2b. If yes, what religion do you belong to?

3. When would YOU say a person is a Christian?

4. What is your general perception of Christians? In other words, how do you experience them?

5a. Have you ever been a member / been involved in a Christian church? **Yes** | **No**

5b. If yes, what church?

5c. If yes, what is your perception/opinion of the Christian church? In other words, how did/do you experience the church?

Section C: Marks

6. In your opinion, what does the term **"unity of believers"** refer to?

People of the same culture and background	
People with the same religious beliefs	

7. In terms of religion, what does the word **"integrity"** mean to you?

To adhere to a set of rules prescribed by my religion	
To live a life that illustrates what I believe	

8. What are your cultural sentiments with regard to your religion?

When I go to a place of worship I would like to worship with people of similar culture and background	
I have no preference with regard to the culture and background of those who worship with me	

9a. Do you think religious institutions have an important role in the community? **Yes** | **No**

9b. If yes, what do you think the focus should be?

To focus on spreading religious beliefs and values	
To focus on the upliftment and needs of the community	
Both of the above	

Section D: Ministries

10. What do you understand a **worship service** to be?

11a. Have you ever attended a worship service? **Yes** | **No**

11b. If yes, were you satisfied with the way it was conducted? | **Yes** | **No** |

11c. If the nature of the service should change to accommodate a broader group of people/cultures, would you still attend the service? | **Yes** | **No** |

11d. Why do you say that?

12. What do you expect from a worship service?

13a. Would you like to obtain more **knowledge (facts)** in terms of your religion? | **Yes** | **No** |

13b. Would you like to obtain more **skills/know-how** on how to live out your religious beliefs? | **Yes** | **No** |

13c. If yes to either 13a or 13b, how would you prefer to obtain that?

Through cell groups		**Through sermons / preaching / teaching**			
Attending school / classes		**By myself**		**Through a combination of the mentioned options**	

14a. Do you think it is important to share your religion with others? | **Yes** | **No** |

14b. If yes, what do you think is the best way to achieve that?

Through preaching/talking to others about my faith	
Through the way I live out my faith	

15a. Do you feel the need to get involved with other believers? | **Yes** | **No** |

15b. Why do you say that?

16a. Are you prepared to get involved in the community? | **Yes** | **No** |

16b. If yes, how would you like to become involved?

I would like to help others in need	
I would like to share my faith with others	

Interviewer Pledge (to be signed when interview has been completed)

I hereby certify that this is a true interview. It has been completed in full with the respondent.

Signed: _____ Interviewer name: _____

(Interviewer's signature) (date)

Back-checked by: _____ Supervisor name: _____

(Supervisor's signature)

HOOFSTUK 8: FORMULERING VAN METATEORETIESE PERSPEKTIEWE

8.1 Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om al die metateoretiese bevindings ten opsigte kerkplanting, multikulturaliteit en die empiriese bevindings, saam te vat.

8.2 Samevatting van kerkplanting

8.2.1 Navorsing vanuit die Nuwe-Testamentiese missionêre konteks - soos in hierdie studie aangetoon (vgl. Hoofstukke 2-5) - kan bepaalde bydraes lewer ten opsigte van missiologiese en ekklesiologiese perspektiewe en beginsels rakende kerkplanting, sonder dat Nuwe-Testamentiese gedeeltes as bloudruk gebruik word (vgl. 6.2.5.1).

8.2.2 Kerkplantingsinisiatiewe in die geskiedenis is gewoonlik vanuit een van twee agtergronde geïnisieer: Óf deur teologiese vertrekpunte, óf omstandighede wat dit noodsaak. In gebiede waar kerke as gevolg van monokulturele omstandighede ophou bestaan het, kan herplanting van 'n multikulturele kerk oorweeg word (vgl. 6.2.5.2).

8.2.3 Regstelling van die *CGM* se uitgangpunte is daarin geleë dat die hele Nuwe Testament vanuit sy Ou-Testamentiese openbaringslyne ondersoek moet word vir missionêr-ekklesiologiese beginsels. Prinsipiële besinning oor die planting en funksionering van kerke vanuit basisteoretiese perspektiewe is noodsaaklik. Met goeie

oordeel kan gebruik gemaak word van die materiaal van *CGM* en sy nuanseringe (vgl. 6.2.5.3).

8.2.4 In die lig van bogenoemde ondersoek na kerkplanting kan die volgende definisie as werksformule geformuleer word: *Kerkplanting is waar en wanneer 'n kerk of kerke as missionêre handeling 'n kerk plant op grond van missionêr-ekklesiologiese beginsels, in omstandighede waar die konteks duidelik verreken word* (vgl. 6.2.5.4).

8.2.5 Van elke bestaande bedieningsmodel kan met goeie oorwegings en sensitiwiteit vir behoeftes in 'n bepaalde gemeenskap en konteks, elemente oorgeneem word wat kreatief toegepas kan word in nuwe ontwikkelende kulture - maar elke model sal goed gefundeer moet wees op missionêr-ekklesiologiese beginsels vanuit die Skrif en kontekstuele merkers (sien 6.2.5.5, 6.2.5.6, 6.2.5.7 en 6.2.5.8).

8.2.5.1 Samevatting van die WCC-model (vgl. 6.2.4.1.1.3)

- Om 'n groot sensitiwiteit te openbaar vir "soekers" is nie noodwendig verkeerd nie, maar elke faset van die bediening van die gemeente behoort hierdie sensitiwiteit te openbaar, om sodoende elke soeker en gelowige as ewe belangrik in die oë van God te kommunikeer.

- Die *WCC* het die gesag van die Skrif as basis en het uitstekende materiaal geskep wat deur gemeentes gebruik kan word vir toerusting. Indien van materiaal en elemente van die *WCC*-model gebruik gemaak word in ander bedienings, sal met groot versigtigheid gehandel moet word om seker te maak dat die elemente in die nuwe konteks goed geïnternaliseer is.

- Erkenning moet gegee word vir die feit dat die *WCC* groot getalle mense na Christus gelei het. Hulle missionêre gerigtheid lewer vrugte en kan op baie elemente van hulle bediening nagevolg word.

- Die *WCC* leer dat liefde prakties uitgeleef moet word. In die praktiese uitlewing van liefde teenoor die wêreld vind kragtige verkondiging van die liefde van Christus plaas. Bedienings gerig op die wêreld lewer sukses en is navolgingswaardig.

- Die *WCC* skep praktiese strategieë en kategorieë wat gemeentes kan help om meer effektief te wees in die implementering van 'n dissipelmaakproses.

8.2.5.2 Samevatting van die PDC-model (vgl. 6.2.4.1.2.3)

- Hoewel groot waardering getoon kan word vir *PDC* se werk, behoort krities gekyk te word na Warren se fundering van die vyf doelstellings. Suiwer bediening behoort altyd begrond te word vanuit suiwer basisteoretiese beginsels. So behoort bedienings in die kerk te steun op begronding van die vier bedienings: κήρυγμα, λειτουργία, κοινωνία en διακονία (vgl. Hoofstuk 4).

- Om soos Warren te beweer dat die Groot Gebod en die Groot Opdrag alles omvat van wat 'n kerk behoort te wees en behoort te doen, is 'n te sterk aanleuning by die *CGM* se hermeneutiese vertrekpunte van sekere Skrifgedeeltes - wat verdag is - en kan met goeie reg as te fundamentalisties beskou word (vgl. 6.2.3.2.3).

- Warren se *PDC*-model heg verkeerde betekenis aan κοινωνία deur dit net aan die opdrag "doop hulle" te koppel en nie ook aan die trinitariese

doopformule nie (vgl. Pretorius, 2004:291 e.v.). Die inhoud van κοινωνία word in 'n groot mate korrek uitgebou deur die doelstelling "fellowship".

8.2.5.3 Samevatting van die selkerkmodel (vgl. 6.2.4.1.3.3)

- Die selbeginsel van die selkerkmodel is baie goed ontwikkel en begrond en het die ruimte geskep vir die meeste tradisionele en vernuwingsbedienings om die model te inkorporeer by 'n bestaande model.
- Die selkerkmodel bied 'n missionêre basis aan gemeentes vir evangelisering en kan met die regte dinamieke suksesvol toegepas word.
- Die selkerkmodel se fokus op verhoudings eerder as programme, word wêreldwyd erken as 'n belangrike kenmerk van 'n groeiende kerk (vgl. Callahan, 1983:35-41).
- Die selmodel is daarvoor bekend dat hy leierskap en gawebronne maklik identifiseer en toerus (Callahan, 1983:41-55).

8.2.5.4 Samevatting van die postmodernisme (vgl. 6.2.4.1.4.3)

- Kerke en kerkleiers sal bereid moet wees om gelowiges te betrek om via oopgesprek en 'n oopsisteembenadering, sonder vrees vir veroordeling, tot besluite te kom wat eienaarskap van 'n nuwe gemeente met unieke bedienings kan aanvaar.
- Openheid tot spiritualiteit is meer 'n geleentheid as 'n bedreiging, want só word 'n ruimte geskep waarin 'n nuwe, multikulturele spiritualiteit kan ontwikkel.

- Kommunikasie van die waarheid van die evangelie moet eerder verhalend wees as dogmaties. Sodoende word baie verskille in vertrekpunte geakkommodeer en ruimte geskep vir deelname.

- Gemeenskap is belangrik omdat God 'n God van gemeenskap is en uitreik na die mens sodat hy deel kan wees van die goddelike gemeenskap. Die postmodernisme se soeke na persoonlike betekenis open 'n wye deur vir die evangelie om die persoonlike verhouding met God, deur Jesus Christus, aan baie mense te bedien - wat die mens in totaliteit (holisties) aanspreek.

- Die postmodernisme bied ruimte vir die wonder- en geloofskarakter van godsdiens, wat inhou dat geestelike waardes en kulturele gebruike nie gekanoniseer mag word nie, maar kan ontwikkel in nuwe gemeenskappe met 'n eie unieke karakter.

- Van alle bestaande bedieningsmodelle kan met goeie oorwegings en sensitiwiteit vir behoeftes in 'n bepaalde gemeenskap en konteks, elemente oorgeneem word wat kreatief toegepas kan word in nuwe ontwikkelende kulture soos die postmoderne kultuur - maar elke model sal goed gefundeer moet wees op missionêr-ekklesiologiese beginsels vanuit die Skrif en kontekstuele merkers.

8.2.6 Kerkplantingspraktyke

Daar bestaan nie één metode van kerkplanting nie. In die praktyk sal die keuse van 'n kerkplantingspraktyk afhang van die houding van die gemeente en die konteks van die situasie. Wat belangrik is, is dat 'n deeglike ondersoek en beplanning gedoen word na die situasie waarin die nuwe gemeente geroep word om te ontwikkel en te funksioneer. Vertrouend en biddend vir die leiding van die

Heilige Gees, sal ongetwyfeld die pad aangedui word, dat die regte keuse gemaak kan word.

8.3 Samevatting van multikulturaliteit

8.3.1 Tradisie is 'n baie belangrike raamwerk waarbinne kulture en hulle ontwikkeling geïnterpreteer moet word (vgl. 6.3.1.1).

8.3.2 Uitdagings van interkulturasie in 'n multikulturele kultuur (vgl. 6.3.5)

- Interkulturasie is die beste omskrywing van die interaksie tussen die evangelie en kulture vanuit die transformasie, wat kulture regoor die wêreld ervaar met betrekking tot multikulturele kontekste.

- Interkulturasie is 'n aktiwiteit van persone van verskillende kulture en wêreldbeskouings wat, in wedersydse respek vir mekaar, interaksie het met die intensie om die perspektief van die evangelie op bepaalde godsdienstige uitdrukkings (bedienings) saam te ontdek.

- Godsdienstige interkulturele betrokkenheid ontbloot die perspektief van die evangelie op bepaalde gebruike (kulture), wat kan lei tot plaaslike en 'n globale verbintenis wat die religieuse perspektiewe en lewens van individue en kulturele uitdrukkings van gemeenskappe kan verander. Die proses van interkulturasie neem die interafhanklikheid van godsdiens en kultuur waar as belangrik vir lewegewende en blywende verhoudings tussen mense.

- In 'n geglobaliseerde samelewing, waar daar interafhanklikheid van veral ekonomiese realiteite bestaan, sal die proses van interkulturasie vanuit kulturele en Skriftuurlike perspektiewe uitgedaag word - om oplossings

te vind vir kulturele identiteit, geloof, vryheid, regverdigheid, vrede, versoening, verhoudings ens. en dit nie oor te laat aan die staat as sy verantwoordelikheid nie.

- Evangeliserende praktyke moet so uitgebou word dat dit 'n gediversifiseerde geestelike solidariteit kan aankweek in 'n interafhanklike en 'n interverbonde onafhanklike wêreld, deur veraktualisering van die evangelie in godsdienstige praktyke.

- Kommunikasiepraktyke moet ontwikkel in lewegewende en bemoedigende strukture, waar ondersteuning deur wedersydse respek 'n omgewing van vertroue skep.

- Sulke gemeenskappe vorm en voed regte verhoudings met die self, ander, die skepping en God.

8.3.3 Definisie van interkulturasie

Interkulturasie is die interaksie tussen die evangelie en kulture deur verbreding van die konsep van inkulturasie. Die proses van interkulturasie moet die volgende in ag neem:

- Die proses van interkulturasie vernietig nie bestaande kulture nie, dit ontwikkel nuwe Christelike uitdrukkings wat kultuur verander en transformeer.
- Die proses van ontwikkeling van 'n nuwe ontluikende kultuur van bediening moet 'n oopsisteem en onderhandelende proses wees, waarin almal betrokke is sonder om bedreig te voel.

- 'n Nuwe kultuur wat ontluik deur interkulturasie neem nie besit van bestaande kulturele uitdrukkings van die evangelie (soos byvoorbeeld die "Afro-Amerikaanse") sonder 'n proses van internalisasie nie.
- Die proses van interkulturasie moet so verloop dat plaaslike gemeenskappe eienaarskap van die ontluikende kultuur kan aanvaar.
- Die lig van die evangelie moet elke faset van so 'n kultuur verlig.
- Die proses neem dinamieke en behoeftes in plaaslike gemeenskappe in ag.

8.4 Finale samevatting van multikulturaliteit en kerkplanting

8.4.1 Navorsing vanuit die Nuwe-Testamentiese missionêre konteks - soos in hierdie studie aangetoon (vgl. Hoofstukke 2-5) - kan bepaalde bydraes lewer ten opsigte van missiologiese en ekklesiologiese perspektiewe en beginsels rakende kerkplanting, sonder dat Nuwe-Testamentiese gedeeltes as bloudruk gebruik word (vgl. 6.2.5.1).

8.4.2 Kerkplantingsinisiatiewe in die geskiedenis is gewoonlik vanuit een van twee agtergronde geïnisieer: Óf deur teologiese vertrekpunte, óf omstandighede wat dit noodsaak. In gebiede waar kerke as gevolg van monokulturele omstandighede ophou bestaan het, kan herplanting van 'n multikulturele kerk oorweeg word (vgl. 6.2.5.2).

8.4.3 Regstelling van die *CGM* se uitgangpunte is daarin geleë dat die hele Nuwe Testament vanuit sy Ou-Testamentiese openbaringslyne ondersoek moet word vir missionêr-ekklesiologiese beginsels. Prinsipiële besinning oor die planting en funksionering van kerke vanuit basisteoretiese perspektiewe is noodsaaklik. Met goeie oordeel kan gebruik gemaak word van die materiaal van *CGM* en sy nuanseringe (vgl. 6.2.5.3).

8.4.4 In die lig van bogenoemde ondersoek na kerkplanting kan die volgende definisie as werksformule geformuleer word: Kerkplanting is waar en wanneer 'n kerk of kerke as missionêre handeling 'n kerk plant op grond van missionêr-ekklesiologiese beginsels, in omstandighede waar die konteks duidelik verreken word (vgl. 6.2.5.4).

8.4.5 Van elke bestaande bedieningsmodel kan met goeie oorwegings en sensitiwiteit vir behoeftes in 'n bepaalde gemeenskap en konteks, elemente oorgeneem word wat kreatief toegepas kan word in nuwe ontwikkelende kulture - maar elke model sal goed gefundeer moet wees op missionêr-ekklesiologiese beginsels vanuit die Skrif en kontekstuele merkers (sien 6.2.5.5, 6.2.5.6, 6.2.5.7 en 6.2.5.8).

8.4.6 Tradisie is 'n baie belangrike raamwerk waarbinne kulture en hulle ontwikkeling geïnterpreteer moet word.

8.4.7 Die proses van interkulturasie vernietig nie bestaande kulture nie, dit ontwikkel nuwe Christelike uitdrukkings wat kultuur verander en transformeer.

8.4.8 Die proses van ontwikkeling van 'n nuwe ontluikende kultuur van bediening moet 'n oopsisteem en onderhandelende proses wees, waarin almal betrokke is sonder om bedreig te voel.

8.4.9 'n Nuwe kultuur wat ontluik deur interkulturasie neem nie besit van bestaande kulturele uitdrukkings van die evangelie (soos byvoorbeeld die "Afro-Amerikaanse") sonder 'n proses van internalisasie nie.

8.4.10 Die proses van interkulturasie moet so verloop dat plaaslike gemeenskappe eienaarskap van die ontluikende kultuur kan aanvaar. Die lig van die evangelie moet elke faset van so 'n kultuur verlig.

8.4.11 Die proses neem dinamieke en behoeftes in plaaslike gemeenskappe in ag.

8.4.12 Interkulturasie as interaksie tussen die evangelie en kulture deur verbreding van die konsep van inkulturasie, is die aktiwiteit van gelowiges van verskillende kulture en wêreldbeskouings wat in wedersydse respek vir mekaar kommunikeer, met die intensie om die perspektief van die evangelie vir bepaalde kulturele uitdrukkings saam te ontdek.

8.4.13 Godsdienstige interkulturele betrokkenheid ontbloot die perspektief van die evangelie op bepaalde gebruike (kulture), wat kan lei tot 'n plaaslike en globale verbintenis wat die religieuse perspektiewe en lewens van individue en kulturele uitdrukkings van gemeenskappe kan verander.

8.4.14 Die proses van interkulturasie neem die interafhanklikheid van godsdiens en kultuur waar as belangrik vir lewegewende en blywende verhoudings tussen mense (sien 6.3.5 en 6.3.6).

8.4.15 Daar bestaan nie één metode van kerkplanting nie. In die praktyk sal die keuse van 'n kerkplantingspraktyk afhang van die houding van die gemeente en die konteks van die situasie. Wat belangrik is, is dat 'n deeglike ondersoek en beplanning gedoen word na die situasie waarin die nuwe gemeente geroep word om te ontwikkel en te funksioneer. Vertrouend en biddend vir die leiding van die Heilige

Gees, sal ongetwyfeld die pad aangedui word, dat die regte keuse gemaak kan word.

8.5 Samevatting van bevindings van empiriese navorsing in Hoofstuk 7

8.5.1 Belangrikste gegewens oor die samestelling van die steekproefbevolking (vgl. 7.2.4)

As gevolg van praktiese beperkings tydens die data-insamelingsproses (soos byvoorbeeld moeilike toegang tot wooneenhede, weiering van respondente om aan die navorsingsproses deel te neem, ens.) het die steekproef as volg gerealiseer:

Tabel 9: Realisering van die steekproef

Woongebied	Getal Steekpoef-wooneenhede beplan	Steekproefrealisering
Georginia	15	11
Horison	24	22
Horison View	17	18
Roodepoort-Noord	17	18
Roodepoort-Wes	6	5
Roodepoort-Sentraal	21	21
Totaal	**100**	**95**

Aangesien bogenoemde verdeling van die steekproefwooneenhede nie statisties betekenisvol van die beplande steekproefverdeling verskil nie, word die steekproef as verteenwoordigend van die studiegebied beskou.

8.5.2 Belangrikste eienskappe van die steekproefbevolking (vgl. 7.2.6)

8.5.2.1 *Vergelyking tussen* Statistics South Africa CENSUS 2001 (GIS spatial data) *en steekproefbevolking ten opsigte van taal en ras*

Tabel 18: Bevolkingsgroepvergelyking

Bevolkingsgroep	2001-statistiek	2001-Statistiek in %	Steekproef-%	%-verskil
Swart	64,974	32.53	26,3	-6.23
Kleurling	9,458	4.73	21,1	16.37
Asiër	4,643	2.32	2.1	-0.22
Blank	120,688	60.42	50,5	-9.92

Tabel 19: Taalgroepvergelyking

Taal	2001-statistiek	2001-statistiek in %	Steekproef-%	%-verskil
Afrikaans	54,008	27.03	54,7	27.67
Engels	82,875	41.5	22,1	-19.4
IsiNdebele	1,555	0.78	n.v.t.	n.v.t.
IsiXhosa	7,897	3.95	3,2	-0.75
IsiZulu	10,944	5.48	7,4	1.92
Sepedi	6,350	3.17	n.v.t.	n.v.t.
Sesotho	6,676	3.34	3,2	-0.14
Setswana	17,504	8.76	7,4	-1.36
SiSwati	891	0.45	n.v.t.	n.v.t.
Thsivenda	4,628	2.32	2,1	-0.22
Xitsonga	4,042	2.02	n.v.t.	n.v.t.
Ander	2,295	1.15	n.v.t.	n.v.t.

8.5.2.2 *Afleidings uit steekproefbevolking*

8.5.2.2.1 Uit die volgende tabelle kan die afleiding gemaak word dat die steekproefbevolking in alle vergelykende gevalle 'n ewekansige steekproef verteenwoordig:

Vergelyking	Tabelle
Bevolkingsgroepverspreiding	3,10 en 18
Taalverspreiding	6, 12 en 19
Geslag	4 en 11
Ouderdom	5 en 13
Werkstatus	8 en 16
Inkomste	15
Huwelikstatus	14
Vervoersituasie	17

8.5.2.2.2 Wat kleurlingindividue betref, verteenwoordig die steekproef 16.37% (Tabel 18) meer as die 2001-statistiek. Dit kan verklaar word uit die feit dat Davidsonville, wat in die steekproefgebied val, die enigste eksklusiewe kleurlingwoonbuurt is wat die kleurlinggetalle noemenswaardig verhoog, maar wat verteenwoordigend is van die profiel van hierdie gebied.

8.5.2.2.3 Wat taalgroepe betref (Tabel 19), word net sewe van die taalgroepe verteenwoordig ten opsigte van die 2001-statistiek. Die taalgroepe wat wel verteenwoordig word se verhouding ten opsigte van die 2001-statistiek is goed.

8.5.2.2.4 Die biografiese inligting ten opsigte van geslag is baie goed (50/50) en ten opsigte van die ouderdomme, huwelikstatus en werkstatus is daar geen noemenswaardige afwyking nie. Ten opsigte van vervoer, blyk dit dat dít nie enige probleem kan veroorsaak met die oog op kerkbesoek nie.

8.5.2.2.5 'n Finale gevolgtrekking kan gemaak word dat die steekproef 'n goed gebalanseerde en ewekansige steekproef is.

8.6 Samevatting van bevindings van die empiriese ondersoek (vgl. 7.2.11)

In die lig van die bogenoemde empiriese bevindings kan die volgende algemene samevatting gemaak word. Die resultate van die empiriese vraelyste (vgl. 7.2.10) vertoon 'n hele aantal leemtes, maar ook bemoedigende geleenthede en ruimte om die leemtes uit te bou tot sterkpunte.

8.6.1 Die resultate van hierdie ondersoek kan as verteenwoordigend gereken word van Suid-Afrika (maar in besonder van stedelike gebiede soos dié van Roodepoort) se multikulturele samestelling (7.2.6), as verteenwoordigend van Christene (7.2.10.1.1 & 7.2.10.1.3) én van die diversiteit van denominasies wat Christene verteenwoordig.

8.6.2 Die resultate by Vraag 3 (7.2.10.1.2) dui daarop dat Christene se geloof, wat hierdie steekproefbevolking betref, swak gefundeer is in die Hoof, Jesus Christus. Die feit dat 'n suiwer geloofsbegronding en identiteitsbelewing veral by kleurlingindividue (vgl. 7.2.10.1.2) 'n groot leemte is, verdien spesiale aandag.

8.6.3 Die positiewe waardering wat bestaan vir Christene (7.2.10.1.3) en die kerk (7.2.10.1.4 - veral by die swartbevolking) is 'n belangrike aanknopingspunt om die ware identiteit van Christene en die kerk as liggaam van Christus (die Hoof van die kerk) uit te bou tot 'n sterkpunt.

8.6.4 Die *eenheid van gelowiges* as merkteken toon bemoedigende uitkomste as 'n basis waarvan gewerk kan word. Die basiese vetrekpunt is geloofsoortuigings (vgl. 7.2.10.2.1). Dit plaas Jesus Christus, as Hoof van die kerk, in die sentrum van eenheidsbelewing. Hoewel dit vasgestel

is dat eenheidsbelewing nie gebaseer is op kultuur en agtergrond nie, maar op geloofsoortuigings, is die aanduiding volgens 7.2.10.1.2 dat die geloofsbegronding nie suiwer is nie. Die uitbou van die grondbeginsel dat Jesus Christus Hoof is van die kerk, kan hierdie bevindings baie versterk. Die openheid by die kleurlingrespondente tot interkulturele kontak, kan daartoe meewerk dat leemtes in die kleurlingbevolking se geloofsoortuigings ook omgekeer kan word tot 'n sterkpunt.

8.6.5 Die uitlewing van *heiligheid* as merkteken vertoon bepaalde leemtes wat strategiese aandag verdien. Hoewel die oorwegende tendens is dat 'n keuse gemaak word vir uitlewing van geloof as uitdrukking van 'n heilige lewenswandel, word 'n leemte in hierdie opsig geïdentifiseer, omdat 'n groot verteenwoordiging van die wit- en kleurlingbevolking - en meer spesifiek die mans in die algemeen - oorwegend kies vir die nakom van reëls en regulasies. Skriftuurlike begronding van heiligheid as gebaseer op erkenning van Jesus Christus as Hoof van die kerk, verdien baie aandag in strategiese beplanning.

8.6.6 Die belewing van *katolisiteit* as merkteken van die kerk het 'n positiewe profiel (vgl. 7.2.10.2.3). Daar bestaan min kulturele sensitiwiteit ten opsigte van akkommodering van mekaar. Die kleurlinggemeenskap is meer akkommoderend as die wit- en swartgemeenskappe. Hierdie openheid behoort by te dra tot die uitbou van katolisiteit as merkteken en kan as sterkpunt verder uitgebou word deur insigte tuis te bring dat elke onderskeie kultuur 'n gawe is van die Hoof van die kerk, wat gerespekteer en waardeer moet word al ontwikkel nuwe geloofsgemeenskappe.

8.6.7 In die uitlewing van 'n faset van die merkteken *apostolisiteit*, blyk 'n positiewe openheid van gelowiges om verkondiging oor kulturele grense te neem (vgl. 7.2.10.2.4). Daar sal egter in toerusting en opbou

voortdurend gelet moet word op 'n balans tussen fisiese en geestelike behoeftes.

8.6.8 Die ondersoek toon aan dat κήρυγμα as bediening 'n sterkpunt is, omdat die erediens verstaan word as 'n gebeurtenis wat plaasvind tussen God/Woord en mens, veral in die geval van vrouens. Vrouens se aanbiddingspersepsie is meer gefokus op wat gebeur tussen God en mens in die omgaan met die Woord, as dié van mans. Mans is meer ingestel op belewing. Openheid vir die Woord en omgang met die Woord is sterkpunte by gelowiges. Die plek van die Woord in gelowiges se lewens kan sterker uitgebou word by mans.

8.6.9 Die erediens as toerustingsgeleentheid in gelowiges se ontmoeting met God en met mekaar (λειτουργία) het in die steekproefbevolking 'n goeie staanplek onder alle bevolkingsgroepe (vgl. 7.2.10.3.2). Die witbevolking is egter nog in 'n mate gereserveerd en sal in strategiese beplanning in ag geneem moet word.

8.6.10 'n Aanvullende bevinding ten opsigte van die erediens is die voorrang wat menslike belewing, veral by die kleurlingbevolking en mans in die algemeen, inneem bó die sentraliteit van God en die Woord (7.2.10.3.3). Die positiewe plek wat die Woord en God in die erediens by die swartbevolking inneem, is 'n sterkpunt wat positief uitgebou kan word om die ander kulture hierin te begelei.

8.6.11 Bogenoemde bevinding rondom die sentrale plek wat die Woord en God inneem by die swartbevolking kom ook na vore wanneer dit gaan om meer kennis (vgl. 7.2.10.3.4). Daar bestaan 'n algemene verwagting by al die bevolkingsgroepe om meer kennis te verwerf, wat 'n baie positiewe bydrae tot die profiel is. Wat egter van groot belang is, is dat dit blyk dat die swartbevolking se voorkeur om die Woord deur prediking en lering

beter te leer ken, eerder as in selgroepe, nie net goed begrond moet word nie (dit kan 'n sterk kulturele agtergrond hê), maar ook gerespekteer en verder uitgebou moet word. Kleurlingindividue in die steekproefbevolking is minder ingestel op kennis en vaardighede, maar sterker ingestel op selgroepe - wat goed assosieer met hulle groter behoefte aan ervaring. Witindividue se ingesteldheid op kennis en vaardighede en verkryging daarvan verteenwoordig 'n sterk middelgroep. In die lig van 4.4.4.3 is die plek en metode van onderrig nie so belangrik as die inhoud van die Woord nie. Om dié rede kan onderrig in kennis en vaardighede met variasie van metodes plaasvind, volgens die eie en unieke aard van elke bevolkingsgroep of kultuur.

8.6.12 'n Uitstaande kenmerk en sterkpunt van die gemeenskappe waarbinne die ondersoek gedoen is, is die openheid en gerigtheid op die ander, méér as die self. Dit skep buitengewone geleenthede om evangeliserende toerustings (7.2.10.3.5), onderlinge belewing van geloofsgemeenskappe (7.2.10.3.6) asook diensprojekte (vgl. 7.2.10.3.7) in die gemeente en gemeenskappe te loods.

8.7 Finale samevattings oor metateoretiese bevindings in algemene bevinding, sterk- en swakpunte (vgl. 7.2.12)

8.7.1 Algemene bevinding

Die resultate van hierdie ondersoek kan as verteenwoordigend gereken word van Suid-Afrika (maar in besonder van stedelike gebiede soos dié van Roodepoort) se multikulturele samestelling (7.2.6), as verteenwoordigend van Christene (7.2.10.1.1 & 7.2.10.1.3) én van die diversiteit van denominasies wat Christene verteenwoordig.

8.7.2 Skematisering van sterk- en swakpunte van steekproefbevolking, as aanduiding van die gegewe situasie

Basisteoretiese beginsels	Sterkpunte	Swakpunte
Christus as Hoof	Daar bestaan waardering in die gemeenskap (veral by swart-Christene) vir Christene en die kerk (7.2.11.3).	Geloof van Christene is swak begrond in Christus as Hoof (7.2.11.2).
Eenheid	Jesus Christus as Hoof staan in die sentrum van eenheidsbelewing (7.2.11.4).	Eenheidsbelewing is begrond op geloofsoortuiging, wat swak begrond is in Christus as Hoof (7.2.11.4).
Heiligheid	Uitlewing van geloof in Jesus Christus is die grondslag in uitlewing van heiligheid (7.2.11.5).	Wit-, kleurling- en mansgelowiges se uitlewing van heiligheid is begrond in die nakom van reëls en regulasies (7.2.11.5).
Katolisiteit	Verskillende kulture, veral dié van die kleurlingindividue, is positief ingestel op akkommodering van mekaar (7.2.11.6).	Wit- en swartgelowiges is nie ten volle akkommoderend teenoor ander kulture nie (7.2.11.6).
Apostolisiteit	Openheid om die evangelie oor kulturele grense te verkondig (7.2.11.7).	In die uitreiking met die evangelie is daar nie altyd 'n goeie onderskeiding tussen geestelike en fisiese behoeftes nie (7.2.11.7).

κήρυγμα	Die erediens word beleef as 'n ontmoeting tussen God/Woord en die mens (veral by vrouens en swartmense) (7.2.11.8 & 7.2.11.9). Die Woord neem 'n sentrale plek in in die lewens van gelowiges (veral ten opsigte van prediking by swartgelowiges). Daar is 'n positiewe gerigtheid om die Woord en geloofsoortuigings met ander te deel (7.2.11.12).	Kleurlingindividue - en mans in die algemeen - is meer ingestel op belewing in die erediens as op ontmoeting met God in die Woord (7.2.11.8 & 7.2.11.10). Kleurlingindividue is minder ingestel op kennis en geloofsvaardighede as ervaring (7.2.11.11). Swartmense is meer ingestel op prediking en lering in 'n erediensituasie as in selgroepe (7.2.11.11). Toerusting in geloofsdeling op verbale en daadwerklik vlakke, vereis toerusting (2.10.3.5).
λειτουργία	Die erediens as toerustingsgeleentheid in gelowiges se ontmoeting met God en met mekaar, het 'n goeie staanplek onder alle bevolkingsgroepe, veral onder die swartbevolking (vgl. 7.2.10.3.2).	Gereserveerdheid kom by die witbevolking voor ten opsigte van ontmoeting met mekaar oor kultuurgrense heen (7.2.10.3.2). Menslike belewing neem by kleurlingindividue - en mans in die algemeen - 'n groter plek in as sentraliteit van God en die Woord (7.2.10.3.3).
κοινωνία	Daar is 'n positiewe belewing van geloofsgemeenskap (7.2.11.13).	Toerusting in onderlinge belewing en beoefening van geloofsgemeenskappe vereis aandag (7.2.10.3.6).

διακονία	Daar bestaan 'n positiewe gerigtheid op dienslewering (7.2.11.13).	'n Sterker balans tussen bediening van fisiese en geestelike behoeftes kan ontwikkel word (7.2.10.3.7).

AFDELING 3 – STRATEGIESE KOMPONENT

HOOFSTUK 9: 'N ONDERHANDELINGSMODEL VIR MULTIKULTURELE KERKPLANTING

9.1 Inleidend: Doel en metode

Ten einde hierdie hoofstuk binne die groter raamwerk van die studie te plaas, is dit nodig om die prakties-teologiese metodologie wat gevolg is saam te vat - soos uiteengesit in Hoofstuk 1. In Afdeling 1 van die navorsing is, met behulp van 'n hermeneutiese proses, vanuit 'n prakties-teologiese hoek gekom tot 'n Skriftuurlike beskouing ('verstaan') van die ware identiteit van die kerk – by wyse van die metafoor *Hoof-en-liggaam* (vgl. 2.5.5). Dit is opgevolg met 'n ondersoek na die merktekens van die kerk (vgl. 3.7) en 'n verkenning van hoe die kerk hom vanuit hierdie identiteit rig op sy bedienings in die praktyk (vgl. 4.9) - toegespits op kerkplanting in 'n multikulturele konteks. Vanuit die navorsing, is aan die einde van Afdeling 1 in Hoofstuk 5, 'n missionêr-ekklesiologiese identiteit van die kerk as basisteorie geformuleer (vgl. 5.6).

Afdeling 2 van die navorsing was gerig daarop om 'n missionêr-ekklesiologiese identiteit van die kerk te *verklaar*. Die empiriese komponent, wat te make het met die wetenskaplike werkwyse waarvolgens navorsing en ondersoek aangepak word (vgl. 1.3.4.2), het in hierdie studie 'n skriftelike opname van bestaande praktykteoretiese gegewens rondom kerkplanting en multikulturaliteit behels (Hoofstuk 6). Tweedens is empiriese navorsing gedoen met die oog daarop om insig te verkry in hoe die basisteoretiese beginsels, wat as 'n missionêre ekklesiologie geformuleer is, in die praktyk van 'n steekproefbevolking funksioneer (Hoofstuk 7).

Afdeling 3 van die ondersoek behels die ontwikkeling van 'n nuwe strategie (*verandering*). In prakties-teologiese navorsing staan die strategiese perspektief

ook bekend as die regulatiewe of logiese komponent (sirkulêre verstaanproses). Praktiese teologie as die "theory of the mediation of the Christian faith in the praxis of modern society" (Heitink, 1999:6), is onvermydelik gerig op *verandering* deur 'n proses van bestuur en regulering.



Figuur 6: Die strategiese perspektief (Heitink, 1999:201)

Die strategiese perspektief verbind die vrae *wie doen wat?* met die *hoe?* en *waartoe?* (Heitink, 1999:201-219). Die komponent beskik oor 'n selfstandige wetenskaplike basis. Daar word verwys na die wetenskap van die agologie, oftewel die deskundige begeleiding van veranderingsprosesse. Agologie het 'n belangrike bydrae gelewer tot teorievorming in strategiese handelinge, maar kon nooit tot 'n selfstandige wetenskap ontwikkel nie. Derhalwe moes die agologie teruggryp na die dinamiek van 'verstaan' (hermeneuse) en verklaring (die empiriese), wat beide in sigself die krag tot verandering het (Heitink, 1999:205). Die regulatiewe sirkel is daarom nie net hermeneuties van aard nie, maar ook empiries (vgl. figuur 5).

Praktiese teologie behoort 'n bemiddelende rol te speel met die oog op die transformasie (verandering) van die samelewing, veral dan met betrekking tot die kerklike samelewing. Van praktiese teologie word verwag om die ontmoeting

tussen Woord en werklikheid te bemiddel. Hierdie bemiddeling vereis 'n worsteling met die Woord, die Christelike geloofstradisie en die weerbarstige werklikheid. Die transformasie van die samelewing word nie uit 'n ideologiese hoek bekyk nie, maar vanuit die oortuiging dat die evangelie 'n veranderende krag in die samelewing is (Heitink, Pieterse & Vos, 2000:62-63).

Geloof werk met die veronderstelling dat mense vanuit die eskatologiese perspektief van God se koninkryk kan verander en die samelewing vernuwe kan word (Heitink, 1999:202). Praktiese teologie, wat as normatiewe dissipline die gebied van bemiddeling en verandering as sy objek ag, verbind in homself 'n hermeneutiese belang (om te verstaan) met 'n strategiese belang (om verandering te fasiliteer). Dit is belangrik dat die strategiese handelinge verbind is aan die hermeneutiese sowel as die empiriese handelinge, veral omdat die metodes van verandering nie los van 'n wetenskaplike (prinsipiële) basis - óf neutraal - kan funksioneer nie (vgl. ook die verhouding *teorie-en-praxis* by 1.3.1.1.2.3).

Praktiese (strategiese) denke lei tot vorme van metodiese (onderhandeling via kommunikasie) en sistemiese (oopsisteem-) handelinge. Die metode in hierdie deel van die studie begin by 'n **gegewe situasie** (empiriese werklikheid), doelwitte word geformuleer (strategiese proses) waarmee beweeg word van die gegewe, na die **nuwe situasie** (multikulturele kerkplanting). Om die doelwitte te bereik, moet intens aandag gegee word aan die konteks van ervaring van diegene wat deel is van die proses (soos in die empiriese sirkel - vgl. 7.1). 'n Metode word gekies om seker te maak dat daar van die analise van die gegewe situasie (empiriese werklikheid) beweeg kan word na 'n nuwe situasie (multikulturele kerkplanting). Strategieë word ontwerp (die besluitnemingsproses) om die proses van verandering te organiseer. Besluite word geneem oor watter inhoude aan die verskillende stappe van die proses van verandering (Heitink, 1999:213) gegee word (drie stappe word geïdentifiseer, naamlik *Stap 1: Hoof-liggaamverhouding*; *Stap 2: merktekens*; en *Stap 3: bedienings*). Die proses word in drie fases geïmplementeer, naamlik 'n voorbereidende fase (Fase 1), 'n inisiërende fase (Fase 2 – strategiese fase

[onderhandelingsproses]) en 'n implementeringsfase (Fase 3 - kerkplantingsfase). Die fases word vanaf 9.4.2 in besonderhede beskryf. Elkeen van die stappe (Stap 1-3) van die onderhandelingsproses (Fase 2) verloop in drie kleiner subfases (f1 - f3). Die eerste besluitnemingssubfase (f1) gee 'n koersaanduiding van *hoe met die basisteorie (BT) vanaf die gegewe situasie na die nuwe situasie beweeg behoort te word*. Die tweede subfase (f2) dui aan *watter onderhandelinge plaas moet vind (met die BT meer konkreet op die praktyk gerig)*, voordat na 'n derde subfase (f3) beweeg word, naamlik die *praktiese implementeringsfase* of werkplan (f3 het nie met die BT se onderhandeling te doen nie, maar is 'n nadere uitwerk van die vrae: *Wie doen wat? Waarom? Waar? Wanneer? Hoe?* en *Teen watter koste?*). Gedurende die ontwikkeling van Fase 2 word, tesame met 'n dataversamelingsproses, voortdurend evaluasie gedoen oor die vordering van die proses. Teen die einde van Fase 2 en vóór die implimenteringsfase (Fase 3), kan 'n finale evaluasie gedoen word, waarna eers oorgegaan word na die finale subfase (f3). Ná die tweede subfase (f2) (van/binne Fase 2), behoort dit duidelik te wees wat van die uiteindelike bedienings verwag kan word en dat die regulatiewe sirkel (ten opsigte van die oopsisteemaard) deur middel van onderhandelings besig is om suksesvol te verloop. Die ontwikkeling van Fase 2 (f1-3 inbegrepe), weerhou hom doelbewus daarvan om stappe te reglementeer - omdat dit die onderhandelingsproses kan kompromitteer met besluite wat sensitiewe onderhandelings kan insluit, soos bv. die praktiese toepassing van die bediening van sakramente. Behoort die nagmaal met bekers aan 'n tafel bedien te word, of met kelkies in die banke, of albei - of behoort 'n wandelende nagmaal bedien te word? Ten opsigte van die doop, behoort die doop net aan kindertjies bedien te word by wyse van besprenkeling of onderdompeling, of ook aan volwassenes? Dít is die tipe vrae wat nie noodwendig die hoofsaak raak nie, maar bysake is. 'n Verdere voorbeeld: Aan watter kerkverband gaan die nuutgeplante gemeente behoort? Literatuur wys daarop dat 'n gemeente nie met sulke vrae gekompromitteer behoort te word nie, omdat dit in die beginfase van die gemeente se ontwikkeling nie belangrik is nie.

Hierdie vorm van metodiese handelinge verskaf 'n basis waarop die proses (die strategiese proses) deur middel van gesprekke, werksgroep(e) (bv. bestaande uit leiers uit elke verteenwoordigende kultuur wat geïdentifiseer word) of 'n aksiegroep (bestaande uit lede van samewerkende kerke), bestuur word. Daar sal voortdurend binne hierdie regulatiewe sirkel van verandering beweeg word deur bemoeienis met die vrae: *wie doen wat?* (die resultate van hermeneutiese proses); *hoe?* (die strategiese proses, deur middel van besluite); en *waartoe?* (verandering van die empiriese werklikheid [gegewe situasie] na 'n nuwe empiriese situasie). Die skets hieronder beeld bogenoemde metode van praktiese teologie uit, soos beskryf in Hoofstuk 1.3.4.



Figuur 3: Die metodologie van praktiese teologie (Heitink, 1999:165)

Die hermeneutiese perspektief is duidelik wanneer die doel en inhoud bepaal is. Doel en inhoud is gebaseer op die beskouing ('verstaan') van die werklikheid vanuit die perspektief van God se handelinge met die mense. In die bepaling van die gegewe situasie en die strategieë, kan teruggeval word op empiriese gegewens wat van die groep wat begelei word (soos deur die steekproefbevolking aangedui) ingesamel is en die resultate van die prosesse wat bestudeer is (kerkplanting en

multikulturaliteit). So word voortdurend binne hierdie driehoek van verandering, begrip ('verstaan') en verklaring beweeg (Heitink, 1999:213).

In die bestuur van die proses soos hierbo beskryf is twee teorieë belangrik, naamlik die kommunikasie- en sisteemteorie. Kommunikasie bestaan gewoonlik uit vier wesenlike elemente: die kommunikator, die boodskap, die kanaal (medium) en die ontvanger (Heitink, 1999:215). Kommunikasie kan nie alleen funksioneer nie, omdat die kommunikasiehandeling wesenlik 'n eenrigtingverkeer is. Om dié rede stel Heitink (1999:217) voor dat kommunikasie binne 'n oopsisteem funksioneer. 'n Sisteem is "an arrangemant of components into a distinct, typical whole" (Heitink, 1999:217). Sisteemteorieë komplimenteer kommunikasiestrategieë en kan gebruik word om sekere situasies te verhelder en na die oppervlak te bring. Dit deurbreek die eenrigtingverkeer, wat kenmerkend is van kommunikasie. Praktiese teologie funksioneer slegs in oopsisteme, wat 'n verhouding van wisselwerking met sy omgewing (deelnemers) in stand hou. Die onderhandelingsproses, wat in hierdie strategie beskryf word, vind aansluiting by Peter Senge se "Sisteemdinamieke" (Senge, 1999:137-152).

Die kenmerke van Senge se sisteem is:

- Elemente van voortgaande interafhanklike interaksies wat lei tot die bereiking van 'n gemeenskaplike doel.
- Organisatoriese verandering wat die innerlike verskuiwings (paradigmaskuiwe) in mense se waardes, aspirasies en gedrag kombineer met uitwendige verskuiwings in prosesse, strategieë, praktyke en sisteme.
- Die organisasie (kerk) doen nie iets nuuts nie, dit bou kapasiteit vir voortdurende verandering.
  - Dit is nie voldoende om strategieë, strukture en sisteme te verander nie - tensy die denkprosesse wat die strategieë tot stand bring, ook die leiers verander.

Hierdie "Sisteemdinamieke" van Senge vind volgens die oortuiging van die navorser, volledige uitdrukking in die regulatiewe sirkelbenadering van Heitink wat hierbo beskryf is.

In die lig van hierdie metode, is die werkplan in hierdie hoofstuk om eers die gegewe situasie (die empiriese gegewens) en die verwagte nuwe situasie (of ideaal) te beskryf en daarna die strategiese komponent deur Fase 1 (die voorbereidingsfase) te begelei, waarna Fase 2 (die inisiëringsfase) déúr die besluitnemingsproses (f1) tot en met die tweede subfase (f2) begelei word - en noodsaaklike elemente voorts in f3 beskryf word (f3 word volledig ontwikkel, voordat oorgegaan word na die praktyk van kerkplanting). Die besluitnemings word aan die einde saamgevat as opsommend van die inisiërende fase (Fase 2 én f1 én f2 én f3), voor die inwerkingtreding van die implementeringsfase (Fase 3) .

9.2 Beskrywing van die gegewe situasie

9.2.1 Metateoretiese gegewens oor die demografiese eienskappe van die fokusgebied en steekproefbevolking

Die belangrikste eienskappe van die multikulturele samelewing wat in hierdie navorsing as steekproef gedien het, word in die volgende vergelykende tabelle met die 2001-statistieke beskryf ten opsigte van wooneenhede, bevolkingsgroepverspreiding, taalgroepverspreiding en denominasionele verdeling:

Woongebiedverspreiding

Tabel 1, 2 en 9: Totale getal wooneenhede binne die studiegebied

Woongebied	Totale getal wooneenhede	*% van totale getal wooneenhede*	Getal steekproef-wooneenhede beplan	Steekproefrealisering
Georginia	616	15.0	15	11
Horison	1000	24.3	24	22
Horison View	68	16.7	17	18
Roodepoort-Noord	713	17.3	17	18
Roodepoort-Wes	237	5.8	6	5
Roodepoort-Sentraal	862	21.0	21	21
Totaal	**4113**	**100**	**100**	**95**

Bevolkingsgroepverspreiding

Tabel 18: Bevolkingsgroepvergelyking

Bevolkingsgroep	2001-statistiek	2001-statis-tiek in %	Steekproef-%	%-verskil
Swart	64,974	32.53	26,3	-6.23
Kleurling	9,458	4.73	21,1	16.37
Asiër	4,643	2.32	2.1	-0.22
Blank	120,688	60.42	50,5	-9.92

Opmerking: Wat kleurlingindividue betref, verteenwoordig die steekproef 16.37% (Tabel 18) meer as met die 2001-statistiek. Dit kan verklaar word uit die feit dat Davidsonville, wat in die steekproefgebied val, die enigste eksklusiewe kleurlingwoonbuurt is wat die kleurlinggetalle noemenswaardig verhoog, maar wat verteenwoordigend is van die profiel van hierdie gebied.

Taalgroepgroepverspreiding

Tabel 19: Taalgroepvergelyking

Taal	2001-statistiek	2001-statistiek in %	Steekproef-%	%-verskil
Afrikaans	54,008	27.03	54,7	+27.67
Engels	82,875	41.5	22,1	-19.4
IsiNdebele	1,555	0.78	n.v.t.	n.v.t.
IsiXhosa	7,897	3.95	3,2	-0.75
IsiZulu	10,944	5.48	7,4	+1.92
Sepedi	6,350	3.17	n.v.t.	n.v.t.
Sesotho	6,676	3.34	3,2	-0.14
Setswana	17,504	8.76	7,4	-1.36
SiSwati	891	0.45	n.v.t.	n.v.t.
Thsivenda	4,628	2.32	2,1	-0.22
Xitsonga	4,042	2.02	n.v.t.	n.v.t.
Ander	2,295	1.15	n.v.t.	n.v.t.

Opmerking: Wat taalgroepe betref (Tabel 19), word net sewe van die taalgroepe verteenwoordig ten opsigte van die 2001-statistiek. Die taalgroepe wat wel verteenwoordig word se verhouding ten opsigte van die 2001-statistiek is goed.

Denominasionele verdeling

Tabel 30 en 31

	2004	2001	Wit	Kleurling	Swart
Gereformeerd	31.58	9	52.08	10.00	12.00
Anglikaans	5.26	4.8	4.17	5.00	8.00
Metodiste	0.00	9.2	n.v.t.	n.v.t.	n.v.t.
Presbiteriaans/Baptiste/Kongreg.	4.21	4.7	4.17	10.00	0.00
Luthers	6.32	3.2	6.25	10.00	4.00
Rooms-Katoliek	6.32	8.9	6.25	15.00	0.00
Charismaties/Pentekostalisties	14.74	7.3	8.33	20.00	24.00
Afrika-onafhanklik	10.53	40.8	12.50	15.00	40.00
Ander	12.63	12	12.50	20.00	8.00
Geen	8.42	0.00	6.25	10.00	4.00

Vanuit die steekproefbevolking behoort 91.6% aan 'n Christelike kerk. Die Metodiste is die enigste denominasie wat nie verteenwoordig is in die steekproefbevolking nie. Die Anglikane, Presbiteriane/Baptiste/Kongregasionaliste, Lutherse, Rooms-Katolieke en "Ander" denominasies het almal 'n gebalanseerde verteenwoordiging in die steekproefbevolking. Denominasionele verspreiding verskil van *Statistics South Africa CENSUS 2001 (GIS spatial data)* (weergegee deur NG Kerk, 2001) ten opsigte van Gereformeerde, Charismatiese/Pentekostalistiese en Afrika-onafhanklike kerke. Gereformeerde verbintenis verteenwoordig in die steekproef 31.58%, teenoor 'n landswye 9%. 'n Verklaring vir hierdie verhouding kan wees dat Gereformeerde kerke tradisioneel gevestig is onder Afrikaanssprekendes. Die gebied wat deur die steekproefbevolking verteenwoordig word, vertoon 'n samestelling van 50.5% blankes teenoor die 60.42% van 2001 (vgl. Tabel 18). Die statistiese verteenwoordiging van die Charismatiese/Pentekostalistiese groep en die Afrika-onafhanklike groep staan in verband met mekaar. Die nasionale verteenwoordiging van bogenoemde groepe is onderskeidelik 7.3% en 40.8% (vgl. Tabel 30). Dit kan verwag word dat in die steekproefgebied minder Afrika-onafhanklike kerke verteenwoordig sal wees as in gebiede wat oorwegend swart- of meer landelike inwoners het. 'n Waarneming op grond van besoeke aan Rhema Kerk, wat onder die charismatiese groep val en aan die Wesrand geleë is, bevestig dat gelowiges wat die groep besoek oorwegend swart is. Die verwagting onder kerkleiers van Rhema is dat hulle swartlidmatetal in die volgende tien jaar kan styg tot 90%. Tabel 31 se tweerigting-frekwensietabel met bevolking toon ook aan dat die verteenwoordiging onder die charismate/pentekostaliste 20% kleurlingindividue en 24% swartindividue is. 'n Baie sterk charismatiese kerk in Soweto, die *Grace Bible Church*, word deur swartgelowiges aan die Wesrand besoek (uit die streekproefbevolking het twee aangedui dat hulle aan *Grace Bible Church* behoort). 'n Groter verteenwoordiging van charismatiese gelowiges en 'n kleiner verteenwoordiging van Afrika-onafhanklike kerke kan te wagte wees.

9.2.2 Verkorte skematiese weergawe van 'n algemene bevinding en die sterk- en swakpunte van die profiel van die steekproefbevolking, verkry deur empiriese navorsing as aanduiding van die gegewe situasie

9.2.2.1 Algemene bevinding

Die resultate van hierdie ondersoek kan as verteenwoordigend gereken word van die Suid-Afrikaanse situasie (maar in besonder van stedelike gebiede soos dié van Roodepoort) se multikulturele samestelling (7.2.6), as verteenwoordigend van Christene (7.2.10.1.1 & 7.2.10.1.3) én van die diversiteit van denominasies wat Christene verteenwoordig (7.2.10.1.4).

9.2.2.2 *Skematisering van sterk- en swakpunte van steekproefbevolking, as aanduiding van gegewe situasie*

Basisteoretiese beginsels	Sterkpunte	Swakpunte
Christus as Hoof	Daar bestaan waardering in die gemeenskap (veral by swart-Christene) vir Christene en die kerk (7.2.11.3).	Geloof van Christene is swak begrond in Christus as Hoof (7.2.11.2).
Eenheid	Jesus Christus as Hoof staan in die sentrum van eenheidsbelewing (7.2.11.4).	Eenheidsbelewing is begrond op geloofsoortuiging, wat swak begrond is in Christus as Hoof (7.2.11.4).
Heiligheid	Uitlewing van geloof in Jesus Christus is die grondslag in uitlewing van heiligheid (7.2.11.5).	Wit-, kleurling- en mansgelowiges se uitlewing van heiligheid is begrond in die nakom van reëls en regulasies (7.2.11.5).
Katolisiteit	Verskillende kulture, veral dié van die kleurlingindividue, is positief ingestel op akkommodering van mekaar (7.2.11.6).	Wit- en swartgelowiges is nie ten volle akkommoderend teenoor ander kulture nie (7.2.11.6).
Apostolisiteit	Openheid om die evangelie oor kulturele grense te verkondig (7.2.11.7).	In die uitreiking met die evangelie is daar nie altyd 'n goeie onderskeiding tussen

		geestelike en fisiese behoeftes nie (7.2.11.7).
κήρυγμα	Die erediens word beleef as 'n ontmoeting tussen God/Woord en die mens (veral by vrouens en swartmense) (7.2.11.8 & 7.2.11.9). Die Woord neem 'n sentrale plek in in die lewens van gelowiges (veral ten opsigte van prediking by swartgelowiges). Daar is 'n positiewe gerigtheid om die Woord en geloofsoortuigings met ander te deel (7.2.11.12).	Kleurlingindividue - en mans in die algemeen - is meer ingestel op belewing in die erediens as op ontmoeting met God in die Woord (7.2.11.8 & 7.2.11.10). Kleurlingindividue is minder ingestel op kennis en geloofsvaardighede as ervaring (7.2.11.11). Swartmense is meer ingestel op prediking en lering in 'n eredienssituasie as in selgroepe (7.2.11.11). Toerusting in geloofsdeling op verbale en daadwerklik vlakke, vereis toerusting (2.10.3.5).
λειτουργία	Die erediens as toerustingsgeleentheid in gelowiges se ontmoeting met God en met mekaar, het 'n goeie staanplek onder alle bevolkingsgroepe, veral onder die swartbevolking (vgl. 7.2.10.3.2).	Gereserveerdheid kom by die witbevolking voor ten opsigte van ontmoeting met mekaar oor kultuurgrense heen (7.2.10.3.2). Menslike belewing neem by kleurlingindividue - en mans in die algemeen - 'n groter plek in as sentraliteit van God en die Woord (7.2.10.3.3).

κοινωνία	Daar is 'n positiewe belewing van geloofsgemeenskap (7.2.11.13).	Toerusting in onderlinge belewing en beoefening van geloofsgemeenskappe vereis aandag (7.2.10.3.6).
διακονία	Daar bestaan 'n positiewe gerigtheid op dienslewering (7.2.11.13).	'n Sterker balans tussen bediening van fisiese en geestelike behoeftes kan ontwikkel word (7.2.10.3.7).

9.2.3 Gegewe situasie ten opsigte van multikulturaliteit en kerkplanting

In 'n stadsgemeenskap wat toenemend multikultureel is, soos in 9.2.1 hierbo beskryf, is daar ten minste vyf tipes mense wat nie inpas by tradisionele homogene kerke nie: 1 - Interras-pare en –families; 2 - Etnies gemengde persone, wat verkies om Engels te praat; 3 - Stedelinge wat dit geniet om te leef en te werk in etniese diversiteit en verkies om in 'n etniese diversiteit bedien te word; 4 - Die X-generasie (ontwikkelende postmoderne generasie), wat rasseskeidings verfoei; en 5 - Gelowiges wat hulle geloof wil beoefen in 'n multikulturele Gereformeerde omgewing.

In die verlede was homogene 'wit' kerke groeiende kerke en voorspoedige kerke. Vandag is die gegewe situasie omgekeerd. Homogene hoofstroomkerke het krimpende kerke geword ten opsigte van lidmate en gemeentes (vgl. 6.2.2.2). Inwoners van gemeenskappe wat goed gekwalifiseerd is (vgl. Tabel 7) en goeie werkstatus beleef (vgl. Tabel 16), beskik oor of het toegang tot vervoer (vgl. Tabel 17), kan gemiddelde tot hoë inkomstes genereer (vgl. Tabel 15), in rasgemengde gemeenskappe leef en werk en sal al meer en meer aangetrokke voel tot interetniese, heterogene kerke. Jongmense wat ná 1994 van hulle etnisiteit bewus

geword het, beleef multikulturaliteit as 'n gegewendheid en spontane manier van lewe wat geen hindernisse in hulle gemoed veroorsaak nie, maar weet nie altyd hoe om hulle oortuigings in die praktyk uit te leef nie omdat daar nie strukture is nie. Esterhuyse (2004:III) stel dit soos volg: "Interkulturele kontak is uiters beperk. Kulturele groepsgebiede is hoofsaaklik die praktyk met te min ernstige aandag aan multikulturele begripsvorming – nie bloot deur boeke nie, maar deur doelgerigte interaksie. Om goed te kan funksioneer, het multikulturele samelewings 'n groeiende kern van mense met transkulturele geloofwaardigheid én aanvaarbaarheid nodig. Interkulturele pendelaars help om multikulturele samelewings se groepsgebiede van swaaideure te voorsien. 'n Mens kan hulle ook brugbouers noem." 'n Multikulturele gemeente kan as brugbouer dien om Christene van verskillende kulture in 'n "nuwe" gemeente op te vang en te bedien.

Vir gelowiges in die gegewe situasie wat oortuig is van die Bybelse imperatief (sien Hoofstuk 2 en bv. Ef. 2:14-22; Gal. 3:26-28 en Openb. 5:9-10) en baie ander praktiese motiverings vir multikulturele bedienings, is dit van die grootste belang dat multikulturele kerkplantingsmodelle daargestel word vir evangelisering en inskakeling in kerklike strukture van die ongelowiges en buitekerklikes (nominaliste). Kerkleiers wat medebekommerd is oor die onttrekking van hoofstroomkerke uit kultureel-transformerende gebiede, behoort te begin om biddend saam te besin en saam te soek na wyses waarop missionêr-ekklesiologiese beginsels en praktyke van bediening ontwikkel kan word.

9.2.3.1 Gegewe situasie ten opsigte van kerkplanting

Hierdie navorsing beskryf die gegewe situasie ten opsigte van kerkplanting vanuit die volgende definisie: *Kerkplanting is waar en wanneer 'n kerk of kerke as missionêre handeling 'n kerk plant op grond van missionêr-ekklesiologiese beginsels, in omstandighede waar die konteks duidelik verreken word.* (Vgl. 6.2.5.4.)

Die volgende gegewens is belangrik ten opsigte van die proses van kerkplanting:

9.2.3.1.1 Die proses van kerkplanting begin deur missionêr-ekklesiologiese beginsels vanuit die Nuwe Testament (én Ou-Testamentiese openbaringslyne) te formuleer - soos in hierdie studie aangetoon (vgl. Hoofstukke 2-5 en 6.2.5.1).

9.2.3.1.2 Vanuit die historiese ontwikkeling van kerkplanting is bepaal dat die huidige situasie van kerke, wat ontbind of saamsmelt as gevolg van 'n gebrek aan 'n missionêre visie en strategieë en die onstandhoudendheid van 'n monokulturele benadering (omstandighede), herplanting van 'n multikulturele bediening kan oorweeg (vgl. 6.2.5.2).

9.2.3.1.3 In die proses van herplanting van 'n multikulturele bediening, kan met goeie oordeel en bewustheid van bepaalde leemtes in die *Church Growth Movement (CGM)* en sy nuanseringe, van hulle materiaal en insigte ten opsigte van kerkplanting in 'n multikulturele konteks gebruik gemaak word (vgl. 6.2.5.3).

9.2.3.1.4 Ten opsigte van die soekersensitiewe model van *Willow Creek Community* in Chicago *(WCC)*, kan met goeie oorleg en sonder om eklekties te werk te gaan - maar deur 'n proses van internalisasie, met vrug gebruik gemaak word van *WCC* se prosesse en materiaal, met inagneming van hulle kenmerke (6.2.4.1.1.1), kritiek (6.2.4.1.1.2) en die samevatting (vgl. 6.2.4.1.1.3) – en met besondere verwysing na:

- *WCC* se missionêre sensitiwiteit vir soekers, maar dan 'n deurtrekking daarvan na alle fasette van die bediening, waarin nie net die

buitekerklikes nie, maar soekers en gelowiges as ewe belangrik in die oë van God die deurslag gee.

9.2.3.1.5 Ten opsigte van die doelstelling-strategiemodel van die *Purpose Driven Church (PDC)*, kan met goeie oorleg en sonder om eklekties te werk te gaan - maar deur 'n proses van internalisasie, met vrymoedigheid van materiaal en prosesse van *PDC* gebruik gemaak word, met inagneming van die kenmerke (6.2.4.1.2.1), kritiek (6.2.4.1.2.2) en die samevatting (6.2.4.1.2.3) – en met besondere verwysing na:

- *PDC* se doelstellingbenadering (veral die inhoude), maar dan nie gefokus op die doelstelling alleen nie, maar op die Hoof van die kerk, Jesus Christus, en die uitbou van die doelstellings as bedienings van die kerk - soos in hierdie navorsing aangetoon (vgl. Hoofstuk 4).

9.2.3.1.6 Van die selkerkmodel kan met oorleg en sonder om eklekties te werk te gaan - maar deur 'n proses van internalisasie, met vrymoedigheid van materiaal en prosesse van die selkerkmodel gebruik gemaak word, met inagneming van die kenmerke (6.2.4.1.3.1), kritiek (6.2.4.1.3.2) en die samevatting (6.2.4.1.3.3) – en met besondere verwysing na:

- Die selkerkmodel se fokus op kleingroepe, waarbinne verhoudings belangriker is as programme; selgroepe (kleingroepe) wat dien as missionêre basis vir uitreiking en akkommodasie van húlle ín die wêreld - 'n terrein waarbinne gawes geïdentifiseer en toegerus word, sonder dat selgroepe ontwikkel in 'n *ecclesia ecclesiola* (kerkie binne 'n kerk).

9.2.3.1.7 Daar kan met goeie oorleg en met groot wysheid gebruik gemaak word van die elemente van die postmoderne benaderings - soos die kenmerke daarvan (vgl. 6.2.4.1.4.1); met verdiskontering van die kritiek

(6.2.4.1.4.2) en deur gebruik te maak van die elemente soos uiteengesit in die samevatting (6.2.4.1.4.3) - veral in die lig van die oopsisteem- en kommunikatiewe benadering van die postmoderne benadering as ontwikkelende model.

9.2.3.2 Die gegewe situasie ten opsigte van multikulturaliteit

Hierdie navorsing beskryf die gegewe situasie ten opsigte van multikulturaliteit deur interkulturasie met die volgende definisie: *Interkulturasie is die interaksie tussen die evangelie en kulture, deur verbreding van die konsep van inkulturasie.*

Die volgende gegewens is belangrik ten opsigte van die proses van interkulturasie:

9.2.3.2.1 Die proses van interkulturasie vind plaas met inagneming van die hermeneutiese proses van inkulturasie (vgl. 6.3.4) en inagneming van die voorbehoude en uitdagings ten opsigte van interkulturasie (vgl. 6.3.5).

9.2.3.2.2 Tradisie is 'n baie belangrike raamwerk waarbinne kulture en hulle ontwikkeling geïnterpreteer moet word (vgl. 6.3.1.1).

9.2.3.2.3 Die proses van interkulturasie vernietig nie bestaande kulture nie, dit ontwikkel nuwe Christelike uitdrukkings wat kultuur verander en transformeer.

9.2.3.2.4 Die proses van ontwikkeling van 'n nuwe ontluikende kultuur van bediening is 'n oopsisteem en 'n onderhandelende proses, waarin almal betrokke is sonder om bedreig te voel.

9.2.3.2.5 'n Nuwe kultuur wat deur interkulturasie ontluik, neem nie besit van bestaande kulturele uitdrukkings van die bediening, soos byvoorbeeld die "Afro-Amerikaanse"-model, sonder 'n proses van internalisasie nie.

9.2.3.2.6 Die proses van interkulturasie verloop só dat plaaslike geloofsgemeenskappe eienaarskap van die ontluikende kultuur aanvaar.

9.2.3.2.7 Die lig van die evangelie verlig elke faset van so 'n ontluikende kultuur.

9.2.3.2.8 Die proses neem dinamieke en behoeftes in plaaslike gemeenskappe in ag.

9.3 'n Nuwe situasie ten opsigte van multikulturaliteit en kerkplanting

9.3.1 Demografies

Demografiese eienskappe is vloeibaar. Wat 'n nuwe situasie betref, word die demografiese eienskappe soos weergegee in hierdie navorsing (vgl. 9.2.1), as van toepassing op die nuwe situasie gereken. In die werklikheid kan die nuwe situasie se eienskappe voortdurend herevalueer word. In 'n situasie waarin 'n totale demografiese verskuiwing plaasvind, of in omstandighede waar die demografiese eienskappe totaal verskil van die gegewe, kan 'n herevaluering gedoen word.

9.3.2 'n Nuwe situasie - as ideale situasie beskryf (vgl. 9.2.2.2 ten opsigte van sterk- en swakpunte)

Basisteoretiese beginsels	**Gegewe situasie met sterkpunte (a) en *swakpunte (b)***	**Nuwe situasie**
Christus as Hoof	a) Daar bestaan waardering in die gemeenskap (veral by swart-Christene) vir Christene en die kerk (7.2.11.3). *b) Geloof van Christene is swak begrond in Christus as Hoof*	Deur die uitbouing en begronding van Jesus Christus as Hoof van die kerk, geloofsekerheid te versterk en waardering

	(7.2.11.2).	vir gelowiges en die kerk te bevorder.
Eenheid	a) Jesus Christus as Hoof staan in die sentrum van eenheidsbelewing (7.2.11.4). *b) Eenheidsbelewing is begrond op geloofsoortuiging, wat swak begrond is in Christus as Hoof (7.2.11.4).*	Deur die uitbouing en begronding van Jesus Christus as Hoof van die kerk, die eenheidsbelewing as merkteken van die kerk - van gelowiges van verskillende kulture - te versterk.
Heiligheid	a) Uitlewing van geloof in Jesus Christus is die grondslag in uitlewing van heiligheid (7.2.11.5). *b) Wit-, kleurling- en mansgelowiges se uitlewing van heiligheid is begrond in die nakom van reëls en regulasies (7.2.11.5).*	Deur die uitbouing en begronding van Jesus Christus as Hoof van die kerk, ware heiligheid as merkteken van die kerk - wat begrond is in geloof in Jesus Christus - uit te bou.
Katolisiteit	a) Verskillende kulture, veral dié van die kleurlingindividue, is positief ingestel op akkommodering van mekaar (7.2.11.6). *b) Wit- en swartgelowiges is nie ten volle akkommoderend teenoor ander kulture nie (7.2.11.6.).*	Deur die uitbouing en begronding van Jesus Christus as Hoof van die kerk, katolisiteit as merkteken van die kerk uit te bou wat akkommoderend is van alle kulture.
Apostolisiteit	a) Openheid om die evangelie oor	Deur die uitbouing en

	kulturele grense te verkondig (7.2.11.7). b) *In die uitreiking met die evangelie is daar nie altyd 'n goeie onderskeiding tussen geestelike en fisiese behoeftes nie (7.2.11.7).*	begronding van Jesus Christus as Hoof van die kerk, apostolisiteit as merkteken só uit te bou dat die evangelie oor alle kultuurgrense heen verkondig kan word en daar 'n suiwer onderskeiding tussen geestelike en fisiese behoeftes is.
κήρυγμα	a) Die erediens word beleef as 'n ontmoeting tussen God/Woord en die mens (veral by vrouens en swartmense) (7.2.11.8 en 7.2.11.9). Die Woord neem 'n sentrale plek in in die lewens van gelowiges (veral ten opsigte van prediking by swartgelowiges). b) *Kleurlingindividue - en mans in die algemeen - is meer ingestel op belewing in die erediens as op ontmoeting met God in die Woord (7.2.11.8 en 7.2.11.10). Kleurlingindividue is minder ingestel op kennis en geloofsvaardighede as ervaring (7.2.11.11). Swartmense is meer ingestel op*	Om die bediening van **κήρυγμα** in al sy fasette só uit te bou dat die Woord as ontmoetingspunt tussen God en mens vir alle kultuurgroepe 'n sentrale plek sal inneem, sodat almal Hom: • in die erediens sal wil ontmoet; • Hom beter sal wil ken en beleef; en sodat almal: • kennis en vaardighede sal wil ontwikkel; en • alle bedienings-

	prediking en lering in 'n erediensituasie as in selgroepe (7.2.11.11).	geleenthede sal wil benut.
λειτουργία	a) Die erediens as toerustingsgeleentheid in gelowiges se ontmoeting met God en met mekaar het 'n goeie staanplek onder alle bevolkingsgroepe, veral onder die swartbevolking (vgl. 7.2.10.3.2). *b) Gereserveerdheid kom by die witbevolking voor ten opsigte van ontmoeting met mekaar oor kultuurgrense heen (7.2.10.3.2).* *Menslike belewing neem by kleurlingindividue - en mans in die algemeen - 'n groter plek in as sentraliteit van God en die Woord (7.2.10.3.3).*	Om die bediening van λειτουργία in al sy fasette só uit te bou dat die ontmoeting met God en mekaar, alle kultuurgroepe kan lei tot 'n dieper kennis en belewing van God.
κοινωνία	a) Daar is 'n positiewe belewing van geloofsgemeenskap (7.2.11.13). *b) Toerusting in onderlinge belewing en beoefening van geloofsgemeenskappe vereis aandag (7.2.10.3.6).*	Om die bediening van κοινωνία in al sy fasette só uit te bou dat onderlinge belewing en beoefening van geloofsgemeenskap uitgebou kan word.

διακονία	a) Daar bestaan 'n positiewe gerigtheid op dienslewering (7.2.11.13). *b 'n Sterker balans tussen bediening van fisiese en geestelike behoeftes kan ontwikkel word (7.2.10.3.7).*	Om die bediening van διακονία in al sy fasette só uit te bou dat 'n sterk balans tussen bediening van fisiese en geestelike behoeftes ontwikkel kan word.

9.3.3 'n Nuwe (ideale) situasie ten opsigte van kerkplanting

Hierdie navorsing beskryf die gegewe (en daarom ook die ideale) situasie ten opsigte van kerkplanting vanuit die volgende definisie: *Kerkplanting is waar en wanneer 'n kerk of kerke as missionêre handeling 'n kerk plant op grond van missionêr-ekklesiologiese beginsels, in omstandighede waar die konteks duidelik verreken word* (vgl. 6.2.5.4).

Die volgende gegewens weerspieël die nuwe (ideale) situasie ten opsigte van kerkplanting

9.3.3.1 Die proses begin met 'n voorbereidingsfase (Fase 1) en ontwikkel tot 'n inisiëringsfase (Fase 2) waarna dit uitloop op 'n implimenteringsfase (Fase 3). Tydens die inisiëringsfase (Fase 2) word die missionêr-ekklesiologiese beginsels wat geformuleer is as basisteorie (BT) in drie stappe en twee subfases (Stappe 1-3 & f1 - f2) (vgl. 9.1) onderhandel, met die oog op toepassing (vgl. 9.2.3.1.1) in Fase 3.

9.3.3.2 Die voorbereidingsfase (Fase 1) begin met die onderhandeling met die oog op 'n proses van herplanting in 'n geïdentifiseerde gebied (vgl. 9.2.3.1.2).

9.3.3.3 Ondersoek word gedoen na die materiaal en kundigheid van die *CGM* en nuanseringe wat van toepassing mag wees (vgl. 9.2.3.1.3).

9.3.3.4 Ondersoek word gedoen om materiaal te identifiseer van die *WCC* wat van toepassing gemaak kan word vir implimentering in die nuwe situasie, veral met die oog op die ontwikkeling van 'n missionêre sensitiwiteit in al die bedienings (vgl. 9.2.3.1.4).

9.3.3.5 Ondersoek word gedoen om materiaal te identifiseer van die *PDC* wat van toepassing gemaak kan word vir implimentering in die nuwe situasie, veral met die oog op die gee van inhoude aan die verskillende bedienings wat in hierdie navorsing geïdentifiseer is (f3) (vgl. Hoofstuk 4) (vgl. 9.2.3.1.5).

9.3.3.6 Ondersoek word gedoen om materiaal te identifiseer van die selkerkmodel wat van toepassing gemaak kan word vir implimentering in die nuwe situasie, veral met die oog op die tot stand bringing van selgroepe wat kan dien as missionêre basis en met die oog op moontlike identifisering van leierskapsgawes (9.2.3.1.6).

9.3.3.7 Elemente en kenmerke van die postmoderne benadering word nagegaan om seker te maak dat belangrike kenmerke, soos 'n oopsisteem en kommunikatiewe benaderings, geïmplementeer word (vgl. 9.2.3.1.7).

9.3.4 'n Nuwe situasie (ideale) ten opsigte van multikulturaliteit

Hierdie navorsing beskryf die gegewe (en daarom ook die ideale) situasie ten opsigte van multikulturaliteit deur interkulturasie vanuit die volgende definisie:

Interkulturasie is die interaksie tussen die evangelie en kulture deur verbreding van die konsep van inkulturasie.

Die volgende gegewens is belangrik om 'n nuwe (ideale) situasie te betree:

9.3.4.1 Die hermeneutiese proses van inkulturasie (vgl. 6.3.4) word steeds nagegaan, met inagneming van voorbehoude en uitdagings (vgl. 6.3.5 & 9.2.3.2.1).

9.3.4.2 Tradisies wat vasgelê is en waarbinne kulture funksioneer, word met sorg nagegaan (vgl. 9.2.3.2.2).

9.3.4.3 Bestaande kulture word ondersoek om waar nodig, Christelike uitdrukkings te vind wat die kultuur kan transformeer (9.2.3.2.3.)

9.3.4.4 Die proses vertoon 'n openheid wat almal innooi om te deel in die prosesse (vgl. 9.2.3.2.4).

9.3.4.5 Bestaande kulturele uitdrukkings van bediening word nie klakkeloos oorgeneem nie (vgl.9.2.3.2.5).

9.3.4.6 Die proses word bestuur sodat die geloofsgemeenskap wat besig is om te ontwikkel, eienaarskap kan aanvaar van die nuwe multikulturele bediening (vgl. 9.2.3.2.6).

9.3.4.7 Die lig van die evangelie word voortdurend gesoek op elke faset van die nuwe ontluikende bedieningskultuur (vgl. 9.2.3.2.7).

9.3.4.8 Dinamieke en behoeftes van die plaaslike gemeenskappe word voortdurend ondersoek met die oog op bedieningsontwikkeling (vgl. 9.2.3.2.8).

9.4 Strategiese proses

9.4.1 Inleiding

In 9.1 is verwys na die strategiese proses wat verloop in drie fases (voorbereidend, inisiërend en implementerend). Hierdie fases word nou beskryf met die onderstaande diagram as riglyn (vergelyk Wierda, 2001:86-95).

Grafiese Voorstelling (sien volgende bladsy)


Fase 1 Voorbereiding
Fase 2 Inisiëring
Fase 3 Implementering
Begin: Navorsing
Besinning
Plaaslike gemeente (werkgroep)
Wyer (aksiegroep)
Kerkplanter
Bekendstelling
Verbintenis
Ja
Nee
Profiel:
Empiriese gegewens
Besluitnemings:
Stap 1-Hoof/Liggaam
f1 & f2
Stap 2-Merktekens
f1 & f2
Stap 3-Bedienings
f1 & f2
Werkplan:
f3
Strategiese Beplanning:
Visie/Missie
Bedieningsmodel
Aksiegroepontwikkeling
Finansies
Voorgeboortelike Stadium
Netwerk
Kleingroepe
Geboorte:
Erediens (Interkulturasie)
Administrasie
Gawes
Groei:
Eredienste
Kleingroepe
Toerusting
Missionêre
ekklesiologie
Einde

9.4.1.1 Fase 1: Voorbereidende fase

Die voorbereidingsfase neem 'n aanvang ná die navorsing. Dit begin met **besinning** op 'n gemeente se kerkraad, oor:

- Kerkplanting as roeping vir die gemeente.
- Die plek (gebied) waarbinne gewerk sal word, met die oog op kerkplanting (herplanting van 'n multikulturele bediening).
- Identifisering van moontlike medewerkers (uit ander gemeentes).
- Oopgesprek met die gemeente oor die besluit van die kerkraad; aanwys van 'n werkgroep (uit inisiatiefnemende kerkraad).
- Die inisiatiefnemende kerkraad wys 'n werkgroep aan wat met die proses begin.
- Saamroep van moontlike belangstellendes en/of meewerkende kerke/gemeentes.
- Besinning van die nuwe groep onder leiding van die werkgroep van die inisiatiefnemende kerkraad.
- Inligting word gegee en bespreek en 'n aksiegroep word aangewys.
- Die eerste stap van die aksiegroep is om 'n persoon aan te wys wat as kerkplanter sal optree. Die persoon sal iemand moet wees wat geroepe voel en kan inpas by 'n multikulturele (of ander) konteks of situasie - en wat bereid is om verder toegerus te word vir die doel. Die belangrikste persoonlikheidskenmerk van 'n kerkplanter is iemand met visie en dryfkrag, eerder as 'n konsolideerder.
- Dit is raadsaam dat 'n spanmaat met konsolideringseienskappe aangewys word om saam met die kerkplanter te werk (Murray, 2001a:237-240).
- Die aangewese aksiegroep *begin om te beplan* hoe die besluit, inligting, doelwitte en datum van die eerste byeenkoms van belangstellendes aan die gemeenskap bekendgestel kan word. 'n Goeie aansluitingspunt sal wees om die resultate van die empiriese ondersoek (Hoofstuk 7) op bevatlike wyse deur middel van die pers, radio en televisie bekend te maak.

Fase 1 kom tot afronding wanneer die inisiatiefnemende gemeente, die aksiegroep en die kerkplanter tot 'n verbintenis kom om met die proses voort te gaan of om dit finaal te beëindig.

9.4.1.2 Fase 2: Inisiëringsfase (strategies)

9.4.1.2.1 Fase 2 is die strategiese fase waartydens strategieë bepaal word, deur middel van 'n proses van besluitneming. Die hoofklem lê op die *hoe?* Hoe word die basisteoretiese (BT) bevindings bestuur met betrekking tot 'n beweging na die praktyk? Fase 2 moet dus op die plek uitgevoer word en wel sáám met die mense wat deel uitmaak van die gemeente wat in die proses is om geplant te word. Die aangewese persoon wat as kerkplanter funksioneer, sal in hierdie fase 'n baie belangrike rol vervul (hoewel hy/sy nie noodwendig die proses hoef te bestuur nie).

9.4.1.2.2 Fase 2 bestaan uit drie onderdele:

(A) 'n **Profiel** van die mense wat in die proses is om deel te word van die kerkplanting en deel uitmaak van Fase 2. Aksiestappe word nou in werking gestel om die gemeenskap uit te nooi om deel te word van die inisiëringsproses van multikulturele kerkplanting. Samestelling van 'n profiel van mense wat deel neem aan die proses, word vanaf die eerste byeenkoms opgestel en voortdurend opgedateer. Hierdie profiel maak 'n belangrike deel uit van die aksiegroep se voortdurende beplanning. Die vertrekpunt van die profiel is die profiel van die steekproefbevolking wat deel uitmaak van hierdie navorsing. Hierdie profiel word saamgestel deur die empiriese vraelys wat deel uitmaak van hierdie studie, soos volg aan te pas:

(a) *Agtergrondinligting*: ouderdom, taal, geslag, kulturele en etniese agtergrond, woongebied, verblyftyd, huwelikstatus, werkstatus, vervoer, adres, kontaknommers, ens.

(b) *Persoonlike gegewens*: stokperdjie, gawes, leierskapondervinding, vreugdes, ambisie, verwagtings, vrese, probleme ens.

(c) *Konteksinligting*: beroep, opleiding, inkomstegroep, ens.

(d) *Lewens- en wêreldbeskouing*: waardes (seksuele oriëntasie, aborsie, geweld, ens.), wat druk en spanning veroorsaak en sake na vore bring soos watter kwelvrae in die Woord en welke verwagtinge van Woordbediening bestaan, kontakinligting van nie-Christene (of mede-Christene met nood), ens.

(e) *Oorsprong en roeping:* (vereenvoudigde weergawe van Afdeling B van die vraelys).

(f) *Merktekens:* (vereenvoudigde weergawe van Afdeling C van die vraelys.

(g) *Bedienings:* (vereenvoudigde weergawe van Afdeling D van die vraelys. Hierdie inligting moet tydens die inisiëringsfase by elke byeenkoms of geleentheid *vrywillig* gevra word en weekliks verwerk word, sodat op hoogte gebly kan word met die profiel en behoeftes. Deeglike administrasie is van die begin af noodsaaklik.

(B) **Besluitnemings**

Hierdie onderdeel van Fase 2 hanteer die drie stappe (Stap 1-3) en die drie subfases (f1-3), soos in 9.1 bespreek. Gedurende die ontwikkeling van Fase 2 word leiers geïdentifiseer wat

verteenwoordigend is van die groep ten opsigte van etnisiteit, geslag, ouderdom en die bestaande aksiegroep.

(C) **Werkplan**

Die derde subfase (f3) wat oor werkplan handel, word voor Fase 3 se begin finaal hanteer om die vrae *Wie doen wat? Waarom? Waar? Wanneer? Hoe?* en *Teen watter koste?* nader te omlyn. Sake soos die aksiegroep se mandaat, verbintenisse, die tydsduur van die fases, geboue vir byeenkomste en uiteindelike kerk, die finansiële bestuur en begroting word hanteer.

9.4.1.3 Fase 3: Implementeringsfase

Hierdie fase beskryf die kerkplantingsproses. Vier stadiums word tydens die fase onderskei.

(A) **Strategiese beplanning**

Duidelikheid word verkry oor kernsake soos die gemeente se visie en missie, 'n bedieningsmodel (wat Fase 2 se besluite kan saamvat), naam, embleem, funksionarisse, finansies, offergawes ens. Die aksiegroep (wat in dié stadium geïdentifiseerde leiers uit die groep wat byeenkom insluit - en wat hulle verbind het tot die proses) en lede van die gemeenskap wat op uitnodiging vrywillig deel wil wees van die proses, maak deel uit van hierdie stadium. **Dit is noodsaaklik dat gebed hier pertinent genoem moet word as 'n onmisbare element van die hele proses. Dit mag raadsaam wees om op 'n vroeë stadium reeds 'n gebedsgroep byeen te bring, wat op gereelde**

basis saamkom en wat voorbidding vir elke fase, stap en stadium doen.

(B) Die tweede stadium kan die **voorgeboortelike stadium** genoem word, waarin bogenoemde aksiegroep steeds verantwoordelikheid neem (let wel dat die leiersgroep vanuit die gemeenskap gaandeweg in die aksiegroep nodige opleiding ontvang en eienaarskap aanvaar vir die proses). 'n Netwerk word uitgebou wat al meer nie-Christene sowel as nominale Christene en belangstellendes identifiseer. Afhangende van die bedieningsmodel waarop besluit word, kan dit baie verstandig wees om op hierdie stadium kleingroepe (sover as moontlik onder leiding van die leiersgroep) in die lewe te roep. Kleingroepe moet van die begin af funksioneer as missionêre basis van die gemeente, waarby bv. nie-Christene kan inskakel en onderwerp kan word aan blootstelling en toerusting in verskeie fasette van die Christelike geloof, soos wat dit vanuit die basisteorieë ontwikkel word (vgl. Fase 2).

(C) Die derde stadium is **geboorte**. Die geboorte word 'n werklikheid met die *eerste erediens*. Die formaat van die erediens is die eindresultaat van voltooiing van die proses van interkulturasie (Fase 2). Die netwerk (en administrasie) moet in dié stadium só in pas wees, dat sonder spanning 'n kritiese massa by die eerste erediens verwag kan word. Dit is 'n groter gevaar om té vroeg met die eerste erediens te begin as té laat. Duidelikheid moet bestaan oor sake soos kritiese massa, erediensstyl en gawes - om daarvan 'n groot sukses te maak.

(D) Die vierde stadium is **groei**. Met groei word bedoel dat die eredienste, funksionering van kleingroepe en veral dan toerusting met betrekking tot alle fasette wat vanuit die onderhandelingsproses (Fase 2) geïdentifiseer is en steeds geïdentifiseer word, in plek kom. Tydens hierdie stadium moet die groei van die gemeente so bestuur

word dat die gemeente se missionêr-ekklesiologiese identiteit só ontwikkel is dat kwalitatiewe en kwantitatiewe groei verseker is en die na-binne-gerigtheid en die gerigtheid op die gemeenskap, in goeie balans funksioneer. Wanneer hierdie stadium bereik word, moet 'n volgende proses van kerkplanting reeds in plek kom.

9.4.2 Fase 2: Inisiëringsfase

9.4.2.1 Stap een: Die verhouding van Christus as Hoof tot die kerk as sy liggaam

9.4.2.1.1 Gemodelleerde voorstelling

Figuur 7

Die verhouding van Christus as Hoof tot die kerk as sy liggaam en fokuspunt binne die koninkryk van God, word in die bostaande model weerspieël.

9.4.2.1.2 Onderhandelingsproses (met Fase 1 en Fase 2)

Basisteoretiese (BT-) vertrekpunt:	**Christus is Hoof van die liggaam, sy kerk**
BT 1.1	*Hoof* het in alle gevalle wat ondersoek is 'n uitgebreide betekenis, naamlik *outoriteit,* maar in die sin dat die outoriteit in diens staan van die liggaam (2.5.2.4).
BT 1.2	Die *Hoof* is die bron van lewe (vgl. 2.5.2.4) en daarom daarop gerig om sy liggaam op te bou en te voed (vgl. 2.5.2.5.1).
BT 1.3	Sy liggaam beantwoord die gesag uit respek en is gehoorsaam aan die Hoof. Gehoorsaamheid hou roepingsgetrouheid in (vgl. 2.5.2.5.2).
BT 1.4	Roepingsgetrouheid bestaan daarin dat die versoening wat die liggaam met die Hoof ontvang het, verder gedra word na hulle wat buite die liggaam is (2.5.3.2.2).
BT 1.5	Eers wanneer die liggaam deur benutting van al sy gawes hierdie instrument in die versoening is, funksioneer dit optimaal en is daar groei moontlik (2.5.4.2).
BT 1.6	Die liggaam is instrumenteel die plek waar versoening plaasvind. Die vertikale versoening met Christus word horisontaal in die liggaam 'n werklikheid (2.5.4.1).
BT 1.7	Waar hierdie versoening in gehoorsame roepingsvervulling plaasvind, word die misterie van die eenheid (2.5.4.2) 'n sigbare manifestasie aan die wêreld van die Hoof se dienende heerskappy, wat alle verskeurdheid herstel sodat Hy alles in almal kan wees (2.5.4.3).

Gegewe situasie met sterkpunte (a) en *swakpunte (b)*	**Nuwe situasie**
a) Daar bestaan waardering in die gemeenskap (veral by swart-Christene) vir Christene en die kerk (7.2.11.3). *b) Geloof van Christene is swak begrond in Christus as Hoof (7.2.11.2).*	Deur die uitbouing en begronding van Jesus Christus as Hoof van die kerk, geloofsekerheid te versterk en waardering vir gelowiges en die kerk te bevorder.

Besluitnemings: Hoof en liggaam

BT 1.1 ***f1*** *Begrond die ware identiteit van die kerk in Jesus Christus as Hoof van die kerk, as vertrekpunt vir Christen- en kerkwees deur:*

f2 ***in die gemeentevisie en –missie, beplanning van prediking, inrigting van kleingroepstudiemateriaal en –aktiwiteite en toerusting van nuwe Christene en nuwe lidmate op die volgende te fokus:***

- ***'n gerigtheid op God: Hy is die* missio Dei *en daarom die Bron, die Norm en die Doel van alle funksionering van die kerk;***
- ***die geroepenheid om Christus na te volg: daar is geen ander Naam waardeur die mens gered kan word nie;***
- ***'n gedrewendheid deur die Heilige Gees: Hy is die eerste gawe van die koninkryk van God wat sorg vir die gerigtheid op God en navolging van Christus;***
- ***om gedra te wees deur gebed en gawes: die gemeente rig hom deur gebed in die Naam van Jesus op God om die gawes***

- ***van die Gees te ontvang.***

BT 1.2 ***f1*** *Begrond die verwagting en hoop dat Jesus Christus die enigste ware Bron van lewe is. Niks wat die mens doen kan 'n bydrae tot sy verlossing maak nie. Die begronding vind plaas deur:*

f2 ***in die gemeentevisie en –missie, beplanning van prediking, inrigting van kleingroepstudiemateriaal en –aktiwiteite en toerusting van nuwe Christene en nuwe lidmate, 'n gesindheid te kweek wat die volgende eienskappe openbaar:***

- ***'n Erkenning dat geloof 'n persoonlike antwoord van die mens op die beloftes van God in Jesus Christus is. Dat deur die Gees die gelowige homself toe-eien wat hy in Christus het, naamlik vergewing van sondes en lewensvernuwing.***
- ***Die belydenis dat 'n gemeente 'n gemeenskap is wat leef uit die beloftes van God. Deur geloof in Jesus Christus is daar gemeenskap met God en met mekaar.***

BT 1.3 ***f1*** *Begrond die verbintenis wat die kerk as liggaam moet maak om in alles getrou te antwoord op die verwagtinge van Jesus Christus as Hoof, deur:*

f2 ***in die gemeentevisie en –missie, beplanning van prediking, inrigting van kleingroepstudiemateriaal en –aktiwiteite en toerusting van nuwe Christene en nuwe lidmate op die volgende te fokus:***

- ***Verkondiging van die goeie boodskap in woord en daad: Die gemeente verkondig die Goeie Nuus van Christus se dood en opstanding en roep die wêreld op tot geloof en bekering om uit genade in te gaan in die koninkryk van God. Hierdie verkondiging rig hom op die mens in sy totaliteit.***

BT 1.4 *f1 Begrond die verbintenis wat die kerk moet maak om die versoening wat hy ontvang het uit te dra aan almal in die wêreld, deur:*

f2 in die gemeentevisie en –missie, beplanning van prediking, inrigting van kleingroepstudiemateriaal en -aktiwiteite en toerusting van nuwe Christene en nuwe lidmate op die volgende te fokus:

- ***Almal is gestuurdes om getuies en medewerkers van Christus te wees. Dit hou in dat elkeen hom daartoe sal verbind om diensbaar te wees. Elkeen se verbintenis daartoe lê in die erkenning en benutting van die gawes van die Gees.***

BT 1.5 *f1 Begrond die verbintenis wat die kerk moet maak om al sy gawes diensbaar te maak aan sy Hoof, Jesus Christus, deur:*

f2 in die gemeentevisie en –missie, beplanning van prediking, inrigting van kleingroepstudiemateriaal en –aktiwiteite en toerusting van nuwe Christene en nuwe lidmate op die volgende te fokus:

- ***Alle gelowiges is diensknegte en slawe van die Gees om die gawes wat Hy uitdeel te ontwikkel in diensbaarheid aan die gemeente en die wêreld. Die begronding lê, soos met die vorige punt, in die gawes van die Gees.***

BT 1.6 *f1 Begrond die verbintenis dat almal wat hulle deur Christus met God versoen, hulle heenkome in die kerk as liggaam sal soek, deur:*

f2 in die gemeentevisie en –missie, beplanning van prediking, inrigting van kleingroepstudiemateriaal en –aktiwiteite en toerusting van nuwe Christene en nuwe lidmate op die volgende te fokus:

- ***Om gelowige te wees is om geïnkorporeer te wees in die liggaam van Christus. Dít vra van elkeen 'n verbintenis om homself met geestelike en materiële gawes beskikbaar te stel aan die gemeente, homself te offer en diensbaar te maak en saam die vreugde daarvan te vier in eredienste en sakramentsbediening en ander bedieningsaktiwiteite.***

BT1.7 ***f1*** *Begrond die verwagting dat 'n verbintenis aan Jesus Christus as Hoof, in troue roepingsvervulling die kerk die misterie van eenheid sal laat belewe, wat sigbaar sal word in die wêreld en waardering vir Christene en die kerk sal laat groei en die kerk self sal laat groei, deur:*

f2 ***in die gemeentevisie en –missie, beplanning van prediking, inrigting van kleingroepstudiemateriaal en –aktiwiteite en toerusting van nuwe Christene en nuwe lidmate op die volgende te fokus:***

- ***Die gemeente word deur God gebruik om die wêreld te bereik met sy liefde en om sy koninkryk te laat kom. Daarom is die gemeente op grond van sy identiteit in alles na buite gerig. Gedring deur die liefde van Christus, soek die gemeente voortdurend na weë om Hom bekend te maak.***
- ***Deur navolging van Christus is die gemeente verbonde aan die samelewing, maar ook vervreemd daarvan. Deur verbondenheid aan Christus openbaar die gemeente altyd 'n openheid en diensbaarheid ten opsigte van die gemeenskap.***
- ***Die gemeente kan groei verwag, kwantitatief sowel as kwalitatief. Die Heilige Gees bring mense na Christus en die gemeente, waar die gemeente in getrouheid aan sy Hoof, Jesus Christus, die lig van die Woord uitleef.***

9.4.2.2 Stap twee: Merktekens van die kerk

9.4.2.2.1 Gemodelleerde voorstelling

Figuur 8

Merktekens van die kerk, as uitdrukking van die missionêr-ekklesiologiese identiteit daarvan, kan soos hierbo in 'n model weerspieël word.

9.4.2.2.2 Onderhandelingsproses

Basisteoretiese (BT-) vertrekpunte:	**Merktekens van eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit**
BT 2.1	Die kenmerke van die ware kerk, naamlik Woordverkondiging (vgl. BT 2.5), suiwer bediening van die sakramente (vgl. BT 2.4) en toepassing van tug (vgl. BT 2.3) volgens die Gereformeerde ekklesiologie, is steeds waardevolle onderskeidingstekens vir die kerk se gerigtheid na binne (vgl. 3.2.5).
BT 2.2	Eenheid as merkteken van die kerk, is 'n verenigende krag in die wêreld (vgl. 5.4.2.2).

BT 2.3	Heiligheid as merkteken van die kerk, is 'n transformerende krag in die wêreld (vgl. 5.4.2.2).
BT 2.4	Katolisiteit as merkteken van die kerk, is 'n versoenende krag in die wêreld (vgl. 5.4.2.2).
BT 2.5	Apostolisiteit as merkteken van die kerk, is 'n verkondigende krag in die wêreld (vgl.5.4.2.2).

BT 2.2	Eenheid as merkteken van die kerk, is 'n verenigende krag van die Hoof, Jesus Christus, in die wêreld (vgl. 5.4.2.2).

Gegewe situasie met sterk- (a) en *swakpunte (b)*	**Nuwe situasie**
a) Jesus Christus as Hoof staan in die sentrum van eenheidsbelewing (7.2.11.4). *b) Eenheidsbelewing is begrond op geloofsoortuiging, wat swak begrond is in Christus as Hoof (7.2.11.4).*	Deur die uitbouing en begronding van Jesus Christus as Hoof van die kerk, die eenheidsbelewing as merkteken van die kerk - van gelowiges van verskillende kulture - te versterk.

Besluitneming: Eenheid

BT2.1 ***f1*** *Die kenmerke van die ware kerk, naamlik Woordverkondiging (vgl. BT 2.5), suiwer bediening van die sakramente (vgl. BT 2.4) en toepassing van tug (vgl. BT 2.3) volgens die Gereformeerde ekklesiologie, is steeds waardevolle onderskeidingstekens vir die kerk se gerigtheid na binne (vgl. 3.2.5).*

f2. Die funksie van Woordverkondiging en sakramentsbediening word onderhandel in kerugma as bediening. Die tug vind uitdrukking in koinonia as bediening.

BT2.2	***f1***	*Bou die eenheidsbeginsel van die liggaam met Jesus Christus as Hoof en verenigende krag in die wêreld uit, deur eenheid 'n fokuspunt te maak in al die bedienings van die kerk - deur:*
	f2	***eenheid as verenigende krag en uitdrukking van die krag en liefde van God uit te bou. Die liefdesbeginsel het sy oorsprong in Christus se liefde en nie die mens se liefde nie. Die hart van die evangelie handel oor wat van hierdie liefde gesê word:***
		• ***Dit is die liefde wat die wêreld kan red en heelmaak.***
		• ***Dit is die liefde wat mense in staat stel om lief te hê en te vergewe.***
		• ***Die liefde en vergifnis moet nie as 'n gegewe aanvaar word nie, maar as opdrag.***
		• ***Die liefde waarin die eenheid gestalte kry, wys die duidelikste in hóé gelowiges met ander kinders van God omgaan.***
		• ***Die gemeente moet vir homself doelwitte stel ten opsigte van sy omgang met ander gelowiges en kerke in sy onmiddellike omgewing, maar ook wyer.***

BT 2.3	**Heiligheid** as merkteken van die kerk, is 'n transformerende krag van die Hoof, Jesus Christus, in die wêreld (vgl. 5.4.2.2).

Gegewe situasie met sterk- (a) en *swakpunte (b)*	**Nuwe situasie**
a) Uitlewing van geloof in Jesus Christus is die grondslag in uitlewing van heiligheid (7.2.11.5) *b) Wit-, kleurling- en mansgelowiges se uitlewing van heiligheid is*	Deur die uitbouing en begronding van Jesus Christus as Hoof van die kerk, ware heiligheid as merkteken van die kerk - wat begrond is in geloof in Jesus Christus - uit te bou.

begrond in die nakom van reëls en regulasies (7.2.11.5).	

Besluitnemings: Heiligheid

BT 2.3 ***f1*** *(vgl. ook BT 2.1) Bou die heiligheidsbeginsel van die liggaam met Jesus Christus as Hoof en transformerende krag van persoonlike lewens - en dié van die kerk – uit, deur heiligheid 'n fokuspunt te maak in al die bedienings van die kerk.*

f2 ***Heiligheid as lewensbeginsel van die nuwe lewe, moet uitgebou word in sy tweekantigheid:***

- ***Die transformerende krag wat heiligheid vir die gelowige se persoonlike spiritualiteit het, hou in dat daar 'n totale herrangskikking kom van sy lewensprioriteite en waardes. Dit is 'n lewenslange proses van afsondering en lewensvernuwing.***
- ***Die transformerende krag het gemeentelike implikasies wat voortdurende aandag moet kry. Dit hou in 'n toewyding aan die wêreld en aan die gewone lewe, wat uitdrukking vind in gelowiges se betrokkenheid by sake van die dag op hulle persoonlike werkterreine, politiek, sosiale lewe en ontspanning.***

BT 2.4 **Katolisiteit** as merkteken van die kerk, is 'n versoenende krag van die Hoof, Jesus Christus, in die wêreld (vgl. 5.4.2.2).

Gegewe situasie met sterk- (a) en *swakpunte (b)*	**Nuwe situasie**
a) Verskillende kulture, veral dié van kleurlingindividue, is positief	Deur die uitbouing en begronding van Jesus Christus as Hoof van die kerk,

ingestel op akkommodering van mekaar (7.2.11.6). b) W*it- en swartgelowiges is nie ten volle akkommoderend teenoor ander kulture nie (7.2.11.6).*	katolisiteit as merkteken van die kerk uit te bou wat akkommoderend is vir alle kulture.

Besluitneming: Katolisiteit

BT 2.4 ***f1*** *(vgl. ook BT 2.1) Bou die beginsel van katolisiteit van die liggaam met Jesus Christus as Hoof en versoenende krag van persoonlike lewens en dié van alle gelowiges in die kerk uit, deur katolisiteit 'n fokuspunt te maak in al die bedienings van die kerk.*

f2 Die uitbouing van katolisiteit in 'n multikulturele gemeente is van die grootste belang, omdat die volgende beginsels onderliggend aan katolisiteit lê:

- ***Alle natuurlike en historiese grense wat mense, nasies, rasse en geslagte skei, moet deur versoening oorwin word en gestalte kry daarin dat die gemeente se deure oop is vir alle soorte mense.***
- ***Dat Christene hulle daartoe verbind om alle lewe wat God geskep het te waardeer en nie net dié van mede-Christene nie. Negatiwiteit en skeptisisme oor ander mense wat nie Christene is nie, moet in die harte van gelowiges oorwin word om uiteindelik lofwaardige getuies vir Christus se versoening te wees.***

BT 2.5 **Apostolisiteit** as merkteken van die kerk, is 'n verkondigende krag van die Hoof, Jesus Christus, in die wêreld (vgl. 5.4.2.2).

Gegewe situasie met sterk- (a) en	**Nuwe situasie**

swakpunte (b)	
a) Openheid om die evangelie oor kulturele grense te verkondig (7.2.11.7) b) *In die uitreiking met die evangelie is daar nie altyd 'n goeie onderskeiding tussen geestelike en fisiese behoeftes nie (7.2.11.7).*	Deur die uitbouing en begronding van Jesus Christus as Hoof van die kerk, apostolisiteit as merkteken só uit te bou dat die evangelie oor alle kultuurgrense heen verkondig kan word en daar 'n suiwer onderskeiding tussen geestelike en fisiese behoeftes is.

Besluitneming: Apostolisiteit

BT 2.5 ***f1*** *(vgl. ook BT 2.1) Bou die beginsel van apostolisiteit van die liggaam van Jesus Christus as Hoof en verkondigende krag, met betrekking tot persoonlike lewens en dié van alle gelowiges en die wêreld, deur apostolisiteit 'n fokuspunt te maak in al die bedienings van die kerk.*

f2 Die kerk neem in al sy handelinge die getuienis van die Skrif as:

- ***die finale maatstaf en bron van waarheid vir die kerk - en sal dit bly lees, bestudeer en daaruit lewe.***
- ***maatstaf, waarteen die tradisies van gelowiges ernstig opgeneem word as die terrein waarbinne nuwe inhoud aan kulturele eienskappe van mense gegee word - sonder om gewortelde tradisies, wat die toets van die Skrif kan weerstaan, weg te maak. Dit word eerder gevul met nuwe inhoud en betekenis wat almal kan waardeer.***

9.4.2.3 Stap drie: Bedienings van die kerk

9.4.2.3.1 Gemodelleerde voorstelling

Figuur 11

Funksionering van die kerk in sy bedienings, is 'n uitdrukking van sy missionêr-ekklesiologiese identiteit in die kerk en koninkryk, en as uitdrukking van die merktekens daarvan en as antwoord op sy verhouding tot Jesus Christus as Hoof van die kerk, kan dit soos hierbo in 'n model voorgestel word.

9.4.2.3.2 Onderhandelingsproses

Basisteoretiese (BT-) vertrekpunte:	**Bedienings van die kerk naamlik,** κήρυγμα, λειτουργία, κοινωνία **en** διακονία
BT 3.1	κήρυγμα verwys na alle aktiwiteite in die gemeente wat primêr gefokus is op verkondiging van die Woord se unieke (goeie) boodskap aan

	gelowiges én ongelowiges om hulle toe te rus vir die eise van die Woord (sien 4.9.1).
BT3.2	λειτουργία verwys na die gelowige se antwoordende gerigtheid op God in formele en informele aanbiddingsgeleenthede. Die verwagting is 'n ontmoeting en versterking deur God, wat as getuienis uitgedra en uitgeleef word in die daaglikse omgang met ongelowiges in die wêreld (sien 4.9.2).
BT 3.3	κοινωνία is die vrug van gelowiges se bemoeienis met die opdrag van die evangelie in onderlinge ondersteuning, wat dien as basis vir gelowiges se uitreiking na die wêreld (sien 4.9.3).
BT 3.4	διακονία is die suiwerste vorm van naasteliefde wat gerig is op almal wat in nood is en wat vanweë hulle nood 'n beroep op die gelowige se hulp maak (4.9.4).

BT 3.1	κήρυγμα as bediening van die kerk, is die uitdrukking van die Hoof, Jesus Christus, se bediening van κήρυγμα in en deur die kerk aan gelowiges en ongelowiges in die wêreld.
Gegewe situasie met sterk- (a) en *swakpunte (b)*	**Nuwe situasie**
a) Die erediens word beleef as 'n ontmoeting tussen God/Woord en die mens (veral by vrouens en swartmense) (7.2.11.8 en 7.2.11.9). Die Woord neem 'n sentrale plek in in die lewens van gelowiges (veral ten opsigte van prediking by	Om die bediening van κήρυγμα in al sy fasette só uit te bou dat die Woord as ontmoetingspunt tussen God en mens vir alle kultuurgroepe 'n sentrale plek sal inneem, sodat almal Hom: • in die erediens sal wil ontmoet; • Hom beter sal wil ken en beleef; en sodat almal:

swartgelowiges). *b) Kleurlingindividue - en mans in die algemeen - is meer ingestel op belewing in die erediens as op ontmoeting met God in die Woord (7.2.11.8 en 7.2.11.10).* *Kleurlingindividue is minder ingestel op kennis en geloofsvaardighede as ervaring (7.2.11.11).* *Swartmense is meer ingestel op prediking en lering in 'n eredienssituasie as in selgroepe (7.2.11.11).*	• kennis en vaardighede sal wil ontwikkel; en • alle bedieningsgeleenthede sal wil benut.

Besluitnemings: κήρυγμα

BT3.1 ***f1*** *Konkretiseer alle bedienings in die kerk wat uitdrukkings is van die bediening* κήρυγμα, *sodat alle kultuurgroepe wat verteenwoordig is God in en deur sy Woord kan ontmoet, ken, beleef en dien.*

f2 ***Fokus op*** κήρυγμα ***word verder uitgebou deur elke kultuur se unieke aard en omgang met die Woord te leer ken en te ontwikkel, tot voordeel van almal, deur:***

- ***gestaltegewing van liefde as verenigende krag (eenheid) van die evangelie - tussen gelowiges van alle kulture – en deur in elke faset van die bediening die Woord sentraal te laat staan;***
- ***gestaltegewing van die transformerende krag (heiligheid), deur die lig van die Woord op elke faset van gelowiges se***

persoonlike, maar ook openbare lewens, te laat fokus;

- ***gestaltegewing van die versoenende krag (katolisiteit) tussen gelowiges van alle kulture, deur hindernisse wat spontane omgang met gelowiges en mense van die wêreld hinder, te identifiseer en te bemiddel deur die Woord; en***
- ***gestaltegewing van die verkondigende krag (apostolisiteit) van die evangelie te bevestig, deur die Woord as bron van persoonlike lewens, maar ook as bemiddelaar van alle kulture en tradisies, te vestig.***

Bogenoemde vier fasette, wat konkretisering van die merktekens is, kry gestalte in die volgende bedienings wat fokus op die Woord:

- ***'n Belangrike element van ontmoeting in die erediens is om te luister na die Woord en die aanhoor van die Woord in die persoon se eie taal. Dit maak selfstandige voorlesing van Skrifgedeeltes in die erediens (los van prediking) 'n belangrike faset, wat kan roteer tussen verteenwoordigende kulture - met 'n voorleser van daardie kultuur.***
- ***Voorbereiding van prediking kan gedoen word met 'n werkgroep saam met die prediker wat verteenwoordigend is van al die kulture, wat daartoe kan bydra dat elemente van lering en belewing gebalanseerd is.***
- ***'n Weeklikse leesrooster van Bybelgedeeltes bring nog 'n belangrike element van ontmoeting na vore.***
- ***'n Belangrike ruimte van ontmoeting van verskillende kulture rondom die Woord is in kleingroepbediening, waar van die Woord en van mekaar geleer kan word.***
- ***Fokus op die jeug van verskillende kulture in kategese en jeugbediening, plaas die Woord op besondere wyse in die ontwikkelingsfase van mense, wat gerig kan word op lering***

en belewing van die Woord. • ***Volwasse onderrig van die Woord in kennis en uitlewing van dissipelskap, kan deur middel van 'n Bybelskool vir alle gelowiges geskied.*** • ***Toerusting met betrekking tot die verkondiging van die Goeie Nuus en persoonlike getuienis in wat die Woord tot stand gebring het, kan ontwikkel word om Woord- en daadverkondiging na binne en na buite te stimuleer.***

BT 3.2	λειτουργία as bediening van die kerk, dien as 'n uitdrukking van die Hoof, Jesus Christus, se bediening van λειτουργία in en deur die kerk aan gelowiges en ongelowiges in die wêreld.
Gegewe situasie met sterk- (a) en *swakpunte (b)*	**Nuwe situasie**
a) Die erediens as toerustingsgeleentheid in gelowiges se ontmoeting met God en met mekaar het 'n goeie staanplek onder alle bevolkingsgroepe, veral onder die swartbevolking (vgl. 7.2.10.3.2). b) *Gereserveerdheid kom by die witbevolking voor ten opsigte van ontmoeting met mekaar oor kultuurgrense heen (7.2.10.3.2).* *Menslike belewing neem by kleurlingindividue - en mans in*	Om die bediening van λειτουργία in al sy fasette só uit te bou dat die ontmoeting met God en mekaar, alle kultuurgroepe kan lei tot 'n dieper kennis en belewing van God.

die algemeen - 'n groter plek in as sentraliteit van God en die Woord (7.2.10.3.3).	

Besluitnemings: λειτουργία

BT 3.2 ***f1*** *(vgl. ook BT 3.1) Konkretiseer alle bedienings in die kerk, wat uitdrukkings is van die bediening* λειτουργία*, sodat alle kultuurgroepe wat verteenwoordig is God en mekaar in en deur sy Woord kan ontmoet, ken, beleef en dien.*

f2 Die merktekens van die kerk gee 'n bepaalde fokus aan die bediening van λειτουργία***, wat 'n allesomvattendheid illustreer:***

- ***gestaltegewing van liefde as verenigende krag (eenheid) van die evangelie - tussen gelowiges van alle kulture - kan in elke ontmoeting met God en mekaar beleef word;***
- ***gestaltegewing van die transformerende krag (heiligheid) en lig van die Woord kan in die bediening van die sakramente en Woord gevier word met 'n variasie van liturgiese momente;***
- ***gestaltegewing van die versoenende krag (katolisiteit) tussen gelowiges van alle kulture, word aan mekaar en die wêreld geïllustreer deur elke erediensontmoeting én ander ontmoetings rondom die Woord;***
- ***gestaltegewing van die verkondigende krag (apostolisiteit) van die evangelie kry gestalte in liturgiese elemente, deur die bemiddeling van alle kulture en tradisies wat saam aanbid.***

Bogenoemde vier fasette - wat konkretisering van die merktekens is - kry gestalte in die volgende liturgiese ontmoetings:

- ***In die lig daarvan dat die Woord nie vaste voorskrifte/riglyne***

gee vir die erediensontmoeting nie, is daar baie ruimte vir interkulturasie in die erediens, met die volgende vier momente as riglyne: ontmoetingsdiens, verootmoedigings- en versoeningsdiens, woorddiens en antwoorddiens van die gemeente.

- ***Sang en gebed in die erediens, kan net soos die woorddiens deur voorlesing en sang in verskillende tale, geleentheid bied om elke taal en kultuur te akkommodeer, deur bv. een lied in verskillende tale te sing en leiers van verskillende tale te laat voorgaan in die gebed.***
- ***Die erediens as ontmoetingsplek, is ook die geleentheid waar te midde van 'n nuwe ontwikkelende bedieningskultuur, oorspronklike kulture steeds gevier (en nie verwaarloos nie) moet word, deur op bepaalde tye te fokus op die kultuureie van oorspronklike kulture.***
- ***Sakramentsbelewing is 'n belangrike gegewe ten opsigte van viering van die Woord en kan ontwikkel word tot 'n weeklikse viering.***
- ***Die ontginning en gebruikmaking van gawes in die gemeente is 'n belangrike basis om 'n erediens op te bou, bv. deur begeleiding, sang en musiek.***
- ***Gebede is die belangrikste vraende en antwoordende kommunikasie tussen God en die gemeente. In 'n multikulturele omgewing sal dit belangrik wees dat elke verteenwoordigende kultuur geleentheid kry om met God deur 'n bekende idioom te kommunikeer. Vir dié doel kan gebede in die erediens ingerig word, wat uitdrukking gee aan almal se behoeftes.***
- ***Omdat musiek en die lied so 'n belangrike plek naas die Woord inneem, kan dit ontwikkel word tot 'n selfstandige***

bediening onder leiding van kultureel-sensitiewe en begaafde lede van die gemeente – en wel met die gebruikmaking van tegniese hulpmiddels.

- ***Nie-verbale kommunikasie in die erediens is 'n belangrike element wat in 'n multikulturele konteks mooi uitdrukking kan vind in simbole, tekens en kleur.***
- ***Gelowiges vanuit verskillende kulture kan 'n positiewe bydrae maak ten opsigte van verskillende vorme van spiritualiteit wat ontgin kan word.***
- ***Liturgiese belewing in die erediens en ander ontmoetingsgebeure is 'n gebeurtenis wat nie net tot uitdrukking moet kom in die erediens nie, maar ook daarbuite. Dit sal blyk uit die gebede vir mense daarbuite, maar ook die kwaliteit van liefde wat uitgestraal word na mense buite die erediens. Leiding kan ook gegee word aan gesinne en individue oor hulle persoonlike omgang met die Here.***

BT 3.3	κοινωνία as bediening van die kerk, is die uitdrukking van die Hoof, Jesus Christus, se bediening van κοινωνία in en deur die kerk aan gelowiges en ongelowiges in die wêreld.
Gegewe situasie met sterk- (a) en *swakpunte (b)*	**Nuwe situasie**
a) Daar is 'n positiewe belewing van geloofsgemeenskap (7.2.11.13). *b) Toerusting in onderlinge*	Om die bediening van κοινωνία in al sy fasette só uit te bou dat onderlinge belewing en beoefening van geloofsgemeenskap uitgebou kan word.

belewing en beoefening van geloofsgemeenskappe vereis toerusting (2.10.3.6).	

Besluitnemings: κοινωνία

BT3.3 ***f1*** *Konkretiseer alle bedienings in die kerk wat uitdrukkings is van die bediening* κοινωνία*, sodat alle kultuurgroepe wat verteenwoordig is God in en deur sy Woord en mekaar kan ontmoet, ken, beleef en dien.*

f2 ***Die merktekens van die kerk gee 'n bepaalde en omvattende fokus aan die bediening van*** κοινωνία**, wat belangrike fasette van 'n dieper belewing van mekaar begrond:**

- ***gestaltegewing van liefde as verenigende krag (eenheid) van die evangelie - tussen gelowiges van alle kulture - wat ook in elke ontmoeting met God en mekaar beleef kan word;***
- ***gestaltegewing van die transformerende krag (heiligheid) kan in die lig van die Woord in die bediening van sakramente en Woordontmoeting, gevier word met 'n dieper betrokkenheid by mekaar;***
- ***gestaltegewing van die versoenende krag (katolisiteit) tussen gelowiges van alle kulture word aan mekaar en die wêreld geïllustreer deur elke erediensontmoeting én ander ontmoetings rondom die Woord;***
- ***gestaltegewing van die verkondigende krag (apostolisiteit) van die evangelie kry gestalte in liturgiese elemente, deur die***

bemiddeling van alle kulture en tradisies wat saam aanbid.

Bogenoemde vier fasette, wat konkretisering van die merktekens is, kry gestalte in die volgende onderlinge ontmoetings:

- ***Omdat κοινωνία méér is as 'n gevoel van saamwees en eerder in 'n gemeenskaplike geloof begrond en vrug is van die bemoeienis met die evangelie, is die erediens nie net 'n kerugmatiese en liturgiese ontmoeting nie, maar ook 'n kononiale ontmoeting, wat vanuit die erediensontmoeting groei. Dít hou in dat die koinoniale moontlikhede van die erediens ontgin moet word.***
- ***Die atmosfeer in die erediens is 'n belangrike beginpunt om koinoniale moontlikhede te ontgin.***
- ***Gemeentelike deelname, soos by die kerugmatiese en liturgiese bedienings ontgin, is ook van toepassing op κοινωνία.***
- ***Die sakramentsbediening bind die gemeente nie net aan God nie, maar ook aan mekaar. Dit maak ontginning van die wyse van nagmaalsviering belangrik.***
- ***Die ontwikkeling van kleingroepe - reeds vanaf die inisiëringsfase - lê belangrike fondamente vir die gemeente se uitreiking na mekaar en na die wêreld.***
- ***Ontwikkeling van die kleingroepbediening lê noodsaaklike fondamente vir onderlinge vermaning ('n belangrike fase van tug) en bemoediging in moeilike tye, veral met die***

totstandbringing van 'n multikulturele bediening.

- ***Gebed en gebedsbediening speel nie net in die begin van die bediening se ontwikkeling 'n belangrike rol nie, maar deurlopend.***
- ***In 'n tyd van individualisme as heersende norm, speel 'n gemeente se gerigtheid en ontwikkeling van die gesinsbediening 'n belangrike rol.***
- ***Die gemeente se netwerkontwikkeling speel in 'n tegnologiese eeu 'n belangrike rol in voortdurende kontak deur middel van 'n SMS- en internetbediening.***

BT 3.4	διακονία is die suiwerste vorm van naasteliefde wat gerig is op almal wat in nood is en wat vanweë hulle nood 'n beroep op die gelowige se hulp maak (4.8.4).
Gegewe situasie met sterk- (a) en *swakpunte (b)*	**Nuwe situasie**
a) Daar bestaan 'n positiewe gerigtheid op dienslewering (7.2.11.13). *b) 'n Sterker balans tussen bediening van fisiese en geestelike behoeftes kan ontwikkel word (7.2.10.3.7).*	Om die bediening van διακονία in al sy fasette só uit te bou dat 'n sterk balans tussen bediening van fisiese en geestelike behoeftes ontwikkel kan word.

Besluitnemings: διακονία

BT 3.4 ***f1*** *Konkretiseer alle bedienings in die kerk wat uitdrukkings is van die bediening* διακονία, *sodat alle kultuurgroepe wat verteenwoordig is in God, mekaar en die wêreld se geestelike en fisiese behoeftes kan bedien in gehoorsaamheid aan die Woord.*

f2 ***Die merktekens van die kerk gee 'n bepaalde en omvattende fokus aan die bediening van*** διακονία, ***wat belangrike fasette van 'n dieper begronde diensbaarheid na vore bring:***

- ***gestaltegewing van liefde as verenigende krag (eenheid) van die evangelie - tussen gelowiges van alle kulture - kan in elke ontmoeting met God en met mekaar beleef word;***
- ***gestaltegewing van die transformerende krag (heiligheid) van die Woord kan in die bediening van sakramente en Woordontmoeting gevier word met 'n dieper betrokkenheid by mekaar en die wêreld;***
- ***gestaltegewing van die versoenende krag (katolisiteit) tussen gelowiges van alle kulture, word aan mekaar en die wêreld geïllustreer deur alle bedienings wat daarop gerig is om fisiese en geestelike nood te verlig.***
- ***gestaltegewing van die verkondigende krag (apostolisiteit) van die evangelie kry gestalte in alle bedieningselemente, deur die bemiddeling van alle kulture en tradisies wat saam aanbid.***

Bogenoemde vier fasette, wat konkretisering van die merktekens is, kry gestalte in die volgende bedienings:

- ***Diensgeleenthede moet geskep word waarby gelowiges persoonlik betrokke kan wees, eerder as om net 'n finansiële bydrae daartoe te maak.***
- ***In lyn met die gawes van die Gees en gelowiges se oproep tot roepingsverantwoordelikheid, moet bedienings so ver moontlik toegelaat word om via gawes van gelowiges van onder af te ontwikkel, eerder as om van bo af gereël te word.***
- ***Dienswerk van gelowiges hoef nie noodwendig dienswerk van die gemeente te wees nie. Gelowiges se mondigheid en selfstandigheid moet deur bedienings van die kerk ontwikkel word deur, behalwe bedienings van die gemeente, ook betrokke te raak by bedienings in die gemeenskap wat deur ander kerke of organisasies bestuur word.***
- ***Om aan bogenoemde uitdrukking te gee moet 'n gemeente baie aandag skenk aan ontdekking, toerusting en begeleiding van gawes en gelowiges se roeping. Belangrik hierby is die boodskap van die Woord dat opregte liefde (dié van 1 Kor. 13) die beste gawe-ontdekkingskursus is wat deur die Gees van God bestuur word.***
- ***'n Wyse waarop bogenoemde effektief in 'n multikulturele konteks uitgebou kan word, is om aandag te gee aan 'n werkverskaffingsburo vir werkloses.***
- ***Die uitbou en ontwikkeling van die diakonale sorg deur diensgroepe, is 'n belangrike basis van toerusting vir die gemeente.***
- ***'n Ideale kleingroep, is 'n kleingroep met een of ander diensprojek in die gemeente of die gemeenskap.***

9.4.3 Samevatting van besluitnemings oor Jesus Christus as Hoof van die kerk, merktekens en bedienings van die kerk

9.4.3.1 Gemodelleerde voorstelling van die funksionering van Jesus Christus as Hoof van die kerk, merktekens en bedienings van die kerk

Figuur 12: Funksionering van basisteorie

- Funksionering van die kerk in sy bedienings, wat 'n uitdrukking is van sy missionêr-ekklesiologiese identiteit ín die kerk en koninkryk, as konkretisering van sy merktekens en antwoord op sy verhouding tot Jesus Christus as Hoof van die kerk.

9.4.3.2 Samevatting van besluite

Besluitnemings: Hoof en Liggaam		
BT 1.1	***f1***	*Begrond die ware identiteit van die kerk in Jesus Christus as Hoof van die kerk en vertrekpunt vir Christen- en kerkwees deur:*
	f2	***'n gerigtheid op God; die geroepenheid om Christus na te volg; 'n gedrewenheid deur die Heilige Gees en om gedra te wees deur gebed en gawes.***
BT 1.2	***f1***	*Begrond die verwagting en hoop dat Jesus Christus die enigste ware Bron van lewe is. Niks wat die mens doen kan 'n bydrae tot sy verlossing maak nie. Die begronding vind plaas deur:*
	f2	***geloof as 'n persoonlike antwoord van die mens op die beloftes van God in Jesus Christus en as 'n instrument om gemeenskap met God en medegelowiges te beoefen.***
BT 1.3	***f1***	*Begrond die verbintenis wat die kerk as liggaam moet maak om in alles getrou te antwoord op die verwagtinge van Jesus Christus as Hoof, deur:*
	f2	***verkondiging van die goeie boodskap in woord en daad. Hierdie verkondiging rig hom op die mens in sy totaliteit.***
BT 1.4	***f1***	*Begrond die verbintenis wat die kerk moet maak om die versoening wat hy ontvang het uit te dra aan almal in die wêreld, deur:*
	f2	***as gestuurdes hulle daartoe te verbind om diensbaar te wees deur die erkenning en benutting van die gawes van die Gees.***
BT1.5	***f1***	*Begrond die verbintenis wat die kerk moet maak om al sy gawes diensbaar te maak aan sy Hoof, Jesus Christus, deur:*
	f2	***alle gelowiges as diensknegte en slawe van die Gees te bely - wat die gawes wat Hy uitdeel ontwikkel in diensbaarheid aan die gemeente en die wêreld.***

BT1.6	***f1***	*Begrond die verbintenis dat almal wat hulle deur Christus met God versoen, hulle heenkome in die kerk as liggaam sal soek, deur:*
	f2	***geïnkorporeer te wees in die liggaam van Christus. Dít vra van elkeen 'n verbintenis om homself met geestelike en materiële gawes beskikbaar te stel aan die gemeente, homself te offer en diensbaar te maak en saam die vreugde daarvan te vier in eredienste, sakramentsbediening en ander bedieningsaktiwiteite.***
BT 1.7	***f1***	*Begrond die verwagting dat 'n verbintenis aan Jesus Christus as Hoof, in troue roepingsvervulling die kerk die misterie van eenheid sal laat belewe,wat sigbaar sal word in die wêreld en waardering vir Christene en die kerk sal laat groei en die kerk self sal laat groei, deur:*
	f2	***gedring deur die liefde van Christus, voortdurend te soek na weë om Hom bekend te maak deur navolging en kwantitatiewe en kwalitatiewe groei te verwag, wat die Heilige Gees bewerk.***

Besluitnemings: Merktekens - Eenheid		
BT 2.1	**f1**	*Die kenmerke van die ware kerk, naamlik Woordverkondiging (vgl. BT 2.5), suiwer bediening van die sakramente (vgl. BT 2.4) en toepassing van tug (vgl. BT 2.3) volgens die Gereformeerde ekklesiologie, is steeds waardevolle onderskeidingstekens vir die kerk se gerigtheid na binne (vgl. 3.2.5).*
	f2	***Woordverkondiging en sakramentsbediening se funksie word onderhandel in kerugma as bediening. Die tug vind uitdrukking in koinonia as bediening.***
BT 2.2	***f1***	*Bou die eenheidsbeginsel van die liggaam met Jesus Christus as Hoof en verenigende krag in die wêreld uit, deur eenheid 'n fokuspunt te maak in al die bedienings van die kerk - deur:*

	f2	***eenheid, as verenigende krag en uitdrukking van die krag en liefde van God, ult te bou as dié liefde wat die wêreld kan red en heelmaak; wat mense in staat stel om lief te hê en te vergewe, liefde en vergifnis nie as 'n gegewe te aanvaar nie, maar as opdrag - as die wyse waarop gelowiges met ander kinders van God omgaan en met ander gelowiges en kerke omgaan.***

Besluitnemings: Merktekens – Heiligheid		
BT 2.3	***f1***	*(vgl. ook BT 2.1) Bou die heiligheidsbeginsel van die liggaam met Jesus Christus as Hoof en transformerende krag van persoonlike lewens - en dié van die kerk – uit, deur heiligheid 'n fokuspunt te maak in al die bedienings van die kerk.*
	f2	***Heiligheid as lewensbeginsel is 'n transformerende krag wat lei tot 'n totale herrangskikking van lewensprioriteite en waardes en uitdrukking vind in gelowiges se betrokkenheid by sake van die dag op hulle persoonlike werkterreine, politiek, sosiale lewe en ontspanning.***

Besluitneming: Merktekens - Katolisiteit		
BT 2.4	***f1***	*(vgl. ook BT 2.1) Bou die beginsel van katolisiteit van die liggaam met Jesus Christus as Hoof en versoenende krag van persoonlike lewens en dié van alle gelowiges in die kerk uit, deur katolisiteit 'n fokuspunt te maak in al die bedienings van die kerk.*
	f2	***Dit gee perspektief om alle natuurlike en historiese grense wat mense, nasies, rasse en geslagte skei, te oorwin en oop te wees vir alle soorte mense. Negatiwiteit en skeptisisme oor ander mense wat nie Christene is nie, te oorwin - om uiteindelik lofwaardige getuies vir Christus se versoening te wees.***

Besluitneming: Merktekens – Apostolisiteit

BT 2.5 ***f1*** *(vgl. ook BT 2.1) Bou die beginsel van apostolisiteit van die liggaam van Jesus Christus as Hoof en verkondigende krag, met betrekking tot persoonlike lewens en dié van alle gelowiges en die wêreld, deur apostolisiteit 'n fokuspunt te maak in al die bedienings van die kerk.*

f2 ***Die kerk neem in al sy handelinge die getuienis van die Skrif as die finale maatstaf en bron van waarheid en neem die tradisies van gelowiges ernstig op as die terrein waarbinne nuwe inhoud aan kulturele eienskappe van mense gegee kan word - sonder om gewortelde tradisies, wat die toets van die Skrif kan weerstaan, weg te maak. Dit word eerder gevul met nuwe inhoud en betekenis wat almal kan waardeer.***

Besluitnemings: Bedienings - κήρυγμα

Al vier bedienings bou voort op die merktekens van eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit deur:

- ***'n gestaltegewing van liefde te wees as verenigende krag (eenheid) van die evangelie - tussen gelowiges van alle kulture;***
- ***'n transformerende krag (heiligheid) te wees deur die lig van die Woord op elke faset van gelowiges se persoonlike, maar ook openbare lewens, te laat fokus;***
- ***'n versoenende krag (katolisiteit) tussen gelowiges van alle kulture gestalte te gee, deur hindernisse wat spontane omgang met gelowiges en mense van die wêreld hinder, te identifiseer en te bemiddel deur die Woord; en***
- ***'n verkondigende krag (apostolisiteit) van die evangelie te bevestig deur die Woord as bron van persoonlike lewens, maar ook as bemiddelaar van alle kulture en tradisies, te vestig.***

BT 3.1	***f1***	*Konkretiseer alle bedienings in die kerk wat uitdrukking is van die bediening* κήρυγμα, *sodat alle kultuurgroepe wat verteenwoordig is God in en deur sy Woord kan ontmoet, ken, beleef en dien deur:*
	f2	***die aanhoor van die Woord in elke kultuur se eie taal te realiseer; voorbereiding van prediking deur 'n kulturele werkgroep te onderneem; 'n weeklikse leesrooster van Bybelgedeeltes beskikbaar te stel; kleingroepbediening te ontwikkel waar van die Woord en van mekaar geleer kan word; jeugbediening te ontwikkel; volwasse onderrig in die Woord te onderneem en toe te rus in Woord- en daadverkondiging van die evangelie.***

Besluitnemings: Bedienings – λειτουργία

BT3.2	***f1***	*(vgl. ook BT 3.1) Konkretiseer alle bedienings in die kerk, wat uitdrukkings is van die bediening* λειτουργία, *sodat alle kultuurgroepe wat verteenwoordig is God en mekaar in en deur sy Woord kan ontmoet, ken, beleef en dien - deur:*
	f2	***ruimte vir interkulturasie in die erediens te skep; sang en gebed in hulle kulturele verskeidenheid te ontwikkel; die viering van oorspronklike kulture te dien; sakramentsbelewing te ontwikkel tot 'n weeklikse viering; gawes ten opsigte van benutting in die erediens te benut; muslek en die lied tot 'n selfstandige bediening te ontwikkel; nie-verbale kommunikasie in die erediens in 'n multikulturele konteks uitdrukking te laat vind in simbole, tekens en kleur; verskillende vorme van spiritualiteit te ontgin; liturgiese belewing in gebede vir mense daarbuite en die liturgie van die lewe - én dié van huisgesinne - te voed.***

Besluitnemings: Bedienings – κοινωνία

BT 3.3 ***f1*** *Konkretiseer alle bedienings in die kerk wat uitdrukkings is van die bediening* κοινωνία, *sodat alle kultuurgroepe wat verteenwoordig is God in en deur sy Woord en mekaar kan ontmoet, ken, beleef en dien - deur:*

f2 ***κοινωνία se diepste motivering, naamlik 'n gemeenskaplike geloof, te fokus op die erediensontmoeting; atmosfeer in die erediens; deelname in die erediens; sakramentsbediening; die ontwikkeling van kleingroepe; onderlinge vermaning ('n belangrike fase van tug) en bemoediging in moeilike tye; gebedsbediening en ontwikkeling van die gesinsbediening en netwerkontwikkeling deur gebruikmaking van tegnologie.***

Besluitnemings: Bedienings - διακονία

BT 3.4 ***f1*** *Konkretiseer alle bedienings in die kerk wat uitdrukkings is van die bediening* διακονία, *sodat alle kultuurgroepe wat verteenwoordig is in God, mekaar en die wêreld se geestelike en fisiese behoeftes kan bedien in gehoorsaamheid aan die Woord, deur:*

f2 ***diensgeleenthede te skep waarby gelowiges persoonlik betrokke kan wees; gawes van gelowiges van onder af te ontwikkel, eerder as om van bo af gereël te word; dienswerk in die gemeenskap te verrig wat deur ander kerke of organisasies bestuur word; aandag te skenk aan ontdekking, toerusting en begeleiding van gawes en gelowiges se roeping; 'n werkverskaffingsburo vir werkloses daar te stel; die uitbouing en ontwikkeling van die diakonale sorg deur diensgroepe; en kleingroepe ook te fokus op selfstandige diensprojekte.***

9.5 Evaluering

Die evalueringsproses is 'n voortdurende proses wat die hele liggaam betrek. Die empiriese vraelys (met moontlike aanpassings) wat aangeheg is en in hierdie navorsing gebruik is, kan ook in die gemeente of die groep gelowiges wat op weg na kerkplanting is, gebruik word vir evaluasie - om die rypheid te evalueer voordat tot kerkplanting oorgegaan word. Die eerste evaluering kan dus plaasvind as intrede van Fase 2: Implementering. Evaluering kan geskied op dieselfde basis as wat die empiriese proses verloop het, as intensiewe evaluering van die Hoofskap van Jesus Christus, die uitdrukking in merktekens en die konkretisering in bedienings.

9.6 Finale gevolgtrekking uit die strategiese komponent

Afdeling 3 van die ondersoek het die ontwikkeling van 'n nuwe strategie (verandering) beskryf. In prakties-teologiese navorsing staan die strategiese perspektief ook bekend as die regulatiewe of agogiese komponent (sirkulêre verstaanproses). Praktiese teologie as die *" theory of the mediation of the Christian faith in the praxis of modern society"* (Heitink, 1999:6), is onvermydelik gerig op *verandering* deur 'n proses van bestuur en regulering. Die strategiese perspektief verbind die vrae *wie doen wat?* met die *hoe?* en *waartoe?* deur in die strategie by wyse van kommunikasie in 'n oopsisteem, die hermeneutiese en die empiriese ten opsigte van die gegewe en ideale situasie te onderhandel - met die oog op 'n nuwe strategie. Dit is gedoen deur in die besluitnemingsproses die basisteoretiese beginsel as vertrekpunt, die gegewe situasie met sterk- en swakpunte in wisselwerking met mekaar te bring - om so tot besluitneming en konkretisering van riglyne vir kerkplanting in 'n multikulturele konteks te kom.

AFDELING 3 – STRATEGIESE KOMPONENT

HOOFSTUK 10: BESKRYWING VAN 'N ONDERHANDELINGSMODEL VIR MULTIKULTURELE KERKPLANTING

10.1 Inleiding

In Hoofstuk 9 is 'n strategie omskryf na aanleiding van die funksionering van die regulatiewe sirkel. Die regulatiewe sirkel is beskryf as 'n beweging van verandering deur die vrae: *wie doen wat?* (wat die resultate van die hermeneutiese proses behels); *hoe?* (die strategiese proses, verwoord by wyse van besluite); en *waartoe?* (die verandering van die empiriese werklikheid [gegewe situasie] na 'n nuwe empiriese situasie). As resultaat is 'n strategie, met die oog op die inisiëringsproses van multikulturele kerkplanting, omskryf.

Dit beteken egter nie dat multikulturele kerkplanting die enigste strategie is wat op die missionêr-ekklesiologiese beginsels gebou kan word nie. In Hoofstuk 6 (6.1) is die verhouding tussen die hermeneutiese, empiriese en strategiese prosesse met die bou van 'n brug beskryf. Die hermeneutiese formulering van basisteoretiese beginsels dien as die fondament waarop die brug gebou moet word. Voorts dien die empiriese formulering van metateoretiese beginsels as die pilare waarop die brug gebou moet word. In die strategiese fase van die studie word die brug self gekonstrueer. Soos daar brûe is wat verskil in voorkoms en doelmatigheid vanweë die geografiese omgewing waar die brug opgerig word, kan hierdie proses ook toegepas word in gemeentebou en kerkplantingsprosesse van verskillende aard. Soos wat die kontekste waarbinne die proses kan funksioneer verander, kan die empiriese proses aangepas word om die nodige kontekstuele inligting te verkry waarbinne ander strategieë kan funksioneer. Dit kom daarop neer dat die proses in gemeentebou ook toegepas kan word in bestaande gemeentes van enige aard.

Die doel met die hoofstuk is om die model vir multikulturele kerkplanting te beskryf. Die werkplan en metode is om eers 'n kort oorsig oor die hele proses van kerkplanting, soos geïllustreer in Hoofstuk 9 (9.4.1) te gee. Dan volg 'n samevatting van basisteoretiese bevindings, waarna die gevisualiseerde model beskryf word - asook die funksionering van die belangrikste fase van die proses, naamlik die besluitnemingsfase, oor al die basisteoretiese bevindings. Ten slotte sal 'n simboliese voorstelling van die proses beskryf en 'n finale samevatting gegee word.

10.2 Oorsig oor die proses van kerkplanting

Praktiese teologie speel 'n bemiddelende rol met die oog op die transformasie (verandering) van die samelewing. Dit hou in dat daar 'n ontmoeting tussen Woord en werklikheid bemiddel moet word. Hierdie bemiddeling is 'n oop-kommunikasieproses tussen die werklikheid van die Woord, die praktiese situasie en mense wat in die proses betrokke is. Die ontwikkeling van die model het in die besluitnemingsproses oor basies teoretiese bevindings, hiermee rekening gehou - asook met die onderhandelingsproses tussen partye wat betrokke raak in die kerkplantingsproses. In 9.4.1 is laasgenoemde proses diagrammaties voorgestel. In hoofsaak kom die kerkplantingsproses op die volgende basiese uitgangspunte neer:

- Die *voorbereidende fase* (Fase 1) is daarop ingestel om deur oopgesprekke met die inisiatiefnemende kerkraad en gemeente te besin, met die oog op 'n verbintenis tot die proses van kerkplanting (vgl. 9.4.1.1).
- Dieselfde proses word met moontlike deelnemende kerke en individue herhaal, om te kom tot 'n aksiegroep wat die proses aan die gang sit.
- Nadat daar bekendstelling met die oog op kerkplanting in die gemeenskap gedoen is, word die belangstellendes die belangrikste agent in die proses wat sal volg.

- 'n Volgende handeling in die eerste fase is om 'n verbintenis te sluit met 'n geroepe kerkplanter.
- Nadat 'n verbintenis van al die betrokkenes verkry is, kan oorgegaan word na Fase 2, naamlik dié van *inisiëring*.
- In Fase 2 is die belangrikste stadium wat in die hele kerkplantingsproses bereik word, die besluitnemingstadium, waarin die basisteoretiese bevindings 'onderhandel' word tot praktiese implementering. Hierdie stadium in Fase 2 staan daarom bekend as die onderhandelingsmodel.
- Gedurende Fase 2 is die netwerkproses om op die hoogte te bly met die onderhandelingsgroep, nie minder belangrik nie. Kennis van die groep kan baie help met die voorbereiding van elke onderhandelingsfaset (Stap 1-3).
- Tydens Fase 3, die *implementeringsfase*, is onderhandelinge ewe belangrik. Die belangrikste moment hier is die eerste erediens, wat die fase van kerkplanting inlei.

10.3 Beskrywing van die onderhandelingsmodel vir multikulturele kerkplanting

In die beskrywing van die onderhandelingsmodel word eerstens die basisteoretiese beginsels saamgevat, voordat die model verduidelik en die besluitnemings van die onderhandelingsproses daarmee saam gegee word.

10.3.1 Basisteoretiese beginsels

In Hoofstuk 5 is die basisteoretiese beginsels geformuleer. Vir die doeleindes van die model, word die hoofsake van die basisteorie saamgevat soos dit in die strategie gefunksioneer het (vir meer inligting oor ander fasette, kan Hoofstuk 5 van hierdie navorsing geraadpleeg word).

10.3.1.1 Basisteoretiese beginsels van die verhouding van die Hoof van die kerk, Jesus Christus, tot die liggaam

BT 1.1 *Hoof* het in alle gevalle wat ondersoek is 'n uitgebreide betekenis, naamlik *outoriteit*, maar in die sin dat die outoriteit in diens staan van die liggaam (2.5.2.4).

BT 1.2 Die *Hoof* is die bron van lewe (vgl. 2.5.2.4) en daarom daarop gerig om sy liggaam op te bou en te voed (vgl. 2.5.2.5.1).

BT 1.3 Sy liggaam beantwoord die gesag uit respek en is gehoorsaam aan die Hoof. Gehoorsaamheid hou in roepingsgetrouheid (vgl. 2.5.2.5.2).

BT 1.4 Roepingsgetrouheid bestaan daarin dat die versoening wat die liggaam met die Hoof ontvang het, verder gedra word na hulle wat buite die liggaam is (2.5.3.2.2).

BT 1.5 Eers wanneer die liggaam deur benutting van al sy gawes hierdie instrument in die versoening is, funksioneer dit optimaal en is daar groei moontlik (2.5.4.2).

BT 1.6 Die liggaam is instrumenteel die plek waar versoening plaasvind. Die vertikale versoening met Christus word horisontaal in die liggaam 'n werklikheid (2.5.4.1).

BT 1.7 Waar hierdie versoening in gehoorsame roepingsvervulling plaasvind, word die misterie van die eenheid (2.5.4.2) 'n sigbare manifestasie aan die wêreld van die Hoof se dienende heerskappy, wat alle verskeurdheid herstel sodat Hy alles in almal kan wees (2.5.4.3).

10.3.1.2 Basisteoretiese beginsels rakende die merktekens van die kerk

BT 2.1 Die kenmerke van die ware kerk, naamlik Woordverkondiging (vgl. BT 2.5), suiwer bediening van die sakramente (vgl. BT 2.4) en toepassing van tug (vgl. BT 2.3) volgens die Gereformeerde ekklesiologie, is steeds waardevolle onderskeidingstekens vir die kerk se gerigtheid na binne (vgl. 3.2.5).

BT 2.2 Eenheid as merkteken van die kerk, is 'n verenigende krag in die wêreld (vgl. 5.4.2.2).

BT 2.3 Heiligheid as merkteken van die kerk, is 'n transformerende krag in die wêreld (vgl. 5.4.2.2).

BT 2.4 Katolisiteit as merkteken van die kerk, is 'n versoenende krag in die wêreld (vgl. 5.4.2.2).

BT 2.5 Apostolisiteit as merkteken van die kerk, is 'n verkondigende krag in die wêreld (vgl. 5.4.2.2).

10.3.1.3 Basisteoretiese beginsels rakende die bedienings van die kerk, naamlik: κήρυγμα, λειτουργία, κοινωνία en διακονία

BT 3.1 κήρυγμα verwys na alle aktiwiteite in die gemeente wat primêr gefokus is op verkondiging van die Woord se unieke (goeie) boodskap aan gelowiges én ongelowiges om hulle toe te rus vir die eise van die Woord (sien 4.9.1).

BT3.2 λειτουργία verwys na die gelowige se antwoordende gerigtheid op God in formele en informele aanbiddingsgeleenthede. Die verwagting is 'n ontmoeting en versterking deur God, wat as getuienis uitgedra en uitgeleef word in die daaglikse omgang met ongelowiges in die wêreld (sien 4.9.2).

BT 3.3 κοινωνία is die vrug van gelowiges se bemoeienis met die opdrag van die evangelie in onderlinge ondersteuning, wat dien as basis vir gelowiges se uitreiking na die wêreld (sien 4.9.3).

BT 3.4 διακονία is die suiwerste vorm van naasteliefde wat gerig is op almal wat in nood is en wat vanweë hulle nood 'n beroep op die gelowige se hulp maak (4.9.4).

10.3.2 Beskrywing van model

Figuur 12

Die gevisualiseerde model gee uitdrukking aan:

- Die verhouding van Christus, as Hoof, tot die kerk - as sy liggaam en fokuspunt binne die koninkryk van God.
- Merktekens van die kerk, as uitdrukking van die missionêr-ekklesiologiese identiteit van die kerk.
- Funksionering van die kerk in sy bedienings, wat 'n uitdrukking is van sy missionêr-ekklesiologiese identiteit in die kerk en koninkryk, as konkretisering van sy merktekens en antwoord op sy verhouding tot Jesus Christus as Hoof van die kerk.

10.3.3 Verduideliking van die model en besluitnemings

In die onderstaande getabelleerde uiteensetting van die onderhandelingsproses, kan deur die keminhoude waargeneem word hoedat drie fases van die onderhandeling verloop het, met die resultate daarby. Die modelinhoud illustreer die keminhoud van die hermeneutiese proses. Die besluitneming vat die eerste subfase (f1) van onderhandeling tussen die hermeneutiese en die empiriese prosesse saam. Die tweede subfase (f2) illustreer die keminhoud van die strategiese proses se onderhandelingsfase.

	Modelinhoud	**Besluitneming**
10.3.3.1	Die groot indikatief vir die kerk se ontstaan, bestaan en voortbestaan is geleë in Jesus Christus as Hoof van die kerk.	***BT 1.1 f1*** *Begrond die ware identiteit van die kerk in Jesus Christus as Hoof van die kerk en vertrekpunt vir*

	"Aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk" (Ef. 1:22). Christus se Hoofskap is outoritêr, maar in dié sin dat Hy dienend heers (BT 1.1 - vgl. 2.5.2.4).	*Christen- en kerkwees deur:* ***f2 'n gerigtheid op God; die geroepenheid om Christus na te volg; 'n gedrewenheid deur die Heilige Gees en om gedra te wees deur gebed en gawes.***
10.3.3.2	Jesus Christus is die bron van lewe (2.5.2.4) en daarom daarop gerig om sy liggaam op te bou en te voed (2.5.2.5.1). Buite Hom is daar geen ware lewe - en daarom ook geen verbintenis tot sy kerk - nie (BT 1.2).	***BT 1.2 f1*** *Begrond die verwagting en hoop dat Jesus Christus die enigste ware Bron van lewe is. Niks wat die mens doen kan 'n bydrae tot sy verlossing maak nie. Die begronding vind plaas deur:* ***f2 geloof as 'n persoonlike antwoord van die mens op die beloftes van God in Jesus Christus en as 'n instrument om gemeenskap met God en medegelowiges te beoefen.***
10.3.3.3	Die imperatief van geroepe	***BT 1.3 f1*** *Begrond die verbintenis*

	gelowiges is om gehoorsaam te antwoord op die gawe van geloof en lewe. Dit word gedoen deur troue roepingsvervulling (BT 1.3 - vgl. 2.5.2.5.2).	*wat die kerk as liggaam moet maak om in alles getrou te antwoord op die verwagtinge van Jesus Christus as Hoof, deur:* ***f2 verkondiging van die goeie boodskap in woord en daad. Hierdie verkondiging rig hom op die mens in sy totaliteit.***
10.3.3.4	Roepingsgetrouheid bestaan daarin dat die versoening wat die liggaam met die Hoof ontvang het, verder gedra word na húlle wat buite die liggaam is (BT 1.4 vgl. 2.5.3.2.2). Dit plaas die roeping van die kerk binne koninkryksperspektief.	***BT 1.4 f1*** *Begrond die verbintenis wat die kerk moet maak om die versoening wat hy ontvang het uit te dra aan almal in die wêreld, deur:* ***f2 as gestuurdes hulle daartoe te verbind om diensbaar te wees deur die erkenning en benutting van die gawes van die Gees.***
10.3.3.5	Kwalitatiewe en kwantitatiewe groei van die liggaam is ook die vrug van troue roepingsvervulling deur die	***BT1.5 f1*** *Begrond die verbintenis wat die kerk moet maak om al sy gawes diensbaar te maak aan sy Hoof,*

	gehoorsame gebruikmaking van alle gawes wat Jesus Christus aan sy kerk gee. (BT 1.5 - vgl. 2.5.4.2).	*Jesus Christus, deur:* ***f2 alle gelowiges as diensknegte en slawe van die Gees te bely - wat die gawes wat Hy uitdeel ontwikkel in diensbaarheid aan die gemeente en die wêreld.***
10.3.3.6	Almal wat met God deur Christus as Hoof versoen is vind hulle tuiste in die kerk as liggaam van Christus (BT1.6 vgl. 2.5.4.1.).	***BT1.6 f1*** *Begrond die verbintenis dat almal wat hulle deur Christus met God versoen, hulle heenkome in die kerk as liggaam sal soek, deur:* ***f2 geïnkorporeer te wees in die liggaam van Christus. Dít vra van elkeen 'n verbintenis om homself met geestelike en materiële gawes beskikbaar te stel aan die gemeente, homself te offer en diensbaar te maak en saam die vreugde daarvan te vier in eredienste, sakramentsbediening en ander bedieningsaktiwiteite.***

10.3.3.7	Die misterie van eenheid tussen Hoof en liggaam, is 'n sigbare manifestasie aan die wêreld van die Hoof se dienende heerskappy wat alle verskeurdheid herstel, sodat Hy alles in almal kan wees (Ef. 1:23) (BT 1.7 - vgl. 2.5.4.2 en 2.5.4.3).	***BT 1.7 f1*** *Begrond die verwagting dat 'n verbintenis aan Jesus Christus as Hoof, in troue roepingsvervulling die kerk die misterie van eenheid sal laat belewe,wat sigbaar sal word in die wêreld en waardering vir Christene en die kerk sal laat groei en die kerk self sal laat groei, deur:* ***f2 gedring deur die liefde van Christus, voortdurend te soek na weë om Hom bekend te maak deur navolging en kwantitatiewe en kwalitatiewe groei te verwag, wat die Heilige Gees bewerk.***
10.3.3.8	Die kenmerke van die ware kerk, naamlik Woordverkondiging (vgl. BT 2.5), suiwer bediening van die sakramente (vgl. BT 2.4) en toepassing van tug (vgl. BT 2.3) volgens die	**BT 2.1 f1** Die kenmerke van die ware kerk, naamlik Woordverkondiging (vgl. BT 2.5), suiwer bediening van die sakramente (vgl. BT 2.4) en toepassing van tug (vgl. BT 2.3) volgens

	Gereformeerde ekklesiologie, is steeds waardevolle onderskeidingstekens vir die kerk se gerigtheid na binne (vgl. 3.2.5). (BT 2.1.)	die Gereformeerde ekklesiologie, is steeds waardevolle onderskeidingstekens vir die kerk se gerigtheid na binne (vgl. 3.2.5). ***f2 Woordverkondiging en sakramentsbediening se funksie word onderhandel in kerugma as bediening. Die tug vind uitdrukking in koinonia as bediening.***
10.3.3.9	Eenheid as merkteken van die kerk, is 'n verenigende krag in die wêreld en behoort om dié rede 'n fokuspunt te wees in al die bedienings van die kerk (vgl. 5.4.2.2) (BT 2.2).	***BT 2.2 f1*** *Bou die eenheidsbeginsel van die liggaam met Jesus Christus as Hoof en verenigende krag in die wêreld uit, deur eenheid 'n fokuspunt te maak in al die bedienings van die kerk - deur:* ***f2 eenheid, as verenigende krag en uitdrukking van die krag en liefde van God, uit te bou as dié liefde wat die wêreld kan red en heelmaak; wat mense in staat stel om***

		lief te hê en te vergewe, liefde en vergifnis nie as 'n gegewe te aanvaar nie, maar as opdrag - as die wyse waarop gelowiges met ander kinders van God omgaan en met ander gelowiges en kerke omgaan.
10.3.3.10	Heiligheid as merkteken van die kerk, is 'n transformerende krag in die wêreld en behoort om dié rede 'n fokuspunt te wees in al die bedienings van die kerk (vgl. 5.4.2.2) (BT 2.3).	***BT 2.3 f1*** *(vgl. ook BT 2.1) Bou die heiligheidsbeginsel van die liggaam met Jesus Christus as Hoof en transformerende krag van persoonlike lewens - en dié van die kerk – uit, deur heiligheid 'n fokuspunt te maak in al die bedienings van die kerk.* ***f2 Heiligheid as lewensbeginsel is 'n transformerende krag wat lei tot 'n totale herrangskikking van lewensprioriteite en waardes en uitdrukking vind in gelowiges se betrokkenheid by sake***

		van die dag op hulle persoonlike werkterreine, politiek, sosiale lewe en ontspanning.
10.3.3.11	Katolisiteit as merkteken van die kerk, is 'n versoenende krag in die wêreld en behoort om dié rede 'n fokuspunte te wees in al die bedienings van die kerk (vgl. 5.4.2.2) (BT 2.4).	***BT 2.4 f1*** *(vgl. ook BT 2.1) Bou die beginsel van katolisiteit van die liggaam met Jesus Christus as Hoof en versoenende krag van persoonlike lewens en dié van alle gelowiges in die kerk uit, deur katolisiteit 'n fokuspunt te maak in al die bedienings van die kerk.* ***f2 Dit gee perspektief om alle natuurlike en historiese grense wat mense, nasies, rasse en geslagte skei, te oorwin en oop te wees vir alle soorte mense. Negatiwiteit en skeptisisme oor ander mense wat nie Christene is nie, te oorwin - om uiteindelik lofwaardige getuies vir Christus se versoening te wees.***

10.3.3.12	Apostolisiteit as merkteken van die kerk, is 'n verkondigende krag in die wêreld en behoort om dié rede 'n fokuspunte te wees in al die bedienings van die kerk (vgl. 5.4.2.2) (BT 2.5).	***BT 2.5 f1*** *(vgl. ook BT 2.1) Bou die beginsel van apostolisiteit van die liggaam van Jesus Christus as Hoof en verkondigende krag, met betrekking tot persoonlike lewens en dié van alle gelowiges en die wêreld, deur apostolisiteit 'n fokuspunt te maak in al die bedienings van die kerk.* ***f2 Die kerk neem in al sy handelinge die getuienis van die Skrif as die finale maatstaf en bron van waarheid en neem die tradisies van gelowiges ernstig op as die terrein waarbinne nuwe inhoud aan kulturele eienskappe van mense gegee kan word - sonder om gewortelde tradisies, wat die toets van die Skrif kan weerstaan, weg te maak. Dit word eerder gevul met nuwe inhoud en betekenis wat almal kan waardeer.***

10.3.3.13	κήρυγμα as bediening verwys na alle aktiwiteite in die gemeente wat primêr gefokus is op verkondiging van die Woord se unieke (goeie) boodskap aan gelowiges én ongelowiges om hulle toe te rus vir die eise van die Woord (sien 4.9.1) (BT 3.1). Die konkretisering van alle bedienings in die kerk wat uitdrukkings is van die bediening κήρυγμα, moet só geskied dat alle kultuurgroepe wat verteenwoordig is God in en deur sy Woord kan ontmoet, ken, beleef en dien.	***BT 3.1 f1*** *Konkretiseer alle bedienings in die kerk wat uitdrukking is van die bediening* κήρυγμα, *sodat alle kultuurgroepe wat verteenwoordig is God in en deur sy Woord kan ontmoet, ken, beleef en dien deur:* ***f2 die aanhoor van die Woord in elke kultuur se eie taal te realiseer; voorbereiding van prediking deur 'n kulturele werkgroep te onderneem; 'n weeklikse leesrooster van Bybelgedeeltes beskikbaar te stel; kleingroepbediening te ontwikkel waar van die Woord en van mekaar geleer kan word; jeugbediening te ontwikkel; volwasse onderrig in die Woord te onderneem en toe te rus in Woord- en daadverkondiging van die evangelie.***

10.3.3.14	λειτουργία verwys na die gelowige se antwoordende gerigtheid op God in formele en informele aanbiddingsgeleenthede. Die verwagting is 'n ontmoeting met en versterking deur God, wat as getuienis uitgedra en uitgeleef word in die daaglikse omgang met ongelowiges in die wêreld (sien 4.9.2) (BT 3.2). Konkretisering van alle bedienings in die kerk wat uitdrukking is van die bediening λειτουργία, moet só geskied dat alle kultuurgroepe wat verteenwoordig is, God in en deur sy Woord kan ontmoet, ken, beleef en dien.	***BT3.2*** ***f1*** *(vgl. ook BT 3.1) Konkretiseer alle bedienings in die kerk, wat uitdrukkings is van die bediening* λειτουργία, *sodat alle kultuurgroepe wat verteenwoordig is God en mekaar in en deur sy Woord kan ontmoet, ken, beleef en dien - deur:* ***f2 ruimte vir interkulturasie in die erediens te skep; sang en gebed in hulle kulturele verskeidenheid te ontwikkel; die viering van oorspronklike kulture te dien; sakramentsbelewing te ontwikkel tot 'n weeklikse viering; gawes ten opsigte van benutting in die erediens te benut; musiek en die lied tot 'n selfstandige bediening te ontwikkel; nie-verbale kommunikasie in die erediens in 'n multikulturele konteks***

			uitdrukking te laat vind in simbole, tekens en kleur; verskillende vorme van spiritualiteit te ontgin; liturgiese belewing in gebede vir mense daarbuite en die liturgie van die lewe - én dié van hulsgesinne - te voed.
10.3.3.15	κοινωνία is die vrug van gelowiges se bemoeienis met die opdrag van die evangelie in onderlinge ondersteuning, wat dien as basis vir gelowiges se uitreiking na die wêreld (sien 4.9.3) (BT 3.3). Konkretisering van alle bedienings in die kerk wat uitdrukkings is van die bediening κοινωνία, moet só geskied dat alle kultuurgroepe wat verteenwoordig is, God in en deur sy Woord en mekaar kan ontmoet, ken, beleef en dien.	***BT 3.3 f1***	*Konkretiseer alle bedienings in die kerk wat uitdrukkings is van die bediening κοινωνία, sodat alle kultuurgroepe wat verteenwoordig is God in en deur sy Woord en mekaar kan ontmoet, ken, beleef en dien - deur:*
		f2	***κοινωνία se diepste motivering, naamlik 'n gemeenskaplike geloof, te fokus op die erediensontmoeting; atmosfeer in die erediens; deelname in die erediens;***

		sakramentsbediening; die ontwikkeling van kleingroepe; onderlinge vermaning ('n belangrike fase van tug) en bemoediging in moeilike tye; gebedsbediening en ontwikkeling van die gesinsbediening en netwerkontwikkeling deur gebruikmaking van tegnologie.
10.3.3.16	διακονία is die suiwerste vorm van naasteliefde wat gerig is op almal wat in nood is en wat vanweë hulle nood 'n beroep op die gelowige se hulp maak (4.9.4) (BT 3.4). Konkretisering van alle bedienings in die kerk wat uitdrukking is van die bediening διακονία, moet só geskied dat alle kultuurgroepe wat verteenwoordig is God, mekaar en die wêreld se geestelike en fisiese behoeftes kan bedien - in gehoorsaamheid aan die Woord.	***BT 3.4 f1*** *Konkretiseer alle bedienings in die kerk wat uitdrukkings is van die bediening* διακονία, *sodat alle kultuurgroepe wat verteenwoordig is in God, mekaar en die wêreld se geestelike en fisiese behoeftes kan bedien in gehoorsaamheid aan die Woord, deur:* ***f2 diensgeleenthede te skep waarby gelowiges persoonlik betrokke kan wees; gawes van gelowiges van onder af te ontwikkel, eerder as***

		om van bo af gereël te word; dienswerk in die gemeenskap te verrig wat deur ander kerke of organisasies bestuur word; aandag te skenk aan ontdekking, toerusting en begeleiding van gawes en gelowiges se roeping; 'n werkverskaffingsburo vir werkloses daar te stel; die uitbouing en ontwikkeling van die diakonale sorg deur diensgroepe; en kleingroepe ook te fokus op selfstandige diensprojekte.

10.3.4 Die gebruik van die model

Die primêre doel van die model is om 'n instrument daar te stel vir kerkplanting - en in besonder, multikulturele kerkplanting. Die model word nie in besonderhede gekonkretiseer nie, omdat dit 'n onderhandelingsmodel is en toegepas behoort te word na gelang van alle unieke omstandighede waarin kerke hulle mag bevind. Die toepassing van die model kan om hierdie rede die volgende verloop hê:

- Verskillende gemeentes en situasies waarin die model toegepas word, kan hulle met die basisteoretiese vertrekpunte identifiseer (vgl. Fase 1 soos beskryf by 9.4.1.1). Dit is nie die enigste missionêr-ekklesiologiese beginsels wat geld nie, daarom kan daar bygewerk word.

- Die tweede stap kan dan wees om die aangehegte vraelys as vertrekpunt te neem, om 'n empiriese ondersoek te doen na metateoretiese riglyne wat vir 'n spesifieke konteks geld. Die vraelys kan ook as basis gebruik word om 'n eie vraelys op te stel wat ander fasette evalueer wat nie in hierdie vraelys gedoen is nie, soos dit voorgestel word in Fase 2 (9.4.1.2.2 A). Vir die empiriese evaluasie en opbou van 'n netwerk, kan 9.4.1.2.2 A en 9.4.1.3 B in Fase 2 geraadpleeg word.

- Die groot uitdaging wat aan enige gemeente of groep gelowiges gestel gaan word, sal wees om die regulatiewe fase te deurloop soos beskryf in 9.1, sodat die konkretiseringsproses vrugbaar kan wees. Elke bediening wat ontwikkel gaan word sal getoets moet word aan al vier die merktekens.

10.3.5 Simboliese voorstelling van die model

Die simboliek in hierdie model, as uitdrukking van die missionêr-ekklesiologiese identiteit van die kerk van Christus, funksioneer soos volg:

- Christus, as Hoof, is die middelpunt en beginpunt van die spiraal, uitgedruk in die teken van die kruis.
- Die spiraal, wat kloksgewys uitkring na buite, is die kerk as liggaam van Christus se voortgang in sy roepingsvervulling - in die kerk én in die koninkryk.

- Die grondslag van 'n missionêre ekklesiologie vind uitdrukking in die merktekens as basis van die kerk, wat voorgestel word met die horisontale begrippe.
- Die liggaam, in sy multikulturele konteks, word uitgedruk deur die vier sirkelvormige elemente (figure van bo gesien), wat kulturele variasie by wyse van die kleurvariasie van hierdie elemente in die model illustreer.
- Die regterhande wat na mekaar uitgestrek is, illustreer die gesindheid van krag en toewyding waarmee die vier bedienings waarvolgens die kerk funksioneer (uitgedruk deur die vier begrippe wat die spiraal omsoom), uitgevoer word.

Figuur 13

10.4 Finale samevatting van die onderhandelingsmodel vir multikulturele kerkplanting

Die doel met die hoofstuk was om die model vir multikulturele kerkplanting te beskryf. Aanvanklik is 'n kort oorsig oor die hele proses van kerkplanting, soos geïllustreer in Hoofstuk 9 (9.4.1) gegee. Die funksionering van die model is met die samevatting van basisteoretiese bevindings en besluitnemings geïllustreer.

Hieruit is duidelik aangetoon dat die hermeneutiese formulering van basisteoretiese beginsels as die fondament dien waarop die brug (in hierdie geval multikulturele kerkplanting) gebou word. Die empiriese formulering van metateoretiese beginsels dien in die onderhandelingsproses as pilare waarop die brug gebou is. Die strategiese fase is daarin behulpsaam om die brug self te konstrueer. Soos daar brûe is wat in voorkoms en doelmatigheid verskil vanweë die geografiese omgewing waar hulle opgerig word, kan hierdie model aangepas word vir die omstandighede waarin enige gemeente mag funksioneer - ten opsigte van multikulturele bedienings sowel as enige monokulturele bediening. Dit kom daarop neer dat die model in gemeentebou toegepas kan word by gemeentes wat reeds bestaan.

AFDELING 3 – STRATEGIESE KOMPONENT

HOOFSTUK 11: SAMEVATTING: MISSIONES ECCLESIAE – DIE INVLOED VAN 'N MISSIONÊRE VISIE EN STRATEGIE IN GEMEENTEBOU, TEN OPSIGTE VAN MULTIKULTURELE KERKPLANTING

11.1 Inleiding

In hierdie navorsing is 'n missionêre visie en strategie in gemeentebou ten opsigte van multikulturele kerkplanting ondersoek. Die basiese vertrekpunt in hierdie navorsing is dat die kerk net waarlik kerk kan wees as hy getrou is aan sy wese en identiteit. Die kerk definieer nie sy missie in die wêreld nie. God doen dit. God is 'n missionêre God (*missio Dei*). Die lewende God doen self sy werk in en deur die skepping, in en deur die kerk (*missiones ecclesiae*) en in en deur gelowiges in die wêreld. Die identiteit van die kerk word uitgespel deur die formulering van 'n missionêre ekklesiologie wat die kerk se wese verstaan, sy bedienings op grond daarvan reg formuleer (verklaar) en sy strategie van bediening in die lig daarvan struktureer. Hierdie navorsing poog om 'n bydrae daartoe te lewer, deur dit veral van toepassing te maak op kerkplanting in 'n multikulturele konteks.

Twee noodsake gee aanleiding tot die navorsing. Die eerste is die gebrek aan 'n missionêre gerigtheid in die kerk en die tweede is die uitwerking wat dit het op kerke wat in hulle gemeenskappe kulturele transformasie ervaar. Kerke met 'n monokulturele tradisie is nie by magte om hierdie transformasie te bestuur of op te los nie. Die gevolg is dat kerke in middestedelike gebiede tot niet gaan en 'n groot bedieningsleemte laat. Charismatiese kerke is in proses om hierdie leemte te vul, maar op 'n wyse wat onkrities omgaan met die verskillende kulture van mense. In die reël word 'n "Afro-Amerikaanse" kultuur van bediening gevestig, wat die unieke gawe en aard van bestaande kulture misken. Oorspronklike kulture lewer geen

bydrae om in 'n postmoderne samelewing 'n nuwe bedieningskultuur deur interkulturasie, wat die bestaan van verskillende kulture as 'n gawe van God vier, te ontwikkel nie.

Dinamiese ontwikkeling in praktiese teologie maak dit moontlik om deur navorsing 'n al groter bydrae te lewer om in krisisse wat geloofsgemeenskappe ervaar, soos kulturele transformasie, praktiese leiding te gee sodat geloofsgemeenskappe (die kerk) al meer en meer kan word wat hulle is. As handelingswetenskap is praktiese teologie uitnemend daarvoor ingerig om, met gebruikmaking van ander handelingswetenskappe, 'n bydrae te kan lewer tot die verandering van God se praxis in hierdie wêreld. Kerke kan nie anders as om, getrou aan die vervulling van sy missionêre roeping binne die koninkryk van God, te soek na ander maniere van roepingsvervulling as die tradisionele nie. Die verhouding teorie/praxis staan in 'n gevoelige en kreatiewe wisselwerking met mekaar, waar teorie as geopenbaarde Christelike tradisie funksioneer - en praxis as geloofspraktyk. Spanning tussen die twee praxes, soos wanneer daar kulturele transformasie plaasvind in 'n gebied wat voorheen in 'n monokulturele tradisie – wat ook die handelinge bepaal het – vasgevang was, kan alleen deur goeie navorsing tot die minimum beperk word.

Om dié rede is dit belangrik dat die kerk weer moet herbesin oor sy wese, sy verhouding tot die wêreld moet herformuleer en sy deelname aan God se sending in die wêreld hervorm. Dit word gedoen deur in gemeentebou 'n missionêre ekklesiologie as vertrekpunt te neem. 'n Missionêre ekklesiologie omskryf drie dinge, naamlik wat die kerk is (sy wese), wat die kerk doen (sy bedienings binne 'n empiriese werklikheid) en hoe om die bedienings van die kerk in aksie te stel deur middel van strategieë.

Die doelstelling van die voorgestelde navorsing was: Om na te vors watter missionêr-ekklesiologiese vertrekpunte belangrik is in die vestiging van 'n multikulturele bediening. Om hierdie doel te bereik, is die volgende doelwitte vir die navorsing gestel:

- Om vanuit 'n hermeneutiese perspektief te kom tot 'n duidelike begrip (*'verstaan'*) van die wese en roeping van die kerk.
- Om by wyse van 'n deeglike empiriese studie te kom tot 'n bepaling van 'n bepaalde gemeenskap se gereedheid al dan nie, vir die daarstelling van 'n multikulturele bediening (met ander woorde: *verklaring/definiëring*).
- Om belangrike *strategiese* kontoere te trek ('n strategie van *verandering* voor te stel) vir die funksionering van 'n multikulturele bediening.

Hierdie navorsing het in hoofsaak Heitink (1999, 104-239) se prakties-teologiese metodiek as vertrekpunt geneem - wat ook die werkplan bepaal het.

Wat die samestelling van die navorsing betref, die volgende:

> Die hermeneutiese komponent was om te kom tot die beskouing (*'verstaan'*) van die kerk se identiteit volgens 'n prakties-teologiese, missionêre ekklesiologie.
>
> Die empiriese ondersoek wou vasstel of die fundamentele ekklesiologiese teorie (as basisteorie) werklik tot sy reg kom in die konkrete en kontekstuele bedieningsprosesse.
>
> Die strategiese komponent het deur 'n regulatiewe sirkel van kommunikasie tussen die hermeneutiese en empiriese prosesse tot 'n strategiese ontwerp gekom, wat 'n onderhandelingsmodel genoem word.

11.2 Hermeneutiese proses

Die eerste fase van die werkplan in die hermeneutiese ondersoek was om die identiteit van die kerk te verstaan deur die brief van Paulus aan die Efesiërs as

basis te neem. Die ondersoek is gedoen aan die hand van sentrale metafore in die brief, naamlik die verhouding en betekenis van *Hoof* en *liggaam* tot mekaar.

Die tweede fase van die ondersoek het drie onderafdelings. Die eerste afdeling begin met 'n ondersoek van die merktekens van die kerk in een van die oudste belydenisse van die kerk - die belydenis van Nicea - om na te gaan hoe die kerk in die eerste eeue sy identiteit verstaan het. Die ondersoek gaan voort om te probeer vasstel of die begrippe *een*, *heilig*, *katoliek* en *apostolisiteit* as merktekens en aanduiding van die identiteit van die kerk, reeds in beginsel in die brief van Paulus aan die Efesiërs gevind kan word.

Die boodskappe van Johannes aan die sewe gemeentes in Klein-Asië (Openbaring 2 & 3 – in besonder die brief van Johannes aan die Efesiërs) is as openbaringshistoriese kontrole aangewend om na te gaan of die merktekens *een*, *heilig*, *katoliek* en *apostolisiteit* ook by dié gemeentes gevind kan word, as aanduiding van die identiteit van die kerk.

Basisteoretiese bevindings in hierdie proses kan soos volg saamgevat word:

A. In 2.5.5.3 is bevind dat die brief van Paulus aan die Efesiërs in wese 'n missionêre geskrif is, wat uitdrukking gee aan 'n missionêre ekklesiologie as identiteit van die kerk. Hierdie identiteit vind sy uitdrukking in die verhouding waarin die Hoof, Jesus Christus, tot die kerk (as sy liggaam) staan.

11.2.1 *Hoof* het in alle gevalle wat ondersoek is 'n uitgebreide betekenis, naamlik *outoriteit*, maar in die sin dat die outoriteit in diens staan van die liggaam (2.5.2.4).

11.2.2 Die *Hoof* is die bron van lewe (vgl. 2.5.2.4) en daarom daarop gerig om sy liggaam op te bou en te voed (vgl. 2.5.2.5.1).

11.2.3 Sy liggaam beantwoord die gesag uit respek en is gehoorsaam aan die Hoof. Gehoorsaamheid hou in roepingsgetrouheid (vgl. 2.5.2.5.2).

11.2.4 Roepingsgetrouheid bestaan daarin dat die versoening wat die liggaam met die Hoof ontvang het, verder gedra word na hulle wat buite die liggaam is (2.5.3.2.2).

11.2.5 Eers wanneer die liggaam deur benutting van al sy gawes hierdie instrument in die versoening ís, funksioneer dit optimaal en is daar groei moontlik (2.5.4.2).

11.2.6 Die liggaam is instrumenteel die plek waar versoening plaasvind. Die vertikale versoening met Christus word horisontaal in die liggaam 'n werklikheid (2.5.4.1).

11.2.7 Waar hierdie versoening in gehoorsame roepingsvervulling plaasvind, word die misterie van die eenheid (2.5.4.2) 'n sigbare manifestasie aan die wêreld van die Hoof se dienende heerskappy, wat alle verskeurdheid herstel sodat Hy alles in almal kan wees (2.5.4.3).

B. Bevindings vanuit 'n ondersoek na die merktekens van die kerk, as beskrywing van die identiteit van die kerk as missionêr- ekklesiologies

Merktekens volgens die Geloofsbelydenis van Nicea

11.2.8 Die kerk in die eerste eeue het, volgens die merktekens van die kerk, sy identiteit vanuit sy oorsprong missionêr geïdentifiseer en daarom is die merktekens in hulle gerigtheid op die aktiwiteit (taak) van die kerk steeds missionêr (3.2.4 & 3.2.6), om uitdrukking te gee aan die missionêre identiteit van die kerk.

11.2.9 Die kenmerke van die ware kerk (Woordverkondiging, suiwer bediening van die sakramente en toepassing van tug) volgens die Gereformeerde ekklesiologie, is steeds waardevolle onderskeidingstekens vir die kerk se gerigtheid na binne (3.2.5).

11.2.10 Die kenmerke van die ware kerk het 'n eensydige na-binne-gerigtheid tot gevolg gehad, wat die funksionering van die merktekens in die Gereformeerde kerkgemeenskappe as 'n missionêre ekklesiologie aan bande lê (3.2.5).

11.2.11 Die merktekens van die kerk moet by hernuwing ontdek word as Skriftuurlik in oorsprong en missionêr in hulle gerigtheid (3.2.6).

C. Uit die eksegetiese ondersoek van die merktekens in Efese, het die volgende duidelik geword:

11.2.12 Vervulling van die kerk se missionêre roeping in die strewe na eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit vind in Efesiërs 'n Skriftuurlike basis (vgl. 3.3.2.4, 3.3.3.4 & 3.3.4.4).

11.2.13 Deur te wees wie die kerk is, naamlik "een, heilige, katolieke en apostoliese" kerk in die wêreld, vervul hy sy missionêre roeping as 'n verenigende, transformerende, versoenende en verkondigende krag in die wêreld (vgl. 3.3.2.4, 3.3.3.4 en 3.3.4.4).

D. Merktekens volgens die brief van Johannes aan Efese in die Openbaring van Johannes

11.2.14 Eenheid van die kerk (3.4.4.2.1.6.1) word weerspieël in die verhouding van Christus as Hoof, wat die universele kerk in sy hand hou (3.4.4.1) (vgl. ook 3.4.4.2.1.1 en die samevattende konklusies by 2.5.5.2.1 en 2.5.5.2.2, asook 3.3.2.4 en 3.3.5).

11.2.15 Heiligheid van die kerk (3.4.4.2.1.6.2) word weerspieël in die verhouding *Hoof-en-liggaam*, waar die Hoof in sy opbouende besorgdheid sy kerk voortdurend wys op hulle roepingsvervulling (in Efese se geval in stryd teen valse leer) (2.5.4.2). (Vgl. 3.4.4.2.1.2 en die samevattende konklusies by 2.5.5.2.3 en 2.5.5.2.4, asook 3.3.3.4 en 3.3.5.)

11.2.16 Christus se hoopgewende aktiwiteit (3.4.4.2.1.6.3) in sy verhouding tot sy kerk dui nie eksplisiet op 'n besondere merkteken van die kerk nie, maar dien as oorkoepelende werksaamheid wat moontlik alle fasette van kerkwees ondersteun (vgl. 3.4.4.2.1.3).

11.2.17 Christus se kontekstuele betrokkenheid (3.4.4.2.1.6.4) by sy kerk dien, soos gestel in 3.4.4.2.1.4, ook 'n oorkoepelende doel.

11.2.18 Christus se liggaam, die kerk, se opdrag in hierdie wêreld is om ligdraers te wees (3.4.4.2.1.6.5) in 'n donker wêreld deur die voortdurende uitdra van die evangelie. Vanuit hierdie selfidentifikasie blyk die katolisiteit en apostolisiteit as merktekens van die kerk (vgl. 3.4.4.2.1.5 en die samevattende konklusies by 2.5.5.2.4 en 3.3.4.4, asook 3.3.5).

11.2.19 In die positiewe bemoediging van Efesiërs (3.4.4.2.1.4.1) kom 'n sterk ekklesiologiese element na vore, in samehang met die selfidentifikasie van Christus. Die Efesiërs het volhard in die uitdra van die evangelie en hulle nie laat meesleur deur negatiewe elemente en valse leer nie. Die ekklesiologiese element wat na vore kom is dié van apostolisiteit as merkteken.

11.2.20 Die werke van gelowiges is vir Christus belangrik (3.4.4.2.2.4.2), daarom maak Hy sy oë nie toe vir die Efesiërs se tekortkominge nie, maar roep Hy hulle weer op tot 'n heilige lewenswandel van liefde. 'n Ekklesiologiese element kom na vore, naamlik heiligheid as merkteken.

11.2.21 Die eskatologiese perspektief in die hoopgewing (3.4.4.2.3) asook die slotoproep (3.4.4.2.4) bring nie nuwe ekklesiologiese merktekens na vore nie, maar dien albei as versterking vir die bestaande merktekens.

11.3 Empiriese proses

Praktiese teologie het te make met die empiriese bestudering van die kerk, sy funksionering in die samelewing en sy vermoë om die Christelike geloof in die bepaalde kulturele konteks te bemiddel. In die praktiese teologie is hierdie konteks

die empiriese werklikheid van die plaaslike gemeente. Die doel van die empiriese ondersoek is om kennis te genereer wat dit moontlik sal maak om 'n huidige, onbevredigende situasie (werklikheid) na meer aanvaarbaar te verander ten opsigte van bediening aan 'n multikulturele gemeenskap in stedelike gebiede.

Die empiriese ondersoek is verdeel in twee dele. In die eerste deel is ondersoek gedoen oor bestaande prakties-teoretiese beginsels ten opsigte van kerkplanting en multikulturaliteit. Die tweede deel is 'n empiriese ondersoek in 'n gestratifiseerde deel van Roodepoort - en aangewys as die steekproefbevolking om die funksionering van basisteoretiese beginsels van Afdeling 1 te evalueer.

Metateoretiese beginsels ten opsigte van kerkplanting en multikulturaliteit in die eerste deel, kan soos volg saamgevat word:

11.3.1 Navorsing vanuit die Nuwe-Testamentiese missionêre konteks - soos in hierdie studie aangetoon (vgl. Hoofstukke 2-5) - kan bepaalde bydraes lewer ten opsigte van missiologiese en ekklesiologiese perspektiewe en beginsels rakende kerkplanting, sonder dat Nuwe-Testamentiese gedeeltes as bloudruk gebruik word (vgl. 6.2.5.1).

11.3.2 Kerkplantingsinisiatiewe in die geskiedenis is gewoonlik vanuit een van twee agtergronde geïnisieer: Óf deur teologiese vertrekpunte, óf omstandighede wat dit noodsaak. In gebiede waar kerke as gevolg van monokulturele omstandighede ophou bestaan het, kan herplanting van 'n multikulturele kerk oorweeg word (vgl. 6.2.5.2).

11.3.3 Regstelling van die *CGM* se uitgangpunte is daarin geleë dat die hele Nuwe Testament vanuit sy Ou-Testamentiese openbaringslyne ondersoek moet word vir missionêr-ekklesiologiese beginsels. Prinsipiële besinning oor die planting en funksionering van kerke vanuit basisteoretiese perspektiewe is noodsaaklik. Met goeie

oordeel kan gebruik gemaak word van die materiaal van *CGM* en sy nuanseringe (vgl. 6.2.5.3).

11.3.4 In die lig van bogenoemde ondersoek na kerkplanting kan die volgende definisie as werksformule geformuleer word: Kerkplanting is waar en wanneer 'n kerk of kerke as missionêre handeling 'n kerk plant op grond van missionêr-ekklesiologiese beginsels, in omstandighede waar die konteks duidelik verreken word (vgl. 6.2.5.4).

11.3.5 Van elke bestaande bedieningsmodel kan met goeie oorwegings en sensitiwiteit vir behoeftes in 'n bepaalde gemeenskap en konteks, elemente oorgeneem word wat kreatief toegepas kan word in nuwe ontwikkelende kulture - maar elke model sal goed gefundeer moet wees op missionêr-ekklesiologiese beginsels vanuit die Skrif en kontekstuele merkers (sien 6.2.5.5, 6.2.5.6, 6.2.5.7 en 6.2.5.8).

11.3.6 Tradisie is 'n baie belangrike raamwerk waarbinne kulture en hulle ontwikkeling geïnterpreteer moet word.

11.3.7 Die proses van interkulturasie vernietig nie bestaande kulture nie, dit ontwikkel nuwe Christelike uitdrukkings wat kultuur verander en transformeer.

11.3.8 Die proses van ontwikkeling van 'n nuwe ontluikende kultuur van bediening moet 'n oopsisteem en onderhandelende proses wees, waarin almal betrokke is sonder om bedreig te voel.

11.3.9 'n Nuwe kultuur wat ontluik deur interkulturasie neem nie besit van bestaande kulturele uitdrukkings van die evangelie (soos byvoorbeeld die "Afro-Amerikaanse") sonder 'n proses van internalisasie nie.

11.3.10 Die proses van interkulturasie moet so verloop dat plaaslike gemeenskappe eienaarskap van die ontluikende kultuur kan aanvaar. Die lig van die evangelie moet elke faset van so 'n kultuur verlig.

11.3.11 Die proses neem dinamieke en behoeftes in plaaslike gemeenskappe in ag.

11.3.12 Interkulturasie as interaksie tussen die evangelie en kulture deur verbreding van die konsep van inkulturasie, is die aktiwiteit van gelowiges van verskillende kulture en wêreldbeskouings wat in wedersydse respek vir mekaar kommunikeer, met die intensie om die perspektief van die evangelie vir bepaalde kulturele uitdrukkings saam te ontdek.

11.3.13 Godsdienstige interkulturele betrokkenheid ontbloot die perspektief van die evangelie op bepaalde gebruike (kulture), wat kan lei tot 'n plaaslike en globale verbintenis wat die religieuse perspektiewe en lewens van individue en kulturele uitdrukkings van gemeenskappe kan verander.

11.3.14 Die proses van interkulturasie neem die interafhanklikheid van godsdiens en kultuur waar as belangrik vir lewegewende en blywende verhoudings tussen mense (sien 6.3.5 en 6.3.6).

11.3.15 Daar bestaan nie één metode van kerkplanting nie. In die praktyk sal die keuse van 'n kerkplantingspraktyk afhang van die houding van die gemeente en die konteks van die situasie. Wat belangrik is, is dat 'n deeglike ondersoek en beplanning gedoen word na die situasie waarin die nuwe gemeente geroep word om te ontwikkel en te funksioneer. Vertrouend en biddend vir die leiding van die Heilige

Gees, sal ongetwyfeld die pad aangedui word, dat die regte keuse gemaak kan word.

Metateoretiese bevindings ten opsigte van die funksionering van basisteoretiese beginsels in die streekproefbevolking, kan soos volg saamgevat word in sterk- en swakpunte:

Basisteoretiese beginsels	Sterkpunte	Swakpunte
Christus as Hoof	Daar bestaan waardering in die gemeenskap (veral by swart-Christene) vir Christene en die kerk (7.2.11.3).	Geloof van Christene is swak begrond in Christus as Hoof (7.2.11.2).
Eenheid	Jesus Christus as Hoof staan in die sentrum van eenheidsbelewing (7.2.11.4).	Eenheidsbelewing is begrond op geloofsoortuiging, wat swak begrond is in Christus as Hoof (7.2.11.4).
Heiligheid	Uitlewing van geloof in Jesus Christus is die grondslag in uitlewing van heiligheid (7.2.11.5).	Wit-, kleurling- en mansgelowiges se uitlewing van heiligheid is begrond in die nakom van reëls en regulasies (7.2.11.5).
Katolisiteit	Verskillende kulture, veral dié van die kleurlingindividue, is positief ingestel op akkommodering van mekaar (7.2.11.6).	Wit- en swartgelowiges is nie ten volle akkommoderend teenoor ander kulture nie (7.2.11.6).

Apostolisiteit	Openheid om die evangelie oor kulturele grense te verkondig (7.2.11.7).	In die uitreiking met die evangelie is daar nie altyd 'n goeie onderskeiding tussen geestelike en fisiese behoeftes nie (7.2.11.7).
κήρυγμα	Die erediens word beleef as 'n ontmoeting tussen God/Woord en die mens (veral by vrouens en swartmense) (7.2.11.8 & 7.2.11.9). Die Woord neem 'n sentrale plek in in die lewens van gelowiges (veral ten opsigte van prediking by swartgelowiges). Daar is 'n positiewe gerigtheid om die Woord en geloofsoortuigings met ander te deel (7.2.11.12).	Kleurlingindividue - en mans in die algemeen - is meer ingestel op belewing in die erediens as op ontmoeting met God in die Woord (7.2.11.8 & 7.2.11.10). Kleurlingindividue is minder ingestel op kennis en geloofsvaardighede as ervaring (7.2.11.11). Swartmense is meer ingestel op prediking en lering in 'n erediensituasie as in selgroepe (7.2.11.11). Toerusting in geloofsdeling op verbale en daadwerklik vlakke, vereis toerusting (2.10.3.5).
λειτουργία	Die erediens as toerustingsgeleentheid in gelowiges se ontmoeting met God en met mekaar, het 'n goeie staanplek onder alle bevolkingsgroepe, veral onder die swartbevolking (vgl.	Gereserveerdheid kom by die witbevolking voor ten opsigte van ontmoeting met mekaar oor kultuurgrense heen (7.2.10.3.2). Menslike belewing neem by kleurlingindividue - en mans in die algemeen - 'n groter plek in

	7.2.10.3.2).	as sentraliteit van God en die Woord (7.2.10.3.3).
κοινωνία	Daar is 'n positiewe belewing van geloofsgemeenskap (7.2.11.13).	Toerusting in onderlinge belewing en beoefening van geloofsgemeenskappe vereis aandag (7.2.10.3.6).
διακονία	Daar bestaan 'n positiewe gerigtheid op dienslewering (7.2.11.13).	'n Sterker balans tussen bediening van fisiese en geestelike behoeftes kan ontwikkel word (7.2.10.3.7).

11.4 Strategiese proses

In die derde afdeling van die navorsing is aandag gegee aan die ontwikkeling van 'n onderhandelingsmodel vir multikulturele kerkplanting. Praktiese teologie speel hier 'n bemiddelende rol met die oog op die transformasie (verandering) van die samelewing, veral dan die kerklike samelewing. Die transformasie van die samelewing word nie uit 'n ideologiese hoek bekyk nie, maar vanuit die oortuiging dat die evangelie 'n veranderende krag in die samelewing is.

Die gegewe situasie (empiriese gegewens) en die verwagte nuwe situasie (ideaal) word beskryf en daarna word die strategiese komponent deur twee fases ('n inisiërende fase en implimenteringsfase) met drie stappe (Stap 1, 2 & 3) begelei (die regulatiewe sirkel), deur middel van sisteemdinamieke (wat kommunikasie en 'n oopsisteem kombineer). Die besluitnemings word saamgevat as opsommend van die inisiërende fase.

11.4.1 Beskrywing van die nuwe situasie as ideale situasie, ten opsigte van die sterk- en swakpunte wat in die empiriese fase bevind is

Basisteoretiese beginsels	**Gegewe situasie met sterkpunte (a) en *swakpunte (b)***	**Nuwe situasie**
Christus as Hoof	a) Daar bestaan waardering in die gemeenskap (veral by swart-Christene) vir Christene en die kerk (7.2.11.3). *b) Geloof van Christene is swak begrond in Christus as Hoof (7.2.11.2).*	Deur die uitbouing en begronding van Jesus Christus as Hoof van die kerk, geloofsekerheid te versterk en waardering vir gelowiges en die kerk te bevorder.
Eenheid	a) Jesus Christus as Hoof staan in die sentrum van eenheidsbelewing (7.2.11.4). *b) Eenheidsbelewing is begrond op geloofsoortuiging, wat swak begrond is in Christus as Hoof (7.2.11.4).*	Deur die uitbouing en begronding van Jesus Christus as Hoof van die kerk, die eenheidsbelewing as merkteken van die kerk - van gelowiges van verskillende kulture - te versterk.
Heiligheid	a) Uitlewing van geloof in Jesus Christus is die grondslag in uitlewing van heiligheid (7.2.11.5). *b) Wit-, kleurling- en mansgelowiges se uitlewing van heiligheid is begrond in die nakom van reëls en regulasies (7.2.11.5).*	Deur die uitbouing en begronding van Jesus Christus as Hoof van die kerk, ware heiligheid as merkteken van die kerk - wat begrond is in geloof in Jesus Christus

		- uit te bou.
Katolisiteit	a) Verskillende kulture, veral dié van die kleurlingindividue, is positief ingestel op akkommodering van mekaar (7.2.11.6). *b) Wit- en swartgelowiges is nie ten volle akkommoderend teenoor ander kulture nie (7.2.11.6.).*	Deur die uitbouing en begronding van Jesus Christus as Hoof van die kerk, katolisiteit as merkteken van die kerk uit te bou wat akkommoderend is van alle kulture.
Apostolisiteit	a) Openheid om die evangelie oor kulturele grense te verkondig (7.2.11.7). *b) In die uitreiking met die evangelie is daar nie altyd 'n goeie onderskeiding tussen geestelike en fisiese behoeftes nie (7.2.11.7).*	Deur die uitbouing en begronding van Jesus Christus as Hoof van die kerk, apostolisiteit as merkteken só uit te bou dat die evangelie oor alle kultuurgrense heen verkondig kan word en daar 'n suiwer onderskeiding tussen geestelike en fisiese behoeftes is.
κήρυγμα	a) Die erediens word beleef as 'n ontmoeting tussen God/Woord en die mens (veral by vrouens en swartmense) (7.2.11.8 en 7.2.11.9). Die Woord neem 'n sentrale plek in in die lewens van gelowiges (veral	Om die bediening van κήρυγμα in al sy fasette só uit te bou dat die Woord as ontmoetingspunt tussen God en mens vir alle kultuurgroepe 'n sentrale

	ten opsigte van prediking by swartgelowiges). b) *Kleurlingindividue - en mans in die algemeen - is meer ingestel op belewing in die erediens as op ontmoeting met God in die Woord (7.2.11.8 en 7.2.11.10). Kleurlingindividue is minder ingestel op kennis en geloofsvaardighede as ervaring (7.2.11.11). Swartmense is meer ingestel op prediking en lering in 'n eredienssituasie as in selgroepe (7.2.11.11).*	plek sal inneem, sodat almal Hom: • in die erediens sal wil ontmoet; • Hom beter sal wil ken en beleef; en sodat almal: • kennis en vaardighede sal wil ontwikkel; en • alle bedienings-geleenthede sal wil benut.
λειτουργία	a) Die erediens as toerustingsgeleentheid in gelowiges se ontmoeting met God en met mekaar het 'n goeie staanplek onder alle bevolkingsgroepe, veral onder die swartbevolking (vgl. 7.2.10.3.2). *b) Gereserveerdheid kom by die witbevolking voor ten opsigte van ontmoeting met mekaar oor kultuurgrense heen (7.2.10.3.2). Menslike belewing neem by kleurlingindividue - en mans in die algemeen - 'n groter plek in as*	Om die bediening van λειτουργία in al sy fasette só uit te bou dat die ontmoeting met God en mekaar, alle kultuurgroepe kan lei tot 'n dieper kennis en belewing van God.

	sentraliteit van God en die Woord (7.2.10.3.3).	
κοινωνία	a) Daar is 'n positiewe belewing van geloofsgemeenskap (7.2.11.13). *b) Toerusting in onderlinge belewing en beoefening van geloofsgemeenskappe vereis aandag (7.2.10.3.6).*	Om die bediening van κοινωνία in al sy fasette só uit te bou dat onderlinge belewing en beoefening van geloofsgemeenskap uitgebou kan word.
διακονία	a) Daar bestaan 'n positiewe gerigtheid op dienslewering (7.2.11.13). *b 'n Sterker balans tussen bediening van fisiese en geestelike behoeftes kan ontwikkel word (7.2.10.3.7).*	Om die bediening van διακονία in al sy fasette só uit te bou dat 'n sterk balans tussen bediening van fisiese en geestelike behoeftes ontwikkel kan word.

11.4.2 Samevatting van besluite as resultaat van die onderhandelingsproses

Besluitnemings: Hoof en Liggaam		
BT 1.1	***f1***	*Begrond die ware identiteit van die kerk in Jesus Christus as Hoof van die kerk en vertrekpunt vir Christen- en kerkwees deur:*
	f2	***'n gerigtheid op God; die geroepenheid om Christus na te volg;***

		'n gedrewenheid deur die Heilige Gees en om gedra te wees deur gebed en gawes (vgl. 10.3.3.1).
BT 1.2	***f1***	*Begrond die verwagting en hoop dat Jesus Christus die enigste ware Bron van lewe is. Niks wat die mens doen kan 'n bydrae tot sy verlossing maak nie. Die begronding vind plaas deur:*
	f2	***geloof as 'n persoonlike antwoord van die mens op die beloftes van God in Jesus Christus en as 'n instrument om gemeenskap met God en medegelowiges te beoefen (vgl. 10.3.3.2).***
BT 1.3	***f1***	*Begrond die verbintenis wat die kerk as liggaam moet maak om in alles getrou te antwoord op die verwagtinge van Jesus Christus as Hoof, deur:*
	f2	***verkondiging van die goeie boodskap in woord en daad. Hierdie verkondiging rig hom op die mens in sy totaliteit (vgl. 10.3.3.3).***
BT 1.4	***f1***	*Begrond die verbintenis wat die kerk moet maak om die versoening wat hy ontvang het uit te dra aan almal in die wêreld, deur:*
	f2	***as gestuurdes hulle daartoe te verbind om diensbaar te wees deur die erkenning en benutting van die gawes van die Gees (vgl. 10.3.3.4).***
BT1.5	***f1***	*Begrond die verbintenis wat die kerk moet maak om al sy gawes diensbaar te maak aan sy Hoof, Jesus Christus, deur:*
	f2	***alle gelowiges as diensknegte en slawe van die Gees te bely - wat die gawes wat Hy uitdeel ontwikkel in diensbaarheid aan die gemeente en die wêreld (vgl. 10.3.3.5).***
BT1.6	***f1***	*Begrond die verbintenis dat almal wat hulle deur Christus met God versoen, hulle heenkome in die kerk as liggaam sal soek, deur:*
	f2	***geïnkorporeer te wees in die liggaam van Christus. Dít vra van elkeen 'n verbintenis om homself met geestelike en materiële gawes beskikbaar te stel aan die gemeente, homself te offer en diensbaar te maak en saam die vreugde daarvan te vier in***

		eredienste, sakramentsbediening en ander bedieningsaktiwiteite (vgl. 10.3.3.6).
BT 1.7	***f1***	*Begrond die verwagting dat 'n verbintenis aan Jesus Christus as Hoof, in troue roepingsvervulling die kerk die misterie van eenheid sal laat belewe,wat sigbaar sal word in die wêreld en waardering vir Christene en die kerk sal laat groei en die kerk self sal laat groei, deur:*
	f2	***gedring deur die liefde van Christus, voortdurend te soek na weë om Hom bekend te maak deur navolging en kwantitatiewe en kwalitatiewe groei te verwag, wat die Heilige Gees bewerk (vgl. 10.3.3.7).***

Besluitnemings: Merktekens - Eenheid		
BT 2.1	**f1**	*Die kenmerke van die ware kerk, naamlik Woordverkondiging (vgl. BT 2.5), suiwer bediening van die sakramente (vgl. BT 2.4) en toepassing van tug (vgl. BT 2.3) volgens die Gereformeerde ekklesiologie, is steeds waardevolle onderskeidingstekens vir die kerk se gerigtheid na binne (vgl. 3.2.5).*
	f2	***Woordverkondiging en sakramentsbediening se funksie word onderhandel in kerugma as bediening. Die tug vind uitdrukking in koinonia as bediening (vgl. 10.3.3.8).***
BT 2.2	***f1***	*Bou die eenheidsbeginsel van die liggaam met Jesus Christus as Hoof en verenigende krag in die wêreld uit, deur eenheid 'n fokuspunt te maak in al die bedienings van die kerk - deur:*
	f2	***eenheid, as verenigende krag en uitdrukking van die krag en liefde van God, uit te bou as dié liefde wat die wêreld kan red en heelmaak; wat mense in staat stel om lief te hê en te vergewe, liefde en vergifnis nie as 'n gegewe te aanvaar nie, maar as opdrag - as die wyse waarop gelowiges met ander kinders van***

God omgaan en met ander gelowiges en kerke omgaan (vgl. 10.3.3.9).

Besluitnemings: Merktekens – Heiligheid

BT 2.3 ***f1*** *(vgl. ook BT 2.1) Bou die heiligheidsbeginsel van die liggaam met Jesus Christus as Hoof en transformerende krag van persoonlike lewens - en dié van die kerk – uit, deur heiligheid 'n fokuspunt te maak in al die bedienings van die kerk.*

f2 ***Heiligheid as lewensbeginsel is 'n transformerende krag wat lei tot 'n totale herrangskikking van lewensprioriteite en waardes en uitdrukking vind in gelowiges se betrokkenheid by sake van die dag op hulle persoonlike werkterreine, politiek, sosiale lewe en ontspanning (vgl. 10.3.3.10).***

Besluitneming: Merktekens - Katolisiteit

BT 2.4 ***f1*** *(vgl. ook BT 2.1) Bou die beginsel van katolisiteit van die liggaam met Jesus Christus as Hoof en versoenende krag van persoonlike lewens en dié van alle gelowiges in die kerk uit, deur katolisiteit 'n fokuspunt te maak in al die bedienings van die kerk.*

f2 ***Dit gee perspektief om alle natuurlike en historiese grense wat mense, nasies, rasse en geslagte skei, te oorwin en oop te wees vir alle soorte mense. Negatiwiteit en skeptisisme oor ander mense wat nie Christene is nie, te oorwin - om uiteindelik lofwaardige getuies vir Christus se versoening te wees (vgl. 10.3.3.11).***

Besluitneming: Merktekens – Apostolisiteit

BT 2.5 ***f1*** *(vgl. ook BT 2.1) Bou die beginsel van apostolisiteit van die liggaam van Jesus Christus as Hoof en verkondigende krag, met betrekking tot persoonlike lewens en dié van alle gelowiges en die wêreld, deur apostolisiteit 'n fokuspunt te maak in al die bedienings van die kerk.*

f2 Die kerk neem in al sy handelinge die getuienis van die Skrif as die finale maatstaf en bron van waarheid en neem die tradisies van gelowiges ernstig op as die terrein waarbinne nuwe inhoud aan kulturele eienskappe van mense gegee kan word - sonder om gewortelde tradisies, wat die toets van die Skrif kan weerstaan, weg te maak. Dit word eerder gevul met nuwe inhoud en betekenis wat almal kan waardeer (vgl. 10.3.3.12).

Besluitnemings: Bedienings - κήρυγμα

Al vier bedienings bou voort op die merktekens van eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit deur:

- ***'n gestaltegewing van liefde te wees as verenigende krag (eenheid) van die evangelie - tussen gelowiges van alle kulture;***
- ***'n transformerende krag (heiligheid) te wees deur die lig van die Woord op elke faset van gelowiges se persoonlike, maar ook openbare lewens, te laat fokus;***
- ***'n versoenende krag (katolisiteit) tussen gelowiges van alle kulture gestalte te gee, deur hindernisse wat spontane omgang met gelowiges en mense van die wêreld hinder, te identifiseer en te bemiddel deur die Woord; en***
- ***'n verkondigende krag (apostolisiteit) van die evangelie te bevestig deur die Woord as bron van persoonlike lewens, maar ook as bemiddelaar van alle kulture en tradisies, te vestig.***

BT 3.1	***f1***	*Konkretiseer alle bedienings in die kerk wat uitdrukking is van die bediening* κήρυγμα*, sodat alle kultuurgroepe wat verteenwoordig is God in en deur sy Woord kan ontmoet, ken, beleef en dien deur:*
	f2	***die aanhoor van die Woord in elke kultuur se eie taal te realiseer; voorbereiding van prediking deur 'n kulturele werkgroep te onderneem; 'n weeklikse leesrooster van Bybelgedeeltes beskikbaar te stel; kleingroepbediening te ontwikkel waar van die Woord en van mekaar geleer kan word; jeugbediening te ontwikkel; volwasse onderrig in die Woord te onderneem en toe te rus in Woord- en daadverkondiging van die evangelie (vgl. 10.3.3.13).***

Besluitnemings: Bedienings – λειτουργία

BT3.2	***f1***	*(vgl. ook BT 3.1) Konkretiseer alle bedienings in die kerk, wat uitdrukkings is van die bediening* λειτουργία*, sodat alle kultuurgroepe wat verteenwoordig is God en mekaar in en deur sy Woord kan ontmoet, ken, beleef en dien - deur:*
	f2	***ruimte vir interkulturasie in die erediens te skep; sang en gebed in hulle kulturele verskeidenheid te ontwikkel; die viering van oorspronklike kulture te dien; sakramentsbelewing te ontwikkel tot 'n weeklikse viering; gawes ten opsigte van benutting in die erediens te benut; musiek en die lied tot 'n selfstandige bediening te ontwikkel; nie-verbale kommunikasie in die erediens in 'n multikulturele konteks uitdrukking te laat vind in simbole, tekens en kleur; verskillende vorme van spiritualiteit te ontgin; liturgiese belewing in gebede vir mense daarbuite en die liturgie van die lewe - én dié van huisgesinne - te voed (vgl. 10.3.3.14).***

Besluitnemings: Bedienings - κοινωνία

BT 3.3 ***f1*** *Konkretiseer alle bedienings in die kerk wat uitdrukkings is van die bediening κοινωνία, sodat alle kultuurgroepe wat verteenwoordig is God in en deur sy Woord en mekaar kan ontmoet, ken, beleef en dien - deur:*

f2 ***κοινωνία se diepste motivering, naamlik 'n gemeenskaplike geloof, te fokus op die erediensontmoeting; atmosfeer in die erediens; deelname in die erediens; sakramentsbediening; die ontwikkeling van kleingroepe; onderlinge vermaning ('n belangrike fase van tug) en bemoediging in moeilike tye; gebedsbediening en ontwikkeling van die gesinsbediening en netwerkontwikkeling deur gebruikmaking van tegnologie (vgl. 10.3.3.15).***

Besluitnemings: Bedienings - διακονία

BT 3.4 ***f1*** *Konkretiseer alle bedienings in die kerk wat uitdrukkings is van die bediening διακονία, sodat alle kultuurgroepe wat verteenwoordig is in God, mekaar en die wêreld se geestelike en fisiese behoeftes kan bedien in gehoorsaamheid aan die Woord, deur:*

f2 ***diensgeleenthede te skep waarby gelowiges persoonlik betrokke kan wees; gawes van gelowiges van onder af te ontwikkel, eerder as om van bo af gereël te word; dienswerk in die gemeenskap te verrig wat deur ander kerke of organisasies bestuur word; aandag te skenk aan ontdekking, toerusting en begeleiding van gawes en gelowiges se roeping; 'n werkverskaffingsburo vir werkloses daar te stel; die uitbouing en ontwikkeling van die diakonale sorg deur diensgroepe; en kleingroepe ook te fokus op selfstandige diensprojekte (vgl. 10.3.3.16).***

11.5. Gevisualiseerde voorstelling van die model (vgl. 10.3.2)

Figuur 12

Die gevisualiseerde model gee uitdrukking aan:

- Die verhouding van Christus, as Hoof, tot die kerk - as sy liggaam en fokuspunt binne die koninkryk van God.
- Merktekens van die kerk, as uitdrukking van die missionêr-ekklesiologiese identiteit van die kerk.
- Funksionering van die kerk in sy bedienings, wat 'n uitdrukking is van sy missionêr-ekklesiologiese identiteit ín die kerk en koninkryk, as konkretisering van sy merktekens en antwoord op sy verhouding tot Jesus Christus as Hoof van die kerk.

11.6 Finale samevatting

Die vertrekpunt in die roepingsbepaling van die kerk is die ***missio Dei***, maar God betrek die kerk in die uitvoering van sy sending in die wêreld en daarom kan die kerk genoem word: ***Missiones Ecclesiae***. Die primêre doel van die *missiones ecclesiae* is nie net om kerke te plant of siele te red nie. Die kerk moet diensbaar wees aan die *missio Dei* deur God te verteenwoordig in die wêreld en God se kinders aan die wêreld te vertoon as 'n onbeperkte verskyning van Hom in die wêreld. In die kerk se sending is hy getuie van die volheid van dít wat God beloof het en deel hy in God se stryd teen die magte van die duisternis en boosheid. Die kerk het nie net 'n missionêre perspektief nie, maar is in sy wese 'n missionêre organisme.

Die kerk begin om op hierdie roeping te antwoord deur 'n missionêre ekklesiologie te formuleer, as uitdrukking van sy ware identiteit. Alle handelinge van die kerk begin by die bepaling van missionêr-ekklesiologiese beginsels. In die navorsing van die kerk as *missiones ecclesiae*, is die missionêr-ekklesiologiese identiteit van die kerk aangetoon deur die metafore *Hoof* en *liggaam* in Paulus se brief aan die Efesiërs, afsonderlik én in hulle verhouding tot mekaar te ondersoek. Die navorsing het verder gegaan en die basiese beginsels van 'n missionêre ekklesiologie, aangedui as merktekens, ondersoek. Daar is bevind dat die merktekens (*eenheid*, *heiligheid*, *katolisiteit* en *apostolisiteit*) hul basis onder andere vind in die brief van Paulus aan die Efesiërs. Histories is aangetoon dat die drie Reformatoriese kenmerke (Woordverkondiging, sakramentsbediening en tug) die kerk in sy bediening na binne ondersteun. Die merktekens is ook in die besonder gekontroleer in die brief van Johannes in die boek Openbaring aan die Efesiërs. Daarmee is 'n belangrike roete aangedui in die hermeneutiese ondersoek van: *wie doen wat?*, *waarom?* en *waaroor?* Die bedienings van die kerk, as uitdrukking van sy merktekens, is: κήρυγμα, λειτουργία, κοινωνία en διακονία.

Die navorsing het verder die funksionering van die missionêr-ekklesiologiese beginsel in die praktyk van die samelewing geëvalueer. Dít is gedoen om laastens 'n onderhandelingsmodel te struktureer ten einde 'n nuwe strategie voor te stel wat sal beantwoord aan troue roepingsvervulling van die *missiones ecclesiae*, wat toegepas kan word in multikulturele kerkplanting.

Die finale bevinding van hierdie navorsing is dat die kerk van die Here - van wie Hy die Hoof is - nie anders kán funksioneer as *missionêr-ekklesiologies* nie. Dit beskryf die wese van die kerk, maar dit spel ook sy taak en roeping uit as *missiones ecclesiae*. Die kerk van die Here is op hierdie werklikheid gerig, om die Goeie Nuus in al sy fasette te bedien en te praktiseer. Die Woord bied *basisteoretiese* beginsels wat in alle fasette en kontekste van kerkwees *empiries* geëvalueer en *strategies* toegepas kan word. In hierdie navorsing is die basisteoretiese beginsels van die Woord onderhandel en toegepas ten opsigte van multikulturele kerkplanting in 'n gestratifiseerde gebied wat besig is om kulturele transformasie te ondergaan vanaf 'n monokulturele konteks na 'n multikulturele konteks.

11.7 Terreine vir verdere navorsing

Navorsing op die volgende terreine kan 'n groot bydrae lewer tot beter funksionering van die *missiones ecclesiae*:

1. *Hoof* en *liggaam* in die Pauliniese geskrifte, as omskrywing van 'n missionêre ekklesiologie.
2. Metafore in die Pauliniese geskrifte as beskrywing van 'n missionêre ekklesiologie (*vreemdelinge en bywoners; medeburgers en huisgenote van God; gebou, fondament, hoeksteen, tempel en woning van God).*
3. Missionêr-ekklesiologiese beginsels rondom die begrip *Koninkryk van God.*
4. Die funksionering van 'n missionêre ekklesiologie in die Reformasie van die Middeleeue.

5. Die toepassing van 'n missionêre ekklesiologie in die opleiding van teologiese studente.
6. Bedienings van die kerk in 'n multikulturele konteks.
7. Erediens in 'n multikulturele konteks.
8. 'n Proses van interkulturasie in gemengde huwelike.
9. Die gebruik van simbole in 'n multikulturele bediening.
10. Die lied van die kerk in 'n multikulturele bediening.

BIBLIOGRAFIE

ACTA kyk GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

ALLISTER, D. 1989. Ekklesiologie: A Reformed understanding of the church. *Churchman*, 103(3):249-261.

ANDERSON, R. 1967. To advance the Gospel. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans.

ARNOLD, C.E. 1989. Ephesians: Power and magic. Cambridge : Cambridge University Press. 233 p.

AWS kyk TAALKOMMISSIE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS

BARCLAY, W. 2000. The Letters to the Philippians, Colossians and Thessalonians. Philadelphia : The Westminster Press. [CD-ROM.]

BARTH, K. 1936. The church and the churches. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans.

BARTH, K. 1961. Church dogmatics; the doctrine of reconciliation. Part 3. Uit die Duits vertaal deur G.W. Bromiley. Edinburgh : T & T Clark.

BARTH, M. 1984. Traditions in Ephesians. *New Testament studies. An international journal,* XXX:3-25, Jan. 30.

BAVINCK, H. 1986. Our reasonable faith: A survey of Christian doctrine. Uit die Nederlands vertaal deur H. Zylstra. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans.

BERGER, P.L. 2004. Forming opinions through education – identity and multiculturality. [Web:] http://bildung.deutsche-bank.de/englisch/programme/vortraege/berger.htm [Datum van gebruik: 7 Nov. 2004].

BERKHOF, H. 1962. De katholiciteit der kerk. Nijkerk : Callenbach.

BERKHOF, H. 1967. Geschiedenis der kerk. Nijkerk : Callenbach.

BERKHOF, H. 1979. Christian faith. An introduction to the study of the faith. Uit die Engels vertaal deur G.F.Callenbach. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans.

BERKOUWER, G. C. 1976. The church. Uit die Nederlands vertaal deur J.E. Davison. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans.

BEST, E. 1955. One body in Christ. London : SPCK.

BEST, E. 1998. A critical and exegetical commentary on Ephesians. Cranfield, GN : FBA & Stanton.

BEYER, H.W. 1976. διακονία. The term in the New Testament. (*In* Kittel, G., Bromiley, G.W. & Friedrich, G., *eds.* Theological dictionary of the New Testament. [*In* Scholar's Library. Libronix digital library system 2001.]) [CD-ROM.]

BIBLE WORKS. 1998. Version 4.0.032. [CD-ROM.]

BISSCHOFF, J.H. 1991. Gemeentebou: 'n prakties-teologiese basisteorie. Pretoria : Univeristeit van Pretoria. (Proefskrif – DD.) 302 p.

BLACK, M. 1962. Models and metaphors: Studies in language and philosophy. Itahaca, NY : Cornell University Press.

BLACK, M. 1979. More about metaphor. (*In* Ortony, A., *ed.* Metaphor and Thought. Cambridge : Cambridge University Press.)

BOER, H.R. 1961. Pentecost and missions. Grand Papids, Mich. : Eerdmans.

BOSCH, D.J. 1979. Heil vir die wêreld. Die Christelike sending in teologiese perspektief. Pretoria : NGKB.

BOSCH, D.J. 1991. Transforming mission. Paradigm shifts in theology of mission. Maryknoll, NY : Orbis Books. 587 p.

BOSCH, D.J. 1995. Believing in the future. Toward a missiology of western culture. Valley Forge, PA : Trinity Press International. 69 p.

BOSCH, D.J. 2000. Transforming mission. Paradigm shifts in theology of mission. Maryknoll, NY : Orbis Books.

BOTHA, S. 2002. Ons glo een kerk, gegrond op die leer van die apostels. *Die Hervormer*, 95(3):5,8, Mei. 1.

BREED, J.L. 1985. The church as the "body of Christ": a Pauline analogy. *Theological Review*, 6(2):9-32, 1985.

BREYTENBACH, H.S & PIETERSE, H.J.C. 1992. Doelwitte vir gemeentebou in die lig van 'n prakties-teologiese ekklesiologie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 7(2):101–112, 1992.

BURGER, C.W. 1991. Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap. Kaapstad : Lux Verbi.

BURGER, C.W. 1995. Gemeentes in transito. Vernuwingsgeleenthede in 'n oorgangstyd. Kaapstad : Lux Verbi.

BURGER, C.W. 1999. Gemeentes in die kragveld van die Gees. Nuutgedink oor ons Gereformeerde tradisie. Bloemfontein : CLF-Drukkers. 327 p.

BURGER, C.W. 2001a. Ons weet aan wie ons behoort. Kaapstad : Lux Verbi. 128 p.

BURGER, C.W. 2001b. 'n Ondersoek na die denke oor sekere voorvrae van die vak Praktiese Teologie in Suid-Afrika. Pretoria : RGN Uitgewers.

BUYS, P.J. 1989. Die verhouding tussen gemeentebou en evangelisering. Potchefstroom : PU.vir CHO (Proefskrif – ThD.)

BYBEL, 1990. (*In* Schoplar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]

CALLAHAN, K. 1983. Twelve keys to an effective church. San Francisco : Harper. 127 p.

CALLAHAN, K. 1990. Effective church leadership. San Francisco : Harper. 268 p.

CALVYN, J. 1991 [1559]. Institusie van die Christelike Godsdiens. Vertaal uit die Latyn en Oud-Frans deur H.W. Simpson. 4 vols. Potchefstroom : Calvyn Jubileum Boekefonds.

CARROLL, J.W. 2000. Mainline to the future. Congregations for the 21st Century. Louisville, KY : Westminster John Knox Press.

COETZEE, J.C. 1984. Nuwe-Testamentiese eksegese: Openbaring 2:1-7 (Diktaat). Potchefstroom. (Ongepubliseer.)

COETZEE, J.C. 1988. Die prediking (teologie) van die Openbaring aan Johannes. (*In* Du Toit, A.B., *red.* Handleiding by die Nuwe Testament. Pretoria : NGKB. p. 253-314.)

COETZEE, J.C. s.a. Skrifgesag en die gesag van die prediking. (Referaat gelewer tydens gradeplegtigheid aan die PU vir CHO.) Potchefstroom. (Ongepubliseer.)

CLOWNEY, E.P. 1984. Interpreting the biblical models of the church. A hermeneutical deepening of ecclesiology. Devon : The Paternoster Press.

CLOWNEY, E.P. 1995. The Church. Illinois : Intervarsity Press.

CONN, H.M., *ed.* 1997. Planting and growing urban churches. From dream to reality. Grand Papids, Mich. : Eerdmans.

CULPEPPER, H.H. 1997. Ephesians – a manifesto for the mission of the church. *Review and Expositor,* LXXVI(4):553.

DAVIS, J.A. 1996. 1–2 Corinthians (a report of factions within the community). Paul's Response to reports about the community at Corinth [1:10–6:20]. (*In* Elwell, W.A., *ed.* Evangelical commentary on the Bible. [*In* Scholar's library. Libronix digital library system 2001.]) [CD-ROM.]

DAVIS, K. 2003. Multicultural church planting models. [Web:]

http://www.bbc.edujournal?volume_7_1/Multicultural_church-Davis.pdf [Datum van gebruik: 5 Nov. 2004].

DAWES, G.W. 1998. Metaphor and meaning in the interpretation of Ephesians 5:21-33. Brill : Leiden. 259 p.

DE KLERK, B.J. 1987. Die Heilige Gees en die verhouding Skriflesing, prediking en gebed in die erediens. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – PhD.)

DE KLERK, B.J. 2001a. Fokus op Efesiërs. Potchefstroom : Deputate Jeugsorg van die Nasionale Sinode GKSA. (Soeklig-reeks.)

DE KLERK, B.J. 2001b. Wisselwerking tussen liturgie en kultuur in die Suid-Afrikaanse konteks – enkele vertrekpunte. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 16(2):57-75.

DE KLERK, P.B. 1997. Die Huwelik as μυστήριον: Die etiese implikasies van Efesiërs 5:2-33 en veral vers 32. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling – ThM.) 129 p.

DELLING, G. 1976. πλήρωμα. (*In* Kittel, G., Bromiley, G.W. & Friedrich, G., *eds.* Theological dictionary of the New Testament. [*In* Scholar's library. Libronix digital library system 2001.]) [CD-ROM.]

DINGEMANS, G.D.J. 1986. In de leerskool van het geloof. Kampen : Kok.

DINGEMANS, G.D.J. 1996. Manieren van doen. Inleiding tot de studie van de praktische theologie. Kampen : Kok.

DREYER, J.S. & Pieterse, H.J.C., *reds.* 1993. Die moderne gemeente en haar funksionering: Die belang, aard en benutting van praktykkennis. (*In* Die moderne

gemeente en haar funksionering/The Dynamics of the Modern Church. Pretoria : Verba Vitae.)

DREYER, W.A. 2000. Die Geloofsbelydenis van Nicea, *Die Hervormer*, 93(7):5,8, Jul. 1.

DULLES, A. 1974. Models of the church: a critical assessment of the church in all its aspects. Garden City, NY : Doublebay.

DULLES, A. 1987. Models of the church. Garden City, NY : Doublebay.

DULLES, A. 1999. The church as one, holy, catholic, and apostolic. *Evangelical Review of Theology,* 23(1):14-28, Jan.

DU PLOOY, A.LeR. 1982. Kerkverband. 'n Gereformeerd-kerkregtelike studie. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – ThD.) 453 p.

DU RAND, J.A. 1990. Johannese perspektiewe. Pretoria : Orion.

DU TOIT, H. (dutoit@netactive.co.za) 2004. Inligting van NG Kerk. [E-pos aan:] Schalekamp, M.E. (meschal@mweb.co.za) Des. 13.

ELS, J.M. & DEACON, M.M. 2001. Die Grieks-Afrikaanse woordeboek met Strong se nommers. (*In* Scholar's Library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]

FACKRE, G. 1984. The Christian Story. Grand Rapids, Mich : Eerdmans.

FIRET, J. 1974. Het Agogisch Moment in het Pastoraal Optreden. Kampen : Kok.

FIRET, J. 1980. De plaats van de praktische theologie binnen de theologische

faculteit. (*In* Hoedemaker, L.A., *red.* Prachtische Theologie: Een bundel Opstellen over Plaats en Praktijk de Christelijke Gemeente. S-Gravenhage : Boekencentrum.)

FLOOR, L. 1995. Efeziërs: Een in Christus. Kampen : Kok. 232 p.

FRIEDRICH, G. 1976. Use of κηρύσσω in the New Testament. (*In* Kittel, G., Bromiley, G.W. & Friedrich, G., *eds.* Theological dictionary of the New Testament. [*In* Scholar's library. Libronix digital library system 2001.]) [CD-ROM.]

GARLAND, D.E. 1979. A life worthy of the calling: Unity and holiness, Ephesians 4:1–24. *Review and Expositor*, 76:517-527, Fall.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1997. ACTA - Handelinge van die ses-en-veertigste nasionale sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te Potchefstroom op 6 Januarie en volgende dae. Pretoria : V & R Drukkery.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 2004. Die Almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die jaar 2004. Jaargang 131. Potchefstroom : Administratiewe Buro GKSA.

GERRISH, S. 1993. Grace and gratitude – The eucharistic theology of John Calvin. Minneapolis : Fortress.

GETZ, G. 1975. The measure of a church. Californie : Glendale.

GILBERTSON, M. 2003. God and history in the Book of Revelation. Cambridge : Cambridge University Press. 235 p.

GKSA kyk GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

GOHEEN, M.W. 2000. "As the Father Has Sent Me, I Am Sending You" : J.E. Lesslie Newbigin's Missionary Ecclesiology. Zoetemeer : Boekencentrum. 482 p.

GRÄBE, I. 1984. Aspekte van poëtiese taalgebruik. Teoretiese verkenning en toepassing. Potchefstroom : PU vir CHO Departement Sentrale Publikasies.

GRADY, D. & KENDALL, G., 1992. Seven Keys to effective church planting. *Evangelical Missions Quarterly*, 28(4):366-373, October.

GREEN, M. 1979. Evangelism in the early Church. London:Hodder & Stouton

GREEN, M. 1999. Evangelism through the local church. New York : Hodder & Stoughton.

GREIJDANUS, S. 1973. De Openbaring des Here aan Johannes. Kampen : Kok. 329 p.

GRENHAM, T.G. 2002. Discovering the face of an intercultural God: Christian evangelization among the Turkana nomads of Kenya and the implications for the worldwide church. [Web:] http://escholarship.bc.edu/dissertations/AA13048293/ [Datum van gebruik: 7 Nov. 2004].

GROSHEIDE, F.W. 1960. De brief van Paulus aan de Efesiërs. Kampen : Kok. 242 p.

GROVÉ, A. H. 1992. Die selfidentifikasie van Christus in Openbaring 2 en 3. Potchefstroom : PU vir CHO (Tesis – PhD.) 316 p.

GUDER, D.L. 1985. Be my witness. The church's mission, message and messengers. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans.

GUNDRY, R.H. 1970. A Survey of the New Testament. Devon : The Paternoster Press.

HAHN, F. 1965. Mission in the New Testament. London : SCM Press.

HAIGHT, R. 1980. The established church as mission: The relation of the church to the modern world. (*In* Provost, J.H. Churches mission. Washington : Canon Law Society of America.)

HALL, D.J. 1999. Metamorphosis: From Christendom to diaspora. (*In* Van Gelder, C., *ed.* Confident witness - changing world. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans.)

HAUCK, F. 1976. κοινωνία The term in the New Testament. (*In* Kittel, G., Bromiley, G.W. & Friedrich, G., *eds.* Theological dictionary of the New Testament. [*In* Scholar's library. Libronix digital library system 2001.]) [CD-ROM.]

HEITINK, G. 1999. Practical Theology. Uit die Engels vertaal deur R. Bruinsma. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. 358 p.

HEITINK, G., PIETERSE, H.J.C. & VOS, C.J.A. 2000. 'n Poging tot saamdink. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 15(2):53-73.

HENDRIKS, H.J. 1992. Strategiese beplanning in die gemeente. Wellington : Hugenote Uitgewers. 288 p.

HENDRIKS, H.J. 1994. Missionêre gemeentebou. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 9(2):180-192.

HENDRIKS, H.J. 2001. Developing a contextual, missional ecclesiology in a congregation using a practical theological methodology. (Referaat gelewer as deel

van die kongres van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika aan die PU vir CHO op 12 Januarie 2001.) Potchefstroom. 12 p. (Ongepubliseer.)

HENDRIKS, H.J. 2004. Studying congregations in Africa. Kaapstad : Lux Verbi.

HENDRIKSEN, W.H. 1973. More than conquerors. London : Intervarsity Press.

HERBST, M. 1988. Missionarischer Gemeindeaufbau in der Volkskirch. Stuttgart : Calwer.

HESSELGRAVE, D.J. 2000. Planting churches cross-culturally. A guide for home and foreign missions. Grand Rapids, Mich. : Baker Books House.

HEYNS, J.A. 1978. Dogmatiek. Pretoria : NGKB.

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1990. Eerste treë in die Praktiese Teologie. Pretoria : Gnosis.

HEYSTEK, N.P. 2000. Hoe staan dit met die GKSA? (Referaat gelewer tydens die byeenkoms van die GTV van Suid-Afrika te Pretoria.) Pretoria. (Ongepubliseer.)

HORSLEY, G. 1994. Planting new congregations. London : Methodist Church.

HYBELS, B. 2004. What we believe. [Web:] http://www.willowcreek.org/what_we_believe.asp [Datum van gebruik: 10 Nov. 2004].

HYBELS, B. & HYBELS, L. 1995. Rediscovering church. Grand Rapids, Mich. : Zondervan.

JANSE VAN RENSBURG, F. 2000. Dekor of konteks? – Die verdiskontering van sosio-historiese gegewens in die interpretasie van 'n Nuwe Testament-teks vir die prediking en pastoraat, geïllustreer aan die hand van die 1 Petrus-brief. *Skrif en Kerk*, 21(3):577.

JONES, J.A. 1958. The origin and marks of the church. *Interpretation: a Journal of Bible and Theology,* 12:194-203.

JORDAAN, G.J.C. 1990. Die verhouding tussen indikatief en paraklese in die briewe van die Nuwe Testament en die betekenis daarvan vir die prediking vandag, toegelig vanuit die brief aan die Efesiërs. *In die Skriflig*, 24(1):49-69.

KELLER, T.J. 2000. Principles and process for church planting in Acts 13-19. (Referaat gelewer by "Evangelical Ministry Assembly, 28-30 Junie 2000.) (Ongepubliseer en ongenommer.)

KITTEL, G. 1976. Word and speech in the New Testament. The early Christian message as the Word of God (outside the Johannine writings). (*In* Kittel, G., Bromiley, G.W. & Friedrich, G., *eds.* Theological dictionary of the New Testament. [*In* Scholar's library. Libronix digital library system 2001.]) [CD-ROM.]

KOSTENBERGER, A.J. 1991. The mystery of Christ and the church: Head and body, "flesh". *Trinity Evangelical Divinity School*:85-93, Spring.

KRITZINGER, M.S.B., LABUSCHAGNE, F.J. & PIENAAR, P.D.E.V. 1969. Verklarende Afrikaanse Woordeboek. Pretoria : Van Schaik.

KÜNG, H. 1976. The church. 6th ed. London : London.

LABUSCHAGNE, F., EKSTEEN, L. & KRITZINGER, M. 1999. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek.* [CD-ROM.]

LABUSCHAGNE, K. 2002. Die geloof aangaande die algemene kerk. *Die Hervormer*:5-8, April. 15.

LADD, G.E. 1972. A commentary on the Revelation of John. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. 308 p.

LATOURETTE, K.S. 1949. The emergence of a world Christian community. New Haven : Yale University Press.

LEITH, J.H. 1981. An introduction to the reformed tradition – a way of being the Christian community. Atlanta : John Knox.

LEMMER, R. 1998. Understanding "body of Christ" in the Letter to the Ephesians. *Neotestamentica*, 32(1):460-476.

LIGHTFOOT, J.B. 2001. Saint Paul's Epistle to the Philippians. London : Macmillan. [CD-ROM.]

LINK, C. 1999. Toward the future of Reformed Theology. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans.

LOUW, D.J. 1990. Charisma en amp: Op soek na 'n koinoniale diensmodel vir gemeentebou. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 2:220.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1996. Greek-English lexicon of the New Testament, based on semantic domains. (*In* Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]

MACKAY, J. 1954. The Witness of the Reformed Church in the world today. *Theology Today*:375, Oct. 11.

MACKAY, J. 1989. An introduction to Celtic Christianity. Edinburgh, Scotland : T & T Clark.

MANDELA, N. 1994. Long walk to freedom. New York : Little Brown.

MASONDO, A. 2004. Joburg according to the census, 1996-2001. (Ongepubliseer.) (Hoewel hierdie nie 'n elektroniese inligtingsbron is nie, het dit geen bladsynommering nie – *m.e.s.*)

McGAVRAN, D. 1968. Understanding church growth. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans.

McNEILL, J. 1974. The celtic churches. Chicago : University of Chicago Press.

MEEKS, W.A. 1982. The social context of Pauline Theology. *Interpretation. A Journal of Bible and Theology*, XXXVI(3):266-277.

MELLICK, R.R. 2001. The New American Commentary. Philippians, Colossians, Philemon. 32 vols. [CD-ROM.]

METZGER, B.M. 1949. Paul's vision on the church. A study of the Ephesians letter. *Theology Today*, VI:55-61, Apr.–Jan.

MILLER, C.J. 1986. Outgrowing the ingrown church. Michigan : Zondervan.

MINNEAR, P.S. 1966. Ontology and ecclesiology in the apocalypse. *New Testament Studies*:89-105, Jan. 12.

MINNEAR, P.S. 1977. Images of the church in the New Testament. Philadelphia : Westminster Press. 222 p.

MöLLER, D.F. 1995. Kerk en ontwikkeling. Met verwysing na die missionêre roeping van die kerk. Pretoria : UP. (Proefskrif – DD.)

MOLTMANN, J. 1977. The church in the power of the Spirit. London : SCM Press.

MOUNCE, R.H. 1977. The Book of Revelation. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans. 425 p.

MüLLER, J.C. 1990. Die erediens as fees. Pretoria : NGKB.

MURRAY, S. 2001a. Church planting. Pennsylvania : Herald Press. 286 p.

MURRAY, S. 2001b. Church planting in a postmodern context. [Web:] http://.newlifeministries-nlm.org/online/aec01_murray_2-3.html [Datum van gebruik: 2 Nov. 2004].

NAUDE, P. 2000. Confessing Nicea today? Critical questions from a South African perspective. *Scriptura*, 79:46-53.

NEIGHBOUR, R.W. 1990. Where do we go from here? Houston : Touch Outreach Ministries.

NEL, M. 1993. Building up the local church: understanding the concept. (Key notes of course presented in Kempton Park by the Division for Contextual Ministry, Vista University, during revision week 2, day 4, session 2 on 3 May 1993.) Kempton Park. (Ongepubliseer.)

NEL, M. 1994. Gemeentebou. Johannesburg : Orion. 320 p.

NEL, M. 2001. Die missionêre koers van 58 gemeentes in Suid-Afrika - 'n empiriese verslag. (Referaat gelewer as deel van die kongres van die Werksgemeenskap vir Praktiese Teologie aan die PU vir CHO op 12 Januarie 2001.) Potchefstroom. 7 p.

NEVIUS, J. 1899. Planting and development of missionary churches. Philadelphia : Presbyterian and Reformed.

NEWBIGIN, J.E. & NEWBIGIN, L. 1958. One body, one gospel, one world: the Christian mission today. London and New York : International Missionary Council.

NEWBIGIN, L. 1978. Christ and cultures. *Scottish journal of theology*, 31:1-22. (A paper read to the 1977 conference of the Society for the Study of Theology. Adapted as part and chapter nine of *The Open Secret*.)

NG KERK. 2004. Die toekoms van die kerk. Die kerk van die toekoms. (Powerpoint-aanbieding. Wes-Tvl. 21-0802004.) [CD-ROM.]

OKURE, T. 1990. Inculturation of Christianity in Africa. Eldoret, Kenya : AMECEA Gaba Publications.

PAUW, C.M. 1987. Wat is sending? Riglyne en perspektiewe met die oog op die praktyk. *Geref. Teologiese Tydskrif*, 1:32.

PELSER, P.J. 1979. Die roeping tot sigbaarmaking van die katolisiteit van die kerk. Potchefstroom : PU vir CHO. (Wetenskaplike bydraes PU vir CHO Reeks A Geesteswetenskappe, nr 34.)

PIETERSE, H.J.C. 1991. Gemeente en prediking. Halfway House : NGKB.

PIETERSE, H.J.C. 1993. Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingsteorie. Pretoria : RGN Uitgewers

PIETERSE, H.J.C. 2001. Die aard van die bestaan van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die toekoms. *Acta Theologica,* 11(1):1-13.

PONT, A. 2002. Ek glo ... 'n heilige kerk. *Die Hervormer,* 94(22):5-8, Maart. 15.

POSTMA, F. s.a. Beknopte woordeboek. Latyn – Afrikaans. Kaapstad : Haum.

PRETORIUS, F. (fanie@nhk.co.za) 2004. Inligting van N.H. Kerk. [E-pos aan:] Schalekamp, M.E. (meschal@mweb.co.za) Nov. 26.

PRETORIUS, J. 2003. Die Groot Fokus, die Groot Gebod en die Groot Opdrag as sleutels in 'n model vir gemeentebou. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – PhD.) (Ongepubliseer.)

PRITCHARD, G. 1995. Willow Creek services. Grand Rapids, Mich. : Baker Books House.

PROCKSCH, O. 1976. ἅγιος in the N.T. (*In* Kittel, G., Bromiley, G.W. & Friedrich, G., *eds.* Theological dictionary of the New Testament. [*In* Scholar's library. Libronix digital library system 2001.]) [CD-ROM.]

REDFORD, J. 1978. Planting new churches. Nashville : Broadman.

RENGSTORF, K.H. 1976. "μαθητή". The term in the New Testament. (*In* Kittel, G., Bromiley, G.W. & Friedrich, G., *eds.* Theological dictionary of the New Testament. [*In* Scholar's library. Libronix digital library system 2001.]) [CD-ROM.]

RICHARDS, I.A. 1936. The philosophy of rhetoric. The Mary Flexner Lectures on

The Humanities: Bryn Mawr College. New York : Oxford University Press.

RIDDERBOS, H. 1973. Paulus: Ontwerp van zijn Theologie. 3rd ed. Kampen : Kok.

ROBERTS, J.H. 1984. Die gevangenskapsbriewe. 5 vols. Pretoria : NGKB. 115 p.

ROBERTS, J.H. 1990. Die brief aan die Efesiërs. Kaapstad : NG Kerkuitgewers. 166 p.

ROBINSON, M., *ed.* 1992. A world apart. Turnbridge : Wells & Dobson.

ROBINSON, M. & STUART, C. 1992. Planting tomorrow's churches today. Crowborough, UK : Monarch.

SCHIPPERS, K.A. 1991. Op weg naar een laïkaal grondmodel. *Praktische Theologie,* 15(4):473-479.

SCHLIER, H. 1965. κεφαλή in the N.T. (*In* Kittel, G., Bromiley, G.W. & Friedrich, G., *eds.* Theological dictionary of the New Testament. [*In* Scholar's library. Libronix digital library system 2001.]) [CD-ROM.]

SCHMITZ, O. 1976. διακονία. The term in the New Testament. (*In* Kittel, G., Bromiley, G.W. & Friedrich, G., *eds.* Theological dictionary of the New Testament. [*In* Scholar's library. Libronix digital library system 2001.]) [CD-ROM.]

SCHNACKENBURG, R. 1963. Gods rule and kingdom. Uit die Duits vertaal deur J. Murray. New York : Herder & Herder.

SCHWARZ, F. & SCHWARZ, C. 1987. Theologie des Gemeindeaufbaus. Ein Versuch. Neukirchen : Aussaat Verlag.

SCUDIERI, R.J. 1997. The Creed of Nicea as a paradigm for mission. *Missio Apostolica*, 5(N):66-77.

SIMPSON, E.K. & BRUCE, F.F. 1975. Commentary on the Epistles to the Ephesians and Collossians. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans.

SLATER, T.B. 1999. Christ and community. A socio-historical study of the Christology of Revelation. Sheffield : Academic Press. 281 p.

SMIT, G. 2002. Lewe uit die volheid van God. Kaapstad : Lux Verbi.

SMIT, G.H. 1997. Ekklesiologie en Gemeentebou. 'n Prakties-teologiese studie. Pretoria : PU. (Proefskrif – DD.)

SNYMAN, W.J. 1967. Openbaringsgeskiedenis Nuwe Testament. Die vier Evangelies. Potchefstroom : Pro Rege.

STATISTICS SOUTH AFRICA CENSUS. 2001. Statistics South Africa CENSUS 2001 (GIS spatial data). [CD ROM.]

STOTT, J.R.W. 1997. The message of Ephesians. Licester : Intervarsity Press. 230 p.

STRATHMANN, H. 1976. Use of λειτουργία en λειτουργέω. (*In* Kittel, G., Bromiley, G.W. & Friedrich, G., *eds.* Theological dictionary of the New Testament. [*In* Scholar's library. Libronix digital library system 2001.]) [CD-ROM.]

STRONG, 1995. The exhaustive concordance of the Bible. (*In* Scholar's library. Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]

SWEET, L. 2001. Carpe Manana. Is your church ready to seize tomorrow? Grand Rapids, Mich. : Zondervan. 204 p.

TAALKOMMISSIE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS. 2002. Afrikaanse Woordelys en Spelreëls. 9de uitg. Kaapstad : Pharos. 592 p.

TAVO, F. 2002. The ecclesial notes of the apocalypse in recent studies. *Currents in Biblical Research*, 1(1):112-136.

TE VELDE, M. 1989. Gereformeerde Gemeenteopbouw. Een eerste koersbepaling voor een nieuw theologisch vak. Barneveld : Uitgeverij De Vuurbaak.

TE VELDE, M. 1992. Gemeentebouw 2; Bijbelse basisprincipes voor het functioneren van de christelijke gemeente. Barneveld : Uitgeverij De Vuurbaak.

THURSTON, B. 1993. Spiritual life in the early church. Mineapolis : Fortress Press. 93 p.

VAN DER VEN, J. 1998. Practical Theology: an empirical approach. Leuven : Peeters Press.

VAN DER VEN, J.A. 1990. Entwurf einer empirischen theologie. Kampen : Kok.

VAN DER VEN, J.A. 1993. Ecclesiologie in contex. Kampen : Kok.

VAN DER VEN, J.A. 1994. Empirical methodology in Practical Theology: Why and how? *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 9(1):29-45.

VAN DER WATT, J.G. 1999. Dynamics of metaphor in the Gospel according to John. Pretoria : UP. (Proefskrif – Dlitt.)

VAN ENGEN, C. 1984. The Holy Catholic Church – on the road through Ephesians. *Reformed Review*, 37(3):187-188.

VAN ENGEN, C. 1991. God's missionary people. Grand Rapids, Mich. : Baker Books House. 223 p.

VAN ENGEN, C. 1993. The relation of bible and mission in mission theology. New York : Orbis Books.

VAN GELDER, C. 2000. The essence of the church. Grand Rapids, Mich. : Baker Books House. 205 p.

VAN SWIGCHEM, D. 1955. Het missionair karakter van de christelijke gemeente volgens de brieven van Paulus en Petrus. Kampen : Kok.

VEENHUIZEN, F.H. 1995. Dawn-Visned. Het belang van onderzoek en samenwerking bij evangelisatie-door-gemeentestichting. *Soteria*, 12(1):18-25.

VERGEER, W.C. 1997. Hermeneutiese selfimplikasie: 'n Ondersoek na die rol van "herinnering" in die eksegese van Johannes 14:26 as vertrekpunt. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif-ThD.) 203 p.

VERGEER, W.C. s.a. Postmodernisme. (Studiestuk beskikbaar gestel deur outeur.) (Ongepubliseer.)

VERKUYL, J. 1978. Contemporary missiology: an introduction. Grand Rapids, Mich. : Eerdmans.

VERSTEEG, J.P. 1980. Oog voor elkaar. Het gebruik van het woord elkaar in het Nieuwe Testament met betrekking tot de onderlinge verhoudingen binnen de gemeente. Kampen : Kok.

VINCENT, M.R. 2002. Word studies in the New Testament. (*In* Libronix digital library system 2002.) [CD-ROM.]

VORSTER, J.M. 1996. Is die kerk funksioneel? Gedagtes oor Gereformeerde kerkhernuwing in n post-moderne konteks. Potchefstroom : PTP.

VOS, C.J.A. 1995. Die Blye Tyding - Homiletiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief. Pretoria : RGN Uitgewers. (RGN Studies in Praktiese Teologie.)

VOS, C.J.A. 1996. Die Volheid Daarvan I - Homiletiek uit 'n hermeneutiese kommunikatiewe perspektief. Pretoria : RGN Uitgewers.

VRIJLANDT, M.A. 1992. Liturgiek. Gravenhage : Uitgeverij Meinema.

WARREN, R. 2002. The purpose driven church. Growth without compromising your message & mission. Saddleback : Purpose Driven.

WATSON, D. 1978. I believe in the church. London : Hodder and Stouton.

WEATHERLEY, H. 1994. Gaining the ground. Didcot, UK : Baptist Union.

WIERDA, S.J. 2001. Gezonden met perspektief. Groningen : Theologische Universiteit Kampen. (Scriptie in verband met doctoraalexamen.) (Ongepubliseer.) 103 p.

WIJSEN, F. 2001. Intercultural theology and the mission of the church. *Exchange,* (30):3, July. [Web:] http://www.sedos.org/english/wijsen.htm [Datum van gebruik: 20 Nov. 2004]

WILLIAMS, D.J. 2002. Paul's metaphors. Their context and character. Massachusetts : Hendrickson. 91 p.

WUEST, K.S. 1997a. Wuest's word studies in the Greek New Testament. (*In* Libronix digital library system 2001.) [CD-ROM.]

ZERFASS, R. 1974. Praktische Theologie als handlungswissenschaft. (*In* Klostermann, F.F. & Zerfass, R. Praktische Theologie heute. München : Kaiser. p. 164-177.)